HANDLEIDING
BY DIE KERKORDE

VAN DIE
GEREFORMEERDE KERK
IN SUID-AFRIKA

Deur
Ds. LS Kruger
Ds. HLM du Plessis
Dr. B Spoelstra
Ds. TT Spoelstra

INHOUD

'N WOORD VOORAF 22
INLEIDING 23
1. Die begrip "Kerkorde". 23
2. Die gesag van die Kerkorde. 23
3. Misbruik van die Kerkorde. 24
4. Die karakter of "gees" van die Kerkorde. 24
a. Die onsigbare fondament van die kerk. 25
b. Die sigbare kant van die kerk. 25
c. Dit is gerig op die plaaslike kerk. 25
d. Dit gaan om die heerskappy van Christus in die kerk. 26
e. Die ampte is instrumente van Christus. 27
f. Die plaaslike kerke vorm 'n kerkverband vir die regering. 28
g. Die verhouding van kerk en staat. 29
5. Ander kerkregeringstelsels. 29
a. Die Roomse Kerkregeringstelsel. 29
b. Die Lutherse Kerkregeringstelsel. 30
c. Die Erastianisme: 31
d. Die Kollegialistiese stelsel: 31
e. Die Kongregasionalistiese of Independentistiese Kerkregering: 33
6. Die ontstaan van die Gereformeerde Kerkorde. 33
7. 'n Oorsig van die kerkregtelike ontwikkeling in Nederland, 1795—1958. 35
a. Die Reglement van 1816. 35
b. Die Afskeiding van 1834. 36
c. Die Doleansie van 1886. 37
d. Die nuwe Nederlandse Kerkorde van 1958. 39
8. 'n Oorsig van die geskiedenis van die Dordtse Kerkorde in Suid-Afrika. 39
a. Die tydperk van die Kompanjie, 1652—1795. 39
b. Die Kerkorde van De Mist in 1804. 40
c. Die eerste Sinode en Reglement van 1824. 40
d. Die Sinode van 1842 en Ordonnansie 7 van 1843. 41
e. Die Dordtse Kerkorde deur die Geref. Kerk in S.A. aanvaar (1862). 41
9. Die geskiedenis van die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1862—1964. 42
ARTIKEL 1. 44
DOEL EN INDELING VAN DIE KERKORDE 44
1. Redaksioneel. 44
2. Die doel van die Kerkorde. 44
3. Die inhoud en indeling van die Kerkorde. 45
AFDELING I: OOR DIE DIENSTE 46
ARTIKEL 2. 47
AANTAL DIENSTE 47
1. Begripsbepaling, ... 47
2. Die karakter van die dienste. 47
3. Die verdeling van die dienste. 48
4. Hulpdienste. 49

ARTIKEL 3. 49
NOODSAAKLIKHEID VAN DIE WETTIGE ROEPING TOT PREDIKANT 49
1. Die historiese agtergrond van die artikel. 49
2. Die roeping tot die amp 50
3. Die optrede van teologiese studente en proponente voor gemeentes. 51
ARTIKEL 4. 51
DIE BEROEPING EN DIE TOELATING TOT DIE DIENS VAN DIE WOORD 51
Redaksie van die artikel 51
A. VOORBEREIDENDE EKSAMEN (PREPARATOIR). 52
1. Die kandidaat in die Teologie. 52
2. Die voorbereidende eksaminering deur 'n kerklike vergadering (preparatoir). 52
3. Beroepbaarstelling van kandidate en proponente uit erkende Gereformeerde Kerke. 53
4. Kandidate en proponente uit ander kerke. 54
B. DIE WETTIGE BEROEPING EN TOELATING. 54
1. Die verkiesing. 54
2. Die beslissende eksaminering of ondersoek (peremptoir eksamen). 56
3. Die goedkeuring (approbasie) van die beroep. 57
4. Die openlike bevestiging. 58
ARTIKEL 5. 59
BEROEPING VAN DIENSDOENDE PREDIKANTE 59
1. Beroeping. 59
a. Beroeping binne die kerkverband van een kerk na 'n ander. 59
b. Beroeping van buite die kerkverband. 60
c. Beroeping deur kerke met slegs een predikant. 61
2. Die opdrag en taak van die konsulent. 61
3. Kombinasie-beroepe. 62
4. Die goedkeuring van die beroep. 63
5. Die openlike bevestiging voor die gemeente. 63
ARTIKEL 6. 64
PREDIKANTE IN DIENS VAN BESKERMHERE OF GESTIGTE 64
1. Agtergrond en begripsbepaling. 64
2. Gebondenheid aan die plaaslike kerk en Kerkorde. 64
3. Die toepassing van die artikel. 65
a. Kerklike stigtinge. 65
b. Veldpredikers. 65
4. Die toets van die Skrif. 66
ARTIKEL 7. 66
VERBINTENIS AAN 'n PLAASLIKE KERK 66
1. Historiese agtergrond. 66
2. Die bedienaar van die Woord is verbonde aan die plaaslike kerk. 66
3. Die uitstuur van 'n predikant deur die kerk. 67
4. Die kerkregtelike posisie van gestuurde predikante. 67
ARTIKEL 8. 68
TOELATING TOT BEDIENAARS VAN DIE WOORD VAN DIEGENE WAT NIE GESTUDEER HET NIE 68
1. Die geldende reël. 68
2. Die uitsondering op die geldende reël. 68
3. Die buitengewone gawes. 69

4. Die weg waarlangs die toelating geskied. 70
5. Versigtigheid by die toelating. 71
6. Die beginsel van die oefening van preekgawes deur kandidate in die teologie en ander. 71
a. Teologiese studente. 71
b. Proponente. 71
c. Preekverlof aan persone wal nie geproponeer het nie. 72
7. Die toelating van blindes. 72
ARTIKEL 9. 72
TOELATING VAN PREDIKERS UIT ANDER KERKE OF SEKTES 72
1. Redaksioneel. 72
2. Beginselstelling. 73
3. Die toelating moet met groot versigtigheid geskied. 73
ARTIKEL 10. 74
VERTREK VAN 'n PREDIKANT VAN EEN KERK NA 'n ANDER 74
1. Historiese agtergrond. 74
2. Die goedkeuring by 'n beroepsbeslissing in die plaaslike kerk. 74
3. Die toestemming van die klassis. 75
4. Die kerk wat ontvang. 76
ARTIKEL 11. 76
ONDERHOUD EN ONTSLAG VAN PREDIKANTE 76
1. Die verpligting tot behoorlike onderhoud. 76
2. Die kerklike sustentasie. 79
3. Die wettige ontslag (losmaking) van predikante. 79
a. Die moontlikheid van ontslag. 79
b. Die prosedure van ontslag. 80
c. Die posisie van die ontstane bedienaar. 80
d. By wie die beslissing tot ontslag berus. 81
e. Die opvolging van 'n beroep. 81
ARTIKEL 12. 81
OORGANG TOT 'n ANDER STAAT VAN DIE LEWE 81
1. Die beginsel van lewenslange diens. 81
2. Geen predikant mag eiemagtig sy amp neerlê nie. 82
3. Eervolle ontslag is moontlik. 82
4. Die weg waarlangs eervol ontslag verkry word. 83
5. Terugkeer tot die amp. 84
Artikel 13. 85
ONTHEFFING VAN DIENSPLIGTE WEENS ONBEKWAAMHEID 85
1. Die emeritering. 85
a. Die grond vir emeritering. 85
b. Die karakter van die emeritaat. 85
c. Die wyse van emeritering. 85
c. Die gevolge van die emeritaat. 86
2. Die versorging van emeriti-predikante. 87
a. Die beginsel. 87
b. Die karakter van die versorging. 87
c. Die maatstaf van versorging. 87
3. Versorging van professore en andere. 88
a. Professore aan die Teologiese Skool. 88

b. Veldpredikers. 88
4. Emeriti-predikante wat ander werk verrig. 88
ARTIKEL 14. 89
TYDELIKE ONDERBREKING VAN DIENS 89
1. Die tydelike onderbreking van diens. 89
2. Die redes vir tydelike onderbreking van die diens. 89
3. Die bewilliging van die kerkraad en advies van die klassis. 90
4. Die beoordeling van die redes. 90
5. Die versorging van die predikant wat sy diens onderbreek. 91
6. Die tydperk waarin die diens onderbreek word. 91
7. Die band tussen die predikant en kerk bly gehandhaaf. 91
ARTIKEL 15. 92
DIE GESAG OOR RONDGAANDE PREDIKERS 92
1. Die redaksie van die artikel. 92
2. Die kerkraad voer gesag oor die prediking van die Woord in die plaaslike kerk. 92
3. Die gesag van die klassis en partikuliere sinode in hier die verband. 93
4. Die gevalle van rondgaande predikers. 93
a. Predikante wat hulle diens onderbreek het. 93
b. Predikante en ander wat nie in vaste diens is nie. 94
ARTIKEL 16. 94
DIE AMP VAN DIE BEDIENAAR VAN DIE WOORD 94
1. Die begrip “amp” in hierdie artikel. 94
2. Die bediening van die Woord en die gebede. 94
3. Die bediening van die sakramente. 96
4. Die amp van regering. 96
5. Hulpdienste vir die predikant. 96
6. Enkele algemene bepalings met betrekking tot die diens van die predikant. 97
a. Geen ampsgewaad. 97
b. Die liturgiese orde in die erediens. 97
ARTIKEL 17. 98
GELYKHEID IN DIENSPLIGTE VAN AMPSDRAERS 98
1. Die redaksie van die artikel. 98
2. Die verhouding van art. 11 tot art. 84. 98
3. Die afwysing van hiërargie. 99
4. Gelykheid tussen bedienaars van die Woord. 99
5. Die karakter van die gelykheid. 99
a. Gelykheid in dienspligte. 99
b. Gelykheid in ampseer. 100
c. Gelykheid in versorging. 100
d. Die omvang van die gelykheid. 100
6. Die kerkraad dra die verantwoordelikheid. 101
ARTIKEL 18. 101
DIE DIENSPLIGTE VAN DIE PROFESSORE AAN DIE TEOLOGIESE SKOOL 101
1. Redaksie van die artikel. 101
2. Oorsigtelike geskiedenis van die teologiese opleiding in Suid- Afrika. 101
3. Die Kuratorium van die Teologiese Skool. 102
4. Die verkiesing van professore deur die kieskollege. 102
5. Die posisie van predikante wat benoem word as professore. 103

a. Emeritering na analogie van art. 13 K.O. 103
b. Die versorging van en tug oor professore. 103
c. Ontslag uit die diens van professor. 103
6. Die dienspligte van die professore aan die Teologiese Skool. 104
a. Die opleiding van bedienare van die Woord. 104
b. Die uiteensetting van die ware leer. 104
c. Die verdediging van die suiwere leer teen ketterye en dwalinge. 104
ARTIKEL 19. 105
DIE ONDERHOUD VAN TEOLOGIESE STUDENTE 105
1. Die kerke moet sorg dat daar studente is. 105
2. Die kerke moet die studente ondersteun. 105
3. Die wyse van die kerklike ondersteuning. 105
ARTIKEL 20. 106
EERVOLLE VERSORGING VAN WEDUWEE EN WESE VAN AFGESTORWE BEDIENAARS VAN DIE WOORD EN PROFESSORE 106
1. Nuwe redaksie. 106
2. Die beginsel van die versorging. 106
3. Die versorging van die afhanklikes van die afgestorwe bedienare van die Woord. 106
4. Die versorging van die afhanklikes van afgestorwe professore. 107
ARTIKEL 21. 107
DIE VERHOUDING VAN DIE KERKRADE TOT DIE ONDERWYS VAN DIE JEUG 107
A. DIE HUIDIGE REDAKSIE. 107
1. Historiese agtergrond. 107
2. Die prinsipiële lyne in die artikel aangedui. 108
3. Nadere verklaring van art. 21 deur Sinode, 1942. 108
B. VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE ARTIKEL. 109
1. Agtergrond. 109
2. Die besware teen die huidige redaksie van die artikel. 110
ARTIKEL 22. 110
VERKIESING VAN DIE OUDERLINGE 110
1. Die amp van ouderling. 110
2. Die verkiesing van ouderlinge 111
a. Die kandidaat vir ouderlingskap. 111
b. By wie die verkiesing berus. 111
c. Die wyse van verkiesing. 112
d. Die stemgeregtigde lidmate. 113
e. Die wyse van stemming. 113
3. Die approbasie of goedkeuring deur die gemeente. 114
4. Die antwoord van die persoon wat verkies is. 115
5. Die bevestiging. 115
ARTIKEL 23. 116
DIE AMP VAN DIE OUDERLINGE 116
1. Die regering en tug. 116
2. Die toesig oor mede-ampsdraers. 117
a. Toesig oor die bedienaars van die Woord. 117
b. Toesig oor mede-ouderlinge en diakens. 118
3. Die karakter van die huisbesoek. 118
4. Die tyd van die huisbesoek. 118

5. Die doel van die huisbesoek. 119
6. Die taak van die ouderling buite die kerk. 119
7. Die besoldiging van die ouderlinge. 120
ARTIKEL 24. 120
DIE VERKIESING VAN DIAKENS 120
1. Die historiese agtergrond. 120
2. Die verkiesing. 120
3. Die kandidate vir diakenskap. 121
4. Sogenaamde “diakonesse” as hulp vir die diakens. 121
ARTIKEL 25. 121
DIE AMP VAN DIE DIAKENS 121
1. Die redaksie van die artikel. 122
2. Die karakter van die diakenamp. 122
3. Die voorkoming van armoede. 123
4. Die insameling van die gawes. 123
a. die karakter van die lief des gawes. 123
b. Die metode en die plek van die invordering. 123
c. Buitengewone kollektes. 124
5. Die objekte van die diens. 124
6. Die uitdeel van die gawes. 125
7. Die besoek aan die armes. 125
8. Beheer en verantwoording. 126
8. Beleidsprobleme. 126
ARTIKEL 26. 126
OORLEGPLEGING MET LIGGAME OF INSTELLINGS WAT AAN BEHOEFTIGES HULP VERLEEN. 126
1. Historiese agtergrond. 126
2. Die beginsel wat die artikel vandag wil stel. 127
3. Versorging van armes buite die diakonie om. 127
4. Geen regstreekse korrespondensie tussen diakonieë nie. 128
ARTIKEL 27. 129
DIE DIENSTYD VAN OUDERLINGE EN DIAKENS. 129
1. Historiese agtergrond in Suid-Afrika. 129
2. Die kerkraad reël die dienstyd van ouderlinge en diakens. 130
3. Bepalings vir die periodieke aftreding. 130
a. Die tydperk. 130
b. ’n Eweredige deel moet aftree. 131
c. Die wat aftree moet deur ander vervang word. 131
d. Die moontlikheid van her verkiesing. 131
4. Teen misbruik moet gewaak word. 132
ARTIKEL 28. 132
AMPSDRAERS EN OWERHEDE 132
1. Historiese oorsig oor die agtergrond van die artikel. 132
2. Begripsbepaling. 132
3. Besware teen die artikel. 133
3. Die roeping van die owerhede teenoor die kerkdiens. 133
4. Die roeping van die kerklike ampsdraers teenoor die owerhede. 134
DIE TWEEDE AFDELING: OOR DIE KERKLIKE SAMEKOMSTE OF VERGADERINGE 135

ARTIKEL 29. ... 136
DIE VIER KERKLIKE VERGADERINGE ... 136
1. Geskiedenis. ... 136
2. Die vier kerklike vergaderinge. ... 136
3. Die eenheid in kerkregering (kerkverband). ... 137
4. Die wese van die meerdere vergaderinge. ... 138
5. Die vorm van die kerkverband. ... 139
6. Die doel van die kerkverband. ... 139
7. Daar kan meer as die vier kerklike vergaderinge van artikel 29 wees. ... 139
a. Plaaslik. ... 139
b. Kombinasies van kerkrade. ... 140
c. Ekumeniese Sinodes. ... 140
ARTIKEL 30. ... 140
DIE BEVOEGDHEID VAN KERKLIKE VERGADERINGE ... 140
1. Geskiedenis. ... 141
2. Alle kerklike vergaderinge is bevoeg om slegs kerklike sake te behandel. ... 141
3. Kerklike vergaderinge behandel alle sake op 'n kerklike wyse. ... 142
4. Die bevoegdheid van mindere vergaderinge is groter as die van meerdere vergaderinge. ... 143
5. Sekere sake hoort op bepaalde vergaderinge tuis. ... 144
ARTIKEL 31. ... 146
DIE GELDIGHEID VAN BESLUITE EN REG VAN APPÈL OF BEROEP OP MEERDERE VERGADERINGE ... 146
A. DIE GELDIGHEID VAN BESLUITE VAN KERKLIKE VERGADERINGE. ... 146
1. Geskiedenis. ... 146
2. Die bron van gesag vir 'n kerklike vergadering. ... 147
3. Die meerderheid van stemme. ... 147
4. Die konformasie van die minderheid. ,. ... 148
5. Beperking van die bevoegdheid van die meerderheidstem. ... 148
6. Die meerderheidstem op 'n kerklike vergadering is feilbaar. ... 149
7. Ratifikasie van besluite. ... 149
8. Appèl is dus moontlik. ... 150
B. DIE BEROEP OP MEERDERE VERGADERINGE OF APPÈL. ... 151
1. Die gronde vir appèl. ... 151
2. Op watter vergadering 'n beroep gedoen word (appelleer). ... 151
3. Die wyse van appèl. ... 151
4. Die behandeling van die appèl. ... 153
5. Die vorm van die appèl. ... 154
6. Wanneer die appèl slaag. ... 155
7. Wanneer die appèl hangende is. ... 155
8. Wanneer die appèl of verweer afgewys word. ... 155
ARTIKEL 32. ... 156
OPENING EN SLUITING VAN KERKLIKE VERGADERINGE ... 156
1. Die doel van die bepaling. ... 156
2. Die aanroeping van die Naam van God geskied met die oog op die handelinge. ... 156
3. Die opening en sluiting. ... 156
4. Die waarneming van die opening en sluiting. ... 157
5. Formulier- of vrygebede. ... 157
6. Die konsistoriegebede. ... 157
ARTIKEL 33. ... 158

DIE KONSTITUERING VAN MEERDERE VERGADERINGE 158
1. Geskiedenis in Suid-Afrika. 158
A. DIE GELOOFSBRIEWE. 158
1. Die afgevaardigdes. 158
2. Diegene wat hulle stuur. 159
3. Afvaardiging geskied na 'n bepaalde vergadering. 160
4. Die vereistes vir 'n geloofsbrief. 160
5. Konstituering. 160
6. Openlike verklaring. 161
B. DIE OPDRAGTE OF SAKELYS VAN 'n MEERDERE VERGADERING. 161
1. Die instruksies of opdragte. 161
2. Die opdragte saambring. 161
3. Die kerklike weg. 162
4. Hoe word opdragte aan meerdere vergaderinge gegee? 162
C. DIE KEURSTEM OP 'n MEERDERE VERGADERING. 162
1. Slegs wettige afgevaardigdes het keurstem. 162
2. Wanneer 'n wettige afgevaardigde geen keurstem het nie. 162
3. Die professore in die teologie het geen keurstem kragtens hulle amp nie. 163
4. Waaraan die afgevaardigdes die keurstem ontleen. 163
ARTIKEL 34. 165
HANDELINGE (ACTA) OF NOTULE DEUR DIE SKRIBA 165
1. Kerklike vergaderinge regeer deur hulle handelinge. 165
2. Die skriba naas die praeses. 165
3. Die moderamen. 165
4. Die skriba hoef nie noodwendig 'n predikant te wees nie. 165
5. Die skriba van die kerkraad en/of die breë-kerkraad. 166
6. Die sogenaamde attestaat-skriba. 166
7. Noukeurigheid. 166
8. Wat opgeteken moet word. 166
9. Die publikasie van die notule of handelinge (acta). 167
ARTIKEL 35. 167
DIE WERK EN TERMYN VAN DIE VOORSITTER. 167
1. Geskiedenis. 167
2. Die voorsitter en die kerklike vergadering. 167
3. Die amp (eerder as die persoon) presideer. 168
4. Wanneer 'n ouderling op 'n kerkraadsvergadering mag presideer. 168
5. 'n Konsulent as voorsitter. 168
6. Beslissende stem. 168
7. Die werk van die voorsitter. 169
a. Om voor te dra en te verduidelik wat behandel moet word: 169
b. Toe te sien dat elkeen op sy beurt spreek: 169
c. Om die wat redetwis en al te heftig spreek, die swye op te lê. 169
d. As hulle geen gehoor gee nie, die gepaste sensuur oor hulle uit te oefen. 170
8. Die verantwoordelikheid van die vergadering ten opsigte van orde. 170
9. Die duur van die praesidium. 170
ARTIKEL 36. 171
DIE SEGGENSKAP OF OUTORITEIT IN DIE KERKVERBAND 171
1. Inleiding. 171
2. Die gesag van die kerkraad oor die gemeente is anders as die seggenskap van die klassis oor die

kerkraad. 171
3. Die artikel handel oor die meerdere vergaderinge. 172
4. Die artikel onderstreep die kerklike weg. 172
5. Meerdere vergaderinge besit nie opgehoopte, groter of ander mag as kerkrade nie. 172
6. Die grond vir die seggenskap van meerdere vergaderinge. 173
7. Die aard van die seggenskap. 173
8. Die karakter van die seggenskap. 174
ARTIKEL 37. 174
DIE KERKRAAD. 174
1. In elke kerk moet 'n kerkraad wees. 174
2. Die kerkraad bestaan uit die ouderlinge. 174
3. Daar is twee soorte ouderlinge. 175
4. Die bedienaar(s) van die Woord, presideer. 175
5. Die beurte in die praesidium. 175
6. Die jurisdiksie van die kerkraad is beperk tot 'n kerk. 175
7. Die vergadering van die kerkraad. 176
8. Oproep van kerkraadsvergaderinge. 176
9. Agenda van die kerkraadsvergadering. 176
10. Kworum van die kerkraadsvergadering. 177
11. Die gemeente en kerkraadsvergadering. 177
12. Vergaderinge van die kerkraad saam met die gemeente. 177
13. Die taak van die kerkraad. 178
ARTIKEL 38. 179
STIGTING VAN 'n KERK EN KLEIN KERKRADE 179
1. Geskiedenis. 180
A. DIE STIGTING VAN KERKE. 180
1. Waar die kerkraad opnuut ingestel word. 180
2. Waar die kerkraad vir die eerste maal ingestel word. 180
3. Die advies van die klassis is in alle gevalle noodsaaklik. 180
4. Die advies van die klassis is ook by ontbinding van 'n kerk nodig. 181
5. Indien daar twyfel by die klassis bestaan. 181
6. Hoe die stigting plaasvind. 182
B. KERKRADE WAT KLEIN IS. 184
1. Hoe groot 'n kerkraad moet wees om te kwalifiseer. 184
2. Die diakens as hulpouderlinge. 184
3. Kombinasie van kerke. 184
ARTIKEL 39. 186
INKOMPLETE KERKE EN VERSPREIDWONENDES 186
1. Geskiedenis. 187
2. Plekke waar nog geen kerkraad kan wees nie. 187
3. Moet deur die klassis onder sorg gestel word. 188
4. Gestel onder sorg van 'n naburige kerkraad. 188
ARTIKEL 40. 189
DIE DIAKONALE VERGADERING 189
1. Geskiedenis. 190
2. Die amp of diens van die diakens. 190
3. Hoe dikwels die diakens vergader. 191
4. Hoe die diakonale vergadering gehou word. 191
5. Die toesig en teenwoordigheid van die predikant. 191

6. Diakonale konferensies. 192
ARTIKEL 41. 192
DIE KLASSIKALE VERGADERING 192
1. Geskiedenis. 193
2. Die karakter van 'n klassis. 193
3. Hoe die kerke hulle laat verteenwoordig. 194
4. Die tyd en plek van samekoms. 195
5. Die praesidium van die klassikale vergadering. 195
6. Die taak van die klassikale vergadering. 196
a. Die taak van die klassis berus op verskillende K.O. artikels. 196
b. Hierdie artikel laat die kerke onderling in die klassis oor mekaar toesig hou. 196
c. Afvaardiging na die partikuliere sinode. 197
d. Die klassikale preek 197
ARTIKEL 42 198
ADVISERENDE STEM VIR PREDIKANTE 198
1. Geskiedenis. 198
2. Die adviserende stem. 198
3. Die verkiesbaarheid van 'n adviserende lid tot die moderamen. 198
4. Adviserende stem vir nie-predikante. 198
ARTIKEL 43 199
SENSUUROEFENING OP MEERDERE VERGADERINGS 199
1. Geskiedenis. 199
2. Wat die sensuur hier bedoel. 199
ARTIKEL 44 200
KERKLIKE VISITASIE 200
1. Geskiedenis. 200
2. Die verhouding van art. 44 tot art. 41 K.O. 201
3. Benoeming van visitatore. 201
4. Die tyd van visitasie. 202
5. Die mag en status van die visitatore. 202
6. Die taak van die visitatore by gewone visitasie. 203
7. Die inrigting van die visitasie. 203
a. Gewone en buitengewone visitasie. 204
b. Die visitatore moet verslag doen. 204
c. Die klassis handel oor die visitasierapporte. 204
ARTIKEL 45 205
DEPUTATE VIR DIE OPROEP EN KORRESPONDENSIE VAN MEERDERE VERGADERINGE 205
1. Geskiedenis. 205
2. 'n Buitengewone klassis. 205
3. Die deputate of kerkraad vir korrespondensie. 206
4. Die roepende kerkraad. 206
5. Die tyd en plek van vergadering. 206
6. Buitengewone sinode. 206
7. Die oproep van 'n gewone of buitengewone meerdere vergadering. 207
8. Die versending van stukke volgens art. 33 K.O. 207
9. Die kerklike argief. 207
ARTIKEL 46 207
DIE KONTINUÏTEIT VAN MEERDERE VERGADERINGE 207

1. 'n Kardinale beginsel in die Gereformeerde Kerkreg. 208
2. Die oorweging van veranderinge van vorige besluite. 208
3. Wie die besluite van voorgaande sinodes nagaan. 209
4. Die prosedure vir beswaarskrifte volgens die Sinode van 1964. 210
5. Die taak van mindere vergaderinge ten opsigte van beswaarskrifte teen besluite van meerdere vergaderinge. 212
6. Die formele herroeping van besluite voordat 'n ander bestuit oor dieselfde saak geneem word. 213
ARTIKEL 47 213
DIE PARTIKULIERE SINODE 213
1. Die redaksie. 213
2. Geskiedenis. 214
3. 'n Partikuliere sinode is 'n vergadering van naburige klassisse. 215
4. Tyd en plek van samekoms. 215
5. Die samestelling of afvaardiging. 215
6. Die taak van die partikuliere sinode. 217
ARTIKEL 48 218
DIE ONDERLINGE KORRESPONDENSIE 218
1. Geskiedenis. 218
2. Die doel van die onderlinge korrespondensie. 218
3. Korrespondensie tussen ander kerklike vergaderinge. 219
ARTIKEL 49 219
DIE KERKLIKE DEPUTATE 219
1. Geskiedenis. 219
2. Die beginsel in hierdie artikel. 220
3. Die benoeming van die deputate. 220
a. Elke meerdere vergadering benoem deputate. 220
b. Die verkiesing van deputate. 220
c. Die wyse van benoeming. 221
d. Afsonderlike deputategroepe: 221
4. Die taak van die deputate. 222
a. Uitvoering van opdragte. 222
b. Part. sinodale deputate vir die uitvoering van art. 4, 11, 12, 13 en 79 K.O. 222
c. Die hou van notule en verslag van die meerdere vergadering. 223
5. Die bevoegdheid van deputate. 223
6. Besondere deputategroepe. 223
a. Die Kuratore van die Teologiese Skool op Potchefstroom. 223
b. Die kieskollege vir die Teologiese Skool op Potchefstroom. 224
ARTIKEL 50 225
DIE NASIONALE SINODE 225
1. Redaksie. 225
2. Die geskiedenis. 226
3. Definisie. 227
4. Tyd van samekoms. 227
5. Die samestelling en afvaardiging. 228
6. Kworum. 229
7. Is die vergadering geslote? 230
8. Werkwyse van die nasionale sinode. 230
9. Plek van samekoms. 230
ARTIKEL 51 232

DIE VERSKEIDENHEID EN EENHEID VAN DIE KERKE 232
1. Geskiedenis. 232
a. Die Dordtse Kerkorde, 1619: 232
b. Die Nederlandse revisie van 1905. 233
c. Die Suid-Afrikaanse redaksie. 233
2. Die kerklike korrespondensie. 234
a. Korrespondensie in enger sin. 234
b. Korrespondensie in ruimer sin. 235
3. Die Gereformeerde Ekumeniese Sinode. 235
4. 'n Ekumeniese Sinode van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 236
5. Ekumene en eenheid van die kerk. 236
ARTIKEL 52 237
DIE SENDINGORDE 237
1. Geskiedenis. 237
2. Die sendingorde van die Sinode van 1964 (Acta, bl. 273 e.v.). 238
3. Die verhouding van die Kerkorde tot die Sendingorde. 238
AFDELING III: OOR DIE LEER, SAKRAMENTE EN ANDER SEREMONIES 239
ARTIKEL 53 en 54 240
DIE BINDING VAN ALLE AMPSDRAERS AAN DIE BELYDENIS 240
1. Inleidend. 240
a. Die Drie Formuliere van Eenheid as die Kerklike Belydenisskrifte 240
b. Die ondertekening van die Belydenis 240
2. Die Belydenis 241
a. Die noodsaaklikheid van die Belydenis 241
b. Die gesag van die Belydenisskrifte 242
3. Die binding aan die Belydenis. 242
a. Onderskryf en onderteken. 242
b. Die inhoud van die ondertekeningsformuliere. 242
4. Die tyd en die plek van die ondertekening. 243
5. Die kerkregtelike prosedure ingeval van weiering tot onderskrywing of ondertekening. 244
ARTIKEL 55 245
DIE UITDRA VAN DIE SUIWERE LEER 245
1. Die historiese agtergrond van die artikel. 245
a. Die Boekesensuur. 245
b. Die nuwe redaksie van die artikel. 245
2. Die optrede van die bedienaars van die Woord en die ouderlinge. 246
a. Die karakter van die optrede. 246
b. Die uitdra van die suiwere leer: wyse en middele. 246
3. Die toesig oor die geskrewe woord. 246
a. Geen kerklike publikasies. 246
b. Die taak van die kerkraad 247
ARTIKEL 56 248
DIE KINDERDOOP 248
1. Die geskiedenis van die artikel. 248
2. Die grond van die doop. 248
3. Die doopbediening geskied in 'n erediens. 248
4. Die tyd van die doopbediening. 249
5. Die objek van die doop. 250

a. Kinders van wie die ouers aan 'n ander Gereformeerde Kerk (gemeente) behoort. 250
b. Kinders van wie net een van die ouers aan die Gereformeerde Kerk behoort. 250
c. Kinders van wie albei die ouers aan 'n ander kerkgemeenskap behoort. 251
d. Kinders van onverskillige ouers. 251
e. Onegte kinders. 252
f. Vondeling- en heidenkinders. 252
g. Kinders in inrigtings. 252
h. Kinders van ouers wat onder sensuur verkeer. 253
i. Die doop van kinders by ander kerke of sektes. 253
6. Die wyse van die doopbediening. 253
ARTIKEL 57 254
DIE AANVRAAG VAN DIE DOOP 254
1. Die historiese agtergrond van die artikel: weglating van doopgetuie uit die redaksie. 254
2. Die taak van die bedienaars van die Woord. 255
3. Die verbondsouer. 255
4. Die voogde. 256
ARTIKEL 58 258
DIE DOOPFORMULIERE 258
1. Die gebondenheid aan die formuliere. 258
2. Die vasstelling van die doopformuliere. 259
3. Die inhoud van die doopformuliere. 259
a. Die formulier vir die doop van kinders. 259
b. Die formulier vir die doop van volwasse persone. 259
4. Die leeftydsgrens tussen kinder- en volwassedoop 260
ARTIKEL 59 261
DIE VOLWASSEDOOP EN DIE NAGMAAL 261
1. Die historiese agtergrond van die artikel. 261
2. Die betekenis van die volwassedoop. 261
3. Die roeping van die volwasse dopeling om Nagmaal te gebruik. 262
ARTIKEL 60 262
DIE DOOPREGISTERS 262
1. Die geskiedenis van die artikel. 262
2. Die doopregistrasie. 262
a. Die inhoud van die doopregister. 262
3. Die naamgewing. 263
a. Die gebruik van naamgewing. 263
b. Beperking in die naamgewing. 264
c. Die gebruik van die familienaam by die doopbediening. 264
4. Naamsverandering. 264
ARTIKEL 61 265
DIE TOELATING TOT DIE NAGMAAL 265
1. Die geskiedenis van die artikel. 265
2. Die beginsel soos vervat in artikel 61 K.O. 265
A. DIE AFLEGGING VAN BELYDENIS VAN GELOOF. 266
1. Die belydenis grondslag as voorwaarde vir die toelating tot die Nagmaal. 266
2. Die betekenis van die aflegging van geloofsbelydenis. 266
3. Die voorbereiding vir die aflegging van belydenis van geloof. 267
4. Die wyse van belydenisaflegging. 269

5. Lidmaatregisters. 269
B. AANSLUITING BY DIE PLAASLIKE KERK. 270
1. Aansluiting met attestasie. 270
2. Aankomelinge sonder attestasies. 270
3. Opneming in die kerk. 271
4. Die kerklike lidmaatskap en geheime genootskappe. 272
ARTIKEL 62 273
DIE WYSE VAN NAGMAALVIERING 273
1. Die geskiedenis van die artikel. 273
A. DIE ESSENSIËLE SAKE IN DIE WYSE VAN DIE NAGMAALVIERING. 274
1. Die gebondenheid aan die Skrif. 274
2. Die Nagmaalsformulier. 276
3. Die Nagmaalformule. 277
4. Die kerkregtelik-liturgiese beginsels by die viering van die Nagmaal. 278
B. MIDDELMATIGE SAKE IN DIE WYSE VAN DIE NAGMAALVIERING. 279
1. Die beginsel van vryheid in die plaaslike kerk. 279
2. Die orde-reëlings by die viering van die Nagmaal. 279
ARTIKEL 63 279
DIE TYD VAN DIE NAGMAALVIERINGS 279
1. Die historiese agtergrond van die artikel. 279
2. Hoe dikwels die Nagmaal gevier moet word. 280
3. Die afkondiging met betrekking tot die viering van die Nagmaal. 281
4. Die voorbereidings- en nabetragtingsdienste. 281
ARTIKEL 64 282
DIE PLEK VAN EN DIE TOESIG OOR DIE NAGMAALVIERING 282
1. Die geskiedenis van die artikel. 282
2. Die plek van die Nagmaalviering. 283
a. Die Nagmaal is ’n integrerende deel van die erediens. 283
b. Krankekommunie. 283
c. Sinodale Nagmaalvierings. 283
3. Die Nagmaal en die liturgiese fasette van die erediens. 284
a. Die bedienaar van die Woord en die bediening van die Nagmaal. 284
b. Die toesig van die ouderlinge by die Nagmaal. 284
c. Diakonale hulpdiens by die Nagmaal. 285
ARTIKEL 65 285
DIE AFSKAFFING VAN LYKPREDIKASIES. 285
1. Die historiese agtergrond van die artikel. 285
2. Die begrafnis is geen kerkdiens nie. 286
3. Die begrafnis is ’n familie-aangeleentheid. 286
4. Lykverbranding. 287
ARTIKEL 66 287
'N DAG VAN VEROOTMOEDIGING 287
1. Die geskiedenis van die artikel in Nederland. 287
2. Die geskiedenis in Suid-Afrika. 288
3. Die gevaar van ligvaardige toepassing van hierdie artikel. 289
4. Die leidende beginsel in hierdie artikel. 289
5. ’n Dag van verootmoediging en gebed. 290
6. Die uitskryf van so ’n dag. 290

7. Samewerking met ander kerkgroepe. 290
8. Die samewerking van die Owerheid. 290
ARTIKEL 67 291
DIE CHRISTELIKE FEESDAE 291
1. Die Rusdag gaan voorop. 291
2. Die feesdae is nie soortgelyk aan die Rusdag nie. 291
3. Die sogenaamde kerklike jaar. 292
4. Die huidige probleme met die feesdae. 292
5. Die suiwere beginsel. 292
ARTIKEL 68 293
DIE GEREELDE KATEGISMUSPREDIKING 293
1. Geskiedenis van die Kategismus prediking voor 1618. 293
2. Die beginsel in die Kategismusprediking. 293
3. Die geleentheid vir die Kategismusprediking. 293
4. Die metode van Kategismusprediking. 294
ARTIKEL 69 294
DIE KERKLIED 294
1. Geskiedenis van kerksang. 294
2. Die inhoud van die kerklied. 295
3. Melodieë van die kerksang. 295
4. Die Afrikaanse Psalmberyming. 295
5. Die invoering van Skrifberyminge in 1942. 296
6. Die betekenis van die kerksang. 296
7. Tempo en begeleiding. 297
ARTIKEL 70 298
DIE KERKLIKE HUWELIKSBEVESTIGING 298
1. Die huwelik in die gemeenskapslewe. 298
2. Die historiese agtergrond van die artikel. 299
3. Die huwelikswetgewing in Suid-Afrika. 300
4. Die probleem-artikel. 301
5. Ontbinding van Huwelike. 302
AFDELING IV: DIE KERKLIKE TUG EN SLOTARTIKELS 303
ARTIKEL 71 304
DIE KARAKTER, NOODSAAKLIKHEID EN DOEL VAN DIE KERKLIKE TUG 304
1. Inleiding. 304
a. Die historiese agtergrond van die kerklike tug. 304
b. Naam en begrip. 304
c. Die verhouding tussen die kerklike tug en die burgerlike straf. 305
2. Die karakter en betekenis van die kerklike tug. 306
3. Die noodsaaklikheid van die kerklike tug. 306
a. Die grond van die kerklike tugmag. 306
b. Die tug is die kenmerk van die ware kerk. 307
4. Die doel van die kerklike tug. 307
a. Die handhawing van die eer van God. 307
b. Die handhawing van die heiligheid van die gemeente. 308
c. Die behoud van die sondaar. 308
5. Die voorwerpe van die kerklike tug. 308
a. Die lidmate van die kerk. 308

b. Die tug oor dooplidmate. 309
ARTIKEL 72 en 73 310
DIE AANVANG VAN DIE KERKLIKE TUG 310
1. Die geskiedenis van die artikels: 310
2. Die oorsake van die kerklike tug. 310
a. Leerdwaling as oorsaak van die kerklike tug. 310
b. Sondes in die lewenswandel as oorsaak van die kerklike tug. 311
3. Die reël in Mattheus 18. 311
a. Die onderskeid tussen heimlike en openbare sonde. 311
b. Die tug oor heimlike sondes berus en begin primêr by die gemeente. 311
c. Die onmiddellike doel van die onderlinge vermaning: 312
d. Die prosedure soos voorgeskryf in Matth. 18:15—11. 312
ARTIKEL 74 313
DIE OORGAWE VAN 'n TUGGEVAL AAN DIE KERKRAAD 313
1. Die gronde waarop 'n tuggeval by die kerkraad aanhangig gemaak moet word. 313
2. Wanneer 'n tuggeval aangegee moet word. 313
3. Die wyse waarop 'n tuggeval by die kerkraad aangegee moet word. 314
4. Die doel van die aanhangig maak by die kerkraad. 315
a. Die ondersoek deur die kerkraad 315
b. Die resultaat van die ondersoek. 315
c. Die aanvang van die kerklike bearbeid. 316
5. Wetsbeskerming van kerkrade en ampsdraers in tugsake. 316
ARTIKEL 75 317
DIE KERKLIKE VERSOENING 317
1. Die geskiedenis van die artikel. 317
2. Die begrip "versoening". 317
3. Waaroor die kerklike versoening handel. 318
4. Die vereistes vir die kerklike versoening. 318
5. Die wyse van die versoening. 319
a. Die versoening voor die kerkraad. 319
b. Die openbare versoening voor die gemeente. 319
6. Meerdere advies by publieke versoening. 319
7. Die vorm van die versoening. 320
ARTIKEL 76 320
DIE AFHOUDING VAN DIE SAKRAMENTE 320
1. Die geskiedenis van die artikel. 320
2. Die regsgrond vir die afhouding van die sakramente. 321
3. Die vorme van afhouding van die sakramente. 322
a. Die voorlopige of eenvoudige afhouding. 322
b. Die dissiplinêre afhouding. 322
4. Die kerkregtelike implikasie van die dissiplinêre af houding. 323
5. Die tydperk van af houding en die oor gang tot toepassing van artikel 77. 323
6. Die bearbeiding gedurende die tydperk van dissiplinêre afhouding. 323
ARTIKEL 77 324
DIE AFSNYDING OF DIE GROOT BAN 324
1. Die geskiedenis van die artikel. 325
2. Die regsgrond vir die afsnyding. 325
3. Die betekenis van die trappe van sensuur. 326

4. Die eerste trap van die kerklike tug. 326
5. Die tweede trap van die kerklike tug. 327
6. Die advies van die klassis by die tweede trap van die kerklike tug. 327
7. Die derde trap van die kerklike tug. 328
8. Die tydverloop tussen die drie trappe. 328
9. Die afsnyding. 329
a. Die betekenis van die afsnyding. 329
b. Die afsnydingsformulier en die afsnyding self. 329
c. Die uitwerking van die afsnyding. 329
ARTIKEL 78 330
DIE WEEROPNEMING VAN 'n AFGESNEDENE 330
1. Die moontlikheid vir die weeropneming van 'n afgesnedene. 330
2. Die voorwaardes vir die weeropneming. 330
3. Die medewerking van die gemeente. 331
4. Die Nagmaal as die eindpunt van die weeropneming. 331
5. Die formulier vir die weer opneming. 332
ARTIKEL 79 332
DIE TUG OOR AMPSDRAERS 332
1. Die geskiedenis van die artikel. 332
2. Die verhouding van die tug oor ampsdraers tot dié oor die lidmate. 333
3. Die karakter van die tugwaardige sondes. 333
4. Die voorlopige skorsing. 334
a. Die skorsingsreg berus by die kerkraad. 334
b. Die vereiste vir 'n aanklag teen 'n ampsdraer. 334
c. Die uitwerking van die voorlopige skorsing. 335
5. Die prosedure by skorsing en afsetting van ampsdraers. 335
a. Die inwin van meerdere advies 335
b. Die bevoegdheid en werkwyse van die gekombineerde kerkraadsvergadering. 336
6. Die skorsing of af setting van ouderlinge en diakens. 336
7. Die skorsing van bedienaars van die Woord. 337
8. Die afsetting van bedienaars van die Woord. 338
a. Die gronde waarom die afsetting by die klassis berus. 338
b. Die afsetting uit die amp. 339
9. Die bekendstelling van die skorsing en afsetting van ampsdraers. 339
ARTIKEL 80 340
DIE OPENBARE GROWWE SONDES 340
1. Die doel van art. 80. 340
2. Die openbare growwe sondes soos genoem in artikel 80. 340
a. Die sondes teen God. 340
b. Die miskenning van die ampsbediening. 341
c. Sondes teen die eie liggaam. 341
d. Sondes teen die naaste. 341
e. Sondes wat alleen vermaning verdien en nie skorsing of afsetting nie. 342
3. Die herstel van geskorste of afgesette ampsdraers. 342
a. Die moontlikheid van herstel. 342
b. Die vereiste van eventuele herstel. 343
c. Die herstel van geskorste ampsdraers. 343
d. Die herstel van 'n afgesette ampsdraer. 343
ARTIKEL 81 344

DIE ONDERLINGE SENSUUR TUSSEN AMPSDRAERS 344
1. Die historiese agtergrond van die artikel. 344
2. Die beginsel van die onderlinge sensuur. 345
3. Die karakter van die onderlinge sensuur tussen ampsdraers. 345
4. Die sondes en gebreke waarop die onderlinge vermaning hom rig. 346
5. Die metode. 347
6. Die tyd vir die uitoefening van die Christelike sensuur. 347
ARTIKEL 82 348
ATTESTASIES 348
1. Die beginsel van Attestasie. 348
2. Die verband tussen art. 61 en 82 K.O. 348
3. Lidmaatskap van 'n bepaalde kerk. 349
4. Verbreking van die gemeenskap. 349
5. Saamgee van attestasie. 350
6. Saamgee van 'n reisattestasie. 352
7. Kennisgewing van verhuising deur kerkrade aan mekaar. 352
8. Attestasies by die Instituering van 'n nuwe kerk. 353
9. Die lidmaatregister (of kerklike indeks). 353
10. Oor die lidmaat wat in die week op een plek en Sondae op 'n ander plek woon. 353
ARTIKEL 83 354
VERTREKKENDE ARMES 354
1. Die geskiedenis van die artikel. 354
2. Die doel van die artikel. 354
3. Plig van die diakens ten opsigte van vertrekkende armes. 355
a. Die saamgee van die nodige middele. 355
b. Medewerking van diakens ten opsigte van vertrekkende armes. 356
ARTIKEL 84 356
GELYKHEID ONDER KERKE EN AMPSDRAERS 356
1. Die geskiedenis van die artikel. 356
2. Die kardinale beginsel in die gereformeerde kerkregering. 357
3. Geen heerskappy van mense in die kerk nie. 357
ARTIKEL 85 358
HOUDING OOR MIDDELMATIGE SAKE 358
1 Die geskiedenis van die artikel. 358
2. Bepaling van "middelmatige sake". 358
3. Die buitelandse kerke mag nie veroordeel word nie. 358
ARTIKEL 86 359
WYSIGING VAN KERKORDE 359
1. Die aanvaarding van die K.O. 359
2. Die beginsel van algemene stemme. 360
3. Wysiging van die Kerkorde. 360
4. Gebondenheid aan die Kerkorde. 361
REGISTER 362
A 362
B 364
C 366
D 366

E 368
F 368
G 369
H 369
K 370
L 373
M 373
N 374
O 374
P 375
R 376
S 376
T 377
V 378
W 379

‘N WOORD VOORAF

Hierdie *Handleiding by die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika* is deur die verskillende skrywers soos volg opgestel:

die *Inleiding* deur dr. B. Spoelstra;

die *Eerste Deel* (art. 1 tot 28) deur ds. H.L.M. du Plessis;

die *Tweede Deel* (art. 29 tot 52) deur dr. B. Spoelstra;

die *Derde Deel* deur ds. L.S. Kruger (art. *53* tot 65) en ds. T.T. Spoelstra (art. 66 tot 70);

die *Vierde Deel* deur ds. L.S. Kruger (art. 71 tot 81) en ds. T.T. Spoelstra (art. 82 tot 86).

Hoewel getrag is om die werk soveel moontlik ’n eenheid te maak, bly die verklarende menings dié van elke skrywer afsonderlik.

Die skrywers het geprobeer om die beginsels en praktyk van die Gereformeerde kerkregering op so ’n wyse te verklaar en te verduidelik dat enige ampsdraer en lidmaat in die kerk dit met vrug mag gebruik. Hierdie poging word met beskeidenheid aangebied in die besef dat die laaste woord oor kerkregering nie in hierdie werk gespreek word nie.

Mag die Here die werk gebruik om deur middel van ’n beter begrip van die orde in die kerk die kerke te bou en sy eer te verbrei.

Die Opstellers.
November 1965.

Nota by die elektroniese weergawe:
In die teks dui [nnn] die oorspronklike bladsynommer aan. Dit word telkens aan die begin van ’n bladsy geplaas. Waar ’n woord aan die einde van ’n bladsy afgebreek word, word die bladsynommer voor daardie woord geplaas.

INLEIDING

1. Die begrip “Kerkorde”.

[11] Die Kerkorde wil die orde en reël vir die kerklike lewe bepaal. Dit is nie ’n “kerkwet” nie, omdat God alleen vir die kerk wette kan neerlê. Wetgewing veronderstel ook dat die wetgewende liggaam (sinode) voor die wette bestaan. In die gereformeerde kerkregering moes die kerkrade eers ’n onderlinge ooreenkoms in ’n Kerkorde tref en daarna kan ’n sinode op sterkte daarvan bindende besluite neem (Amos 3:3). Die Kerkorde is dus die ooreenkoms waarvolgens kerkrade onder andere in sinodes saamkom en daarom kan dit nie ’n wet van “die sinode” wees nie. In die kollegialistiese kerkregeringstelsel roep die staat egter gewoonlik die sinode kragtens ’n staatswet in die lewe en delegeer hy die wetgewende mag na hierdie kollegialistiese sinode op grond waarvan dit weer met sy wette magte aan kerkrade verleen. Hier ontleen die kerkraad dan sy mag en gevoegdheid aan die sinodale kerkwet.

Die wet van die staat vir die kollegialistiese sinode word gewoonlik ook ’n *kerkwet* of *kerkreglement* genoem. Tog kan daar nie net op die name af geoordeel word nie. De Mist het byvoorbeeld in 1804 sy kerkwet ’n *“Kerckenorde”* genoem, terwyl dit alles behalwe ’n *kerkorde* was. Toe die owerheid in 1824 die sinode kragtens die reglement van De Mist toegelaat het, het dit die *grondwet* van die kerk geword, terwyl die wette van die Kaapse Kerk tussen 1824 en 1842 slegs as toevoeginge en/of wysiginge van die grondwet beskou is. (Vgl. par. 8 hier onder).

Die naam “Kerkorde” kom nie in die Skrif voor nie, maar die Skrif dien homself aan as die Woord en die Wet van God vir sy kerk. So gee die Skrif bepalinge vir die kerklike lewe, byvoorbeeld Matth. 18:17 e.v. in verband met die tug; Matth. 10:10, Gal. 6:6, Fil. 4:15, 2 Thess. 3:9, i.v.m. die onderhoud van die dienaars; 1 Tim. 3 en 5:19 i.v.m. die ampsdraers. Samevattend beveel die Skrif: “Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan” (1 Kor. 14:40). Die Kerkorde is die uitvoering van hierdie omvattende Skrifbevel, maar moet tegelykertyd rekening hou met die Skriftuurlike voorskrifte vir die kerklike lewe.

In die Nederlandse Geloofsbelydenis word die noodsaaklikheid van ’n Kerkorde op grond van God se Woord bely (art. 32), terwyl die inhoud van die Kerkorde ook beperk word. Dit moet [12] ooreenkom met God se Woord en mag nêrens “menslike vindinge” in die plek van God se Woord stel nie. Dit beteken egter nie dat elke artikel van die Kerkorde op ’n bepaalde Skrifwoord moet steun nie. Die gereformeerdes het altyd onderskei tussen onveranderlike prinsipiële bepalinge binne die Kerkorde, soos byvoorbeeld dat die Nagmaal gehou moet word soos Christus dit ingestel het, en veranderbare middelmatige ordereëlings, soos hoe dikwels dit gevier moet word.

2. Die gesag van die Kerkorde.

Die Kerkorde het gesag. Dit bind die kerke in dieselfde kerkverband om daarvolgens te leef. Minagting vir die Kerkorde kom neer op verbreking van die woord van trou in gemeenskap met die ander kerke in dieselfde kerkverband gegee. Die gesag van die Kerkorde berus op die volgende gronde:

(a) Sekere bepalinge van die Kerkorde rus op God se Woord.

(b) Op Grond van die Skrif bely die kerke dat dit “nuttig en goed is dat die regeerders van die kerk onder mekaar sekere ordinansies instel en bevestig tot instandhouding van die liggaam van die kerk” (art. 32 N.G.B.). So rus die aanvaarde Kerkorde op die Belydenis.

(c) Die ooreenstemming tussen die Skrif en die Belydenis wat op die Skrif gegrond is, en die aanvaarding van beide laat die kerk (gemeentes) met mekaar 'n kerkverband of kerklike vennootskap aangaan. Die kerkraad is in juridiese sin die regspersoonlikheid wat namens die lidmate van die gemeente die "akkoord" aangaan, terwyl die lidmaatskap van die gemeente ook elke lidmaat aan die Kerkorde bind. Die Kerkorde het dus die regsgeldigheid van 'n bindende kontrak ten opsigte van die lidmate, die kerkraad en die kerkverband. Wysiging van die gemeenskaplike ooreenkoms kan alleen geskied op die wyse wat die Kerkorde self voorskrywe.

Hier moet teen tweërlei misverstand gewaak word. Eerstens kan verkeerdelik veronderstel word dat die gesag van die Kerkorde gelyk staan aan dié van gewone sinodebesluite. Hierdie misverstand hou nie rekening met die feit dat daar nie sinodebesluite sou gewees het indien die kerkrade nie eers 'n Kerkorde aanvaar het nie op grond waarvan ooreengekom is dat daar en wel op 'n bepaalde wyse gesamentlik besluit sal word nie. Tweedens word die Kerkorde soms weer misverstaan deurdat dit as 'n blote "leidraad" sonder bindende bepalinge beskou word. Dit sou dan net min of meer nagekom moet word. Hierdie liberale opvatting, wat die eie oordeel bo die Kerkorde wil verhef, bots met elkeen [13] van bostaande gronde waarop die gesag van die Kerkorde rus.

3. Misbruik van die Kerkorde.

Die Kerkorde word misbruik wanneer dit soos 'n kerkreglement hanteer word. Die Kerkorde lê 'n beginsel neer en veronderstel dat die beginsel en gees van orde begryp sal word en verskillende situasies daarvolgens op meriete behandel sal word. Art. 81 K.O. bepaal byvoorbeeld dat die ampsdraers onderlinge sensuur moet beoefen, terwyl die wyse nie voorgeskryf word nie; dit kan gereël en selfs gewissel word. 'n Reglement daarenteen, skryf 'n presiese handeling voor, sê eerder *hoe* iets moet geskied, as wat dit sê *wat* moet geskied. Gevolglik het elke reglement skuiwergate in wat gesê, sowel as in wat nie gesê is nie. Gevolglik moet die reglementeringe gedurig verbeter en aangevul word. As 'n mens dus die beginsels wat die Kerkorde wil toepas, buite rekening laat en dit soos 'n reglement van voorskrifte wil misbruik, sou allerlei skemas wat in direkte stryd met die Kerkorde is, deurgeloods kon word omdat daaroor geen voorskrif gegee is nie of omdat 'n bepaalde sinsnede van 'n artikel uit verband geruk sou kon word om op dié wyse aan die skema 'n soort regsgeldigheid te gee. Die Gereformeerde vra: hoe moet ek optree om die orde in die kerk te dien? Wie die Kerkorde misbruik, vra: hoe wyd kan ek binne die Kerkorde draai sonder om met 'n bepaling te bots?

'n Tweede voorbeeld van misbruik van die Kerkorde is die toepassing van één artikel met verontagsaming van die ander. Die Kerkorde is 'n ondeelbare geheel, hoewel dit uit 86 artikels bestaan. Die ideale toepassing vereis dat elke afsonderlike artikel sowel as al die artikels saam gelyktydig tot hulle reg sal kom. Talle artikels moet daarom altyd saam gelees word om die regte begrip van 'n bepaalde beginsel te kry. Die ideaal is eintlik om die "gees" van die Kerkorde spontaan te begryp en daarvolgens te handel.

4. Die karakter of "gees" van die Kerkorde.

Die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het die Calvinistiese, gereformeerde of presbiteriale karakter van kerkregering. Dit sluit aan by die Skriftuurlike voorskrifte. Die term "presbiteriale" is afgelei van die Griekse woord "presbiter" wat oudste of ouderling beteken. In die algemeen beteken dit dus dat die kerkregering (met die Woord en Gees) eintlik deur die ouderlinge of presbiters uitgeoefen word.

a. Die onsigbare fondament van die kerk.

Calvyn het weer die sentrale waarheid van die Skrif na vore gebring, naamlik dat die wese van die kerk in die uitverkiesing [14] geleë is. Die geloof bind aan Christus en aan mekaar. Die uitverkorenes van God vorm 'n gemeente *(ekklessia* as "uitgeroeptes"), één heilige algemene Christelike kerk, die Liggaam of Bruid van Christus, die tempel van die Heilige Gees. Christus is die enigste Hoof of Koning van die kerk (Ef. 1:22). In wese regeer Christus sy Bruid, en hierdie gemeente van ware gelowiges in Christus is *onsigbaar* omdat dit nêrens op 'n bepaalde plek kan vergader nie. Dit bestaan wêreldwyd en vorm in Christus 'n eenheid. Hieruit volg dat die kerk of gemeente nie in die kerklike ampsdraers of in 'n menslike hoof van die kerk kan setel nie (soos Rome sê) maar dat die wese van die kerk *in 'n vergadering van gelowiges* bestaan (art. 27 N.G.B.).

b. Die sigbare kant van die kerk.

Calvyn het vervolgens aangetoon dat die onsigbare eenheid in Christus daartoe lei dat gelowiges op 'n bepaalde plek en in 'n bepaalde tyd tot 'n sigbare gemeente of kerk verenig. Die gemeente ontstaan dus nie omdat die gelowiges een gemaak moet word nie, maar omdat hulle reeds in Christus een is. Kragtens die dieperliggende geloofseenheid vorm die gelowiges 'n vergadering, 'n kudde, 'n gemeente, 'n kerk, wat bestaan uit volwassenes en onvolwassenes, uit belydende en dooplidmate. *Die plaaslike kerk of gemeente is die enigste vorm waarin die kerk as 'n kudde sigbaar na vore tree.* Hierdie sigbare kant van die kerk is egter wyer as die onsigbare omdat skyngelowiges en selfs ongelowiges kan voorgee dat hulle gelowiges is. Hierdie sigbare gemeente moet met die genademiddele bedien word en teen die sonde waaraan dit blootstaan, beskerm word. Derhalwe is daar ook in die kerk 'n regering deur die oudstes of ouderlinge nodig. So vorm elke georganiseerde gemeente 'n afgeronde en selfstandige kerk.

Dit sal die moeite loon om die meesterlike en Skriftuurlike uiteensetting van Calvyn oor "Die uiterlike hulpmiddels waardeur God ons roep tot die gemeenskap met Christus en (om ons) daarin (te) bewaar" na te lees in die vierde afdeling van sy "Institusie". (In Afrikaans weergegee deur A. Duvenage: *Die Institusie van Calvyn,* Sacum, 1951).

c. Dit is gerig op die plaaslike kerk.

Ons kan sê dat die sigbare gemeente of plaaslike kerk die uitgangspunt van die gereformeerde kerkregering vorm, mits ons nie met uitgangspunt bedoel dat ons van die plaaslike kerk tot iets anders wil kom nie. Die vergadering van gelowiges bly uitgangs- en doelpunt van die gereformeerde kerkregering. Die [15] kerkregering wil en moet die heerskappy van Christus oor sy gelowiges voer en hulle kan op geen ander plek as in die plaaslike kerk vergader of bereik word nie.

Ons moet ook goed verstaan dat die plaaslike kerk of gemeente vóór (eerder as) die ampsdraers, kerkraad, kerkverband of "sinode" kom. Christus het sy koninklike magsuitoefening aan sy gemeente opgedra. Deur die salwing met die Heilige Gees is elke gelowige 'n ampsdraer van Christus. Dit sou egter tot wanorde lei indien elkeen die leiding moes neem in die uitoefening van die koninklike mag. 'n Liggaam moet 'n hoof hê om goed te kan funksioneer. 'n Gemeente, as openbaring van die Liggaam van Christus, moet 'n kerkraad hê om volgens die wil van God ordelik te kan bestaan; die Skrif leer immers dat die gemeentes op elke plek uit hulle midde presbiters of ouderlinge gekies het om die regering op hulle te neem (Hand. 11:30, 14:23, 20:28). Na die verkiesing is hulle bevestig ("opgedra aan die Here" of "hande opgelê" of "voor die gemeente gestel", ens.). Die besondere ampte hef die amp van gelowige nie op nie, maar bestaan ter wille van die goeie orde en van die leiding en versorging van die gelowiges in hulle amp. Die ouderlinge tree egter ook nie onafhanklik van mekaar op nie. Hulle

vorm saam 'n raad van die kerk, 'n kerkraad (presbitêrion [πρεσβυτέριον], 1 Tim. 4:14). Die kerkraad kom dus uit en deur die gemeente (saamvergaderde gelowiges) na vore om namens en oor die gemeente in die Naam van Christus te regeer. So is elke plaaslike kerk 'n volkome en selfstandige openbaring (portret) van die heilige, katolieke kerk.

Die Skrif gebruik die woord "kerk" of "gemeente" net in tweërlei sin: die *gemeente* van Christus (die universele kerk, of die uitverkorenes, die kerk soos God dit ken) en die *gemeente* van Rome, Korinthe, of waar ook al (d.i. die plaaslike kerk, of die kerk soos ons dit op 'n bepaalde plek ken, selfs al is daar baie sonde, soos in Korinthe). Daar is skynbaar een uitsondering (Hand. 9:31), waar dit lyk asof die woord "gemeente" 'n versameling van gemeentes in 'n landstreek as *kerk* aandui. Tog is dit nie 'n uitsondering nie want die kerk was toe nog nie verder versprei nie, sodat Hand. 9:31 ook op die universele kerk wys; daarbenewens is daar teenoor die enkele Skriftuurplek talle plekke waar die Skrif van *gemeentes* of *kerke* praat sodra meer as een gemeente of kerk bedoel word.

Dit sou dus meer korrek wees om van die "Gereformeerde Kerkverband" as van die "Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika" te praat. Wanneer mense sê dat hulle lidmate van die "Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika" is en dink dat die gemeentes maar net takke van dié boom is, praat hulle nie meer die taal van die [16] Bybel nie, maar van die Roomse, Lutherse of Kollegialistiese kerkregeringstelsels.

In die inleiding tot die Kerkorde wat deur deputate van die Sinode uitgegee is, word met reg gesê dat die "grondgedagte van die plaaslike kerk soos 'n goue draad deur al die artikels heengeweef is". Die plaaslike kerk is nie daar ter wille van die kerkverband nie, *maar die kerkverband* (klassis, partikuliere sinode en nasionale sinode) is daargestel met die doel om die belange van dié plaaslike kerke te bevorder. Die kerkverband word nie aangegaan om één kerk te stig (soos die kollegialiste sê) of om met 'n dik stem in die wêreld te kan praat nie (asof die Woord van God nie sterk genoeg is nie). Die kerkverband is slegs 'n band wat selfstandige en komplete plaaslike kerke of gemeentes met en ter wille van mekaar aangaan, omdat hulle in die geloof reeds een in Christus is. Op grond van die gemeenskaplike eenheid wil hulle as kerke met mekaar en deur middel van hulle onderskeie kerkrade saam hierdie gemeenskaplike geloofsband uitbou en bewaar. Daardeur kom geen nuwe gemeente of kerk tot stand nie, maar word alleen 'n band tussen selfstandige kerke ('n vennootskap) gelê, want suiwer kerkregering is onmisbaar vir die bewaring van die suiwere Belydenis (geloofseenheid).

d. Dit gaan om die heerskappy van Christus in die kerk.

Omdat Christus sy roeping tot regering en bewaring van die orde op sy gemeente gelê het, is die regering *amptelik,* dit wil sê offisieel namens Christus, 'n diens (officium) waardeur die mag van Christus uitgeoefen word. Sodra die ampte ingestel en die persone bevestig is, is hulle nie in demokratiese sin verantwoording aan die gemeente verskuldig omdat hulle gekies is nie, maar is hulle aan Christus verantwoordelik. Terwyl elke gemeentelid egter self in die amp van die gelowige die roeping het om die heerskappy van Christus te betrag, het die gemeentelede die mag van approbasie en selfs van sensuur oor 'n kerkraadslid en 'n kerkraad wat ontrou word. Die wyse waarop dit moet geskied en die wyse waarop die een kerk die ander in hierdie regering ondersteun, word in die Kerkorde gereël.

Dit moet dus goed verstaan word, soos A. Kuyper in sy "Tractaat van de Reformatie der Kerken" goed aangetoon het, het die amp en ampsbediening nie onbeperkte mag besit nie. Dwarsdeur die Kerkorde word die afkeer van enige vorm van heerskappyvoering of hiërargie weerspieël. Kuyper sê: "De gemeente staat niet over de dienaren en die dienaren staan niet over

de gemeente, maar over beiden staat Christus, die beider onderlinge [17] verhouding bepaalt, door beider gezag uitsluitend *aan zijn Woord* te binden. Waagt de gemeente het op de dienaren een pressie uit te oefenen, die buiten het Woord van God om of er tegenin gaat, dan is het gezag van zulk een gemeente van nul en geener waarde … En evenzoo, onderwindt zich een dienaar, buiten het Woord om of er tegenin, gezag over de geloovigen uit te oefenen, dan valt dit gezag geheellijk in duigen, is geen gezag meer, maar werd pure aanmatiging". 'n Burgerlike owerheid behou gesag, selfs al gaan dit teen God in, maar die kerk of ampsbediening wat die Woord verlaat, verloor alle gesag. Die geopenbaarde Woord van God omspan dus die grense van die amptelike kerklike gesag. Wat in die Skrif gebied en verbied word, moet die ampte met gesag bedien en handhaaf. Maar wat nie uitdruklik in die Skrif voorgeskryf word nie, mag geen kerkraad of ampsdraer met bindende gesag afdwing nie. Wanneer onvoorwaardelike onderwerping (konformasie) van 'n gemeente aan kerklike besluite geëis word, is die primêre vraag nie wat die kerkraad besluit het nie, maar wat die Woord van God oor die saak sê.

e. Die ampte is instrumente van Christus.

Die besondere ampte van ouderling, predikant en diaken is al uit die drieërlei amp van die Middelaar, t.w. dié van Koning, Profeet en Priester, afgelei. Hierdie afleiding is maar gedeeltelik geregverdig, omdat daar in die ou Christelike Kerk meer funksies en bedieninge as hierdie drie was; die wesentlike funksie van die besondere ampte met die oog op organisasie en koördinering elkeen 'n eie faset van die koninklike amp vertoon, naamlik om te regeer; elke ampsdraer primêr nog in die amp van die gelowige bly en die ouderlinge daarom selfs priesterlike werk moet verrig (Jak. 5:14); die vierderlei diens of amptelike funksies van art. 2 K.O. histories slegs uit die apostelamp (wat destyds deur profete, helpers, evangeliste en ander ondersteun was) ontwikkel het. Met hoofsaaklik regeer het (opsieners), en diegene wat hoofsaaklik betrekking tot die funksies van organisasie, regering, versorging en lering is daar gedifferensieer: eers deur die instelling van die diakenamp (Hand. 6:3, 4); en daarna deur die verkiesing van ouderlinge (Hand. 11:30, 14:23). Met betrekking tot die ouderlingamp is gaandeweg weer gedifferensieer tussen ouderlinge wat hoofsaaklik regeer het (opsieners), en diegene wat hoofsaaklik geleer het (maar tog ook opsieners gebly het, 1 Tim. 5:17). Omdat die apostels in die begin die opleiding van die leraars behartig het — in 1 Tim. 1:2 en in Tit. 1:3 noem Paulus vir Timotheüs en Titus sy ware *kinders* in die geloof — is daar ook met betrekking [18] tot die leraarsamp gaandeweg gedifferensieer tussen predikante en doktore of professore vir die kerklike opleiding. In die plaaslike kerke vind ons dus drie amptelike funksies: dié van ouderlinge, predikante en diakens, terwyl die diens van predikant die diens van opleiding deur professore veronderstel. Die predikante-amp vertoon selfs nog 'n verdere differensiasie in die amp van die missionêre leraar (art. 7 K.O.). Calvyn se onderskeiding van 'n doktore-amp kan nie verwerp word bloot omdat daar in die plaaslike kerk net drie amptelike funksies is nie. Die toelating van predikante (art. 4) geskied immers in wese deur die kerkraad (al word dit in kerkverband uitgevoer), in welke geval die diens van opleiding dus duidelik in belang van die plaaslike kerk veronderstel word. Tog kan dié professore (doktore wat doseer) nie meer as predikante beskou word nie, omdat hulle nie meer as mede-ouderlinge, soos die predikante, met die toesig oor en bediening van een bepaalde kerk belas is nie. Die Kerkorde onderskei dus tereg tussen die vier dienste (funksies) in die kerk (vgl. verklaring by art. 2 K.O.).

Die besondere ampte of dienste in die kerk het elkeen 'n eie terrein, 'n eie taak, 'n karakteristieke eiesoortigheid. So strek die regering van die ouderlinge met die Woord oor die gemeente, predikante, diakens en deur middel van die kerkverband ook oor die professore; die lering van die predikante geskied egter aan die ouderlinge, die diakens, die belydende en

dooplidmate; die diakens moet waar nodig predikante, ouderlinge en die gemeente versorg. Dit is onderskeie funksies binne een gemeente van die een Hoof, Christus. Die funksies is onderskei, maar tog ook nie in waterdigte kompartemente geskei nie. Die Kerkorde reël ook die handelinge van die kerkraad saam met die diakens en dié van die diakens saam met die kerkraad.

Aangesien dit funksies is wat aan Christus ontleen word, spreek dit vanself dat daar geen sprake kan wees dat sekere ampsdraers "hoër" is as ander nie. Die ouderlinge, predikante en diakens is almal met presies dieselfde waardigheid beklee. Dit maak die opvatting van die kollegialisme, dat die predikante die eintlike kerklike waardigheidsbeklеders en die ouderlinge en diakens die "leke"-ampsdraers is, so verwerplik. Hierdie opvatting wil die waardigheid aflei van die draer van die amp en misken daarmee die Een wat die amp verleen het.

Omdat die draers van die amp feilbare en sondige mense is, spreek dit vanself dat hulle ook in die uitoefening van die amp feilbaar is. Hulle beklee nogtans 'n gesagsposisie as instrumente van Christus. Die Kerkorde reël dus ook die ordelike weg waarlangs die foute en gebreke van ampsdraers en die besluite van kerklike [19] vergaderinge reggestel kan word. Hierdie reg besit elke individuele gelowige omdat hy in die amp van gelowige staan. Om reg te laat geskied, moet hy egter 'n kerkordelike weg volg, anders kom rebellie, chaos en onstigtelikheid in die kerk voor (vgl. art. 30 tot 32 N.G.B, en Heid. Kat. vr. 104).

Die gemeente bestaan egter self ook uit feilbare en sondige mense. Nogtans moet die wese van die kerk as 'n vergadering van gelowiges daarin geopenbaar word dat die gemeente aan die heerskappy van Christus onderwerp is. Met die oog hierop het die kerklike ampsdraers die sleutelmag en tugreg ontvang, waarmee hulle die dissipline van Christus oor die leer en lewe van die gemeente moet handhaaf (Heid. Kat., Sondag 31).

f. Die plaaslike kerke vorm 'n kerkverband vir die regering.

Net soos die gelowiges vergader om 'n kerk te vorm omdat hulle één in Christus is, en die ampsdraers weer in 'n raad van en vir die kerk saamkom om in die Naam van Christus te regeer, so kom die kerkrade weer met ander kerkrade, met wie hulle één in leer is, saam om die regering in kerkverband te behartig. Daar is so 'n voorbeeld in die Skrif waar verteenwoordigers van die kerk van Antiochië saam met die kerk van Jerusalem vergader het en hulle gesamentlik besluit met gesag aan al die kerke deurgegee het (Hand. 15).

In die kerkverband gaan die selfstandigheid van die plaaslike kerke nie verlore nie. Nee, kragtens die ooreenkoms waarop die kerkverband rus, vind daar 'n gemeenskaplike handeling deur middel van die onderskeie selfstandige kerkrade plaas. Die samekomste van klassikale, partikuliere en nasionale vergaderinge is dus samekomste van *meer kerkrade* en daarom word dit meerdere vergaderings genoem. Hierdie beginsel kan nie sterk genoeg benadruk word nie. Vir die enigste juiste begrip van die presbiteriale kerkregering is dit onontbeerlik. Daar bestaan nie 'n klassis of 'n sinode *naas* of *teenoor* die kerkraad nie. Daar is nie 'n permanente klassis of sinode (net van tyd tot tyd met "ander personeel" soos 'n kerkraad saamgestel) nie. Daar is alleen permanente kerkrade wat *tydelik* vir 'n enkele klassis of sinode saam met meer kerkrade vergader. Elke klassis of sinode is 'n vergadering op homself wat ophou om te bestaan wanneer dit afgeloop is. Die volgende klassis of sinode is 'n *ander* vergadering van (waarskynlik) dieselfde kerkrade.

Die doel van die meerdere vergaderings is om, soos Voetius dit stel, die verskillende kerke in die Belydenis, (die Formuliere van Eenheid) praktyk en godsaligheid van die gemeenskaplike

[20] geloof te bewaar, te bevestig en te bevorder en verder die belewing van vrede en eendrag te stimuleer (vgl. art. 32, N.G.B.). Dit is duidelik dat die kerke eers één in Belydenis moet wees voordat daar sprake van 'n kerkverband kan wees. Die kerkverband kom nie tot stand om die kerke een te maak nie, maar omdat hulle as kerke één in Christus is. In die moderne tyd kom die dwaling, onder invloed van die liberalisme en kollegialisme, baie voor, nl. dat 'n organisatoriese eenheid van kerke geskep moet word om so die eenheid van die kerk te verwesenlik. Die formule daarvoor is om die Belydenis (die Waarheid) uit te dun en te eng tot 'n absolute minimum om op dié wyse soveel moontlik "kerke" in 'n Ekumeniese of Wêreldraad te betrek. Die dwaling onderskei nie die onsigbare en sigbare sye van die kerk nie, loën die wese van die kerk as 'n vergadering van gelowiges en vereenselwig die kerk met die ampsdraers en vergeet dat die ampsdraers vir die enkelvoudige funksies van kerkregering in 'n kerkverband saamkom. 'n Vergadering van ampsdraers met die doel om te regeer, is nie 'n vergadering van gelowiges (gemeente) wat vir aanbidding saamkom nie. Daarom is geen sinode of Wêreldraad die één kerk van Christus nie. Op hierdie gebied is daar velerlei misverstand, wat grootliks toegeskryf moet word aan die demokratiese gedagte dat 'n persoon sy kiesers representeer. Die ampsdraers wat Christus by die gemeente moes verteenwoordig, word volgens hierdie kollegialistiese denkbeeld gesien as die verpersoonliking van die gemeente. Die opvatting dat 'n sinode van ampsdraers "die kerk" is, vertoon ooreenkoms met die Roomse dwaling: waar die priester is, is die kerk.

g. Die verhouding van kerk en staat.

Volgens die Skriftuurlike opvatting het kerk en staat elkeen 'n eie besondere roeping van God ontvang en ontleen elkeen sy gesag direk aan God. Dr. A. Kuyper het in sy reeds genoemde werk, "Tractaat van de Reformatie der Kerken", duidelik aangetoon hoe die owerheids- en kerklike gesag van mekaar in oorsprong, wese, aard en strekking verskil. Die owerheidsgesag uit die soewereiniteit van God Drie-enig, die kerklike gesag uit die Middelaar, die Hoof van die Kerk, Christus. Eersgenoemde gesag bestaan uitwendig en is dwingend (met geweld) van aard en moet die eer van God deur die handhawing van geregtigheid tot doel hê. Die kerklike gesag bestaan egter innerlik-geestelik en is bedienend van aard en het as doel die verheerliking van God deur die vergadering van die uitverkorenes. Die kerklike gesag kan dus nie in die plek van die owerheidsgesag gestel word nie (vgl. art. 28, 30 en 71 K.O.) terwyl [21] die owerheid sy gesag nie in die kerklike sake kan uitoefen nie. Tog staan die twee nie los van mekaar nie (art. 36 N.G.B.). Die godvresende owerheid en die kerk moet elkeen op sy terrein in 'n goeie bondgenootskaplike verhouding en met onderlinge korrespondensie saam tot eer van God werk.

5. Ander kerkregeringstelsels.

a. Die Roomse Kerkregeringstelsel.

Die Roomse of pouslike kerkregering gaan net van die sigbare kerk uit. Die sigbare, kerklike instituut van Rome is die Liggaam van Christus, die heilige algemene of katolieke kerk. Hierdie kerk is 'n ryk (soos 'n keiserryk) wat na buite deur die hoof van die kerk, die pous, verteenwoordig en gepersonifieer word. Hy is die opvolger van Petrus in die linie van heilige suksessie (opvolging). Petrus word op grond van Matth. 16:18 as die opvolger van Christus en as aardse stedehouer van Christus en, op grond van hulle tradisie, as die eerste biskop van Rome beskou. Daarom besit die opvolgers in hulle amptelike hoedanigheid onfeilbare, apostoliese gesag. Die gesag van die pous (die verpersoonlikte kerk) gaan ook oor die Skrif. Die pouslike uitsprake het dieselfde gesag as die Skrif.

So word die kerklike ampsdraers onder die heerskappy van die pous in rangorde van hoër na laer ingedeel. Hierdie kerklike ampsdraers of geestelikes (clerus) vorm die eintlike kerk, want

net die clerus kan die genade voortplant en uitdra. Die leke is diegene oor wie die geestelikes gesag uitoefen. Die Roomse hiërargie bestaan dus eerstens daarin dat die geestelikes hoër is as die leke, en tweedens dat die geestelikheid in waardigheid van hoër na laer verskil. Die kerk, soos aangevoer deur die pous, het volstrekte seggenskap oor die laer geestelikheid en die leke. Die onderwerping aan die pous is vir Rome een van die wesenskenmerke van die ware kerk. Van 'n vergadering van gelowiges as die eintlike kerk weet Rome nie. Omdat die wese van die kerk met die sigbare organisasie en aardse bestaanswyse van die kerk vereenselwig word, beteken dit dat die eenheid van die kerk nie in die geloof in Christus nie, maar in die organisasie van een wêreldkerk gesoek word. Die volkstale moet dan ook plek maak vir Latyn as die één kerklike taal.

Voortvloeiend uit die opvatting dat die pous die aardse verteenwoordiger van Christus is en die geestelikes weer die pous as die enigste uitdeler van die genade verteenwoordig, word die Roomse Kerk as die onmisbare middelares tot saligheid beskou. [22] Die leke het geen gesag of mondigheid in hulleself nie, maar glo op gesag van die kerk, word verlos deur die kerk se uitdeling van genade en gaan verlore onder die ban van die kerk. Die kerk is dus die oppermagtige faktor. Rome ken alleen kerklike skole, kerklike kuns, kerklike wetenskap en 'n kerklike staat.

Omdat die pous met Christus se koningskap vereenselwig word en die Roomse dogma verder uitgaan van die Grieks-heidense filosofie wat 'n wesensonderskeid tussen natuur en genade maak, moet die kerk volgens Rome ook oor die staat regeer en is die geestelikes nie aan die regspraak van die burgerlike owerheid onderworpe nie. Die kerk behoort tot die ryk van genade en die staat tot die ryk van die natuur. Daarom dra die pous 'n geestelike en 'n wêreldlike swaard en mag hy aan geen staatsgesag onderwerp word nie, maar moet die wêreldlike regeerders aan hom onderworpe wees. Gedurende die vervolginge het die Roomse geestelikes die oordeel gevel, maar die staat moes die dood- of gevangenisstraf vir die kerk voltrek. Die staat is dus die diensmaagd van die kerk.

Die gereformeerde kerkregering het sy beslag in die kerkhervorming onder leiding van Calvyn gekry en dit staan lynreg teenoor die verwêreldlikte en verheidenste kerkregering van Rome. Hierdie soort kerkregering wat "meer op mense as op Christus" steun, word in art. 29 N.G.B, dan ook 'n kenmerk van die valse kerk genoem.

b. Die Lutherse Kerkregeringstelsel.

Luther het in sy kerkhervorming nie so ver as Calvyn na die Skrif teruggegaan nie. Hy het in sy breuk met Rome nadruk gelê op die beginsels van *deur die geloof alleen* en *deur die Skrif alleen*. Die ware kerk was volgens Luther in sy wese onsigbaar en net daar waar die Woord heerskappy voer. Met sy aanval op die Roomse Kerk het hy hom hoofsaaklik toegespits op die dogma dat die pous sonde kan vergewe, en nie juis op die leer dat die pous namens Christus regeer nie. Daarby het hy, in sy stryd teen Rome, die beskerming van sommige staatshoofde van verskillende Duitse state geniet. Lutherse protes teen die een wêreldkerk van Rome het hulle die politieke strewe na nasionale onafhanklikheid teen die wêreldryk gedien. Gevolglik het Luther en sy opvolgers aangesluit by die Middeleeuse idee van die patronaatsreg van die leenheer (die feodale stelsel) en aan die vors van die land die gesag oor die kerk van die land toegeken, sodat die sigbare kerkorganisasie dus die vorm van landskerke of volkskerke aanneem. Die reg om die godsdiens te reformeer (jus reformanda) kom die vors [23] alleen toe. Waar Rome sê: Waar die priester is, is die kerk, sê die Lutherane: die regering bepaal die godsdiens (cuius regio eius religio). Die gesag van die kerklike ampsdraers word dus van die staatgesag afgelei.

(i) Die ware kerk is onsigbaar en is daar waar die Woord in 'n gelowige regeer waardeur hy

die priesteramp beklee. Daarom is die sigbare organisasie 'n middelmatige saak (vgl. die kerkregtelike onverskilligheid by die Piëtisme en Metodisme).

(ii) Die mate van regering wat daar in 'n land nodig is om ook die godsdiens (teenoor sektariese uitwasse en wanordelikhede) in belang van die land te beskerm, gaan van die vors as hoof van die kerk (summus episcopos) uit. Vir die handhawing van orde stel die vors op elke plek Konsistories saam wat as 'n staatsregtelike liggaam uit teoloë en wetsgeleerdes bestaan. Oor die predikante, wat alle mag in hulle gemeentes uitoefen, is superintendente aangestel. Die gemeentes het geen regeringsbevoegdheid nie. So ontstaan daar eintlik drieërlei stande in die kerk: die regeerstand (konsistories), die leerstand (predikante) en die lekestand.

Uit die Lutherse, Konsistoriale of Territoriale kerkregeringstelsel het verskillende uitlopers (sommige uit reaksie) gegroei, soos die Kongregasionalisme of Independentisme (wat as broedergemeentes alle gesag in die hande van die gemeente gestel het en die kerkverband geloën het); die Episkopalisme, soos Hendrik VIII dit in Engeland ingevoer het, met die Koning as Hoof van die Anglikaanse Kerk; die Erastianisme van Thomas Erastus.

c. Die Erastianisme:

Erastus het teen die einde van die sestiende eeu in aansluiting by Luther sy kerkregtelike opvattings gepubliseer en groot invloed uitgeoefen op die politici in Nederland en op die Remonstrante, en dit het indirek veel bygedra tot die ontstaan van die Kollegialisme van die negentiende eeu. Hy het die selfstandigheid van die kerk teenoor die owerheid verwerp. Die kerk is 'n skepping van die staat. Die ouderlinge besit geen eie regeermag nie. Volgens Erastus mag kerklike tug nie bestaan nie, want dit lei tot tirannie.

d. Die Kollegialistiese stelsel:

Dit is die moeilikste stelsel om te definieer, want soos dr. A. Kuyper in sy genoemde *"Tractaat"* sê, hierdie "Collegiaal systeem is een echt cameleontisch stelsel: ge kunt er elk stelsel mee goedpraten ... Want dit is zijn zonde, dat het de autoriteit Gods in zijnen Christus nooit anders in zijn kerk gedagt heeft dan rustende [24] op de autoriteit van *den vrijen wil* des menschen".

Die verkleurmannetjieagtige karakter van die Kollegialisme moet eerstens verklaar word uit sy ontstaansgeskiedenis. Dit is 'n samesmelting van gereformeerde kerkregtelike terme, soos kerkraad, klassis, sinode, met beginsels wat aan die Lutherse, Erastiaanse en ander kerkregtelike stelsels ontleen is. Daarbenewens is al die terme en beginsels gekleur deur die verafgoding van die verstand in die Aufklährung (wat die menslike *rede* tot absolute heerser en regter verhef het) en die volkssoewereiniteit van die Franse Rewolusie. Van die bekendste kollegialistiese reglemente is die *"Algemeen Reglement voor het Bestuur der Hervormde Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden"* (1816) en die *"Kerkenorde"* van De Mist aan die Kaap (1804), wat die Kaapse Sinode in 1824 en 1842 gebruik het. Die sterk invloed van die Kollegialisme in Suid-Afrika is oorsaak daarvan dat selfs die gereformeerde Kerkorde soms met 'n kollegialistiese bril gelees word en in so 'n geval in stryd met sy wese vertolk kan word.

Enkele kenmerkende beginsels van die Kollegialisme kan soos volg opgesom word:

(i) Godsdiens is 'n vrywillige saak, en vryheid van gewete is nie vir die staat gevaarlik nie. 'n Algemene godsdiensbeoefening is vir die staat selfs nuttig en voordelig omdat dit deugde en 'n beskaafdheid onder die burgers bevorder.

(ii) Die Kerk is 'n genootskap wat mense stig vir die beoefening van godsdiens, deugde en

goeie sedes. Die ontstaan van die kerk is nie 'n instelling van God nie, maar berus op die vrye wil van individue wat 'n vereniging of collegium, soos enige ander vereniging, in die staat wil stig. Elke individu beslis oor sy eie lidmaatskap van die kerkgenootskap. Die sinode is die eintlike sentrale kerklike genootskap, terwyl die gemeentes plaaslike takke van die geheel is. Die genootskap is die totaalsom van gemeentes. Vir die genootskap geld die staatswette net soos vir enige ander menslike vereniging, aangesien die kerk tot stand gekom het deur die kontrak of ooreenkoms wat die vrye individue met mekaar aangegaan het. 'n Mens kan dus uit vrye beweging by die genootskap aansluit of jou daaraan onttrek, sodat van art. 28 N.G.B., naamlik die verpligting om jou by die ware kerk te voeg, geen sprake kan wees nie.

(iii) Die hoogste gesag in die kerkgenootskap berus by die meerderheid van die stemtal op die kerklike kongres of sinode. Dr. A. Kuyper sê in sy *"Tractaat":* "Het souverein gezag van Christus wordt hier dus losgelaten ... het Woord houdt op autoriteit te hebben: en het geen alleen autoriteit heeft en over kan dragen, [25] is eenvoudig het enkele lid met de andere leden, beslissende naar het stelsel van de helft plus een... Dit Collegiaal systeem... is puur revolutionair". Volgens hierdie opvatting van magsoordrag of magsdelegasie kan selfs die Roomse stelsel goedgepraat word "door de fictie dat de leden hun gezag op den paus hebben overgedragen". Indien 'n minderheid dus aan die Skrif en Belydenis sou wou vashou, terwyl die meerderheid besluit om daarvan af te wyk, moet die minderheid konformeer met die meerderheid.

(iv) Daar word 'n radikale onderskeid tussen wese en vorm of onsigbare en sigbare kerk gemaak. Die saak van geloof en belydenis behoort tot die wese van die onsigbare kerk en is 'n saak van die hart van elke mens. "Elke mens word op sy eie geloof salig". Die sigbare kerkorganisasie is iets heeltemal anders. Dit is alleen die vorm of organisatoriese vereniging (collegium) wat vir die bestuur noodsaaklik is, en hy kan hom nie met Belydenisvraagstukke inlaat nie (konfessioneel-indifferentisme), omdat elke mens in sy gewete beslis wat hy bely.

(v) Plaaslik berus die eintlike kerkregering of kerkbestuur by die predikante (dominokrasie). Hulle is die gestudeerdes of klerus, wat kragtens hulle opleiding en aanstelling deur hoër besture sitting op die kerklike besture het. Daar moet leke-ampsdraers gekies word om namens die lidmate as 'n teëwig teenoor die predikante te dien. Onder die sinode, wat die hoogste bestuurskollege is, word laer besture ingerig. Die kerkraad is die laagste en 'n bloot plaaslike kerkbestuur. Elke bestuurskollege bestaan permanent. Wanneer hulle nie in sitting is nie, word die magte gedelegeer aan 'n kommissie wat as interim-bestuur optree. Gewoonlik word nog sekere magte aan die voorsitter van so 'n kommissie gedelegeer, sodat hy in sekere opsigte namens die kerkbestuur en kerkgenootskap kan handel.

(vi) Omdat die kerkbestuur hoofsaaklik die uitwendige organisasie en eenheid van die kerk wil dien, geniet reglemente en reglementeringe die meeste aandag van die besture. Die laer vergaderinge moet die reglemente van die hoër besture gehoorsaam. Rutgers sê: "Bij een genootschappenjken band is juist de regelen hoofdzaak ... En wanneer men aan de belijdenis dan noch hecht, dan is de redenering: het kerkverband is gelegen in de gemeenschappelijke onderwerping aan de reglementen, en de eenheid van belijdenis is wel wenschelijk, maar het *kan toch ook wel,* als die ontbreekt. De Gereformeerde kerken hier te landen hebben van den aanvang af juist zóó gesproken: ... gemeenschappelijke onderwerping aan de belijdenis is voor ons geheele kerkverband het ééne onmisbare: en éénheid van *kerkelijken vormen* is dan wel wenschelijk, maar het *kan toch ook wel* als die ontbreekt..." [26] (Rutgers: *"Het Kerkverband der Nederlandsche Gereformeerde Kerken...",* bl. 36). Derhalwe word die Kollegialisme geken aan

legitimisme in teëstelling tot die gereformeerde kerkregering wat na die beginsels in Gods Woord soek.

(vii) In ooreenstemming met Lutherse, Erastiaanse en Remonstrantse opvattings is, tot diep in die 19e eeu, gehandhaaf dat dit die vaderlike reg van die owerheid is om die hervorming deur te voer en dat die plig om die owerheid rus om die staatskerk te onderhou. Op grond van die vaderlike reg (jus patronatus) is aangeneem dat die staatskerke deur staatswetgewing in die lewe geroep is en is daar 'n besonder noue wisselwerking tussen die staatskerk en die staat veronderstel, in so 'n mate dat sinodale reglemente deur die owerheid goedgekeur en gehandhaaf is. Die Kollegialisme word gekenmerk deur 'n onduidelike verhouding tussen kerk en staat: aan die een kant wil die kerk onafhanklik van die staat wees, maar aan die ander kant wil dit 'n bevoorregte vereniging van die staat wees en in sommige opsigte die staat en sy wetgewing gebruik om te doen wat die kerk as instituut of organisme op maatskaplike terrein en op ander terreine, soos die onderwys, moes doen. Dr. C.J.H. de Wet kon sê: "Van 'n valse kerkbegrip uitgaande het die kollegialisme gekom tot 'n valse magsbegrip en 'n verkeerde magsplaatsing tot verlaging van die amp om te eindig met die kerk als ancilla van die Staat" (Die Kollegiale Kerkreg, bl. 142). Samevattend kan met die klassis Amsterdam (1816) gesê word dat die Kollegialisme verwêreldliking, oligargie ('n kliekbestuur), hiërargie, staatssusurpatie (staatsinmenging) en rigtingstryd in die kerk tot gevolg het.

e. Die Kongregasionalistiese of Independentistiese Kerkregering:

Terwyl die Kollegialisme die plaaslike gemeente heeltemal in die kerkverband laat opgaan, het 'n ander stroming uit reaksie teen die Lutherse verwaarlosing van die gemeente, en onder invloed van die Demokrasie, die gemeente weer ten koste van die kerkverband beklemtoon. Hulle leer dat elke gemeente volkome onafhanklik is. Die verkose ampsdraers is verantwoording aan die gemeente verskuldig. Elke gemeente reël sy erediens en belydenis soos hy dit goedvind en derhalwe word eintlik net die Bybel as belydenis aanvaar. Die band met die verlede word dus ook verbreek, sodat dié gemeentes die prooi van die Modernisme geword het. Hulle bely egter wel (soos die gereformeerdes) dat die gesag van die gemeente van goddelike herkoms is, maar beklemtoon dit só eensydig dat die kerkraad net uitvoerders van die wil van die [27] gemeente word. Daar is eintlik ook geen onderskeiding tussen die ampte nie: elke ouderling moet ook leraar wees.

Die kerkverband word deur die Independente as 'n hiërargie bestempel. Daar mag slegs konferensies gehou word. Dergelike konferensies mag adviseer, maar geen bindende besluite neem nie. Daarom is dit vir hulle onmoontlik om 'n belydenis op te stel en te handhaaf. H.H. Kuyper sê dus tereg dat, terwyl Rome hom aan die onsigbare karakter van die kerk vergryp, tas die independentiste die sigbare karakter van die kerk aan. Hierdie seperatistiese stelsel van Robert Brown, het meesal in semi-sektariese kringe van die Baptiste, Adventiste, Unitariërs, Kwakers en Kongregationaliste navolging gevind *(Kerkelijk Handboekje,* bl. xiv).

6. Die ontstaan van die Gereformeerde Kerkorde.

In 1568 het 'n aantal Nederlandse kerklike leiers te Wesel, tydens die bloedige vervolging deur die Spaanse bewind en Roomse Kerk, vergader om 'n basis te formuleer waarop eventueel 'n kerkverband tussen die verskillende Gereformeerde Kerke (gemeentes) gevorm sou kon word. Hierdie konvent het, uit kerkregtelike oogpunt besien, alleen adviserende bevoegdheid gehad, want die persone was nie deur kerke afgevaardig en gemagtig nie. Dit was 'n konvent, 'n konferensie en nie 'n sinode nie.

In 1571 het die eerste sinode van die Nederlandse Gereformeerde Kerke heimlik in Emden, Oos-Friesland, saamgekom. Hier was gevolmagtigde afgevaardigdes byeen wat namens die kerke besluite kon neem, waaruit duidelik blyk dat deputering die grondslag vir die eerste sinode gevorm het (vgl. Rutgers: *De Geldigheid der Oude Kerkordeningen*.. . bl. 17 e.v.). Daar was heelwat verskil van mening oor die vraag of daar 'n kerkverband aangegaan moes word, maar uiteindelik is 'n aantal basiese kerkregtelike grondbeginsels geformuleer. Die sinode van Emden het as voorbeeld geneem die *Ordonnances Ecclesiastiques* wat deur Calvyn in 1541 vir Genève in werking gestel is en die Kerkorde van die Franse Gereformeerde Kerke van 1559 *(Discipline Ecclesiastique* wat deur Calvyn ontwerp is en wat, anders as dié van Genève, vir 'n kerkverband voorsiening gemaak het). Van die voorstelle van die Weselse Konvent van 1568 kon ook nuttig gebruik gemaak word. Tereg kan gesê word dat Emden die inhoud of materiaal van 'n Kerkorde geformuleer het, hoewel die vorm van 'n Kerkorde nog ontbreek het. Dit adem reeds die karakter en gees van die gereformeerde kerkregtelike beginsels.

Dit is opmerklik dat 'n daaropvolgende kerkvergadering te Dordrecht (1574), tussen die partikuliere sinodes van Holland en [28] Zeeland die binding van Emden se besluite handhaaf en daarop voortbou. Sedert 1572 is 'n gedeelte van Nederland van die Spaanse oorheersing bevry en het 'n gereformeerdgesinde owerheid aan bewind gekom. Ondertussen het die politici, onder invloed van die Middeleeuse feodale sisteem en versterk deur die Lutherse en Erastiaanse opvattings, aangeneem dat die staat as opperste leenheer seggenskap (jus patronatus) oor die kerk het en dit stoflik moet versorg. Dientengevolge het die owerheid verseg om die Kerkorde goed te keur, sodat Libertynse elemente, voorlopers van die Remonstrante, daarvan gebruik gemaak het om die Kerkorde as ongeldig te beskou. Hierdie stryd het soms so hewig geword dat die owerheid van tyd tot tyd sinodes moes saamroep om die kwessie tot 'n oplossing te probeer bring. Pogings van die State om vir die kerke 'n kerkorde te ontwerp, is deur die kerke verwerp. Tog het die stryd die kerke genoop om in sommige opsigte 'n kompromis te probeer aangaan. So het die Sinode van Dordrecht (1578), by die beroep 'n approbasiereg aan die magistrate toegeken in die hoop dat die reg vir gereelde sinodale vergaderinge erken sou word. Die politieke owerhede was egter bang vir 'n selfstandige sinodale kerkregering veral omdat so 'n eenheid nie met die politieke provinsialisme van die Nederlande gestrook het nie.

Die Sinode van Dordrecht, 1578, het volhard in die erkenning van die reeds geformuleerde beginsels van vorige sinodes en dit in die vorm van 'n Kerkorde gegiet. In 1581 bied die Sinode van Middelburg dit onder die naam van "Kerckenordeninghe" aan. Selfs die versekering dat op kerklike vergaderinge alleen kerklike sake behandel sou word, kon die owerheid nie beweeg om dit goed te keur nie.

Ondertussen het Libertynsgesinde predikante te Utrecht en Leiden volgehou dat, sonder erkenning deur die staat, daar geen Kerkorde was nie om op dié wyse hulle afwyking van die Belydenis te dek. Die ernstige beroering het die vors (graaf Leicester) beweeg om in 1586 'n sinode te Den Haag saam te roep. Hierdie Sinode het aan die Kerkorde die vorm gegee wat deur die Sinode van Dordrecht in 1619 met enkele wysiginge en aanvullinge gehandhaaf is. Na drie en dertig jaar is 'n sinode eers weer in 1619 toegelaat. Die poging om met toegewings aan die patronaatsreg die goedkeuring van die State-owerheid af te koop, het misluk. Vir die volgende twee eeue kon geen nasionale sinode vergader nie, sodat die gereformeerde kerkregeringstelsel tot 1886 nooit volkome toegepas kon word nie. Die kerke kon slegs in klassikale en provinsiale sinodale vergadering saamkom en moes volgens art. 48 K.O. trag om eenheid in die kerkregering te handhaaf. Die Nederlandse [29] provinsialisme en Erastianisme het 'n noodlottige rol gespeel ten opsigte van die toepassing van die Kerkorde op gereelde nasionale sinodes.

Die ellende van so 'n verhindering van sinodale kerkregering blyk duidelik tussen 1586 en 1618. Professor Arminius en die Remonstrante het openlik die Erastianisme verkondig om so te verhoed dat hulle, vanweë afwyking van die Belydenis, deur die kerke onder die tug geplaas word. Met die ondersteuning van die State en magistrate het hulle hul dwalinge deur biblisistiese beskouinge gedek. Die Amsterdamse kerkraad het moedig die stryd teen die ondermyning van die Belydenis *(Nederlandse Geloofsbelydenis* en die *Heidelbergse Kategismus)* aangebind. Die kerkraad het die kerkverband kragtig gehandhaaf, gesteun deur ander kerkrade wat bereid was om die suiwer leer teen die Remonstrantse aanslae te verdedig. Terwyl ander kerkrade die Remonstrantse kant gekies het, het die Amsterdamse kerkraad ontrou aan die Belydenis egter reeds as daadwerklike (de facto) verbreking van die kerkverband beskou, hoewel die kerkverband in teorie (de jure) nog nie opgehef was nie. Amsterdam het kerkrade, klassisse en partikuliere sinodes wat die Remonstrantisme onderskryf het, nie erken solank 'n nasionale sinode nog nie saamgeroep kon word nie. Die kerkrade wat die Belydenis wou handhaaf, het vergaderinge van korrespondensie gehou en by monde daarvan vurig by die owerheid gepleit om 'n nasionale sinode saam te roep sodat die lug gesuiwer kon word. Sodoende is kerkverband prakties slegs onderhou met kerke wat aan die Belydenis getrou gebly het terwyl die formele kerkverband ten opsigte van die ander kerke buite werking gestel en prakties verbreek is met die oog op die suiwere bewaring van die belydenis. Openlike afwyking van die belydenis is dus inderdaad vertolk as verbreking van kerkverband, al was dit nog nie formeel verbreek nie. (Rutgers: *Het Kerkverband der Nederl. Geref. Kerken gelijk dat gekend wordt uit de Handelingen van den Amsterdamschen Kerkeraad in den aanvang der 11e eeuw,* bl. 54). Dit bewys duidelik dat handhawing van die Belydenis vir die Gereformeerde Kerke bo die reglementêre eenheid, wat vir die kollegialisme hoofsaak is, uitgaan. Op hierdie basis het die nasionale Sinode van Dordrecht, met verteenwoordigers van die staat (politieke kommissarisse) en verskillende buitelandse teoloë aan wie die staat 'n vetoreg verleen het, in 1618 die bekende leer-uitspraak teen die Remonstrante gedoen. Die Dordtse Leerreëls is die derde formulier van Eenheid wat die Gereformeerde Kerke onderskryf.

Die Nederlandse kerklike lewe het min of meer 'n gereformeerde spoor tot aan die einde van die agtiende eeu gevolg. [30] Die Sinode van Dordrecht, 1618—1619, vorm dus die leerstellige en kerkregtelike afsluiting van die Calvinistiese kerkhervorming in die Nederlande.

7. 'n Oorsig van die kerkregtelike ontwikkeling in Nederland, 1795—1958.

a. Die Reglement van 1816.

In 'n sekere sin het die Dordtse Sinode in 1619 'n toestand van skaakmat geskep, waarin nog die kerk, nog die staat hulle sin gehad het. Kerk en Staat het oor die algemeen goed saamgewerk, en die owerheid was bereid om die gereformeerde leer te bevorder, al wou dit nie 'n nasionale sinode toelaat nie.

Die Franse Rewolusie het in 1796 met sy kreet van vryheid, gelykheid en broederskap ook in Nederland 'n rewolusie veroorsaak en op die middeleeuse leenstelsel aangeval. Die Nasionale Vergadering besluit: "Er kan of zal geen bevoorrechte noch heerschende Kerk in Nederland meer geduld worden". Die band tussen kerk en staat is dus plotseling wreed verbreek en die predikante was ineens sonder die salaris van die staat. In 1801 moes die owerheid egter die beleid wysig en in 1808 weer die kerk onderhou om te kompenseer vir die kerkeiendomme wat genasionaliseer is. Die Franse bewind het in 1810 heeltemal beheer oor die godsdiens geneem en in 1814 is 'n grondwet voorgestel wat aan die vors die oppergesag (jus in sacra) in die kerk sou verleen het.

Ondertussen is die mag van Napoleon gebreek en Koning Willem I het na Nederland teruggekeer. In die grondwet van 1815 het die Koning nie die reg in die kerk (jus in sacra) ontvang nie, dog slegs 'n bevoegdheid (jus circa sacra) om daarteen te waak dat die belange van die staat deur godsdienstige gesindhede bedreig sou word. Koning Willem I is egter deur sy amptenare geadviseer om in 1816 die *"Algemeen Reglement voor het Bestuur der Hervormde Kerk in het Koninkryk der Nederlanden"* af te kondig, terwyl hy geen jus in sacra gehad het nie!

Hierdie Reglement is 'n toonbeeld van die kollegialistiese kerkregeringstelsel. Sonder raadpleging van 'n kerklike vergadering en op 'n onwettige wyse is dit deur die staat op die kerke afgedwing. Die kerke was geestelik deur die rewolusie en Aufklährung te verswak om doeltreffend te kon protesteer. Daar is berus by 'n stelsel waarin die Koning die eerste Sinode sou benoem en waarin kerkbesture die taak van die ou partikuliere sinodale en klassikale vergaderings van kerke sou oorneem. Die Koning was feitlik die hoof van die kerk wat direk aan 'n Ministeriële Departement vir [31] erediens verbind was. Die stelsel vertoon die kenmerke van die Middeleeuse Caesaropapisme (keiser is hoof van die kerk), die Lutherse staatskerk- of landskerkstelsel, die Rewolusionêre staatsabsolutisme en die tipiese liberale onverskilligheid ten opsigte van die Belydenis. Daar is 'n hiërargie van klerikale (predikante-) besture in die lewe geroep, wat deur die koning aangestel is en daarna deur hulleself aangevul word. Die gemeente (wat in die Skrif die eintlike kerk vorm) is totaal onmondig gemaak. Hoewel 'n "klassis" behou is, was dit 'n blote kieskollege vir hoër besture, terwyl die predikante wat in Ringe verenig is, die eintlike regeerders vir die plaaslike kerk was. Die kerkraadslede moes uit "gesiene" lidmate aangewys word. Hulle beperkte bevoegdheid is aan die reglemente ontleen en nie aan die Skriftuurlike opdrag nie. Die ouderlingskap het dus in wese 'n blote pos van prestige geword.

b. Die Afskeiding van 1834.

Na 1820 begin daar onder 'n klein groepie lidmate en enkele predikante 'n weerstand teen die verwaarlosing van die Skriftuurlike en gereformeerde waarhede merkbaar word. Teen 1833 begin ds. Hendrik de Cock van Ulrum om in geskrifte die gereformeerde leer teen die openlike aanvalle van verskillende Hervormde predikante te verdedig. Ondertussen het lidmate van ander gemeentes na Ulrum gestroom om die suiwere prediking te hoor en sommige het daarop aangedring dat De Cock hulle kinders moes doop. Die Departement van Erediens moedig ondertussen die klassikale bestuur aan om van De Cock 'n afskrikwekkende voorbeeld te maak. Hy word deur 'n onwettige klassikale bestuur geskors, sonder dat bewys is dat hy 'n kerklike reglement oortree het. De Cock se beroep op die Koning baat hom niks nie, dog hy word deur die klein oligargiese bestuurskolleges, wat onder beskerming van die Departement van Erediens gestaan het, afgesit.

In Oktober 1834 vaardig die kerkraad van Ulrum 'n Akte van Afskeiding of Wederkeer uit, waarin hulle die valse en onbybelse kerkbestuur aan die kaak stel en kragtens die amp van die gelowige die aloue Gereformeerde Kerk wil herstel. Die voorbeeld is deur 'n paar predikante en tal van lidmate in die volgende paar jaar gevolg. Die staat het egter sekere strafwette van die Franse besettingstyd toegepas asof dit nog van krag was om die afgeskeidenes met boetes, konfiskering van eiendom, gevangenisstraf, inkwartiering van soldate en op alle moontlike maniere te vervolg. Meer as twintig persone mog nie met die oog op eredienste vergader nie. Die eerste sinodes van die Afgeskeidenes [32] moes in die geheim gehou word. Die Hervormde Kerk het swaar op die staatsarm geleun en dit toon wat gebeur wanneer die staat die kerk op sy wêreldse wyse wil regeer. Dan word op die reglementêre eenheid gekonsentreer sonder om enige ag op die eenheid in belydenis te slaan.

Die geweldige kritiek wat die "maatreëls" selfs in die buiteland ontlok het, het gaandeweg die nuwe koning teen 1840 beweeg om van die Afgeskeie gemeentes te erken, mits hulle nie meer aanspraak daarop sou maak dat hulle die voortsetting van die historiese Gereformeerde Kerk was nie. Die staat het hulle op dié wyse gedwing om die woord "Afgeskeie" in hulle naam op te neem.

Die Christelike Afgeskeie Gereformeerde Kerk het die Dordtse Kerkorde as basis vir die kerkregering op die geheime sinode van Amsterdam in 1836 aanvaar. Op 'n volgende sinode is egter weer 'n gewysigde Dordtse Kerkorde aanvaar, sodat innerlike verdeeldhede ontstaan het wat eers teen 1854 met die aanvaarding van die Dordtse Kerkorde uitgewis kon word. Ds. D. Postma was uit hierdie kerke afkomstig.

c. Die Doleansie van 1886.

Na die Afskeiding van 1834 het Réveil-manne binne die Hervormde Staatskerk probeer om die kerk van binne uit te herstel. Die regsgeleerde, Groen van Prinsterer, het in 1860 in sy program daarop gewys dat elke kerk 'n belydenis moet hê en dat die lewe daaruit vloei, terwyl subjektiewe vryheid, waarin van die leer afgewyk word, die kerk vernietig. Teen 1864 het Groen met die Konfessionele vereniging die regsinnige predikante in 'n stryd verenig om die liberale predikante uit te dryf en die magte van die Kroon uit die kerkregering te verwyder. Daar is skerp onderskei tussen 'n konfessionele en 'n reglementêre kerklike eenheid.

Ondertussen het die staat die grondwet gewysig. Toe teen 1868 die kiesreg vir kerkraadslede in hande van gemeentelike kieskolleges gestel is, het dr. A. Kuyper, in aansluiting by Groen van Prinsterer, bepleit dat regsinnige kerkraadslede gekies moet word wat, ongeag die kerklike reglement, hulle Skriftuurlike opdrag moet uitoefen.

Ondertussen het ouderlinge van Amsterdam geweier om volgens Reglement diens te doen waar vrysinnige predikante opgetree het of waar kinders gekatkiseer is. Wanneer die kerkraad geweier het om jongeliede, wat sentrale Christelike waarhede geloën het, as lidmate aan te neem, het lang appèlgeskiedenisse gevolg, waarin daar deur hoër kerkbesture bloot op die vraag of daar [33] volgens Reglement opgetree is, uitsprake teen of vir die kerkraad: gegee is. Ondertussen begin 'n georganiseerde verset vorm aanneem. Daar was reaksie teen die vrysinnige leer, teen die verwaterde doopbediening (wat nie eers meer altyd in die Naam van die Drie-eenheid geskied het nie) en teen die onwettige kollegialistiese Reglement van 1816, terwyl enkele kerkrade hulle Skriftuurlike opdrag begin uitoefen het, ongeag die vraag of dit met reglemente van hoër kerkbesture ooreengekom het.

Toe die ondertekeningsformulier vir proponente in 1883 so rekbaar gestel is dat proponente die Belydenis slegs in "gees en hoofsaak" moes onderskryf in soverre (qautenus) dit met die Bybel ooreenstem, het Kuyper beswaardes na 'n konferensie in Amsterdam opgeroep, waar tekening van die presensielys tegelykertyd as onderskrywing van die Belydenis, soos uitgedruk in die Drie Formuliere van eenheid, beskou is. Die gedagte van 'n dolerende kerk binne die Staatskerk het vorm aangeneem.

In 1885 het die Amsterdamse kerkraad besluit om attestasies af te gee aan of te ontvang van slegs dié persone wat die Belydenis onderskryf het omdat (quia) dit volgens hulle oor tuiging met die Woord ooreenstem. Toe daar appèl teen die kerkraad uitspraak gegee is, het die kerkraad kennis gegee dat hy hom nie sal neerlê by kerkreglemente wat met die Skrif bots nie. In afwagting van 'n konflik op die attestasie-kwessie besluit die kerkraad ondertussen dat die kerkvoogde ingeval dit plaasvind, die kerkgoedere vir die oorspronklike kerkraad, wat die

gemeente by Gods Woord wil hou, sal beheer. Op 4 Januarie 1886 is die 5 predikante, 42 ouderlinge en 33 diakens wat vir die voorstel gestem het, deur die klassikale bestuur geskors! Die skriba van die bestuur wat geskors het, was lid van die kerkraadsvergadering wat die gewraakte besluit geneem het. Om vir 'n voorstel op 'n kerkraadsvergadering te stem, is bestempel as verstoring van die rus en vergryp aan kerklike bediening en word 'n skorsingswaardige misdaad genoem! Dit bots met alle beginsels van reg. Die kerkbesture het die wederregtelike skorsing gehandhaaf. In hulle beroep op die Sinode het die geskorstes verklaar dat hulle bereid was om die beheerkwessie te skik, mits die koningskap van Christus in die kerk erken sou word, maar hulle is in Desember 1886 deur die Sinode afgesit. Sowat 76 predikante, 200 gemeentes en 200,000 lidmate het in doleansie gegaan om as 'n treurende (dolerende) groep binne die kerk teen die verval te getuig. Eenheid kon nie weer met die Hervormde Kerkgenootskap gevind word nie. Die dolerende kerke het toe as die Nederduits Geref. Kerke bekend gestaan totdat hulle in 1892 met die Christelike Geref. Kerk van Nederland verenig het om die Gereformeerde Kerke van Nederland te vorm. In 1905 [34] het die Sinode van Utrecht die Dordtse Kerkorde hersien en die kerke is op hierdie basis tot 1959 regeer. Die intensiewe besinning op die gebied van gereformeerde kerkreg, veral deur figure soos A. Kuyper, F.L. Rutgers en H. Bouwman, het 'n ontsaglike invloed gehad op die kerkregtelike ontwikkeling van die Geref. Kerk in Suid-Afrika.

Die tema van die Doleansie word weergegee in die titels van kerkregtelike geskrifte uit daardie tyd. Rutgers en De Savornin Lohman publiseer *"De Rechtsbevoegdheid onzer plaatselijken kerken",* terwyl H.G. Kleyn van Hervormde kant met *"Algemeene Kerk en plaatselijke Gemeente"* antwoord. Die kerkraad wat sy bevoegdheid en roeping aan die Skrif wou ontleen en die Belydenis daarvolgens wou handhaaf, het reëlreg in botsing gekom met hoër kerkbesture wat onvoorwaardelike onderwerping aan hulle reglemente geëis het. Die sjibboleth in die stryd was: Wie die kerkraad in sy Skriftuurlike selfstandigheid wou handhaaf, het doleer; wie die reglementêre sinodale kerklike eenheid wou handhaaf, het in die Hervormde Kerkgenootskap gebly. Kortom, dit was 'n botsing tussen 'n kerkraad en kollegialistiese kerkbestuur, tussen plaaslike kerk en reglementêre genootskap.

Ongelukkig het die kerkregtelikes, soos F.L. Rutgers, H. Bouwman en andere, tog onbewus kerkraad en meerdere vergadering teenoor mekaar gestel en so die idee van die Hervormde kerkbesture in 'n sekere sin op die meerdere vergaderinge gereflekteer. Hulle definieer laasgenoemdes tereg as vergaderinge van meer kerkrade, maar wanneer hulle oor die gesag van die meerdere vergaderinge handel, vergeet hulle dat dit kerkrade is wat daar vergader. Gevolglik wil hulle vir die meerdere vergaderinge gesag van die kerkrade aflei, asof die meerdere vergaderinge tog weer selfstandig buite die kerkrade (soos die Hervormde kerkbesture) bestaan en spreek daarom van *afgeleide* gesag. (Vgl. Rutgers en De Savornin Lohman, a.w., bl. 22; H. Bouwman, Gereformeerd Kerkrecht, II, bl. 18, 22). So raak hulle tog verseild in 'n valse probleem, omdat hulle onbewus met die kollegialistiese dualisme tussen plaaslike gemeente en algemene kerk rekening hou. Daarteenoor moet gestel word: indien die meerdere vergaderinge samekomste van kerkrade is, is dit nog altyd 'n vorm van kerkraadsvergadering wat die gesag van die konstituerende kerkrade besit en is dit onnodig om daarvoor gesag "af te lei". Hierdie dualisme (veral kerkraad teenoor sinode) het ook die kerkregtelike ontwikkeling in Suid-Afrika gekleur, sodat dikwels van *die Sinode* teenoor *die kerkraad* gepraat word, asof dit twee afsonderlike kompartemente van kerkregering is. So spreek die Handelinge van die Sinode van 1964 verkeerdelik van die "35e vergadering van die [35] Sinode" in plaas van die "35e Sinode" of "35e Sinodale vergadering van die kerke" (Acta bl. 5).

d. Die nuwe Nederlandse Kerkorde van 1958.

Na die Tweede Wêreldoorlog het die Gereformeerde Kerke in Nederland hulle Kerkorde hersien. Die behoefte aan hersiening het waarskynlik in eerste aanleg as gevolg van 'n proefskrif deur M. Bouwman, *"Voetius over het gezag der Synoden"* (1937), ontstaan, waarin met die dualisme tussen kerkraad en meerdere vergadering geopereer word. Hy lei vir die meerdere vergaderinge, teenoor die kerkraad, 'n hoër en selfstandige gesag af van die aanwesige ampsdraers (in plaas van die aanwesige kerkrade). In die tweede plek het diegene wat met prof. Schilder in die veertigerjare gesimpatiseer het en die Geref. Kerken Vrijgemaakt gestig het, sterk aangeval op sinodokrasie en op tugreg van meerdere vergaderinge. Die nuwe Nederlandse Kerkorde is nie bo kritiek verhewe nie. Dit het byvoorbeeld art. 29 van die Dordtse Kerkorde gewysig sodat dit lees: "Er zijn vier gewone vergaderingen: de kerkeraad, de classis, de particuliere synode en die generale synode. Van de kerkeraad worden de drie andere vergaderingen onderscheiden als meerdere vergaderingen". (Sinode Assen 1958, art. 335, K.O. art. 31(2)). Die dualisme tussen kerkraad en meerdere vergadering is hier duidelik, terwyl art. 30 N.G.B, net een Raad van die kerk ken.

Hierdie aangeleentheid is tans besonder aktueel in die stryd tussen die Gereformeerde Kerke Sinodaal en Vrijgemaakt in Nederland. Ons kan met dr. A. Kuyper in *"De Heraut",* 1 Maart 1891, (aangehaal deur ds. H. van Tongeren: *"De 'Herziene Kerkorde'* getoets ... en ongereformeerd bevonden") saamstem: "Zo is dus de *kerkeraad* inderdaad een bestuur over de plaatselijke kerk; maar een ander of hoger bestuur is er niet". Ons verskil egter wanneer dieselfde Kuyper sê: "Classen en synoden hebben hun bevoegdheid van de *kerkeraden..."* ("De Heraut", 10 Maart 1893, t.a.p.), omdat dit tog 'n dualisme openbaar tussen "hun bevoegdheid" en kerkraadsbevoegdheid. Dit moet onses insiens lees: "Klassisse en sinodes is vergaderinge van meer kerkrade met mekaar binne die bevoegdheid van elke vergaderde kerkraad". Kuyper laat egter verder tereg volg: "Een synode is slechts een tijdelijke samenkomst tot openbaring van kerkverband. En als de vergadering afgelopen is, dan is er geen synode meer; dan is er geen classis meer; dan zijn er slechts Kerken en iedere Kerk, wanneer de opzieners samenkomen, kerkeraad". Dit skyn egter asof die nuwe Kerkorde in Nederland sowel die dualisme as die permanentheid van meerdere vergaderinge ten opsigte van die kerkrade reël. [36] Daarvan kan geen verdediging uit die Skrif (allermins selfs Hand. 15) aangevoer word nie. Die idee van selfstandige meerdere vergaderinge word weerlê in Hand. 15:4, 23 waaruit die verbondenheid aan die plaaslike kerk duidelik is.

8. 'n Oorsig van die geskiedenis van die Dordtse Kerkorde in Suid-Afrika.

a. Die tydperk van die Kompanjie, 1652—1795.

Die volksplanting aan die Kaap is in 1652 deur die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie geloods. Hierdie handelsmaatskappy het kragtens 'n oktrooi in 1602 met die owerheid feitlik as die Nederlandse staat in die koloniale gebiede opgetree. Sommige skrywers neem aksiomaties aan dat een of ander Kerkorde aan die Kaap moet gegeld het en wil uit die praktyk formele geldigheid vir die Dordtse Kerkorde bewys (vgl. J.D. Vorster: *"Die Kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanjie 1652— 1795").* Omdat die Dordtse Kerkorde nie deur die Staat Holland erken is nie, sou nog die Kompanjie, nog die klassis Amsterdam dit aan die Kaap as formele kerkorde kon invoer. Weliswaar is daarna soms verwys as 'n outoriteit in een of ander saak of geskil. Wesenskenmerke van die Dordtse Kerkorde, soos kerkverband, selfstandigheid teenoor die staat, en so meer, kon eenvoudig nie aan die Kaap toegepas word nie daar die gemeentes aan die Kaap nie voor 1824 toegelaat is om 'n kerkverband te vorm nie (die statuslose

gekombineerde vergadering, 1745—1759, word buite rekening gelaat). Die gemeentes aan die Kaap het nie kerkordelik ontstaan nie, maar was godsdienstige stigtings van die V.O.C. Die predikante was amptenare van die Kompanjie. Die Politieke Raad was die enigste verband tussen die verskillende losstaande gemeentes. Dit is foutief om die seggenskap van die Kompanjie oor die kerk primêr aan die patronaatsreg, wat in Nederland self 'n groot rol gespeel het, toe te skrywe. Die heerskappy van die Politieke Raad (en Here XVII) oor die gemeentes wortel primêr in die Kolonialisme. Die kolonies was ondergeskik aan die "Vaderland". Die teorie was eintlik dat diegene wat in die kolonies op rekening van die werkgewer bedien en bedien moes word, slegs tydelik daar sou bly en later na die "Vaderland" sou terugkeer. Daar is feitlik nie onderskei nie tussen die kerkregtelike posisie van 'n predikant wat 'n gemeente in die kolonie bedien het en dié een wat die bemanning van 'n skip bedien het. Die gemeentes is onmondig beskou teenoor die vaderlandse kerke, want die klassis van Amsterdam, wat die Bewindhebbers oor die Kaapse [37] gemeentes moes adviseer, het kerklike selfstandigheid met alle mag bekamp, soos blyk uit die afskaffing van die Gekombineerde Vergadering in 1759. Voetius het die heersende kolonialistiese kerkregering in stryd met die gereformeerde beginsels geag, *(Verhandeling over de Zichtbare en Georganiseerde Kerk)*. Hoewel die Kompanjie die gereformeerde godsdiens bevoorreg het, kan die kerkregtelike posisie van die gemeentes aan die Kaap tussen die jare 1665—1804 geensins as "gereformeerd" gekwalifiseer word nie. Die kolonialistiese beskouing van die Kaapse gemeentes het eerder die weg voorberei vir die ingrypende verandering onder De Mist in 1804.

b. Die Kerkorde van De Mist in 1804.

Hierdie Kerkorde is onder die Bataafse Bewind in 1804 sonder oorlegpleging met die gemeentes deur Kommissaris-Generaal J.A. de Mist opgestel en afgekondig. Dit is 'n tipiese voorbeeld van die kollegialistiese denke. Godsdiens is 'n algemene verskynsel, die aanbidding van 'n vae Opperwese. Daar moet 'n Christendom bo geloofsverdeeldheid wees en dus word 'n liberale gewetensvryheid vir elkeen opgeëis (konfessionele Indifferentisme). Die kerk word geduld en beskerm omdat dit vir die staat nuttig is. Die kerk is 'n genootskap wat gevorm word deur die vrye aansluiting van individue. Aan die een kant is gepoog om dié genootskap van die staat te onderskei, maar aan die ander kant is aan die staat, selfs in die huishoudelike sake van die kerk, magte verleen. Die kerkbestuur berus by die predikante saam met politieke kommissarisse. In beginsel het De Mist voorsiening gemaak vir 'n Algemene Kerkvergadering wanneer die Goewerneur dit nodig ag. So is die basis vir 'n kollegialistiese staats- of volkskerk (vgl. die tweede hoof deel vir die "talrykste" Hervormde kerk) gelê. (Vgl. J.P. Jooste: *Die Verhouding tussen Kerk en Staat aan die Kaap tot die helfte van die 19e eeu,* hoofstuk 5).

c. Die eerste Sinode en Reglement van 1824.

Die genootskaplike skepping van De Mist het in 1806 gepas by die Britse opvatting van 'n episkopaalse kerk en gesentraliseerde staatsadministrasie, terwyl die anneksasie alle offisiële kerklike verbinding met Nederland afgesny het. Deurdat 'n groot aantal Skotse predikante ondertussen diens aanvaar het, het die Goewerneur besluit om 'n sinode in 1824 saam te roep. Dit was die eerste offisiële kerkverband op Suid-Afrikaanse bodem wat ook die eerste reglement vir die kerk in Suid-Afrika moes opstel. Ongelukkig het die sinode die Kerkorde van De Mist as grondwet vir die kerk [38] aanvaar en sy leemtes probeer uitstryk met die volslae, kollegialistiese Nederlandse Reglement van 1816.

Die produk van die Sinode van 1824 was dan ook 'n kollegialistiese reglement en geen kerkorde nie. Die Genootskap (collegium), soos vergader in die Algemene Kerkvergadering,

oefen "de hoogste directie" in die kerk uit en gee voorskrifte vir die plaaslike kerkrade. Die laere kerkbesture is in "rangvolgend hoogere Kollegie" verdeel en ontleen hulle gesag aan die sinodale reglemente. Lidmate word gesensureer wanneer hulle die reglemente van die kerk oortree. Kerkrade oefen tug oor lidmate, terwyl ampsdraers deur hoëre besture ontslaan moet word. Die ring hou toesig oor die kerkrade en staan weer direk onder die sinode. Die doel van die kerkbesture is, naas die bevordering van die leer, godsdienstige kennis en goeie sedes, om "onderdanigheid aan overheid en wetten" aan te kweek. Die predikant is in 'n dominerende posisie geplaas (dominokrasie) en verhef bo die tugreg van die kerkraad. Kerkrade word van die kant van hoëre besture ingestel en vul hulleself daarna aan. Die gemeente is kerkregtelik onmondig gehou. Die sinode is 'n permanente statutêre liggaam en die sigbare uitdrukking van die eenheid van die kerk sodat die totale aantal gemeentes die kerk uitmaak. Die meerderheid op 'n sinode besit die hoogste gesag. Hierdie sinodokratiese bestuur is nie gebonde aan die Skrif nie en derhalwe is die kerklike mag nie bedienend van aard nie, maar dwingend.

d. Die Sinode van 1842 en Ordonnansie 7 van 1843.

Na 1824 kon die sinode gereeld vergader. Die magte van die Goewerneur is op die sinode deur twee politieke Kommissarisse uitgeoefen en die handelinge van die sinode moes deur die Kroon goedgekeur word. Gaandeweg het 'n kerklike verset teen hierdie willekeurige inmenging van die staat in die kerklike huishouding na vore getree. Op die Sinode van 1837 het die kerklike en politieke elemente hewig gebots. Gevolglik het die Goewerneur opdrag gegee om die kerklike Reglement te hersien. Dit is in 1842 voltooi en as naam vir die kerk is die "Nederduitse Gereformeerde Kerkgenootskap" vasgestel.

In 1843 het die Goewerneur die hersiene wette as 'n bylae by Ordonnansie 7 geproklameer en daardeur aan die kerk die reg van selfbestuur, behoudens enkele prerogatiewe vir die Kroon, verleen. Die kerkwet van 1804 is formeel herroep, maar materieel het dit tot op groot hoogte voortgeleef omdat die Reglemente slegs "hersien" was. In die Ordonnansie word gesê dat die kerk sy bevoegdheid om wette te maak aan die staat ontleen, wat hierdie [39] mag aan die sinode "as the highest Church Court" oorgedra het. Die staat kan die belydenis en rigting van die kerk deur middel van die geregshowe kontroleer. Aan die "leke" moet 'n sekere verteenwoordiging gegee word as 'n "check upon clerical encroachment". Daardeur het die band tussen die kerk en die Kroon losser geword en in die sewentigerjare het die staat nie langer die predikante gesalarieer nie. In 1898 is Ordonnansie 7 van 1843 verbeter, omdat die kerk aan die koloniale landsgrense gebind en die belydenis foutief aangedui was. Dit is in 1962 deur 'n wet van die Republikeinse parlement heeltemal opgehef.

Die band tussen kerk en staat was so intiem dat, na die Loedolff-hofsaak in 1862, die Ned. Geref. Kerk in verskillende landskerke van die Kaap, Natal, O.V.S. en Transvaal opgebreek is.

Die hersiene kerkwette van 1842 was 'n verbetering van die reglement van 1824, maar beslis nog geen gereformeerde hervorming daarvan nie. Dit het basies dieselfde as dié van 1824 gebly. Hierdie kerkwette is ook deur die Hervormde Kerk in Transvaal tussen 1858—1864, aangepas by die Transvaalse omstandighede, oorgeneem en deur die Volksraad vir die staatskerk geproklameer. Beide die Ned. Geref. en Ned. Herv. Kerke het hulle ontstaan ontleen aan kerkwette wat deur die owerheid vir hulle gesanksioneer is. So 'n seggenskap ken die Skrif nie aan die staat oor die kerk toe nie.

e. Die Dordtse Kerkorde deur die Geref. Kerk in S.A. aanvaar (1862).

Aan die wortel van die stryd wat gelei het tot die herstigting van die Geref. Kerk in S.A., lê daar dogmatiese en liturgiese verskilpunte, maar in wese trek die afskeiding saam op 'n

kerkregtelike vraagstuk, wat grootliks ooreenkom met dié van 1834 en 1886 in Nederland. Die vraag was: moet 'n minderheid met gewetensbesware, wat op Gods Woord en art. 7 van die N.G.B, rus, hulle onvoorwaardelik onderwerp aan en konformeer met die beslissing van die kollegialistiese "hoogste besture?" *Gaan die reglementêre eenheid van die kerk bo die gehoorsaamheid van die gewete aan die Skrif uit?* Hierdie kerkregtelike kwessie moet by die beoordeling van die Herderlike Brief van die Ring van Graaff Reinet (1841), die handhawing van die Brief deur die Ned. Geref. Sinode in 1847 en die reglementêre verpligting van die sing van Gesange deur die Algemene Kerkvergadering van die Ned. Hervormde Kerk in 1859 in die oog gehou word. Die kerkraad van Reddersburg skryf op 14 Januarie 1860 aan prof. H. de Cock: "Wij werden maar verplicht *omdat* de *Synode* het had besloten — als het [40] maar een *reglement* was. Er werd minder of niet gevraagd: is het naar *Gods Woord?"* In hierdie paar woorde, wat in die oorspronklike sodanig gekursiveer is, tree die wese van die gereformeerde kerkregering teen die wese van die Kollegialisme aan die lig. Berus die hoogste gesag in die kerk by die Woord van God of by die kerkvergadering met sy reglemente? (Vgl. B. Spoelstra: *Die Doppers in Suid-Afrika* en G.C.P. van der Vyver: *Professor Dirk Postma 1818—1890).*

Aanvanklik wou ds. D. Postma 'n Gewysigde Dordtse Kerkorde vir gebruik in die kerke invoer, maar die eerste sinode van die Gereformeerde Kerk in S.A. het in 1862 te Reddersburg die Dordtse Kerkorde, aangepas by die landsomstandighede, as basis van die kerkregering aanvaar. Daarmee het die Calvinistiese, gereformeerde, kerkregtelike beginsels, soos beliggaam in die Dordtse Kerkorde van 1619, vir die eerste maal op Suid-Afrikaanse bodem formele en materiële regsgeldigheid verkry. Aangesien die stelsel reeds in par. 4 bespreek is, word dit nie hier herhaal nie. Die verklaring van die verskillende artikels van die Kerkorde bied verder die volledige uiteensetting.

9. Die geskiedenis van die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1862—1964.

Die landsomstandighede, die beperktheid van die kerkverband in die beginjare en miskien selfs 'n mate van gebrek aan kerkregtelike besinning, het veroorsaak dat sommige artikels van die aanvaarde Dordtse Kerkorde nie toegepas is of kon word nie. Gaandeweg het die kerkverband egter al meer in die posisie geraak dat dit toegepas moes word, en sedert die Sinode van 1964 is daar geen enkele artikel wat nie in werking is nie.

Die Sinode van 1910 het besluit om die Kerkorde op voetspoor van die Gereformeerde Kerke in Nederland (Sinode van Utrecht, 1905) te hersien. Die deputate het in 1912 'n "Praeadvies inzake Kerkeordening" gepubliseer wat deur die sinode van 1910 oorweeg en deur dié van 1916 formeel aanvaar is. Die Kerkorde is toe van baie "sinodale bepalinge" gesuiwer. In 1927 het die Sinode van Reddersburg dit aan deputate opgedra om die Kerkorde in Afrikaans te vertaal en opnuut uit te gee (Acta 1927, art. 142, bylae S). Die sinode van 1930 (art. 183) het besluit om, met behoud van die beginsel, die kerkorde van die oorgeblewe Nederlandse karaktertrekke te suiwer. Die Sinode van 1952 (art. 233) het op 'n vraag van die Gereformeerde Kerk in Nederland of in Suid-Afrika ook 'n behoefte aan hersiening van die Kerkorde gevoel word, geantwoord dat so 'n behoefte momenteel nie gevoel word nie, maar [41] tog deputate benoem om verder op die saak in te gaan. Gevolglik het die Sinode van 1955 (art. 200) besluit dat die Kerkorde wel 'n redaksionele revisie nodig het. Verskillende voorstelle het voor die Sinodes van 1958 en 1961 gedien, totdat die Sinode van 1964 'n nuwe redaksie van die Kerkorde vasgestel het. Enkele artikels is voorlopig volgens die ou redaksie gelaat, terwyl dit ondertussen deur deputate van preadvies vir 'n volgende sinode bestudeer word. Die hersiening van 1964 het geen

materiële wysiging in die Kerkorde meegebring nie (Acta 1964, art. 38).

Die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het dus wel ’n eie Afrikaanse karakter, maar sluit prinsipieel aan by die beginsels van die gereformeerde kerkregering wat in die Dordtse Kerkorde van 1619 beliggaam was. Vanselfsprekend is die artikels uit die Dordtse Kerkorde (4, 5, 37 en andere), waarin daar gepoog was om die Nederlandse owerhede met ’n kompromis tegemoet te kom, gesuiwer om die gereformeerde beginsel te handhaaf.

[42]

ARTIKEL 1.

DOEL EN INDELING VAN DIE KERKORDE

Om goeie orde in die kerk van Christus te onderhou, is daarin nodig: die dienste, samekomste, toesig oor die leer, sakramente en seremonies en die kerklike tug, waaroor hierna agtereenvolgens gehandel word.

1. Redaksioneel.

Die artikel het gelees "gemeente van Christus", tot met die Sinode, 1964, wat dit vervang met "kerk van Christus", omdat dit die institutêre betekenis meer na vore bring. Die woord "kerk" word ook oorwegend in die konfessie gebruik. Dit kom van die Griekse woord *kuriaké* wat beteken *dit is van die Here,* terwyl "gemeente" 'n vertaling is van "ekklésia" wat *uitgeroeptes* beteken. (Vgl. die sinodebesluite in verband met die naam van die kerk — Acta, 1955, bl. 70—82, ook inleiding punt 4 (c)).

2. Die doel van die Kerkorde.

Die Kerkorde vloei uit die konfessie voort "om goeie orde in die kerk van Christus te onderhou". Volgens art. 32 N.G.B, moet die regeerders orde op sake stel met die oog op die handhawing van die suiwerheid van die Woord en belydenis. Christus regeer sy kerk, maar bedien Hom van menslike instrumente, en hulle is absoluut gebonde aan die Woord van die Koning.

In die kerk moet orde op sake gestel word volgens die Woord van God. Die Skrif sê: "Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan" (1 Kor. 14:40). God is 'n God van orde.

Die Anabaptiste (Wederdopers) en mistieke rigtings verontagsaam die institutêre bestaan van die kerk en wil van 'n kerkorde en 'n kerklike amp niks weet nie, omdat hulle meen dat die kerk net in die openbaring van besondere genadegawes (charismaties) na vore moet tree. Die kerk het egter nie alleen 'n innerlike (mistieke) karakter nie maar ook 'n institutêre.

Die wyse waarop die kerk regeer moet word, word deur die Woord van God bepaal. Daarmee word nie gesê dat God se Woord 'n wetboek is waaruit die kerk alles kan aflees wat vir die regering van die kerk nodig is nie, maar die hoofbeginsels, wat vir alle tye geld, word duidelik in die N.T. geleer. Christus laat [43] egter sy kerk die vryheid om die beginsels toe te pas volgens die behoefte van die tyd en na die eis van omstandighede, (byvoorbeeld: Volgens die Skrif moet daar ouderlinge wees wat regeer en diakens wat die armes versorg, maar hoeveel daar in elke gemeente moet wees, op watter wyse en vir hoe lank hulle gekies moet word, kan volgens die behoefte van die tyd en na die eis van omstandighede gereël word, mits hierdie praktyk nie met beginsels in God se Woord bots nie. (Vgl. ook inleiding pt. 3).

'n Kerkorde is nie vir die *wese* van die kerk nie, maar wel vir die welwese van die kerk noodsaaklik. "Welwese" dui die gesonde, goeie en ordelike bestaan van die kerk aan. Die Kerkorde dien dus om die suiwerheid van die Woord en die Belydenis te handhaaf. Dit gee leiding en stewigheid, en dit verseker orde en samewerking, sodat die kerk beter aan sy roeping kan beantwoord, terwyl heersug en willekeur voorkom word. Christus die Koning van die kerk, het sy Woord bekendgemaak en beskik sy dienaars om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk tot opbouing van die liggaam van Christus (Ef. 4:11, 12). In die naam van Jesus het die apostels reëls neergelê vir die lewe van die kerk sodat die gelowiges kan weet hoe iemand hom moet gedra in die huis van God (1 Tim. 3: 15).

Hierdie orde het ’n reëlende, nie ’n dwingende, gebiedende karakter nie. In die Latynse teks van die K.O. is daar wel sprake van “wetlike” orde (legitimus ordo), maar “wetlike” het hier ’n sedelike en nie ’n staatsregtelike (juridiese) betekenis nie. Daarom is dit in Nederlands met “goede” vertaal *(goeie* orde). Hierdie orde moet die kerklike lewe bepaal sodat van die grondslag (Skrif en Belydenis) nie afgewyk word nie. Daar kan alleen ’n mate van vryheid ten opsigte van die middelmatiger dinge wees.

3. Die inhoud en indeling van die Kerkorde.

Om die goeie orde in die kerk van Christus te onderhou, word die essensiële inhoud van die Kerkorde in vier noodsaaklike afdelings ingedeel. Hierdie indeling van die Kerkorde van Dordrecht, 1618—1619, word vandag nog gehandhaaf. Die eerste artikel gee ’n kort inleiding op en samevatting van die Kerkorde. In art. 2 tot 28 word die kerklike *dienste,* in art. 29 tot 52 die kerklike *vergaderinge,* in art. 53 tot 70 die reëlings ten opsigte van die *leer, sakramente en seremonies,* in art. 71 tot 81 die kerklike *tug* (Christelike tugoefening) en in art. 82 tot 86 ’n aantal *algemene beginsels* gereël. Vir die besondere indeling en inhoud van die afsonderlike artikels moet die inhoudsopgawe geraadpleeg word.

[45]

AFDELING I: OOR DIE DIENSTE

Ds. H.L.M. du Plessis

[47]

ARTIKEL 2.

AANTAL DIENSTE

Daar is vier soorte dienste: dié van die bedienaars van die Woord, dié van die professore aan die Teologiese Skool, dié van die ouderlinge, en dié van die diakens.

1. Begripsbepaling,

Hier word gesê dat daar vier soorte dienste is. In die Latynse uitgawe van die Kerkorde word onderskeie woorde vir die kerkdiens gebruik: *ministerium,* d.i. die amptelike bediening in die algemeen; *munus,* d.i. die waardigheid of die posisie, of die werkkring en die waardigheid wat beklee word; *officium,* d.i. die vervulling van 'n amp of plig, die werksaamheid aan amp of werkkring verbonde; *functio* (van fungor — volbring, verrig) wat die diensbetrekking aandui of die waarneming van 'n *munus*. In hierdie artikel is die woord "dienste" die vertaling van die woord "functio". Net soos by artikel 1 word die nadruk op die *dienende* karakter van die ampte gelê (die *diens).* In artikels 16, 23, 25 word egter die woord "officium" gebruik om die taak, die werk of diensverrigting van die predikante, ouderlinge en diakens aan te dui, terwyl die woord "munus" in art. 18 gebruik word met betrekking tot die professore aan die Teologiese Skool. (Vgl. ook verder die algemene Inleiding, punt 4 (e)).

2. Die karakter van die dienste.

Paulus noem homself en sy medearbeiders dienaars (diakónous) van 'n nuwe Testament, waarvan die genade van God en die versoening van Christus die grondslag is. In hierdie dienende werk het Christus sy apostels voorgegaan. Hy het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie (Markus 10:45). Die werk is aan Hom opgedra deur die Vader (Joh. 4:34). Op grond van sy volmaakte werk is aan Hom alle mag gegee, terwyl die ampsdraers in die kerk niks anders is nie as organe, deur wie Christus sy diens op aarde in die kerk verrig. Daarom werk die amp as orgaan van Christus, sover en solank dit in gehoorsaamheid aan Christus en volgens die reël van die Woord bedien word; maar dit verloor sy karakter en [48] alle gesag as dit ophou om orgaan van Christus te wees, en dit hom losmaak van die Woord.

Die apostels beskou hulle roeping as diens van Christus en God (1 Kor. 4:1). Paulus herlei sy apostoliese bevoegdheid nie van 'n mens nie, maar van die roeping en aanstelling deur Christus (Gal. 1:1, 15—20; 1 Kor. 9:1) wat hom in die bediening gestel het (1 Tim. 1:12). As gesant van Christus is hy geheel afhanklik van sy Sender, hy is kneg (*doulos*) (Rom. 1:1; Gal. 1:10; Fil. 1:1) maar tewens bedienaar (*diakonos*) van die gemeente vir wie sy arbeid tot nut is. Dog in hierdie diens van die gemeente is hy *nie dienaar (doulos) van die mense nie,* asof dié hom kan beveel (1 Kor. 7:23), maar dienaar van Christus ten behoewe van die gemeente (2 Kor. 4:5). Christus het die ampte as organe gegee (Ef. 4:11) en as Hoof van die kerk bedien Hy Hom daarvan om sy kerk te vergader, in stand te hou, en uit te brei.

Die Gereformeerdes het altoos die nadruk daarop gelê dat die kerklike roeping 'n roeping van God is. Calvyn het weer beklemtoon dat die kerklike mag by die gemeente berus, dog die mag word nie uitgeoefen deur die individuele gelowiges nie, maar deur die organe van die gemeente. God roep sy dienare tot die amp deur middel van sy gemeente. As die ampsdraers volgens die Woord van Christus die gemeente leer, versorg en lei, volg en gehoorsaam die gemeente Christus daarin en kom die heerskappy van Christus tot sy reg.

Hierdeur word ook die *gesag* van die amp bepaal. Die gesag van die amp is nl. nie 'n onafhanklike gesag nie, dog dit is gebonde aan Christus. In die kerk is slegs één gesag, nl. die gesag van Christus. Daarom is die amp altoos *dienend* (bedienend) en moet dit uitvoer wat Christus in sy Woord verorden het.

3. Die verdeling van die dienste.

In die Nuwe Testament vind ons buitengewone ampte: dié van apostels, profete en evangeliste, en die gewone ampte van herders en leraars, ouderlinge en diakens. Eersgenoemde was tydelike en buitengewone ampte wat opgehou het om te bestaan.

Aanvanklik was die apostels belas met al drie ampsfunksies, nl. prediking van die Woord, regering van die kerk en die stoflike versorging. Met die geweldige uitbreiding van die kerk kon die apostels dit nie meer alleen behartig nie en is die drie afsonderlike ampte geleidelik ingestel.

a. *Die ouderlinge (opsieners).*

Van 'n bepaalde aanleiding tot die instelling van die [49] ouderlingamp lees ons nie in die Bybel nie. Spore hiervan kan moontlik gevind word in die teenstelling tussen jongeres (oi neoteroi) en oudstes (oi presbuteroi). Die apostels het blykbaar reeds vroeg gebruik gemaak van die "jongeres" om sekere ondergeskikte werk te verrig (Hand. 5:6, 10). Die regering deur die oudstes was egter in die Ou Testament en Joodse sinagoges bekend.

Die eerste aanduiding dat daar amptelike ouderlinge was vind ons in Hand. 11:30. Later is in elke gemeente wat die apostels gestig het, ouderlinge verkies (Hand. 14:23; 20:17; Jak. 5:14; 1 Pet. 5:1).

In die gemeentes uit die heiden-Christene is die Joodse naam "oudstes" (presbuteroi, ouderlinge) spoedig afgewissel en vervang deur die name *opsieners* (oi episkopoi) (Hand. 20:17, 28; Filip. 1:1; 1 Tim. 3:2; Tit. 1:7); *voorstanders* (proistamenoi) Rom. 12:8; 1 Thess. 5:12); *regeringe* (kuberneseis) (1 Kor. 12:28); *voorgangers* (egoumenoi) (Hebr. 13:7, 17, 24). Hieruit blyk dat hulle belas was met die toesig oor, leiding in en versorging van die gemeente. Dus geen leeramp nie, maar regeeramp. Die opsieners van 'n plaaslike kerk vorm tesame 'n ouderlingskap (presbiterion 1 Tim. 4:14) d.i. *kerkraad*.

b. *Die bedienaars van die Woord.*

Die amp van bedienaar van die Woord het uit die ouderlingamp ontwikkel. Die apostels en evangeliste het weggesterf, die buitengewone gawes het opgehou, ketterye het begin insluip in die kerk sodat opleiding, voorbereiding en studie nodig was om die teensprekers te kon weerlê (2 Tim. 2:3; Tit. 1:9). 'n Verdere rede vir die onderskeiding tussen opsieners en leraars is die voorskrif van Jesus, nl. dat die arbeider sy loon waardig is (Matth. 10:10; Luk. 10:7). Die onderskeid tussen leer- en regeerouderlinge word in 1 Tim. 5:17 baie duidelik gestel: "Laat die ouderlinge wat goed regeer, dubbele eer waardig geag word, veral dié wat arbei in woord en leer". Laasgenoemde is ook geregtig op loon (vs. 18).

c. *Die diakens.*

Van die instelling van die diakenamp lees ons in Hand. 6:1—7. Die aanleiding was die vinnige uitbreiding van die gemeentes na Pinksterdag en die murmurering van die Griekssprekende Jode dat hulle weduwees in die daaglikse versorging oor die hoof gesien is. Die apostels roep daarop die dissipels (gemeente) saam, verkies sewe diakens en bevestig hulle in die amp met oplegging van [50] hande. In die ou Christelike kerk vind ons dan ook diakens naas die ouderlinge.

d. *Die professore aan die Teologiese Skool.*

Artikel 2 het vroeër gespreek van "Doktore". Dié woord is deur die Sinode van 1964 vervang deur "die professore aan die Teologiese Skool". Uit die geskiedenis van die artikel blyk dit dat die kerk die "Doktore" altyd vereenselwig het met professore in die Teologie, en in art. 4 en 8 veronderstel die Kerkorde dié *diens* as basis en reël dit in art. 18. Die kwalifikasie "Teologiese *Skool"* is nodig omdat "Professore in die Teologie" nie noodwendig aan die Teologiese skool van die kerk verbonde is nie.

Is die professorskap aan die Teologiese Skool 'n kerklike amp, terwyl die konfessie (art. 30 N.G.B.) alleen spreek van dienaars of herders, opsieners en diakens? Hier moet gelet word dat die benaming "dienste" (functio) in art. 2 'n ruimer betekenis het as wat gewoonlik verstaan word onder "ampte", terwyl in art. 18 die werkkring *(munus)* bepaal word. (Vgl. verder die begripsbepaling in pt. 1 hierbo). Die woord "dienste" kan dus die drie besondere ampte sowel as die professore aan die Teologiese Skool insluit.

Die diens van die professore bring die belangrike saak van die *opleiding* van predikante na vore. Die opleiding vir die diens van die Woord dra 'n besondere karakter en kan nie sommer met 'n algemene universitêre opleiding gelykgeskakel word nie aangesien hier 'n Belydenis en nie net kennis op die spel is nie (vgl. art. 18 K.O.). Die eerste spore van hierdie opleiding kom reeds in die Nuwe Testament voor: 1 Tim. 3:2: "bekwaam om te onderrig"; 1 Tim. 1:2: "Timotheüs my ware kind in die geloof"; 2 Tim. 1:2: "wat jy van my gehoor het"; 2 Tim. 1:6; 2 Tim. 3:14, 15; Tit. 1:3: "my ware kind". Dit is duidelik dat die nadruk wat in die pastorale briewe op *die leer gelê* word, 'n apostoliese voorskrif is wat duidelik op *opleiding* wys.

In tyd van nood het dit gebeur dat predikante self die opleiding behartig het, maar ook hier het die welwese van die kerk daartoe gedwing dat broeders, t.w. professore aan die Teologiese skool, deur die kerke in kerkverband afgesonder moes word om hulle besig te hou met die noodsaaklike diens van die opleiding. Om die opleiding te kan behartig moet hulle spesialiseer in die uitlê van die Woord (vgl. art. 18 K.O.):

4. Hulpdienste.

Naas die besondere ampte kan in die kerk ook persone aangestel word wat belangrike hulpdienste verrig, bv. kosters, kassiers, [51] orrelis(te), katkiseermeesters, voorlesers, ens. Vroeër is die voorleser selfs "dominus" genoem wat daarop dui dat hierdie dienste soms met 'n sekere waardigheid beklee is hoewel dit steeds streng onderskei is van die drie besondere ampte van die plaaslike kerk, t.w. predikant, ouderling en diaken.

ARTIKEL 3.

NOODSAAKLIKHEID VAN DIE WETTIGE ROEPING TOT PREDIKANT

> *Dit sal vir niemand geoorloof wees om die diens van die Woord en Sakramente uit te oefen sonder dat hy wettig daartoe beroep en toegelaat is nie.*

1. Die historiese agtergrond van die artikel.

Met die uitbreiding van die Reformasie het talle rondgaande predikers, "lopers" genoem, opgetree om te preek. Sommige was Roomse priesters wat hulle met die Reformasie vereenselwig het, ander was Wederdopers. Oral is maklik hoorders gevind. Die goeie element

het hulle aan 'n ondersoek onderwerp en so getrag om op 'n ordelike manier 'n gemeente te verkry. Maar die selfsugtiges wat uit eie belang gehandel het, het steeds getrag om dit te vermy. Hierdie mense het sonder wettige roeping opgetree en was nie verbind aan 'n vaste standplaas nie (vgl. art. 7).

Dat die kerk vroeg reeds orde op sake stel, blyk daaruit dat die kruiskerke in Vlaandere reeds in 1563 besluit het dat niemand toegelaat sal word om die Woord te bedien sonder wettige roeping nie. "Het is gans noodzakelijk, dat niemand tot de dienst des woords noch enige kerkelijke positie worde toegelaten zonder wettige roeping" (Wezel 1568). Die bepalings deur verskeie sinodes in dié verband is deur die Sinode van Middelburg 1581, saamgevat en geformuleer in die bewoording wat tot 1964 in die Kerkorde gehandhaaf is en wat gelui het: "Dit sal vir niemand, al is hy doktor, ouderling of diaken, geoorloof wees om die diens van die Woord en die Sakramente uit te oefen sonder dat hy wettig daartoe beroep is nie. En as iemand hierteen handel en, nadat hy meermale vermaan is, dit nie nalaat nie, sal die Klassis oordeel of hy as skeurmaker verklaar of op 'n ander manier gestraf moet word".

In die nuwe redaksie, wat deur die Sinode van 1964 aangeneem is, is die beginsel kort en bondig gestel. Die "niemand" maak 'n verdere kwalifikasie oorbodig. Die laaste gedeelte is waarskynlik [52] weggelaat omdat dit vanselfsprekend onder die tugartikels val.

2. Die roeping tot die amp

In die kerk van die Here mag slegs diegene dien wat wettig daartoe beroep en toegelaat is. Die Skrif sê: "Niemand neem die waardigheid vir homself nie, maar hy wat deur God geroep word, net soos Aäron" (Hebr. 5:4). 'n Gesant van Christus moet sy lasbrief kan toon. Hierdie lasbrief is in die gewone weg die wettige kerklike roeping wat hom onder God se voorsienige bestuur ten deel val. Die apostels is deur Christus self geroep. Maar die gewone ampsdraers (leraars, ouderlinge en diakens) roep Hy deur sy kerk, soos dit reeds in die apostoliese tyd gebeur het (1 Tim. 3:10; 4:14; 5:22; 2 Tim. 2:2; Tit. 5:1).

"So moet elkeen dan daarvoor oppas om nie deur onbehoorlike middele homself in te dring nie, maar hy moet die tyd afwag dat hy deur God geroep word, sodat hy getuienis kan hê van sy beroeping om daarvan seker en gewis te wees dat dit van die Here kom" (N.G.B. art. 31).

Om die roeping tot die heilige bediening reg te verstaan, moet onderskei word tussen *inwendige* en *uitwendige* roeping. Albei is nodig. Die inwendige roeping is 'n vereiste en word veronderstel by die roeping deur die kerk.

a. *Die inwendige roeping*.

Die kenmerke van die roeping kan kortliks soos volg aangedui word:

(i) 'n Regte kennis van die amp en 'n liefde tot vervulling daarvan; 'n sterk begeerte om God en sy koninkryk in die bediening te dien.

(ii) Die geskiktheid vir die amp en gawes en kragte wat vir die amp nodig is; hy wat hierdie diens begeer, moet nie alleen 'n gesonde en normale liggaam besit nie, maar ook goeie geestesgawes, gawes van verstand en hart, van karakter en wil, sodat hy nie alleen bekwaam nie, maar ook geskik sal wees vir die amptelike diens.

(iii) Bereidheid om in selfverloëning te wandel; hy moet nie eie hoof en insig volg nie, maar as gesant van Christus die Here in alles dien.

(iv) Onselfsugtige oogmerke, vry van alle bybedoelings, nie soek na eie eer nie, nie om

genotsug te bevredig nie; opregte liefde vir Christus en sy diens, tot verbreiding van die evangelie, maar bowenal die eer van God; dit moet nie as professie of blote lewensbestaan gesien word nie (vgl. Bouwman: *Geref. Kerkrecht I,* bl. 368).

[53]

b. *Die uitwendige roeping.*

Die uitwendige roeping moet op die inwendige roeping volg. Inwendige oortuiging alleen is nie voldoende nie. Al sou 'n persoon hom inwendig geroep voel, is dit nog geen bewys dat hy werklik geroep is nie. Die inwendige roeping word bekroon en vervul, na die voltooiing van die studie, in die uitwendige roeping, dit is die roeping deur die kerk (vgl. art. 4, 18, 22, 24).

3. Die optrede van teologiese studente en proponente voor gemeentes.

Hoewel die artikel die beginsel stel dat dit vir niemand geoorloof sal wees om die diens van die Woord en die Sakramente uit te oefen sonder dat hy wettig daartoe beroep en toegelaat is nie, word in die praktyk aan gevorderde teologiese studente en proponente die reg verleen om voor die gemeentes op te tree. Die Sinode van 1885 het besluit: Teologiese studente wat preekverlof verkry het, mag voor die gemeentes optree as hulle deur die kerkrade daartoe versoek word (art. 100). Hierdie optrede is egter nie amptelike Woordbediening nie. Die Sinode van 1961 verklaar: "dat die optrede van studente voor gemeentes om hulle preekgawes te oefen is die spreek van 'n stigtelike woord" (art. 184).

By die behandeling van art. 8 K.O. word meer uitvoerig gehandel oor die beginsel van die oefening van preekgawes deur kandidate in die teologie en ander.

ARTIKEL 4.

DIE BEROEPING EN DIE TOELATING TOT DIE DIENS VAN DIE WOORD

Die wettige beroeping en toelating van iemand wat nie tevore in die diens van die Woord gestaan het nie, en wat deur die klassis waarin hy woonagtig is, voorbereidend (preparatoir) geëksamineer is, bestaan uit:

ten eerste, die verkiesing na voorafgaande gebede, deur die kerkraad en die diakens volgens die reëling wat daarvoor plaaslik in gebruik of deur die kerkraad vasgestel is, en verder in kerke met slegs een bedienaar van die Woord, ook met advies van die klassis of van die konsulent wat hiervoor deur die klassis aangewys is;

ten tweede, die ondersoek na leer en lewe (peremptoir) van die beroepene deur die klassis (waar die beroep ter [54] *goedkeuring voorgelê moet word) wat met advies van die deputate van die partikuliere sinode moet plaasvind; ten derde, die approbasie en goedkeuring deur die lidmate van die betrokke kerk wat daarin bestaan dat daar, nadat die naam vir minstens drie Sondae in die kerk afgekondig is, geen wettige beswaar ingedien is nie; ten laaste, die openlike bevestiging voor die gemeente in teenwoordigheid van die klassikale deputate, volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.*

Redaksie van die artikel.

Artikel 4 handel oor iemand wat nie tevore in die amp was nie en artikel 5 oor die reeds diensdoende predikante. Artikel 4 is deur die Sinode van 1964 duideliker geformuleer en sekere

verouderde uitdrukkings is weggelaat, soos byvoorbeeld “in die stede sowel as die platteland” in die aanhef. So is die voorbereidende (preparatoir) eksamen, wat voorheen onder “ten eerste”, die verkiesing, ingewerk is, verskuif na die inleiding omdat dit logies is dat, voordat verkiesing kan plaasvind, die kandidaat beroepbaar gestel moet wees.

Hier word die vier elemente van die wettige beroeping en toelating aangedui, t.w. *verkiesing, ondersoek na leer en lewe* (eksaminering), *approbasie* en *bevestiging*.

Die aandag word eers bepaal by die inleiding van die artikel, die voorbereidende (preparatoir-) eksamen.

A. VOORBEREIDENDE EKSAMEN (PREPARATOIR).

1. Die kandidaat in die Teologie.

Dit gaan hier oor iemand wat nie tevore in die diens van die Woord gestaan het nie. Waar kom die kandidaat vandaan wat preparatoir geëksamineer moet word? Die een weg is art. 8 K.O.: “iemand wat nie gestudeer het nie”. So iemand sal egter nie tot die diens van die Woord toegelaat word nie, tensy daar sekerheid is dat dié persoon oor buitengewone gawes beskik. Implisiet dui art. 8 K.O. dus aan dat opleiding en studie die normale weg is waarlangs iemand kandidaat in die Teologie kan word (vgl. by art. 2 K.O. pt. 3 (d) insake die professore aan die Teologiese Skool en art. 18 K.O.).

Die inhoud van hierdie studie (opleiding) word deur die Sinode vasgestel. Die nadruk val op die opleiding as bedienaar van die Woord eerder as op die wetenskaplike opleiding. Gevolglik oefen die kerk ook kontrole uit oor die opleiding deur die [55] kuratorium van die Teologiese Skool kragtens die mandaat deur die
Sinode aan hulle verleen.

Voordat ’n kandidaat hom kan aanmeld vir die preparatoir-eksamen moet hy bewys lewer dat hy die eksamen vir Kandidaat in die Teologie met goeie gevolg afgelê het. Hierdie eksamen word afgeneem deur die professore en kuratorium. Behalwe die voorgeskrewe vakke waarin eksamen gedoen word, moet as deel van die eksamen ook ’n proefpreek gelewer word wat vooraf by die kuratorium ingedien moet word. In verband met die toelating van blinde persone moet die verklaring in art. 8 geraadpleeg word.

2. Die voorbereidende eksaminering deur ’n kerklike vergadering (preparatoir).

Na voltooiing van ’n student se teologiese studie aan die Teologiese Skool, moet hy hom, met bewys dat hy die kandidaatseksamen met goeie gevolg afgelê het, by die klassis aanmeld waarin hy woonagtig is; deur die klassis word hy dan kerklik geëksamineer en indien dit gunstig verloop, beroepbaar gestel.

Tot die Sinode van 1964 is hierdie voorbereidende (preparatoir-) eksamen deur die kuratore vir die Teologiese Skool afgeneem en dit het saam met die kandidaatseksamen een eksamen gevorm. Die kuratore het die kandidate gevolglik ook beroepbaar gestel. Die kandidaats- en proponentseksamens het dus saamgeval (Sinode van Steynsburg 1913, art. 127). Hierteen bestaan ernstige prinsipiële besware waarvan die vernaamste is dat beroepbaarstelling ’n daad van oordeel en regering is wat alleen ’n kerklike vergadering toekom en wat nie aan deputate oorgedra kan word nie.

Die Sinode van 1964, art. 50 het besluit dat die beroepbaarstelling voortaan volgens artikel 4 sal geskied. As ’n *oorgangsmaatreël* word hierdie eksamen, op grond waarvan beroeping plaasvind, deur die partikuliere sinode uit die ressort waarvan die kandidaat afkomstig is,

afgeneem. Die eksamen strek oor die volgende vakke: Dogmatiek, Kerkreg, Homiletiek, Kategetiek, Pastoraal en Liturgiek; ook sluit dit in 'n preek en 'n ondersoek na beweegredes waarom die kandidaat hom geroepe gevoel tot die amp. Die suksesvolle kandidaat onderteken die Formulier vir proponente soos vasgestel deur die Sinode van 1939, (Acta 1939, art. 54) wat voorheen voor die kuratore onderteken was (Acta Sin. 1939, art. *88)*. Suksesvolle kandidate wat nie in die diens van die Woord tree nie of 'n ander beroep volg, sal hulle preekverlof deur die vergadering wat beroepbaar stel ontneem word. Vroeër het ook dié bevoegdheid by die kuratore berus (Sinode, 1924, art. 121). [56] Wanneer moontlik en waar nodig sal die partikuliere sinodes hierdie eksamen na die klassisse oordra. Hoewel die Kerkorde hierdie eksamen in die hande van 'n klassis stel, is daar geen prinsipiële beswaar dat 'n partikuliere sinode dit afneem nie aangesien daar tussen klassis en partikuliere sinode 'n graduele en nie 'n wesensverskil is nie; trouens die partikuliere sinode het reeds volgens die K.O. belang by die eksaminering deur middel van sy deputate. Waar één klassis eksamineer, kan die klassis ook goedskiks ooreenkom om mekaar in partikuliere sinodale vergadering in die taak by te staan. Dan verval die noodwendigheid van deputate vanweë die partikuliere sinode.

"Die klassis waarin hy woonagtig is", moet in die lig van bostaande besluit interpreteer word, "as die klassis uit wie se ressort die kandidaat afkomstig is". Dit kan dus ook nie die ressort waaruit hy afkomstig is in sy finale studiejaar beteken nie, maar wel dié waaruit hy afkomstig was toe hy vir teologiese studie met 'n kerklike getuienis aangemeld het. Soos in artikel 19 K.O. bepaal, is die kerk meelewend met die toekomstige kandidate. Hulle word by die Teologiese Skool aanbeveel en onderhou. Daarom het die kerkverband, waarin dié kerk verkeer waaraan die student behoort het toe hy gaan studeer het, ook die reg en voorreg om voorbereidend te eksamineer en indien tevrede gestel, ook beroepbaar te stel. Die band tussen kandidaat en kerk wat selfs tydens die studiejare bestaan het, kom hierin mooi tot openbaring.

Daar is nog stemme wat meen dat bogenoemde reëling oorbodig is, aangesien die opleiding van kandidate aan die Teologiese Skool van die kerk geskied onder toesig van die kuratore. Daar word gekla oor die "dubbele eksamens". Dog hierdie voorstelling doen te kort aan die reg, plig en vryheid van die kerk. *Die kerk moet self oor die bekwaamheid en die geskiktheid vir die amptelike bediening oordeel,* afgesien van die opleiding. Beroepbaarstelling is 'n offisiële daad van die kerkregering wat net by een van die kerklike samekomste, wat in art. 29 K.O. genoem is, kan berus. Hierdie bevoegdheid kan geensins aan deputate oorgedra word nie. So 'n magsdelegasie vind alleen in kollegialistiese kerke plaas. Dit maak appèlprosedure (art. 31 K.O.) onduidelik en verwarrend, 'n Kandidaat wat hom veronreg voel, sou dan teen 'n deputaatskap moes appelleer asof dit 'n erkende regerende liggaam naas die enigste kerklike samekomste (art. 29 K.O.) was en hy sou soms byna drie jaar moes wag voordat 'n algemene sinode sy besware kon beoordeel.

[57]

3. Beroepbaarstelling van kandidate en proponente uit erkende Gereformeerde Kerke.

Die Sinode van Middelburg, 1904, het besluit: "Kerklike getuienis en beroepbaarstelling deur ons word ook geëis van kandidate in die Teologie en proponente uit die erkende Gereformeerde Kerke in Nederland en Amerika, wat wel nie geëksamineer sal word nie, maar tot 'n broederlike onderhoud met die kuratore verplig is" (art. 125).

In die lig van die sinodebesluit van 1964 hierbo aangehaal, geld hierdie besluit nie meer in soverre dit die kuratore betref nie. Vir *kandidate* in die Teologie uit kerke met wie die

Gereformeerde Kerk in S.A. in engere korrespondensie staan, geld nou die normale prosedure van die preparatoir (voorbereidende) eksamen deur die partikuliere sinode (of klassis) en daarna volg die beroepbaarstelling. Proponente wat reeds beroepbaar gestel is deur 'n kerk met wie engere korrespondensie onderhou word, is onderhewig aan 'n colloquium (samespreking) deur die partikuliere sinode (of klassis). Verloop die colloquium gunstig vir die proponent, word aan die kerkverband deur die betrokke vergadering kennis gegee dat hy *toegelaat* is en dat sy beroepbaarstelling ook binne die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika geld. (Vir wat die colloquium omvat vergelyk by art. 5 K.O., pt. 1 (b) en onder art. 51 K.O. in verband met erkende Gereformeerde Kerke met wie die Geref. Kerk in Suid-Afrika in korrespondensie staan).

4. Kandidate en proponente uit ander kerke.

Kandidate sowel as proponente uit ander kerke *met wie nie engere korrespondensie onderhou word nie,* moet deur die partikuliere sinode (of klassis) deeglik preparatoir geëksamineer word, indien die opleiding die vereiste standaard het. Ook proponente moet preparatoir eksamineer word aangesien hulle vroeëre beroepbaarstelling nie erken word nie. Kerklike vergaderinge wat eksamineer, moet hulle deeglik vergewis van die gehalte van die opleiding wat sodanige persone ontvang het. Die standaard van die opleiding moet gelykstaan aan dié van die eie Teologiese Skool (vgl. verder by art. 9, pt. 3).

Nadat die kandidaat voorbereidend geëksamineer en beroepbaar gestel is, kom die vier elemente aan die orde, waarin die wettige beroeping en toelating bestaan.

B. DIE WETTIGE BEROEPING EN TOELATING.

1. Die verkiesing.

a. *Voorafgaande gebede.*

Die verkiesing vind plaas na *voorafgaande gebede*. God is [58] die eintlike Roeper. Die lidmate wat onder aanroeping van die Naam van God kies, is die instrumente deur wie God roep. Die verkiesing vind plaas in die samekoms van die kerkraad met die stemgeregtigde lede (vgl. by art 37 K.O.), wat met gebed geopen en met danksegging gesluit word. Geen verkiesing is wettig sonder die gebed vooraf nie.

b. *Die verkiesing geskied deur die kerkraad en diakens.*

Die kerkraad bestaan slegs uit die predikante en ouderlinge (vgl. art. 37 en 38 K.O.). Met die oog op die verkiesing vergader die diakens saam met die kerkraad. Hier kan dus geen vrye verkiesing deur die gemeente sonder die leiding van die kerkraad wees nie. Die besware van die vaders daarteen was: Christus het die leiding van die verkiesing aan die ampsdraers opgedra, en by 'n vrye verkiesing is daar geen verantwoordelike liggaam nie; die volk word deur independentistiese invloede gedryf; revolusionêre elemente (manne wat hulleself opgedring het) is dikwels eerste verkies en daarteen moes gewaak word (vgl. Jansen: *Korte Verklaring van de K.O.,* 1952, bl. 22). Die bedoeling was om daarteen te waak dat geen onwaardige persoon gekies word nie.

Die beginsel van die artikel is nie om die gemeente uit te skakel nie. Dit sou in stryd wees met art. 31 N.G.B.: "Ons glo dat die bedienaars van die Woord van God, die ouderlinge en diakens vir hulle ampte gekies moet word deur wettige verkiesing van die Kerk…", en met die vraag in die bevestigingsformulier: ,… of u in u hart gevoel dat u wettig deur die gemeente van God … geroep is".

Die bedoeling is verkiesing deur die kerkraad en diakens *met medewerking van die*

gemeente, 'n kenmerkende Gereformeerde beginsel.

Die amp word by die Roomse Kerk deur die amp self aangevul sonder medewerking van die gemeente. Die Lutherane ken die kiesreg toe aan die owerheid. Die Independentiste sê dit berus by die gemeente. Die Kollegialiste leer dat dit by die kollege wat deur die reglement met die oog daarop aangewys is, berus. Maar volgens die Presbiteriale stelsel kies Christus self sy dienare *deur die gemeente* wat *onder leiding van die kerkraad* stem. Dit is skriftuurlik. Die Bybel ken die leidende en beslissende mag by die verkiesing aan die ampsdraers toe. In Hand. 6:3 roep die apostels die "broeders" op om sewe manne van goeie getuienis aan te wys wat die ampsdraers ("ons", die apostels) "oor hierdie nodige saak kan aanstel" (vgl. verder Titus 1:5; 1 Tim. 5:22; Hand. 14:23; 1:23). Maar die medewerking van die gemeente is net so duidelik. In Hand. 1:23 werk die skare saam by die stel van 'n dubbeltal vir die apostelskap. In Hand. 6:1—6 kies die gemeente sewe diakens [59] in opdrag van die apostels. Volgens Calvyn handel Hand. 14:23; 1 Tim. 5:22 en Tit. 1:5 ook oor die verkiesing deur die gemeente onder leiding van die apostels (vgl. *Die Institusie IV,* bl. 334—6, verkorte weergawe van A. Duvenage).

c. *Die reëling van die verkiesing.*

Dit geskied "volgens die reëling wat daarvoor plaaslik in gebruik is, of soos deur die kerk raad vasgestel is". Die kerkraad wat verantwoordelik is, kan gebruik maak van bestaande usansies deur bv. 'n totaal vrye keuse te laat; of deur 'n tweetal te stel en die gemeente daaroor te laat stem; of deur 'n drie- of selfs 'n viertal te stel; of deur vooraf aan die gemeente geleentheid te gee om op geskikte persone die aandag te vestig en met of sonder aanvulling daaruit 'n tal stel; of by *uitsonderlike* gevalle aan die gemeente iemand ter approbasie voor te stel.

Die verkiesing moet met *meerderheid van stemme* geskied. Oor die stemming in kerklike samekomste het die Sinode, 1873, die volgende gereël: "Die stemming oor persone en sake vind plaas by volstrekte meerderheid. Blanko stemme word nie getel by die aantal geldige stemme nie. By 'n ewegetal word die meerderheid gereken deur die helfte plus een; by 'n onewe getal deur een te tel by die helfte van die geheel min een, bv. van 15 is die meerderheid 8" (art. 173). Stemming oor persone vind plaas met geslote stembriefies.

In die geval van 'n staking van stemme, meen sommige dat daar weer 'n herstemming moet wees, en dat by herhaalde staking van stemme die oudste in jare verkose verklaar moet word of die lot moet beslis. Die aangewese weg is egter om dadelik die lot te laat beslis. Die Gereformeerdes het in die kerklike lewe die lotsbeslissing nie te dikwels toegepas nie, dog die regte toepassing daarvan is altyd beklemtoon. Die besluit van die Sinode van 1910 (art. 176) is nog van krag: "As stemme oor sake staak, het die voorsitter geen beslissende stem nie". "As hulle staak oor persone, moet met die aanroeping van die Naam van die Here, geloot word. Dit het egter geen betrekking op kandidate tot die heilige diens nie. In hierdie geval sal staking van stemme beskou word as nie toelating nie" (Sinode 1873, art. 173 en 35).

d. *Die stemgeregtigdes.*

Al die manspersone wat belydenis van die geloof afgelê het, nie onder sensuur verkeer nie en lidmate van die plaaslike kerk is, is stemgeregtig (vgl. verder by art. 22 K.O.).

e. *Die verkiesing in kerke met slegs een predikant.*

In kerke met slegs een predikant moet die verkiesing met [60] advies van die klassis of van die konsulent geskied. Hierdie advies by die beroeping is nie 'n soort toestemming om te beroep nie. Elke plaaslike kerk is 'n selfstandige kerk. Wanneer dit finansieel en andersins daartoe in

staat is, rus die verpligting op die kerk om te beroep. Die beslissing insake die beroeping bly by die kerkraad berus.

Die advies van die klassis of van die konsulent wat deur die klassis benoem is beteken dat die klassis uit krag van die kerkverband toesig hou en beoordeel of die beroeping volgens die goeie orde plaasvind. Indien die konsulent van die kerkraad verskil, dien hy as deputaat verslag by die klassis in.

In kerke met meer as een predikant is die advies van die klassis of konsulent nie nodig nie omdat in die geval van 'n vakature daar nog altyd 'n bedienaar oorbly om die verkiesing te lei en die kerkregtelike verantwoordelikheid saam met kerkraad, wat nog kompleet is, te dra.

Oor die taak en posisie van die konsulent word meer uitvoerig by art. 5 K.O. gehandel.

2. Die beslissende eksaminering of ondersoek (peremptoir eksamen).

Die beslissende (peremptoir) eksamen volg op die beroep en *gee die wetlike toelating tot die diens van die Woord*. Hierdie eksamen is tot 1964 deur die partikuliere sinodes afgeneem. Die Sinode van 1964 het tereg besluit: "Hierdie eksamen moet afgeneem word deur die klassis in die ressort waarvan 'n proponent 'n beroep aanvaar het" (art. 50). Die eksamen kan dus nie aangevra word voordat die proponent nie 'n beroep aanvaar het nie. Gevalle mag dus voorkom dat daar jare kan verloop tussen die voorbereidende en beslissende eksamen.

Die prosedure wat 'n proponent moet volg nadat hy 'n beroep aanvaar het, word deur die Sinode van 1964 soos volg gestel: "Sodanige proponent moet onmiddellik na aanvaarding van 'n beroep kennis gee aan die korresponderende kerkraad van die klassis in die ressort waarvan hy die beroep aanvaar het en inhandig a) sy bewys van beroepbaarstelling en b) 'n getuienis oor sy leer en lewe deur die kerk waar hy die laaste tyd gewoon het en lidmaat was" (art. 50).

a. *Die inhoud van die eksamen.*

Die beslissende eksamen (peremptoir) *is 'n ondersoek na leer en lewe*. Die Sinode van 1964 het bepaal: (i) die *eksamen* omvat: 'n toets van die proponent se regsinnigheid op grond van die dogma [61] van die kerk; 'n toets van sy regsinnigheid in die kerkreg; 'n toets van sy regsinnigheid in die uitvoering van sy ampswerk, t.w. homiletiek, kategetiek, pastoraal en liturgiek; (ii) 'n intieme *ondersoek* na die lewens- en wêreldbeskouing en lewenspraktyk van die proponent, desnoods deur 'n vertroulike kommissie van die klassis; (iii) Hierby word ook vrae oor die *Etiek* in die volle klassis aanbeveel (art. 50).

Die hele aangeleentheid van die drie eksamens, te wete die kandidaats, preparatoir en peremptoir word nog nader bestudeer met die oog op die bepaling van die samehang en inhoud, en hopelik sal die Sinode van 1967 nadere riglyne gee.

b. *Wie die eksamen afneem.*

Formeel en kerkregtelik moet die beslissende eksamen afgeneem word deur die kerkraad van die kerk waarheen die beroep aanvaar is. Kragtens die kerkverband word dit egter in die hande van die klassis gestel omdat: dié betrokke kerkraad daar saam met ander kerkrade vergader; die teologiese kwessies die beste beoordeel kan word op 'n vergadering waar 'n voldoende aantal ander onpartydige predikante en ouderlinge aanwesig is; die klassis die beroeping moet goedkeur en daarom saam mag oordeel; die bedienaar kragtens die kerkverband ook in ander kerke toegelaat word. Sou 'n kerkraad, sonder om die klassis te ken, 'n proponent eksamineer — waartoe dit die reg sou kon hê as die Kerkorde nie aanvaar was nie — dan sou die klassis kragtens die kerkverband ook nog 'n ondersoek kon instel aleer so iemand in

ander kerke toegelaat word. Na aanvaarding van die Kerkorde sou 'n kerkraad wat alleen die peremptoir eksamen afneem, die kerkverband deur sy handelwyse verbreek en independentisties bestaan.

'n Klassis wat oordeel dat hy nie oor voldoende eksaminatore beskik nie, kan predikante uit die kerkverband vra om hom in die ondersoek (eksaminering) by te staan. Sodanige eksaminatore sal dan slegs 'n adviserende stem op die vergadering hê.

c. *Die deputate van die partikuliere sinode en die klassis*.

Die eksaminering deur die klassis moet plaasvind met die advies van die deputate van die partikuliere sinode (vgl. art. 49 K.O.). Hierdie deputate het slegs adviserende en geen beslissende stem nie. Hulle sien toe dat die eise van die kerkverband gehandhaaf word en gee advies oor die toelating, al dan nie van die geëksamineerde. Na die ondersoek vergader die deputate van die partikuliere sinode afsonderlik, stel hulle advies op en dien dit by die klassis in. Daarna oordeel en besluit die klassis alleen. "Die lidmaten der [62] classe zullen stemmen nadat de gedeputeerden der synode eerst hun advies gegeven zullen hebben" (F.L. Bos, a.w., bl. 29). Die toelating geskied wanneer albei partye afsonderlik en gesamentlik ten gunste daarvan is.

Jansen (a.w., bl. 26) betoog dat die klassis beslis en daarom kan hy weier om die kandidaat toe te laat al adviseer die deputate tot toelating. Wanneer die klassis die advies van die deputate verwerp kan met veiligheid die weg gevolg word wat verskillende sinodes in Nederland die beste geag het: "Bij conflict tussen de classis en de deputaten der particuliere synode staat de beslissing aan de particuliere synode" (Bos: a.w., bl. 28, 29).

'n Klassis wat egter 'n proponent sou toelaat as die deputate daarteen geadviseer het, maak hom skuldig aan independentistiese handelswyse en verbreek die kerkverband.

Nadat die klassis die advies van die deputate ingewin het, geskied die toelating by meerderheid van stemme. Die Sinode van 1888 het bepaal dat, *as die stemme staak oor die toelating* van kandidate tot die Heilige diens, dit beskou moet word as 'n weiering tot toelating (art. 35).

d. *Die geldigheid van die beroeping na onsuksesvolle eksamen*.

Rutgers verklaar dat die beroeping na onsuksesvolle eksamen dikwels bly geld het terwyl geleentheid aan die proponent gegee is om die eksamen na verloop van ses maande nog eenmaal te herhaal *(Kerk. Adviezen* I, bl. 40, 41). Kerkregtelik staan dit die kerkraad egter vry om op grond van die eerste bevinding van die klassis die proponent van die beroeping te onthef.

Indien 'n proponent die beslissende eksamen nie slaag nie moet dit daartoe lei dat die vergadering wat preparatoir geëksamineer het, in kennis gestel word van weiering tot toelating en die preekkonsent mag dan daar ingetrek word.

***3. Die goedkeuring (approbasie) van die beroep*.**

a. *Die reg en plig van die plaaslike kerk*.

Nadat die proponent verkies is, het *al* die doop- en belydende lidmate (manlik en vroulik) van die gemeente die reg en die plig om die beroep goed of af te keur (approbasie). Die naam van die verkosene moet daarom minstens drie agtereenvolgende Sondae afgekondig word sodat lidmate wat besware wil indien, daarvoor geleentheid ontvang. Die artikel wil die tyd vir besware nie tot in die oneindige nie, maar binne hierdie tydperk beperk. Indien daar geen wettige beswaar

is nie, word aangeneem dat die gemeente [63] die beroep stilswyend goedkeur en kan die bevestiging deurgaan.

Besware kan gemaak word, byvoorbeeld teen die *wyse* van die verkiesing, die *leer, lewe, ampsgawes* en *geskiktheid vir die besondere kerk* van die verkosene, en daarna moet hulle ondersoek en uit die weg geruim word. Indien dit nie moontlik is nie, moet dit ter beslissing aan die klassis voorgelê word (vgl. verder hieroor by art. 22 K.O.).

Die praktyk om die beroepsbrief dadelik nadat die beroep uitgebring is, aan die beroepene te stuur, voordat die approbasie van die gemeente verkry is, is formeel seker nie in orde nie. Indien die beroepsbrief dadelik gestuur word, moet aan die beroepene na drie Sondae kennis gegee word dat die beroep geapprobeer is of dat daar besware ingedien is. Die beroepene behoort derhalwe ook hierop te wag voordat hy sy antwoord bekend maak indien hy die beroep opvolg. Oorhaastigheid in hierdie opsig is ongewens en kan baie lastige situasies skep.

b. *Die taak van die klassikale deputate.*

Die klassikale deputate wat by die bevestiging bykom, bestaan uit twee deputate van elk van twee genabuurde kerkrade en die konsulent (Sinode 1904).

Hulle taak bestaan daarin om namens die klassis hulle te vergewis of al die nodige kerklike dokumente in orde is voordat die bevestiging plaasvind. In hierdie verband is nodig: 'n kerklike attestasie van die kerkraad waar hy die laaste tyd woonagtig was; bewysstuk dat hy die voorlopige (preparatoir) en beslissende (peremptoir) eksamens suksesvol afgelê het; die beroepsbrief, met die oorspronklike aanneming van die beroep en 'n verklaring van die kerkraad dat die gemeente die beroep goedgekeur het.

Die ondertekening van die formulier vir bedienaars van die Woord moet ook in teenwoordigheid van hierdie deputate geskied (Sinode 1936, art. 64).

Na die bevestiging moet die deputate aan die korresponderende kerkraad van die klassis kennis gee dat alles ordelik en stigtelik geskied het. Die korresponderende kerkraad moet op sy beurt weer die kerkverband hiervan in kennis stel.

4. Die openlike bevestiging.

Die bevestiging is geen Roomse *ordening* wat op sakramentele wyse besondere ampsgawes meedeel, waardeur iemand uit die lekestand na die geestelike stand oorgeplaas sou word nie. Dit is slegs die openlike instelling in en aanvaarding van die amp in die midde van die gemeente, wat met behoorlike stipulasies [64] geskied, soos in die bevestigingsformulier vervat. Dit is die openlike verbintenis aan die roepende kerk. Die wese van die roeping is geleë in die verkiesing tot die amp, maar deur die bevestiging word die roeping van krag.

Met die redaksionele hersiening van hierdie artikel het die Sinode 1964 die woorde "wat met behoorlike stipulasies en vrae, vermaninge, gebed en oplegging van die hande van die dienaar wat die bevestiging doen (en van die ander dienaars wat ook teenwoordig is) moet plaasvind…" weggelaat. Dit is oorbodig geag omdat die bevestigingsformulier uitvoering aan die Kerkorde gee. Hiermee is meteen ook antwoord gegee op die vraag: Wie mag hande oplê: net die bevestiger, of alle predikante wat teenwoordig is, ook van 'n ander kerkverband? Die formulier wat uitvoering aan die Kerkorde gee is duidelik hieroor: "Daarna moet die *dienaar* wat hom dit afgevra het, hom die regterhand op die hoof lê …" Dr. F.L. Bos stel dit duidelik: die *bevestiger* handel hierby as *verteenwoordiger* van die *roepende kerk,* wat van Godsweë die bevoegdheid besit om die amp op te lê. Elke gedagte dat bedienare van die Woord kragtens hulle

amp die reg sou besit tot die simboliese oordrag van die amp, is onjuis. Daarom is die moontlikheid wat in 1905 ingevoer is, (met revisie van die Kerkorde in Nederland) om die handoplegging te laat geskied deur meer aanwesige bedienare, bedenklik. Hy betoog dan verder dat die redaksie van hierdie artikel soos dit gelees het van 1586 tot 1905, beter was. Hy sê: "Zoekt men meerdere plechtigheid: laat dan de ganse ouderlingschap, de kerkeraad der roepende gemeente, nader treden en aan de handoplegging deelnemen" (vgl. Bos, a.w., bl. 31 en 32).

In die bespreking van art. 5 K.O. word verder oor die openlike bevestiging voor die gemeente gehandel.

ARTIKEL 5.

BEROEPING VAN DIENSDOENDE PREDIKANTE

Waar 'n bedienaar van die Woord van een kerk na 'n ander binne die kerkverband beroep word, geskied dit soos volg:

ten eerste, die verkiesing deur die kerkraad en die diakens na voorafgaande gebede, met onderhouding van die reëling wat daarvoor plaaslik in gebruik of deur die kerkraad vasgestel is, en van die algemene ordinansies vir die beroepbaarheid van diegene wat buite die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gedien het, en verder in kerke met slegs een bedienaar van die Woord, ook met advies van die klassis [65] *of van die konsulent wat hiervoor deur die klassis aangewys is;*

ten tweede die goedkeuring deur die lidmate van die betrokke kerk as daar, nadat die naam vir minstens drie Sondae in die kerk afgekondig is, geen wettige beswaar ingedien is nie;

ten derde, die kontrolering deur die kerkraad saam met die klassikale deputate van die goeie kerklike getuienis ten opsigte van leer, lewe en ampsbediening en van die losmaking;

ten laaste, die openlike bevestiging voor die gemeente volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.

1. Beroeping.

a. Beroeping binne die kerkverband van een kerk na 'n ander.

Daar is 'n groot mate van ooreenkoms tussen art. 4 en 5 sodat onnodige herhaling hier vermy sal word. In art. 5 is die eksaminering weggelaat. Die eksaminering deur een klassis met die oog op toelating word deur al die ander klassisse erken en daarom geld die goeie kerklike getuienis in die plek van die eksaminering in die geval van predikante wat reeds dien.

Die bepaling van hierdie artikel impliseer dat beroeping na 'n ander gemeente *geoorloof* is. Sonder gewigtige redes mag 'n predikant egter nie die band tussen hom en die kerkverband waarin hy dien, verbreek nie. Verklaarders van die Kerkorde (Jansen, a.w., bl. 29, 30 en Van Dellen en Monsma: *The Church Order Commentary,* 1954, bl. 33—34) noem as omstandighede en redes wat oor die algemeen as geregverdig beskou kan word om 'n beroep na elders op te volg die volgende: wanneer 'n jeugdige bedienaar na enkele jare van oefening, na 'n groter en meer verantwoordelike arbeidsveld geroep word; wanneer 'n ouer en minder begaafde bedienaar wel

nog ’n kleiner gemeente met seën kan bedien; wanneer ’n bedienaar van gemiddelde of gewone bekwaamheid na etlike jare diens, ’n beroep na ’n ander arbeidsveld ontvang; wanneer, weens ’n konflik op ’n sekere plek, die arbeid van die bedienaar daar vrugteloos word; wanneer dit verwag kan word dat ’n bedienaar ’n gemeente wat deur twis en onenigheid verskeur is, weer tot orde kan lei; of ook wanneer ’n bedienaar se traktement ontoereikend is en daar geen vooruitsig op verbetering van die toestand bestaan nie.

Sowel die kerkraad wat beroep, as die predikant wat beroep word, moet erns met hierdie groot en gewigtige saak maak, want [66] as die *roeping* in gedrang kom, raak dit ook die amp, en wie laasgenoemde in gedrang bring, rand die Insteller daarvan, nl. Christus, aan.

Verkeerde praktyke wat so nou en dan voorkom, moet vermy word: predikante wat ’n beroep uitlok, of kerkrade wat offisieus ’n beroep beloof sonder enige sekerheid dat dit sal volg, of die stelselmatige verbygaan van ouer predikante. Die gebruik van vakante kerke om predikante uit te nooi om te preek met die “oog op beroeping”, moet ook ten sterkste afgekeur word. Afgesien daarvan dat dit ’n “proefdiens” word en die hoorders met ’n kritiese oor luister, mag ’n gemeente ook na die aanhoor van een of twee preke ’n persoon beroep wat geensins in die gemeente sal inpas nie

Is dit raadsaam om ’n predikant te beroep wat nog maar kort in ’n gemeente is? Hier kan alleen ’n leidraad gegee word. Die Sinode van 1945 (art. 89) “ag dit *nie wenslik* om ’n leraar wat nog geen twee jaar in sy gemeente werksaam is nie, te beroep, aangesien die kort bediening in stryd is met die belange van die gemeente”. Die Sinode van 1879 (art. 133) het besluit: “Wanneer ’n leraar oordeelt dat hij binne één jaar moet vertrekken, dan zal de roepende gemeente de onkoste teruggeven die door de gemeente om hem te verkrijgen, gemaakt waren”. Dit is o.i. ’n besluit wat buite die bevoegdheid van die sinode val aangesien dit ingryp in die sake van die plaaslike kerke en klassisse, en dit vir hulle wil reglementeer. Die kerkraad moet tog bewillig tot die aanname van ’n beroep en die klassis moet toestem (art. 10 K.O.), en dit staan hulle vry om te bewillig en toe te stem, of nie. Die verantwoordelikheid van kerkrade en klassisse wat losmaking moet gee en weer die toelating moet gee, mag nie agter reglemente verskuil word nie. ’n Gulde reël is dat die kerkraad wat beroep, dit ernstig en biddend oorweeg en hulle in broederlikheid verplaas in die posisie van die bedienaar wat beroep word en van die kerk waaraan hy verbonde is.

Reeds vroeg het die vraag aan die orde gekom hoe lank ’n predikant kan wag voor hy op ’n beroep antwoord. Die Sinode van 1873 (art. 166) bepaal dat die beroepene verplig is om binne ses weke na ontvangs van die beroep te antwoord, maar die Sinode van 1916 (art. 161) het hierdie saak aan elke kerkraad oorgelaat. Waar nodig, kan die kerkraad wat beroep, goedskiks die tyd vir oorweging in die beroepsbrief bepaal. In oorleg met die kerkraad kan die tyd verleng word indien die beroepene dit verlang. Dit moet egter nie minder as drie weke wees nie, want approbasie moet eers verkry word. Dit gee ook die kerkraad waaraan die predikant verbonde is, genoegsame tyd vir besinning tot bewilliging van die aanname van die beroep, of die weiering daartoe.

[67]

b. Beroeping van buite die kerkverband.

Watter “algemene ordinansies” geld “vir die beroepbaarheid van diegene wat buite die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gedien het”?

Dit is duidelik dat die bedoeling hier is predikante uit kerke met wie die Gereformeerde

Kerk in S.A. in *engere korrespondensie* staan (vgl. by art. 51 K.O.). Oor "predikers uit ander kerke" word in art. 9 K.O. 'n reëling gegee.

Direkte bepalinge of "algemene ordinansies" in verband met die saak waaroor dit hier gaan, is daar weinig. Feitlik net die beginsel wat by engere korrespondensie geld en wat onder andere inhou die wedersydse beroepbaarheid van predikante. Enkele besluite in die verlede kan hier as riglyne dien. Eerstens Sinode van 1904 (art. 188 en 211) — insake oproep van die kerkraad van Humpata om die dienste van 'n predikant of as alternatief om toestemming om 'n predikant uit Holland te beroep — is besluit: om 'n kommissie van drie lede te benoem en op hulle vraag, dat as hulle 'n predikant uit Nederland sou beroep, hy ook voor die Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie sou moes verskyn, is besluit: Siende dat die eerste sitting van die Algemene Vergadering nog ver is, word dit voldoende geag indien die beroepene voor die kommissie wat beroep, verskyn.

Op die vraag wie beroepbaar is, antwoord die Sinode van 1904: "De gemeente behoudende haar eigene vrijheid in het beroepen van eenig persoon, die lid is van onze Kerk of van eene door haar ten volle erkende Gereformeerde Kerk ... ; maar de toelating tot die heilige bediening moet elk deelagtig worden deur het College der Curatoren op de door de Synode voorgeskrewe wyse". In verband met proponente uit erkende Gereformeerde Kerke besluit die Sinode van 1904 (art. 125), dat hulle nie weer geëksamineer sou word nie, maar tot 'n broederlike onderhoud met die Kuratore verplig sou wees (vgl. by art. 4 K.O., pt. A (c)).

Aangesien die kuratore nie meer beroepbaar stel nie, is uit bostaande duidelik dat die partikuliere sinode (of eventueel as die partikuliere sinodes so besluit, die klassis) dié funksie nou moet verrig. Sou dit deur die klassis geskied, moet die deputate van die partikuliere sinode teenwoordig wees. Volgens bostaande sinodebesluite is dit duidelik dat hoewel beroepbaarheid van predikante oor en weer gereël is op grond van die engere korrespondensie, die *toelating* tot predikant in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika eers verkry moet word.

'n Beroepene uit 'n Gereformeerde Kerk met wie die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in enger korrespondensie staan, sal [68] hom dus moet onderwerp aan 'n colloquium (samespreking) aangaande leer en kennis. Hier moet dieselfde graad van ontwikkeling vereis word as die praeparatoir en peremptoir eksamens van diegene wat deur die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika toegelaat word. Verder moet so 'n beroepene bewys voorlê van sy beroeping en van belydenis en wandel.

Verloop die colloquium (samespreking) gunstig vir so 'n beroepene, moet die betrokke vergadering aan die kerkverband kennis gee dat hy toegelaat is, en dan kan die bevestiging in die kerk wat beroep het, plaasvind volgens die normale prosedure.

Voordat 'n kerkraad besluit om so 'n predikant te beroep, sal hy hom egter deeglik daarvan moet vergewis of so 'n persoon hom sal kan *aanpas* by die landsomstandighede en die volk.

***c*. Beroeping deur kerke met slegs een predikant.**

"In kerke met slegs een bedienaar van die Woord", geskied die beroeping, "ook *met* advies van die klassis of van die konsulent wat hiervoor deur die klassis aangewys is".

Die *advies* beteken ook hier die raad en leiding van die klassis wat moet sorg dra dat alles volgens die goeie orde verloop. (Kyk verder die verklaring by art. 4).

2. Die opdrag en taak van die konsulent.

Wat is die *taak van die konsulent,* afgesien van dié by beroeping? Die konsulent word van

klassisweë aangewys om in vakante kerke as voorsitter van die kerkraad op te tree, leiding te gee, en toe te sien dat alles volgens die vasgestelde orde verloop. Hy word nie deur die klassis aangewys as predikant van die vakante kerk met al die funksies wat daaraan verbonde is nie. Die riglyne neergelê deur die Sinode van 1952 (art. 134 en 218) is die volgende: Die opdrag van die konsulent sluit volgens Kerkorde nie vanself bediening van Woord en Sakrament in nie; die vakante gemeente moet reëlinge tref met die kerkraad van die konsulent en met die konsulent vir tydelike bediening daarvan; vir hierdie tydelike bediening moet traktement gegee word, sowel vir die vervoer as vir die tydelike ampswerk.

Vroeër was die praktyk in ons kerklike lewe dat die konsulent beroep is en ook 'n vasgestelde traktement ontvang het. Dit was 'n foutiewe siening asof die konsulent 'n assistent of waarnemende predikant sou wees. Vandaar die latere reëling wat bepaal dat hy verantwoordelik is as voorsitter van die kerkraadsvergaderinge, maar nie dat hy vanself sprekend ook vir die bediening van die vakante kerk verantwoordelik is nie. Die vergaderinge onder [69] leiding van die konsulent moet die voortgang van die bediening reël. Hy kan ook behulpsaam wees as sy kerkraad dit bewillig, maar hy kan en moet dan ook ander hulp betrek.

'n Belangrike aspek hier is: kan 'n kerkraad maar enige ander predikant vra om as voorsitter in die vergadering op te tree as die konsulent verhinder is? Dit kan alleen geskied na oorlegpleging met die konsulent en hy sy toestemming daartoe verleen. Die betrokke predikant moet dan ook 'n skriftelike mandaat van die konsulent verkry en op sy beurt, na afloop van die vergadering, weer skriftelik aan die konsulent verslag doen van wat verrig is.

'n Vergadering van ouderlinge en diakens *sonder konsulent* kan as 'n wettige vergadering beskou word onder die volgende voorwaardes: dat die saak wat behandel moet word nie uitgestel kan word nie; so 'n saak in oorleg met die konsulent afgehandel sal word; op die volgende vergadering van wat behandel of besluit is, verslag gedoen sal word (Sinode, 1907, art. 113).

'n Konsulent is nie lid van die kerkraad wat deur hom bygestaan word nie. Hy het slegs adviserende (raadgewende) stem en nie 'n keurstem nie, ook geen beslissende stem by staking van stemme nie. Hy het ook geen vetoreg nie. Hy kan wel weier om 'n beroepsbrief te onderteken, of om 'n vergadering te lei, ens., as die kerkraad afwyk van die gestelde orde en hulle aan sy advies nie steur nie. Daarvan moet hy dan aan die klassis wie se mandaathouer hy is, verslag doen. Sy taak, soos hier gestel om die kerkraad van advies te dien by die beroeping, behels dat hy by 'n eventuele nominasie advies gee, dat hy in opdrag van die kerkraad die stemming lei en namens die kerkraad en klassis die beroepsbrief onderteken sodat die beroepene kan weet dat alles ordelik toegegaan het.

3. Kombinasie-beroepe.

Die Sinode van 1916 (art. 58) word versoek: "De Synode spreke zich uit over 't gezamentlik beroepen van 'n predikant door meer dan een gemeente". Hierop besluit die Sinode van 1920 (art. 73): "Dat die Algemene Vergadering sal arbei om so spoedig moontlik hierdie konsulentspraktyk opgehef te kry (verwysing na die praktyk om konsulente te beroep?) deur kombinasie van gemeentes, om sodoende kleinere gemeentes in die geleentheid te stel om 'n eie predikant te beroep". Die Sinode van 1939 (art. 43) het die aangeleentheid van kombinasie-beroep op vaste voet geplaas en 'n leidraad in dié verband vasgestel (vgl. ook art. 175, Acta, Sinode 1939). Kortliks kom dit hierop neer dat die predikant gelykelik verbonde is aan die kerke van die kombinasie, keurstem op die [70] kerkraadsvergaderinge het en reg op gebruik van die sakrament in almal. Die Sinode van 1958 (art. 71) het besluit: die predikant kan om die beurt

deur die betrokke kerkrade na die klassis afgevaardig word, as die gekombineerde kerkrade so besluit (vgl. verder hieroor art. 38 K.O.).

4. Die goedkeuring van die beroep.

Die goedkeuring (approbasie) van die beroep voordat die bevestiging kan plaasvind, geskied net soos by art. 4 K.O. uiteengesit is, deur die lidmate van die kerk en die deputate van die klassis.

Die artikel het eers bepaal dat die klassis self 'n beroep moet goedkeur voordat die bevestiging kan plaasvind. Vanweë die landsomstandighede in Suid-Afrika het die Sinode van 1904 (art. 132) besluit dat twee deputate van twee naburige kerkrade saam met die konsulent oor die goedkeuring moet handel. Hierdie besluit is in die redaksie soos dit deur die Sinode van 1964 vasgestel is, geïnkorporeer. Volgens die heersende praktyk versoek die kerkraad waar die beroepene bevestig sal word, twee naburige kerkrade om deputate aan te wys, wat as klassikale deputate saam met die konsulent optree.

Die beginsel wat egter in art. 49 K.O. gestel word, is dat die klassis self sy deputate moet aanwys en van 'n duidelik omlynde opdrag te voorsien. Die approbasie kan dus, wanneer die klassis nie tydig in gewone vergadering byeenkom nie, ook geskied deur 'n sogenaamde *klassis contracta,* soos gereël deur die Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, 1905: "De classis wijze twee genabuurde kerken aan tot approbatie van beroepingen in buitengewone gevallen; onder voorwaarde echter, dat deze kerken aan de andere tijdig kennis geven van tijd en plaats, waarop dit geschieden zal, met uitnodiging aan de kerken, om aan de approbatie mede te werken". (Vgl. Bos: a.w., bl. 35).

Die kerkraad saam met die klassikale deputate moet die volgende kerklike stukke kontroleer voordat die bevestiging kan plaasvind:

(i) Die beroepsbrief, met die oorspronklike aanneming van die beroep, om te kan kontroleer of daar nie verkeerde en sondige restriksies opgelê is nie.

(ii) 'n Akte van ontslag van die kerkraad van die kerk waar die beroepene gedien het, volgens art. 10 K.O., wat die verklaring bevat dat die beroep aanvaar is *met* die bewilliging van die kerkraad en diakens.

(iii) 'n Akte van ontslag van die klassis in wie se ressort hy gedien het (art. 10 K.O.).

[71] (In die praktyk word bogenoemde stukke saamgevat in een akte van ontslag wat deur die kerkraad, die konsulent en die genoemde deputate van die klassis onderteken word).

(iv) 'n Goeie kerklike attestasie van leer, lewe en ampsbediening van die kerk wat hy verlaat het.

(v) 'n Verklaring van die kerkraad wat beroep het dat die goedkeuring van die gemeente sonder beswaar geskied het.

Die praktyk wat dikwels gevolg word om 'n paar minute voor die bevestiging die stukke na te gaan, is onverantwoord. Die kerkraad met die klassikale deputate moet vroegtydig *vooraf* vergader sodat die stukke behoorlik behandel en sake ordelik en deeglik gereël kan word.

5. Die openlike bevestiging voor die gemeente.

By verwisseling van standplaas moet daar ook herbevestiging plaasvind. Volgens die Roomse opvatting is die voorregte en pligte van 'n (Roomse) geestelike (clerus) onvernietigbaar, maar die Gereformeerdes verbind die amp aan die plaaslike kerk volgens die voorskrifte van die

Skrif. Die amp kleef nooit aan die persoon of die kerkverband nie. Die roeping gaan van die plaaslike kerk uit, en daarom moet 'n predikant wat 'n beroep na 'n ander plaaslike kerk opvolg, opnuut bevestig word. Dit geskied voor die gemeente volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is. Die Sinode van 1939 (Acta, bl. 45) het bepaal dat elke klassis sy eie ondertekeningsformulier moet besit, wat deur die predikante onderteken moet word (vgl. verder die verklaring by art. 53 K.O.).

Van hierdie bevestiging moet die klassikale deputate, saam met die konsulent (Sinode 1904, art. 132) aan die korresponderende kerkraad van die klassis kennis gee, wat dit weer op sy beurt aan die hele kerkverband berig.

ARTIKEL 6.

PREDIKANTE IN DIENS VAN BESKERMHERE OF GESTIGTE

> *Geen bedienaar van die Woord mag onder 'n beskermheer of in gestigte, of op 'n ander wyse diens van die Woord aanvaar nie, tensy hy daarvoor toestemming verkry het en toegelaat is volgens die voorgaande artikels; en hy is ook net soos die ander aan die Kerkorde onderworpe.*

1. Agtergrond en begripsbepaling.

Hier word bepaal dat die reël van wettige beroeping en toelating, [72] soos vervat in art. 3—5 K.O., ook geld vir bedienare in diens van beskermhere, of in gestigte, of vir diens wat op 'n ander wyse verrig word.

Prins Willem I van Nederland het 'n eie hofprediker aangestel, verskeie vooraanstaande families het 'n eie predikant verkies, en ook stigtinge het geestelike versorging nodig gehad. Die Sinode van Dordrecht, 1578, bepaal dat predikante aan die howe net so ordelik beroep moes word en onder toesig van die kerkraad moes staan as ander bedienare, en bepaal verder dat die bekwaamstes onder die hofpersoneel as ouderlinge en diakens verkies moet word. Die Sinode Middelburg, 1581, het die bepaling uitgebrei om ook gas- en weeshuise in te sluit.

Die bepaling van Dordrecht, 1578, het beteken dat so 'n hof-, gashuis- en weeshuiskerk 'n eie, selfstandige gemeente is, maar 's Gravenhage, 1586, het dit gewysig sodat van 'n selfstandige gemeente geen sprake is nie; dit vorm hoogstens deel van die naasgeleë gemeente, wat mag vergader, maar dan onder leiding van die kerkraad van die plaaslike kerk.

Op die vraag wie sodanige predikant vir die hof of stigting moes beroep, word geantwoord dat dit die kerkraad is van die kerk waarvan dit deel is (Rutgers: *Kerkelijke Adviezen* I., bl. 59).

Verder is dit duidelik dat dit hier alleen gaan om die bedienare van stigtinge wat met die kerk in die nouste verband staan en uitsluitend uit sy lidmate bestaan. In die geval van ander stigtinge, geld die bepaling van art. 6 K.O. nie.

2. Gebondenheid aan die plaaslike kerk en Kerkorde.

Die artikel bepaal dat niemand amptelike diens mag verrig sonder wettige roeping en sonder verband met die plaaslike kerk nie. Die kerk ken alleen een soort bedienaar van die Woord: nie een wat deur die kerk geroep word en 'n ander wat deur 'n organisasie of 'n groep individue aangestel word nie. Alleen dié wat wettig geroep en bevestig is deur die kerk van Jesus Christus en wat leef en werk in ooreenstemming met en in onderworpenheid aan die Kerkorde, om die eenvoudige rede dat die Bybel slegs een soort bedienaar ken, naamlik dié wat wettig tot

die amp geroep is, net soos iemand nie ouderling of diaken kan wees sonder om ouderling of diaken van 'n plaaslike kerk te wees nie.

Volgens art. 3—5 K.O. kan 'n kerkraad dus iemand wettig beroep en toelaat as predikant slegs van die plaaslike kerk, en kan aan hom die geestelike versorging van 'n deel van die gemeente opdra, onder andere van 'n stigting van die kerk. Hy is net soos die ander bedienare aan die Kerkorde onderworpe. Sy taak bly dus die taak van bedienaar van die Woord, soos omskryf in art. [73] 16 K.O. Dit bly sy reg en plig om as voorsitter van die kerkraadsvergaderinge op te tree wanneer dit sy beurt is (art. 17, K.O.); ook moet hy afgevaardig word na die klassisvergadering (art. 42, K.O.).

Hierdie artikel laat geen opening aan bedienare van die Woord om iets anders te verrig as wat wesentlik tot die amp van bedienaars van die Woord behoort nie.

3. Die toepassing van die artikel.

Vir die toepassing van hierdie artikel geld die *beginsel* soos uiteengesit in punt 2 hierbo.

In die praktyk, volgens die huidige kerklike situasie, dien gelet te word op die volgende:

a. Kerklike stigtinge.

Sodanige stigtinge is op die oomblik alleen die tehuise vir wese en oues van dae. Die geestelike versorging van so 'n stigting of inrigting kan as deel van die plaaslike kerk waartoe dit behoort, aan 'n predikant opgedra word nadat hy wettig beroep is deur dié plaaslike kerk, behoudens die beginsels soos gestel onder punt 2 hierbo. Deur 'n dienaar van die Woord *as huisvader* van so 'n inrigting te benoem, vind in artikel 6 geen grond nie, en het niks in besonder gemeen met die diens van die Woord nie.

***b.* Veldpredikers.**

Volgens reëling met die staat is daar veldpredikers (tans een) vir die geestelike versorging van lede van die weermag. Hierdie veldprediker(s) ontvang volle besoldiging van die staat. Die generale sinode benoem deputate wat as skakel tussen staat en kerk op tree. Hulle mandaat is: "om kragtens die ooreenkoms tussen die kerk en die Departement van Verdediging as die nodige skakel te dien" (Acta 1958, art. 265, bl. 505).

Die veldpredikers aanvaar diens van die Woord onder 'n beskermheer (in dié geval die staat). Ook vir hulle geld dat hulle verbind sal wees aan 'n plaaslike kerk. Kerk en amp kan nie geskei word nie. Geestelike versorging kan nie kragtens opdrag van 'n partikuliere of owerheidsinstansie amptelik geskied nie. Word 'n predikant deur 'n kerk beroep om die taak van veldprediker te verrig en die arbeid oor 'n deel van dié kerk strek, naamlik oor die lede van die weermag binne die betrokke gemeente, is daar geen probleem nie (vgl. beginsels in pt. 2 gestel). Word egter die taak deur die staat omskrywe as die geestelike versorging van lede van [74] die weermag oor 'n wyer gebied wat ook lede van ander gemeentes insluit, word dit 'n probleem (soos dit tans die geval is met die een veldprediker wie se arbeid oor die hele weermag landswyd strek). Hoe kan die veldprediker *amptelike* arbeid as bedienaar van die Woord by lidmate van ander gemeentes verrig? Die lede van die weermag is lidmate van die plaaslike kerke in wie se ressort hulle gevestig is.

Om in normale tye die lede van die weermag as "buitengewone" gemeentes te beskou gaan nie op nie. (Ook genoem "veld"- of "noodgemeentes"). In tye van oorlog sal dit wel geld (vgl. verder hieroor dr. F.L. Bos, a.w., bl. 38—39).

Dit blyk dat die hele aangeleentheid in verband met die veldpredikers nadere besinning

vereis.

4. Die toets van die Skrif.

'n Predikant wat "onder 'n beskermheer of in gestigte, of op 'n ander wyse diens van die Woord aanvaar", is uiteraard aan tweërlei gesag onderworpe. Hy staan onder die gesag van sy kerkraad en ook van dié liggaam onder wie hy diens van die Woord aanvaar. Hier moet die vraag gestel word of dit skriftuurlik geoorloof is. Volgens die beginsels van die Nuwe Testament kan 'n predikant slegs aan één gesag, nl. dié van die kerkraad, onderworpe wees.

ARTIKEL 7.

VERBINTENIS AAN 'n PLAASLIKE KERK

> As *iemand tot die diens van die Woord in 'n bepaalde kerk beroep word, moet hy op dié bepaalde plek gevestig wees, tensy hy gestuur word om elders kerke te vergader*.

1. Historiese agtergrond.

Nadat die Reformasie in Nederland vaste voet gekry het, was daar 'n groot tekort aan predikante. As gevolg hiervan het rondreisende predikers Woord en Sakramente bedien. Hulle wou nie aan 'n plaaslike kerk verbind wees nie, maar, net soos die apostels en evangeliste, van een plek na die ander gaan om te preek, volgens hulle eie goeddunke. Meestal het hulle in plekke opgetree waar nog geen kerkraad was nie. Baie van hulle was oorspronklik Roomse geestelikes wat gewoond was om so vry te beweeg. Die Sinode van Dordrecht, 1578, art. 7, het gevolglik reeds bepaal dat dit niemand betaam om van een plek na die ander te reis om te preek nie, aangesien die buitengewone en tydelike amp van [75] die apostels en evangeliste reeds lankal in die kerk opgehou het om te bestaan. Gemaklik het hierdie "loslopers" vergeet dat Hand. 13:1—4 uitdruklik vermeld dat Paulus en Barnabas uitgestuur is deur en verbonde was aan die sendende kerk van Antiochië, waarheen hulle altyd weer teruggekeer en van hulle werk verslag gedoen het.

2. Die bedienaar van die Woord is verbonde aan die plaaslike kerk.

Die reël is dat, *as iemand tot die diens van die Woord in 'n bepaalde kerk beroep word, hy op 'n bepaalde plek bevestig moet wees*. Hierdie beginsel is deur die Sinode Middelburg, 1581 geformuleer: "Niemand sal tot die diens van die Woord beroep word sonder dat aan hom 'n kerk toegewys word wat hy sal dien nie".

"'n Bepaalde kerk" sien hier op die *plaaslike kerk* wat 'n vergadering van gelowiges is en wat op 'n bepaalde plek onder 'n kerkraad geïnstitueer is (vgl. Hand. 14:23). Dit het dus bepaalde geografiese grense.

Die beginsel word hier vasgehou dat 'n wettige roeping van 'n plaaslike kerk moet uitgaan, en daarvan word die reël afgelei dat 'n bedienaar aan 'n plaaslike kerk verbind moet wees. Die plaaslike kerk beroep (art. 4 en 5 K.O.) vir die arbeid (diens) binne sy eie grense. Hierdie beginsel word gehandhaaf teenoor Rome wat persone in die amp stel sonder om hulle aan 'n plaaslike kerk te verbind of om 'n bepaalde arbeidsveld aan hulle toe te sê. Eenmaal priester, altyd priester. Rome verbied 'n onvernietigbare karakter aan die priesterwyding.

Die amp kleef egter nie aan die persoon nie, maar bestaan primêr in die kerk wat hom tot die amp roep. God self het die ampte ingestel en die kerk die opdrag gegee om die ampsdraers

te roep. Die bedienare van die Woord moet dan ook aan 'n bepaalde plek verbind wees. Die roeping is vir dié doel.

Hierdie beginsel handhaaf ons ook teenoor dié van genootskaplike sendingarbeid, waar 'n genootskap 'n missionêre dienaar uitstuur wat nie aan 'n plaaslike kerk verbind is nie.

Die ampte in die kerk is bepaald nie algemeen nie. Net soos iemand nie ouderling of diaken kan wees nie, behalwe as om ouderling of diaken te wees van 'n plaaslike kerk, so is ook die predikantsamp, wat uit die ouderlingamp ontwikkel het, plaaslik bepaald.

Kragtens hierdie feit hoort dit ook so dat die predikant in sy gemeente sal woon soos duidelik deur verskillende Sinodes van die sestiende eeu uitgespreek is (vgl. dr. F.L. Bos, a.w., bl. 39).

3. Die uitstuur van 'n predikant deur die kerk.

Die beginsel wat die Kerkorde stel is dat 'n predikant altyd [76] verbonde is aan die kerk wat hom beroep het. In die reël moet hy op dié bepaalde plek gevestig wees. In hierdie artikel maak die Kerkorde egter ook voorsiening vir die uitstuur van 'n predikant om elders kerke te vergader. Die artikel beklemtoon egter die beginsel dat dit die *kerkraad* moet wees wat uitstuur om kerke te vergader. Hierdie beroepsreg kom nie aan deputate of meerdere vergaderinge toe nie. Die beginsel dat 'n predikant deur 'n plaaslike kerk beroep word (art. 3—5 K.O.), bly onverswak staan ook wanneer die *arbeidsveld* van die bedienare (bv. sendelinge) elders en buite die grense van die plaaslike kerk aangewys word.

Die uitstuur van predikante na arbeidsvelde buite die grense van die plaaslike kerke waaraan hulle verbonde is, is gegrond in die Skrif. Paulus en Barnabas is deur die kerk van Antiochië uitgestuur (Hand. 13:2, 3) en hulle het ook verslag van hulle werk aan die gemeente gedoen (Hand. 14:26, 27). 'n Uitgestuurde predikant bly dus altyd aan die plaaslike kerk wat hom beroep het gebonde, en hy is aan daardie kerkraad verantwoording verskuldig.

'n Paar kerke kan ook met die oog op die totstandkoming van kerke kombineer (sien verklaring by art. 5 en 38 K.O.) om 'n bedienaar uit te stuur sonder dat die beginsel aangetas word.

In ons land bestaan die toestand dat daar Gereformeerdes is wat in dele van die land woon waar nie Gereformeerde Kerke is nie en wat gewoonlik "verspreidwonende lidmate" genoem word. Wanneer 'n kerkraad kragtens art. 39 K.O. aangewys word om daardie gebiede te bedien, kan hy 'n bedienaar daarheen uitstuur, of 'n paar kerke kan kombineer om 'n bedienaar vir die doel uit te stuur, soos in die praktyk gedoen is in die Westelike Klassis Kaapland (vgl. Sinode 1955, art. 245 en Sinode 1961, art. 161).

Hierdie artikel reël ook die uitstuur van predikante met die oog op die sending, want Christus vergader sy kerk uit die ganse menslike geslag (Heid. Kat., Sondag 21).

4. Die kerkregtelike posisie van gestuurde predikante.

So 'n predikant is gebonde aan 'n bepaalde kerk, maar sy arbeidsterrein is nie binne die grense van die kerk nie en selfs miskien nie aan 'n bepaalde plek gebonde nie. Teenswoordig het dit in ons kerklike lewe betrekking op *missionêre bedienaars,* wat beroep en bevestig word deur 'n kerk en dan uitgestuur word na 'n arbeidsveld honderde myle daarvandaan, bv. na die Bantoetuislande. So 'n bedienaar is lidmaat van die kerk waaraan hy verbonde is en wat hom uitstuur. In die praktyk is daar probleme: hoe geskied die toesig oor so 'n bedienaar en waar gebruik hy die [77] sakramente? As deur sy arbeid reeds 'n gemeente (kerk) tot stand gekom het

onder die heidene, is hy nie lidmaat daarvan nie. “Hy is nie die predikant van die ‘sendinggemeente’ nie. Die sendinggemeente moet so gou doenlik sy eie predikant beroep” (Acta, Sinode 1964, bl. 278, 5 c (1)).

Die weg skyn te wees dat die kerk wat uitstuur ’n reisattestasie aan sy bedienaar afgee, wat hy indien by die naaste kerk aan sy werkkring. (In die reël is daar altyd nabygeleë kerke). Vir die gebruik van die sakramente en die toesig oor sy lewe is hy dan op dié betrokke kerkraad aangewys. Elke ses maande (of soos sy kerkraad waaraan hy verbonde is, mag reël) dien hy die reisattestasie, met gepaste getuienis van die kerkraad waar hy dit ingedien het, by sy kerkraad in. Hy moet tog van tyd tot tyd aan sy kerkraad verslag gaan doen van sy werksaamhede.

Dié probleme kan ook oorbrug word deur kombinasiesluiting. Kerk A wat uitstuur en wat honderde myle van die sendingterrein geleë is, kan kombineer met kerk B wat daar naby geleë is. Hoewel afstande hier ook ’n probleem skep vir gereelde gekombineerde kerkraads-vergaderinge, kan dit in die praktyk wel oorkom word deurdat elke kerkraad ’n gelyke aantal deputate afvaardig na die gekombineerde kerkraadsvergaderinge.

ARTIKEL 8.

TOELATING TOT BEDIENAARS VAN DIE WOORD VAN DIEGENE WAT NIE GESTUDEER HET NIE

Iemand wat nie gestudeer het nie, sal nie tot die diens van die Woord toegelaat word nie, tensy daar sekerheid is van sy buitengewone gawes, godsaligheid, ootmoedigheid en ingetoënheid, goeie verstand en onderskeidingsvermoë, sowel as gawes van welsprekendheid. As so iemand hom aanmeld, moet die klassis, as die partikuliere sinode dit goedvind, hom eksamineer en na gunstige bevinding hom vir ’n tyd lank privaat preekproewe laat lewer, om dan met hom te handel soos die klassis stigtelik oordeel.

1. Die geldende reël.

“Iemand wat nie gestudeer het nie, sal nie tot die diens van die Woord toegelaat word nie”. Hiermee word die normale weg aangedui. Die Gereformeerde Kerke het van die begin af ’n teologiese opleiding vir die heilige diens nodig geag. Dit wil egter nie sê dat almal wat gestudeer het, toegelaat word nie. Die kerk oordeel self [78] oor die bekwaamheid en geskiktheid vir die toelating tot die amptelike bediening (sien verklaring by art. 4). Verder maak ’n goeie opleiding aan ’n goeie teologiese skool nie noodwendig ’n goeie predikant nie. Nogtans is die nodige opleiding tog van die begin af noodsaaklik geag teenoor die Anabaptiste en andere wat beweer het dat dit onnodig is. Die vaders het nie vergeet dat Jesus sy dissipels drie jaar onderrig het voordat Hy hulle uitgestuur het as apostels nie; deur die voorsienigheid van God het Paulus aan die voete van Gamaliël gesit en is geskool voordat God hom tot sy groot taak geroep het; ook Paulus se opdrag aan Timotheus is: “en wat jy van my gehoor het onder baie getuies, vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer” (2 Tim. 2:2).

2. Die uitsondering op die geldende reël.

Eerstens: In buitengewone tye in die kerk kan dit gebeur dat daar ’n gebrek aan ten volle toegeruste bedienare ontstaan. Dit was byvoorbeeld die toestand in die tyd van die Reformasie, tydens die Afskeiding in 1834 en weer later tydens die Doleansie (1886); dit was ook die geval na

die afskeiding in Suid-Afrika in 1859. In sodanige tye moet die kerk die vryheid besit om sy bekwaamste manne toe te laat tot die diens van die Woord al ontbreek ŉ deeglike en sistematiese opleiding ook.

Tweedens: In sy vrymag skenk God aan sommige buitengewone gawes en bekwaamhede. So is daar enkelinge wat met singuliere gawes versier is en vir hulle word die weg wat tot die diens van die Woord lei in art. 8 aangedui.

Die reël is en moet altyd wees: Die wat geroepe voel tot die diens van die Woord, moet die voorgeskrewe studiekursus voltooi. Terselfdertyd moet die deur altyd oop wees vir diegene wat God genadiglik bekwaam vir diens sonder spesiale opleiding.

3. Die buitengewone gawes.

Hier word gespreek van "buitengewone gawes, godsaligheid, ootmoedigheid en ingetoënheid …" Volgens die oorspronklike Latynse teks van die Sinode van Dordrecht, 1618—1619, moet ŉ dubbelpunt (:) na "buitengewone gawes" geplaas word. Die huidige reaksie "tensy daar sekerheid is van sy buitengewone gawes, godsaligheid, ootmoedigheid en ingetoënheid, ens." wek die indruk asof die buitengewone gawes newegeskik of selfstandig naas die godsaligheid, ootmoedigheid, ens. staan. (Outoriteite wat die aandag vestig op die verkeerde interpunksie van die huidige redaksie van [79] art. 8, is Jansen, Bouwman, H.H. Kuyper en Heyns wat almal instem met bogenoemde interpretasie).

Die artikel hou rekening met die beginsel dat God ŉ bedienaar ook sonder voorafgaande studie kan bekwaam, maar dan moet *daar sekerheid wees van sy buitengewone gawes ten opsigte van godsaligheid, ootmoedigheid en ingetoënheid, goeie verstand en onderskeidingsvermoë sowel as gawes van welsprekendheid*. Hierdie regstreekse gawes van God is nie ŉ soort geleerdheid nie. Die woorde "sowel as" onderskei ook die soorte van buitengewone gawes. Die meeste gawes lê nadruk op die innerlike van die kandidaat terwyl die laaste (welsprekendheid) op sy vermoë die aandag vestig.

Godsaligheid (Latyn: pietas — vroomheid): wanneer iemand vol van die Heilige Gees is, vervul is van die vrees van God; dit is die hoofvereiste.

Ootmoedigheid (Latyn: humilitas — nederigheid): die godsaligheid moet juis tot openbaring kom in die ootmoedigheid omdat buitengewone gawes so maklik ŉ oorsaak tot hoogmoed en self-inbeelding kan wees.

Ingetoënheid (Latyn: modestia — sedigheid): die godsaligheid moet verder blyk aan die ingetoë lewe wat goed gebalanseerd en selfbeheersd is; hoogmoed, trotsheid en selfverheffing moet nie die persoon se karakter ontsier nie.

Goeie verstand (Latyn: excellens ingenium — skerp bevattingsvermoë): dit wil sê ŉ gesonde vermoë om die Skrif uit te lê en die diepe sin van die Skrif te verstaan, dus die gawe van Skrifverklaring (eksegese).

Onderskeidingsvermoë (Latyn: prudentia — die gawe van onderskeiding): dit is ŉ helder oordeel om die ware van die valse te kan onderskei en die nodige mensekennis om die nood van die harte te kan peil, om die Woord te kan toepas.

Gawes van welsprekendheid (Latyn: eliquentia — welsprekendheid); die bedoeling is nie dat hy vlot moet kan praat nie, maar dat hy sy gedagtes ordelik, logies, helder en juis moet kan uitdruk tot stigting van die hoorders.

4. Die weg waarlangs die toelating geskied.

Voordat die weg aangedui word waarlangs 'n ongestudeerde tot die diens van die Woord toegelaat kan word, moet op twee Sinodebesluite gelet word. Indien iemand hom volgens art. 8 K.O. sou aanmeld, besluit Sinode 1869 (art. 84): "Hij met ene aanbeveling der algemene vergadering waaronder hij behoort, zal komen tot het collegie der Curatoren, die over zijn al of niet toelaten zullen beslissen". Die Sinode 1888 (art. 36) het dit soos volg gewysig: [80] "Degenen, die niet gestudeerd hebben aan de Theologische School moeten, bij aanmelding tot het eksamen, voorsien zijn van attesten van aanprijsing van den persoon voor de Heilige Bediening, welke attesten verkregen moeten worden van den Kerkeraad en Algemene Vergadering, die het meest bekend zijn met zijn persoon".

Eersgenoemde besluit het verval aangesien deur die Sinode van 1964 (art. 50) besluit is dat die Kuratorium nie meer beroepbaar stel nie. Wat in die tweede besluit belangrik is, is die "attesten" wat van die *kerkraad* verkry moet word.

Die prosedure vir toelating is soos volg:

(i) So 'n persoon moet homself by die kerkraad van sy gemeente aanmeld met die oog op die getuienis aangaande die buitengewone gawes. Die kerkraad moet dan beoordeel of hierdie gawes aanwesig is.

(ii) Vervolgens gaan hy, as die kerkraad gunstig kan getuig, met hierdie getuienis na die klassis om ook daar getuienis ten aansien van sy buitengewone gawes te verkry. Die klassis beoordeel dan of hy die persoon by die partikuliere sinode kan aanbeveel.

(iii) Die partikuliere sinode, waarbinne die betrokke klassis ressorteer, ondersoek eers die getuienis van die kerkraad en klassis en daarna die persoon self om te verseker of die vereiste buitengewone gawes aanwesig is. Blyk dit bo alle twyfel wel die geval te wees, gee die partikuliere sinode verlof tot die preparatoir eksamen.

(iv) Die preparatoir eksamen (wat eers nog 'n *voorlopige* eksamen is) word afgeneem deur die klassis (volgens die Sinodebesluit van 1964 is dit voorlopig die partikuliere sinode) waar hy woonagtig is. Indien die *bevinding* gunstig is, bepaal die klassis dat hy vir 'n tyd lank private preekproewe moet lewer. Hy moet gedurende 'n redelike tyd preke maak en hulle aan bevoegde beoordelaars voorlê. Daarvoor kan die klassis 'n paar bekwame bedienare aanwys. Hulle kan die kandidaat (indien hulle dit goedvind) later onder toesig van die respektiewe kerkrade proefpreke in die kerke van die klassis laat voordra.

(v) Aan die einde van hierdie oefen-termyn sal die klassis dan handel soos hy stigtelik oordeel; dit wil sê dan vind die eindoordeel of die *eintlike preparatoir* eksamen plaas, op grond waarvan hy beroepbaar verklaar word vir die kerke, of nie beroepbaar verklaar word nie.

(vi) Word hy beroepbaar verklaar, ontvang hy preekkonsent om te proponeer. Ontvang en aanvaar hy 'n beroep, volg die peremptoir eksamen deur die klassis in die ressort waarvan hy die beroep aanvaar het.

[81] Geen bepalings is deur ons sinodes gemaak oor die *inhoud* van die eksamens nie, maar dit is duidelik dat dit dieselfde sal omvat as die eksamens soos dié in art. 4 K.O. gereël word (kyk verklaring by art. 4), behalwe dat ondervraging in die klassieke tale hier nie kan geskied soos in die geval van gestudeerdes nie.

'n Persoon kan wel die begeerte hê om die Here in die amp te dien, maar die kerk, in sy vergaderinge, moet beoordeel of hy daartoe geskik is en of hy die buitengewone gawes daarvoor

besit.

5. Versigtigheid by die toelating.

Uit die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in S.A. is dit duidelik dat uiters versigtig opgetree is by die toelating van persone tot die diens van die Woord onder hierdie artikel. Etlike aansoeke van persone om tot die gewone diens toegelaat te word, is sedert die begin van hierdie eeu van die hand gewys ondanks die feit dat daar 'n tekort aan predikante was. Heel aan die begin van hierdie eeu is twee persone toegelaat, albei tot die sending.

In die Gereformeerde Kerk onder die Bantoes moet veral daarteen gewaak word dat persone nie ligtelik volgens hierdie artikel tot die diens van die Woord toegelaat word nie. Alleen persone wat volgens die oordeel van die betrokke kerklike vergaderinge bekwaam en geskik is vanweë buitengewone gawes wat God genadiglik aan hulle gegee het, mag sonder die normale studie toegelaat word.

6. Die beginsel van die oefening van preekgawes deur kandidate in die teologie en ander.

In beginsel om preekgawes te oefen word deur die Kerkorde in hierdie artikel gereël.

a. Teologiese studente.

Voor die hersiening van die Kerkorde deur die Sinode van 1964, was die beginsel duidelik gestel in art. 20 K.O. (wat met hersiening verval het omdat die saak reeds in art. 8 gereël is) en dit het gelui: "In kerke waar persone is wat volgens art. 8 bekwaam geag is om vir die diens van die Woord voorberei te word, moet vir hulle die gebruiklike preekoefeninge ingestel word". As dit ook van toepassing gemaak word op teologiese studente wat vir die diens van die Woord *voorberei* word, word bloot uitvoering aan hierdie beginsel gegee. Bostaande Sinodebesluit van 1885 was dan ook gegrond op die vroeëre art. 20. In hulle motivering vir die verval van die ou artikel 20, sê die deputate vir die hersiening [82] van die Kerkorde: "Om 'n spesiale artikel vir preekverlof aan studente hier in te voeg, verhef dit tot 'n kerklike diens. Dit kan goedskiks deur sinodale besluite gereël word, omdat die beginsel van preekoefening aan die K.O. byvoorbeeld in artikel 8 bekend is" (Acta 1964, bl. 69).

Hierdie oefening van hulle preekgawe is geen amptelike Woordbediening nie (vgl. art. 4 K.O.).

b. Proponente.

Proponente (dit wil sê teologiese studente wat na voltooiing van hulle studie voorbereidend (preparatoir) deur 'n kerklike vergadering geëksamineer is en beroepbaar gestel is), mag in die Gereformeerde Kerke preek met die oog op 'n beroep. Aan proponente word dus "preekkonsent" verleen hoewel dit nog nie *amptelike* Woordbediening is nie. Dat dit egter van vroeg af die karakter van "preek" (Woordbediening) gehad het, blyk uit die besluite hieroor (Veere 1610; 's-Gravenhage 1586; Haarlem 1606; Middelburg 1896) (vgl. dr. F.L. Bos, a.w., bl. 12, 14, 15).

Die nie-amptelike karakter van die optrede van proponente is altyd sterk gehandhaaf. Hulle mag hul nie aanmatig om sakramente te bedien ('s-Gravenhage 1586), of huwelike te bevestig (Veere, 1610), of katkiseer nie ('s-Gravenhage, 1663) (vgl. F.L. Bos, a.w., bl. 13). Op die vraag of 'n proponent 'n huwelik mag bevestig, nadat hy as proponent deur die *staat* as huweliksbevestiger aangestel is, antwoord die Sinode (Acta 1936, art. 91): "dat volgens die Gereformeerde Kerkreg 'n proponent huwelike nie kan bevestig nie, omdat hy nie in die volle bediening van die Woord staan nie".

c. Preekverlof aan persone wal nie geproponeer het nie.

Twee universiteitsprofessore (P.U.K. vir C.H.O.) het in ons kerklike lewe "preekkonsent" gehad. So vind ons in die Acta van die Sinode van 1936, artikel 19; "Besluit dat proff. F. Postma en J.C. van Rooy preekkonsent sal bly behou, weens die buitengewone omstandighede waaronder dit verleen is, en omdat die kerk dit destyds gegee het sonder enige stipulasie — 'n voorreg wat al strek oor 'n tydperk van 25 en 19 jaar respektiewelik. Hierdie vergunning word verleen onder die volgende voorwaardes . . ."

Ook S.J.P. Kruger, staatspresident van die Z.A.R., het verlof tot bediening van 'n stigtelike woord gehad.

7. Die toelating van blindes.

'n Blinde broeder het die Sinode van 1888 (art. 85) versoek om [80] as bedienaar van die Woord toegelaat te word onder art. 8 K.O. Hierop is besluit: "De Synode vereenigt sich met het gevoelen der oude Geref. Kerk, uitgesproken in de Synode te Middelburg (Nederland), anno 1581 in die 51e vraag, luidende: 'of het raadzaam is eenen persoon, gansch blind zijnde in den dienst des Woords te stellen en wat men doen zal met degenen, die alreeds daarin zijn?' Antwoord: Neen, ten ware dat uitnemende geleerdheid en gaven bij hem waren, en nog niet ligtelik. En aangaande die alreeds in den dienst zijn, zal de Classis naarstig acht nemen of zij met stichting dienen; en zoude wel noodig zijn dat zij gesteld of gevoegd wierd en nevens anderen, die hun gezicht hebben". So word besluit om "deswege de beoordeling van een zoodanig geval, te verwijzen naar den Kerkeraad en de Algemeene Vergadering respectief, met inachtneming van het hierboven geschrevene uit de Synode van Middelburg, anno 1581, en met de opmerking dat het onder onze toestanden, zoo niet geheel onmogelijk, dan tog allerbezwaarlijkst moet geacht worden".

Die Sinode van 1961 (art. 73) het volstaan met die besluit van die Sinode van 1888, en dit ook van toepassing gemaak op blinde persone wat wel die vereiste studie en opleiding voltooi het. Ten opsigte van hierdie gevalle moet baie versigtig opgetree word omdat die gebruik van die oë in die reël vir 'n predikant onmisbaar is.

ARTIKEL 9.

TOELATING VAN PREDIKERS UIT ANDER KERKE OF SEKTES

Predikers wat uit ander kerke of een of ander sekte aansluit, sal nie tot die kerkdiens toegelaat word nie, behalwe met groot versigtigheid, en dit eers nadat hulle vir 'n sekere tyd goed beproef is.

1. Redaksioneel.

In die ongewysigde Kerkorde van Dordt lees art. 9 soos volg: "Nuwelinge, mispriesters, monnike en persone wat een of ander sekte verlaat, sal nie tot die kerkdiens toegelaat word nie, behalwe met groot sorgvuldigheid en versigtigheid, nadat hulle ook vir 'n sekere tyd eers goed beproef is". Die Sinode van 1964 (art. 38) het dit gewysig tot die huidige redaksie.

"Nuwelinge, mispriesters, monnike", is 'n verouderde uitdrukking en sien op die moeilikhede wat die kerke van die Reformasie gehad het met die nuwelinge (persone wat die pousdom of 'n sekte verlaat het), mispriesters (geordende Roomse priesters wat [84] rondgetrek het om Woord en Sakrament te bedien, sonder dat hulle aan 'n bepaalde standplaas verbind was) en monnike ('n soort derde stand tussen klerus en leke).

Die kerk hier te lande het nie meer met dié probleme betreffende toelating tot die diens te doen soos die waarvan in die ou redaksie van art. 9 K.O. melding gemaak word nie. Daarom die nuwe redaksie "predikers uit ander kerke" om die normale en enige situasie te dek, terwyl die beginsel dieselfde bly. Hierdie artikel, gesien in sy verband met die voorgaande en volgende artikels, handel oor bedienare van die Woord. Daarom is "predikers" ook 'n duideliker formulering. Meteen is dit ook duidelik dat "kerkdiens" in die artikel nie sien op die drie ampte in die kerk nie, maar dat dit alleen op die diens van die Woord betrekking het.

2. Beginselstelling.

Oor die toelating tot die diens van die Woord moet die kerke sorgvuldig waak. Die apostel Paulus vermaan Timotheus: "Moenie iemand haastig die hande oplê nie..." (1 Tim. 5:22). "Hy moet nie 'n nuweling wees nie, sodat hy nie verwaand word en in dieselfde oordeel as die duiwel val nie" (1 Tim. 3:16). Niemand mag tot die heilige bediening toegelaat word wie se bekwaamheid, geskiktheid en godsaligheid die kerk nie ten volle oortuig nie. Dit gebeur meermale dat predikers uit ander kerke aansoek doen om toegelaat te word tot die diens van die Woord. Ook persone wat een of ander groep of sekte verlaat en voorgee dat hulle van standpunt verander en van hulle dwalinge genees is, mag toegang soek. Wat laasgenoemde betref: "In baie gevalle, nogtans, jammer om te sê, het dit geblyk onopreg te wees. Dit het geblyk dat die betrokkenes alleen 'n lewensbestaan gesoek het" (Van Dellen en Monsma, a.w., bl. 48).

3. Die toelating moet met groot versigtigheid geskied.

Reeds in die beginjare toe die omstandighede moeilik was waarsku die Sinode van 1869 (art. 118): "Degenen die van buiten tot ons zouden willen of ook reeds mogten overkomen, proponenten of reeds leeraaren zijnde, beveelt de Synode ten ernstigste aan, die voorsigtigheid voorgeschreven in Artikel 9 der Dordsche kerkorde". Uit die Sinode van 1918 blyk dat eerwaarde X (sendeling N.G. Kerk) skriftelik aansoek gedoen het om as predikant opgeneem te word sonder die gewone weg van eksamens, maar deur middel van 'n "colloquium doctum" (art. 49). Dit is nie toegestaan nie, "aangesien applikant nie die vereiste studiekursus deurgemaak [85] het nie, deur die eerwaarde Sinode voorgeskrywe" (art. 112).

In die Kerkorde van die Christian Reformed Church (V.S.A.) lui hierdie gedeelte van art. 9: Persone sal nie toegelaat word nie "until they have been declared eligible, after careful examination, by the Classis, with the approval of Synod". Die Sinode van Dordrecht, 1574, het reeds besluit: "Die monniken ofte Papen geweest zijn, en zich tot de Kerkendiens begeeren te begeven zal met niet toelaten dan van die Classe geexamineert zijnde ..." (Art. 20).

Sodanige persoon moet hom met sy aansoek wend tot die klassis (saam met die deputate van die partikuliere sinode) wat beroepbaar stel. (Volgens besluit van die Sinode van 1964 geskied dit nog voorlopig deur die partikuliere sinode). Dié betrokke vergadering moet dan 'n deeglike ondersoek instel na: die motiewe wat die persoon tot so 'n stap beweeg het; die bekwaamheid en geskiktheid vir die diens van die Woord (waarby die beginsels van art. 8 K.O. sekerlik in ag geneem kan word); die standaard van opleiding, waarby gewaak moes word dat dit nie van 'n laer standaard as die opleiding van eie Teologiese Skool is nie; die tyd wat die persoon lidmaat van die Gereformeerde Kerk is, want die beweegrede moet nie wees om hom by die kerk te voeg om daar *predikant* te wil wees nie (moontlik vir lewensonderhoud); hy moet eers belydende lidmaat wees, eers die eenheid van die geloof bely en uit oortuiging die Gereformeerde Kerk liefhê; die getuienis (attestasie) van die Gereformeerde Kerk waar hy lidmaat is, deeglik kontroleer.

Sou die betrokke vergadering gunstig oordeel nadat deeglik ondersoek ingestel is, stem hy

toe tot 'n *voorlopige* preparatoir eksamen. Verloop laasgenoemde gunstig vir die aansoeker, volg die *proef tydperk,* want die bepaling lui: *"en dit eers nadat hulle vir 'n sekere tyd goed beproef is"*. (Hier kan die beginsels van art. 8 K.O. weer in ag geneem word). Die duur van die proef tydperk moet deur elke vergadering vasgestel word. In die tyd sal privaat-preekproewe (vgl. by art. 8) gelewer moet word en sal dit ook wenslik wees om praktiese werk in die kerke van die klassis te verrig, veral ook met die oog daarop om vas te stel of daar aanpasbaarheid is.

Aan die einde van die "sekere *tyd"* waarin die aansoeker "goed beproef is", sal die klassis (tans partikuliere sinode) dan handel soos hy stigtelik oordeel, dit wil sê, dan vind die *eintlike preparatoir* eksamen plaas, waardeur hy *beroepbaar* verklaar word vir die kerke, of nie beroepbaar verklaar word nie.

Word hy beroepbaar verklaar, volg na aanvaarding van 'n beroep, die peremptoir eksamen deur die klassis in die ressort [86] waarvan hy die beroep aanvaar het, saam met die deputate van die partikuliere sinode.

Hierdie eksamens sal dieselfde omvat soos gereël in art. 4 K.O.

ARTIKEL 10.

VERTREK VAN'n PREDIKANT VAN EEN KERK NA 'n ANDER

> *'n Bedienaar van die Woord wat eenmaal wettig beroep is, mag die kerk waaraan hy verbonde is, nie sonder bewilliging van die kerkraad met die diakens en toestemming van die klassis verlaat om op 'n ander plek 'n beroep op te volg nie; en geen ander kerk mag hom ontvang voordat hy van die kerk en klassis waar hy gedien het, wettige getuienis van sy losmaking getoon het nie*.

1. Historiese agtergrond.

Oorspronklik het art. 10 gelees: "Een Dienaar, eens wettelycken beroepen zijnde, mach de Ghemeente, daer hij sonder conditie aangenomen is, niet verlaten..." Die woorde, "sonder conditie" (voorwaardes), is eers deur die Sinode, 1905, in Holland weggelaat. In die vroeë dae van die Gereformeerde Kerke in Holland is dikwels kondisioneel (voorwaardelik) beroep. Dit het uit die nood van die tye voortgevloei. Sommige predikante is vanweë vervolging verdryf, of moes ter wille van hulle lewe vlug, soms buite die landsgrense. Sommige kerke en vlugtelingkerke wat die dienste van sodanige vlugtelingpredikante begeer en hulle beroep het, het bepaal dat hulle diens tydelik was en dat hulle kon terugkeer na hulle kerke sodra toestande dit sou toelaat. Vanweë swak en ongereelde opleiding is persone wat nie aan die kerke goed bekend was nie, vir 'n tyd lank op proef beroep. As by verstrek van dié tyd die twee partye mekaar nie bevredig het nie, het hulle uitmekaar gegaan. In noodtoestande is kondisionele beroepe toelaatbaar. Die skriftuurlike weg is egter dat beroepe lewenslank geld. 'n Klassis sal dan ook 'n kondisionele (voorwaardelike) beroep alleen onder baie buitengewone omstandighede en om baie gewigtige redes goedkeur.

2. Die goedkeuring by 'n beroepsbeslissing in die plaaslike kerk.

'n Bedienaar wat volgens art. 4 en 5 K.O, beroep en bevestig is, mag daardie kerk nie verlaat nie. "Verlaat" sien hier op [87] trouelose verlating van sy diens. Hierdie band mag dus nie sonder gewigtige redes en sonder wedersydse toestemming losgemaak of verbreek word nie. Wanneer 'n predikant 'n beroep na 'n ander kerk wil opvolg, kan dit *nie sonder die bewilliging van die kerk-*

raad met die diakens geskied nie. Die kerkraad met die diakens het beroep (art. 4, 5 K.O.) en dit is logies dat hulle ook losmaking moet verleen. Die band tussen bedienaar en gemeente is wedersyds bindend van karakter. Daaruit volg dat dit ook alleen met wedersydse goedvinde ontbind kan word. Die bedienaar of die kerkraad kan nie alleen beslis nie. Hulle moet saam onderlinge oorleg pleeg.

Wanneer 'n predikant 'n beroep ontvang, behoort hy soos volg op te tree:

(i) hy deel dit aan die kerkraad en die diakens mee en vra hulle of daar beswaar is dat hy die beroep oorweeg en watter feite hulle in die oorweging van die beroep aan hom wil voorlê. Daarna oorweeg hy die beroep en kom tot 'n *voorlopige* beslissing.

(ii) Hy deel vervolgens sy voorlopige beslissing aan die kerkraad mee en vra hulle oordeel. Dan het die kerkraad en die diakens ondertussen ook die geleentheid gehad om die saak rustig te oorweeg.

(iii) Die artikel gee geen reëling nie ingeval die bedienaar van Godsweë oortuig is dat hy moet bly maar die kerkraad oordeel egter om *gegronde* redes (geen persoonlike gevoelighede nie) dat dit én vir die bedienaar én vir die gemeente beter sou wees dat hy die beroep opvolg. Die bedienaar behoort ernstig met hierdie advies rekening te hou. Indien verskil van mening tussen die partye bly voortbestaan, (ook as die bedienaar die beroep wil opvolg en die kerkraad nie daartoe wil bewillig nie), is dit gerade om die advies van die klassis in te win.

(iv) Indien die bedienaar genoegsaam redes aanvoer waarom hy die beroep moet opvolg om die kerkraad en diakens sy besluit te laat bewillig, word *eervolle* losmaking verleen.

(v) Dit is wenslik dat die konsulent as voorsitter optree in die vergadering wat moet oordeel oor die voorlopige beslissing van die bedienaar (vgl. die beginsel in art. 33 K.O.).

(vi) By die oorweging van die beroep is dit wenslik om rekening te hou met die advies van die Sinode van 1945: "Die Sinode ag dit *nie wenslik* om 'n leraar wat nog geen twee jaar in sy gemeente werksaam is, te beroep nie, aangesien die kort bediening in stryd is met die belange van die gemeente" (art. 89 (a)).

Wanneer 'n predikant eers 'n beroep aanvaar, die kerk wat beroep het daarvan in kennis stel en dit dan bloot in die kerk waar hy dien, afkondig, tree hy in stryd met die betekenis van art. 10 K.O. op. So 'n handelswyse is onordelik, het 'n sweem van [88] hiërargie en is minagting vir die wettige regering in die kerk van Christus.

3. Die toestemming van die klassis.

Die toestemming van die klassis is nodig omdat die kerkverband ook besliste belang het by die vertrek van 'n predikant van een kerk na 'n ander. Daar mag omstandighede wees wat 'n klassis verplig om toestemming te weier, bv. te veel vakante kerke in sy ressort, ens. Sodanige weiering sal uiteraard nie te dikwels voorkom nie. Daarom kan die predikant die roepende kerkraad meedeel dat sy kerkraad bewillig het dat hy die beroep kan opvolg en dat hy die toestemming van die klassis afwag.

Ooreenkomstig die besluit van die Sinode van 1904 (art. 132) tree twee deputate elk van twee genabuurde kerkrade saam met die konsulent as klassikale deputate by die losmaking van predikante op. Hierdie deputate moet die nodige stukke nagaan, en indien dit in orde bevind word, onderteken hulle dan die akte van losmaking as toestemming van die klassis. Hulle moet verder aan die korresponderende kerkraad van die klassis kennis gee van die ordelike losmaking van die predikant. Die korresponderende kerkraad stel op sy beurt weer die kerkverband in

kennis van die losmaking.

Die stukke waaroor die klassikale deputate moet oordeel, is: die beroepsbrief, afskrif van die brief waarin die beroep voorlopig aanvaar is en die kerkraadsnotule waarin die aanname van die beroep bewillig is, met die beweegredes daartoe.

Volgens die huidige gebruik maak die deputate met die beroep en die redes wat tot die aanvaarding daarvan gelei het eers kennis wanneer hulle by die losmaking optree. Die mandaat van hierdie deputate is ook nie duidelik omlyn nie. Dit gebeur daarom dikwels dat hulle losmakings bewillig wat die bediening in die klassis lam lê, of bewillig tot losmaking van predikante wat nog opdragte, wat die klassis aan hulle opgedra het, moet uitvoer. Met die vertrek van sodanige predikante word die werk van die klassis vertraag. Klassisse behoort die mandaat van hierdie deputate wat namens hulle optree, duidelik te omlyn (vgl. art. 49 K.O.).

Die Sinode van 1904 het besluit dat die reiskoste van die klassikale deputate by die losmaking van 'n predikant, gedra word deur die gemeente wat beroep het (art. 132, 116).

4. Die kerk wat ontvang.

'n Predikant moet aan die kerk waarin hy bevestig sal word die *aktes van ontslag* van die kerk en die klassis waarin hy gedien het, voorlê. Hierdie aktes moet volgens art. 5 K.O. goeie kerklike [89] getuienis ten opsigte van die leer, lewe en ampsbediening bevat. Die getuienis van die kerkraad is die attestasie van die leraar (vgl. verder by art. 5 K.O.).

Indien 'n predikant sy akte van losmaking ontvang het en nog nie in die kerk wat beroep het, bevestig is nie, bly hy verbonde aan die kerk waarvandaan hy vertrek. Sy losmaking van dié kerk word van krag wanneer hy ten volle verbind is aan die kerk wat hom beroep het. Dit is nodig dat 'n duidelike stipulasie hieroor in die akte van ontslag gemaak word. In die "konsep van losmaking van vertrekkende dienaars", wat in die kerklike lewe tans in gebruik is, lui dit: "Hierdie ontslag sal ingaan op die dag waarop hy hom aan die Gereformeerde Kerk... ten volle verbind".

Dit is dus nodig dat met die instemming van al *drie* partye hierdie saak gereël moet word. Die kerk wat beroep het, moet kennis neem van die datum van losmaking. Die kerk waarvandaan die bedienaar vertrek, moet kennis neem van die datum van bevestiging. Indien een van die partye beswaar het, moet nadere oorleg gepleeg en tot 'n vergelyk gekom word.

Die besluit van die Sinode van 1879 (art. 133) dat "wanneer 'n leeraar oordeelt dat hij binnen één jaar moet vertrekken, dan zal de roepende gemeente de onkosten teruggeven die door de gemeente om hem te verkrijgen, gemaakt waren", is nog van krag hoewel in die praktyk daar weinig van tereg kom.

ARTIKEL 11.

ONDERHOUD EN ONTSLAG VAN PREDIKANTE

Die kerkraad wat die kerk verteenwoordig, is verplig om sy bedienaars van die Woord met behoorlike onderhoud te versorg en mag hulle nie die onderhoud weerhou of hulle uit hulle diens ontslaan sonder kennis en goedkeuring van die klassis en met advies van die deputate van die partikuliere sinode nie.

1. Die verpligting tot behoorlike onderhoud.

Vroeg in ons kerklike lewe in Suid-Afrika het vrae in verband hiermee na vore gekom. Die

Sinode van 1869 het besluit: “De Synode oordeelt dat de Christelijke kerk gebonden is hare eigene leeraren te verzorgen volgens Gal. VI:6 en Kerke Orde van Dordrecht 1618 en 1619, art. 11, en acht het dus voor predikanten en gemeenten ongeoorloofd gouverments ondersteuning te vragen, of aan te nemen; zij verzoekt ook elke gemeente en leeraar, die het reeds mocht [90] genieten er vervolgens voor te bedanken” (Acta, art. 106). In die “Verzameling van die Algemeene Bepalingen der Synoden”, soos vasgestel deur die Sinode van Reddersburg, 1876, word by bostaande besluit die volgende opmerking gevoeg: “Hierbij zij opgemerkt, dat de kerkeraad van Reddersburg, die het eenige jaren genoten had, bedankt heeft voor het Gouvernementssalaris.

“Tevens, dat nooit eene andere gemeente het begeerd noch ontvangen heeft, ja zelfs dat de leeraar Postma en de opzieners in de Zuid-Afrikaansche Republiek er plechtig voor bedankt hebben toen het hun door den Uitvoerenden Raad werd aangeboden in het jaar 1860” (art. 45; vgl. ook B. Spoelstra: *Die Doppers in Suid-Afrika 1760—1899,* bl. 206, 213 en 214).

Vanweë die haglike finansiële omstandighede waarin die Vrystaat verkeer het, het die regering in 1879 toelaes aan kerke wat dit wou ontvang, aangebied. As gevolg van die ekonomiese nood kon die Gereformeerde Kerk nie die beginselvaandel bly hooghou nie. In 1881 het die Volksraad op aansoek aan Fauresmith £100 toegesê, gevolg deur Boshoff, Vredefort, Ladybrand en Ventersburg. In 1893 vra selfs Reddersburg weer staatstoelae aan. Vanaf 1895 tot 1899 het die Volksraad £1000 per jaar aan die Gereformeerde Kerke in die O.V.S. uitgekeer (vgl. B. Spoelstra, a.w., bl. 214—6).

Die Algemene Vergadering O.V.S. het die Sinode, 1894, gevolglik gevra of die gemeentes in hierdie staat gebruik mag maak van die gunstige geleentheid om geldelike bydrae van die regering van die O.V.S. te verkry ten behoewe van die gemeentes. Petrusburg vra of dit ’n kerkraad vry staan om “Gouvernement”-ondersteuning te vra en te ontvang; en Reddersburg vra of die gemeente nie vrygelaat kon word om daarvan gebruik te maak of nie. “De Synode oordeelt dat de Christelijke Kerk gebonden is hare leeraren te versorgen volgens Gal. 6 en Artikel 11 van onze Kerkorde, maar is eene Christelijke regering gewillig de kerken daarin onvoorwaardelijk te hulp te komen, dan mag die hulp wel met vreugde genoten worden volgens Artikel 36 der Geloofsbelydenis en Artikel 28 Dordsche Kerkorde” (art. 133). Dit was ’n besluit met meerderheid van stemme! Die Sinode van 1897 word versoek om bogenoemde besluit te hersien aangesien dit in stryd met die Gereformeerde beginsel is. Die Sinode handhaaf sy vorige besluit en oordeel dat dit nie ongereformeerd is nie (art. 171); ook die Sinode van 1904 (art. 41) handhaaf weer die besluit van 1894.

Die beginsel in art. 11 neergelê is: *die plaaslike kerk is verplig om sy bedienare van die Woord, met behoorlike onderhoud te versorg* omdat dit op gronde aan die Skrif ontleen, berus. Christus self het hierdie verpligting opgelê. Dit blyk kortliks uit die volgende:

die bedienaars van die Evangelie moet onderhou word deur [91] diegene onder wie hulle arbei, Matth. 10:10: “want die arbeider is sy voedsel werd”; Lukas 10:7: “want die arbeider is sy loon werd”;

dit is volgens die ordinansie van Christus, wat in die natuur (1 Kor. 9:7), in die wet van Moses (vs. 9—10), in die geestelike reg (vs. 11—12) en in die sorg vir die priesters in die Ou Testament (vs. 13) gegrond is om van die Evangelie te lewe: “So het die Here ook vir die wat die evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die evangelie moet lewe” (vs. 14);

die nalatigheid insake hierdie verpligting word ernstig berispe, en dit word ’n bespotting van

God genoem, wat deur Hom gestraf sal word (Gal. 6:6—8).

Die bedienare word in hulle lewensonderhoud versorg. Dit is iets anders as die loon of salaris van arbeiders of amptenare. Die diens van Christus kan nie betaal word nie. Christus neem sy bedienare geheel in die diens van sy kerke sodat hulle nie in eie lewensonderhoud kan voorsien nie. Dit is nie benede die waardigheid van enige iemand om enige beroep te volg of werk te doen nie. Dit was nie benede die waardigheid van Paulus om 'n tyd lank as tentmaker in Korinthe te werk nie. Ons moet egter onthou dat Paulus op dié wyse in sy eie lewensonderhoud voorsien het vanweë die kritiese en slegte gees wat daar geheers het; en hy het nie van sy reg tot onderhoud gebruik gemaak nie, maar alles verdra om geen hindernis vir die Evangelie te veroorsaak nie (vgl. 1 Kor. 9:12). Dit sal nie benede die waardigheid van enige predikant wees om in 'n kantoor of fabriek, ens., te werk nie, maar dit is ongeoorloof omdat alle kragte, energie en tyd gegee moet word aan sy roeping.

Christus het die sorg vir die onderhoud van die bedienare met hulle gesinne aan die kerke opgedra. Hy het dit duidelik *bepaal* dat dié wat die Evangelie verkondig, van die evangelie moet lewe (1 Kor. 9:14). Art. 11 spreek dan ook nie van loon nie, maar van *"behoorlike lewensonderhoud"* (Latyn: stipendia justa, d.i. besoldiging wat reg en billik is). Voorts is die traktement geen liefdegawe nie, maar verskuldigde lewensonderhoud. Die arbeider is sy voedsel werd (Matth. 10:10; Lukas 10:7).

Die lewensonderhoud wat nodig is, sal grootliks verskil van predikant tot predikant. Dit sal afhang van die grootte van die gesin, of daar baie en langdurige siekte is, of daar baie studieskulde is, of die predikant getroud of ongetroud is, ens. Elke kerkraad moet hom deeglik vergewis van die omstandighede van sy predikante) en toesien dat die onderhoud sodanig is dat hy sonder sorg kan lewe. (Vir die gelykheid in versorging waar meer as een predikant aan 'n gemeente verbonde is, vgl. by art. 17 K.O., pt. 2). [92] Dat dit nie altyd gedoen word nie, word bewys deur die aanbeveling deur die Sinode van 1949 (art. 110): "dat elke gemeente na vermoë rekening moet hou met die heersende noodsaaklikheid om hoë lewenskoste te bestry, asook allerlei ander plaaslike of tydelike omstandighede, te veel om hier op te noem. Behoorlike voorsiening moet, afgesien van bostaande, gemaak word vir reisgeriewe en wel op sodanige wyse dat die predikant in staat gestel word om die gemeente intensief te bearbei".

Is predikante verplig om vir hulle eie traktement by te dra? Dit is in stryd met die Skrif en met die bepaling in art. 11 K.O. In die Ou Testament het die Here reeds bepaal dat die priesters, wat nie saam met die ander stamme geërf het nie en dus nie 'n eie bron van bestaan ontvang het nie, van die altaar moes lewe (Numeri 18:20; Deut. 18:1 e.v.). Volgens 1 Kor. 9:13—14 geld dieselfde beginsel ook in die kerk van die Nuwe Testament. Op grond hiervan is dan ook tereg in art. 11 K.O. bepaal: "die kerkraad wat die kerk verteenwoordig, is verplig om die bedienaars van die Woord met behoorlike onderhoud te versorg". Selfs is dit billik dat alle belasting aan die staat, wat voortvloei uit die traktement, deur die kerkraad betaal word sodat die traktement vir die onderhoud van die predikant en sy gesin beskikbaar bly. Vir die onderhoud van die kerkdiens in die algemeen en vir die arme het die predikant as lid van die kerk 'n sedelike verpligting om ook by te dra. As hy op een of ander wyse 'n inkomste buite sy traktement het, geld vir hom, net soos vir enige lid van die kerk, dat hy ook daarvan sal bydra vir kerk en arme, ens. Vir die *onderhoud* van die bedienaar van die Woord rus die verpligting egter op die lidmate van die kerk. "Die kerkraad, wat die kerk verteenwoordig" sê die artikel — die kerkraad, nie as 'n bestuur van 'n vereniging, of as 'n kollege wat bokant die kerk staan en daar buite om handel nie, maar in dié sin dat die kerkraad die hand is waardeur die kerk (gemeente) werk, die mond waardeur hy

spreek. Die kerkraad is geroepe om die gemeente te regeer en alles aan te wend ten behoewe van die welsyn en opbou van die gemeente. Hy is aan Christus verantwoording verskuldig en moet die gemeente deurdring van sy roeping, ook van die verpligting wat dit het t.o.v. die onderhouding van die diens van die Woord.

2. Die kerklike sustentasie.

Klein en finansieel swak kerke, wat nie alléén in die behoorlike versorging kan voorsien nie, moet uit *liefde* deur die beter bedeelde kerke ondersteun word. Dit rus op die voorbeeld wat in [93] Rom. 15:26, 1 Kor. 16:1 e.v. en 2 Kor. 8:1 e.v. en 19 genoem word, nl. dat die meer gegoede kerke van Macedonië en Achaje 'n kollekte gehou het vir die arm kerke in Jerusalem en Judea. Sodanige hulp of sustentasie geskied uit Christelike liefde en mededeelsaamheid teenoor die susterkerke. "Het is geensins eene uitkeering tot welke men rechtens zou verplicht zijn en die door de kerken in meerdere vergadering zou kunnen opgelegd worden. De kerken in meerdere vergadering kunnen wel uitspreken wat zij recht en billik achten, maar zij kunnen de kerken in het bepalen der predikantstraktementen en in het bijdragen in den nood der zusterkerken niet dwingen" (Bouwman, a.w., bl. 456). Die liefde van Christus en die besef van roeping moet dwing, maar nooit dwang van buite nie. Verpligte ramings vir sustentasie bring die beginsel van die liefde en die roepingsbesef in die gedrang. Die beginsel van vrywilligheid mag hier egter nie tot eiewilligheid lei nie.

Rutgers (a.w., bl. 74) sê dat, in die geval van 'n kerk wat inderdaad arm is, 'n predikant wat eie middele besit, self geheel of ten dele vir sy eie onderhoud kan en mag sorg. Dit is egter nie in die belang van so 'n kerk om op dié wyse van die besef van sy verpligting onthef te word nie, en dit kan oorsaak word dat die kerk meer waarde heg aan die stoflike voordeel wat sy predikant hom bied, as aan die geestelike goedere waarom dit tog eintlik gaan.

3. Die wettige ontslag (losmaking) van predikante.

Die Kerkorde van 's-Gravenhage, 1586, bepaal dat kerke hulle predikante "niet verlaten", d.i. nie mag laat vaar, verstoot of ontslaan nie. Die Kerkorde bepaal dus dat die ontslag nie sonder kennis en goedkeuring van die klassis en met advies van die deputate van die partikuliere sinode mag gebeur nie. Daar is dus wel gevalle waar ontslag ordelik kan geskied.

a. Die moontlikheid van ontslag.

Vooraf moet duidelikheidshalwe gestel word dat hierdie artikel nie toegepas mag word nie in gevalle van: wangedrag of onsuiwerheid in leer of lewe, want dié val onder die tug van art. 79 en 80 K.O.; 'n begeerte van 'n kerkraad en gemeente om weens allerlei onwettige redes, maar net van hulle predikant ontslae te raak.

Art. 11 K.O. is vir 'n geheel eiesoortige geval, nl. dié waarin veral deur die "skuld" van beide partye, die verhouding tussen kerkraad en gemeente aan die een kant en die predikant aan die ander kant so gespanne is dat die toestand onhoudbaar geword [94] het en daar nie meer sprake van is dat die predikant verder met seën daar kan werk nie. Dit kan wees omdat die predikant wel gawes het om 'n gemeente vir 'n kort periode, maar nie vir baie jare met stigting te dien nie, of omdat die karakters nie bymekaar pas nie, ens., terwyl tog nie een van die partye hulle aan sensurabele sonde skuldig maak nie.

In die 16e en 17e eeue het die klassis meermale sodanige bedienare na ander kerke verplaas. Dit is tereg gestaak, omdat dit nie 'n Gereformeerde beginsel is nie, maar 'n Roomse hiërargiese beginsel. So 'n verplasing is ook in stryd met die roeping tot die heilige diens. Daar is altyd gemeentes waar 'n middelmatige predikant lank dien en waarin die lidmate graag 'n ver-

andering sal wil sien. Die band tussen bedienaar en kerk mag egter alleen vanweë groot en gewigtige redes losgemaak word.

b. Die prosedure van ontslag.

Ontstaan 'n absoluut onhoudbare toestand tussen kerkraad en gemeente aan die een kant en die predikant aan die ander kant, is ontslag moontlik deur die kerkraad (en ook hier met die diakens, want hulle het meegewerk toe die predikant aan die gemeente wettig verbind is, art. 4 en 5 K.O.) met kennis en goedkeuring van die klassis en met advies van die deputate van die partikuliere sinode.

Ontvang so 'n predikant "ontslag uit die diens" van die kerk waaraan hy verbind is, moet die klassis aan die ander klassisse van die kerkverband per geslote koevert berig dat N.N. in sy kerk nie langer met seën kan dien nie, maar dat hy 'n ander kerk wel nog met vrug kan dien, en daarom word hy by die kerke van die klassis aanbeveel. In die bekendstelling moet vermeld word wat die aanleidende oorsaak was tot die losmaking om te voorkom dat die predikant die slagoffer van verdagmaking kan word.

c. Die posisie van die ontstane bedienaar.

'n Predikant wat op dié wyse ontslaan is, is *nie afgesit* nie. Hy bly predikant van die kerk wat hy gedien het, maar hy is onthef van die uitoefening van die regte en pligte van die predikantsamp in dié betrokke kerk. Hy is nog beroepbaar deur ander kerke en kan op versoek nog Woord en sakramente bedien.

Omdat so 'n ontslag abnormaal is, geld ook vir die finansiële bepalinge 'n abnormale reëling. Die gewone traktement kan nie deurgaan nie omdat hy die gewone diens nie meer verrig nie. Emeritaatsgelde kan hy nie ontvang nie omdat hy nie emeritus verklaar is nie. In die reël word aan so iemand "waggeld" toegeken. [95] Hoeveel die "waggeld" sal wees, moet deur die betrokke instansies wat ontslag verleen, vasgestel word. Hierby sal rekening gehou moet word met die besondere omstandighede van die ontslane bedienaar, bv. aantal kinders, ens.

Indien so 'n bedienaar nie weer 'n beroep ontvang nie, sal dié toestande in die praktyk moeilik vir 'n onbepaalde tyd kan voortduur. Die Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland het besluit dat die betrokke kerkraad en klassis die duur van die *tydperk* waarin die waggeld gegee sal word, moet bepaal, asook hoeveel dit sal bydra (Utrecht, 1905, vgl. F.L. Bos, a.w., bl. 59—60). Prof. J.P. Jooste (Kollege-diktaat, 1949—51) sê: "Dat die predikant losgemaak word onder sekere voorwaardes naamlik dat hy vir 'n *bepaalde* tydperk op waggeld gestel word, en as hy aan die end van die termyn nog geen beroep bekom het nie, die kerkraad die saak van verlies van radikaal voor die klassis en betrokke deputate kan bring".

Joh. Jansen (a.w., bl. 54) betoog dat die bedoeling nooit was om van so 'n losmaking 'n *duursame* lewensposisie te maak nie, soos duidelik blyk uit die oorspronklike redaksie van die artikel, waarin van "verzetten" sprake was. ("De classis zal... oordelen, of de dienaars te verzetten zijn of niet" ('s-Gravenhage, 1586 en Dordrecht, 1618/19; vgl. F.L. Bos, a.w., bl. 60). Jansen betoog dan verder dat, as so 'n bedienaar na korter of langer tyd geen beroep ontvang nie, en wel in staat is om 'n nie-amptelike beroep uit te oefen, dit nodig kan word om hom ernstig aan te raai om tot 'n ander staat van die lewe (art. 12 K.O.) oor te gaan.

Van Dellen en Monsma (a.w., bl. 57) betoog dat so 'n bedienaar, gedwing deur omstandighede, vroeër of later tot 'n ander staat van die lewe (art. 12 K.O.) sal moet oorgaan aangesien dit nie van die kerk waaraan hy verbonde is verwag kan word om hom vir 'n onbepaalde tydperk te ondersteun nie.

Die betoog dat wanneer 'n predikant aan die end van die termyn nog geen beroep bekom het nie, die kerkraad die saak van verlies van radikaal voor die klassis en betrokke deputate kan bring, gaan nie op nie. Dit sou neerkom op 'n "vertraagde afsetting". Volgens die beginsel van art. 14 K.O. moet so 'n ontslane bedienaar die amp behou totdat hy self, deur die nood ten opsigte van lewensmiddele gedwing, die amp neerlê om tot 'n "ander staat van die lewe" oor te gaan.

d. By wie die beslissing tot ontslag berus.

Die kerkraad ontslaan, maar mag dit nie doen *sonder medewete en goedkeuring van die klassis en met advies van die* [96] *deputate van die partikuliere sinode nie,* en wel om twee redes:

omdat die klassis en die deputate van die partikuliere sinode ook behulpsaam is by die peremptoir eksamen en by die toelating tot die amp, en nou ook by die ontslag moet meewerk; en

omdat die kerkraad self party is sodat die gevaar groot is dat hy nie onbevooroordeeld sal handel nie en daar waarborg moet wees dat geen onregverdige ontslag gegee word nie.

e. Die opvolging van 'n beroep.

Ontvang die ontslane bedienaar 'n beroep wat hy opvolg, sal losmaking aan hom verleen word volgens art. 10 K.O. In die akte van losmaking moet die feite van die saak objektief en duidelik gestel word.

ARTIKEL 12.

OORGANG TOT 'n ANDER STAAT VAN DIE LEWE

> *Omdat 'n bedienaar van die Woord wat eenmaal wettig beroep is, lewenslank aan die kerkdiens verbonde is, mag hy nie tot 'n ander staat van die lewe oorgaan nie, behalwe om gewigtige redes waaroor die kerkraad en die klassis moet oordeel met advies van die deputate van die partikuliere sinode.*

1. Die beginsel van lewenslange diens.

Die artikel gaan van die beginsel uit dat 'n *bedienaar van die Woord wat eenmaal wettig beroep is, lewenslank aan die kerkdiens verbonde bly.* Kan hierdie beginsel uit die Skrif aangewys word? Daar is nie 'n teks wat dit presies so stel nie, maar daar is aanduidinge in dié rigting en uitlatinge wat alleen so verstaan kan word as ons die beginsel veronderstel. Hierdie beginsel is deur ons vaders gehandhaaf op grond van die Skrif en wel so dat die amptelike diens al ons liefde (Joh. 21:15—17; 2 Kor. 5:14), al ons tyd (Joh. 9:4), al ons bereidheid (Lukas 9:62; 1 Kor. 9:16—17), al ons volharding (2 Tim. 4:1—5, 10) en ons algehele afsondering tot en toewyding aan die werk van die bediening vra (Rom. 1:1; Hand. 15:26). In hoeverre dié beginsel die toets van die eksegese van die tekste wat gewoonlik daarvoor aangevoer is, kan deurstaan moet moontlik nog uitgemaak word.

Hierdie lewenslange diens moet nie in Roomse sin opgeneem word asof die amp 'n onverliesbare karakter (character indelebilis) besit en nie weer van die persoon te skei is nie, selfs dat aan 'n priester, wat om een of ander sonde die amp onwaardig [97] word, nie die amp self nie, maar alleen die uitoefening van die amp ontneem word. Eenmaal priester, altyd priester! Die Gereformeerdes leer dat die amp nie aan die persoon kleef nie, maar aan die diens van die kerk. Die lewenslange diens moet ook nie in Doperse sin vertolk word asof 'n bedienaar van die

Woord vanweë sy geestelike amp alle aanraking voortaan met die burgerlike lewe moet vermy nie.

Die uitdrukking, "oorgang tot 'n ander staat van die lewe", beteken dat 'n predikant nie sy amp mag neerlê om in die plek daarvan een of ander wêreldlike beroep uit te oefen nie. Wanneer hy nie meer die dienste verrig, soos in art. 16 K.O., die bevestigingsformulier vir predikante en sy beroepsbrief bepaal is nie, moet hy die "naam en eer" van bedienaar van die Woord verloor.

2. Geen predikant mag eiemagtig sy amp neerlê nie.

Jansen (a.w., bl. 57) beweer dat blote bedanking of neerlê van die amp nie as "trouelose verlating van die diens", wat volgens art. 80 K.O. tugwaardig is, beskou mag word nie. So 'n persoon wat eiemagtig sy amp neerlê is nie 'n deserteur wat sy gemeente in die steek laat en homself as bedienaar van die Woord bly beskou nie. Hy meen dat 'n kerkraad so 'n daad ten sterkste en openlik kan afkeur, maar hierdie kwaad eenvoudig moet duld omdat dit nie teengegaan kan word nie. Iemand wat so sy amp eiewillig neerlê, keer terug tot die posisie van 'n gewone gemeentelid.

Van Dellem en Monsma (a.w., bl. 59—60) oordeel egter tereg dat, as 'n bedienaar onwettig sy amp versaak, of ten spyte van die oordeel van sy kerkraad en klassis die amp neerlê (bedank), so 'n persoon uit die amp geskors, en indien nodig, afgesit moet word volgens art. 80 K.O.

Art. 12 K.O. stel die beginsel duidelik dat 'n bedienaar nie sy amp *eiewillig* mag neerlê nie. Hierby sluit art. 80 K.O. baie duidelik aan, en noem as growwe sondes wat skorsing of afsetting uit die diens verdien, ook "trouelose verlating van die diens". Dit moet ook gesien word in verband met art. 10 en 11 K.O. waar gestel word dat die verhouding tussen bedienaar en kerk (gemeente) bilateraal, d.i. wedersyds bindend, van karakter is en alleen met wedersydse toestemming ontbind mag word. Art. 11 K.O. stel dit duidelik dat die kerkraad nie *eiemagtig* mag ontslaan (verlaat) nie. As die kerkraad so gebind is, is die ander party net so gebonde. Die bedienaar het hom kontraktueel verbind deur die ondertekeningsformulier van bedienaars van die Woord, die bevestigingsformulier, beroepsbrief en die onderskrywing van die Kerkorde te alle tye sy handelswyse nader te verklaar. Indien hy dus eiemagtig probeer [98] om hierdie regte van die kerklike vergadering af te sny, pleeg hy trou- en kontrakbreuk. Dit is 'n tugwaardige handelswyse.

Wat moet die optrede wees as 'n bedienaar van die Woord eiewillig die amp neerlê?

Die kerkraad, onder voorsitterskap van die konsulent, moet hom tot orde roep en hom wys op die gevolge van so 'n stap. Volhard hy egter in sy eiewillige en sondige daad wat teen Skrif en Kerkorde ingaan, moet die klassis saam met die deputate vanweë die partikuliere sinode opgeroep word om oor die aangeleentheid te handel en hulle daaroor uit te spreek. Gesien die feit dat so 'n bedienaar van die Woord deur sy "onherroeplike" besluit en daad homself in wese "afgesit" het, moet die klassis en deputate hulle daaroor uitspreek dat die betrokke persoon gesien in die lig van wat plaasgevind het as afgesit beskou moet word, en in die voege word aan die kerkverband kennis gegee.

Word die eiewillige neerlegging van die amp (die sogenaamde "bedanking") bloot aanvaar, skep dit ernstige probleme by 'n eventuele herstel in die amp en word iets aanvaar wat volgens die Kerkorde nie mag gebeur nie.

3. Eervolle ontslag is moontlik.

Die Gereformeerdes beskou nie die predikantsdiens as die enigste eervolle beroep nie. Die

amp kan dus op 'n wettige wyse neergelê word wanneer 'n ander belangrike roeping tot eer van God opgevolg moet word. Ons skei die natuur en genade nie. Daar moet egter gewigtige redes aangevoer word om so 'n stap te regverdig.

Die volgende motiewe kan nie as gewigtige redes beskou word nie: wanneer die las van die amp vir hom te swaar word weens veelvuldige moeilikhede met kerkraad en gemeente; wanneer hy groter finansiële inkomste en lewensweelde begeer; wanneer hy groter eer en sosiale prestige soek as wat die predikantsamp hom bied; wanneer hy aan een of ander sonde skuldig is en van die skande van die tug wil ontvlug, ensovoorts.

As geoorloof word algemeen beskou wanneer 'n bedienaar ontslag vra: omdat hy volgens art. 11 K.O. ontslaan is en na maande of jare se wag geen beroep ontvang en om in eie onderhoud te voorsien, gedwing word om 'n ander werk te doen; dat hy weens gebrek aan ampsgawes (ongeskiktheid) sy gemeente nie langer kan dien en ook geen vrymoedigheid het om die diens weer op te neem in 'n ander gemeente nie; dat hy deur twyfel aan sy inwendige roeping tot die amp, of deur twyfel aan een of ander punt in [99] Skrif en Belydenis, hom gedwonge voel om sy amp neer te lê. Wanneer hierdie besware van blywende aard is en na ernstige selfbeproewing die besluit ryp word om oor te gaan tot 'n ander staat van die lewe, en die bediening 'n groot las word, is gewigtige redes aanwesig. 'n Gemeente mag nie opgeoffer word aan 'n predikant nie, en 'n predikant mag nie in 'n valse posisie gelaat word nie. Dit is dan beter dat hy 'n ander werk kies waarin hy nuttig werksaam kan wees.

Gevalle kan ook voorkom waar iemand tot 'n gewigtige staatsamp, of tot professor vir die doseer van Christelike wetenskap verkies word, of dat hy die Christelike lewensbeskouing kan dien as tydskrifredakteur, of as organiseerder vir 'n Christelike politiek, ens. Ook sodanige gevalle kan gewigtige redes wees wat oorgang tot 'n ander staat van die lewe veroorloof.

Reël is en bly dat 'n bedienaar van die Woord, wat tot 'n ander staat van die lewe oorgaan (d.w.s. wat nie meer die werk van 'n predikant doen nie), nie predikant kan bly nie en dus sy *titel en bevoegdheid* verloor, afgesien van die redes waarom hy tot 'n ander staat van die lewe oorgaan en van die werk wat hy ook al mag doen.

Volgens die Sinodebesluite van 1939 (art. 80) en 1942 (art. 71), is die opening gelaat om onder art. 12 K.O. oor te gaan tot 'n ander staat van die lewe, met behoud van "eer en status", veral ingeval iemand parlementslid wou word. Die Sinode van 1964 (art. 57) het egter besluit: "Die Sinodebesluite van 1939 en 1942 in verband met art. 12 K.O. word herroep omdat dit strydig is met die gees en rigting van die Kerkorde, naamlik *dat die diens wat die persoon doen,* waartoe hy middellik deur God geroep en bevestig is, sy amp bepaal. Sodra hy daarbuite tree, verval sy amp en hy word eervol losgemaak indien sy verandering deur die kerkraad en klassis, met advies van die deputate van die partikuliere sinode, as "necessitas" beoordeel word. Die bedoeling in art. 12 is om te bepaal hoe 'n bedienaar onder uitsonderlike omstandighede sy amp eervol mag neerlê en nie hoe hy dit kan behou nie".

4. Die weg waarlangs eervol ontslag verkry word.

Indien 'n geval voorkom waar iemand onder art. 12 wil oorgaan tot 'n ander staat van die lewe, moet dit eerstens aan die oordeel van die kerkraad voorgelê word, oordeel dié gunstig, moet die klassis met advies van die deputate van die partikuliere sinode ook daaroor oordeel. Aan hierdie oordeel moet die bedienaar hom onderwerp. Is die oordeel gunstig vir hom, moet aan die klassisse berig word dat N.N. om gewigtige redes eervol oorgegaan het tot 'n ander staat [100] van die lewe, dat die gevolge van sy stap vir sy eie verantwoordelikheid is, dat die kerkraad

en klassis met die genoemde deputate *toegestem* het tot die stap en dat hy nie langer bedienaar van die Woord is nie.

Die deputate vanweë die partikuliere sinode word erken by die toelating tot die amp en moet dus ook erken word by die neerlê van die amp.

Sou iemand sy amp eiewillig neerlê teen die advies van die klassis en genoemde deputate, geld dieselfde optrede, soos onder punt 2 gestel.

5. Terugkeer tot die amp.

In ’n geval van eervolle neerlegging van die amp, sal so ’n persoon, as die necessitas (die noodsaaklikheid) daartoe nie meer bestaan nie, weer aansoek kan doen om beroepbaarstelling volgens art. 4 K.O. Dan moet gekontroleer word hoe en om watter redes die amp neergelê is. Eventuele nuwe beroepbaarstelling mag nie geskied sonder die beoordeling van die instansies wat aan die ontheffing uit die amp meegewerk het nie.

Artikel 13.

ONTHEFFING VAN DIENSPLIGTE WEENS ONBEKWAAMHEID

As 'n bedienaar van die Woord, volgens oordeel van die kerkraad met goedkeuring van die klassis en advies van die deputate van die partikuliere sinode, onbekwaam word vir die uitoefening van sy diens weens ouderdom, siekte of andersins, behou hy die eer en die naam van 'n bedienaar van die Woord en moet die kerk wat hy gedien het, hom in sy nooddruf eervol versorg.

1. Die emeritering.

a. Die grond vir emeritering.

In art. 11—13 K.O. word gehandel oor die wyse waarop 'n bedienaar van die Woord van sy ampspligte onthef kan word en elke artikel gee 'n *bepaalde grond* daarvoor. Art. 11 K.O. handel oor ontslag uit die diens weens 'n *onhoudbare toestand* in die kerk; art. 12 handel oor die neerlê van die amp op eervolle wyse weens *gewigtige redes;* art. 13 voeg nou 'n nuwe grond daaraan toe, naamlik *onbekwaamheid* om die dienswerk te verrig.

Die grond vir emeritering is geleë in *onbekwaamheid* (Latyn: [101] inhabilis — ongeskik, onbekwaam) vir die uitoefening van die diens. Die oorsaak van die onbekwaamheid kan geleë wees: (i) in *ouderdom,* waaroor bepaal is: "waar art. 13 K.O. melding maak van ouderdom, word die 'ouderdom' deur die eerwaarde sinode nader verklaar *as synde 65 jaar en ouer te wees"* (Acta, 1961, art. 67); (ii) in *siekte, 'n* voortdurende ongesteldheid van die liggaam of gees; in die reël word twee rapporte van mediese deskundiges vereis. Die klassis kan self ook nog, tot meerdere bevrediging, die mening van 'n derde medikus inroep; (iii) *of andersins,* dit is ander gevalle wat onbekwaamheid kan veroorsaak, soos bv. verswakking van geestesvermoëns, gebreke, ongeskiktheid deur ongelukke, ens. Die art. het lank gelees: "of deur ander fisieke oorsake".

Hierdie artikel ken slegs *een grond* vir emeritering, naamlik *"onbekwaam* word vir die uitoefening van sy diens". Gevalle wat vroeër voorgekom het, waar bedienaars "na analogie" van art. 13 K.O. geëmeriteer is, en dan oorgegaan het *tot 'n ander staat van die lewe,* vind *geen* dekking in hierdie artikel nie. Na die besluit van die Sinode van 1964 (art. 57), naamlik "dat die *diens wat die persoon doen,* waartoe hy middellik deur God geroep en bevestig is, sy amp bepaal. Sodra hy daarbuite tree, verval sy amp …", is emeritering "na analogie" van art. 13 ook nie meer moontlik nie.

b. Die karakter van die emeritaat.

Dit is ontslag, losmaking van die amptelike werk met behoud van naam en eer: *"behou hy die eer en naam van 'n bedienaar van die Woord"*. Dit is nie ontsetting uit die amp nie, maar alleen vrystelling van die diens. Hoewel dié artikel nie die woord "emeritus" gebruik nie, spreek ons in so 'n geval van emeritering. Oorspronklik was dit 'n militêre term, want die Romeine het gespreek van 'n "emeritus miles", 'n soldaat wat sy tyd uitgedien het, 'n veteraan, 'n Emeritus-dienaar is 'n dienaar wat alleen van sy dienswerk vrygestel is, dog wat sy eer en naam behou.

c. Die wyse van emeritering.

Die *emeritering* geskied "volgens oordeel van die kerkraad met goedkeuring van die klassis en advies van die deputate van die partikuliere sinode". Hierdie bewoording is in die artikel ingevoeg deur die Sinode van 1964. Hierdie toevoeging is logies, gesien die reëling by art. 11 en

12 K.O. Dit reël meteen die wyse van emeritering. Hiermee is ’n vroeëre sinodebesluit insake emeritering en afsetting van bedienare, geïnkorporeer (Sin., 1949).

(i) Die aanvraag tot emeritering kan uitgaan van die [102] bedienaar van die Woord. Hy moet sy versoek skriftelik aan die kerkraad voorlê, met opgawe van die redes. Die kerkraad moet, met die konsulent as voorsitter, die redes grondig oorweeg en beslis of hy die aanvraag goedkeur. Indien nie, motiveer hy sy besluit skriftelik. Kan die bedienaar nie daarby berus nie, staan die weg van appèl na die klassis vir hom oop. Bewillig die kerkraad, gee hy daarvan ’n skriftelike verklaring met opgaaf van redes aan die klassis.

(ii) Die aanvraag kan ook uitgaan van die kerkraad. Met die bedienaar word daaroor gespreek en die redes gegee. Bewillig hy nie en kan eenstemmigheid nie bereik word nie, staan beroep op die klassis oop. Stem die dienaar toe, stel die twee partye saam ’n aanvraag op, met opgaaf van redes, wat deur beide onderteken word.

(iii) Die klassis beslis oor die aanvraag, met die advies van die deputate van die partikuliere sinode. Die advies word op dieselfde wyse gegee as wat by die verklaring van art. 4 aangedui is.

(iv) ’n Behoorlik ondertekende stuk moet opgestel word, onderteken deur die klassis en deputate van die partikuliere sinode, en ’n gewaarmerkte afskrif daarvan moet aan die betrokke kerkraad en die betrokke bedienaar gegee word.

(v) Na goedkeuring van die emeritering deur die klassis en genoemde deputate, moet die betrokke kerkraad by die trustees van die E.P.P.W. en W.-fonds (Fonds vir Emeriti-predikante, predikantsweduwees en wese van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika), met voorlegging van die nodige stukke, aansoek doen om toesegging uit die fonds met die oog op die versorging van die emeritus.

c. Die gevolge van die emeritaat.

Die emeritus-bedienaar is van die *verpligting* van sy ampswerk onthef, maar die *bevoegdheid* daartoe bly hy behou. Hy bly predikant van die kerk waaraan hy verbind is. Die artikel stel die reël asof die emeritus bly woon in die boesem van die kerk wat hy lewenslank gedien het. In die praktyk gebeur dit egter dikwels dat hy na emeritering verhuis na ’n ander kerk. Hy bly egter emeritus-bedienaar van die kerk wat hom geëmeriteer het. In die praktyk lewer dit probleme as so ’n bedienaar *predikant* van een kerk en *lidmaat* van ’n ander kerk is. Die kerk waarvan hy lidmaat is, het bevoegdheid om tug oor hom as lidmaat uit te oefen by eventuele wangedrag, maar nie oor hom as bedienaar van die Woord nie. Hier is ’n anomalie.

Voordat ’n sinode oor hierdie aangeleentheid geadviseer het, moet die saak liefs soos volg hanteer word: by verhuising uit die kerk waaraan hy verbonde is, moet ’n reisattestasie aan die [103] emeritus-bedienaar afgegee word, wat hy van tyd tot tyd by sy kerkraad moet indien (vgl. by art. 7 K.O., pt. 4). Dit beteken dat die kerkraad waaraan hy verbonde bly by eventuele wangedrag die tug oefen op grond van ’n getuienis van die kerkraad waar hy ondertussen gewoon het.

Rutgers, Bouwman, Jansen asook Van Dellen en Monsma is van oordeel dat, indien ’n emeritus-predikant na ’n ander kerk verhuis, hy op grond van die feit dat hy daar gewone lidmaat is, ook kan dien as ouderling of diaken. Die Sinode van 1964 het te staan gekom voor die kerkregtelike implikasies of iemand gelyktydig emeritus-predikant van een kerk en dienende ouderling van ’n ander kerk kan wees en of ’n emeritus-predikant sonder ontslag uit die diens van predikant bevestig kan word as ouderling of diaken, en het besluit om hierdie aangeleentheid na studie-deputate te verwys (Acta, bl. 101).

2. Die versorging van emeriti-predikante.

In die huidige redaksie van die artikel, soos vasgestel deur die Sinode van 1964, is die gedeelte weggelaat: "En so ook die weduwees en wese van die dienaars". Hulle versorging word nou gereël in art. 20 K.O. omdat art. 13 oor emeritering van nog lewende predikante handel en dit nie logies hier inpas nie.

a. Die beginsel.

Dit word hier baie duidelik aangedui, naamlik dat die kerk wat hy gedien het, dit wil sê die kerk wat hom emeriteer, hom eervol in sy nooddruf moet versorg.

Baie argumente kan aangevoer word waarom dit in die praktyk moeilik uitvoerbaar is vir elke plaaslike kerk afsonderlik. Daarom het die kerke reeds so vroeg as 1873 (Sin., 1873, art. 53) besluit om 'n fonds te stig waardeur die kerkrade gesamentlik die uitvoering van art. 13 K.O. onderneem het, en 'n reglement is opgestel. Versorging van emeriti en hulle afhanklikes word dan nader in die reglement gereël. Hierdie reglement is van tyd tot tyd deur sinodes gewysig. Deur 'n onvermoë om elkeen afsonderlik aan die eise van hierdie artikel te voldoen, het kerkrade onderling ooreengekom om die taak gesamentlik te verrig. Elke kerkraad maak voorsiening vir sy eventuele emeriti deur sy bydrae tot dié fonds. Dit blyk duidelik uit die Reglement (Sinode, 1942, art. 60) waar bepaal word dat: "die fonds deur vrywillige verbintenis van die gemeentes onderling daargestel is om mekaar in die uitvoering [104] van hierdie verpligting behulpsaam te wees". Die beginsel van art. 13 is dus geensins losgelaat nie. Dit bly die *plaaslike* kerk wat versorg (vgl. art. 2 van Reglement).

b. Die karakter van die versorging.

Dit word aangedui in die woorde: *hom in sy nooddruf eervol versorg*. Dit is nie 'n saak van barmhartigheid nie, maar die reg van die emeritus-predikant en die plig van die kerk. Dit vloei voort uit art. 11 K.O. Die kerk versorg die bedienaar met behoorlike lewensonderhoud, terwyl hy in die diens staan waaraan hy al sy tyd en kragte moet wy, sodat hy nie in eie lewensonderhoud kan voorsien nie. Wanneer hy nie meer kan werk nie, gaan die versorging deur (vgl. 1 Kor. 9:14).

c. Die maatstaf van versorging.

Hy moet in sy *nooddruf eervol* versorg word. Hier word dus nie gevra na die aantal diensjare nie, maar na die *behoefte*. Die woord "nooddruf", d.w.s. die beskeie deel (dringende behoefte), dui dus aan dat die versorging in ooreenstemming met die status wat die emeritus-predikant in die samelewing het, moet wees.

Dit spreek vanself dat die bedrag van versorging nie by almal dieselfde kan wees nie omdat omstandighede van persoon tot persoon wissel. By die versorging moet die besondere omstandighede van elke emeritus deeglik in ag geneem word. Word aan alle emeriti 'n gelyke som uitgekeer, doen dit die "eervol" versorg geweld aan. Die Reglement vir die E.P.P.W. en F.-fonds, soos vasgestel deur die Sinode van 1942, het hiermee probeer rekening hou deur te reël dat 'n bedrag vir afhanklike kinders onder 'n sekere ouderdom voorsien word, asook dat die bedrag van die versorging vir 'n emeritus-predikant met sy eggenote meer is as dié vir 'n emeritus sonder eggenote. Dit is egter nie heeltemal bevredigend nie, want dit moet eervolle versorging in die nooddruf wees. Reeds die Sinode van 1897, en dié van 1907 ook, is versoek om versorging uit die fonds volgens behoefte te laat geskied, maar dit is elke keer afgewys. So is die versorging vandag nog per persoon ('n bedrag vir 'n emeritus, 'n eggenote en afhanklike kind(ers)) en nie volgens behoefte nie. Dit laat nie reg geskied aan art. 13 K.O. nie. Tog laat die Reglement vir die E.P.P.W. en W.-fonds (art. 6 b en c) die opening dat die bedrae wat uitbetaal kan word in *oorleg*

met en op *advies* van die betrokke kerkraad. As daar 'n besondere geval mag wees waarin die trustees 'n uitsondering sou wil maak, dan tree hulle in oorleg met die verantwoordelike kerkraad en die klassis op. As dit nie gebeur nie verkry [105] die versorging die smaak van 'n pensioen in plaas van 'n traktering.

3. Versorging van professore en andere.

a. Professore aan die Teologiese Skool.

Predikante wat verkies word tot professore aan die Teologiese Skool, word nie geëmeriteer nie en hulle gaan ook nie oor tot 'n ander staat van die lewe nie, omdat hulle *diens* gestel word in art. 2, basies veronderstel word in art. 4 en 8 en gereël word in art 18 K.O. Dit bly 'n *diens* in die kerk waarvoor die Kerkorde voorsiening maak. Wanneer hulle emeriteer as professore, versorg die kerkverband hulle (vgl. art. 20 K.O.). Die versorging sal dus nie meer uit die E.P.P.W. en W.-fonds kan geskied nie, maar uit die Teologiese Skoolkas, waaruit hulle onderhoud vir hulle diens ontvang. Die E.P.P.W. en W.-fonds, hoewel dit daargestel is deur die kerkrade, is die voorsiening wat *elke* kerkraad vir sy eventuele emeriti en hulle afhanklikes maak (vgl. art. 2 van Reglement).

Vanweë die kontraktuele verband tussen die Teologiese Skool en die P.U. vir C.H.O. (vgl. by art. 18 K.O.), waardeur die professore van die Skool ook in diens van die Raad van die Universiteit is en ook by laasgenoemde se *pensioenfonds* ingeskakel is, sal in die versorging by emeritaatsaanvaarding hiermee rekening gehou moet word.

Hierteenoor is die posisie van die professore aan die Teologiese Skool te Hammanskraal sodanig dat hulle vir emeritaatsversorging geheel op die kerk aangewys is.

b. Veldpredikers.

Hulle word besoldig deur die staat en pensioenvoorsiening word deur laasgenoemde gemaak. Ook hier sal daarmee rekening gehou moet word by emeritaatsversorging.

4. Emeriti-predikante wat ander werk verrig.

Aangesien predikante en professore op die ouderdom van 65 jaar kan emeriteer, of om ander redes, en nie meer in staat is om *volle* dienswerk te verrig nie, is dit moontlik dat hulle wel nog *deeltydse* predikantswerk kan verrig. Hiertoe moet hulle die toestemming van hulle betrokke kerkrade verkry. Sou daaraan vergoeding verbonde wees, sal ook hier 'n aanpassing gemaak moet word ten opsigte van die emeritaatsuitkering (versorging).

Die beginsel is nie 'n starre eenvormige bedrag ('n gelyke bedrag per persoon) nie, maar versorging volgens die *nooddruf*.

[106]

ARTIKEL 14.

TYDELIKE ONDERBREKING VAN DIENS

'n Bedienaar van die Woord wat weens siekte of om enige ander rede sy diens 'n tyd lank moet onderbreek, wat nie sonder bewilliging van die kerkraad en advies van die klassis mag gebeur nie, bly steeds onderworpe aan die beroeping van daardie kerk.

1. Die tydelike onderbreking van diens.

Gewoonlik word by hierdie artikel gespreek van "tydelike ontslag ". Dit is 'n ongelukkige bewoording wat in sekere opsigte aanleiding gegee het tot misinterpretasie van die artikel. Die artikel self spreek van "onderbreek " (onderlaten — Nedl.; to discontinue — Amerikaans) van die diens vir 'n tyd lank. (In Latyn "functionem intermittere ", d.i. die diens onderbreek). Verder moet opgemerk word dat hierdie artikel nie sê dat hierdie tydelike verlof *toelaatbaar* is nie. Dit veronderstel die absolute *noodsaaklikheid* vir sodanige verlof of tydelike onderbreking. Daarom staan hier: "As 'n bedienaar van die Woord… sy diens vir 'n tyd lank *móét onderbreek"*. Ook hier moet die noodsaaklikheid soos by art. 12 K.O. bewys word.

2. Die redes vir tydelike onderbreking van die diens.

Die diens mag vir 'n tyd onderbreek word *"weens siekte of om enige ander rede "*. Hierdie bewoording is van die Sinode 1964. Vroeër het dit gelees "om die bogenoemde of enige ander oorsake". Die "bogenoemde of… oorsake" het terug verwys na art. 13 K.O., naamlik ouderdom, siekte, ens. Siekte of ongelukke ens. kan van so 'n aard wees dat die diens permanent onderbreek moet word. Dan is emeritering (art. 13 K.O.) aan die orde. Siekte, ongelukke, ens. kan wel langdurige ongeskiktheid tot uitoefening van die ampspligte tot gevolg hê, maar volgens deskundige oordeel net tydelik en van verbygaande aard wees. In so 'n geval is die verlening van verlof as 'n tydelike diensonderbreking gerade, en nie emeritering nie. In die geval van siekte sal dit vir die aansoeker nodig wees om 'n mediese sertifikaat of sertifikate in te dien. Die kerkraad of klassis wat moet besluit, behou egter ook die reg om self mediese getuienis in te win by deskundiges wat hulle self aanwys. Die aansoeker sal hom aan dergelike verdere ondersoeke moet onderwerp aangesien die kerkraad en klassis op genoegsame getuienis selfstandig moet oordeel sodat die orde en reg [107] teenoor die persoon, die kerk en die kerkverband gehandhaaf word. 'n Kerkraad kan in oorleg met die klassis so 'n bedienaar se taak ook *gedeeltelik* verlig deur hom tydelik van sekere arbeid te verskoon, waardeur beginsels van art. 16 en 17 K.O. opgeskort moet word. Die vergadering moet egter altyd oordeel en handel. Die woorde, *"of om enige ander rede",* laat opening vir enige ander gewigtige rede waarvan die *noodsaak* bewys moet word. So is in die verlede verlof toegestaan tot tydelike diensonderbreking aan bedienare wat meegewerk het aan Bybelvertaling; of bedienaars wat as afgevaardigdes gestuur is na die buiteland vir 'n periode van maande; of bedienaars wat verdere studie onderneem het en daarvoor soms tydelik hulle diens moes onderbreek vir etlike maande, ens. Studie wek soms probleme. Dit lyk nie altyd nodig dat die bedienare vir gewone ampspligte verdere akademiese studie *moet* onderneem nie. Dit is egter wel nodig dat die kerk goed toegeruste bedienare sal hê. Die lig van die Skrif moet oor 'n ryke verskeidenheid van terreine val, sowel wat sy toepassing in die kerklike lewe as op die verdediging teen 'n menigte van strominge betref. Dit vereis wetenskaplike spesialisasie wat nie altyd gelyktydig met die gewone ampspligte gedoen kan word nie. Wetenskaplik gespesialiseerde bedienare is ook nodig om later geroep te kan word as professore aan die

Teologiese Skool om bedienare van die Woord op te lei. In alle gevalle onder art. 14 moet die redes *gewigtig* en ook *noodsaaklik* wees.

3. Die bewilliging van die kerkraad en advies van die klassis.

Die bedienaar wat sy diens vir 'n tyd lank moet onderbreek, mag dit nie doen *sonder bewilliging van die kerkraad en advies van die klassis* nie. Vroeër het dit gelees "wat sonder die advies van die kerkraad nie mag gebeur nie". Die huidige redaksie van die Sinode van 1964 reël die aangeleentheid baie duideliker en betrek ook met reg die advies van die klassis. Die advies van die kerkraad, soos dit vroeër gelui het, het ook die inhoud van toestemming, bewilliging gehad.

By die diensonderbreking van 'n predikant is die belange van 'n kerk van Christus op die spel. Die kerkraad en diakens moet dus toestemming verleen dat die predikant sy diens mag onderbreek. Die advies van die klassis verseker verder dat daar geen onordelikheid sal wees nie en dat die predikante van die naburige kerke nie onnodig belas word wanneer op hulle hulpdienste 'n beroep gedoen word nie. Volgens die artikel moet die advies van die klassis in alle gevalle gevra word. In die praktyk mag dit by beperkte verlofaansoeke onnodig wees en in dringende gevalle [108] (vanweë die vergadertye) by nabaat van die klassis gevra word. Indien 'n kerkraad egter die klassis verbygaan, kan die klassis so 'n kerkraad waarsku of vermaan.

4. Die beoordeling van die redes.

Voordat die kerklike vergaderinge aan 'n predikant verlof verleen om sy diens tydelik te onderbreek, moet daar oorweging van die redes daartoe wees.

By die beoordeling (weging) van die redes moet die belange van die koninkryk van God, die heerskappy van God deur sy Woord en Gees (selfs buite die grense van die kerk) voorop staan. Verder moet die belange van die kerke (ook ander as die plaaslike kerk) swaar weeg.

Wanneer daar 'n *opdrag* (buite die bedienaar om) van 'n kerklike liggaam, bv. van sy kerkraad of kerkverband met die oog op, bv. 'n vertaling of 'n bepaalde studieprojek, kom, kan die noodsaaklikheid taamlik seker veronderstel word aangesien dit op die oordeel van 'n kerklike vergadering berus.

Wanneer 'n *versoek* van 'n verantwoordelike maatskaplike, opvoedkundige of staatkundige instansie kom, bv. om op 'n kommissie van ondersoek in belang van die onderwys, sosiale aangeleenthede, ens., te dien, is dit in die reël ook gewigtig. Die blote indiening van die versoek bewys egter nog nie die noodsaaklikheid nie al sou die kerk hoë waardering koester vir die betrokke instansie wat die versoek rig; die redes moet eers sorgvuldig geweeg word.

Die versoek of aansoek kan egter ook van die predikant self kom op grond van sy persoonlike behoeftes, wense en verlange, bv. in belang van 'n oorsese reis, familiebelange of studie-ideale ens. Hier word dit moeiliker om te oordeel of die redes *gewigtig* en *noodsaaklik* is. Wat vir die aansoeker noodsaaklik is, kan vir die kerk onnodig wees. Persoonlike belange moet altyd op die agtergrond gestel word. Tog ag al meer kerke dit wenslik om bv. 'n langverlof aan hulle predikant toe te staan na 'n dienstydperk van 5 of 10 jaar, met die oog op rus en vernuwing, ens. Hierdie verlof moet egter so gereël word dat die kerk waaraan die predikant verbonde is, nie skade ly nie. Die predikant behoort in so 'n verloftyd nie gedurig te preek nie, maar homself te verryk deur weer preke aan te hoor.

Vroeër is hierdie "of enige ander rede "in ons kerklike lewe redelik ruim geïnterpreteer, en is ook gemeen dat die verlof (of "ontslag" soos daarvan gespreek is) *onbepaald* kon wees.

Voorbeelde hiervan is die Sinodebesluite van 1939 (art. 80), asook 1942 (art. 71 (a)). Dit het veral gegaan om predikante wat parlementslede wou word. Die Sinode van 1964 het in hierdie verband orde [109] op sake gestel en bogenoemde sinodebesluite van 1939 en 1942 ook daarmee herroep (Acta, art. 57, B. 2.). Die toepassing van hierdie artikel is verder na studie-deputate verwys (Acta, Sinode 1964, bl. 101).

5. Die versorging van die predikant wat sy diens onderbreek.

Wanneer 'n bedienaar tydelik sy diens onderbreek weens gewigtige en noodsaaklike redes, moet hy volle traktement ontvang? Die artikel self bepaal niks nie. In dié opsig sal elke kerkraad in elke afsonderlike geval dit in oorleg met sy bedienaar, met advies van die klassis, reël.

In gewone gevalle, siekte of ongeluk, sal dit billik wees dat die gewone traktement gegee word. In buitengewone gevalle, bv. waar 'n bedienaar dalk ryklik met aardse goed bedeel mag wees en verlof ontvang om vir sy ontspanning 'n buitelandse reis te onderneem, sal hy seker nie vra om sy volle traktement te ontvang nie aangesien die kerkraad plaasvervanging moet bekostig. Die beginsel bly dat die predikant die kerk van Christus moet dien en nie daarop aanspraak mag maak dat die kerk hom as persoon moet dien nie.

6. Die tydperk waarin die diens onderbreek word.

Hierdie artikel laat nie 'n *onbepaalde* tyd van diensonderbreking toe nie. Dit bepaal uitdruklik: as 'n bedienaar sy diens *vir 'n tyd lank* moet onderbreek. Onderbreking van die diens is daarom net vir 'n *bepaalde en beperkte tyd*. Onbepaalde diensonderbreking, tot onlangs toe nie onbekend in ons kerklike lewe nie, skend die beginsel van hierdie artikel. Dit is wenslik dat die tydperk van verlof altyd in die ooreenkoms van diensonderbreking gestipuleer word. Wanneer die tydperk later onvoldoende blyk te wees, kan weer onderhandel word oor verlenging.

Wanneer 'n onbepaalde ontheffing van dienspligte nodig is, word volgens art. 13 K.O. gehandel.

7. Die band tussen die predikant en kerk bly gehandhaaf.

'n Bedienaar wat om gegronde redes verlof tot diensonderbreking ontvang het, "bly steeds onderworpe aan die beroeping van daardie kerk". Dit beteken dat die verbintenis wat volgens art. 4 of 5 K.O. tot stand gekom het, ongeskonde bewaar bly. Daar bly 'n vaste, bindende, wedersydse ooreenkoms en band (kontrak) voortbestaan tussen hom en die kerk waaraan hy verbind is, terwyl hy op sterkte van art. 14 K.O. met verlof is. Hy is slegs vir 'n tyd [110] om gegronde redes van die uitvoering van sy normale dienspligte onthef.

Uit bostaande is dit duidelik dat, wanneer die *bepaalde tyd* van diensonderbreking verstreke is, moet die bedienaar sy ampsbediening in sy kerk (gemeente) sonder verdere formaliteite weer opneem.

Hierdie onderbreking van die diens vir 'n tyd mag nie die begin wees van finale ontslag deur 'n kerkraad as hy nie met sy predikant goed oor die weg kom nie. 'n Kerkraad mag nooit art. 14 gebruik om uiteindelik van sy predikant ontslae te raak nie. Omgekeerd mag 'n bedienaar ook nie probeer om art. 14 aan te wend om uiteindelik van sy gemeente los te kom nie. Teen dergelike misbruike en euwels moet die klassis met sy oordeel juis waak.

ARTIKEL 15.

DIE GESAG OOR RONDGAANDE PREDIKERS

Geen bedienaar van die Woord mag in 'n ander kerk die Woord of sakramente bedien sonder bewilliging van die kerkraad van daardie kerk nie, en niemand wat die diens van sy kerk onderbreek of nie in vaste diens staan nie, mag hier en daar gaan preek sonder die toestemming van die klassis of 'n partikuliere sinode nie.

1. Die redaksie van die artikel.

Hierdie artikel het sy huidige beslag gekry op die Sinode van 1964. Vroeër was die twee dele van die artikel net andersom gestel. Die huidige formulering stel die algemene reël voorop sodat van daaruit die uitsondering bepaal kan word.

Vroeër het hierdie deel van die artikel gelui: "Dit sal niemand wat die diens van sy kerk verlaat of wat in geen vaste diens is nie, geoorloof wees om hier en daar te gaan preek sonder die toestemming en outoriteit van die sinode of klassis nie". Die huidige bewoording is soos volg gestel deur die Sinode van 1964: *"en niemand wat die diens van sy kerk onderbreek of nie in vaste diens staan nie, mag hier en daar gaan preek sonder die toestemming van die klassis of 'n partikuliere sinode nie"*. Die verandering is deurgevoer omdat die woord "verlaat" 'n ongunstige betekenis in Afrikaans besit en so 'n optrede onder art. 10 en 80 K.O. tugwaardig is. "Onderbreek" is meer omvattend en sluit natuurlik by die gevalle onder art. 14 aan. 'n Klassis of partikuliere sinode kan tog nie preekverlof aan iemand wat sy diens "verlaat", gee nie. Verder word in [111] die huidige redaksie gespreek van "partikuliere sinode" in plaas van "sinode", soos voorheen. Dit volg logies uit die voorgaande artikels dat die partikuliere sinode hierin handel en nie die sinode nie. Die nasionale sinode het geen bevoegdheid in dié verband nie. Die kerkraad, klassis en deputate van die partikuliere sinode (en gevolglik partikuliere sinode) is die instansies wat by die toelating van predikers en verlening van preekverlof betrokke is (vgl. art. 4, 8 en 9 K.O.).

In hierdie artikel word vasgehou aan die beginsels wat in die Kerkorde tot hiertoe neergelê is. Niemand mag Woord en sakramente bedien sonder dat hy wettig daartoe beroep en toegelaat is nie (art. 3). Art. 4 beperk die reg van beroep tot die plaaslike kerk. Art. 7 reël dat 'n bedienaar wat in 'n bepaalde kerk beroep is, aan 'n bepaalde arbeidsterrein verbind is. Hieruit volg nou twee verdere beginsels:

(i) dat geen bedienaar van die Woord in 'n ander kerk Woord en sakramente mag bedien sonder bewilliging van die kerkraad van daardie kerk nie; (ii) dat geen bedienaar hier en daar, *dit wil sê waar nog geen gemeente is nie,* mag preek, sonder toestemming van die klassis of 'n partikuliere sinode nie. Dit handel dus oor die gesag wat daar oor rondgaande predikers gestel is.

2. Die kerkraad voer gesag oor die prediking van die Woord in die plaaslike kerk.

Volgens die Gereformeerde kerkreg berus die regering van 'n kerk in die hande van die kerkraad en kan die bediening van Woord en sakramente alleen geskied op gesag van die kerkraad. Elke kerk is selfstandig binne sy eie grense. Geen kerk mag aan 'n ander voorskryf wie daar sal preek nie. Geen predikant van een kerk het derhalwe die reg om hom aan 'n ander kerk op te dring nie. Hy mag nêrens binne die grense van die plaaslike kerk sonder toestemming van die betrokke kerkraad optree nie.

Die toegang tot die preekstoel staan nie oop vir elkeen nie, maar alleen vir diegene wat op versoek, of met bewilliging van die betrokke kerkraad optree. Die woord “bewilliging” (nie “versoek” nie) toon dat die inisiatief wel van ’n predikant kan uitgaan (terwyl “versoek” dit uitsluit). Gedurende die sestiende eeu het dit dikwels gebeur dat swerwende bedienare self gevra het om op te tree, moontlik om leeftog te verdien. Dié bepaling plaas die beskikking oor die Woord en sakramentsbediening in elke geval egter by die kerkraad. Wanneer ’n predikant ’n besoekende predikant versoek om sy diensbeurt waar te neem, moet dit ook met bewilliging van die kerkraad by die betrokke erediens geskied.

[112] In ’n kollegialistiese kerkregeringstelsel vorm al die kerke (gemeentes) één genootskap of “kerk”, terwyl die plaaslike kerke bloot as takke van die geheel beskou word. Hier word predikante toegelaat as predikante van die hele genootskap. Hulle kan derhalwe vrylik optree in ander gemeentes. Spesiale predikers van die genootskap kan (sonder kennis van die kerkraad) deur die “hoër” kerkbesture gestuur word om binne die grense van ’n besondere gemeente Woord en sakramente te bedien, opwekkingsdienste te hou, ens.

Uit voorafgaande is dit duidelik dat ’n predikant ook nie in kerke buite die kerkverband (soos bv. die Ned. Geref. Kerk of die Ned. Herv. Kerk) mag preek sonder die goedkeuring van die Gereformeerde kerkraad waaraan hy verbonde is nie. Wanneer hy by ’n ander kerkgroep op ’n ander plek optree, is dit wenslik dat hy ook die kerkraad van die Gereformeerde Kerk op daardie plek van sy voorneme in kennis sal stel en om bewilliging vra.

'n Predikant wat in ’n kerk buite die kerkverband optree, doen dit vanselfsprekend op sy eie verantwoordelikheid en onder toesig van die “vreemde” kerkraad. Hy bly nogtans ook gebonde aan die ondertekeningsformulier. Sy kerkraad kan van hom rekenskap eis vir handelinge wat buite ’n Gereformeerde Kerk plaasgevind het.

Die prediking op plekke waar nog nie ’n geïnstitueerde (Gereformeerde) kerk is nie, word in art. 7 en 39 K.O. gereël.

Vir die hou van ’n toespraak, ’n lesing of die leiding van ’n volksfees soos op Geloftedag, het ’n predikant nie die toestemming van sy eie of ’n ander kerkraad nodig nie, mits hy daardeur nie sy amptelike roeping versaak nie.

Predikante uit die buiteland, uit kerke met wie ons in engere korrespondensie staan, behoort hulle met die deputate vir korrespondensie van die algemene sinode in verbinding te stel sodat die deputate weer die kerkverband sal inlig, om te voorkom dat ongemagtigde persone deur kerkrade toegelaat word tot amptelike diensvervulling. Sodanige predikante moet voorsien wees van aanbevelingsbriewe van die kerke vanwaar hulle kom.

3. Die gesag van die klassis en partikuliere sinode in hier die verband.

Die artikel bepaal ook dat rondgaande predikers wat hulle diens onderbreek het, of nie in ’n vaste diens staan nie, nie sonder die toestemming van ’n klassis of ’n partikuliere sinode mag rondpreek in kerke of op plekke waar nog geen kerkraad is nie. Die twee meerdere vergaderinge is die instansies wat in verskillende [113] artikels (vgl. art. 4, 8, 9, 49 K.O.) genoem word waar daar van die verlening van preekverlof sprake is.

4. Die gevalle van rondgaande predikers.

a. Predikante wat hulle diens onderbreek het.

Dit geld van predikante wat volgens *art. 11 K.O.* ontslag ontvang het vanweë ’n onhoudbare toestand; hulle diens word vir ’n tydlank onderbreek solank hulle op “waggeld” is en ’n beroep

afwag, en hulle nog nie die bevoegdheid om te kan preek, besit nie. Dit geld verder van predikante wat volgens *art. 14 K.O.* hulle diens met 'n bepaalde verlof onderbreek het. Onder hierdie gevalle kan ook besoekende buitelandse predikante uit kerke met wie ons in engere korrespondensie staan, gereken word.

b. Predikante en ander wat nie in vaste diens is nie.

Dit het betrekking op *emeritus-predikante,* wat wel aan 'n kerk verbind is, maar onthef is van die ampspligte (vgl. art. 13 K.O.); op die *professore* aan die Teologiese Skool wie se werk as 'n kerklike diens in die Kerkorde gereël word en wat dus nie in vaste diens van 'n plaaslike kerk is nie (vgl. art. 18 K.O.); op *proponente* wat deur die klassis en deputate van die partikuliere sinode *preekverlof* ontvang en langs die weg van art. 4, 8 en 9 K.O. die preparatoir eksamen afgelê het; op *besondere gevalle,* bv. sekere professore aan die P.U. vir C.H.O. wat deur sinodale besluite oor preekverlof beskik, of bv. wanneer as gevolg van oorlogs- of ekonomiese omstandighede, emigrasie, ens., deur omstandighede buite hulle beheer, daar "gestrande" predikante rondgaan.

ARTIKEL 16.

DIE AMP VAN DIE BEDIENAAR VAN DIE WOORD

Die amp van die bedienaars van die Woord is om in die gebede en bediening van die Woord te volhard, die sakramente te bedien, om goed ag te gee op hulle medebroeders, op die ouderlinge, op die diakens sowel as op die gemeente, en eindelik om saam met die ouderlinge die kerklike dissipline uit te oefen en te sorg dat alles betaamlik en ordelik plaasvind.

1. Die begrip "amp" in hierdie artikel.

Die woord "amp" in hierdie artikel bedoel nie die werkkring [114] of die waardigheid en eer waartoe iemand deur Christus, middellik deur die kerk, geroep word nie. Amp sien hier op die *taak* en *plig.* Hier word dus gehandel oor die ampswerk van die bedienaars van die Woord. Dit bestaan in die diens van die Woord en volharding in die gebede; die bediening van die sakramente as seëls van die Woord; die toesighoudende werk. Dit word ook so gestel in die formulier waarmee die bedienaars van die Woord bevestig word.

2. Die bediening van die Woord en die gebede.

Die bediening van die Woord vorm die wese van die taak van die bedienaar daarvan. Die bedienaars moet die openbaring van God, wat in die Woord gegee is, grondig en opreg verkondig en toepas volgens die behoefte van die gemeente. Hulle moet daarom die lidmate met die Woord onderrig, vermaan, vertroos en bestraf; aan hulle die bekering tot God en die versoening met Hom deur die geloof in Jesus Christus verkondig; alle dwalinge en ketterye wat teen die heilige Skrif stry, weerlê.

'n Predikant is *bedienaar van die Woord* van God en nie 'n dienaar van *mense* nie.

Die bedienaar moet sy amp eerstens in die openbare samekoms van die gemeente bedien en hy moet die Naam van God *in die openbaar aanroep* namens die hele gemeente (Hand. 6:4; 1 Tim. 2:1). Hy moet hierdie bediening reëlmatig en sonder onderbreking laat deurgaan en daarin "volhard". Onder huisbesoek (waaroor later gehandel word) word weer die bediening van die amp aan die afsonderlike gelowiges verstaan.

Dit is opmerklik dat hierdie artikel niks oor die *katkisasie, huisbesoek, siekebesoek, bevestiging van huwelike en ampsdraers* sê nie. Dit is omdat in die Kerkorde slegs beginsels aangedui word, waaronder al die ander arbeid gerangskik word.

Die hou van katkisasie is by uitstek die taak van die predikant. Hy moet die verbondsjeug in die Woord van God en die leer van die kerk onderrig met die doel om hulle vir die openbare geloofsbelydenis en die deelname aan die sakramente voor te berei. Hulpkragte mag slegs betrek word wanneer daar geen ander uitweg is nie.

By *die huweliksbevestiging* word nie alleen om 'n seën gevra vir die jong getroudes nie, maar omdat hulle as *egpaar* by die huweliksluiting in die gemeente tree beloof hulle ook dat hulle, asook hulle kinders, as God hulle dié mag gee, in die vrees van die Here sal wandel. Om dié rede hoort ook die huweliksbevestiging by die bediening van die Woord. Derhalwe mag ouderlinge en proponente nie huwelike bevestig nie. Dieselfde geld ook vir die *bevestiging* [115] *van ampsdraers,* wat ook slegs deur die bedienaar van die Woord in die openbare samekoms van die gemeente in die erediens mag geskied.

Huis- en siekebesoek hoort ook tot die taak van die predikant. Paulus hou homself aan die herders as voorbeeld voor wanneer hy verklaar dat hy in die openbaar en in die huise onderrig gegee het en kragtig aangedring het op die bekering tot God en die geloof in Jesus Christus. Vermaning en vertroosting moet tot elke lidmaat individueel gerig word, die krankes moet ook besoek word en aan die sterwendes die troos in Christus verkondig word (vgl. Hand. 20:20, 21; Tit. 1:9; 2 Kor. 5:18—20).

Die Sinode van Dordrecht het die huisbesoek met name aan die ouderlinge opgedra en het dit in art. 16 K.O. nie regstreeks genoem as taak van die bedienaars van die Woord nie. Die bedienaar is volgens die Skrif egter ook *herder*. Sy taak as herder kom *in die eerste plek tot openbaring in die prediking van die Woord* (vgl. die Formulier vir die bevestiging van die bedienaars van die Woord).

Die Woord van God is die staf waarmee hierdie kudde gelei en geregeer word. "Want, en dit vergete met toch nimmer, 'herder' is een bedienaar des Woords volstrekt nie alleen bij het ziekbed of onder huisbezoek, maar *allereerst, allermeest en allervoornamelijkste en principaalste juist op den kansel*. Preeken is herder zijn …" (Dr. A. Kuyper in die "Heraut" van 13 Maart 1888).

Kerkrade moet toesien dat deeglike prediking die primêre aard van die bedienaar van die Woord bly en dat hy genoegsame tyd vir deeglike voorbereiding het. Om die predikant op alle kerkraadskommissies te laat dien, te belas met kerklike administrasie, die oprigting van pastorieë of kerkgeboue, is onverantwoord. Die kerkrade moet ook waak dat lidmate nie (dikwels met verbygaan van die wyksouderling of -diaken) van die predikant onnodige besoeke verlang nie. Die trouste huis- en siekebesoek kan nie vergoed vir prediking waardeur die skape honger ly nie.

Sy herderstaak behels egter in die *tweede* plek ook dat hy deur besoek aan die huise, daar sonder aansiens des persoons sal opwek tot waaragtige diens en die vrees van die Here, dat hy woorde van troos en vermaning sal spreek, die wat traag is, sal opwek en die swakkes sal sterk. Hierdie huisbesoek (insluitend die siekebesoek) moet ampsgerig wees. Daarom sal die predikant se huisbesoek meer 'n *lerende* karakter dra en daarin van die huisbesoek van die ouderlinge verskil (vergelyk "veral die wat arbei in woord en *leer*", 1 Tim. 5:17). Die ouderling kan die predikant inlig oor die lering waaraan die betrokke huisgesin of lidmaat behoefte het. Hulle

behoort ook die predikant in te lig oor krankes wat besoek moet word. Hierdie arbeid moet die predikant getrou verrig in soverre [116] die tyd om sy *primêre taak* te verrig, hom dit toelaat. Dit is ook nodig om die band tussen herder en kudde op dié wyse te bewaar en te versterk. Die herder leer daardeur ook die behoefte en omstandighede van die skape met die oog op die prediking ken en hy word self ook gedurig versterk (vgl. verder by art. 55).

3. Die bediening van die sakramente.

Die werk van die bedienaar van die Woord is ook die bediening van die sakramente, wat die Here ingestel het as seëls van sy Woord en genade, soos blyk uit die bevel wat Christus aan die apostels gegee het en wat ook op die herders betrekking het (Matth. 28:19; 1 Kor. 11:23) (vgl. verder art. 56 en 64 K.O.).

4. Die amp van regering.

Die bedienaar hou *saam* met die ouderlinge toesig oor die kudde. “Eindelik is dit die werk van die bedienaars van die Woord om saam met die ouderlinge die gemeente van God in goeie tug en orde te hou en te regeer soos die Here dit voorgeskryf het”. (Formulier om die bedienaars van die Woord te bevestig. Vgl. ook Hand. 20:28; Hebr. 13:1.7). Die artikel onderskei ’n drieërlei taak in hierdie opsig:

a. *Om goed ag te gee op hulle medebroeders, op die ouderlinge, op die diakens sowel as op die gemeente*. Die bedienaar moet waak oor en ag gee op die leer en lewe van sy medebroeder(s) (as daar meer as een predikant in die gemeente is), op die ouderlinge en die diakens. Hierdie toesig moet ook oor die hele gemeente strek. Die pastorale werk van die bedienaar is moeilik, maar baie belangrik. Dit vereis vroomheid, liefde, geduld, selfverloëning, takt, moed en ’n deeglike kennis van die Skrif en van die menslike natuur wat deur die sonde by oud sowel as jonk bedorwe is.

b. *Om saam met die ouderlinge die kerklike dissipline uit te oefen*. Dit bedoel hier die kerklike dissipline in enger sin, die ekskommunikasie en alles wat daaraan voorafgaan, dit wil sê die kerklike tug. Die regering en die uitoefening van die tug mag nie in die hande van een persoon alleen wees nie, maar berus by ’n vergadering van manne wat die hele gemeente verteenwoordig so dat hiërargie vermy en alle willekeur uitgesluit word.

c. *En te sorg dat alles betaamlik en ordelik plaasvind*. Hierdie gedagte is ontleen aan 1 Kor. 14:40 waar Paulus betoog dat in die hele lewe van die gemeente, in die grote en in die kleine, alle dinge paslik en ordelik moet geskied sodat die Naam van [117] die Here verheerlik word en dit goed mag gaan in die gemeente. God is nie ’n God van verwarring nie, maar van orde. Met die oog op die bereiking van hierdie doel, moet die bedienaar saam met die ouderlinge al sy vlyt, sorg en liefde aanwend. Die bedienaar moet nooit sy wil op die gemeente afdwing of meen dat hy ’n “onaantasbare” persoon is nie. As hy waardig optree as dienskneg van die Here, beteken dit al ontsaglik baie vir die goeie orde in die gemeente.

5. Hulpdienste vir die predikant.

a. *Katkiseermeesters*. Wanneer die bedienaar onmoontlik al die kategetiese onderrig kan behartig, bv. as die gemeente oor ’n groot area uitgestrek is, moet noodwendig van bekwame hulpkragte in die uitvoering van dié taak gebruik gemaak word. Sodanige hulpkragte moet egter altyd deur die kerkraad gekeur en benoem word; ook die boeke wat vir die onderrig gebruik word, moet deur die kerkraad goedgekeur word. Hierdie hulpkragte moet self deeglik in die leer onderrig wees en daarin vas staan.

b. *Leesdienste*. Kerkrade benoem in die reël 'n aantal persone om leesdienste waar te neem by afwesigheid van die predikant of wanneer die kerk vakant is. Hierdie persone hoef nie kerkraadslede te wees nie. By die benoeming van dié persone sal diegene wat so 'n diens tot die meeste stigting kan waarneem, aangewys word. So 'n leesdiens is 'n hulpdiens vir die diens van die Woord. Die leser is dan die orgaan of mond van die predikant wie se geskrewe preek hy onveranderd voordra. So 'n leesdiens is wel 'n erediens, want dit beantwoord aan die *wese* van 'n erediens. 'n Erediens is 'n samekoms van die volk van God in teenwoordigheid van die Here onder leiding van die ampte. By 'n leesdiens ontbreek één amp: die van die predikant. Hoewel hy nie in persoon teenwoordig is nie, word hy egter *verteenwoordig* deur die voorleser wat sy preek voordra. Derhalwe het die Sinode van 1961 (art. 150) ook die gewone *liturgiese orde* van die Sinode van 1927 by leesdienste aanbeveel; met die uitspreek van die votum (Ps. 124:8) aan die begin en die afbid van die seënbede aan die einde daarvan. (Vgl. ook Sinode 1964, art. 237 waarin die orde, soos vasgestel deur Sinode, 1927, gehandhaaf is). *Leesdienste kan derhalwe ook vanaf die kansel gelei word:* "Waar hier geen beginsel in gedrang is nie, word dit aan die vryheid van elke kerkraad oorgelaat om te besluit of die ouderling die leesdiens vanaf die kansel sal lei" (Sin., 1955, art. 223).

Die kerkraad moet toesig hou oor *watter preke by leesdienste gelees word*. Die klassis Ventersburg (April 1962) het tereg besluit: [118] "(a) Alleen preke van 'n Geref. predikant wat by die kerk bekend en erkend is, mag gelees word onder toesig van die kerkraad, (b) Die kerkraad moet deur informasie van betroubare en by hom bekende persone, hom vergewis of die preke gesond in leer is. (c) As dit preke van bedienare van die Woord is wat die kerkraad ook op sy kansel sou toelaat, kan hy aan hulle skriftelike woord ook dieselfde toelating gee".

Die kerkraad moet vooraf weet wat gelees gaan word en dit goedkeur. Dit is ook nodig dat die voorleser by die diens sal aankondig wie die skrywer van die preek is wat hy gaan lees sodat die gemeente ook kontrole kan uitoefen.

6. Enkele algemene bepalings met betrekking tot die diens van die predikant.

a. Geen ampsgewaad.

Op die vraag of daar 'n bepaalde ampsgewaad bestaan, het die Sinode van 1879 reeds geantwoord: "De Synode kent onder het Nuwe Testament geen ambtsgewaad voor de bedienaren des goddelijken Woords; en kan alzoo ook niets voorschrijven, dan dat de leeraren zich in alles dienen te gedragen zooals er staan in Tim. 4:12 en Tit. 2:7, 8" (art. 158).

b. Die liturgiese orde in die erediens.

Die predikant as die bedienaar van die Woord is die voorganger (liturg) in die erediens. Hy is in sy optrede as voorganger gebonde aan die vasgestelde orde omdat hy kerkedienaar is. Die Sinode van 1927 het die volgende liturgiese orde vasgestel vir die ordelike en stigtelike verloop van die erediens: Votum; die groet-seën wat voorkom in die begin van die briewe van Paulus of in Openb. 1:4, 5; Lof psalm, omdat die gemeente moet begin om die Here te loof; Geloofsbelydenis; voorlees van die Wet volgens Ex. 20; Beryming van die Wet vs. 9 of 'n Psalmvers; Skriflesing; gebed, skuldbelydenis, danksegging en gebed vir alle nood; Psalmgesang met die oog op die Woordbediening; preek; dankgebed; Psalmgesang; seën (2 Kor. 13:13 of Num. 6:24—26); kollekte volgens die gebruik by die kerkraad.

Die Geloofsbelydenis en die voorlees van die Wet kom nie in die vasgestelde liturgiese orde vir die tweede erediens op dieselfde Sondag voor nie (Acta, bl. 80).

Die Sinode van 1955 (Acta, bl. 403) het besluit "dat die gemeente die voorlesing van die

geloofsbelydenis staande sal aanhoor en daarna sal sing of soms die hele belydenis sal sing in plaas van [119] die voorlesing daarvan". Die Sinode van 1964 het hierdie besluit herroep en weer uitvoering gegee aan die besluit van 1927 (Sin 1964, art. 237).

In verband met die seëngroet het die Sinode van 1876 (art. 93) besluit dat die leraars alleen die formules volgens Num. 6:24—26 en 2 Kor. 13:13 moet gebruik en hulle onthou van eie byvoegsels, terwyl die Sinode van 1955 (art. 262) besluit het dat seëngroet sal geskied in die Naam van die Drie-enige God. Die Sinode van 1894 (art. 170) het dit nodig gevind om te waarsku dat die uitspreek van die seën tot die amp van die leraar behoort en 'n ouderling moet hom daarvan onthou.

ARTIKEL 17.

GELYKHEID IN DIENSPLIGTE VAN AMPSDRAERS

Wanneer daar meer as een bedienaar van die Woord aan 'n kerk verbonde is, moet in hulle dienspligte sowel as in ander opsigte volgens die oordeel van die kerkraad en, indien nodig, van die klassis, soveel moontlik gelykheid bestaan. Dit moet egter ook in die geval van die ouderlinge en die diakens onderhou word.

1. Die redaksie van die artikel.

Die Sinode van 1964 het hierdie artikel in twee opsigte gewysig. Die woord "dienspligte" vervang nou die vroeëre uitdrukking "laste van hulle dienste" omdat die woord "las" 'n ongunstige betekenis verkry het. Op grond van taalkundige redes is die vroeëre "in ander dinge" met "in ander opsigte" vervang.

2. Die verhouding van art. 11 tot art. 84.

Art. 17 is afkomstig van die Sinode van Middelburg, 1581. Sommige kerke het onder invloed van a Lasco versoek dat daar inspekteurs of opsieners (Inspectores of Superintendentes) onder die predikante ingestel moes word. Die Sinode het hierop geantwoord deur die beginsel van ampsgelykheid (art. 17) te formuleer. Dit toon ooreenkoms met art. 84 K.O. Laasgenoemde artikel bepaal dat daar geen heerskappy van een kerk oor 'n ander, of van een ampsdraer oor 'n ander, gevoer mag word nie. Hierdie beginsel van die Reformasie teenoor die Roomse heerskappy (hiërargie) is derhalwe reeds deur die Konvent van Wesel, 1568, gestel (IV, 7, 9; V, 19; VIII, 14, 20). Die heel eerste Sinode, Emden, 1571, het hierdie beginsel as die *eerste* artikel van sy 57 handelinge neergelê: [120] "Gheen Kercke sal over een ander Kercke, gheen Dienaer des Woorts, gheen Ouderlinck, noch Diaken sal d'een over d'ander heerschappie voeren, maar een yeghelijck sal hen voor alle suspicien, ende aenlockinge om te heerschappen, wachten". Die Reformatoriese beginsel is bedug vir die gevaar van heerskappy van mense in die kerk. Daarom bepaal art. 41 K.O. die voorsitterskap "om die beurt" (vgl. art. 37 K.O.) en hou die amp van voorsitter op as 'n kerklike vergadering af geloop is (art. 35 K.O.).

Die ooreenkoms tussen art. 17 en 84 bestaan dus in die gemeenskaplike afwysing van enige vorm van hiërargie. Die verskil tussen die twee artikels is daarin geleë dat art. 17 op die statiese situasie, soos deur kerklike vergaderings gereël, betrekking het. Die posisie (status) en dienspligte moet *gelyk* wees. Art. 84 wys daarenteen op die dinamiese, op heerskappyvoering — ongeag of so 'n posisie reglementêr gereël is, of aangematig word. Dit is egter ook moontlik dat daar ongelykheid voorkom (art. 17) sonder dat daar noodwendig heerskappy gevoer word

(art. 84).

3. Die afwysing van hiërargie.

Die mees volmaakte hiërargiese sisteem, waarin daar van die ongelykheid van die ampsdraers (hoër en laer priesters) uitgegaan word, kom voor in die Roomse Kerk. Die geestelikes (ampsdraers) lewe in 'n hoër kerklike verdieping as die leke (gewone lidmate) en is daarom ongelyk aan en hoër as die lidmate. Onder die geestelikes self kom ook 'n rangorde van ongelykheid in gesag, stand, waardigheid en pligte voor. Dit klim van priester na dorpspriester, na biskop, na aartsbiskop, na kardinaal, totdat alle mag uiteindelik in die pous saamtrek. Tussen hierdie ampsdraers (wat per slot van rekening almal priesters is) kom die grootste ongelykheid in ampspligte, ampswaardigheid, ampsvoordele, ampsmagte, ens. voor.

In die kollegialistiese kerke waar hulppredikers, superintendente, moderatore en voorsitters van bestuurskolleges gehandhaaf word, word dieselfde tendense aangetref.

Die dissipels van Christus het al hiërargiese neigings geopenbaar in die vraag oor wie die grootste geag moet word. Jesus het egter vir hulle gesê: "As iemand die eerste wil wees, moet hy die laaste van almal en almal se dienaar wees" (Mark. 9:34, 35; vgl. ook Matth. 23:8). Petrus noem homself 'n "mede-ouderling" (1 Petrus 5:1), gelyk in gesag met die ander (nie die eerste pous nie). (Vgl. verder by art. 36 en 84 K.O.).

[121]

4. Gelykheid tussen bedienaars van die Woord.

Die bedoeling van die artikel is dat daar onder die beklêders van dieselfde amp, dus onder bedienaars van die Woord onderling en so ook onder die ouderlinge en diakens onderling, *gelykheid* moet wees. Gelykheid beteken egter nie enersheid nie. Daar is dikwels 'n groot verskeidenheid onder gelykes op te merk.

Die bedienare van die Woord is dienaars van Christus, en hulle amp bestaan in die bediening van die Woord van Christus. Dit is dieselfde taak, ongeag deur wie dit bedien word. Daar is dus gelykheid en geen bron waaruit 'n hoër ampsplig kan ontspruit nie. Niemand van hulle is 'n plaasvervanger van Christus op aarde nie. Hy het sy mag aan geen mens oorgedra nie. Hy regeer oor alle dinge en in besonder oor sy kerk deur sy Woord en Gees. Die mag van die herders bestaan dus bloot in die bediening van die sleutelmag van Christus, en geen enkele ampsdraer het 'n bron waaruit hy 'n eie of hoër gesag ten opsigte van sy mede-ampsdraers kan ontwikkel nie. Christus heers oor alles en almal en heerskappy kom geen mens in die kerk toe nie. In die woorde van die Ned. Geloofsbelydenis (art. 31) bely ons: "En aangaande die bedienaars van die Woord — in watter plek hulle ook mag wees — hulle het een en dieselfde mag en gesag, omdat hulle almal dienaars van Jesus Christus is, die algemene Opsiener en die enigste Hoof van die Kerk".

Hierdie beginsel kan op grond van die feit dat elke amp 'n bediening van Christus is, net so toegepas word op die verhouding tussen die ouderlinge en die diakens, onderskeidelik.

5. Die karakter van die gelykheid.

a. Gelykheid in dienspligte.

Die bedienaar van dieselfde amp het dieselfde dienspligte met dieselfde regte. Die een mag bekwamer as die ander wees en meer besondere gawes ten opsigte van sekere dele van die ampswerk ontvang het. Nogtans mag die een nie met groter verantwoordelikheid as die ander belas word nie. Wanneer een bedienaar van 'n kerk uitmunt as prediker en 'n ander

bedienaar van dieselfde kerk onderskei hom as kategeet of huisbesoeker, mag dit nie so gereël word dat eersgenoemde alle prediking en laasgenoemde alle kategese (of huisbesoek) behartig nie. In die tweede plek het die artikel ook 'n praktiese noodsaaklikheid. Die belang van die kerk en die betrokke ampsdraers maak dit nodig dat daar 'n gelyke verdeling van pligte bestaan en ekonomiese werkverdeling gehandhaaf word. Wanneer 'n kerk meer as een bedienaar het, moet dit so [122] gereël word dat elkeen van hulle *alle* amptelike werksaamhede (diensplig te) verrig. Hulle moet om die beurt preek en op vergaderings presideer, 'n gelyke aandeel hê in die huisbesoek, katkisasie, ens.

Die beginsel van hierdie artikel sluit dus begrippe soos hospitaalpredikante, spesiale predikers en ampsdifferensiasie onder dieselfde ampsdraers uit (vgl. Sinode 1964, Acta, bl. 520—525).

Verder (en mede op grond van art. 84 K.O.) mag een ampsdraer nie as 'n superintendent of inspekteur oor die ander dienaars wees nie. Daarom ken die Gereformeerde kerkreg nie so iets as 'n "hulpprediker" of "hoofouderling" in die kerk nie.

b. Gelykheid in ampseer.

Die gelykheid moet ook "in ander opsigte" uitkom. Daarmee word die gelykheid in ampseer, die traktering, ens. bedoel. Die bedienaars van dieselfde amp het almal aanspraak op dieselfde ampseer.

Dit is egter nie in stryd met hierdie artikel wanneer iemand vanweë sy persoon en werk besonder waardeer word nie. Waar iemand met besondere liefde, ywer, trou en diensbaarheid tot heil van die kerk (of kerke) arbei, sal so 'n persoon ook besondere aansien verwerf. Hierdie besondere eer kom soms ouer, beproefde en begaafde ampsdraers toe (vgl. bv. art. 44 K.O.). Paulus skryf aan Timotheus dat die ouderlinge wat goed regeer, dubbele eer waardig geag moet word (1 Tim. 5:19; vgl. ook 1 Kor. 15:10).

Aan die ander kant verbeur ampsdraers wat hulle diensplig te nie goed verrig nie, hulle ampseer en die liefde van die gemeente. Hierdie verskil in eer wat die een broeder, as 'n eerste onder gelykes (primus inter pares), verwerf op grond van meerdere ampsgawes (1 Kor. 3:10a), ampsdiens, ampservaring, ens., is 'n verskil in *graad* en nie 'n verskil in posisie, stand of rangorde nie.

c. Gelykheid in versorging.

Ook wat die onderhoud (traktering) betref, moet daar gelykheid wees. Van alle bedienaars geld in gelyke sin dat wie die evangelie verkondig, van die evangelie moet lewe (1 Kor. 9:14). "Gelykheid" wil egter nie sê dat die bedienaars van dieselfde kerk presies dieselfde bedrag aan traktement moet ontvang nie. Wanneer 'n bedienaar met 'n groot gesin net so veel as dié met 'n klein gesin in dieselfde kerk ontvang, bestaan daar die grootste ongelykheid. By die versorging moet dus noukeurig oorweeg word wat die behoeftes is wat aan 'n bepaalde standplaas verbonde is, wat die omstandighede (bv. siektes, ens.) en gevolglike behoeftes [123] van die predikantsgesin is. Die versorging moet met onderskeiding geskied sodat hulle 'n gelyke lewensstandaard kan handhaaf (vgl. by art. 11 K.O.).

d. Die omvang van die gelykheid.

Die beginsel van gelykheid moet "soveel moontlik" deurgevoer word. Omstandighede in die lewe van die bedienaars mag 'n kerkraad soms noodsaak om bv. 'n bedienaar wat oud en swak is, tegemoet te kom en sy diensplig te verlig.

Van die beginsel mag nie ligtelik afgewyk word nie, maar besondere omstandighede mag 'n uitsondering op die beginsel noodsaaklik maak. In die geval van ouderlinge of diakens kan die kerkraad hulle diensplig te verlig deur bv. hulle omstandighede te konsidereer by kommissiewerk.

6. Die kerkraad dra die verantwoordelikheid.

Die gelykheid moet onderhou word volgens die oordeel van die kerkraad. Die kerkraad het die roeping om die beginsel van gelykheid ten opsigte van al drie die besondere ampte te handhaaf. Dit moet in ag geneem word by die stipulasies van beroepsbriewe, die aanwysing van ampsdraers in bepaalde wyke, die groottes van die wyke, die personalia van kommissies, deputering na meerdere vergaderings, ens., ens. Wanneer 'n ernstige verskil van mening in 'n kerkraad voorkom moet die advies van die klassis gevra word.

ARTIKEL 18.

DIE DIENSPLIGTE VAN DIE PROFESSORE AAN DIE TEOLOGIESE SKOOL

Die diensplig te van die professore aan die Teologiese Skool is om bedienaars van die Woord op te lei, die Heilige Skrif uit te lê en die suiwere leer teen die ketterye en dwalinge te verdedig.

1. Redaksie van die artikel.

By die verklaring van art. 2 K.O. is verduidelik waarom "amp van doktore" deur die Sinode van 1964 verander is na "professore aan die Teologiese Skool". Vroeër het die artikel gelui: "Die amp van Doktore of Professore in die Teologie". Dit is gewysig tot "die diensplig te van die professore aan die Teologiese Skool". Verder is ingevoeg: "om bedienaars van die Woord op te lei".

[124] Dis opmerklik dat die Christian Reformed Church (V.S.A.) reeds in 1920 die Woord "Doktore" weggelaat het.

Art. 2 K.O. reël dat daar vier soorte dienste in die kerk onderhou moet word. Nadat in art. 3—17 K.O. oor die dienste van die bedienaars van die Woord gehandel is, volg nou die *diens* van die professore aan die Teologiese Skool.

Dit is 'n leemte dat die artikel oor die verkiesing (beroeping) van professore swyg, terwyl daar ten opsigte van die ander drie dienste in dié verband 'n duidelike reëling is, naamlik dié van die Woord (art. 4 K.O.), dié van die ouderlinge (art. 22 K.O.) en dié van die diakens (art. 24 K.O.).

2. Oorsigtelike geskiedenis van die teologiese opleiding in Suid- Afrika.

Op die eerste Sinode van 1862, met slegs twee predikante, t.w. di. D. Postma en J. Beyer, is deeglik aandag aan die opleiding van predikante geskenk. Die Sinode van 1863 het die twee leraars gevra om eventuele studente aan te help, maar die eksaminering en toelating tot die amp van predikant sou deur die Sinode self geskied. Die Sinode van 1869 het tot die oprigting van 'n Teologiese Skool te Burgersdorp besluit en so die opleiding van bedienaars van die Woord op vaste voet geplaas. In 1904 is besluit om die Teologiese Skool oor te plaas na Potchefstroom. Tot 1913 was slegs een professor aan die Skool verbonde; toe is besluit 'n tweede te benoem en in 1924 'n derde. Tans is daar ses professore wat hulle diensplig te aan die Teologiese Skool verrig.

Die Sinode van 1869 wat besluit het om oor te gaan tot die oprigting van die Teologiese

Skool, het aan die Skool 'n voorbereidende literariese opleiding verbind. Hieruit het die P.U. vir C.H.O. gegroei, wat op 16 Maart 1951 sy oktrooi as 'n selfstandige universiteit ontvang het. Tussen die Teologiese Skool en die Universiteit is daar 'n kontraktuele verband gelê, sodat die Universiteit die professore van die Teologiese Skool (wat deur die kerk beroep word) ook as sy professore erken en help besoldig. Die universitêre opleiding (met die oog op 'n akademiese graad) kan gevolglik ook gelyktydig met die kerklike opleiding as bedienaar van die Woord onderneem word.

'n Tweede Teologiese Skool is opgerig vir die opleiding van nie-blanke bedienaars van die Woord. Dit is oorspronklik by Dube in Johannesburg begin en in 1962 na Hammanskraal naby Pretoria verskuif en in 1965 was daar drie professore in diens.

3. Die Kuratorium van die Teologiese Skool.

Ter behartiging van die belange van die Teologiese Skool, word, [125] in opdrag van die algemene sinode, 'n kuratorium saamgestel bestaande uit twee deputate wat deur elke partikuliere sinode aangewys word en wat dan as deputate van die algemene sinode op tree. Hulle mandaat is kortliks: die beheer oor die fondse en eiendomme van die Teologiese Skool, reëling van die besoldiging van die personeel van die Teologiese Skool; skakeling tussen Teologiese Skool en P.U. vir C.H.O.; behartiging van alle belange van die Teologiese Skool en interne reëlings; by wangedrag van professore, tydelike ontsegging van die reg om kolleges te gee totdat die generale sinode daaroor beslis het; toekenning van beurse; beslissing oor toelating en ontslag van studente; saam met ander deputate wat deur die partikuliere sinodes benoem is, die vorming van 'n kieskollege met die oog op die opvulling van vakatures aan die Skool; en die afneem van die kandidaatseksamen.

Hulle mandaat word van tyd tot tyd deur die sinode gewysig volgens wat in die beste belang is.

Die behartiging van die belange van die Teologiese Skool vir die opleiding van nie-blanke predikante is ook opgedra aan 'n kuratorium wat benoem word deur die algemene sinode. Hulle mandaat is grootliks dieselfde as dié van die kuratorium hierbo genoem. (Vgl. verder by art. 49 K.O.).

4. Die verkiesing van professore deur die kieskollege.

Sedert die Sinode van 1904 is 'n kieskollege benoem met die oog op die verkiesing van professore. (Vgl. hieroor ook by art. 49 K.O.).

Die Kieskollege word saamgestel uit die Kuratore en twee deputate uit elke partikuliere sinode. Die verkiesing geskied in oorleg met die Senaat van die Teologiese Skool wat 'n skriftelike voordrag moet indien met betrekking tot leraars wat na hulle oordeel in aanmerking kom op grond van hulle akademiese kwalifikasies en prestasies, wat volledig vermeld moet word (vgl. Sin. 1964, art. 118).

Alleen predikante binne die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika is in die eerste plek verkiesbaar as professor. In die tweede plek mag predikante en professore van Gereformeerde Kerke met wie ons in enger korrespondensie staan, oorweeg en beroep word.

'n Predikant wat tot professor aan die Skool verkies word, aanvaar diens op 'n datum wat deur die Kuratorium bepaal word, en onderteken by daardie geleentheid die ondertekeningsformulier vir professore wat deur die sinode van 1936 vasgestel is. Op 'n datum wat later vasgestel word, hou so 'n professor 'n inougurele rede wat gepubliseer moet word (vgl. Sin. 1964,

art. 118).

[126] Die verkiesing van professore vir die Teologiese Skool te Hammanskraal vir die opleiding van nie-blanke predikante geskied deur die Kuratorium van dié Skool en die Deputate vir Sending van die algemene sinode.

5. Die posisie van predikante wat benoem word as professore.

a. Emeritering na analogie van art. 13 K.O.

Tot hiertoe is sodanige predikante van hulle diensplig te by hulle kerk onthef deur hulle "na analogie" van art. 13 K.O. te emeriteer, met dien verstande dat hulle aanspraak op emeritaatsversorging alleen sal geld wanneer hulle deur ouderdom of andersins onbekwaam vir die diens geword het. Dit word egter duidelik in art. 2 K.O. gereël dat die *diens* van professore aan die Teologiese Skool 'n noodsaaklike diens is en as sodanig sy plek in die Kerkorde ontvang. Die reëling tot hiertoe bevredig daarom nie. In art. 13 K.O. is alleen een grond vir emeritering, naamlik *onbekwaamheid* weens ouderdom, siekte of andersins om die diensplig te van 'n predikant te verrig. Volgens die huidige redaksie van die Kerkorde in art. 2 en 18 is dit duidelik dat 'n professor aan die Teologiese Skool nie maar net 'n geëmeriteerde predikant "na analogie" van art. 13 K.O. is nie, maar 'n predikant wat kragtens art. 2 en 18 K.O. verkies en bevestig is as professor.

Volgens die beginsel van art. 15 K.O. is dit vanselfsprekend dat aan hom die reg en bevoegdheid om die Woord te bedien, verleen word, aangesien die diens van professor juis wesentlik deur die opleiding vir die diens van die Woord bepaal word.

b. Die versorging van en tug oor professore.

Die versorging van professore geskied uit die Teologiese Skoolkas deur die kerke gesamentlik. Op grond van die reëling van samewerking tussen die kerk en die P.U. vir C.H.O. is die professore aan die Teologiese Skool ook in diens van die Raad van die Universiteit en word hulle daarvoor ook besoldig, sodat hulle onderhoud nie geheel en al deur die kerk geskied nie. Die benoemingsreg is egter kragtens bogemelde ooreenkoms uitsluitend aan die kerk toevertrou; verder is ook die tugreg aan die kerk toevertrou en die Universiteit het onderneem om 'n professor aan die Teologiese Skool, wat afgesit word deur die kerk, ook uit sy diens te ontslaan. Die sinode het volle seggenskap oor die Skool en sy professore, en bepaal ook die leerkursusse met volle toesig daaroor. Die Skool bestaan dus in wese selfstandig as 'n kerklike inrigting onder beheer van die kerk. In die doseer van suiwer teologiese [127] vakke met die oog op die toekenning van grade deur die Universiteit, het die kerk onderneem om aan die Universiteit die nodige hulp te verleen (vgl. Akte van ooreenkoms tussen die kerk en P.U. vir C.H.O., art. 1, 3, 5 en 6).

c. Ontslag uit die diens van professor.

(i) Die reg om 'n professor weens wangedrag of valse leer uit sy diens aan die Teologiese Skool te skors, berus by die Kuratorium van die Teologiese Skool, wat ook die reg het om 'n professor tydelik die reg te ontsê om kolleges te gee, maar met behoud van traktement tot tyd en wyl die generale sinode oor 'n beskuldiging van wangedrag of valse leer teen 'n professor die eindbeslissing geneem het. Die afsetting van 'n professor weens wangedrag of valse leer vind plaas deur die generale sinode na voordrag van die Kuratorium (Sin. 1949, bl. 309).

(ii) Die dienstyd van professor in die Teologie kan deur die sinode, op voordrag van die Kuratorium, met ses maande kennisgewing beëindig word.

(iii) Professore in die Teologie kan op 65-jarige leeftyd, of daarna, emeritaat weens ouderdom aanvra, maar op 70-jarige leeftyd moet hy emeritaat aanvra (Sin. 1964, art. 118).

6. Die dienspligte van die professore aan die Teologiese Skool.

Hierdie diens vloei voort uit die roeping van die kerk om die Woord van God te ondersoek, te bewaar en te verkondig. Om hierdie roeping behoorlik te kan vervul, het die kerk ook bedienare nodig wat op wetenskaplike wyse predikante kan oplei; die kennis van God uiteen kan sit en die suiwere leer teen ketterye en dwalinge kan verdedig (vgl. verklaring by art. 2 K.O., pt. 3. d.).

a. Die opleiding van bedienare van die Woord.

Die kerk as instituut kan nie die Teologie beoefen nie, want sy taak is nie die beoefening van die wetenskap nie. Sy ampsdraers kan en moet dit egter wel doen. ’n Opleiding in die Teologiese wetenskap is noodsaaklik om die Woord van God in die praktyk aan die gemeente van die Here te kan bring. Terwyl vir die universiteit die Teologie (as wetenskap) self die doel is, is dit vir die kerk instrument tot ’n doel, naamlik die opleiding van predikante vir hulle diens werk.

Die kerk bepaal self die opleiding wat sy toekomstige bedienaars van die Woord ontvang en trag om die opleiding so grondig moontlik te laat geskied. Die oogmerk moet egter nie in die eerste plek [128] wees om wetenskaplik toegeruste teoloë op te lei nie, maar om *bedienaars van die Woord* vir hulle *dienswerk* in al sy aspekte te bekwaam.

b. Die uiteensetting van die ware leer.

Alleen deur die Bybel kan ons God reg ken. Dit is God se besondere, onfeilbare openbaring van Homself. Maar die Heilige Skrif moet verklaar en uitgelê word. Die professore word insonderheid hiertoe geroep. Dit is nie alleen onontbeerlik by die opleiding van die bedienare van die Woord nie, maar die gedagte is seker ook dat die vrug van hulle arbeid ook andersins die kerk ten goede sal kom. Veral deur publikasies kan veel bereik word. In die verlede was dit haas onmoontlik as in gedagte gehou word dat tot 1913 daar slegs een en tot 1924 slegs twee professore was. Dit is maar van resente datum dat ses professore die opleiding behartig. In die toekoms kan daar dus van dié deel van hulle diens meer verwag word.

c. Die verdediging van die suiwere leer teen ketterye en dwalinge.

Die Bybel is die bron van die Teologie. Daaruit ontvang ons die suiwere leer, maar dit moet ook verdedig word teen die talle ketterye en dwalinge. Professore sal dit in die eerste plek doen in die klaskamers voor hulle studente, maar dit is ook hier duidelik dat dit baie wyer moet strek.

ARTIKEL 19.

DIE ONDERHOUD VAN TEOLOGIESE STUDENTE

Die kerke moet soveel nodig sorg dat daar studente in die Teologie is wat deur hulle ondersteun word.

1. Die kerke moet sorg dat daar studente is.

Dit is vir die kerke van lewensbelang dat daar altyd 'n voldoende aantal studente sal wees wat vir die bediening van die Woord opgelei word. Om voorsiening vir voldoende predikante te maak, moes die kerke sorg dat bekwame jongmanne wat hulle geroepe gevoel het, kon studeer. Net soos wat die ouderlinge en diakens uit die kerke geroep word, so moet die plaaslike kerke deur geestelike en stoflike middele sorg dat daar studente (met die innerlike roeping) is, want by hierdie amp gaan 'n lang studie [129] die uitwendige roeping vooraf (vgl. art. 4 K.O.). Die steun wat die studente ontvang, is derhalwe geen barmhartigheidsbetoning nie. Nie die behoeftes van die studente is die beweegrede tot hierdie daad nie, maar die roeping tot *instandhouding* van die kerkdiens.

2. Die kerke moet die studente ondersteun.

Die studente moet reeds gedurende hulle voorbereidingsjare (propedeutiese studie) aan die universiteit wat groot koste meebring, steun ontvang. Dit is die studie wat hulle moet onderneem om in die Teologie te spesialiseer. Die ondersteuning mag selfs vir verdere Teologiese studie na voltooiing van die kandidaatseksamen, gegee word omdat die kerke ook behoefte het aan bedienaars wat hulle wil bekwaam om later die diens van professore in die Teologie te kan vervul. Dergelike gevalle sal egter op eie meriete en in die lig van omstandighede beoordeel word.

In verband met die voorbereidende opleiding het die Sinode van 1958 besluit dat dit aan die P.U. vir C.H.O. moet geskied.

Hierdie advies is gegee:

"vanweë die Christelike karakter van die inrigting en, op grond van die reëling van samewerking met die P.U. vir C.H.O., en verwag van die Kuratore om toe te sien dat dit uitgevoer sal word. Mag daar egter gevalle voorkom wat hieraan nie voldoen nie, dan is die Kuratorium verplig om in elke voorkomende geval te bepaal watter aanvullende eksamens gedoen moet word voordat toelating tot die Teologiese Skool kan geskied" (Sin. 1958, art. 115).

3. Die wyse van die kerklike ondersteuning.

Die beginsel van die artikel is dat die ondersteuning deur elke kerk moet geskied. Dit kan deur die kerke individueel of ook gesamentlik onderneem word. In ons kerkverband is laasgenoemde weg gebruiklik, hoewel dit bykomende individuele steun aan 'n bepaalde student nie uitsluit nie. Die "Teologiese Studentekas" word deur die Kuratore as deputate van die algemene sinode behartig, wat daaruit die nodige steun verleen. Met die oog op voorkoming van willekeur is deur die sinode in reglement daargestel (vgl. in *Almanak* van die Geref. Kerk in S.A.). Al die kerke dra deur middel van kollektes en ramings by tot hierdie Kas.

Dit is in stryd met die bedoeling van die artikel om te verwag dat die finansiële steun uit die kerke terugbetaal moet word *indien die student sy studie voltooi.* Art. 19 maak nie voorsiening vir 'n leningsfonds nie, maar stipuleer dat die kerke sal toesien dat daar jongmanne is wat hulle sal aanmeld vir studie en wat deur hulle ondersteun sal word gedurende die studiejare.

[130]

ARTIKEL 20.

EERVOLLE VERSORGING VAN WEDUWEE EN WESE VAN AFGESTORWE BEDIENAARS VAN DIE WOORD EN PROFESSORE

By die afsterwe van 'n bedienaar van die Woord moet die kerk wat hy gedien het of in die geval van 'n professor aan die Teologiese Skool, die kerkverband, sy weduwee en wese eervol in hulle nooddruf versorg.

1. Nuwe redaksie.

Deur die huidige redaksie van hierdie artikel het die Sinode, 1964, die vroeëre art. 20 heeltemal laat verval. Dit het gehandel oor die preekoefeninge wat ingestel moet word vir persone wat onder art. 8 vir die diens van die Woord bekwaam geag is. Die artikel kon goedskiks verval omdat dit reeds in art. 8 gereël is. Gewoonlik was die preekverlof aan teologiese studente in later jare onder hierdie artikel betrek. Die invoeging van 'n spesiale artikel vir die preekverlof van studente hier, sou die preekverlof tot 'n kerklike diens verhef. Dit is 'n aangeleentheid wat goedskiks deur sinodebesluite gereël kan word omdat die beginsel van preekoefeninge aan die Kerkorde (bv. art. 8) bekend is.

Die aangeleentheid wat nou in art. 20 gereël word, was vroeër 'n aanhangsel tussen hakies by art. 13 K.O. By die gedeelte oor die emeritering van nog lewende predikante, was tussen hakies bygevoeg: "en so ook die weduwees en wese van die bedienaars".

Nadat oor die twee dienste gehandel is, vorm art. 20 'n mooi afsluiting deurdat die versorging van die afhanklikes van gestorwe predikante en professore hier gereël word.

2. Die beginsel van die versorging.

Dieselfde beginsel wat vir die versorging van geëmeriteerde predikante geld, is hier van toepassing by die afhanklikes van gestorwe bedienaars en professore. Net soos die versorging van emeriti nie 'n saak van barmhartigheid is nie, maar 'n reg van genoemde persone is — omdat dit die plig van die betrokke kerkraad is om hulle te versorg — en net soos die versorging van diensdoende predikante met hulle gesinne geen saak van barmhartigheid is nie, maar 'n uitkering waarop die genoemdes 'n regmatige aanspraak het, net so bly dieselfde beginsel geld vir sy afhanklikes wanneer 'n predikant of professor wegval (vgl. F.L. Bos, a.w., bl. 67). Die rede hiervoor is: Die bedienaar het hom sy lewe lank, [131] met alles wat hy gehad het, in diens van die kerk gestel sodat hy nie in eie lewensonderhoud kon voorsien nie (Joh. 21:16; Hand. 15:26; 1 Kor. 9:16, 17; 2 Kor. 5:14; Rom. 1:1); Christus het die sorg vir die bedienaars en hulle weduwees en wese tot aan en selfs na hulle dood wederkerig op die kerke gelê: "want die arbeider is sy voedsel (loon) werd" (Matth. 10:10; Luk. 10:7) en "so het die Here ook vir die wat die evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die evangelie moet lewe" (1 Kor. 9:14; 1 Kor. 9:6, 11; 2 Kor. 11:7—9; Gal. 6:6; 1 Thess. 2:6; 1 Tim. 5:17, 18; 2 Tim. 2:6) (vgl. Jansen, a.w., bl. 63 en 64).

3. Die versorging van die afhanklikes van die afgestorwe bedienare van die Woord.

By afsterwe van 'n bedienaar van die Woord is die volgende reëling in die kerkverband getref: gedurende die eerste 6 maande sal die predikantsweduwee volle reg hê op die traktement van haar oorlede man en die gebruik van die pastorie. Daarna tree versorging in deur die E.P.P.W. en W.-fonds (vgl. art. 13 K.O.). Die onderhoud word *beëindig:* wanneer 'n predikantsweduwee of kind ophou om lidmate van die Gereformeerde Kerk te wees; wanneer 'n

wees die ouderdom van 18 jaar bereik of wanneer sodanige kind voor daardie tyd in die huwelik tree; wanneer 'n weduwee weer in die huwelik tree. (Vgl. verder Reglement E.P.P.W. en W.-fonds, Sinode, 1942, art. 60).

4. Die versorging van die afhanklikes van afgestorwe professore.

Volgens die huidige redaksie in art. 2 en 18 K.O., is dit duidelik dat 'n professor aan die Teologiese Skool 'n *eie diens* in die kerkverband beklee. Gevolglik verg die onderhoud van professore se afhanklikes ook 'n spesiale reëling, soos dit nou gedoen is in art. 20 K.O.

Wanneer 'n professor te sterwe kom, moet die versorging deur die *kerkverband* geskied (vgl. verklaring by art. 13 K.O.). Die kerkverband versorg hom in sy diens uit die Teologiese Skoolkas en die kerkverband moet dus die afhanklikes van 'n professor ook daaruit versorg as hy te sterwe kom. Daarom geld vir hulle nie *"die kerk wat hy gedien het nie",* maar die *"kerkverband"*. Die E.P.P.W. en W.-fonds is die voorsiening wat *elke* plaaslike kerk maak vir die versorging van sy eventuele emeriti en hulle afhanklikes, en die versorging sal gevolglik nie uit hierdie fonds kan geskied nie (vgl. art. 2 van die Reglement van hierdie Fonds).

Vir die eerste 6 maande na die afsterwe van 'n professor aan die Teologiese Skool is daar ook die bepaling: die weduwee ontvang [132] gedurende die tyd die traktement van haar oorlede man en 'n woningtoelaag.

Daarna geskied die versorging deur die kerkverband uit die Teologiese Skoolkas en dieselfde bepalinge sal geld as dié vir die weduwees en wese van afgestorwe bedienaars van die Woord.

Vanweë die kontraktuele verband tussen die Teologiese Skool en die P.U. vir C.H.O. (vgl. art. 18 K.O.) is die professore van die Teologiese Skool ook in diens van die Raad van die Universiteit en by die pensioenfonds van laasgenoemde ingeskakel. By die versorging van hulle afhanklikes sal hiermee rekening gehou moet word.

Hierteenoor is die posisie van die afhanklikes van die professore aan die Teologiese Skool te Hammanskraal dat hulle geheel op die kerkverband aangewys is.

ARTIKEL 21.

DIE VERHOUDING VAN DIE KERKRADE TOT DIE ONDERWYS VAN DIE JEUG

Die kerkrade moet orals toesien dat daar goeie onderwysers is wat die kinders nie alleen leer lees en skrywe en hulle in spraakkuns en ander kundighede onderrig nie, maar ook in die godsaligheid en in die Kategismus.

A. DIE HUIDIGE REDAKSIE.

1. Historiese agtergrond.

In die lig van die besluit van die Sinode van 1964 (Acta, bl. 57) sal kortliks aandag gegee word aan die gangbare redaksie van die artikel om daarna te kom tot die voorgestelde wysiging, soos dit reeds aan die Sinode van 1964 voorgelê was.

Om hierdie artikel te kan verstaan, moet noodgedwonge kortliks op die geskiedenis daarvan gelet word.

In die Middeleeue het die kerk baie skole gestig. In dieselfde tyd en ook later het die

owerheid skole opgerig. Met die ontstaan van stede aan die einde van die Middeleeue, het die plaaslike owerhede byna oral skole gestig sodat skole, deur plaaslike en stedelike owerhede gestig, gedurende die Reformasie 'n algemene verskynsel was. Hierdie plaaslike owerhede was Rooms sodat ook die skole oorwegend Rooms was. By hierdie toestand het die Reformasie aangesluit en nie daartoe oorgegaan om aparte skole naas die bestaande [133] owerheidskole te stig nie, maar om die bestaande skole te reformeer. Dit moet by art. 21 K.O. goed vasgehou word.

Die Konvent van Wezel, 1568, en die eerste Sinode te Emden, 1571, kon nog niks vermag nie omdat die land toe nog in die mag van die vyand was. Op die Partikuliere Sinode van Dordrecht, 1574, dring drie klassisse daarop aan "om tot reformatie der scholen te comen". Die bestaande Roomse owerheidskole is mettertyd in Gereformeerde owerheidskole verander. Op plekke waar nog nie skole was nie, is die owerheid versoek om op sy rekening onderwysers aan te stel. Die Sinode van 's-Gravenhage, 1586, het art. 21 K.O. in sy huidige redaksie vasgestel. Dat die sinodes hierdie en ander besluite in dieselfde gees kon neem, is verklaarbaar. Die Gereformeerde Kerke het offisieel met die owerheid in verband gestaan en was staatsbevoorregte kerke. Die owerheid het in sommige gevalle dan ook graag van die hulp van die kerke, veral van predikante, gebruik gemaak by eksaminering en aanstelling van onderwysers en om toesig te hou oor die godsdienstige karakter van die onderwys. Dikwels het die predikant met een of meer deputate uit die kerkraad in die praktyk as 'n soort skoolbestuur opgetree.

2. Die prinsipiële lyne in die artikel aangedui.

In die lig van bostaande word die bepaling in art. 21 duidelik, nl. dat die *kerkrade* moes toesien, d.w.s. by die *owerheid daarop moes aandring: dat daar goeie onderwysers is;* op baie plekke was onbetroubare (ketters en papiste) en onbekwame (koetsiers, kosters e.a.) onderwysers aangestel; *dat die kinders nie alleen sou leer lees en skryf nie maar ook in die godsaligheid en kategismus onderrig sou word;* die onderwys moes nie alleen 'n maatskaplike karakter dra nie maar ook 'n godsdienstige.

Die toesig van die kerkrade bestaan dus nie hierin dat kerkrade skole stig en self onderwysers aanstel nie, maar dat hulle met alle skoolsake na die owerheid sal gaan omdat die skole deur die owerheid opgerig is en hierin 'n taak en verantwoordelikheid het.

Dit blyk ook duidelik uit die bepalinge aangaande die *katkisasie* deur die Sinode van Dordrecht, 1618—19. Daar moes *huis-, skool-* en *kerk-katkisasie* wees. Insake die *huis-katkisasie* is bepaal dat ouers hulle kinders en die hele gesin in die Christelike godsdiens moes onderwys, dat hulle die Skrif moes lees, die Kategismus moes aanhoor, ens. Insake *skoolkatkisasie* is bepaal: dat daar oral deur die owerheid skole gestig en onderhou moes word, waar die arm kinders gratis onderwys kon ontvang; dat die onderwysers lidmate van 'n Gereformeerde Kerk moes wees, vroom van lewe en goed [134] tuis in die Kategismus; dat die toesig oor die skole sou berus by die predikant, wat met 'n ouderling of owerheidspersoon die skole moes besoek en onderwysers en leerlinge moes aanspoor; dat by nalatigheid, onderwysers deur die kerkraad vermaan moes word en by hardnekkigheid die owerheid versoek moes word om in te gryp. Uit al hierdie bepalinge blyk dat na die Reformasie in die 16e eeu dit owerheidskole was, maar Gereformeerde owerheidskole.

3. Nadere verklaring van art. 21 deur Sinode, 1942.

Die Sinode, 1942, (art. 55, 95 en 98) het 'n breedvoerige rapport goedgekeur waarin 'n nadere verklaring van art. 21 K.O. gegee is.

Saaklik gee ons die volgende kortliks daaruit weer: (i) Kerk en staat het in Nederland en in Suid-Afrika gedurende die 18e eeu ’n gemengde taak ten opsigte van skole en onderwys gehad, (ii) Die kerk het by die skole as instelling ’n bepaalde belang, wat volgens die Sinodebesluit, 1933, (art. 98) daarin bestaan dat die ouers geaktiveer word tot die besef dat die skoolopvoeding ook ’n deel van hulle opvoedingstaak is. (iii) Art. 21 K.O. lê nie as beginsel neer dat, met die oog op kerklike toesig, die oprigting, onderhoud en beheer van skole juis net van die owerhede moet uitgaan nie; ook nie dat die skool van die gemeenskap van ouers moet uitgaan nie, hoewel dit deur die kerke in die skoolstryd sedert die Franse Rewolusie as ’n suiwer Skriftuurlike beginsel vir die Christelike skoolwese uitgespreek is en o.a. deur die Gereformeerde Kerke in Holland ook konsekwent in ag geneem word. Art. 21 K.O. skryf dus nie *staat-* of *ouerskole* voor nie, maar *reël net die verhouding van die kerkrade tot die skoolonderwys van die jeug* sonder om die verhouding van die huis, die staat of die gemeenskap van ouers tot die skool te probeer reël. Dit is juis die krag van hierdie artikel dat hierin nie vir die huis, die staat of gemeenskap van ouers ’n reëling insake skoolonderwys voorgeskryf word nie, maar dat die kerke op hulle eie terrein slegs vir die *kerke* die verhouding tot die skool reël. As artikel in die KERK-orde is dit streng beperk tot die reëling van die kerkrade se verhouding tot die skool. (iv) Art. 21 K.O. skryf *nie* voor om *kerkskole* te stig, te onderhou en te beheer nie. Dit is ook nie die taak van die kerk om ’n stelsel van onderwys uit te werk of te verwesenlik nie. Die roeping van die kerk is alleen om *toesig te hou* oor die onderwys, soos ook gereël in art. 41 en 44 K.O. (v) Materieel, so het die Sinode, 1942, bevind, kom art. 21 K.O. op die volgende neer: voorsiening van goeie onderwysers o.a. deur kerklike normaalskole en fakulteite van opvoedkunde aan universiteite; die kerklike sorg raak nie vakkennis nie, maar die gees en rigting van die onderwys; die vereiste van leerstellige onderwys lewer probleme in die bestaande stelsel van staatskole, maar die [135] kerk moet toesien dat die onderwys goed sal wees en hom beywer vir die totstandkoming van “Christelike skole”.

Sonder om nader hierop in te gaan, word nou gelet op die voorgestelde wysiging.

B. VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE ARTIKEL.

Die deputate vir die hersiening van die Kerkorde het op die Sinode, 1964, die formulering van art. 21 soos volg voorgestel: *“Die kerkrade moet toesien dat die ouers hulle kinders in die vrees van die Here ooreenkomstig die belydenis van die kerk laat onderrig”*. Sonder om hom oor hierdie voorgestelde wysiging uit te spreek, het die sinode dit na deputate van preadvies verwys.

1. Agtergrond.

Deputate het by die Sinode, 1939, (art. 120) aanbeveel dat art. 21 K.O. gewysig word omdat oënskynlik oor kerkskole gehandel word terwyl dit in wese staatskole bedoel. (Hierdie aanbeveling is weer na studie-deputate verwys). Aanleiding tot hierdie aanbeveling was die besluit van Sinode, 1933, (art. 98) wat die stelsel van staatskole in beginsel verwerp het. (Die Sinode, 1933, het aanbeveel dat die ouers georganiseer word om staatsondersteunde ouerskole op te rig). Enersyds is aansluiting by bestaande onderwystoestande aanbeveel, andersyds is die staatskoolstelsel veroordeel en in beginsel verwerp. As beleid is neergelê samewerking tussen ouers en staat by die aanstelling van onderwysers en dat die peil van die skoolopvoeding deur die staat bepaal word. Van voorsiening van goeie onderwysers deur die kerkraad (art. 21 K.O.) was hier egter geen sprake nie.

Studie-deputate rapporteer weer op Sinode, 1942, (art. 55, 95, *98)* na ’n uiteensetting van art. 21 K.O. (kyk pt. 3 hierbo) dat die formulering van die artikel maar so kan bly, hoewel die taal daarvan argaïsties is. Dis so aanvaar deur die Sinode. Tog blyk dit duidelik dat in 1939 en 1942

bevind is dat die formulering van art. 21 K.O. nie duidelik is nie, maar dit word ewenwel onveranderd gelaat omdat ’n geskikte formulering nie gevind kon word nie. Verder is bevind dat die artikel gekoppel is aan C.N.O. beleidsrigtings wat eerder die ouers en staat se taak reël as dié van die kerk.

2. Die besware teen die huidige redaksie van die artikel.

O.i. is ’n wysiging van die huidige artikel nodig omdat: die taal verouderd is (Sinode 1942); die bedoeling onduidelik is, die doelstelling onprakties en die doel onbereikbaar; dit tot die taak van die kerkraad maak (voorsiening en opleiding van onderwysers) [136] wat nie die taak van die kerk is nie; dit verwarring skep omdat telkens uiteenlopende C.N.O.-rigtings onder dié artikel tuisgebring is (vgl. Sinode, 1933, 1939, 1942) terwyl dit as Kerkorde-artikel die taak van die kerkraad moet reël.

ARTIKEL 22.

VERKIESING VAN DIE OUDERLINGE

Die ouderlinge word deur die gemeente onder die leiding van die kerkraad verkies volgens die reëling wat daarvoor plaaslik in gebruik of deur die kerkraad vasgestel is. By hierdie reëling staan dit elke kerkraad vry om vooraf aan die gemeentelede geleentheid te gee om die aandag op geskikte persone te vestig, en om saam met die diakens vir die verkiesing die nodige aantal ouderlinge aan die gemeente vir approbasie voor te dra of om tweetalle of ’n dubbele getal te stel waaruit die gemeente die nodige aantal kies. Die verkose broeders word, nadat hulle name verskillende male afgekondig is, en geen wettige beswaar ingekom het nie, bevestig volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.

1. Die amp van ouderling.

Calvyn het die ouderlingamp weer in ere herstel soos dit oorspronklik in die Skrif vasgelê is (o.a. in 1 Tim. 5:17; Rom. 12:8 en 28; Matth. 18:17). In art. 22 en 23 K.O. word oor die amp van die ouderling gehandel. Art. 22 handel oor die *roeping* van ouderlinge. Hierdie roeping word voltooi in drie kerklike handelinge, naamlik die *wettige verkiesing,* die *approbasie* (goedkeuring) en die *bevestiging*. By die roeping van bedienaars van die Woord kom in art. K.O. nog die *eksaminering* by. Die kerk het dit op grond van prinsipiële en praktiese gronde ten opsigte van die ouderlinge nie nodig geag nie, want by die ouderlinge ontbreek die besondere *opleiding*. Sommige pleit egter vir so ’n eksaminering op grond van 1 Tim. 3:10 en ander gronde, ’n Ouderling het nie in die eerste plek boekekennis nie, maar wysheid, kennis van die Skrif, insig in die leer en mensekennis nodig. Die aanwysing van Paulus in 1 Tim. 3:10 “en hulle (die diakens) moet ook eers ’n proeftyd deurmaak; daarna as hulle onberispelik is, kan hulle dien”, dui nie op ’n eksamen nie, maar op ’n praktiese ondersoek, wat bv. kan geskied deur deeglike bespreking voordat die dubbele getal of tweetal opgestel word.

Gevolglik reël hierdie artikel net die *verkiesing,* die *approbasie* en die *bevestiging*.

[137]

2. Die verkiesing van ouderlinge.

a. Die kandidaat vir ouderlingskap.

Die Skrif stel hoë eise in 1 Tim. 3:1—7 en Titus 1:5—9 aan die persoon wat 'n opsienersamp beklee. Hy moet onberispelik (onbesproke) wees, die man van een vrou, nugter (iemand wat vry is van oormatige wyngebruik, d.w.s. wat matig, sober is), ingetoë, fatsoenlik, gasvry, bekwaam om te onderrig, geen vegter, geen vuilgewinsoeker, geen geldgierige, een wat sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou. Hy mag geen nuweling (d.i. iemand wat pas uit die heidendom tot die Christendom bekeer is) wees nie en moet goeie getuienis hê van die buitestaanders sodat hy nie verwaand word nie.

In verband met hierdie vereistes wat in die Skrif gestel word, het in die loop van die tyd allerlei vrae opgekom:

Mag iemand wat 'n weerspannige vrou of ongehoorsame kinders het, tot die amp verkies word? Hier bly die eise van die Skrif die maatstaf. As 'n kerkraad egter oortuig is dat die persoon nie verantwoordelik is vir die ongewenste toestande in sy huis nie, dan hoef dit hom nie van die amp te weerhou nie. As egter 'n voldoende aantal broeders beskikbaar is om verkies te word, is dit gerade om diegene wie se familie ook voorbeeldig is, te verkies.

Mag 'n vader en seun of twee broers of swaers tegelyk in die kerkraad dien? Die Skrif gee hieroor geen reël nie, wel enkele voorbeelde in die apostelkring, nl. van Simon Petrus en Andreas en van Jacobus en Johannes. Prinsipieel kan hierteen geen beswaar wees nie. Aan 'n versoek aan die Sinode, 1904, (art. 30) om te oorweeg dat "na-familie-betrekkingen" nie in dieselfde kerkraad sitting sal hê nie, is geen gevolg gegee nie.

Is iemand wat verpligte Sondagarbeid moet verrig verkiesbaar tot ouderling? As hy noodsaaklike dienste moet verrig, en die eredienste kan bywoon, kan hy verkies word.

Mag iemand wat as ouderling afgesit is, later weer verkies word? Die kerkraad sal oor elke geval moet oordeel. Ligtelik sal dit egter nie mag geskied nie, en in sommige gevalle mag dit heeltemal ongewens wees.

Mag iemand wat in die amp van diaken staan, tot ouderling (of omgekeerd) gekies word? Daar is geen verhindering voor nie. Die een amp sluit verkiesing tot 'n ander amp nie uit nie.

Kan en mag besware ingebring word teen 'n dubbele getal of 'n tweetal voordat die verkiesing plaasvind? Dit is kerkregtelik geoorloof, want daar is 'n verskil tussen die approbasie (goedkeuring) van 'n *dubbele getal* of *tweetal* en die approbasie van die verkose persone. Gemeentelede mag op grond van ernstige bedenkinge nie uit die voorgelegde dubbel- of tweetal 'n keuse kan maak nie. Die kerkraad sal die besware moet oorweeg en indien nodig die kandidatelys voor die verkiesing terugtrek of aanvul.

b. By wie die verkiesing berus.

Die artikel het tot en met die wysiging deur die Sinode van 1964 gelui: "Die ouderlinge moet deur die oordeel van die kerkraad en die diakens verkies word..." Hierdie bepaling was nie eksklusief, naamlik dat die verkiesing sal geskied deur die kerkraad alleen met uitsluiting van die ander lidmate van die gemeente nie. Die bedoeling was: Die kerkraad *oordeel* hoe dit sal plaasvind; of die kerkraad alleen of met medewerking van die gemeentelede handel. Dit doen tog tekort aan die verkiesingsreg van die gemeente (Hand. 6:5; 14:23).

Die huidige redaksie ("deur die gemeente onder leiding van die kerkraad gekies") is daarom 'n verbetering. "Nie die amp bring die amp voort nie, maar die gemeente as

georganiseerde vergadering van gelowiges. Christus self het die amp ingestel, roep tot die amp en beklee met die amp, maar Hy het aan die gemeente gegee om onder die leiding van die amp persone vir die amp te verkies" (vgl. Bouwman, a.w., bl. 528). In ooreenstemming hiermee bely die Ned. Geloofsbelydenis, art. 31: "Ons glo dat die bedienaars van die Woord van God, die ouderlinge en diakens vir hulle ampte gekies word deur die wettige verkiesing van die kerk". In die bevestigingsformulier vir ouderlinge staan: "of u in u hart gevoel dat u wettig deur die gemeente van God, en daarom deur God self, tot hierdie heilige diens geroep is?" In Hand. 1:23 stel die apostels eers die vereiste vir 'n nuwe apostel, maar maak daarna met die 120 dissipels die tweetal op, terwyl die lot daarna beslis. In Hand. 6:1—6 neem die apostels weer die leiding en stel die vereiste vir die diakenamp vas, maar daarna verkies die gemeente die sewe manne, en stel hulle voor die apostels om hulle in die amp te bevestig.

Die leiding berus by die kerkraad. So erken hierdie artikel die gesag en die verantwoordelikheid van die kerk (gemeente) onder leiding van die kerkraad.

c. Die wyse van verkiesing.

'n Strakke eenvormige reëling kan nie vir die verkiesing voorgeskryf word nie. Dit geskied volgens die reëling wat plaaslik daarvoor in gebruik is of wat deur die kerkraad vasgestel is.

Die bedoeling van art. 22 K.O. in sy huidige redaksie is onmiskenbaar dat die verkiesing deur die gemeente sal geskied onder leiding van die kerkraad. Dit is wenslik dat die kerkraad sy prosedure volgens een van die volgende sal vasstel:

(i) Aan gemeentelede kan vooraf die geleentheid gegee word om die aandag op geskikte persone te vestig. Dit staan die kerkraad egter vry om die name van die persone weg te laat by die stel van 'n dubbele getal of 'n tweetal, of om daarvan gebruik te maak.

(ii) Die kerkraad saam met die diakens kan, nadat die gemeente geleentheid gehad het om op geskikte persone die aandag te vestig, maar ook sonder dat dit gebeur het, self die nodige aantal ouderlinge verkies en hulle name aan die gemeente vir approbasie (goedkeuring) voordra sodat aan die gemeente alleen die reg van stilswyende goedkeuring of gemotiveerde afkeuring toekom. *Gesien die beginsel wat as uitgangspunt van die artikel dien, sal hierdie weg alleen by uitsondering bewandel word en wel as dit glad nie moontlik of wenslik is om 'n dubbele getal of 'n tweetal te stel nie*. Waar dit anders kan, moet dié weg liefs vermy word.

(iii) Nadat die gemeente geleentheid gehad het om op geskikte persone die aandag te vestig (wat hoogs aan te bevele is en 'n voorreg is wat ook die vrouelidmate toekom), of sonder dat dit gedoen is, stel die kerkraad met die diakens 'n groslys op en maak daaruit 'n dubbele getal op (d.w.s. as daar bv. vier vakatures is, word 'n dubbele getal van agt gestel), of die kerkraad maak uit sy groslys tweetalle op (d.w.s. stel vir elke vakature twee persone waaruit een gekies moet word). Waar daar slegs een vakature is, is dit gebruiklik om 'n tweetal te stel. As daar egter meer as een vakature is, is dit wenslik om 'n dubbele getal te stel, aangesien dit aan die gemeente 'n ruimer keuse laat by die verkiesing. In plattelandse kerke waar afstande 'n rol speel, moet liefs tweetalle gestel word.

(iv) Uit die dubbele getal of tweetal(le) vind die voorlopige verkiesing plaas deur die stemgeregtigde lidmate, waarby die ampsdraers as lidmate ook stem. Hierdie stemming het nie slegs 'n adviserende karakter nie, maar 'n *beslissende*. Dit is egter nog nie finaal nie omdat die approbasie nog moet volg. Die approbasie bestaan uit die gemotiveerde afkeuring of stilswyende goedkeuring deur die verkosenes én die gemeente. Trouens, die wat verkies is, kan selfs gegronde redes, wat tot nog toe aan die gemeente en kerkraad onbekend was, teen hulle

verkiesing inbring. Die hele gemeente (manlike en vroulike, doop- en belydende lede) kan nog besware teen dié wat verkies is, aanvoer sodat die kerkraad sy finale goedkeuring aan die voorlopige keuse van die stemgeregtigde lidmate moet weghou. Indien wettige besware ingebring word, moet [140] die kerkraad aan die gemeente meedeel dat hy dié wat voorlopig verkies was, nie finaal (definitief) kan verkies (benoem) nie en dat 'n nuwe verkiesing sal moet plaasvind. Dit is volgens die reël van die Skrif. Timotheüs mag niemand haastig die hande oplê nie, (in die amp stel nie), maar moet eers oordeel of hy aan dié vereistes voldoen (1 Tim. 5:22).

Eers as die stilswyende goedkeuring verkry is, volg die beslissende eindoordeel van die kerkraad deur die definitiewe verkiesing (benoeming) van die voorlopig verkosenes. Die kerkraad is egter gebonde aan die keuse van die gemeente as geen wettige besware ingebring word nie.

d. Die stemgeregtigde lidmate.

(i) Die wat *belydenis van die geloof afgelê het*. Die gedoopte kinders is lede van die gemeente, maar nog onmondige lede en is uitgesluit van die stemreg. Ook gedoopte volwassenes, wat nalatig is om belydenis van die geloof af te lê, het as ongehoorsame lede geen regte nie. Alleen lidmate van die plaaslike kerk het stemreg. Persone in die gemeente van wie die attestasie nog nie aanvaar of ingedien is nie, kan nie stem nie.

(ii) Lidmate wat onder sensuur is, het nie stemreg nie. 'n Lidmaat wat gesensureer is, het wel nog die *regte* van sy lidmaatskap, maar die *uitoefening* van die regte het hy verbeur solank die toegang tot die Nagmaal hom ontsê is.

(iii) Alleen die belydende *mans lidmate* is stemgeregtig. Aangaande die vraagstuk van vrouestemreg, het die kerk nog altyd 'n afkerige houding ingeneem. So het die Algemene Sinode, 1930, aan Nederland laat weet dat die saak van stemreg vir susters in die gemeente nog nie in Suid-Afrika aan die orde is nie.

Die Sinode, 1958, (art. 109) het hom oor vrouestemreg uitgespreek na aanleiding van 'n rapport van die ekumeniese sinode dat die motiveringe van die stemreg van vrouelidmate in die kerk sodanig is dat dit ook hulle verkiesbaarheid impliseer, en het bloot kennis geneem van die aangeleentheid.

Op grond van die Skrif, 1 Kor. 14:34 en 1 Tim. 2:12, is dit die vroue in die gemeente egter nie geoorloof om te leer of te regeer nie, en om te stem, is 'n daad van regering en sou meebring dat hulle ook in die ampte verkies mag word.

e. Die wyse van stemming.

Dit is noodsaaklik dat die dubbele getal of tweetal(le) voor die verkiesing aan die gemeente goed bekend gestel word.

Die stemming kan nie *soos* by 'n politieke verkiesing in een of ander lokaal waar 'n stembus onder kontrole van 'n kommissie [141] geplaas word, plaasvind nie. Die kerkraad moet die leiding neem en dit kan alleen in 'n vergadering van die kerkraad met die diakens saam met die stemgeregtigde lede van die gemeente, onder aanroeping van die Naam van die Here, geskied. As die kerkraad met die diakens nie 'n kworum het nie, kan die verkiesing nie plaasvind nie, want dan kan dit nie meer as wettige vergadering die leiding neem en gee nie.

Stemgeregtigde lede wat afwesig is, mag nie stem en hulle stembriefies na die vergadering stuur nie omdat dit moeilik is om te kontroleer of die verhindering om teenwoordig te wees wettig of onwettig is. By onwettige verhindering verbeur sodaniges immers hulle stemreg. Elke stemgeregtigde is van Godsweë geroep om aan die stemming deel te neem, maar moet by

wettige verhindering daarin berus dat hy nie mag stem nie. Sou stemming by afwesigheid toegelaat word, kan dit maklik tot misbruik aanleiding gee, nl. dat dit afwesigheid in die hand kan werk.

Voor die verkiesing moet die name van die dubbele getal of tweetal(le) in die vergadering voorgelees word en daarna moet met geslote stembriefies gestem word ten einde die menslike element soveel moontlik te bedwing.

Stembriefies waarop vir meer persone gestem is as wat verkies moet word, is ongeldig.

Stembriefies waarop vir minder persone gestem is as wat verkies moet word, moet as geldig beskou word. Hoe verkeerd die bedoeling ook al mag wees van diegene wat so stem, kan daar tog gewigtige rede voor wees, nl. dat die stemgeregtigde nie al die kandidate ken nie, en in die kerk bestaan stemdwang nie.

Die verkiesing geskied by volstrekte meerderheid van stemme. Blanko stemme word nie getel by die aantal geldige stemme nie. By ’n ewe getal word die meerderheid gereken deur die helfte plus een, by ’n onewe getal deur een te tel by die helfte van die geheel min een, bv. van 15 is die meerderheid 8 (Sinode, 1873, art. 173).

By staking van stemme, waar kandidate eweveel stemme het, *moet met aanroeping* van die Naam van die Here die *lot* gewerp word (Sinode, 1910, art. 176). ('n Voorsitter het op kerklike vergaderings geen beslissende stem nie, alleen sy gewone keurstem.)

Hoe moet gehandel word as meer as die aantal benodigde persone ’n meerderheid van stemme kry, waar ’n dubbele getal gestel is? 100 lede stem bv. tussen ’n sestal waarvan drie gekies moet word. 300 stemme word uitgebring en dit is moontlik dat A 60, B 58, C 54, D 52, E 40 en F 36 stemme kry. Die eerste vier het dus ’n meerderheid. Dan moet die eerste drie met die meeste stemme as verkose verklaar word. As ’n herstemming moet plaasvind tussen [142] die vier wat ’n meerderheid verkry het, is dit moontlik dat die een wat 60 stemme ontvang het, uitval.

By stemming oor ’n dubbele getal kan elke stemgeregtigde vir soveel persone stem as wat daar vakatures is. Daarom kan die eis nie gestel word dat, om verkies te wees, ’n persoon die helfte van die aantal *stemme* wat uitgebring is, op hom moet verenig nie. As drie uit ’n sestal kandidate verkies moet word, en daar is 100 stemgeregtigdes, dan is die aantal *stemme* wat uitgebring kan word, drie maal honderd, ’n Volstrekte meerderheid is dan 151. So ’n volstrekte meerderheid kan niemand behaal nie omdat daar slegs honderd persone aan die verkiesing deelneem. Hier moet rekening gehou word met die *aantal persone* wat stem en nie met die aantal stemme wat uitgebring word nie. In bogenoemde geval sal ’n volstrekte meerderheid dus 51 wees.

3. Die approbasie of goedkeuring deur die gemeente.

Alle gemeentelede (nie alleen die manlike nie, maar ook die vroulike doop- en belydende lede) het die reg om besware teen die verkose broeders in te bring voor hulle bevestig word. Die approbasie is dus ’n oordeel van die hele gemeente. Dit impliseer dat elke gemeentelid die reg van stilswyende goedkeuring of gemotiveerde afkeuring het. Daarom moet die name verskillende male (gewoonlik drie Sondae) afgekondig word. Ook uit die aanhef van die bevestigingsformulier is dit duidelik dat approbasie moet plaasvind: “Geliefdes ... u weet hoe ons nou verskillende male u bekend gemaak het die name van ons aanwesige medebroeders wat in die diens van die ouderlingskap (en van die diakenskap) van hierdie gemeente gekies is, om te verneem of iemand iets het waarom hulle in hul amp nie bevestig mag word nie”. Die bevestiging geskied dan omdat niemand “iets wettigs teen hulle voorgebring het nie”.

Besware kan ingebring word teen die wyse van verkiesing en teen die persone wat verkies is, t.w. teen hulle leer, lewe en ampsgawes.

Sou die beswaar oor die *wyse van verkiesing* die voorsitter se optrede raak, is dit gerade om die besware onder voorsitterskap van die konsulent te laat behandel. Geld die besware die kerkraad as geheel, sou dit miskien gerade wees om die klassis te raadpleeg. Indien die besware klaarblyklik ligvaardig en ongegrond is, mag die bevestiging nie daardeur uitgestel word nie, al sou die beswaarde hom op die klassis beroep. Klein kerkrade kan eventueel die advies van 'n genabuurde kerkraad inwin, want twee weet meer as een en bied groter waarborg as een.

[143] Besware oor *leer, lewe en ampsgawes* van verkosenes bring mee dat die kerkraad die verkiesing tot niet verklaar as dit gegrond bevind word (ook in gevalle van besware oor die *wyse* van verkiesing) en moet tot 'n nuwe verkiesing oorgegaan word. Indien die kerkraad die beswaar ongegrond bevind, maar die beswaarde appelleer op ernstige gronde teen die bevinding van die kerkraad, sal die bevestiging voorlopig agterweë moet bly. Indien die kerkraad die bevestiging tog sou laat deurgaan, kom die klassis nie alleen voor die besware wat ingebring is nie, maar ook voor die vraag of die bevestigde weer uit die amp ontset moet word, te staan. Verklaar die klassis die beswaar ongegrond, moet dit ook besluit dat die bevestiging mag deurgaan en moet die beswaarde en die kerkraad dienooreenkomstig verwittig word. As die appellant nie die uitspraak van die klassis wil aanvaar nie, mag die saak vir maande en selfs jare vertraag word. Appelleer hy verder, is die bevestiging deur 'n besluit van die klassis gedek.

4. Die antwoord van die persoon wat verkies is.

In die burgerlike lewe kan niemand gedwing word om 'n pos teen sy sin te aanvaar nie. In die kerk is dit egter Christus wat instrumenteel deur die gemeente tot die amp roep. As Christus roep, is dit die plig van die onderdaan om te gehoorsaam en te volg. Indien iemand meen dat hy weens gewigtige redes die verkiesing tot die amp nie kan opvolg nie, dan berus die beoordeling van die redes nie by homself nie, maar by die kerkraad wat deur die Koning van die kerk as regeerders aangestel is. Aan hulle moet hy sy redes voorlê met die versoek om van die roeping onthef te word. Indien die kerkraad die versoek moet afwys, maar die beroepene *bly onwillig* om die amp te aanvaar, kan die kerkraad nie die tug toepas nie. Die kerkraad sal dan egter, sonder om dit goed te keur, die verkosene met 'n woord van bestraffing aan sy gewete en aan die oordeel van God oorlaat, terwyl tot 'n nuwe verkiesing oorgegaan moet word.

5. Die bevestiging.

Die artikel bepaal dat die bevestiging volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is, geskied. Hierdie formulier is deur die Sinode van 's-Gravenhage, 1586, opgestel. Die bevestiging is 'n openlike aanvaarding van die amp voor die gemeente en nie 'n oordrag van ampgawes soos by Rome nie.

Vrae in verband met die *handoplegging* by ouderlinge en diakens kom deesdae in die kerk na vore. Bouwman betoog dat die handoplegging nie gebruiklik is by die bevestiging van [144] ouderlinge en diakens nie en wel *omdat hulle nie vir hul lewe, maar vir 'n bepaalde tyd gekies word*. By die bedienaars van die Woord is dit by die intrede in die amp behou om daardeur die uitnemende plek van die bedienaars, wat hulle vir hul lewe toewy aan die amptelike diens, aan te dui, maar nie by ouderlinge en diakens wat vir 'n tyd dien nie. Tog berus die handoplegging nie op 'n goddelike gebod nie en sou dit geen sonde wees as die kerk dit ook vir ouderlinge en diakens verorden nie. Tog is die bestaande orde goed en moet dit gehandhaaf word (vgl. Bouwman, a.w., bl. 542).

ARTIKEL 23.

DIE AMP VAN DIE OUDERLINGE

Die amp van die ouderlinge is, benewens dit wat hulle gemeenskaplik saam met die bedienaar van die Woord moet doen soos in artikel 16 neergelê, ook om toesig te hou dat bedienaars van die Woord hulle mede-ouderlinge en die diakens hulle ampte getrou bedien; verder om huisbesoek te doen tot stigting van die gemeente soos omstandighede van tyd en plek dit toelaat, sowel voor as na die nagmaal, om die lidmate veral te vertroos en te onderrig en ook ander tot die Christelike Godsdiens op te wek.

1. Die regering en tug.

Met: "dit wat hulle gemeenskaplik saam met die bedienaar van die Woord moet doen", gryp hierdie artikel terug na art. 16 K.O. wat sê: "die kerklike dissipline uit te oefen en te sorg dat alles betaamlik en ordelik plaasvind".

Die dissipline of tug word eerste genoem. Logies is dit nie juis nie, want die tug is 'n onderdeel van die regering. Dit is egter seker voorop gestel omdat die tug in die praktyk 'n vername plek inneem. Oor die dissipline of tug word in die vierde deel van die Kerkorde (art. 71—80) breedvoerig gehandel.

Die regering word verder omskryf as: "en te sorg dat alles betaamlik en ordelik plaasvind". Dit is ontleen aan 1 Kor. 14:40: "Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan", na aanleiding van die houding van die vroue, die viering van die Nagmaal en die beoefening van die geestelike gawes.

Hierdie regering het 'n geestelike karakter. Dit beoog om die heerskappy van Christus in sy gemeente te verwerklik sodat die Woord van die Here reël en rigsnoer bly, en die gemeente in leer [145] en wandel openbaar word as die liggaam van Christus.

Die *oorsprong* van die regeermag is geleë in Christus, die Hoof van sy kerk. Die *aard* daarvan is bedienend en nie dwingend nie. Dit geskied in diens van Christus en ten behoewe van die gemeente. Die *strekking* daarvan is tot eer van God en beoog die ewige saligheid van die uitverkorenes, die opbou van die liggaam van Christus (Ef. 4:12) en gevolglik die eerbare en godsalige wandel van Christene sodat Christus in alles geprys mag word.

Die ouderlinge is die opsieners van die kudde (Hand. 20:28; Filipp. 1:1; 1 Tim. 3:2). Verder vind ons verskillende soorte benaminge wat in dieselfde rigting dui (Tit. 1:7; Rom. 12:8; 1 Kor. 12:28; Hebr. 13:7, 17, 24 en Ef. 4:11).

By die uitoefening van hulle amp moet die ouderlinge altyd onderskeid maak tussen hulle *herderlike werk* en die *regering*. Herderlike werk kan 'n individuele ouderling wel doen. Hy kan en mag en moet persoonlik sy lidmate besoek, die siekes, eensames en die swakkes vertroos en ondersteun. Dit is sy roeping, soos die bevestigingsformulier sê, om: "met raad en troos al die Christene te dien". Die regering van die kerk in enger sin kan 'n ouderling egter, ewemin as 'n predikant, nie alleen uitoefen nie. Die Skrif spreek steeds van *ouderlinge* in die meervoud (Hand. 14:23; 20:17; Filipp. 1:1; Tit. 1:5). Hulle vorm tesame en saam met die bedienaar van die Woord 'n raad van die kerk om te regeer (vgl. Bouwman, a.w., bl. 551). "So vorm die bedienaars van die Woord en die ouderlinge dan *saam 'n* liggaam of vergadering om te dien as 'n Raad van die kerk wat die hele gemeente verteenwoordig" (bevestigingsformulier). Die kerkraad as raad van

gemeentelike regering is trouens die *enigste* regeerliggaam in die kerk. Hier reël die ouderlinge die werk. Volgens die reëling kan aan elke ouderling sy eie wyk toegesê word, waarin hy huis- en siekebesoek, ens. moet doen en waarvan hy van tyd tot tyd rekenskap aan die kerkraad moet gee (vgl. verder hieroor die huisbesoek, pt. 3).

Die vraag of dit Skriftuurlik en kerkregtelik juis is om 'n funksionele differensiasie (bv. 'n jeugouderling, ens.) toe te pas, is deur die Sinode van 1964 na studie-deputate verwys (Acta, bl. 520 e.v.). Dit kan maklik daartoe aanleiding gee om dergelike funksies te beskou as 'n nuwe amp met 'n nuwe taak. Wel kan die kerkraad die werk onder die ouderlinge verdeel, met dien verstande dat dié ouderling(e) daar alles verrig wat wesenlik tot sy amp volgens art. 23 K.O. behoort. Dit mag egter nooit 'n taak *naas* of *in die plek van* die gewone ampspligte word nie. Nie die objek nie, maar die opdrag van Christus bepaal die amp.

Die Sinode van 1910 het al ten opsigte van die beginsel van [146] funksionele differensiasie uitspraak gedoen en geoordeel dat 'n ouderling nie van die amptelike huisbesoek in sy wyk ontslaan mag word en afgesonder mag word met die oog op enige ander belangrike werk in die gemeente, soos die waarneem van die skribaat en penningmeesterskap nie. So 'n "afgesonderde" ouderling verloor sy stem in die kerkraadsvergaderinge (Acta, art. 120). Hier is bepaal dat wanneer 'n ouderling nie sy volle ampspligte vervul nie, hy nie meer ouderling is nie.

2. Die toesig oor mede-ampsdraers.

a. Toesig oor die bedienaars van die Woord.

Die taak van toesig van die ouderlinge rig hom primêr op die kudde van Christus wat met die Woord gevoed moet word. Dit strek dus uit oor die diens van die Woord as sodanig en oor die bedienaar daarvan. Wanneer daar geen bedienaar is nie, moet die ouderlinge sorg dat leesdienste gehou word (vgl. art. 16 K.O. hieroor). Hulle is egter nie uitsluitend verplig om self as voorlesers op te tree nie. Hulle toesig gaan egter ook oor die voorleser en die voorgelese preek.

Die toesig van die ouderlinge gaan egter verder in besonder oor die *leer* en *lewe* en *amptelike werk* van die bedienaars van die Woord "sodat alles mag strek tot stigting van die kerk en geen vreemde leer voorgedra word nie, soos ons lees in Hand. 20:29, waar die apostel vermaan om goed wag te hou teen die wolwe wat onder die kudde van Christus mag inkom" (bevestigingsformulier). Die toesig mag nie ontaard in vitsug en op 'n onsmaaklike wyse plaasvind nie. Aan die ander kant moet die toesig egter ook met getrouheid geskied. Van die werk van die gesante van Christus hang die wel en wee van die gemeente af. Die trouste gesant bly 'n mens en ontloop nie altyd die gevaar dat hy sy lasbrief eensydig sal verstaan en nie altyd sal leer en handel tot die regte opbouing van die gemeente nie. Daar is ook trae en ontroue herders (vgl. Eseg. 34:3—5 en Hand. 20:29—31). Al is daar geen bedienaar wat nie ook 'n vergissing kan begaan nie, mag geen afwyking van die Woord toegelaat word nie.

Elke gemeentelid het ook die roeping om die prediking aan God se Woord te toets, 'n taak wat in besonder aan die opsieners opgedra is. Hulle moet toesien dat die prediking opbouend en profytlik vir die gemeente is. Om dit te kan doen, moet die ouderling die Woord van God ywerig ondersoek, en is dit ook nodig dat hulle die eredienste getrou sal bywoon. Wanneer lidmate of ouderlinge na hulle mening minder ernstige besware teen die [147] prediking koester, moet hulle liefs eers privaat met die predikant daaroor spreek. Lewer dit geen vrug nie, word die besware aan die oordeel van die kerkraad onderwerp, 'n Ernstige dwaling of openbare afwyking in die leer of lewe vereis egter die onmiddellike ingrype van die kerkraad en moet voetstoots na vore gebring word. Die aanwesige kerkraadslede reël dan vir die oorkoms van die konsulent en 'n vergadering om die klag te verhoor (vgl. art. 79, 81). Dieselfde geld in gevalle van versaking van

die ampspligte. Die *katkisasie* as onderdeel van Woordbediening van die predikant, verg ook deeglike toesig van die ouderlinge oor hom as kategeet. Hulle moet hulle ook vergewis van die kennis en die vordering van die katkisante en die bywoning van die katkisasie. Die kerkraad moet gereeld verslae oor die katkisasie behandel.

b. Toesig oor mede-ouderlinge en diakens.

Die ouderlinge moet ewe-eens oor die belydenis, wandel en ampswerk van mede-ouderlinge en diakens toesig hou. Dit geskied nie om heerskappy oor mekaar uit te oefen nie, maar om op mekaar ag te gee; om mekaar op te wek tot getroue ampsvervulling, 'n eerbare lewenswandel en handhawing van belydenis sodat almal in alles 'n voorbeeld vir die gemeente kan wees. Ook hier moet alle opskerping in die gees van die Christelike liefde, met alle getrouheid, gestrengheid en verantwoordelikheid geskied sodat die eer van die Here verhoog word. Dit is 'n groot sonde om misstande valslik te bedek ten koste van die eer van die Here en die heil van sy kerk. (Vgl. ook by par. 5 hieronder).

3. Die karakter van die huisbesoek.

Huisbesoek is een van die kostelike middele waarvan Christus Hom bedien in die versorging van die gemeente. Dit vul die openbare bediening van die Woord aan, is bedoel om na te gaan of die prediking vrug dra, of die belydenis en wandel van die gemeentelede ooreenkomstig die Woord van God is. Hoewel allereers gerig op die afsonderlike lidmaat en gesinne, werk dit so saam aan die opbou van die hele gemeente.

Huisbesoek is die amptelike, maar private en vertroulike, herderlike sorg aan die lidmate in hulle huise. Dit is op die Skrif gegrond (Hand. 20:28, 31; 1 Tim. 5:17; 1 Thess. 5:11—14; 1 Pet. 5:2; vgl. ook verder Joh. 4; Luk. 7; Joh. 20 en 21; Matth. 10:12; Joh. 21:15—17; Hand. 8. 10 en 16).

Die ouderling moet sy taak ook met die Woord van Christus uitoefen. Uit die oorspronklike ouderlingsamp het die amp van bedienaar van die Woord ontwikkel (vgl. bevestigingsformuliere vir predikante en ouderlinge). Daaruit volg dat, hoewel die [148] koninklike taak nog deur die predikant ook uitgeoefen word, sy primêre taak in die bediening van die Woord geleë is (vgl. art. 16 K.O.). Die ouderlinge mag egter dikwels die leiding van die predikante nodig hê, sodat hulle die Woord van God reg in die amp van regering met die huisbesoek kan bedien.

Die wyse van huisbesoek kan nie gereglementeer word nie. Elke kerkraad laat die reëling tot op groot hoogte aan die vryheid van die ouderlinge oor. Elke individuele geval moet na die eis van omstandighede behandel word. Die Skriflesing en gebed mag egter nie ontbreek nie. Daarsonder is dit 'n blote menslike besoek. Deur die Skriflesing word die huisbesoek gekarakteriseer as 'n besoek van die Opperherder deur middel van sy geringe orgaan en deur die gebed word bely dat die Opperherder alleen sy kudde kan bewaar.

4. Die tyd van die huisbesoek.

Die artikel bepaal "sowel voor as na Nagmaal": voor die Nagmaal om tot die regte viering daarvan voor te berei en voorkomende moeilikhede uit die weg te ruim; na die Nagmaal om oor die vrug van die Nagmaalsviering te spreek en om in gevalle van nalatigheid en onverskilligheid te vermaan.

Die huisbesoek voor die Nagmaal word getrou nagekom, maar sover ons kennis strek, nie altyd na die Nagmaal nie. Sommige kerkrade het die reëling dat die na-Nagmaalse huisbesoek deur die ouderlinge met onderskeiding sal geskied, naamlik net in gevalle waar hulle dit nodig ag, of soos omstandighede van tyd en plek dit toelaat.

Vanaf die vroegste tye is die huisbesoek met die Nagmaal verbind. In die reël is die ouderlinge getrou, afgesien van hierdie besoeke indien dit nodig is, in die besoek en bearbeiding van die betrokke persone of gesinne tussen die Nagmaalse huisbesoeke.

Die siekes, oues van dae, beproefdes, swakkes, ens. verg gedurige besoeke van die ouderling, net soos van die predikant en diaken.

5. Die doel van die huisbesoek.

Die herders moet die huise besoek *"om die lidmate veral te vertroos en te onderrig"*. Dit geld die belydende sowel as die dooplede, kinders sowel as ouers, rykes sowel armes.

Die lidmate moet vertroos en onderrig word sodat hulle in die regte gemeenskap met God toeneem en as gelowiges in leer en lewe sal wandel, waardig die roeping waarmee hulle geroep is.

Wanneer die Sinode van 1952 (art. 59, 131) uitspraak doen oor [149] die vraag of daar by ampsdraers ook huisbesoek gedoen moet word, word die doel van die huisbesoek gesoek in: die stigting van die gemeente, (waaronder verstaan moet word die "opbou van die geloofslewe" van die gemeentelede); die vertroosting van die lidmate (wat gevolglik deur persoonlike kontak in die huise gedoen kan word); die onderrig van die lidmate (wat bv. vanaf die kansel deur die predikant, tydens gemeentebyeenkomste, maar ook tydens die huisbesoek gegee kan word). Die opdrag word dus aan die ouderlinge gegee om aan die huise van die lidmate ook onderrig te gee.

Op grond van hierdie doelstelling het die Sinode bevind dat die huisgesinne binne die afgebakende wyke, waarvan die hoofde in een van die ampte (predikant of ouderling) staan, aan die herderlike sorg van die betrokke wyksouderling onderworpe bly. Die feit dat iemand in die amp van ouderling staan, onttrek sy huisgesin nie aan die doel van huisbesoek, deur homself (as dit in sy wyk val), of deur 'n ander ouderling nie. Met medewete en goedkeuring van die eerwaarde kerkraad kan hy selfs versoek dat 'n ander ouderling in sy huis (wanneer dit binne sy wyk val) optree. So moet ook die huis van die predikant bearbei word deur die ouderling van die wyk waarin hy woonagtig is.

6. Die taak van die ouderling buite die kerk.

Met die revisie van die Kerkorde in 1586 (Sinode 's-Gravenhage) is die woorde "om ook ander tot die Christelike Godsdiens op te wek" by die beskrywing van die ampspligte van die ouderlinge in die Kerkorde bygevoeg. Dit moet gevolglik uit die historiese agtergrond verklaar word. Die Gereformeerde Kerk was destyds in Nederland die bevoorregte kerk van die staat. Volgens die gangbare beskouing van dié dae, was almal verplig om hulle daarby te voeg, en het die gesag van die ampsdraers oor al die burgers gestrek. Dit is foutief, want die gesag van die geïnstitueerde kerk is tot sy lidmate beperk.

Hoewel hierdie Middeleeuse gedagte later losgelaat is, is die bewoording tog in die Kerkorde gelaat met die oog op die roeping tot evangelisasie en voorts met die oog op die persoonlike roeping van elke gelowige teenoor sy medemens. In soverre sending en evangelisasie amptelik en onder leiding en toesig van die *kerkraad* staan, hoort dit dus wel tot die ampswerk van die ouderling om andere tot die Christelike Godsdiens op te wek.

'n Kerkraad mag egter nie ouderlinge afsonder vir die uitsluitende taak van evangelisasie of sending nie, want dan ontstaan 'n funksionele differensiasie ten opsigte van objekte wat nie tot [150] die kerk behoort nie en wat die Skrif en Kerkorde nie ken nie (vgl. ook onder voorafgaande

par. 1). Hierdie taak van regering ten opsigte van kerklike evangelisasie en sending behoort dus tot die amp van elke ouderling.

7. Die besoldiging van die ouderlinge.

In die kerk van die Here kan daar nooit sprake wees van "besoldiging" van die ampsdraer deur die voorwerp van sy bediening nie. Alleen die Subjek (die Koning van die kerk) sou hom kon besoldig. Indien die ouderling egter ook soos die predikant hom voltyds aan sy ampswerk moes wy, sou hy op grond van 1 Tim. 5:17—18 en 1 Kor. 9:9 op onderhoud (traktering) kon aanspraak maak. In die reël voorsien die ouderlinge egter op ander wyses in hulle lewensbehoeftes.

Die ouderlinge het egter wel 'n aanspraak op die vergoeding van hulle reis- en verblyfkostes wanneer hulle in opdrag en in belang van die kerke en ten koste van hulle eie lewensmiddele kerkwerk moet verrig.

Van besoldiging kan alleen sprake wees waar persone (nie noodwendig ampsdraers nie) funksies van en in belang van die gemeente vervul, bv. kosters, orreliste, skribas, kassiers, e.d.m.

ARTIKEL 24.

DIE VERKIESING VAN DIAKENS

Wat gebruiklik is in die geval van die ouderlinge, moet ook onderhou word by die verkiesing, goedkeuring en bevestiging van die diakens.

1. Die historiese agtergrond.

In die tweede eeu na Christus is die diakenamp gedegradeer tot 'n blote helper. Oorspronklik is die kerk geregeer deur liggame van ouderlinge of presbiters. Gedurende die tweede eeu, egter, het 'n aantal ouderlinge die posisie van biskoppe (episkopos) ingeneem, terwyl die ander presbiters (ouderlinge) en ook die diakens hulle dienaars geword het. Die biskop het so langsamerhand die hoëpriester geword, die ander presbiters (ouderlinge) die priesters, terwyl die diakens aan die Leviete gelyk was en hulpdiens moes verrig. Aanvanklik is naas die ander werk ook armesorg verrig, maar toe laasgenoemde gedurende die Middeleeue aan partikuliere-, en kloosterordes oorgelaat is, het die diaken slegs hulpdiens [151] by die sakramente verrig. Die omskrywing van Hand. 6, die bediening van die tafels, so het die Roomse kerk gereël, sien op die bediening van die sakramente. So het dit die werk van die diaken geword om die priester behulpsaam te wees by die bediening van die mis en doop en by die prediking.

Luther het met die Reformasie die diakenamp nie herstel nie. Hy sê wel dat dit ingestel is met die oog op die armesorg, maar laasgenoemde is aan die owerheid oorgelaat, en die naam "diaken" is later gegee aan hulppredikers wat in groot kerke die predikante bygestaan het.

Calvyn het die diakenamp herstel en twee soorte diakens onderskei. Die eerste soort met die oog op die ontvangs en uitdeling van die geld aan die arme, en die tweede soort met die oog op siekeverpleging. Die onderskeiding gaan nie op nie en derhalwe het die Gereformeerde Kerke met 'n enkele diakendiens wat alles omvat, volstaan.

2. Die verkiesing.

Hier moet dieselfde reëling onderhou word soos by die verkiesing, approbasie en bevestiging van ouderlinge (art. 22 K.O.).

3. Die kandidate vir diakenskap.

Net soos in die geval van die ouderlinge, dui die Skrif die vereistes vir die diakenamp aan.

In Hand. 6:3 word drie vereistes gestel: “Kyk dan uit, broeders, na sewe manne uit julle, van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel”. Hulle moet dus: vanweë hulle belydenis en wandel goed bekend wees by die gemeente en die buitestaanders; begiftig wees met die gawe van die Gees, want die liefde van Christus moet in hulle harte woon, om met ontferming die versorging te kan doen; manne van wysheid wees, met die gawe van onderskeiding, om die gawes reg te kan bestee.

In 1 Tim. 3:8—10, 12 word gehandel oor die persoonlike hoedanighede wat ’n diaken moet besit. “Net so moet die diakens waardig wees, nie uit twee monde spreek nie, nie verslaaf aan wyn nie, geen vuilgewinsoekers nie, manne wat die verborgenheid van die geloof in ’n rein gewete hou. En hulle moet eers ’n proeftyd deurmaak; daarna, as hulle onberispelik is, kan hulle dien. Die diakens moet manne van een vrou wees en hulle kinders en eie huise goed regeer”.

Die vraag word dikwels gestel of iemand wat arm is en self ondersteuning van die diakens ontvang, as diaken verkies mag [152] word. Niemand mag vanweë sy rykdom of armoede, indien hy bogenoemde vereistes besit, vir ampsbediening gediskwalifiseer word nie. Wanneer die ondersteuning aan die betrokke diaken ter sprake kom, sal hy tog die vergadering van die diakens verlaat (vgl. art. 33 K.O.).

4. Sogenaamde “diakonesse” as hulp vir die diakens.

Die Konvent van Wezel 1568 het gemeen dat dit nuttig is dat beproefde en eerbare vroue van gevorderde leeftyd tereg vir die amp gebruik kan word volgens die voorbeeld van die apostels. Blykbaar was die bedoeling egter nie dat hulle bevestig moes word as diakonesse nie, maar alleen aangestel moes word as hulp vir die diakens. Die Sinode van Middelburg, 1581, het dit egter beslis afgewys. In tye van pestilensie of ander siektes kon die diakens, vir die verpleging van siek vroue, van hulle eie of ander vroue se dienste gebruik maak. Geen amptelike diakonessediens is dus ingestel nie, maar is alleen vroue-hulpdienste, by versorging van siekes bv. ingeroep.

Vir ’n aantal jare het die vraag op ons sinodes na vore gekom of van *besoldigde opgeleide helpsters* gebruik gemaak kan word as hulpdiens in die diakonale arbeid. Die Sinode, 1958, (Acta, bl. 360 e.v.) het hom egter op grond van prinsipiële en praktiese oorweginge daarteen uitgespreek.

ARTIKEL 25.

DIE AMP VAN DIE DIAKENS

Die eintlike amp van die diakens is om die liefdegawes in geld en goedere wat aan die armes gegee word, nougeset te versamel en dit met gesamentlike oorleg getrou en vlytig uit te deel volgens die eis van die behoefte aan sowel die behoeftiges in die gemeente as aan ander; verder om die wat in nood is te besoek en te vertroos en om goed toe te sien dat die gawes nie misbruik word nie. Die diakens moet in die kerkraad verslag doen van hulle werksaamhede en, indien verlang, ook voor die gemeente wanneer die kerkraad dit geskik ag.

1. Die redaksie van die artikel.

Die Sinode, 1964, het die "aalmoese en ander goed", soos die artikel vroeër gelui het, gewysig na "liefdegawes in geld en goedere" omdat "aalmoes" in die moderne taalgebruik gedegradeer het en [153] "liefdegawes" kwalifiserend is. Dit sluit geld sowel as die gawe van lewensmiddele in. Met geld en goedere word die oorspronklike onderskeiding behou en word voorkom dat net geld as liefdegawes beskou sal word.

Reeds op die Konvent van Wesel, 1568, is oor die taak van die diakens breedvoerig gehandel. Voorop is gestel dat "om die tafels te bedien" (Hand. 6:2) vertolk moet word as versorging van die arme en nie soos die Roomse as bediening van die mis nie. Verder het Wesel die idee van Calvyn se "twee soorte diakens", nl. vir die arme en die siekes, aanbeveel; maar die Sinode van Middelburg, 1581, het die redaksie van die huidige artikel vasgestel. Alleen die versorging van die arme is daarin gereël en omskrywe.

2. Die karakter van die diakenamp.

Daar is nie 'n enkele gedeelte in die Nuwe Testament wat ons 'n volledige karakterisering van die amp van die diaken gee nie. Nóg Hand. 6, nóg 1 Tim. 3:8—10 doen dit.

Die woord "diaken" is afkomstig van die Griekse woord "diakonos", dit is iemand wat dien. Dit het 'n ruim betekenis, selfs ook die verkondiger van die Woord, Hand. 6:4, word 'n "diakonos", 'n "dienaar" genoem. Paulus is diakonos van God (2 Kor. 6:4) en die apostels diakonoi (2 Kor. 3:6) en Timotheus word 'n diakonos genoem (1 Tim. 4:6). Alleen twee plekke in die Nuwe Testament dui die woord "diakonos" duidelik as "ampsdraers" aan, naamlik Filipp. 1:1 en 1 Tim. 3:3.

Die instelling van die diakenamp word in die reël gegrond op Hand. 6, met die taak om die armes te versorg (vgl. bevestigingsformulier). Dit is duidelik dat in Hand. 6 'n vorm van kerklike diens ingestel is wat in 'n noodsaaklike behoefte voorsien het, maar dat dit net vir armeversorging ingestel is, word deur sommige betwis, wat 'n ruimer vertolking van die diakonale diens bepleit as sou dit al die stoflike aangeleenthede in die kerk omvat. By die bediening van die tafels was die versorging op almal wat aangesit het, gerig en nie net beperk tot die Griekssprekende weduwees nie. Dr. K. Dijk bestry selfs die instelling van die diakonale amp in Hand. 6 (vgl. De Dienst der Kerk, bl. 239 e.v.).

Die Sinode, 1927, (art. 27) het ook die "eintlike" amp van die diakens omskryf as armeversorging, hoewel 'n meerderheidsrapport van studie-deputate (wat verwerp is) 'n ruimer vertolking van die diakonale diens bepleit het. Die Sinode, 1964, het besluit om die hele aangeleentheid weer eens in studie te neem.

Hoe die amp in die Nuwe Testament fungeer het, is 'n aangeleentheid waaroor tot hiertoe nie volkome duidelikheid bestaan nie.

[154] In art. 25 K.O., asook in die formulier vir die bevestiging van diakens, word hulle "eintlike" werk as versorging van die arme omskryf; ook in art. 30 N.G.B.: "dat ook die armes en bedruktes gehelp en getroos kan word na die maat van hulle behoeftes".

Die amp (ook hier die taak, plig, roeping) van die diakens word in art. 25 K.O. in vier dele onderskei: om die gawes te versamel; die gawes uit te deel; die armes te besoek en te vertroos; en die gawes te administreer en verantwoording daarvan te doen.

Eers word op die voorkoming van armoede gelet.

3. Die voorkoming van armoede.

Voetius het die voorkoming van armoede in individuele gevalle verdedig met 'n beroep op Lev. 25:35 en daaruit met betrekking tot die diakens die volgende konklusie getrek: "Het is beter door enige hulp een val te voorkomen, dan de gevallene te ondersteunen, of uit de val op te richten. Het is gemakliker en profijtelijker een dreigende krankheid te voorkomen, dan een uitbrekende ziekte te genezen; en een versleten kleed bij tijds te herstellen, dan straks een geheel nieuw stel klederen te verschaffen" (Pol. Eccl. I: 945, aangehaal uit Jansen, bl. 116).

As middele tot voorkoming van armoede word gewoonlik aangedui: die geestelike middel van raadgewing, vermaning en bestraffing ingeval iemand deur eie toedoen (verkwisting, wanbeheer, lewe bo sy stand, drankmisbruik, ens.) dreig om te verarm; en die aanbieding van stoflike hulp om 'n dreigende krisis of ineenstorting van sy stoflike bestaan af te weer. Jansen en Bouwman spreek hier ook van 'n voorskot sonder of met matige rente. Sommige het daarteen ernstige prinsipiële besware omdat die hulp van die diakonie die betoning van die liefde van die gemeente in die Naam van Christus is, en 'n terugbetaling daarvan nie geëis kan word nie.

By voorkoming van armoede moet dit in gedagte gehou word dat dit nie die taak van die diakonie is om sosiale vraagstukke op te los nie. Hulle taak is om op kerklike erf 'n helpende hand uit te steek tot diegene wat in nood is.

4. Die insameling van die gawes.

a. die karakter van die lief des gawes.

Die formulier vir die bevestiging van diakens sê ook dat die diakens sorg moet dra "dat daar tot ondersteuning van die armes baie goeie middele gevind kan word". Die "goeie middele" dui op dié wat *uit liefde en barmhartigheid* gegee is. Hierdie liefdesgawes [155] moet *vrywilliglik* (2 Kor. 8:11, 12) deur die *afsonderlike lidmate* (1 Kor. 16:2) gegee word. "Verkeerde middele" word aangewend wanneer die diakens 'n hoofdelike omslag sou hou; of staatsteun sou aanvaar, as dit die diakonie van die owerheid afhanklik maak; of deur straatkollektes te hou en so die verpligting op die maatskappy aflaai; of deur die opbrings van wêreldse instellinge soos konserte, toneelopvoerings, verkopings, sanguitvoerings, kersfondse van koerante (wat in stryd is met die beginsel soos gestel in Matth. 6:1—4) en geld wat op 'n oneerlike wyse verkry is, te aanvaar.

b. Die metode en die plek van die invordering.

Die metode waarop en die plek waar die persoonlike liefdesgawes van die lidmate aan die armes deur die diakens ingevorder moet word, is middelmatige sake. Waaroor die Skrif wel duidelik is, is dat die *opsy sit* van die gawes aan die armes aan die *Rusdag* verbind moet word en dat dit 'n daad is waaraan *elkeen persoonlik* ("elkeen van julle self") moet meedoen (1 Kor. 16:2). Omdat die Skrif die opsy sit van die gawes aan die armes aan die Rusdag verbind en die geleentheid by die kerk die geskikste is om dit aan die diakens af te dra, besluit die Sinode van 1927: "Die kollekte vir die armes behoort tot die erediens . . ." (Acta, bl. 80).

Gedurende die eerste eeue van ons jaartelling is die offergawes op 'n *tafel* by die samekomste geplaas; later is die tafel met 'n *offerbus* by die ingang van die kerkgebou vervang; ten tye van die Reformasie is die gebruik van *kollektes* nagevolg. Jansen (a.w., bl. 117) oordeel tereg dat tussen hierdie metodes daar geen *prinsipiële* verskil bestaan nie.

Die Reformatore het die opneem van die kollekte nie as 'n prinsipiële deel van die erediens beskou nie. Die opneem van die kollekte vorm daarom nie deel van die Geneefse liturgie (1542) en die Straatsburgse liturgiese orde van Calvyn nie. In Skotland was dit die gebruik dat die

lidmate met die inkom in die kerkgebou hulle liefdesgawes aan die armes in 'n offerbus by die deure moes ingooi, a Lasco het in sy liturgiese orde bepaal dat die bedienaar net voor die uitspreek van die seën die gemeente moes opwek en herinner aan die kollekte vir die armes wat by die kerkdeure ingevorder sou word (vgl. W. Heyns: *Liturgiek).*

In Nederland was dit aanvanklik die gebruik in sommige kerke om die kollekte in die erediens te hou. Die Sinode van Dordrecht, 1574, het geoordeel dat "het staan voor die deuren der kercke om de aelmoessen te versamelen het *allervoechelixte ende bequamste"* is, en waar dit al wel in die eredienste opgeneem is, moet die bedienaar sorg dat dit "sonder erghenisse" afgebring moes word [156] (art. 49). Die Sinode van Dordrecht, 1578, het hom opnuut besin oor die plek van die kollekte en geoordeel dat dit beter is "om de Aalmoessen te vergaderen na de Predicatie aan de Kerkedeuren" en waar dit nog in die erediens geskied het, sal dit geduld word "tot dat met het bekwamelyk veranderen kan" (part. vr. 16). Voetius was van oordeel: of daar onder of na die diens gekollekteer word, maak aan die wese van die saak niks nie (vgl. Jansen: a.w., bl. 118).

In Suid-Afrika wou die Sinode van 1964 nie gevolg gee aan die aanbeveling van studie-deputate dat die kollekte "'n wesenlike en integrerende deel van die erediens is" nie (Acta, bl. 490) en het besluit dat die plek van die kollekte "'n middelmatige saak is" wat geheel en al aan die vryheid van die kerkrade oorgelaat kan word (Acta, bl. 477; vgl. in hierdie verband die minderheidsrapport, Sinode, 1961, bl. 394—401).

c. Buitengewone kollektes.

Wanneer die nood dit vorder, kan die diakens ook 'n *buitengewone* kollekte hou, sowel onder of by die erediens, asook by die huise, om in die tekorte te voorsien. In sommige kerke bestaan die navolgenswaardige gebruik dat lidmate ook goedere, bv. klere en kosware, afdra vir uitdeling aan diegene wat dit ontbeer. Dit is ook nodig dat by elke kollekte, gewoon- en buitengewoon, by wyse van afkondiging presies gemeld sal word waarvoor dit bestem is. Want dit is die gemeente wat onder leiding van die diakens hierdie diens verrig (Heid. Kategismus, Sondag 38). Daarom moet die diakens die gemeente lei, aktiveer en op hoogte hou. Die kollekte moet nooit doel op homself wees nie, maar middel tot 'n doel.

Sporadies kom dit nog voor dat lidmate dankoffers by die doop van hulle kinders gee en by die viering van die Nagmaal op die tafel laat. Dit kan goedskiks ook bestee word aan die versorging van die armes (Bouwman, a.w., bl. 586—587).

5. Die objekte van die diens.

Die versorging is in eerste instansie gerig op die behoeftiges in die gemeente, maar ook "aan ander" (in die Hollandse teks "en de vreemden"). Dit het gesien op vreemde gemeentelede wat weens die vervolging moes vlug en by hulle deurtog na elders deur die diakens ondersteun is. Die woorde "en ander" in die huidige redaksie kan vertolk word as steun wat wyer strek as die plaaslike kerk, o.a. ander behoeftiges wat nie tot die kerk behoort nie, inrigtings vir melaatse en epileptici, ens. Voetius het reeds geoordeel (Pol. Eccl. III, bl. 502—503) dat die diakens allereers moes sorg vir die [157] gelowiges en broeders, volgens Gal. 6:10: "Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof", maar dat die versorging sonder onderskeid ook tot al die armes moet reik. Hy voer dan as bewyse aan Hand. 17:26; Matth. 5:44—45; Luk. 10:29—37; Rom. 12:20.

Die hulpbetoning "aan andere" moet geskied as die kerk in die vermoë daartoe is. Die formulier dui ook daarop: "bewys weldadigheid aan alle mense, maar insonderheid aan die

huisgenote van die geloof".

Die behoeftiges in eie gemeente is belydende en dooplidmate (selfs diegene wat onder sensuur is) wat ontstoke is van die nodige lewensonderhoud en ander versorging waarop hulle geregtig is. So sê die Skrif in 1 Tim. 5:4: "Maar as 'n weduwee kinders of kleinkinders het, laat hulle eers leer om teenoor hulle eie huis eerbied te betoon en vergelding te doen aan hulle ouers; want dit is goed en aangenaam voor God". Die voorouers (ouers en grootouers) het soveel vir hulle kinders en kleinkinders gedoen dat dié uit liefde verplig is om teenoor hulle eie huis eerbied te betoon en vergelding, d.i. beloning, te doen. Wie dit verontagsaam, oortree God se ordinansie. 1 Tim. 5:16: "As 'n gelowige man of 'n gelowige vrou weduwees by hulle het, moet dié aan hulle hulp verleen; en laat die gemeente nie beswaar word nie, sodat dit dié wat waarlik weduwees is, kan help". Diakens moet werk daarvan maak dat ook hierdie *partikuliere* ondersteuning aan die diakonale sorg voorafgaan sodat die gemeente in staat kan wees om aan die weduwees en ander behoeftiges, wat van enige ondersteuning verstoke is, genoegsame hulp te bied. Aan die ander kant mag die kerklike plig nie versuim word as andere nie hulp wil bied nie.

6. Die uitdeel van die gawes.

Die armes moet "na die eis van die behoefte" versorg word, d.w.s. hulle moet so versorg word dat hulle eenvoudig, maar behoorlik kan lewe. Daar is dus 'n sorgvuldige oorweging en oordeel nodig. Die diakens moet gevolglik die gawes "met gesamentlike oorleg" uitdeel. Dit wys heen na 'n vergadering van diakens waar die oordeel van meer as een ingewin word (vgl. art. 41 K.O.). In skielike noodgevalle word gewoonlik 'n paar diakens aangewys om, indien nodig en nadat hulle onder mekaar oorleg gepleeg het, hulp te verleen en verslag te doen op die volgende vergadering van die diakens. So 'n verslag behoort skriftelik en onderteken ingedien te word. Dit kan ook weekliks afgehandel word waar die diakens vir die erediens saamkom om die gemeente in hulle diens te lei. Daar moet altyd behoorlike notule of addenda [158] by die notule gehou word, anders is die uitbetaling nie gemagtig nie. Die gawes tot versorging moet nie in die openbaar meegedeel word nie, maar in die verborgene (Matth. 6:3—4). Die armes moet ook nie na 'n bepaalde plek kom om die gawes in ontvangs te neem nie. Dit moet deur die diakens by die huise afgedra word, sodat hulle die armes kan "vertroos" en oor die gebruik van die gawes toesig kan hou. Die diaken moet taktvol en simpatiek optree, anders maak die wyse van uitdeling baie seer.

Die diakens moet altyd daarteen waak dat hulle diens nie ontaard in 'n sosiale bystandsdiens nie. Dit moet bediening van die barmhartigheid uit die gemeente wat die barmhartigheid van God leer ken het, bly.

In verband met vertrekkende armes is 'n spesiale reëling in art. 83 K.O. neergelê.

7. Die besoek aan die armes.

Die artikel spreek van 'n soort huisbesoek wat eie aan die amp van die diaken is. Dit het 'n ander karakter as die huisbesoek van die ouderling. Dit word gedoen met die oog op die nood van die arme, om hulle te vertroos ("met trooswoorde uit die heilige Skrif aan die armes en ellendiges hulp bewys" (bevestigingsformulier)) en ook om vir hulle te bid. Deur die besoeke bly die diaken op hoogte van omstandighede en kan hy toesien dat die gawes goed bestee word: dat daar bv. nie vermorsing is nie, dat daar nie onnodige dinge gekoop word nie, dat daar nie te duur betaal word vir lewensmiddele nie, dat die huishuur nie te hoog is nie, ens. Die selfstandigheid van die gesinne moet solank moontlik onaangetas bly, maar dit kan tog nodig wees dat die ondersteuning nie in die vorm van geld voorsien word nie, maar in die vorm van lewensmiddele. Die besoeke moet egter nooit die indruk van inspeksie wek nie.

8. Beheer en verantwoording.

Die administrasie of bewaring van die gawes word nie uitdruklik vermeld nie, maar uit die hele artikel is dit duidelik dat deeglike beheer veronderstel word. Die formulier vir die bevestiging van diakens stel dit ook duidelik: “hulle moet... met alle getrouheid en ywer die aalmoese en goedere wat aan die armes gegee word, versamel en bewaar”.

In die Ned. Geloofsbelydenis (art. 30) bely ons dat dit die *kerk* (gemeente) is wat die armes en bedruktes help en troos na die maat van hulle behoeftes. Die kerk verrig hierdie taak deur middel van die amp van die diakens. Gevolglik moet die kerkraad [159] (ouderlinge) hom vergewis dat die diakens (net soos die bedienaars van die Woord, vgl. by art. 23 K.O.) hulle amp getrou bedien. Die Kerkorde bepaal gevolglik dat die diakens *in* die kerkraad (let wel, nie *aan* die kerkraad nie) verslag moet doen. Aangesien dit ’n diens van die hele kerk raak, kan die kerkraad ook reël dat ’n verslag voor die gemeente gelê word. Dit is immers die uitvoering van ’n diens van die kerk deur middel van die amp.

Die verslag of verantwoording gaan nie oor al die besondere van die diens nie. Die name van lidmate wat ondersteun is, mag bv. nooit genoem word nie (vgl. Matth. 6:3—4). Die verslag sal egter gaan oor die *aantal* gevalle wat ondersteun is; die *aard* van die ondersteuning; die *hoeveelheid* kontant en ware wat ontvang en uitgedeel is; die *gesindheid* by die gemeente ten opsigte van die diens en die *vrugte* van die diens met die oog op die verkondiging van die barmhartigheid van Christus.

Die Kerkorde bepaal nie hoe dikwels hierdie verslag gelewer moet word nie. In sommige kerke geskied dit maandeliks, in ander kwartaalliks en in nog ander jaarliks. Die kerkraad moet dit reël in die lig van omstandighede in elke gemeente.

8. Beleidsprobleme.

Indien die diakens voor beleidsprobleme te staan kom, wat hulle nie self kan oplos nie, moet dié aangeleentheid in die kerkraad behandel word sodat met die gesamentlike advies van die predikant(e), ouderlinge en diakens tot ’n beslissing geraak kan word. Kan die kerkraad dit nie afhandel nie, wend hy hom tot die meerdere vergaderinge.

ARTIKEL 26.

OORLEGPLEGING MET LIGGAME OF INSTELLINGS WAT AAN BEHOEFTIGES HULP VERLEEN.

Die diakens moet ander liggame of instellings wat aan behoeftiges hulp verleen, versoek om met hulle oorleg te pleeg sodat die gawes des te beter uitgedeel kan word onder dié wat die meeste gebrek het.

1. Historiese agtergrond.

Hierdie artikel het sy ontstaan te danke aan die stryd tussen kerk en staat in Nederland oor die versorging van die armes. Vanaf die Konvent van Wesel, 1568, en die Sinode van Emden, [160] 1571, was die saak onder bespreking. Veel kon nie vermag word nie as gevolg van die toestand van vervolging waarin die land verkeer het. Toe sake weer normaal geword het en die kerk weer tot sy reg gekom het, het die beskikkingsreg oor die goedere van die kerk ten bate van die armes ’n brandende vraagstuk geword: wie moes daaroor beskik? Die staat het die goedere vir die armes wat vroeër die eiendom van die Roomse Kerk was, onder sy sorg geneem en getrag om

die armes daaruit te help sonder om die kerk te ken. Die kerk, aan die ander kant, het egter vanaf die Partikuliere Sinode van Dordrecht, 1574, sy regte gehandhaaf en dié terrein opgeëis vir die diakens. Die resultaat was art. 26 K.O. waarin bepaal is dat daar "goede correspondentie" moet wees tussen die diakens en die "huiszittenmeesters of andere aalmoezeniers". Dit het geblyk dat sekere persone steun ontvang het van die kerk en ook van die plaaslike owerheidsinstelling, terwyl andere vanweë onvoldoende steun gely het. Om nodelose oorvleueling te voorkom en om fondse beskikbaar te hê vir noodsaaklike hulp, het die kerke besluit, soos vervat in art. 26, dat die diakens oorleg sal pleeg met regeringsinstellings oor die armeversorging. Dit is duidelik dat met die "goede correspondentie", soos dit gestel is, die twee partye oor en weer mekaar sou verwittig van bepaalde steun wat verleen word. Hierby moet onthou word dat die band tussen die owerheid en die kerke in daardie jare baie nou was. Die Gereformeerde Kerk was die enigste erkende kerk.

2. Die beginsel wat die artikel vandag wil stel.

Alleen dat daar *oorlegpleging* sal plaasvind met liggame of instellinge wat aan behoeftiges hulp verleen sodat die verspreiding van die gawes onder die behoeftiges *eweredig* kan geskied. Dit beoog nog dieselfde as oorspronklik.

Mag ons hieruit aflei dat die kerk steun uit ander bronne, wat sy armes mag ontvang, as normaal en reg beskou? Nee, daar is nog altyd vasgehou aan die beginsel dat die kerk, in soverre dit in sy vermoë is en nadat die reël van 1 Tim. 5:4, 16 nagekom is, volle verantwoordelikheid dra vir die versorging van sy behoeftiges. Kan die kerk self nie ten volle voorsien nie, en lidmate ontvang ook steun van ander liggame of instellinge, dan moet die diakens oorleg pleeg met hulle.

Die doel van die oorlegpleging deur die diakens moet ook nie misverstaan word asof dié liggame of instellinge hulp aan die diakens sou verleen sodat hulle dit eweredig kan versprei nie. Sodanige hulp is op prinsipiële gronde nog altyd van die hand gewys, so ook [161] steun van die staat (vgl. Sinode, 1939, art. 153, bl. 172: "dat die kerk nie moet gebruik maak van staatshulp by armversorging nie", asook Sinode, 1942, art. 68, bl. 114: "Dat diakonieë as amptelike organe van die kerk en nie as kanale vir bediening van staatsteun gebruik sal word in die uitoefening van hul amp nie"). So verwerp ook die Sinode, 1958, (Acta, bl. 370) fondse deur koerante vir barmhartigheid ingesamel.

Die uitsondering vind ons in die Acta van die Sinode van 1939, bl. 168: die kerk aanvaar nie enige toelaag vir "die armesorg nie, behalwe in gevalle waar die kerk openbare welsynsdienste lewer, soos bv. deur 'n weeshuis, wat deur die kerk opgerig en deur die Staat ondersteun word, en waar die Staat genoegsaam kontrole het oor die beheer en administrasie van so 'n inrigting".

3. Versorging van armes buite die diakonie om.

Moet die diakonie alleen alle armes versorg? Uit die Skrif skyn dit of versorging van behoeftiges voortvloei uit 'n drietal beginsels: *uit plig, uit barmhartigheid* en *uit nood*.

Uit plig: Kinders is uit wederliefde verplig om hulle behoeftige ouers en grootouers te versorg (1 Tim. 5:4): 'n ereskuld wat God op die kinders en kleinkinders lê (vgl. art. 25 K.O.).

Uit barmhartigheid: Partikuliere barmhartigheid word uitdruklik beveel (1 Tim. 5:16) (vgl. art. 25 K.O.). Pas hierna volg die amptelike barmhartigheid deur die diens van die diakens. Volgens 1 Tim. 5:16 blyk dit duidelik dat partikuliere barmhartigheid aan die amptelike barmhartigheidsdiens van die diakens voorafgaan. Die woorde, "en laat die gemeente nie beswaar word nie", dui daarop dat, as die partikuliere hulpbetoning nie voorafgaan nie, alle sorg op die gemeente (wat dit deur die diakens doen) sal neerkom.

Uit nood: Eindelik volg die hulpbetoon uit nood deur die owerheid, as die voorafgaande hulpbetoon nie meer in staat is om te voorsien nie. Die karakter van die nood kan individueel of sosiaal wees.

In dié verband het 'n studie-rapport voor die Sinode, 1955, (Acta, bl. 151—152) gedien: t.w. *"Staatsteun en diakonale arbeid:*

(i) Dit is duidelik dat daar van so iets geen sprake kan wees nie. Barmhartigheid is 'n roepingsdaad, is geloofswerk, geskied uit liefde en is amptelik-kerklik. Staatsteun kan hierdie karakter nimmer hê nie omdat: die staat deur middel van belastings sy geld verkry en nie deur vrywillige liefde nie; hier geen geloof nie, maar slegs prosedure geld. Die twee terreine kan dus onmoontlik vermeng word.

[162]

(ii) As ons dus twee duidelike terreine hier het, volg dit dat elke instelling 'n eie taak het op eie terrein. Die staat kan hom nie onttrek aan sy burgery en in sosiale nood alles aan partikuliere liefdadigheid of kerklike barmhartigheid oorlaat nie. In gevalle van nood, hetsy dat dit oorlogsnood of swaar rampe is, hetsy dit beplande optrede tot ekonomiese rehabilitasie is, moet die staat sy eie taak vervul. Die staat sorg dan vir die algemene welstand van sy burgery, wat veeleer 'n opheffingstaak is as een van armversorging.

(iii) Die staat se hulp is in die vorm van toelaes, pensioene of verlaagde rentekoers. Nie een van hierdie vorme van bystand kan as armsorgwerk bestempel word nie, en daar kan dus weinig gevaar bestaan dat die staat kan indring in die werk van die diakonie. Dit kan alleen geskied wanneer die diakonie gevra word om die staat se agent te wees, 'n hulpverleningsaksie te administreer met verslag aan die staat. Hierdeur gee die diakonie sy eie identiteit prys.

(iv) 'n Ontleding van die beginselposisie by staatsteun toon dat die staat geen armversorging wil doen nie, maar belangrike hulpdiens verrig waarop die kerk verder kan voortwerk. Ons wil by wyse van voorbeeld 'n paar gevalle noem. Dat die staat nie kinderverpligtings wil wegneem ten opsigte van hulle ouers nie, blyk daaruit dat die staat se ouderdomspensioen ontoereikend is sonder verdere hulp van die kant van kinders. In die groot meerderheid van gevalle is die kinders nie vermoënd nie en het self swaar huisgesinslaste om te dra. In die geval van vermoënde kinders, sou dit oneties wees om selfs aansoek te doen om staatspensioen vir hul bejaarde ouers. By armer kinders kan selfs verarming voorkom as grotere aansprake op hulle inkomste gedoen word tot hulp van hul ouers. Vir die bou van tehuise vir kinders en bejaardes word driekwart persent rente gevorder op staatsgeld wat vir die doel geleen word. Prinsipieel is daar geen verskil tussen sodanige hulp en die ander vorms nie. Dit is egter duidelik dat die staat verenigings en kerke in staat wil stel om liefdadigheid of barmhartigheid te bewys. Dit is juis omdat die staat nie armversorging wil doen nie dat hy 'n belangrike hulpdiens verrig wat slegs genoegsaam is om 'n aansporing te wees".

4. Geen regstreekse korrespondensie tussen diakonieë nie.

Die oorlegpleging word alleen ten opsigte van ander liggame of instellings wat aan behoeftiges hulp verleen, voorgeskryf. In die kerkverband kan die vergadering van diakens (art. 40) nie regstreeks met 'n ander diakonie korrespondeer om mekaar in [163] voorkomende finansiële moeilikhede by te staan nie. Die diakonie vorm nie 'n bestuurskollege naas die kerkraad nie. Die kerkraad is die enigste regeerliggaam en is die orgaan wat die gemeente na buite verteenwoordig. Dit is nie diakonieë wat mekaar help nie, maar kerke.

Indien die diakens nie oor voldoende middele beskik nie, moet hulle dit rapporteer in die

kerkraad (art. 25 K.O.). Indien die gemeente nie in staat is om die middele te voorsien nie, kan die kerkraad dit onder die aandag van 'n naburige kerk of desgewens van die klassis bring met die doel om steun van die kerk(e) te verkry (vgl. art. 41 en 33 K.O.).

ARTIKEL 27.

DIE DIENSTYD VAN OUDERLINGE EN DIAKENS.

> *Die dienstyd van ouderlinge en diakens word deur die kerkraad gereël soos hy tot die meeste stigting van die kerk ag. By periodieke aftreding na minstens twee of meer jare diens, moet 'n eweredige deel jaarliks aftree.*

1. Historiese agtergrond in Suid-Afrika.

Die huidige redaksie van die artikel is deur die Sinode van 1964 vasgestel. Voorheen het dit gelui: "Die Ouderlinge en Diakens moet volgens plaaslike reëling twee of meer jare dien, en elke jaar moet 'n eweredige deel aftree. Die aftredenes moet deur ander vervang word, tensy die toestand en belang van 'n Kerk by die uitvoering van Artikels 22 en 24 'n herkiesing wenslik maak". Voordat die Sinode van 1916 die Nederlandse revisie van die K.O. nagevolg het, het art. 27 in die Dordtse K.O. gelui: "Die ouderlinge en die diakens sal twee jaar dien en elke jaar sal die helfte verander en ander in hulle plek gestel word, behalwe as die omstandighede en belange van enige kerk anders vereis".

Sedert 1859 is die uitvoering van hierdie artikel aan die vryheid van kerkrade gelaat. Die Gereformeerdes in Suid-Afrika wou oor die algemeen niemand volgens art. 27 K.O. verplig om na 'n sekere tydperk af te tree nie, "Maar zoo iemand om gewichtige redenen zijn ontslag begeert, zal hem dit evenzeer als aan eenen leeraar gegeven worden, *behoudens den naam en erkentenis zijner bediening;* (ons kursivering) en hier zal in elke gemeente, naar hare gelegenheid, best kunnen oordelen". (Algemeene Bepalingen der Synoden, 1876, art. 39). Die opvatting was klaarblyklik dat die diens van ouderlinge en diakens lewenslank is; dat hulle slegs op [164] eie versoek ontslag kon kry wat feitlik vorm van emeritering met behoud van status aangeneem het sodat daar van rustende of oud-ouderlinge (Sinode 1888, art. 70) en oud-diakens gespreek is.

Verskillende sinodes is versoek om art. 27 K.O. in werking te stel (1869, art. 48; 1888, art. 70; 1891, art. 88; 1894, art. 86, 102; 1904, art. 29). Die opvatting van hierdie sinodes was egter deurgaans dat daar geen Skriftuurlike gronde vir die beginsel van periodieke aftreding in art. 27 is nie; dat dit derhalwe nie verplig mag word nie; dat kerkrade moet handel na wat tot die meeste stigting dien; dat kerkrade wat art. 27 toepas nie veroordeel moet word nie. Die Sinode van 1907 het probeer orde op sake stel. Alle vorige besluite is herroep en daar is bepaal: "Daar er in de Heilige Schrift geen bepaalde uitspraak ten opsigte van den dienstyd van Ouderlingen en Diakenen gevonden word, en dus zoowel Artikel 27 als onze wijze van doen gerechtvaardigd is, is de Commissie van oordeel dat geen bindende bepaling door de Synode moet worden gemaakt" (art. 70). Ten spyte dus van die feit dat art. 27 met die beginsel van periodieke aftreding in 1916 andermaal in die Kerkorde opgeneem is, het sommige kerke 'n kompromis tussen lewenslange diens en periodieke aftreding probeer sluit deur een maal per jaar geleentheid te gee aan ampsdraers om onslag aan te vra terwyl ander kerke slegs die beginsel van lewenslange diens gehandhaaf het. Toe die saak dus weer na vore kom, het die Sinode van 1958 slegs die beginsel skerp omlyn: "Die dienstyd van ouderlinge en diakens word deur die kerkraad vasgestel" (art. 135). Met die revisie van die Kerkorde deur die Sinode van 1964 is hierby

aangesluit, terwyl die artikel verder ook eenvoudiger en minder reglementêr gemaak is.

2. Die kerkraad reël die dienstyd van ouderlinge en diakens.

Die artikel reël tereg dat die dienstyd van ouderlinge en diakens deur die kerkraad gereël moet word met die oog op wat tot die meeste stigting van die kerk sal dien. Hierin tree twee belangrike beginsels na vore. In die eerste plek berus die inisiatief nie by die ampsdraers om met 'n aansoek om ontslag die tydperk van sy dienstyd te bepaal nie want die kerkraad moet in die kerk die verantwoordelikheid dra. In die tweede plek is dit duidelik dat die aandag op die belange van die kerk en nie op die wense, belange of omstandighede van die ampsdraers saamgetrek word nie.

Kerkrade kan dus een van die volgende weë volg: (i) Ouderlinge en diakens word vir 'n onbepaalde tyd verkies. Wanneer ontslag uit die diens verlang word, moet dit by die kerkraad aangevra en deur hom bewillig word. Die redes vir aanvra van die ontslag sal [165] dan aan die oordeel van die kerkraad onderworpe wees, wat op grond daarvan ontslag kan toestaan of weier en so die dienstyd dan vasstel. (ii) Ouderlinge en diakens kan volgens die reëling van die kerkraad vir 'n *bepaalde* periode gekies word. In hierdie geval word die dienstyd vooraf deur die kerkraad vasgestel. Die gronde waarop hierdie periodieke dienstermyne rus, is: die Skrif skryf nie die dienstyd van ouderlinge en diakens voor nie en daarom kan dit aan die kerkrade oorgelaat word; die amp is wel blywend tot aan die einde van hierdie bedeling, maar die persone wat dit bedien, verwissel gedurig, hetsy deur die dood, weens vertrek, weens onbekwaamheid of weens oorgang tot 'n ander amp (bv. Filippus was eers diaken, Hand. 6:5, maar later evangelis, Hand. 8:5, 12); die amp dra geen onverdelgbare karakter (character indebelis) soos Rome leer nie sodat dit nie weer van die persoon geskei kan word nie — dit is slegs 'n opdrag (mandaat) wat van 'n persoon wat dit ontvang het, weggeneem kan word; tydens die Reformasie in die 16e eeu was lewenslange dienstyd van ouderlinge en diakens, wat meestal tot die eenvoudige volksklasse behoort het, vrywel onmoontlik; periodieke aftreding is ook wenslik om eensydige kliekregering (oligargie), heerskappyvoering oor die gemeente (hiërargie) en die gedagte van 'n regerende klas in die kerk (klerikalisme) te bestry. Die praktyk bewys ook dat periodieke aftreding tot meerdere stigting van 'n gemeente kan geskied. Die persoon wat ontslag ontvang het, kan op grond van sy ervaring 'n krag in die amp van gelowige wees.

3. Bepalings vir die periodieke aftreding.

Die Kerkorde plaas sekere voorbehoude om te verseker dat daar nie onordelikheid, anargie, diskontinuïteit of ander gevolge wat by periodieke aftreding vir die kerk skadelik kan wees, voorkom nie:

a. Die tydperk.

Die bepaling van die artikel lui dat ampsdraers *minstens* twee jaar moet dien. Dit word dus nie op presies twee jaar vasgestel nie, maar 'n diens van twee jaar word as die absolute minimum vir profytlike ampsdiens in die kerk gestel. Dit is suiwerder as die bepaling van die Dordtse Kerkorde (1619) wat die dienstyd op twee jaar (nie langer en nie korter nie) vasgestel het. Spoedig daarna het dit geblyk dat hierdie tydsbepaling van twee jaar te kort was. Voetius het derhalwe toe reeds 'n dienstyd van drie, vier of vyf jaar verkies.

Twee jaar is te kort om goed vertroud te raak met die kerklike sake: die bearbeiding van lidmate, veral probleemgevalle, ly [166] daaronder as daar al te spoedig verwisseling van ouderlinge kom; in sommige gevalle neem dit lank vir die ouderling om die vertroue van sekere lidmate te wen en sodra hy kan begin werk, moet hy al weer aftree as die periode te kort gestel

is.

Afgesien van die periodieke aftreding vind daar vandag in die meeste stedelike gemeentes (selfs al ook op die platteland) 'n gedurige verwisseling van ouderlinge en diakens deur verhuising plaas. Daar word gevolglik eerder verlang na kontinuïteit. Die weg is oop aangesien art. 27 nie periodieke aftreding verpligtend stel soos die ouer redaksies van die artikel nie.

b. 'n Eweredige deel moet aftree.

By periodieke aftreding moet 'n eweredige deel ouderlinge en diakens jaarliks aftree. Die eweredige deel wat jaarliks aftree word vanselfsprekend bepaal deur die tydperk wat gestel is en die aantal ampsdraers. Indien 10 ouderlinge 5 jaar dien, moet byvoorbeeld elke jaar twee aftree. As gevolg van verhuising, dood en ontslag weens siekte, ens., voordat die vasgestelde tyd gedien is, word die orde waarin 'n eweredige deel sou aftree, versteur. Die kerkraad sal dus gedurig die aftreding moet balanseer deur die herreëling van die dienstyd van dienende ampsdraers. Die bepaling van eweredigheid wil verhoed dat die kerkraad byvoorbeeld in een jaar al sy ouderlinge en die volgende jaar weer al sy diakens laat aftree. Daar moet genoegsame broeders in die kerkraad, breë kerkraad en diakonie bly om kontinuïteit te waarborg.

c. Die wat aftree moet deur ander vervang word.

Daar is reeds genoem dat die periodieke aftreding geskied met die oog op die belange van die kerk (en nie om broeders van die amp te laat rus nie). Dit is vir die kerk profytlik as alle sweem van oligargie geweer word, en alle broeders met gawes geleentheid ontvang om die amptelik tot welsyn van die kerk aan te wend. Periodieke aftreding het dus net sin indien die broeder wat aftree deur 'n ander vervang word. Hierdie vanselfsprekende wat in die ou redaksie gestipuleer was, is in die nuwe redaksie weggelaat. Dit volg vanself dat die verkiesing van 'n dienende ouderling tot die diakenamp en 'n dienende diaken tot die ouderlingamp aan die beginsel van periodieke aftreding en wisseling in die ampte uitvoering gee. Die dienstyd vir die nuwe amp word onafhanklik van die dienstyd in die vorige amp bereken en mag nie minder as twee jaar wees nie. Kerkrade behoort sorgvuldig te waak dat periodieke aftreding nie 'n beurtelingse omspan van altyd dieselfde [167] persone word nie. Gevolglik moet broeders wat ontslag ontvang het liefs nie binne die eersvolgende jaar of twee vir verkiesing oorweeg word nie.

d. Die moontlikheid van her verkiesing.

Die redaksie van art. 27 het van 1916 tot 1964 die opening gelaat vir 'n "herverkiesing" mits die toestand en die belang van die kerk dit wenslik maak. Hierdie reglementering is klaarblyklik verouderd, onnodig en selfs verwarrend. Dit is daarom by die revisie deur die Sinode van 1964 weggelaat.

Waar die kerkraad die opdrag het om die dienstyd van ouderlinge en diakens te reël, spreek dit vanself dat dit sinloos sal wees en nie na goeie reëlings sal lyk om vandag aan 'n broeder ontslag uit die amp te verleen en hom dan more weer by 'n verkiesing vir dieselfde amp aan die gemeente voor te dra nie. Herkiesing mag nooit gebruik word om 'n mosie van vertroue by die gemeente te soek nie. Dit behoort slegs voor te kom wanneer aan 'n ampsdraer eervol ontslag verleen is, en onmiddellik daarna oordeel die kerkraad op grond van veranderde omstandighede dat die broeder herberoep moet word. In daardie geval word hy weer langs die gewone weg van art. 22 of 24 K.O. verkies en bevestig. Die besluit van die Sinode van 1904 (art. 35) dat as 'n ouderling of diaken eervol ontslag verkry het en onmiddellik herkies is, hy nie weer in die amp bevestig moet word nie "als hij nog niet metterdaad uit den dienst getreden is", weeg dus nie op nie.

4. Teen misbruik moet gewaak word.

Hierdie artikel is al baie misbruik. Periodieke aftreding is soms ingevoer (waar dit nie gebruiklik was nie) met die doel om van sekere ampsdraers "ontslae" te raak. Terwyl die artikel juis van bedoeling is om 'n kliek-regering (oligargie) te verhoed, word dit soms juis aangewend om dit te vorm. Teen hierdie en ander misbruike moet sorgvuldig gewaak word.

ARTIKEL 28.

AMPSDRAERS EN OWERHEDE

Soos dit die plig is van die Christelike owerhede om die heilige kerkdiens te bevorder en met hulle voorbeeld die onderdane daartoe op te wek, en om aan die predikante, ouderlinge en diakens in alle moeilikhede wat mag [168] *voorkom hulp te bied en hulle volgens die vasgestelde orde te beskerm, so is dit ook die plig van alle predikante, ouderlinge en diakens om by die hele gemeente die gehoorsaamheid, liefde en eerbied wat hulle aan die owerhede verskuldig is, getrou en ywerig in te skerp. Alle kerklike persone moet deur hulle voorbeeld die gemeente hierin voorgaan en deur behoorlike agting en korrespondensie trag om die guns van die owerhede jeens die kerke op te wek en te behou, sodat, as elkeen wedersyds sy verpligtinge nakom in die vrees van die Here, alle agterdog en wantroue voorkom en eensgesindheid onderhou mag word in belang van die kerke.*

1. Historiese oorsig oor die agtergrond van die artikel.

Die taal en styl van hierdie artikel is beslis verouderd. Die Sinode van 1964 (Acta, bl. 58) het dit gevolglik aan deputate van preadvies opgedra om 'n deeglike studie daarvan te maak en die volgende Sinode oor die formulering te adviseer. Aangesien 'n herformulering verwag kan word, sal baie kortliks oor die artikel gehandel word.

Waar die meeste artikels van die K.O. voor die jaar 1600 ontstaan het, is art. 28 deur die Sinode van Dordrecht 1618—1619 in die Kerkorde ingevoeg. Dit is nie duidelik wat die aanleiding daartoe was nie. Geen kerk het sodanige reëling versoek nie. Dit was waarskynlik die gevolg van die spannende stryd tussen die Gereformeerdes en Remonstrante, gesteun deur die talle politici, wat deur die Sinode voorafgegaan het. Laasgenoemde party het altyd volgehou dat hulle nie die Roomse hiërargie vir 'n Gereformeerde predikante dominering wou verruil nie. Ds. Jansen meen dus dat die artikel bedoel het om die owerheid gunstig te stem en sodoende die Kerkorde van staatsweë goedgekeur te kry waardeur die kerklike ordinansies die krag van staatswet sou verkry en verder om die pligte en gesag van beide owerheid en kerk suiwer te omlyn sodat die Arminiaanse (en Erastiaanse) gedagte dat die owerheid bokant die kerk staan, sowel as die Roomse idee dat die owerheid onder die kerk staan (vgl. die Inleiding) by voorbaat afgesny word (vgl. Jansen, a.w., bl. 130; Bouwman, a.w., bl. 311).

2. Begripsbepaling.

Hierdie artikel val onder die afdeling van die dienste in die K.O. Die meeste verklaarders van die Kerkorde meen dat hier gespreek word oor die verhouding tussen kerk en staat, terwyl die [169] artikel eintlik oor die verhouding tussen die Christelike owerhede ("Overheden", "Magistraten") en die kerklike ampsdraers ("Predicanten, Ouderlinghen ende Diakonen",

"Kerckelijcke persoonen") handel. Die optrede van laasgenoemdes word dan bepaal met die doel om "de gunst der Overheden tot de Kercken soecken te verwecken ende te behouden: ten eynde een yeder het zijne in des Heeren vreese, aen weder zijden doende, alle achterdencken ende wantrouwen moghe werden voorghecomen, ende goede eendracht tot der Kercken welstandt onderhouden".

3. Besware teen die artikel.

Die eerste deel van die artikel is volgens die opvatting van Jansen nie kerkregtelik verantwoord nie. Die kerk sou dan in sy Kerkorde met hierdie artikel aan die owerhede voorskryf, asof die kerk oor die owerheid gesag voer.

Ander verklaarders (soos o.a. dr. F.L. Rutgers) meen egter dat hierdie beswaar nie opgaan nie, omdat die artikel *vergelykenderwys* sê: "Soos dit die plig is van die Christelike owerhede... so ook is alle predikante, ouderlinge en diakens verplig om by die hele gemeente..." Die eerste lid van die vergelyking gryp terug op art. 36 N.G.B, wat reeds te Emden in 1571 as belydenis van die kerk aanvaar is en dus deur alle Gereformeerdes (kerklike en politieke ampsdraers) bely was toe art. 28 K.O. in 1619 geformuleer is. Volgens hierdie verklaring gee art. 28 K.O. geen voorskrif aan die owerheid as instelling nie en gevolglik het geen Sinode in Suid-Afrika nog nodig gevind om art. 28 K.O. uit die Kerkorde te verwyder nie.

Dit is egter opmerklik dat daar in verskillende Gereformeerde Kerke in die buiteland sowel as in Suid-Afrika al sterk meningsverskille oor art. 36 N.G.B. was. In Suid-Afrika is die artikel nog steeds ongewysig behou. Die verhouding van die staat tot die kerk- en godsdiens wek sterk meningsverskil, veral die gedagte dat die staat dit (volgens art. 28 K.O.) ook "op alle maniere" moet bevorder.

3. Die roeping van die owerhede teenoor die kerkdiens.

Die eerste lid van die vergelyking in art. 28 K.O. is 'n aksioma wat op grond van die Skrif (bv. Rom. 13 en 1 Pet. 2:17) in art. 36 N.G.B, bely is, lank voordat die artikel in die K.O. opgeneem is. Die gesag van die persoon wat 'n owerheidsamp vervul, word direk van God afgelei (Heid. Kat., vr. 104) en nie van die kerk af (soos Rome sê) nie. Die moderne omlynde en onpersoonlike begrip van [170] 'n staat of owerheid (los van die persoon in die owerheidsamp) het nog nie gedurende die Reformasie so sterk na vore getree nie. Onder invloed van die heersende feudale sisteem het die persoon (die koning, vors of mindere owerheidspersoon, vgl. in art. 36 N.G.B.) wat die owerheidsamp beklee op die voorgrond gestaan. Gevolglik spreek art. 28 K.O. ook van "Christelike owerhede ... (wat) met hulle voorbeeld die onderdane" opwek. Dit is 'n koningspersoon eerder as 'n onpersoonlike staatsinstelling wat 'n "voorbeeld" vir onderdane gee. Daar moet dus gewaak word om sondermeer te sê dat art. 28 K.O. die staat (as instelling) op die oog het. Daar is veel voor te sê dat hier 'n vergelyking van ampsdraers (van staat en kerk, onderskeidelik) getref word op die punt waar die owerheidspersoon die kerkdiens en die kerklike persoon die amp van owerheid aanraak.

In art. 28 word dus gesê dat die Christelike beklеders van die owerheidsamp deur middel van hulle morele en daadwerklike optrede (vgl. dié van prins Mauritz om die Dordtse Sinode op te roep en die werk van politieke kommissarisse op dié Sinode), voorbeeld, medewerking, beskerming en korrespondensie (vgl. wat van die owerhede ten opsigte van boekesensuur, plakkate teen siektes en die pousdom, wette ten opsigte van openbare sabbatsheiliging, ens., verwag is) die "heilige kerkdiens" moet bevorder en die kerklike ampsdraers volgens die Kerkorde moet beskerm. Laasgenoemde verwagting op owerheidsbewilliging van gereelde Sinodale vergaderinge na 1619 was egter vrugteloos. Die term "heilige kerkdiens" sien primêr

op die eredienste en openbare verrigtinge.

Hoewel die kerk nie die owerheid sal en wil voorskryf nie, word vandag nog verwag dat die owerheid die rus vir openbare eredienste en kerklike vergaderinge sal verseker, tegemoetkominge ten opsigte van kerklike eiendomme en belastings sal maak, medewerking aan die kerke sal verleen, op versoek van die kerk of op eie inisiatief openbare sedelikheid sal handhaaf en sondes deur die gereg sal teëhou, ens.

4. Die roeping van die kerklike ampsdraers teenoor die owerhede.

Met die tweede lid van die parallelle vergelyking in art. 28 K.O. word (net soos die selfstandigheid van die owerhede teenoor die kerklike gesag in die eerste lid) stilswyend die selfstandigheid van die kerklike gesag teenoor die owerheid veronderstel. Die gesag van kerk en staat is elkeen soewerein in sy eie kring. Nogtans staan ook die kerklike ampsdraers nie los en onafhanklik teenoor die draers van owerheidsgesag nie. Gevolglik word die kerklike ampsdraers (ook genoem “kerklike persone”) verplig om met hulle [171] leer en voorbeeld by die gemeente gehoorsaamheid, liefde en eerbied vir die owerhede in te skerp. Waar kerklike en politieke ampsdraers noodwendig met mekaar namens kerk en staat, onderskeidelik, moet onderhandel, het die kerklike ampsdraers geen gesag oor die politieke (soos Rome sê) nie. Derhalwe moet hulle op ’n waardige wyse, met betoning van die nodige respek vir die anderse ampswaardigheid, met die owerheid korrespondeer, d.w.s. saamwerk, sodat die guns en goeie gesindheid van die owerheidspersone die belange van die kerke verseker.

Hierdie artikel reël dus wel die praktyk van kerklike korrespondensie met die owerhede (plaaslik, provinsiaal en landswyd). Hierdie praktyk was reeds vanaf 1571 en ver al in die stryd met die Remonstrante druk beoefen, hoewel dit eers in 1619 geformuleer is. Vandag word daar nog op baie terreine (onderwys, sending, radiowese, diakonale sake, veldpredikers, huwelike, eiendomme, belastings, openbare sondes, ens.) deur kerkrade en die kerkverband met verskillende owerheidsinstansies gekorrespondeer deur middel van briewe of deputasies.

Die historiese agtergrond van die artikel (vgl. die stryd teen die Spaanse en Roomse owerhede en die vyandigheid van Johan van Oldebarnevelt teen die Gereformeerde kerklike gesag) maak dit reeds vanselfsprekend dat art. 28 nie blinde gehoorsaamheid of onderwerping van die kerklike gesag aan die politieke (vgl. die Lutheranisme en Erastianisme in die Inleiding) bepleit nie. Dit sou kapitulasie voor die Remonstrante en Lutherane beteken het, terwyl die hele Reformasie berus het op die reg van verset (vgl. Hand. 5:29) op grond van ’n hoër gehoorsaamheid. Die roeping dat kerklike en politieke ampsdraers “elkeen wedersyds sy verpligting nakom in die vrees van die Here” toon enersyds dat harmonie slegs op die weg van wedersydse eerbiediging van die Here bereik word en tweedens dat die kerklike gesag die owerheidsgesag erken (Luk. 20:25).

[173]

DIE TWEEDE AFDELING: OOR DIE KERKLIKE SAMEKOMSTE OF VERGADERINGE

DR. B. SPOELSTRA

[175]

ARTIKEL 29.

DIE VIER KERKLIKE VERGADERINGE

Vier kerklike vergaderinge moet onderhou word: die Kerkraad, die Klassis, die Partikuliere Sinode en die Algemene of Nasionale Sinode.

1. Geskiedenis.

Hierdie artikel is deur die Sinode van 1964 in ooreenstemming gebring met die Dordtse redaksie van 1619, hoewel "'t samencomsten" nou om taalkundige redes met "vergaderinge" weergegee word. Die latere redaksie, naamlik "vier *soorte* kerklike samekomste", is afgewys omdat "soorte" daartoe aanleiding kan gee dat 'n soortverskil tussen die kerklike vergaderinge gemaak word. Die gevaar van so 'n dualisme is in die Inleiding, par. 7 (c) en (d), aangetoon. Die redaksie wat die Geref. Kerke in Nederland op die Sinode van Assen 1958 aangebring het, onderskei meerdere vergaderinge van die kerkraad en dit kan lei tot 'n tweeslagtige opvatting as sou daar naas die raad van die kerk ook 'n meerdere vergadering in die kerk (ekklêssia) regeer.

Die Franse Kerkorde het tot 1571 nie die klassikale indeling geken nie. Die Christian Reformed Church in die V.S.A. het weer die Partikuliere Sinode uitgeskakel. Toe die sinode van die Geref. Kerk in 1862 die Dordtse Kerkorde aanvaar het, het die landsomstandighede en die klein kerkverband Algemene Vergaderings, wat die werk van die klassis en partikuliere sinode gedoen het, (vgl. art. 139, Sinode 1873) noodsaaklik gemaak. In 1924 is die kerklike vergaderinge in Transvaal en Kaapland volgens art. 29 ingedeel, terwyl die Vrystaat eers in 1945 gevolg het. Na 'n ondersoek oor jare het die sinode van 1964 besluit om al vier die kerklike vergaderinge te handhaaf.

Uit die geskiedenis blyk dat die Algemene Vergaderings aanvanklik volgens die staatkundige en, na 1910 volgens die provinsiale grense ingedeel is. Later is daar afgesien van 'n indeling volgens staatkundige grense. Dit is selfs nie meer ten opsigte van klassisse gehandhaaf nie. Teen hierdie neiging moet gewaarsku word: dit kan tot verwarring lei. Waar staatkundige indelings bestaan, kom dit onnatuurlik voor wanneer in kerkverband dele van een provinsie onder die naam van 'n ander provinsie gegroepeer word. Staatkundige indelings bring bepaalde gebiedsbelange [176] mee, byvoorbeeld met betrekking tot die onderwys, sending, hospitalisasie, maatskaplike toestande en probleme. Optrede in die kerkverband word dus na binne en na buite verswak, wanneer kerke by 'n ander provinsie ingedeel word. Die beginsel van indeling in klassisse en partikuliere sinodes moet op *belange* gegrond wees en nie op *gerief* nie. Sedert die Reformasie in die sestiende eeu is selfs met *etniese belange* (bv. die Waalse, Skotse en Engelse kerke) rekening gehou (vgl. art. 52 K.O.). 'n Ordelike en natuurlike groepering moet altyd bo 'n willekeurige aangeprys word. Aan die ander kant mag provinsialisme, wat 'n siekteverskynsel is, nie in die kerkregering geduld of gekoester word nie.

2. Die vier kerklike vergaderinge.

Met artikel 29 begin die tweede deel van die Kerkorde wat reeds in art. 2 aangedui is. Hierdie afdeling handel nou oor die kerklike samekomste of vergaderinge. In artikel 29 word die vier kerklike vergaderinge net genoem, sonder dat hulle karakter en onderlinge samehang nader aangedui word. Die volgende artikels dui die algemene, besondere en onderskeie beginsels aan wat ten opsigte van die vergaderinge aan die orde moet kom.

(a) *Die kerkraad* word voorop geplaas, soos dit in die gereformeerde kerkregering moet

wees. Hier kan nie volledig ingegaan word op die uitverkiesing (onsigbare kerk) as fondament van 'n sigbare gemeente waarin die gelowiges plaaslik verenig is; die beroeping van die besondere ampsdraers deur die lidmate kragtens die amp van die gelowige en die vereniging van die lerende en regerende ouderlinge tot 'n konsistorie of raad van die kerk nie. Daarvoor moet die *Inleiding* (par. 4) en die verklaring by artikels 16, 23 en 37 K.O. nagegaan word. Hier word alleen die feit gestel, soos die Skrif dit ook doen (Hand. 11:30; 15:2, 6 en 1 Tim. 4:14), nl. dat die ouderlinge as 'n raad van die kerk (gemeente) optree (senatus ecclesiasticus, consistorium). Daarbenewens ken Hand. 21:8 die diakens van Hand. 6 as 'n kollege van *sewe*. Daar sal dus wel in art. 40 aan die diakens aandag gegee word, maar hulle kan nie in art. 29 genoem word nie, want die diakens is nie met die wesentlike kerkregering (opsig en tug met die Woord) belas nie.

Basies is die kerkraad dus die vergadering vir die kerkregering, waarin die ouderlinge (presbiters) vergader (saamkom) om oor die gemeente (kerk) te regeer.

(b) *Die ander drie vergaderinge,* klassis, partikuliere sinode [177] en nasionale sinode, kom tot stand wanneer kerkrade self of deur middel van gemagtigde verteenwoordigers (vgl. art. 33 K.O.), met mekaar vergader. Hierdie vergaderinge word gewoonlik "meerdere vergaderinge" genoem omdat kerkrade van dieselfde belydenis en kerkregering daar met mekaar saamkom om 'n kerkverband vir die kerkregering te vorm. In die *Inleiding* (par. 4 (f)) is aangetoon dat die kerkverband vanselfsprekend en natuurlikerwys op grond van die dieperliggende eenheid in Christus tot stand moet kom.

3. Die eenheid in kerkregering (kerkverband).

Dit moet goed verstaan word dat die kerkrade nie saamkom sodat hulle één sal word of 'n nuwe landskerk sal vorm nie. Die kerkverband is nie 'n oorkoepelende kerk nie. Die reglementêre eenheid van menslike organisasie is nie die verwesenliking van die eenheid in die Liggaam van Christus nie. Die eenheid in die heilige algemene Christelike kerk is nie 'n organisatoriese eenheid nie, maar 'n eenheid waarin Christus uit die Woord bely word. Op hierdie Belydenis- of Geloofseenheid moet die kerkregering georganiseer word. Selfs sonder 'n georganiseerde eenheid is enersbelydende kerke reeds één. So was die kerke in die tyd van die apostels en die kerke van die Reformasie voor 1571 in die Nederlande, Duitsland, Frankryk en Engeland onderskeidelik en gesamentlik één — sonder dat hulle in 'n sinode kon vergader. Die eenheid van belydenis verplig tot 'n kerkverband *om die geloofseenheid in Christus suiwer te bewaar*. Daaroor gaan dit in kerkregering.

In hierdie tyd van ekumeniese beweginge moet goed verstaan word dat meerdere vergaderinge nie bestaan om die eenheid van die kerk te demonstreer nie. Die kerkverband bestaan slegs met die oog op *regering*. Die dieperliggende geloofseenheid in Christus is egter baie wyer as regering. Geloofsgemeenskap en die beoefening daarvan is nie sinoniem met kerkregering nie.

In die Skrif is daar 'n duidelike voorbeeld van 'n leergeskil wat onder leiding van die Heilige Gees opgelos is op 'n vergadering van die kerk van Jerusalem saam met apostoliese verteenwoordigers van die kerke onder die heidene. Die bevinding is op gesag van die vergadering aan al die kerke deurgegee om te onderhou (Hand. 15:22 e.v.; Gal. 2:1 e.v.). Wanneer die ouderlinge (kerkrade) die apostoliese regering in die kerk oorneem (Hand. 14:23; 22:28), spreek dit vanself dat die kerkrade in kerkverband moet saamkom om in oorleg met mekaar oor leer- en kerkregerings-probleme in die lig van Gods Woord te beslis. Sonder hierdie [178] samewerking in kerkverband is dit onmoontlik om die Belydenis suiwer te bewaar. Die basis of gemeenskaplike akkoord (art. 86 K.O.) waarop die kerkverband rus, is die onvoorwaardelike eerbiediging van die

gesag van die Woord, die gemeenskaplike belydenis en die akkoord van kerklike gemeenskap volgens die Kerkorde.

Die Skrif spreek ook van die vrywillige maar verpligte kerkverband ten opsigte van sustentasie van kerke aan 'n noodlydende kerk en die amptelike organe wat dit behartig (Rom. 15:26; 1 Kor. 16:1—4; 2 Kor. 8:19; 9:5).

4. Die wese van die meerdere vergaderinge.

Op die vraag wat die meerdere vergaderinge in wese is, behoort gereformeerdes eenstemmig te kan antwoord: *Dit is vergaderinge wat meer as een kerkraad op grond van 'n ooreenkoms wat in 'n Kerkorde getref is, met mekaar hou*. Soos die ouderlinge die kerkraad vorm en die kerk (gemeente) ten opsigte van kerkregering verteenwoordig (bevestigingsformulier), so het die eerste sinode van die Nederlandse kerke te Emden in 1571 besluit dat klassikale samekomste samekomste van enkele naburige kerke is, dat partikuliere sinodes samekomste "onder elkaar" van alle kerke in 'n groter (partikuliere) ressort is en dat 'n algemene of nasionale sinode die samekoms van alle Nederlandse kerke is (vgl. F.L. Bos: *De Orde der Kerk,* bl. 106). Die groot kerkregtelike van die sestiende eeu, Voetius, definieer 'n meerdere vergadering (d.w.s. enige sinode) as 'n wettige konvent wat uit die afgevaardigdes van meer as een kerk bestaan (conventus legitime constans ex delegatis plurium ecclessiarum). Dieselfde Voetius sê egter ook dat dit *geen beginsel* is dat daar juis afgevaardigdes gestuur moet word nie. As dit prakties moontlik is, kan *al* die kerkraadslede van *al* die kerke in die "meerdere" vergaderinge saamkom.

Uit die beginsel is dit duidelik dat die begrip *"meerdere'"* net beteken dat daar meer as een kerkraad in 'n wettige vergadering saamkom. Dit is dus vergaderinge *van* (let wel: nie *vir, oor, teenoor* of *naas)* die kerkrade wat saamkom. Voetius vergelyk dit dan ook met 'n federasie, konfederasie, unie, vennootskap of huwelik wat tussen kerkrade plaasvind. Gesien van die kant van elke deelnemende kerk, is selfs die algemene sinode 'n kerkraadsvergadering. Die besluite wat daar geneem word, is besluite wat elke kerkraad in vennootskap met ander kerke neem. Kortom, die één raad van die kerk (art. 30 N.G.B.) is die enigste regeerliggaam in die kerk. Dit kan alleen vergader, of saam met sommige ander kerkrade (klassikaal), of saam met die provinsiale kerke [179] (partikulier-sinodaal), of saam met al die kerke in nasionale verband (algemeen sinodaal).

Hierdie beginsel is ook tot 1958 — want tot op hierdie tydstip was dit prakties moontlik vanweë die klein aantal kerke (gemeentes) in Suid-Afrika — toegepas deur direkte verteenwoordiging van elke kerkraad op die klassis, partikuliere sinode en algemene sinode. Die getrapte verteenwoordiging, volgens Kerkorde (artt. 41, 47, 50), is deur die sinode van 1958 ingevoer en wel om *praktiese redes*. Dit verhoed dat die koste onnodig hoog en die vergaderinge onhanteerbaar groot word. In wese is daar geen verskil tussen 'n klassis, 'n partikuliere of nasionale sinode nie. 'n Klassis is net so 'n sinode soos 'n algemene sinode (conventus legitime ... plurium ecclessiarum).

Verder hef die wyse van getrapte of indirekte verteenwoordiging van die kerkrade op die partikuliere en nasionale sinode nie die beginsel op nie. Al die kerkrade kom in die onderskeie klassisse saam; om praktiese redes vaardig die klassis, as vergaderde *kerkrade,* sy verteenwoordigers na 'n partikuliere sinodale byeenkoms (art. 41) af; om praktiese redes word dieselfde proses (wat met afvaardiging van die kerkrade na 'n klassis begin het), afgerond deur 'n nog kleiner deputasie uit die partikuliere na 'n nasionale sinode te stuur. Die getrapte verteenwoordiging en die beginsels in art. 30 en 33 K.O. (waardeur die agenda met elke meerdere vergadering konsentries kleiner word), onderstreep die feit dat die kerkrade die

eintlike regeerliggame is en dat die meerdere vergaderinge nie 'n selfstandige bestaan buite die kerkrade het nie. Die afgevaardigdes bly altyd gebonde aan die las, opdragte en instruksies van diegene wat hulle stuur (Sinode Parys 1565, F.L. Bos: *De Orde der Kerk,* bl. 107).

Teen die middel van die twintigste eeu is (o.a. deur M. Bouwman: *Voetius over het gezag der synoden)* die opvatting verkondig dat meerdere vergaderinge, net soos kerkrade, vergaderinge van *"ampsdraers"* (nie presbiters nie!) sou wees en daarom 'n eie en selfstandige gesag naas en teenoor die kerkrade verkry. Hierdie dualisme van kerkraad en meerdere vergadering moet as 'n ongelukkige oorblyfsel van die Doleansie teen die kollegialistiese besture verwerp word (vgl. *Inleiding,* par. 5 (d) en 7 (c) en (d).

Oor *die gesag van die kerklike vergaderinge* word by die verklaring van art. 36 K.O. gehandel.

5. Die vorm van die kerkverband.

Omdat beginsels aangaande onderlinge toesig (Gen. 4:8; Matth. 18:15; Rom. 14:19); naasteliefde (Rom. 13:8; Fil. 2:4) [180] en die voorbeeld van die apostelkonvent in die kerk van Jerusalem (Hand. 15) uit die Skrif gevind word, is die verpligting om 'n kerkverband te onderhou, deur God opgelê (jus divinum positivum). Die vorm wat die kerkverband moet aanneem, is egter nie voorgeskryf nie, en is daarom 'n toegestane reg (jus divinum permissivum). Daaroor gee die Bybel nie voorskrifte nie. Die kerkrade het ooreengekom dat die onderhouding van klassikale, partikulier sinodale en nasionaal sinodale vergaderinge die beste vorm is om die kerkverband te onderhou. Oor die noodsaaklikheid van die partikuliere sinode is getwyfel totdat dit in 1964 behou is. Oor die vier vergaderinge in besonder sal in die volgende artikels gehandel word: die kerkraad in art. 37 en 38; die klassis in art. 41 en 44; die partikuliere sinode in art. 47; die nasionale sinode in art. 50 K.O.

6. Die doel van die kerkverband.

Dit het nou reeds uit die geskiedkundige en prinsipiële agtergrond duidelik geword dat die kerkverband op die eenheid van belydenis berus. Die doel waarmee die kerke 'n verband met mekaar aangaan, kan in breë trekke soos volg omlyn word: Om die gemeenskaplike belydenis te formuleer en te handhaaf en besware daarteen te beoordeel; om die gemeenskaplike vorm van die eredienste (liturgie of diens in die kerke) te reël; om 'n wederkerige toesig van die kerke oor mekaar te onderhou; om die gemeenskaplike regte van die kerke teenoor derde partye te verdedig; om onderlinge geskille tussen kerke uit te stryk; om die diens van die Woord te bevorder deur samewerking met betrekking tot opleiding, eksaminering, goedkeuring (approbasie) en ontslag van predikante; om die onderlinge korrespondensie tussen die kerke (gemeentes) met betrekking tot attestasies, sustentasie, kombinasie, deputate van korrespondensie, ens., te onderhou.

7. Daar kan meer as die vier kerklike vergaderinge van artikel 29 wees.

***a*. Plaaslik.**

Die Kerkorde reël die normale gang van kerklike werksaamhede. Dit spreek egter vanself dat daar in abnormale tye, soos tydens die Reformasie van die sestiende eeu en op 10 en 11 Februarie 1859 te Rustenburg, 'n *gemeentevergadering* gehou word, voordat daar ouderlinge ('n kerkraad) bevestig en 'n Kerkorde aanvaar kon gewees het. Oor die meer bekende vergadering van die kerkraad saam met die gemeente word onder art. 37 K.O. gehandel.

[181]

***b*. Kombinasies van kerkrade.**

Uit die Skrif is dit duidelik dat elke plaaslike kerk (gemeente) onder leiding van die kerkraad 'n regspersoonlikheid is wat selfstandig en in samewerking, verband of federasie met ander selfstandige kerkrade optree (vgl. *Inleiding,* par. 4). Die klassis is 'n normale saamgroepering van 'n aantal kerkrade. Enkele kerkrade kan egter besluit om met 'n bepaalde doel soos Sending, Evangelisasie, Sustentasie, Diakonale werksaamhede, ens., saam te werk. Dit is reeds 'n vergadering van meer kerkrade, maar nog nie 'n klassikale vergadering nie. So kom 'n kombinasie van kerkrade in die geval van 'n gekombineerde kerkraadsvergadering tot stand. Die ooreenkoms of basis van kombinasie wat vooraf opgestel en deur die klassis goedgekeur is, vorm dan die spesiale gemeenskaplike akkoord (ooreenkoms). So 'n gekombineerde vergadering behoort na analogie van 'n klassis te konstitueer (vgl. art. 33 en 41 K.O.) en in geval van verskil behoort die aangeleentheid vir beslissing na die klassis gevoer te word.

Om die besluite van gekombineerde kerkraadsvergaderinge afhanklik te maak van latere goedkeuring deur die afsonderlike kerkrade, verlaag sy status tot dié van 'n konferensie en veroorsaak 'n lomp prosedure. Hieroor word meer uitvoerig onder art. 38 K.O. gehandel.

***c*. Ekumeniese Sinodes.**

'n Werklike ekumeniese sinode, as 'n wêreldwye samekoms van verskillende Gereformeerde nasionale sinodes, is tot dusver onbekend. Die Sinode van Dordt het in 1618 in 'n sekere opsig 'n internasionale karakter gehad. Weliswaar was dit 'n nasionale sinode wat die State-Generaal byeengeroep het, maar die State-Generaal het ook kolleges van verskillende buitelandse teoloë uitgenooi en het bepaal dat elke besluit ook die goedkeuring van die verskillende buitelandse kolleges moes wegdra. Dit was dus nie 'n ekumeniese sinode nie, want hierdie teoloë was nie afgevaardigdes van hulle kerke nie. Nogtans illustreer dit een wyse waarop 'n ekumeniese sinode sou kon vergader: by 'n nasionale sinode sou kleiner deputasies van wettig afgevaardigde deputate van ander nasionale sinodes kon vergader; na gemeenskaplike beraadslaginge sou die kolleges van deputate afsonderlik kon stem sodat die stemme per nasionale sinode in plaas van hoofdelik geneem kon word.

Die Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het in 1964 na 'n ekumeniese sinode tussen die nasionale sinodes onder die verskillende etniese groepe gedeputeer. Die vraag is egter of so 'n sinode saamkom omdat daar werklik agenda was wat die nasionale sinode nie kon afhandel nie, en of dit bloot 'n demonstratiewe organisatoriese openbaring van 'n ekumeniese eenheid [182] moet wees. Hieroor word meer uitvoerig onder art. 50 en 51 gehandel.

ARTIKEL 30.

DIE BEVOEGDHEID VAN KERKLIKE VERGADERINGE

> *Kerklike vergaderinge moet alleen kerklike sake en dit op kerklike wyse behandel. Op meerdere vergaderings moet alleen sake behandel word wat nie in mindere vergaderings af gehandel kan word nie of sake wat by die meerdere vergaderings tuishoort.*

Hierdie artikel is enersyds baie duidelik en andersyds gee dit op byna elke meerdere vergadering aanleiding tot diskussie en word miskien ook net so dikwels bewus of onbewus oortree. Die artikel reël eintlik verskillende sake in verband met die sakelys (agenda) van kerklike vergaderinge. Vanweë hulle aard is die vergaderinge wat in art. 29 genoem is, bevoeg om slegs

kerklike sake in die sakelys op te neem en verplig om dit op 'n kerklike wyse te behandel. Die bevoegdheid van mindere vergaderinge is groter en omvattender as dié van meerdere vergaderinge. Sekere sake hoort by 'n bepaalde vergadering tuis. Hierdie artikel moet ook saam met ander, soos 33, 36 en 49, gelees word.

1. Geskiedenis.

Voor die eerste Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland te Emden in 1571 was dit soms gebruiklik om ook politieke sake op kerklike vergaderinge te behandel. Die stryd om kerklike vryheid teenoor Rome en om politieke vryheid teenoor Spanje het feitlik hand in hand gegaan. Tog het die Sinode van Emden in 1571 nie gevolg gegee aan die Prins se versoek om met die werwing van soldate behulpsaam te wees nie. In 1574 is bepaal dat kerklike vergaderinge hulle met kerklike sake besig hou, terwyl gemengde sake waarby kerk en staat belang het, aan die beslissing van die owerheid oorgelaat word. In 1578 is dit gewysig met die bepaling dat die owerheid en kerkraad saam oor gemengde sake besluit. In 1586 (art. 27) is die beginsels van twee artikels saamgevoeg en sedertdien onveranderd gehandhaaf.

In die tyd van die Reformasie het die meeste owerheidspersone nog uitgegaan van die patronaatsreg van die staat teenoor die kerk (vgl. Inleiding, par. 6). Die Erastianisme (vgl. Inleiding, par. 5 (c)) het openlik verkondig dat die kerk sy organisasie aan [183] die staat ontleen. Die artikel moet dus eerstens gesien word as 'n Skriftuurlike beginsel-formulering waarin die soewereiniteit van die kerk in eie kring teenoor dié van die staat uitgedruk word. Dit geld dan nog sterker ten opsigte van allerlei maatskaplike genootskappe. Kerklike vergaderinge hou hulle nie met landbou, koophandel en wetenskaplike sake soos die beoefening van teologie, letterkunde, regte, natuurwetenskappe, kuns, ens., besig nie. Dit bepaal hom by kerklike sake: formuleer die belydenis, weerlê dwaalleer, bestraf slegte sedes, los kerklike twiste op, handhaaf die kerklike orde, ens. Daar mag nie op grond van 1 Kor. 6:1—8 geredeneer word dat die kerk die regspraak vir sy lidmate moet doen nie. Die ideaal is dat daar nie regsake tussen broeders sal voorkom nie. Arbitrasie deur gemeentelede kan geskille egter soms oplos (vs. 5), maar andersins, veral in 'n Christenland, is die geregshowe die laaste uitweg (vs. 1). Die *kerkraad* word dus nooit *geregshof* tussen prosederende partye nie.

'n Sinode van die Geref. Kerk in S.A. (Acta 1942, art. 45) het dit nodig geag om die artikel ten opsigte van die sogenaamde gemengde terreine nader te verklaar. Die nadruk is gelê op die verwerping van die Roomse opvatting dat staat, maatskappy, kuns en wetenskap in diens van die kerk staan. Daarteenoor is die roeping van die kerk bepaal as: die verkondiging van die Woord en wat daarmee verband hou; dat veral in die prediking die lig van die Woord op alle lewensterreine moet val; en dat daar gemengde terreine is waarby kerk, staat en maatskappy belang het. Dit word aanbeveel dat die gemengde terreine deur onderlinge *korrespondensie* gedek moet word, d.w.s. mekaar op hoogte hou, inligting inwin en waar nodig met die oog daarop oor en weer afgevaardigdes stuur. Dit verg egter nogtans onderskeidingsvermoë en 'n fyn aanvoeling om op die gemengde terreine vas te stel wat werklik van kerklike belang is.

2. Alle kerklike vergaderinge is bevoeg om slegs kerklike sake te behandel.

Die woorde "*alleen* kerklike sake" kan nie so absoluut opgeneem word dat gemengde sake rakende die onderwys (art, 21 K.O.), korrespondensie met liefdadigheidsinstellings (art. 26 K.O.) of die owerheid (art. 28 K.O.) summier van die tafel gereël kan word nie. Daarbenewens raak baie sake die lidmate van die kerk of die instituut, byvoorbeeld ekonomiese of politieke beleid, maatskaplike of religieuse verenigings en genootskappe, sonder dat die kerk as instituut daar direk belang by het. Die bevestigingsformulier lê die roeping op die ouderlinge om die Woord te

bestudeer. Aktuele [184] sake van bogenoemde aard word dus, soos die sinodale besluit van 1942 aandui, in die openbaar deur dié prediking en privaat aan die huise bestry. Dit word pas ’n saak vir ’n kerklike vergadering wanneer dit nodig geword het om ’n vorm van *korrespondensie* in die betrokke aksie aan te knoop, dit wil sê, wanneer die kerk as instituut offisieel in die aksie betrokke raak. Die noodsaak vir die korrespondensie moet dan bepaal word deur die belang wat die kerk as instituut daarby het. Hier moet egter goed onderskei word, want kerklike belange word soms voorgetower om in werklikheid die kerk vir die doeleindes van die instelling of aksie te gebruik. Kortom: slegs die *kerklike aspek* moet deur die kerklike vergadering in hierdie soort korrespondensie met die buite-kerklike instansie behartig word.

'n Blik in die handelinge van kerklike vergaderinge in later jare toon dat daar ’n neiging is om van kerklike vergaderinge “'n studie” of uitspraak te verlang oor maatskaplike, godsdienstige, politiek-religieuse en ander opsienbarende beweginge. Dit is ’n onbegonne taak vir kerklike vergaderinge om ’n indeks op te stel of ’n studie te maak van alle voorkomende afwykende, ketterse en sondige praktyke, strominge, teorieë, ens. Dit moet onthou word dat ’n kerklike vergadering geroepe is om *in en oor die kerk (gemeente) te regeer, ’n* Kerklike vergadering moet beslissinge neem en daarom moet lidmate en ampsdraers studeer. Die Woord moet in prediking, kategese, huisbesoek, tugoefening amptelik bestudeer en aangewend word, nie die negatiewe of positiewe uitsprake van kerklike vergaderinge nie. In die Gereformeerde Kerk regeer die Woord, nie die reglement van ’n kerklike vergadering soos by die kollegialisme nie. ’n Kerklike vergadering se besluite wat die gewete van die gelowiges bind, moet duidelik op die Skrif rus, anders het dit blote menslike gesag. Indien daar onduidelikheid of meningsverskil bestaan oor die toepassing van die Woord, sou ’n ouderling die oordeel van die kerkraad of desgewens die kerkraad ’n oordeel van die klassis vra. Wanneer ’n kerkraad voor ’n opsienbarende probleem, soos byvoorbeeld “reënmaak uit die wolke”, te staan kom, is die neiging om dit sonder meer na meerdere vergaderinge “vir studie” te verwys. Dit is foutief. So ’n kerkraad moet self studeer en op grond daarvan oordeel dat dit ’n kerklike saak is. Indien dan bewys word dat dit ’n openbare sonde is wat in die kerkverband geduld word, moet die kerkverband volgens die weg in art. 33 K.O. aangedui, versoek word om dit op ’n kerklike wyse uit te roei. Die Skrifgronde vir die versoek moet aan die klassis voorgelê word, anders kom voorbeelde voor soos dié van ’n kerkraad wat in die vorige eeu sonder meer oor ’n [185] wetenskaplike strydvraag (wat seker as ’n “geloofsvraagstuk” van kerklike belang aangedien was) besluit het dat die aarde van daardie dag af nie meer sal draai nie.

3. Kerklike vergaderinge behandel alle sake op ’n kerklike wyse.

Die parlement, die skool, ’n kongres, ’n konferensie, ’n simposium, ’n teologiese vereniging, ens., het elkeen sy besondere werkwyse. ’n Kerklike vergadering verskil radikaal van enige ander soort vergadering. Selfs sy prosedure het ’n eie karakter. In ’n kerkvergadering gaan dit om die heerskappy van Christus in sy kerk. Die vergadering het geen gesag of mag buite die Woord van God om nie. Die *kerklike wyse* kom dus primêr en wesentlik na vore wanneer die Woord van God, die Belydenis en die aanvaarde Kerkorde in die beraadslaginge en besluite spreek. ’n Sprekende voorbeeld hiervan is byvoorbeeld die vraag of daar ’n ampsgewaad in die kerk gedra moet word. Dit is nie deur die Algemene Vergadering van die Kaapkolonie in 1875 en die Sinode in 1879 verplig nie, omdat die Skrif in hierdie verband geen voorskrif gee nie. Indien dié vergaderinge so iets wel verplig het, sou dit ’n reglement soos ’n kongres uitgevaardig het. Dit sou nie ’n kerklike handelwyse gewees het nie.

Daar is natuurlik ander beginsels wat sekondêr meespreek om die *“kerklike wyse”* te bepaal, naamlik die strewe na die eer van God, die stigtelikheid in die kerk, die Christelike etiek,

soos liefdesgesindheid, eerlikheid, bereidheid tot versoening, ens. Hierdie beginsels rus egter almal regstreeks op die Skrif.

Verder word die kerklike wyse bepaal deur die karakter van die kerklike mag. Die aard van die kerklike mag is *bedienend* ('n *diakonia* van Christus in sy kerk). Nooit mag die kerklike mag die dwingende en heersende karakter van, byvoorbeeld, staats- of militêre mag aanneem nie (1 Pet. 5:1—3; Matth. 23:8, 10, 11). Die owerheidsmag dra 'n juridiese en die kerklike gesag 'n religieus-sedelike karakter. Die kerk sal dus die weg van oorreding, oortuiging, bestraffing, sensuur, leiding en advies bewandel. Argumente word met die Skrif en nie met die vuis of sambok gestaaf nie. Waar die besluit met Gods Woord gemotiveer word, sal onversaagd en taktvol voortgegaan word; waar dit 'n middelmatige saak raak, sal omsigtig en toegeeflik opgetree word (Fil. 2:4).

4. Die bevoegdheid van mindere vergaderinge is groter as die van meerdere vergaderinge.

Met die beperking, *"wat nie in mindere vergaderinge afgehandel* [186] *kan word nie",* veronderstel die Kerkorde dat kerkrade en klassisse, onderskeidelik, nie maar alle sake na 'n meerdere vergadering kan voer nie. Ons verwerp die opvatting dat die kerkraad, klassis en sinodes vier afsonderlike vergaderinge is wat naas mekaar staan. Artikel 30 K.O. reël die bevoegdheidsgrense as vier konsentriese sirkels op dieselfde vlak. Die kerkraad behartig baie sake alleen. Sommige ander sake moet die kerkraad saam met ander kerkrade behandel (vgl. die tweede trap van sensuur, art. 77, tug oor ampsdraers, art. 79, ens.). Die meeste daarvan kan op 'n klassis afgehandel word. Alleen sake waaroor die klassis geoordeel het dat hy dit saam met ander klassisse moet afhandel, word na 'n partikuliere sinode geneem. Wat ook daar nog nie afgehandel kan word nie, handel die partikuliere sinodes met mekaar in 'n algemene sinode af. 'n Algemene sinode het wesentlik net met die akkoord van kerklike gemeenskap te doen, wat die finale oordeel oor die leer, kerkregering, liturgie en appèlle impliseer.

Dit is in stryd met die artikel dat 'n mindere vergadering 'n saak na 'n meerdere vergadering sal deurstuur sonder om hom daaroor uit te spreek. (Vgl. art. 33 K.O. wat 'n instruksie of opdrag veronderstel). Meerdere vergaderinge is nie hoër besture wat oor sekere sake namens minderes besluit nie. So 'n prosedure gaan uit van die ongereformeerde gedagte dat afsonderlike vergaderinge in die kerkregering naas mekaar en selfs ondergeskik aan mekaar bestaan en dat die vergaderinge elkeen 'n eie stukkie regeerterrein (ex suo jure) het. Volgens so 'n opvatting regeer vergaderinge (kolleges) en nie ouderlinge (presbiters) nie. Daardeur word die weg van die Kollegialisme betree en die suiwer presbiteriale spoor verlaat. Volgens art. 30 en 31 van die Nederlandse Geloofsbelydenis moet besef word dat die ouderlinge (presbiters) in 'n kerkraad (presbiterion, 1 Tim. 4:14) geroepe is om met *die Woord van God, die Belydenis en die aanvaarde Kerkorde* te regeer. Juis die kerkraad *handhaaf* die leer en Kerkorde, terwyl dit die leer en Kerkorde alleen in 'n sinodale vergadering saam met al die ander kerkrade sal *verander*. Derhalwe moet elke saak wat in die kerke voorkom, in daardie lig beoordeel word. Indien 'n mindere vergadering bevind dat die saak of 'n gedeelte daarvan sodanige meriete het, moet die bevinding as 'n opdrag aan sy verteenwoordigers na die meerdere vergadering meegegee word. Die Kerkorde van Zeeland het in 1591 gereël dat in meerdere vergaderinge slegs dié sake behandel sal word waartoe die afgevaardigdes deur hulle "college of kerkraad" as hulle "principalen gelast zullen zijn". Die Kerkorde van Groningen 1595 bepaal dat op die partikuliere sinode alleen "gravamina... door de classen overgeschreven" behandel sal word, [187] terwyl Deventer in 1594 reël dat beswaarskrifte, wat "in elke stad of gemeente mochten voorvallen", op die partikuliere sinode deur die gevolmagtigde deputate van elke kerkraad voorgedra sal word. Individuele persone het (behalwe in appèlgevalle) nie toegang tot die sakelys van

meerdere vergaderinge nie (vgl. F.L. Bos: *De Orde der Kerk,* bl. 109 e.v.).

Art. 30 K.O. bepaal dus reeds die kerklike weg wat in art. 33 nader aangedui word. Daar moet deeglik onderskei word tussen die vergadering waarop 'n bepaalde saak *behandel* sal word en die vergadering waarop dit uiteindelik *afgehandel* sal word. As voorbeeld kan 'n beswaar van 'n lidmaat teen die leer of Kerkorde (wat net deur 'n nasionale sinode verander kan word) geneem word. Die kerkraad moet die beswaar behandel, en handel dit af indien die beswaar ongegrond is (vgl. partikuliere sinodes van Rotterdam 1594 en Goes 1620, Bos, t.a.p., bl. 114). Indien 'n kerkraad bevind dat hy nie uit Gods Woord die gravamen kan weerlê nie en die leer nie langer kan handhaaf nie, voer die kerkraad die beswaar na die klassis. Indien die ontbrekende lig uit die Skrif hier gevind word en die gravamen ongegrond bevind word, is die saak besleg en op 'n mindere vergadering afgehandel. Indien die klassikale beslissing nie aan die beswaarde party tevredenheid gee nie, beroep hy hom kragtens art. 31 K.O. op die partikuliere sinode. Wanneer die klassis egter ook oordeel dat die gravamen op goeie gronde berus, gee hy sy oordeel as 'n opdrag aan sy deputate na die partikuliere sinode. Kortom: elke mindere kerkvergadering moet hom ten doel stel om sake volgens Skrif, Belydenis en Kerkorde te behandel. Dit word daar afgehandel so lank as die leer en orde op goeie gronde vasstaan. Oor elke saak moet uitspraak gedoen word en dit kan alleen na 'n meerdere vergadering deurgestuur word op grond van 'n weloorwoë oordeel of bevinding van die mindere vergadering dat die leer of Kerkorde geamendeer moet word. Kwalitatief het die kerklike vergadering dus dieselfde bevoegdheid omdat dit vergaderinge is van die kerkraad en van kerkrade met mekaar. Kwantitatief neem die sakelys egter in omvang af wanneer dit van die mindere na die meerdere gaan. Alleen die sake wat die leer, Belydenis of Kerkorde raak en wat na die oordeel van die mindere vergadering(e) aangevul, verander of herroep moet word, word na die meerdere verwys.

Tereg sê Rutgers in sy *Kerkelijke Adviezen,* deel I, dat 'n meerdere vergadering 'n regeerliggaam en nie 'n buro vir advies of 'n debatsvereniging vir diskussie is nie. Meerdere vergaderinge is daar om uitspraak te doen en nie om te studeer nie. Die opdrag om die Woord te ondersoek (te studeer), word op die ouderlinge [188] gelê (vgl. bevestigingsformulier). Teen elke prys moet gewaak word teen 'n gedagte dat meerdere vergaderinge "hoër", meer bekwaam of gesaghebbend as 'n kerkraad is. Dit is 'n kollegialistiese begrip dat 'n sinodale uitspraak meer gewig as dié van 'n kerkraad dra. Die waarde van die besluit word dan volgens die vergadering (kollege) bepaal en kom neer op minagting van die gesag van die Woord wat deur die kerkraad regeer. So kan kerklike vergaderinge misbruik word om uitsprake te gee wat op bloot menslike oordeel berus.

Die gedagte by sommige gereformeerde kerkregtelikes (o.a. ds. Joh. Jansen) dat meerdere vergaderinge 'n *ophoping van mag* verkry deur die teenwoordigheid van meer kerkrade, is nie korrek nie. Die geestelike mag word dan soos materie beskou wat soos klippe opgehoop kan word. Die mag in die kerk word aan Christus ontleen en nie aan die aantal ampsdraers nie. Of 'n kerkraad alleen of in vergadering met meer kerkrade sy mag bedien, dit bly dieselfde mag van dieselfde Christus. Weliswaar maak groter objektiwiteit en 'n opeenhoping van gawes die meerdere vergaderinge gewoonlik meer effektief. Dit doen egter niks af aan die beginsel dat die verantwoordelikheid op die mindere vergaderinge rus om af te handel wat enigsins afgehandel kan word, en dat die meerdere vergaderinge geen jurisdiksie het oor 'n saak wat in 'n mindere vergadering afgehandel kon gewees het nie.

5. Sekere sake hoort op bepaalde vergaderinge tuis.

Net soos die eerste woorde van art. 30 ten opsigte van gemengde sake, gee die laaste

sinsnede, *"sake wat by die meerdere vergadering tuishoort",* dikwels aanleiding tot verwarring, 'n Saak word op 'n sakelys van 'n meerdere vergadering geregverdig, sonder en voordat 'n mindere vergadering daaroor gehandel het, omdat dit dan daar sou "tuishoort". So het die Sinode van 1964 (art. 279) in stryd met die kerklike weg, wat reeds so duidelik in die sestiende eeu geformuleer is, die weg vir individuele lidmate oopgelaat om gravamina teen sinodale besluite, die leer of Kerkorde regstreeks by 'n sinode in te dien.

Die beginsel dat slegs 'n volgende sinode die uitspraak van 'n vorige sinode, 'n Kerkorde-artikel of 'n geloofsbelydenis kan wysig of verander, is bo alle twyfel verhewe. Daar is egter nog 'n verskil onder Gereformeerdes oor die vraag of 'n sinode 'n vergadering *naas* die ander kerklike vergaderinge is, en of dit wesentlik maar net 'n vergadering *van* elke kerkraad saam met ander (meerdere) kerkrade is. Indien van eersgenoemde veronderstelling uitgegaan word en die kerklike vergaderinge naas mekaar [189] gesien word, het elke lidmaat van 'n plaaslike kerk toegang tot die sakelys van 'n meerdere vergadering, veral as die saak aan 'n besluit van 'n vroeëre meerdere vergadering van dieselfde aard gekoppel kan word. Volgens die tweede opvatting, naamlik dat die meerdere vergaderinge vergaderingsvorme van elke kerkraad is, word die sogenaamde *kerklike weg* deur art. 30, 33 en 46 geteken. Daarvolgens moet 'n lidmaat hom wend tot sy kerkraad. Die kerkraad kan na die klassis, die klassis na die partikuliere sinode en laasgenoemde na die algemene sinode die saak voer, so lank daar geoordeel word dat die saak op goeie gronde berus. Dit is onses insiens die regte opvatting.

Ons kernbeswaar teen die eerste hipotese is dat dit in stryd met art. 30 N.G.B, meer rade vir regering in die plaaslike kerk invoer; dat individue oordeel of 'n saak volgens art. 30 K.O. hier of daar "tuishoort" en so die oordeel van die onmiddellike mindere vergadering, wat art. 33 K.O. veronderstel, uitskakel (prejudiseer); dat, in die reformatoriese geskiedenis van 1571—1619, kerkrade, klassisse en partikuliere sinodes gravamina en leerkwessies behandel het en toe dit gegrond bevind is, vir uitspraak na 'n algemene sinode verwys het. Reeds die eerste sinode in Nederland te Emden, 1571, en talle ander het bepaal dat sake wat die mindere vergaderinge nie kon afhandel nie, vroegtydig beskikbaar moes wees sodat kerkrade en klassisse hulle afgevaardigdes daaromtrent opdragte kon gee (vgl. F.L. Bos, *De Orde der Kerk,* bl. 110 e.v.). In die tyd van die reformasie het talle kerklike vergaderinge soos die Partikuliere Sinode van Harlingen, 1603, uitdruklik bepaal dat 'n meerdere vergadering nie 'n definitiewe beslissing oor die kerklike leer of orde (die gemeenskaplike sake) sal neem alvorens alle klassisse in die saak geken was nie (Bos, t.a.p., bl. 112 e.v.). Op die klassisse was al die kerkrade natuurlik regstreeks verteenwoordig. Dit onderstreep dat besluite oor leer en kerkorde nie 'n prerogatief van 'n enkele vergadering is nie, maar 'n saak is waarby alle kerke belang het en dus deur die betrokke vergadering van kerke in oorleg met die kerke geneem moet word. Daar was wel soms verskil van mening of leerbesware van predikante volgens die ondertekeningsformulier, *conjunctivum,* d.w.s. of dit deur al die mindere vergaderinge behandel moes word, en of dit *divisim* vertolk kon word, d.w.s. of die predikant kon kies waar hy sy beswaar aanhangig wil maak. Maar selfs in laasgenoemde geval was die reg om 'n algemene sinode regstreeks te nader, uitgesluit. So kon 'n professor in die Teologie hom op 'n partikuliere sinode beroep. Daarna het hy 'n appèlreg "in casu van beswaringhe" op die algemene sinode behou (H.H. Kuyper, Post Acta, bl. 200, [190] 230 e.v.). Indien besware teen die leer regstreeks by 'n algemene sinode ingedien moet word omdat verandering van die leer by 'n algemene sinode "tuishoort", sou appèl teen leeruitsprake onmoontlik wees en van art. 31 K.O. 'n dooie letter maak ten opsigte van besware teen die leer, diens en tug. Dit kan maklik lei tot 'n haastige uitspraak van 'n vermoeide sinode en gevolglik groot beroering veroorsaak. Die kerklike weg wat daarteenoor reeds in die stormagtige sestiende eeu

beproef is, gee die geleentheid vir rustige en besonke handeling en uiteindelike besluit.

Na ons mening moet die "tuishoort" in art. 30 dus beperkend vertolk word. Dit word eerstens gekwalifiseer deur die *Kerkorde* self. So gee art. 4 en 5 aan die klassis 'n taak by die bevestiging en losmaking van predikante; art. 4 en 8 gee die partikuliere sinode 'n belang by die eksaminering (vgl. verder art. 11, 15 ens.); verder het die klassis 'n afgebakende terrein en taak volgens verskillende artikels, o.a. art. 38, 39, 41, 44, 77, ens. Daarbenewens word onder art. 49 K.O. opdragte aan deputate gegee om aan die volgende ooreenstemmende meerdere vergadering verslag te doen. Die Kerk orde baken dus self af wat op bepaalde meerdere vergaderinge "tuishoort". Almal sal byvoorbeeld saamstem dat die belange van die Teologiese Skool alleen deur die kerke in 'n gesamentlike vergadering gereël kan word. Die vraag of die opleiding omvattend genoeg is, die leerplanne gewysig moet word, kan egter deur enige mindere vergadering ondersoek en oorweeg word en desgewens uiteindelik aan 'n algemene sinode vir beslissing voorgelê word.

Laastens is daar sekere huishoudelike aangeleenthede waaroor elke meerdere vergadering moet beslis, byvoorbeeld sake genoem in art. 35, 42, 43, 44, 45, 48, 51 en 52. Geen roepende kerkraad kan vir 'n meerdere vergadering sittingtye voorskryf nie omdat dit nie by daardie kerkraad "tuishoort" nie.

Aangesien die Kerkorde self sekere sake by sekere meerdere vergaderinge plaas, moet die "tuishoort" van art. 30 K.O. dus daarvolgens verklaar word. Dit mag nooit 'n frase word om willekeur in die kerklike orde in te voer nie. Die praktyk bewys dat meerdere vergaderinge dikwels 'n omvattende agenda in 'n beperkte tyd moet afhandel. Derhalwe moet sake liefs eers voor mindere samekomste gelê word, sodat hulle oorweeg, geskaaf en in 'n omlynde vorm na meerdere vergaderinge deurgestuur kan word. Die Partikuliere Sinode van Rotterdam het in 1594 die klassisse vermaan om "geen kleine zaken en die op de classen afgedaan kunnen worden, ter zynode te brengen" (by Bos, t.a.p., bl. 114). So kan dit dikwels gebeur dat mindere vergaderinge byvoorbeeld op grond [191] van art. 46 K.O., sake afhandel. Dit bespaar tyd, koste en onnodige moeite vir die byeenkoms van meer kerkrade wat minder dikwels en met groter koste saamkom.

Die volgende artikel, art. 31 K.O., gee voldoende waarborg dat enige beswaarde, indien die reg iewers op die kerklike weg na sy mening deur 'n mindere vergadering gekrenk is, hom op 'n meerdere vergadering kan beroep.

ARTIKEL 31.

DIE GELDIGHEID VAN BESLUITE EN REG VAN APPÈL OF BEROEP OP MEERDERE VERGADERINGE

Wat op 'n kerklike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, moet as vas en bindend beskou word tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde. As iemand egter 'n klagte het dat hy deur die uitspraak van die mindere vergadering verongelyk is, kan hy hom op 'n meerdere vergadering beroep.

A. DIE GELDIGHEID VAN BESLUITE VAN KERKLIKE VERGADERINGE.

***1*. Geskiedenis.**

Hierdie artikel wat in 1578 in die Nederlandse Kerkorde opgeneem is en via die Dordtse Kerkorde nog altyd in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gegeld het, is deur die Sinode van

1964 hersien. In die ou redaksie is begin met: “Indien iemand ’n klagte het dat hy … verongelyk is …” Die nuwe redaksie stel nou eerste die positiewe beginsel, naamlik die bindinge van kerklike besluite, en die reg van appèl of beroep op meerdere vergaderinge tweede. Die laaste sin van die ou redaksie, “solank as dit nie deur ’n ander algemene sinode verander is nie”, is weggelaat omdat “die Kerkorde” op die heersende en geldende Kerkorde op elke tydstip slaan en artikel 86 die verandering van die Kerkorde reël. Die redaksionele verbetering onderstreep die feit dat die Kerkorde nie ’n wet of reglement is wat per artikel toegepas word nie. Dit is ’n ordereëling van 86 artikels wat ’n ooreenkoms uitdruk en ’n gees adem sodat al 86 artikels gelyktydig toegepas moet word. So stel die nuwe redaksie nou net die beginsel ten opsigte van die binding van besluite en opheffing daarvan deur appèl, terwyl art. 86 bepaal hoe die Kerkorde gewysig word.

[192]

***2.* Die bron van gesag vir ’n kerklike vergadering.**

Die term “kerklike vergadering” gryp terug na artikel 29 en beperk tegelykertyd dit waaroor besluit kan word volgens die bepalings in artikels 30 en 33.

Volgens kollegialistiese kerkregeringstelsels is die kerklike vergadering die bestuur van die genootskap aan wie die lede van die regering hulle mag gedelegeer het. Gevolglik is die helfte plus een (die meerderheid in demokratiese sin) die hoogste gesag. In die artikel word nou egter ’n wesenskenmerk van die gereformeerde kerkreg gestel: die Woord van God is die hoogste gesag, want God (en nie die vereniging nie) is die bron van alle gesag. Hierdie absolute gesag heers oor alle kerklike besluite. Wanneer die kerklike vergaderinge egter met meerderheid van stemme oor ’n saak binne sy bevoegdheid ’n besluit neem wat nie in stryd met die Woord van God is nie, is dit bindend vir die kerk (in die geval van ’n kerkraad) en die kerke (in die geval van ’n meerdere vergadering).

Die binding van besluite berus dus op twee beginsels: in die eerste plek die ooreenstemming daarvan met die wil van God soos geopenbaar in sy Woord; in die tweede plek en sekondêr die “gemeen akkoord” of onderlinge toestemming by wyse van ooreenkoms of kontrak wat stilswyend in die Kerkorde tussen die lidmate onderling in ’n kerk en tussen die kerke in kerkverband bestaan. In die gereformeerde kerkreg is die eerste beginsel hoër as die tweede, terwyl die omgekeerde in reglementêre of kollegialistiese stelsels geld. Die wêreldlike regspraak gaan gewoonlik van die kollegialistiese opvatting (die kontrak- of maatskappyreg) uit.

***3.* Die meerderheid van stemme.**

Die stemming oor sake wat voor ’n kerklike vergadering dien, kan geskied met die opsteek van hande of deur middel van geslote stembriefies. Die reël is dat oor sake met die opsteek van hande en oor persone deur middel van geslote stembriefies gestem word. Dit is wenslik dat alle beslissinge op ’n kerklike vergadering (behalwe baie middelmatige dinge) met ’n volstrekte meerderheid van stemme (dit wil sê, die helfte plus een van die stemtotaal) geneem sal word, aangesien ’n blote meerderheid van stemme nie noodwendig die “meerderheid van stemme” is nie. So kan, byvoorbeeld, voorstel (of persoon) A 50, B 40 en C 20 stemme behaal. B en C het dan 10 stemme meer as A, sodat A nog nie met meerderheid van stemme aanvaar is nie. ’n Dergelike situasie kan voorkom wanneer A byvoorbeeld 50 stemme en B 40 stemme verkry, terwyl 20 [193] buite stemming bly. In daardie geval moet die voorsitter die twee voorstelle verder laat bespreek, of na ’n beroep dat almal moet stem, hulle onmiddellik weer tot stemming bring. Indien die stemme oor ’n saak staak, is dit onbeslis van die tafel af. Indien stemme oor persone staak, word die lot gewerp, vgl. by art. 4; Sin. 1910, art. 176. Wanneer daar net een voorstel voor die vergadering is, kan die voorsitter daarvoor of daarteen laat stem, of die vraag stel of dit met

algemene stemme aanvaar word. Indien niemand hom daarteen verklaar nie, is dit met algemene stemme (eenparig) so besluit. Uit hierdie beginsel volg ook dat daar 'n kworum van lede aanwesig moet wees voordat wettige besluite geneem kan word (vgl. Sin. 1891, art. 92).

Niemand kan met weerhouding van sy stem (buite stemming bly) sy verantwoordelikheid vir 'n besluit ontduik nie (vgl. uitsonderings by art. 33 K.O.). Diegene wat moet stem, behoort altyd die goue reël voor oë te hou wat in die *Forma ac Ratio* van 1550 voorkom: "In de vergadering worden de gevoelens van ieder afzonderlijk niet zozeer *gesteld* dan veeleer *gewogen,* opdat alle dingen uit Gods Woord worden beslist..." (ons kursiveer). Die kwaliteit van die stem is in wese belangriker as die kwantiteit en daarom is appèl moontlik.

***4.* Die konformasie van die minderheid. ,.**

Die agting vir die stem van die meerderheid in art. 31 K.O. en die geldigheid van dergelike besluite, rus op die Skrif (Hand. 15:22—29, 16:4, Spreuke 11:4, 15:22, Matth. 18:16, ens.).

Die beginsel dat besluite wat met meerderheid van stemme geneem is, as vas en bindend beskou moet word, impliseer dat die minderheid altyd vanselfsprekend en stilswyend met die meerderheid konformeer, behalwe wanneer die "tensy", in art. 31 genoem, geld. By ernstige prinsipiële beslissings is dit wenslik dat konformasie uitdruklik gevra word. In daardie geval word, nadat 'n besluit met meerderheid van stemme geneem is, dit weer deur die voorsitter gestel met die versoek dat almal nou sal opstaan om die konformasie (algemene stem) uit te druk. As 'n eenheid maak die vergadering die besluit dan sy eie. Indien die minderheid weier om met die meerderheidsbeslissing te konformeer, rus die onus en plig op hulle om te appèlleer. Wanneer die non-konformiste versuim om die weg van appèl te bewandel, stel hulle hul eie oordeel in liberale sin hoër as die Woord van God of die gemeenskaplike oordeel van die vergadering met wettige kerklike gesag. Dit is in beginsel die gees van die rewolusie en ontbinding of skeurmakery.

[194] Die Sinode van 1958 het geoordeel (Acta bl. 562 e.v.) dat persone wat in die minderheid gestem het en versoek dat dit aangeteken sal word en die saak daarby laat, geen kerkregtelike implikasies het nie. Selfs die "aantekening in die minderheid" in 'n notule impliseer dus konformasie en moet bloot as 'n historiese feit beskou word. Nogtans sal in sake van die Belydenis (eenheid van geloof) geen minderheidsnotulering geduld mag word nie. Daarin moet gekonformeer of geappelleer word. In geen geval behoort die minderheid egter oor middelmatige sake, soos byvoorbeeld finansiële kwessies, bouplanne, vergadertye, ens., gedwing te word om hulle konformasie uit te druk deur op te staan nie. Die konformasie deur op te staan moet alleen gebruik word na 'n skerp prinsipiële stryd wat 'n behoefte laat ontstaan het om na die stemming weer die eenheid van die kerklike liggaam te bevestig.

***5.* Beperking van die bevoegdheid van die meerderheidstem.**

Die eerste beperking van die bevoegdheid van die meerderheidstem is geleë in die Woord van God. Dit geld in tweërlei opsig: die meerderheid mag niks wat in stryd met die Woord van God is, as vas en bindend stel nie, en die meerderheid mag nie buite die bevoegdheid wat deur die Woord van God aan hulle verleen is, besluite neem nie. Die meerderheid op 'n kerklike vergadering mag nie ingryp in die soewereiniteit in eie kring van die lidmaat, kerkraad of mindere vergadering nie. 'n Kerklike vergadering kan tug toepas wanneer 'n lidmaat hardnekkig weier om kerklike bydraes te gee, maar mag nie met tug 'n eenvormige belastingstelsel (raming, persentasie of opslag) afdwing nie (vergelyk by art. 30 K.O.).

Die tweede beperking van die bevoegdheid van die meerderheidstem is geleë in die

Kerkorde, of die "gemeen akkoord" van die kerke. Derhalwe verwys art. 31 K.O. na die geldende Kerkorde. Sodra die meerderheid 'n besluit neem wat in stryd is met die geldende Kerkorde, is dit 'n oorskryding en verbreking van die kerklike ooreenkoms of akkoord (ultra vires).

***6.* Die meerderheidstem op 'n kerklike vergadering is feilbaar.**

Hoewel daar bindende en geldende (outoritatiewe) gesag aan die besluite van kerklike vergaderinge toegeken word, hou die gereformeerde kerkreg ook rekening met die sonde. Die ampsdraers op 'n kerkraad of verteenwoordigers van kerke op 'n meerdere vergadering is feilbare en sondige mense. Dit kan dus gebeur dat die meerderheid 'n foutiewe besluit neem. Die kerklike gesag word begrens of beperk (limitatief) deur die Skrif en Kerkorde. [195] Derhalwe maak art. 31 ook voorsiening vir die vernietiging, wysiging of verandering van foutiewe besluite deur 'n beroep op meerdere kerklike vergaderinge. Dit is nie net 'n reg nie, maar selfs die roeping en plig van 'n persoon of minderheid wat getrou aan die Woord van God wil bly en die onderlinge kerklike akkoord wil handhaaf, om te appelleer sodat die eer van God, die orde in die kerk en die rus in eie gemoed verseker kan word. Die doel van 'n appèl is dus om die waarheid en die reg te laat seëvier en nie om 'n persoonlike triomf te behaal nie. Dit is foutief om 'n appellant sy appèl te verwyt. 'n Kerklike vergadering moet die moed hê om 'n besluit wat op 'n foutiewe wyse geneem is of wat met die Skrif, Belydenis of Kerkorde bots, te vernietig. Die prestige van 'n kerklike vergadering mag nie ten koste van die reg beskerm word nie. Die prestige van 'n vergadering moet daarin geleë wees dat dit reg doen en onreg vernietig.

***7.* Ratifikasie van besluite.**

Indien kerklike besluite volgens die oordeel van 'n lidmaat, gemeente of kerkraad foutief is, gebeur dit nogal dikwels dat dergelike besluite eenvoudig geïgnoreer word. Dit beteken dat die besluite op grond van 'n subjektiewe oordeel gesaboteer word. Sabotasie is 'n werkmetode van die rewolusie, nie van die kerk van Christus nie. Nogtans is die gelowiges nie slaafse gehoorsaamheid verskuldig nie, maar geroepe om besluite te toets aan die Skrif (1 Kor. 4:6; Gal. 5:1; N.G.B. artt. 7 en 32).

Wat moet dan gebeur as 'n besluit van die kerkraad, plaaslik of in kerkverband geneem, volgens die ernstige oordeel van 'n lidmaat of mindere vergadering nie prinsipieel verantwoord is nie? In sommige gereformeerde kringe is die ratifikasiereg as 'n reg en plig na vore gebring. Wanneer die ratifikasie so sag moontlik voorgestel word, word gesê dat die lidmate 'n reg en plig het om kerkraadsbesluite aan die Skrif, Belydenis en Kerkorde te toets. In die geval van besluite, in meerdere vergadering geneem, moet die kerkrade die handelinge ter tafel neem met die vraag of daar enige broeder is wat 'n bepaalde besluit nie vir vas en bindend kan aanvaar nie. Indien wel, moet hy sy besware aanvoer (die kerkraad met sy gawes van onderskeiding dien). Die ratifikasie word dan afhanklik gemaak van die uitspraak van die kerkraad. Hierdie metode gee ongetwyfeld dié voordeel dat alle kerkraadslede (en selfs lidmate) van die besluite van kerklike vergaderinge deeglik en krities (beoordelend) kennis moet neem (terwyl die geringe belangstelling vir die handelinge van meerdere vergaderinge gewoonlik ontstellend is).

[196] Tog beteken *ratifikasie* meer as net 'n kritiese toetsing van besluite. Dit kom neer (soos die woord aandui) op die *goedkeuring, bekragtiging* en *aanvaarding* van besluite, 'n Lidmaat sou dan eers 'n kerkraadsbesluit, of 'n kerkraad die besluit van 'n meerdere vergadering, van krag moet maak. Dit is in stryd met art. 31 K.O. Hierdie artikel erken die reg en plig van elkeen (selfs buite die kerkverband) om kerklike besluite te toets aan die Skrif, Belydenis en Kerkorde, maar verleen geen independentistiese ratifikasiereg aan die kerkraad of gemeentelede nie.

Hierdie foutiewe ratifikasie-opvatting is die gevolg van die dualistiese (tweeslagtige) en

antitetiese (teenstrydige) siening van gemeente (kerk) en kerkraad, kerkraad en meerdere vergadering (vgl. Inleiding par. 5 (e) en 7); van die miskenning van 'n meerdere vergadering as 'n kerkraadsvergadering (art. 29 K.O.); van 'n reaksie teen meerdere vergaderinge wat in stryd met die kerklike weg (art. 30 en 33 K.O.) sake ter hand neem wat op 'n mindere vergadering tuisgehoort het. Veral wanneer 'n nasionale sinode hom vergryp (sodat geen appèl meer moontlik is nie), stuur dit af op rampspoed soos in Nederland (1940—1943) rondom art. 31 K.O. gebeur het. As 'n sinode sonder meer kerkraadswerk gaan doen, sal kerkrade (wat misken was) ten minste op 'n ratifikasiereg aanspraak maak. Kortom: as 'n sinode magte gebruik wat dit nie besit nie, laat dit kerkrade ook op magte aanspraak maak wat hulle nie besit nie.

Gestel 'n situasie dien hom aan waarin 'n kerklike vergadering 'n besluit neem wat klaarblyklik na die oordeel van 'n lidmaat of mindere vergadering (van kerkrade) onbestaanbaar is, bepaal art. 31 K.O. (vgl. ook art. 46 K.O.) die ordelike weg vir die opheffing daarvan. Gestel egter die skynbaar onskriftuurlike maar gewetensbindende besluit is deur 'n nasionale sinode geneem, moet dit regtelik (de jure) as vas en bindend beskou word, maar die praktiese uitvoering (de facta) kan opgeskort word (Hand. 4:19, 20), terwyl 'n beswaar (gravamen) opnuut (de novo) langs die kerklike weg (art. 30, 33 en 46 K.O.) aangevoer moet word. As die saak egter van lewensbelang (soos 'n leerkwessie) is, word aansoek om buitengewone vergaderinge (art. 41, 45, 47, 48 en 50 K.O.) gedoen. Ons kan ons nie verenig met die adviese van die Sinode van die Geref. Kerke in Nederland aan die kerke van Enschede en Wezep (1942—1943) nie, nl. dat sinodale besluite, in geval van gewetensbeswaar, reeds praktiese uitvoering noop of anders verbreking van kerkverband noodsaak (aangehaal deur ds. H. van Tongeren: *De 'Herziene Kerkorde' getoets*..., bl. 10 e.v.). Daar moet in die kerk van Christus, waar swakheid en sonde by [197] vergadering en individu kan voorkom (sonder dat dit allerweë dadelik "ingesien" word), eers wedersydse verdraagsaamheid (toleransie) tot die uiterste beproef word (Fil. 2:3, 4; 3:15, 16). Net in die geval van middelmatige sake (byvoorbeeld finansiële verpligtinge) moet die beswaarde party hom neerlê by die uitvoering van die besluit, onderwyl hy sy besware om dit te vernietig, ordelik aanvoer.

Voorstanders van die ratifikasiereg sou miskien nog aanvoer dat art. 31 K.O. nie sê "*totdat* bewys word" nie, maar "*tensy* bewys word". Gevolglik mag geredeneer word dat dit nie nodig is om sinodale besluite juridies as *vas en bindend* te beskou totdat 'n sinode dit verander het nie. Hierteenoor moet gestel word dat, indien die kerkverband (meerdere vergaderinge) koöperatiewe, vennootskaplike of federale verbindinge van elke deelnemende kerk (gemeente) is, dit vanself sprekend is dat die *bewys* ook weer in 'n ooreenstemmende of breër vergadering van die kerkverband gelewer moet word, anders sou dit regskrenking impliseer teenoor die kerke wat verbygegaan word wanneer 'n vergadering van minder kerke 'n besluit van meer kerke tersyde stel. Dit is 'n saak van reg en het niks met oppermagtigheid van die meerdere vergadering te doen nie.

***8*. Appèl is dus moontlik.**

In die onderhouding van meerdere vergaderinge is die veronderstelling dat daar in samekomste van 'n kerkraad met meer kerkrade gradueel 'n groter wordende waarborg lê vir 'n ryper, welgegronde en objektiewe beslissing. In beginsel is alle kerklike vergaderinge feilbaar, maar waar meer kerkrade saamkom, is daar 'n groter waarborg vir onpartydigheid en regverdigheid. Die weg van beroep op meerdere vergaderinge word dus ter wille van die handhawing van reg, rus en orde in die kerk bewandel en om die gevaar van skeuring te voorkom.

B. DIE BEROEP OP MEERDERE VERGADERINGE OF APPÈL.

1. Die gronde vir appèl.

Die grond vir appèl lê in regskrenking. Dit word in artikel 31 aangedui met “As iemand ’n klagte het dat hy deur die uitspraak van ’n mindere vergadering verongelyk is …”. Oënskynlik lê hierin ’n beperking, asof iemand persoonlik deur ’n kerklike besluit gekrenk moet wees. Die woorde moet egter nie begrensd (limitatief) vertolk word nie. Die reg in die Skrif, die Kerkorde en selfs [198] algemene regverdigheidsbeginsels is tegelykertyd die reg van alle lidmate, van ’n hele kerk en van ’n kerkverband. Die reg om te appelleer, geld dus enige besluit van ’n kerklike vergadering, wat in stryd geag word met die Skrif, Belydenis, voorgaande besluite, geestelike of finansiële belange van die gemeente. Jansen wys byvoorbeeld daarop dat, indien ’n beswaar teen ’n ampsdraer afgewys word, enige beswaarde lidmaat kan appelleer, al is sy persoonlike reg nie deur die afwysing van daardie beswaar gekrenk nie.

2. Op watter vergadering ’n beroep gedoen word (appelleer).

Die Independente behou hulle die reg voor om vanuit die kerkraad ’n beroep op die gemeentevergadering te doen (feitlik die ratifikasiereg, vgl. par. A, 7). Die Skrif ken egter nie ’n gemeentevergadering los van die kerkraad nie. By art. 29 K.O. is die tweeslagtige (dualistiese) skeiding van die kerkraad en meerdere vergaderinge, op grond waarvan soms in gereformeerde kringe die ratifikasiereg van die kerkraad ten opsigte van besluite van meerdere vergaderinge veronderstel word, verwerp. (Vgl. par. A, 7 hierbo). Sodra die klassis of sinode nie meer vergaderinge van die kerkrade self is nie, moet die kerkraad as enigste regeerliggaam volgens art. 30 van die Ned. Geloofsbelydenis besluite van meerdere vergaderinge tersyde kan stel en word meerdere vergaderinge feitlik tot konferensies met adviserende stem verlaag. Dit is egter foutief omdat, soos by art. 29 aangetoon is, die meerdere vergaderinge nog altyd kerkraadsvergaderings is. Die appèl gaan dus binne die kerkraadsbevoegdheid van die een vergadering na die eersvolgende vergadering waarin die kerkraad met meer kerkrade vergader. Dit gaan dus van die kerkraad na die klassis, of van die partikuliere na die algemene sinode. Op die kerklike weg van appèl mag geen vergadering oorgeslaan word nie. Daar is geen direkte appèlreg van die klassis op ’n nasionale sinode nie, al raak die omstrede saak ook die leer.

'n Appèl teen ’n sinodale besluit is uitgesluit. Die enigste weg is dié van art. 46 K.O., naamlik om ’n beswaar (gravamen) by ’n volgende sinode aanhangig te maak. ’n Beroep op ’n ekumeniese sinode is nog nie kerkregtelik moontlik nie. Hierdie posisie kan ’n beswaarde soms uit magteloosheid ’n interdik van die wêreldlike hof teen ’n sinodale besluit laat verkry, wanneer byvoorbeeld verkragting van die kerklike of algemene reg (injura of ultra vires) bewys word. ’n Algemene sinode dra ’n groot verantwoordelikheid ten opsigte van wat hy ter tafel neem en die wyse waarop hy dit behandel.

In die Gereformeerde Kerk in S.A. bestaan daar geen [199] beperking ten opsigte van die vergadering tot waar ’n appèl gevoer kan word nie en dit kom ook nie te dikwels voor nie. Die Nederlandse Sinode van 1939 het egter aanbeveel dat by misbruik van appèl, ’n woord van bestraffing aan die uitspraak verbind moet word. In Nederland is appèlle oor plaaslike kwessies, soos grensgeskille, tot so ver as die partikuliere sinodes beperk.

3. Die wyse van appèl.

'n Appèl is ’n regsaak. Daarin word net gevra en gesoek na die reg. Die gevolge wat ’n uitspraak mag meebring, is hoegenaamd nie by die oorweging ter sake nie.

Die Sinode van 1939 het in art. 135 riglyne gegee waarlangs ’n appèl gevoer moet word en

hoe dit die vrugbaarste behandel kan word. Daarvolgens kan die volgende nader aangedui word:

(a) Die appellant moet die *gronde* van sy besware in eie woorde *skriftelik* voor die meerdere vergadering lê. Dit is duidelik dat nie oor die beswaar en nie oor die persoon van die beswaarde nie, maar oor die gronde van die beswaar geoordeel moet word. 'n Appellant se beswaar mag heeltemal onsinnig en twyfelagtig wees, maar indien hy sy appèl daarop grond en bewys dat die geleentheid hom doelbewus misgun was om die betrokke beswaar te lug, is sy reg gekrenk en moet die appèl slaag. Die bewoording van die gronde deur die appellant self, sal maklik anders wees as wanneer 'n predikant of kerkregkundige dit sou opstel. Onbeholpenheid, naïwiteit of vaagheid in die terminologie (vanuit kerkregkundige oogpunt besien) is geen rede om 'n appèl op formele gronde opsy te skuif nie. Dit is die appellant se reg om sy eie woorde te gebruik en te verklaar. Die betrokke vergadering (of appèlkommissie) kan dit desnoods in beter kerklike terminologie weergee, maar mag nie die appèlgronde namens die appellant opstel nie. Die bewyslas rus altyd op die appellant en hy moet *gronde* aanvoer om sy appèl te regverdig.

(b) Die appellant moet egter ook 'n *afskrif van die besluit* waarteen hy appelleer, *in die offisiële redaksie* indien, soos dit in die notule van die betrokke vergadering verskyn. Dit is nodig om te verseker dat die appèl gerig is teen 'n besluit en nie teen 'n veronderstelde besluit of 'n vertolking van 'n besluit nie. Hy sal dit dus moet aanvra by die kerkraad of, in geval van 'n meerdere vergadering, by die betrokke deputate vir korrespondensie volgens art. 45 K.O. en hulle is gebonde om gewaarmerkte afskrifte op sy versoek aan die appellant te gee.

(c) Die appellant het die keuse om sy beswaar persoonlik te kom toelig of hy mag hom deur 'n mondstuk laat bystaan of [200] verteenwoordig. Die skriftelike stukke wat hy indien, word egter as die appèl beskou en nie sy persoon nie. Wanneer die stukke (appèlskrif) ter tafel is en die appellant afwesig is, moet die appèl nogtans behandel word. Hy het derhalwe geen finansiële aanspraak ten opsigte van koste nie. Hy behoort egter daarop te kan reken dat 'n kerklike vergadering sy saak met billikheid en regverdigheid sal behandel.

(d) Die Sinode van 1936 het bepaal dat die appellant ook aan die betrokke vergadering teen wie se besluit hy appelleer, van sy voorneme kennis moet gee. Hy hoef nie sy appèlskrif aan hierdie vergadering voor te lê nie. Die doel van die kennisgewing is alleen om die betrokke vergadering in staat te stel om reëlings vir die verweer te tref en om sorg te dra dat die betrokke notuleboeke, korrespondensie en ander stukke wat op die besluit betrekking het, by die behandeling van die appèl ter tafel gelê sal word.

(e) Die Sinode van 1936 het die verdere bepaling toegevoeg dat die kennisgewing van appèl *binne ses weke* na die datum waarop die appellant *skriftelik* in kennis gestel is van die beslissing waarteen hy appelleer, ingedien moet word. Hierdie bepaling is nie heeltemal duidelik nie. 'n Kerkraadslid word in die reël nie skriftelik in kennis gestel van die inhoud van 'n notule nie, terwyl hy afwesig mag gewees het toe die besluit geneem is. 'n Lidmaat mag selfs meer as ses weke na 'n besluit geneem is, daarvan te hore kom. Hier sal dus met omsigtigheid gehandel moet word. Aan die een kant moet in ag geneem word dat die reëling van ses weke wil verhoed dat ou besluite met die oog op appèl opgerakel word, en aan die ander kant wil en kan 'n blote ordereglement nie die beginsel van art. 31 K.O. verongeluk nie. Teen die reglementering van so 'n tyd soos ses weke bestaan kerkregtelike bedenkinge (vgl. Jansen: *Korte Verklaring,* by art. 31 K.O.). In belang van die stigting en heil van die kerk is dit onwenslik om 'n appèl, wat miskien deur misverstand, twyfelagtige kennisname of deur onsekerheid oor die redaksie van die besluit, ensovoorts, 'n bietjie langer as ses weke vertraag is, bloot op formele gronde af te wys. Indien dit duidelik is dat die saak hangende was, 'n deurgaande verloop gehad het en

kennisgewing van die appèl sodanig geskied het dat die stukke deur die verweer ingedien kon word, behoort die appèl oorweeg te word. In geval van redelike twyfel moet die appellant die voordeel van die twyfel geniet. Indien egter blyk dat 'n ou besluit met die oog op appèl opgediep is, moet dit nie as appèl ontvang word as die beswaarde nie eers 'n beswaar, kragtens art. 46 K.O., by die kerkraad aanhangig gemaak het nie, d.w.s. 'n verandering van die besluit versoek het nie. Indien die versoek [201] afgewys word, is appèl teen hierdie beslissing wel moontlik.

(f) In uitsonderlike gevalle mag 'n onontvanklike appèl as 'n ontvanklike beswaarskrif beskou word, byvoorbeeld wanneer 'n kerkraad, kragtens 'n vroeëre klassisbesluit, 'n handeling deurvoer waarteen beswaar inkom. 'n Appèl teen die handeling van die kerkraad mag op die klassis dan dien as 'n beswaar teen die besluit van 'n vorige klassis. Hier moet in ag geneem word dat nie alle lidmate en ampsdraers altyd op hoogte van besluite van meerdere vergaderinge is nie.

***4.* Die behandeling van die appèl.**

(a) Die sinodale advies van 1939 doen aan die hand dat, by die aanvang van die meerdere vergadering, 'n *spesiale appèlkommissie* benoem word, waarvan die professor in Kerkreg ex-officio lid moet wees, indien hy aanwesig is. Dit laat allerlei vrae ontstaan, byvoorbeeld: indien die professor deur een of albei partye reeds voor 'n eventuele appèl geraadpleeg word, sou hy mag adviseer indien hy later ex-officio op 'n appèlkommissie sou dien, en wat is die posisie wanneer hy op twee agtereenvolgende meerdere vergaderinge met dieselfde appèl te doen kry, of wanneer hy miskien sydelings deur die aangeleentheid geraak word, of belang daarby het, of spesiale simpatieë het? Dit skyn veiliger te wees om hom as *adviseur* te beskou, wat aan die vergadering en aan albei partye, indien daartoe versoek, vakkundige advies kan gee.

(b) Die opdrag aan die appèlkommissie is om eers die *ontvanklikheid* van die stukke buite die vergadering na te gaan. Dit is wenslik om die stukke, voordat die inhoud in die vergadering dien, op hierdie wyse te ondersoek. Indien 'n kerklike vergadering op formele gronde (byvoorbeeld op grond van art. 30 K.O., wanneer 'n lidmaat die klassis verbygaan en hom direk na die partikuliere sinode wend) 'n appèl onontvanklik verklaar, moet die formele gronde vir die verklaring objektief en duidelik in die besluit aangedui word, sodat die appellant kan berus of teen die bevinding kan appelleer. Indien die appèl nie ontvanklik is nie, word dit nie ter tafel geneem nie en het die stuk nie die vergadering teen enige van die betrokke partye geprejudiseer nie.

Soms word eers 'n regskommissie benoem, sodat die appèlkommissie eers benoem word nadat die stukke ontvanklik verklaar is. Laasgenoemde kommissie kan egter ook hierdie ondersoek doen, mits daaroor eers afsonderlik gerapporteer word.

(c) Indien die appèl ontvanklik bevind word, is dit gebruiklik dat die kommissie daarna weer buite die vergadering in sitting gaan. Dit is egter aan te beveel dat die appèlskrif tesame [202] met die besluit waarteen geappelleer word, in hierdie stadium, verkieslik met 'n kort beredenering en toeligting, aan die volle vergadering voorgelê word aangesien die partye nie meer spreekreg in die volle vergadering het wanneer die kommissie rapporteer nie. Onmiddellik nadat die appèl in die volle vergadering gestel is, kan die appèlkommissie opdrag ontvang om op die saak in te gaan en die vergadering met die oog op 'n besluit te adviseer.

(d) Die appèlkommissie *hoor* dan die appèl en die verweer aan. Indien die persone nie teenwoordig is nie, word die saak met behulp van die ingediende stukke gerekonstrueer en oorweeg.

(e) Die appèlkommissie dien hulle advies met ’n *rapport* by die vergadering in. So ’n rapport bevat gewoonlik: eerstens ’n opgawe van die stukke wat oorweeg is en die getuies wat gehoor is; tweedens ’n bondige weergawe van die verloop van die aangeleentheid met verwysing na die stukke en getuienis; derdens die besluit waarteen geappelleer word; vierdens die gronde wat teen die besluit aangevoer word en vyfdens die bevinding van die kommissie. Gewoonlik is dit voldoende om in hierdie rapport net die hoof saak met verwysing na die stukke aan te dui. Die vergadering kan die rapport aanvaar of amendeer.

(f) *Tugsake* (let wel, nie appèlsake nie) word agter geslote deure behandel, dit wil sê, slegs wettig gedeputeerdes mag aanwesig wees. Tog word hierdie beskermende prosedure nie altyd gevolg wanneer tugsake in die handelinge van die sinode gepubliseer word nie. Dit is skadelik om by tugsake die name van die betrokke partye (appellant en verweer) en onnodige besonderhede (wat tog in die oorspronklike stukke bewaar bly) te publiseer. Dit mag selfs tot ’n lastergeding (vgl. die tweede trap van sensuur) aanleiding gee. Dit is raadsaam dat die handelinge, met die oog op publikasie sal bevat: die name van persone en plekke wat met ’n simbool aangedui word; die kerkregtelike hoofsaak; die besluit waarteen geappelleer word; die kern van die appèlgronde wat gehandhaaf word; en die finale besluit. Dit verseker dat die saak wat agter geslote deure behandel is, nie deur publikasie van die handelinge buite die vergaderinge rugbaar gemaak word nie. Appèlsake wat ’n objektiewe karakter dra en nie die goeie naam en eer van persone raak nie, val nie onder hierdie voorsorg wat ten opsigte van tugsake getref word nie.

(g) Die besluit word met meerderheid van stemme, met behoud van die reg onder art. 31 K.O. van die appellant en die verweer, geneem.

[203]

***5.* Die vorm van die appèl.**

Elke appèl bestaan uit ’n formele en ’n materiële deel. Die formele aspek het te doen met die inkleding, die prosedure van appèl waaraan voldoen moet word, ensovoorts. Die materie het te doen met die saak waaroor die appèl handel. Die ontvanklikheid word net op die formele gronde beoordeel. Teen die nie-ontvanklik-verklaring kan geappelleer word. Indien hierdie appèl slaag, sal die betrokke vergadering op die materie moet ingaan of dit na ’n mindere vergadering vir behandeling verwys, na gelang van die aard van die saak en die inkleding van die appèl. Die materie self kan egter formeel of materieel van aard wees. So kan teen ’n besluit geappelleer word op grond van die prosedure wat gevolg was om tot die besluit te geraak, byvoorbeeld: indien die voorsitter ’n beslissende stem uitgeoefen het (wat hy nie besit nie); of as die voorstel nie behoorlik gestel was nie; of as amendemente geweier was, ensovoorts. Dit kan selfs gerig wees teen die vorm waarin die besluit geklee is, byvoorbeeld: dubbelsinnigheid, teenstrydigheid, ens. In hierdie geval is die materie van die appèl formeel van aard.

Die appèl is materieel van aard, wanneer dit ’n besluit is waarvan die inhoud in stryd met die letter of gees van die Skrif, Belydenis, Kerkorde of ander nog geldende besluite bewys moet word.

Die reg kan deur prosedure of inhoud objektief of subjektief gekrenk wees. Die appèl gaan egter in elke geval teen ’n beslissing, ’n uitspraak, ’n oordeel, ’n besluit van ’n vergadering en nie teen toeligting, uitlatings of bespreking nie. In geen geval mag die materie aanleiding daartoe gee dat ’n appèl formeel onontvanklik verklaar word nie en in alle gevalle moet die vergadering uitspraak doen op elke grond wat vir die appèl aangevoer is.

***6.* Wanneer die appèl slaag.**

In die reël geld dat, wanneer een materiële grond van die appèl gehandhaaf word — al word tien ander gronde afgewys — die appèl slaag omdat regskrenking met die een grond bewys is. In uitsonderlike gevalle kom dit egter voor dat 'n appèl ten opsigte van 'n heel ondergeskikte formele punt slaag, maar ten opsigte van die essensiële aspek van die materie nie gehandhaaf word nie. In so 'n geval oordeel die vergadering oor die appèl as geheel. Die beslissende vraag is of daar regskrenking plaasgevind het. Wanneer die appèl slaag, is die besluit van die mindere vergadering, waarteen geappelleer is, deur die uitspraak van die meerdere [204] vergadering metterdaad (ipso facto), kragtens art. 31 K.O., vernietig. Die meerdere vergadering moet nogtans albei partye skriftelik van sy uitspraak in kennis stel, en die party wat in die ongelyk gestel is, behou die reg van verdere appèl.

***7. Wanneer die appèl hangende is*.**

(a) *Kan 'n besluit uitgevoer word wanneer daar 'n appèl hangende is?* Hier kan geen algemene reël neergelê word nie. Die betrokke vergadering sal met inagneming van allerlei faktore moet besluit. Indien dit 'n verdere trap van sensuur oor 'n lidmaat raak, sal dit vanselfsprekend gerade wees om te wag tot die uitspraak op die hangende appèl gedoen is, selfs al sou die lidmaat hom van die klassis op die partikuliere sinode beroep. Indien dit 'n beswaar teen 'n verkose ampsdraer raak, sal dit ook gerade wees om te wag totdat minstens die klassis uitspraak gedoen het. Indien die klassis die appèl verwerp, sou die broeder, indien die belang van die kerk dit vereis, bevestig kon word, selfs al sou 'n verdere appèl volg. In so 'n geval kan die kerkraad hom deur die klassisbesluit beskerm ag. Indien die appèl egter gerig is teen 'n goeie getuienis oor die sedelike gedrag van 'n vertrekkende leraar, sou hy kon vertrek, omdat die saak na sy bevestiging in die nuwe kerk net so goed verder behandel kan word, mits die appèl natuurlik geslaag het. Indien dit egter gerig is teen 'n besluit van goeie getuienis aangaande sy ampswerk (waardeur die kerk wat beroep het, mislei kan word), sou die appèl minstens deur 'n klassis afgewys moet word voordat hy mag vertrek.

(b) Wat is die posisie wanneer 'n kerkraad sy besluit, nadat hy kennis ontvang dat daarteen geappelleer word, maar voor die behandeling van die appèl deur die klassis, ophef? Sou die appèl metterdaad (ipso facto) verval? Hier geld die beginsel dat, vanaf die oomblik dat die appèl aanhangig gemaak word, die saak onder behandeling *(sub judice)* van 'n meerdere vergadering is. Dit is onwenslik dat die verweerder, na kennisgewing dat geappelleer word, die saak verder behandel of met die appellant onderhandel om sy appèl terug te trek. Dit kan lig lei tot verdere regskrenking en misverstand en vertolk word as 'n poging om die verkryging van reg deur die appellant te verydel. In elke geval sal die appellant moet besluit wat hom te doen staan. Indien die klassis voor die oorspronklike appèl te staan kom, moet dit die appèl as sodanig behandel tot op die oomblik dat kennis van appèl gegee is. Latere handelinge van die kerkraad kan alleen as getuienis geld waarom die appèl moet slaag en nie omgekeerd nie. Die verweerder kan dus geen appèl deur latere besluite verongeluk nie, omdat die [205] betrokke appèl, kragtens art. 30 en 31 K.O., in daardie stadium reeds by die klassis tuisgehoort het.

***8. Wanneer die appèl of verweer afgewys word*.**

Die goue reël by die behandeling van appèlsake is om dit as 'n koue regsaak te behandel, ongeag die konsekwensies wat dit vir die verweerder of die appellant mag hê. Dit moet ten sterkste ontmoedig word dat 'n meerdere vergadering in 'n saak van appèl hom geroepe sal voel om een van die twee partye te beskerm of om beide partye met mekaar te versoen. Indien versoening nodig geag word, kan die moderamen of spesiale visitatore na die suiwere

regsuitspraak handel na bevind van sake. Die kerklike vergaderinge wat in plaas van die suiwere regsgronde die gesindheid van die partye, die agtergrond of moontlike motiewe en gevolge in ag neem, word in ’n strik gevang. Kortom; dit faal deur bevooroordeelde optrede.

Beide partye moet hulle by die uitspraak van die meerdere vergadering neerlê tensy verder geappelleer word volgens die prosedure wat deur die Sinode van 1939 (bylae in die Kerkorde-boekie) neergelê is (vgl. par. 3 hierbo).

ARTIKEL 32.

OPENING EN SLUITING VAN KERKLIKE VERGADERINGE

Alle vergaderinge moet met aanroeping van die Naam van God geopen en met danksegging gesluit word.

1. Die doel van die bepaling.

Hoewel so ’n bepaling eintlik vanselfsprekend is en nie noodwendig in ’n Kerkorde opgeneem hoef te word nie, is dit van die begin af in die Kerkorde gehandhaaf. Reeds by Emden is in 1571 bepaal dat die voorsitter van die roepende kerkraad — die voorsitter van die vorige vergadering is sy sekundus — ’n gebed sal doen met die oog op die verkiesing van die moderamen, waarna die verkose voorsitter ’n gebed sal doen “ingesteld op de ganse handeling”.

2. Die aanroeping van die Naam van God geskied met die oog op die handelinge.

Daar is ook ander vergaderinge (parlement, skoolkommissie, ens.) wat deur gelowiges met ’n gebed geopen en gesluit sal word. [206] Die Here wil sy genade en die leiding van die Heilige Gees alleen aan diegene gee wat Hom met hartlike sugte sonder ophou daarom bid en daarvoor dank (Joh. 15:5, 7; Heid. Kategismus, vr. 116).

Hierdie artikel is egter nie met die oog op die algemene karakter van ’n vergadering wat gelowiges hou (soos ’n skoolkommissie) in die Kerkorde ingevoeg nie. Dit geskied met die oog op die besondere karakter en roeping van ’n kerklike vergadering, waar nietige en sondige mense amptelik (in Naam van God) en saam met die Heilige Gees (Hand. 15:28a) in die kerk van God moet regeer.

'n Kerklike vergadering kom saam om te handel en is nie ’n godsdiensoefening tot onderlinge stigting, ’n gespreksgemeenskap of ’n uitruiling van ervaring nie. Dit moet regerende besluite neem. Die opening met smeek- en sluiting met dankgebed geskied dus met die oog op die handeling wat in die Naam van God en onder leiding van die Heilige Gees verrig moet word. Op grond hiervan is die werwing van stemme of ’n koukus nie by ’n kerklike vergadering toelaatbaar nie.

Die taalkundige hersiening deur die Sinode van 1964 wat “Alle vergaderinge” in die plek van “Die handelinge van alle samekomste” gestel het, bring die hoofsaak minder duidelik na vore.

3. Die opening en sluiting.

Die woorde “geopen” en “gesluit word” sien op die aanvang (of konstituering by meerdere vergaderinge) en beëindiging na afhandeling van die agenda, onderskeidelik. Dit is in die tyd van die Reformasie slegs met gebed sonder Skriflesing behartig.

Onder invloed van die Piëtisme het die opening en sluiting (selfs vir daaglikse sittings) egter

later in sommige samekomste die karakter van onderlinge stigtelike byeenkomste of 'n "uur van gebed" aangeneem.

In Suid-Afrika is, onder invloed van die geografiese omstandighede en predikante-tekort, in die vorige eeu selfs 'n openingsrede in die vorm van 'n erediens in die boesem van die roepende kerk ingevoer, wat dikwels met 'n Nagmaalsviering van die afgevaardigdes saam met die roepende kerk gepaard gegaan het. Gaandeweg het die "eredienstige" kant in onbruik geraak, maar die nasionale sinode word tans nog met 'n "tydwoord" en 'n bidstond, gelei deur die voorsitter van die vorige sinode, geopen pas nadat die vergadering deur die voorsitter van die roepende kerkraad ooreenkomstig art. 32 geopen is. Dit skyn tog asof die "openingsredes" die aandag van die handelinge van die vergadering na onderlinge stigting verskuiwe. Stigtelike redevoering moet liefs nagelaat word [207] omdat dit eerder 'n handeling van die spreker *met* die vergadering as 'n handeling *van* die vergadering is. Dit is voldoende om 'n Skrifgedeelte wat op die ampte, die kerkregering, die onderlinge gesindheid en geloof toepaslik is, voor die openings- en sluitings-gebede te lees. Vanweë die erns van die handelinge in die kerk van God, die noodsaaklikheid dat selfs die afgevaardigdes hulle in die kerkregering daagliks tot God sal bekeer en hulle afhanklikheid van Hom sal bely, kan die daaglikse sittings op dieselfde wyse geopen en gesluit word.

4. Die waarneming van die opening en sluiting.

Die voorsitter van die vergadering of die persoon wat hy uit die vergadering aanwys, behartig die opening en sluiting. By die meeste kerkrade is dit gebruiklik dat die voorsitter die handelinge open en die kerkraadslede dit by toerbeurt sluit. In die geval van meerdere vergaderinge ageer die voorsitter van die roepende kerkraad by die konstituering, terwyl die verkose voorsitter daarna die sittings (laat) open en sluit.

5. Formulier- of vrygebede.

In die reël word vrygebede op die vergaderinge in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gebruik. Daar is egter formuliergebede in die goedgekeurde liturgie wat gebruik kan word by die opening en sluiting van kerklike samekomste en by die opening van 'n vergadering van diakens. Wanneer daar 'n skerp verskil van gevoelens verwag kan word, behoort die formuliergebed voorkeur te geniet.

6. Die konsistoriegebede.

Die gebruik om te bid in die konsistorie voor die eerste en na die laaste erediens op Sondag het uit die vervolging gedurende die Nederlandse Afskeiding van 1834 ontstaan. Nederlandse kerkregtelikes beperk die doel van die gebed tot voorbidding vir die bedienaar van die Woord. Tereg word daarop gewys dat dit in geen omstandighede 'n gebed vir alle nood mag word nie omdat die bedienaar geroepe is om in die erediens daardie gebed te bedien. Dit is egter foutief om die voorbidding en danksegging net te beperk tot die diens van die Woord. 'n Erediens is die vergadering van die gemeente van God, in teenwoordigheid van God, onder leiding van al drie dié besondere ampte. Die leiding van die Here kan dus in voorbidding gesoek word ten aansien van die prediker, die toesig oor prediker en gemeente en ten aansien van die diens van die diakens.

[208] Die konsistoriegebede word minder noodsaaklik wanneer die kerkraad volgens die ou redaksie van art. 37 K.O. elke week saamkom en weekliks volgens art. 32 geopen en gesluit word. In Suid-Afrika, waar die kerkraad soms net vier maal per jaar met die oog op tugoefening saamkom en die breë kerkraad maandeliks, het die konsistoriegebede egter meer betrekking op

die opening van die samekoms van die kerkraad om leiding af te smeek vir hulle taak in die erediens en by die afhandeling van sekere spoedeisende sake, soos attestasies, kommissie-verslae en roetinesake soos afkondigings, ens., wat nie in die week gereed gemaak kon word nie. Die samekomste neem dus die vorm van buitengewone kerkraadsvergaderinge aan.

Die feit bly dus dat die konsistoriegebed onder art. 32 K.O. tuisgebring moet word en nie tot die liturgie gereken moet word nie. Die liturgie van die erediens neem eers met die votum 'n aanvang en sluit met die uitspreek van die seën. Daarmee is die handelinge van die kerkraad egter nie afgehandel nie: die diakens moet nog die kollekte afhandel en versorg; daar mag 'n saak uit die prediking of oor die gedrag van die gemeente ter sprake gebring word; 'n spesiale kerkraadsvergadering mag belê word, ens. Derhalwe moet die kerkraad na die erediens nog 'n oomblik saamkom en daarna hulle samekoms op gepaste wyse met danksegging sluit. Hier kan gedink word aan die genote seën uit die genademiddele, die genade aan die ampsdraers en gemeente bewys, tekens van geestelike wasdom in die kerk, ens. In geval van 'n besoekende leraar is dit ook gepas om hom en die kerk waarin hy dien, daar op te dra aan die God van genade (vgl. Hand. 20:36).

ARTIKEL 33.

DIE KONSTITUERING VAN MEERDERE VERGADERINGE

Die afgevaardigdes na meerdere vergaderinge moet hulle geloofsbriewe en opdragte saambring, onderteken deur die wat hulle stuur; en elke afgevaardigde sal 'n keurstem hê, behalwe in sake wat sy eie persoon of kerk in die besonder aangaan.

1. Geskiedenis in Suid-Afrika.

Hierdie artikel dateer reeds van die begin van die Nederlandse gereformeerde kerkregtelike ontwikkeling in 1571. Hierin kom wesenskenmerke van die gereformeerde kerkreg aan die lig. In Suid-Afrika is dit vanaf 1859 in die eerste aantal jare nie suiwer [209] toegepas nie: die kerkraad van Rustenburg skep homself sonder meer om in die Algemene Vergadering van die Zuid-Afrikaanse Republiek (Februarie 1859); algemene vergaderings en sinodes word met alle aanwesige kerkraadslede van ander kerke gehou; 'n adviserende stem is soms aan lidmate gegee; enige lid van die meerdere vergadering ontvang 'n geleentheid om op die vergadering vrae aan die orde te stel, ens. Gaandeweg, en veral na 1890, het die artikel egter steeds meer 'n suiwerder toepassing gevind en sou geen vraagpunte wat nie deur 'n kerkraad of algemene vergadering "beproefd zijn" voor 'n algemene sinode gelê kon word nie (Sin, 1894, art. 117, 118).

A. DIE GELOOFSBRIEWE.

1. Die afgevaardigdes.

Die terme "afgevaardigde" (gedeputeerde of verteenwoordiger) en "kredensie"- of "geloofsbrief" wys duidelik heen na 'n instansie wat *stuur*. Dit gaan dus eintlik om hierdie sender. Die geloofsbriewe is vertrouensbriewe wat eerstens getuig dat die draer daarvan wettig *afgevaardig* (gestuur) is en wat tweedens die mandaat of bevoegdheid van die draer presies omlyn en bepaal in hoeverre die sender hom deur die afgevaardigde laat verteenwoordig. Dit beskryf die verhouding tussen die deputaat en die instansie wat hom stuur.

Die eerste beginsel wat hieruit vloei, is: die instansie wat teenwoordig moet wees, laat hom deur 'n *afgevaardigde* met 'n geloofsbrief verteenwoordig, asof hyself daar in die afgevaardigde

teenwoordig is. Dit hang van die inhoud van die geloofsbrief af of die afgevaardigde die bevoegdheid het om sy afsender te bind, om vryelik oor enige saak na goeddunke te debatteer en saam met die ander bindende besluite te neem. Indien 'n afgevaardigde verder gaan as die bevoegdheid wat sy geloofsbrief aan hom verleen, is sy afsender vanselfsprekend nie gebonde aan sy optrede nie, en kan hy dit repudieer. Die afgevaardigde moet derhalwe in belang van sy eie beskerming noukeurig ag gee op die inhoud van sy geloofsbrief, terwyl die vergadering wat die geloofsbriewe ontvang, ook sorgvuldig daaroor moet waak dat hy slegs in ooreenstemming met die geloofsbriewe van die betrokke afgevaardigdes handel, want anders is die handelinge onwettig en kragteloos. Dit is gebruiklik dat verenigings ook afgevaardigdes na kongresse met geloofsbriewe stuur. Daardie geloofsbriewe is feitlik net 'n offisiële voorstelling van die wettige afgevaardigde, terwyl die vertroue in sy persoon gestel word om in die kongres te handel ooreenkomstig die [210] bevoegdheid van die kongres wat in die konstitusie (reglemente) bepaal is. In die kollegialistiese kerkregering word sinodes op dieselfde basis saamgestel. In die gereformeerde kerkregering is die geloofsbrief egter van baie meer grondliggende betekenis omdat die kerklike vergaderinge nie 'n hoër bevoegdheid oor die kerkrade aan 'n konstitusie (reglement) ontleen nie en geen eie bevoegdheid oor of naas die kerkrade het nie (vgl. art. 29 K.O.). Soms wek afgevaardigdes op 'n kerklike vergadering die indruk dat hulle nie bewus is van hierdie fundamentele verskil nie en dat hulle bevoegdheid deur hulle geloofsbrief streng beperk en omlyn word deur die woorde "ooreenkomstig die Skrif, Drie Formuliere van Eenheid en die aangenome Kerkorde".

Met 'n geloofsbrief wat nie volkome in orde is nie, mag niemand as 'n afgevaardigde beskou word nie. Indien hier toegeeflik opgetree word en aan iemand maar ter goeder trou (bona fide) as 'n afgevaardigde sittingsreg verleen word, mag, in geval van appèl of deur 'n interdik van die wêreldlike hof, die handelinge van so 'n vergadering onwettig verklaar word.

2. Diegene wat hulle stuur.

Die Remonstrante het beweer dat die staat die afgevaardigdes moet aanwys. In die kollegialistiese kerkregeringstelsels word aangeneem dat die staat by wyse van wetgewing magte aan die genootskap verleen het om ooreenkomstig sy reglemente die besture saam te stel. In albei gevalle word daar vertroue gestel in die afgevaardigde persone vanweë die kwalifikasies wat hy kragtens sy amp besit, waardeur hy op permanente "besture" volgens reglement sitting mag neem.

Die uitgangspunt van die gereformeerde kerkreg is op Skrif- en Belydenisgronde heeltemal anders. Daar word uitgegaan van die Liggaam van Christus (Una Sancta) wat geopenbaar word in 'n plaaslike kerk (gemeente). In die kerk regeer die kerkraad. Derhalwe is die kerkraad die enigste bevoegde instansie wat hom deur afgevaardigdes op 'n vergadering waar hy saam met ander kerkrade wil of moet handel, kan laat verteenwoordig. Die kerkraad oefen self sy regering in die vergadering deur middel van die afgevaardigdes (verteenwoordigers) uit. Derhalwe vereis die Kerkorde dat die geloofsbrief *onderteken moet wees deur diegene wat hulle stuur*. So 'n brief moet dus of deur die hele kerkraad, of deur minstens twee daartoe aangewese funksionarisse, die voorsitter en skriba, onderteken wees. Sonder hierdie behoorlike ondertekening het geen afgevaardigde enige bevoegdheid om sitting in 'n saamkoms van sy kerkraad met meer kerkrade te neem nie. [211] Daarsonder is hy 'n individu, hoe gesien ook al, maar geen deputaat wat sy wettige afvaardiging kan bewys nie. Die geskrewe *brief* waarborg dus die wettigheid (Hand. 15:23; 2 Kor. 3:1; 1 Kor. 16:3).

Dit is dus die kerkrade wat afgevaardigdes na die klassis stuur; dit is kerkrade wat vanuit

hulle klassikale samekoms afgevaardigdes (verteenwoordigers) na die partikuliere sinode stuur en dit is kerkrade wat daarvandaan indirek na die Nasionale Sinode deputeer (vgl. art. 36 K.O.). Derhalwe moet die geloofsbriewe vir verteenwoordigers van die betrokke meerdere vergaderinge ook onderteken word deur die moderamen (minstens die voorsitter en skriba) van die vergadering wat afgevaardig het. Ook hier geld die reël van die Skrif dat die waarheid en egtheid deur minstens twee getuies bevestig moet word.

3. Afvaardiging geskied na 'n bepaalde vergadering.

Op die geloofsbrief moet die bepaalde vergadering van die kerkraad saam met meer kerkrade gemeld word. Die afvaardiging geskied na 'n bepaalde meerdere vergadering. Daaruit vloei vanself voort dat die bevoegdheid wat aan die afgevaardigdes verleen was, verstryk die oomblik wanneer die betrokke meerdere vergadering sluit. Meerdere vergaderinge is dus *tydelik* van aard omdat die bevoegdheid van die gedeputeerdes wat dit saamstel tydelik is. Dit aksentueer die feit wat reeds by art. 29 K.O. aangedui is, dat meerdere vergaderinge samekomste van *kerkrade* is en nie eiesoortige, permanente bestuur of samekomste van ampsdraers naas die kerkraad is nie (vgl. verder by art. 41, 47 en 50 K.O.).

4. Die vereistes vir 'n geloofsbrief.

'n Geloofsbrief moet die genotuleerde besluit (naam van kerk en datum van besluit) waarkragtens gedeputeer word, die name en die hoedanigheid (amp) van die afgevaardigdes vermeld. Dit moet ook duidelik aandui wie as plaasvervanger sal optree indien 'n bepaalde afgevaardigde verhinder word; dit moet die volmag en las van die afgevaardigde namens sy sender omskryf; die sender moet hom formeel verbind om wettige besluite vir vas en bindend te hou (vgl. besluite van partikuliere sinodes in sestiende eeu, F.L. Bos: *De Orde der Kerk;* bl. 132) en dit moet die vergadering heil toebid.

Onder die bylaes agter in die offisiële uitgawe van die Kerkorde word 'n konsep-lasbrief vir afvaardiging van die kerkraad na die klassis gevind. Dit kan met dié nodige aanpassing ook vir die [212] deputering van meerdere vergaderinge gebruik word. Dit beantwoord aan alle vereistes van die kerkreg, want die las en volmag van die deputate word duidelik omlyn volgens die Skrif, Belydenisskrifte en Kerkorde.

Dit is gebruiklik dat gedrukte geloofsbriewe beskikbaar gestel word. Die gerief en eenvormigheid wat dit meebring, hou egter ook 'n gevaar in. So 'n vorm word naderhand as 'n vanselfsprekende formaliteit hanteer en aanvaar, terwyl niemand meer aan die presiese inhoud daarvan aandag gee nie. Sodoende word die geloofsbrief, wat die essensiële en wesentlike bestanddeel van die konstituering van meerdere vergaderinge is, lig 'n blote formaliteit. Dit is wenslik dat die geloofsbrief op die vergadering wat afvaardig, aan die afgevaardigdes voorgelees sal word. Omdat klassisse en partikuliere sinodes hulle onderskeie verteenwoordigers van deputering in kennis stel, behoort die kennisgewing die presiese las van die geloofsbrief, nl. om namens die sender ooreenkomstig die Skrif, Belydenis en Kerkorde te handel, duidelik te stipuleer.

5. Konstituering.

Hoewel dit om praktiese redes noodsaaklik geag kan word dat die geloofsbriewe vooraf aan die roepende kerkraad gestuur moet word, is die beginsel (nie die reglement nie) dat afgevaardigdes dit na die vergadering moet saambring. 'n Geloofsbrief wat tydens die konstituering ingedien word, moet dadelik beoordeel word. Geen formele reëling oor die gerieflikste wyse van indiening kan die materiële reg van 'n kerk om hom by konstituering aan te

meld, vernietig nie.

Die roepende kerkraad moet vooraf of met die opening van die vergadering die geloofs- of lasbriewe noukeurig nagaan. Indien daar onreëlmatighede in ’n geloofsbrief voorkom, moet aan die betrokke deputate by die konstituering van die meerdere vergadering keurstem ontsê word. Die vergadering gee self daarna, d.w.s. by die behandeling van die rapport van die roepende kerkraad, aan die onreëlmatighede aandag. Voor die konstituering moet die roepende kerkraad die presensielys vir die meerdere vergadering uit die geloofsbriewe en aanwesigheid van deputate vasstel en bepaal of ’n kworum van wettig gedeputeerdes, oor wie se afvaardiging geen twyfel bestaan nie, teenwoordig is. Slegs hierdie afgevaardigdes het keurstem by die konstituering. Die presensielys word met die name van kerkrade, waarop ook aangeteken word wie die kerk verteenwoordig, opgemaak.

Ook hier is dit wenslik dat die roepende kerkraad ten minste die essensiële formule van een geloofsbrief (om nie almal te lees [213] nie), waarvolgens afgevaardigdes gedeputeer is, sal voorlees. Die afgevaardigdes moet sterk onder die indruk verkeer dat hulle namens hulle onderskeie kerke moet handel; in ’n vertrouensposisie geplaas is; gebonde is om in alle handelinge Gods Woord, die Drie Formuliere van Eenheid en die aanvaarde Kerkorde bo eie insigte en wense te stel.

6. Openlike verklaring.

Die algemene sinodes het vanaf 1863 onmiddellik na konstituering ’n Openlike Verklaring, wat neerkom op ’n plegtige onderskrywing van die lasbriewe, uitgereik en hulleself ook daarmee na buite bekend gestel. Dit kan ook deur die mindere vergaderinge gedoen word. Die Openlike Verklaring verskyn ook onder die bylaes in die offisiële uitgawe van die K.O.

B. DIE OPDRAGTE OF SAKELYS VAN ’n MEERDERE VERGADERING.

1. Die instruksies of opdragte.

Met die hersiening van die Kerkorde deur die Sinode van 1964 is die woord “instruksie” (Latyn: “litterae mandati”) gewysig na “opdragte” omdat “instruksie” in Afrikaans ’n beperkte betekenis het, asof dit die afgevaardigdes vooraf bind hoe hulle moet stem. Die woord “opdragte” is omvattender en reël dat die afgevaardigdes die sake wat die mindere vergaderinge nie kon afhandel nie, as agenda vir die meerdere vergadering saambring. Die opdragte sien dus op die sake wat die afgevaardigdes op die vergadering aan die orde moet stel, en is nie noodwendig ’n prejudiserende opdrag hoe hulle moet stem nie. Dit kan egter wel gebeur, byvoorbeeld in ’n leergeding, dat die lasgewer ook aan sy afgevaardigdes opdrag gee hoe hulle moet stem, indien die geding op grond van Gods Woord vooraf uitgemaak is. So iets sal egter net by wyse van hoë uitsondering tydens ’n krisis gebeur, waar die handhawing van die belydenis in die gedrang is.

2. Die opdragte saambring.

Die Kerkorde lê die beginsel neer. Daarom het die Sinode van 1964 ook nie die beginsel van “opdragte saambring” verander nie. Dit is gebruiklik om die agenda vooraf aan die deputate vir korrespondensie te stuur sodat dit met die oog op bestudering ook vooraf aan die afgevaardigdes voorgelê kan word. Omdat die meerdere vergadering tydelik van aard is, beteken dit nog dat hierdie deputate van korrespondensie die kanaal is waardeur die opdragte [214] saamgebring word. Offisieel verskyn die afgevaardigdes en agenda saam en wel wanneer die vergadering saamgestel word. Selfs waar die reël bestaan om die agenda vir ordening en sirkulasie aan deputate vir korrespondensie te stuur, bly die weg geopen om dringende sake

tydens die vergadering ter tafel te lê. Wat wettig ter tafel gebring word, mag nie ligtelik deur 'n meerdere vergadering geweier word nie. Nogtans moet opdragte wat "saamgegee" word, altyd skriftelik en gewaarmerk (geteken) voorgestel word (Emden 1571).

3. Die kerklike weg.

Wanneer artikel 30 en 33 saam gelees word, is dit duidelik dat die totale agenda uit die kerke ontspruit. Wat deur 'n bepaalde mindere vergadering nie afgehandel kan word nie en so beoordeel is, word dan na die eersvolgende meerdere vergadering (klassis), as 'n opdrag aan sy gedeputeerdes, gestuur. Dit gebeur wel dat die betrokke meerdere vergadering beslis dat die saak wel op die mindere afgehandel kon gewees het en dit dan as sodanig terugverwys om op 'n volgende mindere vergadering behandel te word. Indien moontlik, handel hy die opdrag af. Anders neem hy dit (geheel of gedeeltelik) oor en stuur dit, as 'n opdrag aan sy gedeputeerdes, na die volgende meerdere vergadering. In die reformatoriese kerkreg word daar gevolglik oorvloedig verwys na die gravamina van kerkrade en klassisse (vgl. F.L. Bos, t.a.p., bl. 111 e.v., 134 e.v.). Oor die toepassing van art. 33 K.O., in samehang met art. 30 K.O. en art. 46 K.O., veral ten opsigte van gravamina of besware teen reeds genome besluite, het die Sinode van 1964 waarskynlik nog nie die laaste woord gespreek nie, want daar is die "tuishoort" van art. 30 K.O. só vertolk dat slegs 'n vergadering op die vlak van die een wat die vermeende foutiewe besluit geneem het, dit moet behandel. Dit sou beteken dat 'n kerkraad of 'n klassis nie oor 'n leer- of kerkordeartikel mag handel nie, maar dat hy die voorsteller regstreeks na die algemene sinode moet verwys. Daardeur sou die "saambring" van art. 33 K.O. in die gedrang kom. Slegs die afvaardiging kan wettige opdragte van hulle sendende vergadering "saambring". Lidmate kan dus nie by hulle kerkraad verbygaan om 'n opdrag aan 'n algemene sinode te stuur nie, behalwe in die geval van appèl in art. 31 K.O. (vgl. Sin. 1894, art. 117, 118).

4. Hoe word opdragte aan meerdere vergaderinge gegee?

Die agenda of sakelys vir 'n meerdere vergadering kan op die volgende maniere opgestel word: deur 'n opdrag of voorstel van [215] die mindere vergadering wat 'n saak nie kon afhandel nie (vgl. art. 30 en 46 K.O.); deur 'n gravamen van 'n mindere vergadering wat geoordeel het dat 'n bepaalde besluit van 'n meerdere vergadering verander moet word (vgl. art. 46 K.O.); deur beskuldigings, twisgedinge, aansoeke om arbitrasie, ens., in welke gevalle die betrokke meerdere vergadering noukeurig sal moet ondersoek of die saak formeel op sy sakelys tuishoort, veral of daar aan die beginsel van art. 30 K.O. voldoen is; deur appèl (vgl. art. 31 K.O.); deur die rondvraag van die praeses op 'n klassisvergadering (vgl. art. 41 K.O.); en deur die verslag van visitatore op 'n klassis (vgl. art. 44 K.O.).

C. DIE KEURSTEM OP 'n MEERDERE VERGADERING.

1. Slegs wettige afgevaardigdes het keurstem.

Oor die beginsel van stemming is by art. 31 K.O. gehandel. Die keurstem is die beslissende of definitiewe stem. Dit is die reg om voor te stel, te sekondeer en te beslis. Dit staan teenoor die raadgewende of adviserende stem van art. 42 K.O. Die keurstem word slegs deur die wettige afgevaardigdes uitgeoefen.

2. Wanneer 'n wettige afgevaardigde geen keurstem het nie.

Die Kerkorde beperk die keurstem met die woorde *"behalwe in sake wat sy eie persoon of kerk in die besonder aangaan"* en bedoel daarmee nie die algemene sake, soos die leer en Kerkorde, wat al die kerke raak nie. *"In die besonder"* het betrekking op sake soos 'n appèl teen 'n handeling van die kerkraad; stoflike belange van die besondere kerk in geval van sustentasie;

'n saak waarby die persoon van 'n kerkraadslid of afgevaardigde betrokke is, byvoorbeeld 'n beswaar teen sy verkiesing, bevestiging, deputering; 'n saak waarby naby-familie betrokke is; 'n kerkraadsbesluit wat die traktement van 'n predikant raak; ensovoorts. Die beginsel is dat niemand 'n regter in sy eie saak kan wees nie. Hy (of die afgevaardigdes van 'n kerk) kan nooit heeltemal onpartydig optree in 'n saak wat hom in besonder raak nie. In daardie gevalle moet hy hom aan die uitoefening van sy keurstem onthou, of sy keurstem kan hom oor die onderhawige saak deur die vergadering ontsê word.

By appèlsake moet die deputate van die mindere vergadering teen wie geappelleer word, sowel as die appellant (indien hy na die meerdere vergadering afgevaardig is), nadat hulle getuienis gegee het, hulle weerhou van die beredenering van en beslissing (keuring) oor hulle saak. Hulle ageer in so 'n geval net as getuies, nie as regters nie.

[216]

3. Die professore in die teologie het geen keurstem kragtens hulle amp nie.

Die Gereformeerdes heg besondere waarde aan die aanwesigheid van die professore in die Teologie op 'n meerdere kerklike vergadering omdat hulle kragtens hulle amp geroepe is om die lig van die Woord op die vraagstukke van die dag te laat val (vgl. art. 18). Derhalwe word aan hulle adviserende stem verleen om die lig vanuit die Skrif, Belydenis en Kerkorde (vgl. die geloofsbrief) tot meerdere helderheid van die afgevaardigdes te laat skyn. Hulle sou egter onverstandig handel indien hulle blote persoonlike menings oor allerlei praktiese vraagstukke sou lug, tensy hulle daarom gevra word, omdat hulle nie as persone nie, maar kragtens hulle amp die adviserende stem verkry. Die professore aan die Teologiese Skool is veral vroeër deur meerdere vergaderinge veelvuldig op allerlei kommissies gebruik. In later jare word die tendens sterker om hulle alle onnodige opdragte, wat net so goed deur ander uitgevoer kan word, te spaar sodat hulle des te meer tyd vir verdieping in hulle eintlike diens sal hê.

Nadat prof. D. Postma in 1876 tot professor benoem is, het dit aanvanklik gebeur dat hy op meerdere vergaderinge keurstem uitgeoefen het.

Die beginsel dat meerdere vergaderinge nie uit deurlugtige persone nie, maar uit afgevaardigdes (verteenwoordigers) van kerklike vergaderinge saamgestel word, sluit die professore van die keurstem uit.

4. Waaraan die afgevaardigdes die keurstem ontleen.

Die Gereformeerdes is dit eens dat God primêr die bron van alle gesag is. Aan Hom ontleen die ouer, die ampsdraer, die kerkraad, die meerdere vergadering en selfs die heidense owerheid hulle gesag. Die bewoording van die geloofsbrief stel dit kerkregtelik egter dat die afgevaardigdes hulle bevoegdheid om 'n gesaghebbende stem uit te bring, aan hulle lasgewers ontleen. Die kerkraad (klassis of partikuliere sinode) gee aan hulle verteenwoordigers opdrag en volmag om in 'n belydenis- en kerkordelike akkoord (kerkverband) keurstem namens die afvaardigende vergadering uit te oefen. Die teorie van M. Bouwman, en andere, wat 'n eie gesag vir meerdere vergaderinge aflei, omdat *ampsdraers* daar saamkom, moet verwerp word, omdat hy meerdere vergaderinge op dieselfde manier as kerkrade (maar tog buite die kerk-rade) wil saamstel uit ampsdraers van kerkrade *asof* hulle deur afvaardiging 'n bevoegdheid in die kerkverband verkry het, terwyl [217] hulle bevestigingsformulier (en die gees van die Kerkorde) hulle slegs aan die plaaslike gemeente verbind. Soos in die reformatoriese geskiedenis al in tyd van nood gebeur het, kan 'n kerkraad hom in uitsonderlike gevalle deur 'n vertroude lidmaat laat verteenwoordig. Dit illustreer die beginsel dat keurstem op meerdere vergaderinge uitgeoefen

word deur die kerkrade deur middel van hulle afgevaardigdes. Op sterkte van dieselfde beginsel het verskillende gereformeerde vergaderinge in die sestiende eeu eintlik gevra dat die senders hulle afgevaardigdes “instructie” sal saamgee “opdat op ordelijke wijze over alle voorvallende zaken met gemene stemmen moge gehandeld en besloten worden” (Kampen 1593). In middelmatige sake was ’n absolute bindende opdrag ongewens, maar by leer en kerkregering was dit gepas (Tholen, 1602; F.L. Bos, t.a.p., bl. 134 e.v.).

ARTIKEL 34.

HANDELINGE (ACTA) OF NOTULE DEUR DIE SKRIBA

In alle vergaderinge moet by die praeses 'n skriba gevoeg word om noukeurig op te skrywe wat noodsaaklik op-geteken moet word.

1. Kerklike vergaderinge regeer deur hulle handelinge.

In die Roomse, Lutherse en Kollegialistiese kerkregeringstelsels word aan die voorsittende funksionarisse van hulle besture 'n besondere en durende mag verleen. Omdat die besture as permanent beskou word, tree die moderamen op of modereer dit namens die bestuur solank dit nie in sitting is nie. Die persone van die tussentydse moderatuur ontvang dus 'n sekere regeermag of bevoegdheid namens die kerklike bestuur.

In die gereformeerde kerkreg word hierdie beginsel nie erken nie. Nie persone nie, maar kerklike vergaderinge oefen die regeermag uit. Nie persone nie, maar die besluite van die betrokke kerklike vergadering regeer. Die kerkrade pas die besluite toe wat hulle op kerkraadsvergaderinge alleen en dié wat hulle saam met meer kerkrade geneem het. Die handelinge (besluite) of notule is daarom dié belangrikste neerslag van 'n kerklike vergadering. Die persone en hulle beraadslaginge verdwyn sodra die vergadering gesluit het, maar die besluite bly om te regeer. Die kontinuïteit van besluite is 'n ou reformatoriese beginsel. Alhoewel die vergaderinge van meer kerkrade *tydelik* is, dra hulle besluite 'n durende karakter [218] (vgl. reeds sinode Dordtrecht, 1574, F.L. Bos: *De Orde der Kerk,* bl. 137).

2. Die skriba naas die praeses.

Die Kerkorde stel die beginsel. Die leiding van 'n vergadering gaan uit van 'n praeses (vgl. art. 35 K.O.). Ewe belangrik is die skriba wat vir die samestelling van die handelinge verantwoordelik is. Die persoon moet die vermoë besit om besluite duidelik te bewoord. Dit is egter handelinge van die betrokke vergadering. Derhalwe moet dit wat die skriba opteken, deur die vergadering gekorrigeer en aanvaar word. Die smal- en breë-kerkraadsvergaderinge (vgl. art. 37 en 38 K.O.) kontinueer met dieselfde ampsdraers. Die handelinge van 'n vorige vergadering kan dus op die volgende deur die skriba vir bevestiging voorgelê word.

In die meerdere vergaderinge moet die handelinge by sluiting gereed wees en goedgekeur word, aangesien die vergadering by sluiting ophou om te bestaan. Om hierdie rede en omdat die vergaderinge met spoed en vir langer periodes aaneen vergader, is dit gebruiklik om 'n *hulp-skriba* by die skriba te voeg. Gewoonlik hou hy die handelinge in klad by, terwyl die skriba dan met behulp van die aantekeninge die notule gereed maak.

3. Die moderamen.

By die voorsitter word op meerdere vergaderinge 'n *ondervoorsitter* of assessor gestel om die voorsitter af te los, die leiding te neem wanneer die voorsitter as afgevaardigde wil meedoen aan die bespreking, kontrole uit te oefen of alles aan die orde gestel word, ensovoorts. Die voorsitter, ondervoorsitter, skriba en hulp-skriba vorm die moderamen van 'n meerdere vergadering. Hulle funksie is beëindig wanneer die vergadering gesluit het (vgl. art. 35 K.O.).

4. Die skriba hoef nie noodwendig 'n predikant te wees nie.

In die Gereformeerde kerkreg is die beginsel dat die Woord die handelinge moet lei en bepaal. Derhalwe word die ampsdraers wat die Woord bedien, aangewys om as voorsitters te dien. Die skribaat kan egter, en dit is selfs verkieslik, waargeneem word deur afgevaardigde

ouderlinge. So ’n praktyk wys juis enige heerskappyvoering of klerikalisme af en dit is goed dat die ouderlingamp ook op die moderamen verteenwoordig word, aangesien baie adviese deur die moderamen aan die vergadering voorgelê moet word. Tegelykertyd laat dit meer predikante vry om aktief in die [219] handelinge van die vergaderinge mee te doen, op kommissies van pre-advies te dien, ens. Die skriba van ’n meerdere vergadering moet ’n afgevaardigde op die vergadering wees.

5. Die skriba van die kerkraad en/of die breë-kerkraad.

In kerkraadsvergaderinge gebeur dit soms dat na ’n wisseling volgens art. 27 K.O. ’n skriba gekontinueer word wat nie meer ’n kerkraadslid is nie. Dit kan gebillik word mits die belange van die kerk dit eis en die permanente skriba goed verstaan dat hy geen stem op die vergadering het nie, hom gebonde ag deur die vertroulike karakter van die kerkraad, ensovoorts. Daar is selfs nie prinsipiële besware om ’n skriba as ’n permanente funksionaris met of sonder ’n vergoeding te benoem nie.

'n Kerkraadslid kan nie in ’n amp bevestig word om slegs as skriba te dien nie. Kerkraadslede kan en mag net beroep word om die taak wat God hulle opgelê het en wat in die bevestigingsformulier omskryf word, uit te voer. Hulle mag daarvan nie losgemaak word om administratiewe take wat deur die kerkraad omskryf is, onder naam van die besondere amp te behartig nie. Weliswaar kan die skriba gekonsidereer word, deur aan hom ’n kleiner wyk toe te wys, hom te verskoon van kerkraadskommissies, behalwe miskien as sekundus vir die predikant, ens. Sy taak kan verder verlig word deur ’n hulp-skriba by te voeg en werk te verdeel. Dit is nie noodsaaklik nie maar wenslik dat die skriba liefs ’n lid van die vergadering moet wees. ’n Diaken kan nie skriba van die kerkraad wees nie, wel van die breë-kerkraad.

6. Die sogenaamde attestaat-skriba.

Dit het al gebruiklik geword om ’n sogenaamde attestaat-skriba naas die skriba te benoem. Sy opdrag is dikwels net om die kerklike register op datum te hou en attestate saam met die voorsitter te teken. In daardie geval is hy ’n blote hulp-skriba van die kerkraad. Dit is beter om die attestaat-skriba die skriba van die kerkraad te maak, terwyl ’n ander broeder die skriba van die breë-kerkraad word. Dit is logies dat die broeder wat die notule van die kerkraad behartig, die getuienis (attestaat) moet sertifiseer as in ooreenstemming met die besluit van die kerkraad. Waar nodig kan hulp-skribas by die skribas benoem word.

7. Noukeurigheid.

Die skriba se werk is noukeurige werk, veral wat die optekening van die handelinge, die afhandeling van korrespondensie, die [220] liassering van kerkraads-dokumente, die hou van afskrifte, ens., betref. In 1963 het die Deputate vir die Argief ’n “Handleiding” gepubliseer wat voorligting oor die beheer van kerklike dokumente gee. ’n Goeie skriba is ’n waarborg vir ’n ordelike kerklike administrasie.

8. Wat opgeteken moet word.

Die vraag is wat “noodsaaklik” opgeteken moet word. Soms is dit gebruiklik om ’n oorsig van die bespreking in die notule te gee en dit kan nogal wetenswaardig wees. In die notule gaan dit egter om die handelinge van die vergadering, en nie om die diskussie tussen persone en hulle standpunte nie. Die skriba moet liewers net alle besluite van die kerkraad opteken. Dit is noodsaaklik. Verslane voorstelle word nie opgeteken nie, tensy daarom uitdruklik gevra word. Die veiligste weg is dus wanneer ’n skriba hom hou by aantekening van wat ter tafel kom en wat die vergadering daaromtrent besluit. Op ’n vergadering kom soms kleiner onbenullige dingetjies

voor, wat ook nie opgeteken word nie.

9. Die publikasie van die notule of handelinge (acta).

Kerklike vergaderinge handel oor sake en persone. Die handelinge mag deur elke lid van die vergadering gesien word. Die meeste besluite oor sake is van algemene belang en kan gepubliseer word. Persoonlike sake is egter vertroulik van aard. Die persoon wat deur 'n vertroulike besluit direk of indirek geraak word, het egter altyd die reg om gewaarmerkte afskrifte van die besluite wat op hom betrekking het, op te vra.

Elke kerklike vergadering reël self hoe hy sy besluite publiseer. By die publikasie moet daarteen gewaak word dat vertroulike sake nie publiek gemaak word nie (vgl. tugsake in art. 31 K.O.). Publikasie kan iemand se goeie naam skade aandoen en mag selfs tot siviele hof sake lei.

ARTIKEL 35.

DIE WERK EN TERMYN VAN DIE VOORSITTER

Op meerdere vergaderings presideer 'n bedienaar van die Woord en die werk van die praeses is om voor te dra en te verduidelik wat behandel moet word, toe te sien dat elkeen op sy beurt spreek, om die wat redetwis en al te heftig spreek die swye op te lê, en as hulle geen gehoor [221] *gee nie, die gepaste sensuur oor hulle uit te oefen. Sy amp hou op as die vergadering beëindig is.*

1. Geskiedenis.

In die ou redaksie begin die artikel met: "Die werk van die praeses is …". Die Sinode van 1964 het Art. 35 effens uitgebrei om dit duidelik te stel dat 'n bedienaar van die Woord op alle meerdere vergaderinge presideer. Dit is egter geen nuwe beginsel nie, maar die logiese resultaat van artikels 37 en 41 wat die voorsitterskap van die kerkraad en klassis onderskeidelik reël.

Dit is opmerklik dat die Nederlandse woord "amp" in die Afrikaanse bewerking op een plek met "werk" weergegee word terwyl dit in die laaste sin as "amp" behou word. Dit is taalkundig korrek aangesien "amp" in Nederlands verskillende terme soos funksie, diens, waardigheid, ens., dek. In Afrikaans het "amp" gaandeweg die betekenis van *funksie* of *diens* verloor en dui gevolglik nog net die waardigheid en bevoegdheid aan. Die artikel gee dus in die eerste sin nou die werk of funksie van die voorsitter aan en bepaal in die tweede sin dat die waardigheid of bevoegdheid aan die einde van die meerdere vergadering verval, ongeag of die werk voltooi is of nie.

2. Die voorsitter en die kerklike vergadering.

In kerke met meer as een predikant of in 'n meerdere vergadering waar 'n ondervoorsitter naas die praeses ageer, kan die verhouding tussen voorsitter en vergadering onpartydig bly deur die leiding aan die plaasvervanger te oorhandig wanneer die voorsitter betrokke raak. In kerke met net een predikant word dus besonder hoë eise aan die voorsitter gestel. Wanneer hy partydig optree, trek die verhouding tussen hom en die kerkraad (of 'n deel daarvan) skeef. 'n Voorsitter moet nooit sy idee as 'n besluit op die kerkraad afdwing nie. Sy taak word in hierdie artikel bepaal as 'n taak van leiding sodat 'n beslissing geneem kan word en in die proses moet hy die orde handhaaf. Die uitbreiding van sy taak, kragtens artikel 16 en 23 K.O., mag hom in geen opsig tot 'n dominokraat, outokraat of heerser in die kerkraad verhef nie. Onpartydigheid in

die leiding van die vergadering moet altyd die ideaal van die voorsitter wees, hoewel hy, wanneer nodig, op bepaalde beginsels wat in die beslissing oorweeg moet word, die aandag moet vestig. In ’n meerdere vergadering moet die voorsitter onpartydig lei en wanneer hy as afgevaardigde ’n standpunt bepleit, die leiding aan die assessor (vgl. by art. 34) oordra.

[222]

3. Die amp (eerder as die persoon) presideer.

In die kerk van die Here lei die Woord van die Here. Die amp wat die Woord bedien, word derhalwe met die praesidium belas. Die leiding uit die stoel moet dus ook prinsipieel bepaald wees (nie persoonlik nie). Die bedienaar van die Woord is miskien nie die bekwaamste persoon in die vergadering nie. Hy is ook nie “hoër” as die ander kerkraadslede nie en ook nie “oor” hulle gestel nie. Hy is maar net kragtens die amp wat hy bedien, die eerste onder gelykes (primus inter pares).

4. Wanneer ’n ouderling op ’n kerkraadsvergadering mag presideer.

In heel besondere omstandighede, wanneer ’n bedienaar van die Woord nie bekom kan word nie, spreek dit vanself dat ’n kerkraad moet funksioneer en dus uit eie midde ’n tydelike voorsitter sal aanwys om in die vergadering leiding te neem. Die beginsel in art. 33 maak dit onmoontlik dat ’n predikant regter in sy eie saak kan wees. Soms is dit op ’n kerkraadsvergadering wenslik, wanneer ’n onskuldige en nie-prinsipiële saak (byvoorbeeld, gewone verlof, ’n honorarium, ens.) die persoon van die predikant raak, dat ’n ouderling verkies word om net vir die een saak die leiding te neem terwyl die predikant die vergadering verlaat. Dit moet egter uiters versigtig gebruik word, maar is beslis ’n ordeliker en veiliger weg as wanneer ’n predikant self presideer of selfs net in die vergadering bly, want die vryheid van bespreking sal daardeur gestrem word. Vir gewigtiger sake is daar egter deur die klassis ’n konsulent aangewys (vgl. art. 4 en 5 K.O.). Hy moet op die vergadering presideer wanneer daar nie ’n predikant is nie of wanneer die belange en persoon van die predikant onder behandeling is.

5. ’n Konsulent as voorsitter.

Die Sinode van 1907 het bepaal dat ’n wettige breë-vergadering sonder die konsulent gehou mag word indien dit ’n dringende aangeleentheid is; dat dit in oorleg met die konsulent afgehandel word en dat die handelinge van die buitengewone vergadering op die eersvolgende gewone vergadering bekragtig word.

'n Konsulent is ’n deputaat van die klassis wat die kerkraadsvergaderinge moet lei wanneer daardie kerkraad nie ’n voorsitter het nie (vgl. art. 4 en 5 K.O.). Hy word nie daardeur lid van die kerkraad nie, word nie by die kworum gereken nie en het geen keurstem nie. Hy bly aan die klassis verantwoordelik vir alle verrigtinge deur die kerkraad van ’n vakante kerk. Gevolglik kan ’n [223] vakante kerkraad nie maar enige predikant “laat kom” om ’n vergadering te lei nie. Iemand wat op versoek van die konsulent sy plek neem, moet aan die konsulent ’n verslag stuur van wat onder sy leiding verhandel is.

6. Beslissende stem.

Geen voorsitter van enige kerklike vergadering het ’n beslissende stem nie. ’n Voorsitter het as lid van die vergadering net sy gewone keurstem en dit moet gelyktydig met die stemming deur die ander lede van die vergadering uitgebring word. In geen geval mag hy dit eers na ’n staking van stemme uitoefen nie. As die stemme oor ’n saak gestaak het, is die saak van die tafel af. Met toestemming van die vergadering mag soms ’n herstemming toegelaat word. By staking van stemme oor persone, reël die voorsitter dat die lot gewerp word nadat die Naam van die Here

eers in gebed aangeroep is (vgl. verder by art. 31 en 33 K.O.).

7. Die werk van die voorsitter.

a. Om voor te dra en te verduidelik wat behandel moet word:

Die voorsitter moet met die agenda op hoogte wees, die sake aan die orde stel, verskillende sake wat met mekaar verband hou, uitsoek en gelyktydig voor die vergadering lê. In die ou reformatoriese vergaderinge was dit gebruiklik om eers die leerstellige, daarna die kerkordelike en laastens die algemene ("particuliere") sake aan die orde te stel. Die voorsitter moet 'n begrip hê van die beginsels wat ter sprake mag kom en dit in 'n onpartydige gees kortliks noem met die doel om die vergadering só te lei dat dit spoedig tot 'n beslissing kan kom. Hierdie voordrag en verduideliking beteken nie dat hy 'n eerste volledige toespraak oor die saak moet hou nie. Indien daar 'n rapport dien, kan hy die verduideliking goedskiks oorlaat aan die rapporteur. Met takt, oorleg en onpartydigheid moet hy regverdig optree teenoor persone met teenoorgestelde standpunte, geensins heers of oorheers nie, maar tegelyk sorg dat hy die vergadering onder beheer het. Die voorsitter (in samewerking met die skriba) of die moderamen van 'n meerdere vergadering kan 'n stuk as onontvanklik reël. Die gronde vir die reëling moet egter aan die vergadering meegedeel word. Die vergadering kan egter besluit om die stuk wel in ontvangs te neem.

b. Toe te sien dat elkeen op sy beurt spreek:

Twee persone kan nie gelyktydig die vergadering toespreek [224] nie; persone mag nie mekaar toespreek nie, maar moet deur die stoel die vergadering toespreek. Die voorsitter moet 'n lys van spreekbeurte hou en die sprekers op 'n regverdige wyse in die volgorde waarin beurte aangevra is, geleentheid gee; toesien dat hulle hulle bepaal by die saak wat voor die vergadering is, nie te veel tyd in beslag neem nie, nie herhaal wat hulle self of iemand anders reeds uitvoerig aangedui het nie; die aandag van die vergadering op herhaling vestig en vra of iemand nog 'n argument wil aanvoer wat nog nie voor die vergadering gelê is nie. In groter vergaderinge reël die voorsitter dat dieselfde spreker 'n beperkte aantal spreekbeurte kry, hoewel dit nie rigoristies tot een spreekbeurt beperk kan word nie. Sodra hy oordeel dat die vergadering ryp is vir 'n beslissing, kan die voorsitter die hoofelemente uit die bespreking saamvat en vra of dit die besluit van die vergadering is. Indien daar voorstelle met amendemente is, stel hy eers die amendemente en dan die geamendeerde voorstel. Ter wille van die goeie orde kan hy, wanneer daar talle verwante voorstelle of amendemente is, die stemming uitstel sodat die voorstellers en sekondante of die moderamen geleentheid het om die elemente te orden of saam te voeg sodat die vergadering nie in verwarring geraak nie.

c. Om die wat redetwis en al te heftig spreek, die swye op te lê.

Sprekers sondig soms deur of strydlustig, of onnodig skerp te raak. Dit kan gebeur deur beledigende opmerkings teenoor ander sprekers; deur allerlei persoonlike opmerkings wat met die saak niks te doen het nie, by te sleep; deur verlies van humeur; deur 'n botsing tussen twee sprekers, ens. Gewoonlik is 'n taktvolle ingryping van die voorsitter genoeg om die spreker die swye op te lê of hom in 'n meer heilsame trant te laat voortgaan. Wanneer die debat dreig om "te warm" te word, kan 'n klein pouse dikwels die gemoedere weer kalmeer. Indien iemand egter volhard deur hom heftig te versit, moet die voorsitter hom met krag en beslistheid beveel om te swyg en te gaan sit. Die voorsitter mag egter ook deur misverstand faal en nie die regte beslissing neem nie en dan moet die ondervoorsitter hom taktvol tot orde roep.

d. As hulle geen gehoor gee nie, die gepaste sensuur oor hulle uit te oefen.

'n Persoon wat weier om hom by die reëling van die voorsitter neer te lê, kan deur hom beveel word om die vergadering [225] te verlaat. Onmiddellik daarin moet die vergadering in sy afwesigheid sy optrede beoordeel en ’n mosie van sensuur op sy gedrag oorweeg. Indien hy aan wangedrag skuldig bevind word, berus die verdere tugoefening by die kerkraad (vgl. artt. 72, 75, 79 en 80 K.O.), of indien hy ’n afgevaardigde in ’n meerdere vergadering was, by diegene wat hom gestuur het. Sensuur het hier niks te doen met afhouding van die sakramente of ban uit die kerk nie. Dit wys alleen op afsnyding (sensuur) uit die sitting van die betrokke vergadering solank die weerbarstige party die orde van die vergadering verontagsaam.

Indien die voorsitter self die magte van die praesidium oorskry, kan die ondervoorsitter hom versoek om die vergadering te verlaat, waarna die vergadering oor sy leiding kan oordeel. Die vergadering kan hom versoek om sy optrede te matig of desnoods in ’n mosie hulle afkeur oor sy optrede uitspreek.

8. Die verantwoordelikheid van die vergadering ten opsigte van orde.

Die vergadering wys ’n voorsitter aan om die orde te handhaaf, maar bly self primêr daarvoor verantwoordelik. Elke lid het die reg om, wanneer die orde na sy mening bedreig word, onmiddellik en voetstoots ’n *punt van orde* voor die vergadering te opper. Die punt moet slegs op die orde betrekking hê, byvoorbeeld ’n vraag of die spreker hom nog by die punt onder bespreking bepaal, of ’n uitlating toelaatbaar is, of ’n reëling van die moderamen opgaan, ens. Op grond van of sonder ’n voorafgaande punt van orde kan enige lid van die vergadering ’n *ordevoorstel* indien. Dit mag slegs verduidelik word, nie bespreek word nie. Dit word sonder om ’n sekondant te vra onmiddellik tot stemming gebring. Indien ’n ordevoorstel die meerderheid behaal, stel dit die orde vir die saak onder bespreking vas. ’n Ordevoorstel mag oor geen inhoud van die voorstel beslis nie, maar moet slegs op die orde (prosedure) betrekking hê, byvoorbeeld dat nou tot stemming oorgegaan word, dat die vergadering nou sluit, dat die saak na ’n kommissie vir pre-advies verwys word, dat die saak saam met ’n ander punt op die sakelys behandel word, dat ’n konsulent ingeroep word as die voorsitter betrokke geraak het, ens.

Die voorsitter kan ’n wenk wat as ’n punt van orde geopper word as sy reëling aanvaar. Indien die vergadering nie daarmee tevrede is nie, moet die orde deur middel van ’n ordevoorstel vasgestel word.

[226]

9. Die duur van die praesidium.

In kerke met net een bedienaar van die Woord is hy die vanself sprekende voorsitter van die kerkraad (art. 37 K.O.). Dit verleen aan hom die praesidium op en vir die duur van die kerkraadsvergadering, maar geen besondere bevoegdhede buite die vergadering nie, behalwe wanneer iets deur die vergadering aan die voorsitter opgedra was. In kerke met meer as een bedienaar van die Woord, bepaal art. 37 K.O. met “om die beurt”, net soos art. 35 K.O., dat die *amp,* funksie of waardigheid van die betrokke voorsitter beëindig is by die afsluiting van die kerkraadsvergadering wat hy gelei het. Dit geld ook wanneer gereël was dat die predikante beurtelings vir ’n week of maand as voorsitter sal optree.

Ten opsigte van meerdere vergaderinge bepaal art. 35 dat die voorsitter geen funksie na die sluiting en beëindiging van die vergadering behou nie. Die voorsitterskap van ’n kerklike vergadering is altyd ’n tydelike funksie, nooit ’n permanente waardigheid, soos by Rome, of ’n termyn-bepaalde waardigheid en bevoegdheid, soos by die kollegialistiese kerkregeringstelsels

nie. Aan die moderamen van 'n meerdere vergadering kan wel sekere uitvoerende werksaamhede opgedra word, byvoorbeeld om die handelinge in druk uit te gee, om 'n bepaalde besluit aan die owerheid te gaan voorlê, ens. In daardie geval tree hulle egter kragtens art. 49 K.O. as deputate op.

Die gereformeerde beginsel in art. 35 K.O. bepaal dat daar geen hiërargie van persone in die kerk geduld kan word nie. Dit word verder onderstreep met die bepaling in art. 41 K.O. dat dieselfde voorsitter nie vir twee agtereenvolgende samekomste aangewys mag word nie en met die bepaling in art. 84 K.O. waardeur enige heerskappyvoering onder ampsdraers uitgesluit word. Die praeses van 'n kerkraads- of meerdere vergadering is net 'n voorganger onder gelykes vir die duur van die samekoms.

ARTIKEL 36.

DIE SEGGENSKAP OF OUTORITEIT IN DIE KERKVERBAND

> *Dieselfde seggenskap het die klassis oor die kerkraad wat die partikuliere sinode oor die klassis en die algemene sinode oor die partikuliere sinode het.*

1. Inleiding.

Hierdie artikel is in 'n sekere sin vir teenstrydige vertolking [227] vatbaar. Met 'n kollegialistiese uitgangspunt sou hier klaarblyklik gereël word dat die kerkraad aan die meerdere vergaderinge ondergeskik is. Met 'n smaak vir hiërargie sou selfs verstaan kan word dat hier 'n piramide van meerdere vergaderinge gebou word, asof die sinode die hoogste, die partikuliere sinode die tweede hoogste, die klassis die derde hoogste en die kerkraad die laagste gesagskring verteenwoordig. Dit sou die hele artikel in 'n gereformeerde kerkorde onvanpas gemaak het. Die waarborg teen so 'n hiërargie, kollegialistiese piramide lê net in die woordjie *dieselfde,* wat met nadruk voorop geplaas is want dit wat *dieselfde* is, is identies en *gelyk*.

2. Die gesag van die kerkraad oor die gemeente is anders as die seggenskap van die klassis oor die kerkraad.

(a) *Gesag* en *seggenskap* is nie heeltemal dieselfde nie. Die *gesag* van die ampsdraers wat in die kerkraad verenig, word op grond van die Skrif direk aan God (vgl. art. 30 N.G.B, en Sondag 39 Heid. Kat.) ontleen (vgl. ook by artt. 16, 23, 37 K.O.). Omdat die meerdere vergaderinge nie buite die kerkrade bestaan nie, geen permanente regeerliggame is nie en dus nie *oor* die kerkrade kan regeer nie, is daar van 'n *eie selfstandige* gesag *oor* die kerkrade nie sprake nie. Kragtens die ooreenkoms wat kerkrade met mekaar aangegaan het (vgl. by art. 29), moet die kerkrade die gesamentlike besluite eerbiedig. Hulle verbind hulle daartoe in die las-briewe aan hulle verteenwoordigers (vgl. art. 33). *Seggenskap* wys dus net op die bevoegdheid van die "federasie" van kerkrade om besluite te neem wat elke lid van die "federasie" bind. Hierdie artikel sou dus nooit mag sê: "Dieselfde seggenskap wat die kerkraad oor die gemeente het, het die klassis oor die kerkraad…" nie. Die kerkraad is die enigste gesagdraende vergadering oor die gemeente, terwyl die meerdere vergaderinge middele is wat die kerkraad in die uitoefening van die gesag aanwend. Daarom reël art. 36 K.O. maar net die ou gereformeerde beginsel dat mindere vergaderinge nie die besluite van meerdere vergaderings mag ignoreer nie, maar verplig is om hulle uit te voer (vgl. sestiende-eeuse besluite, F.L. Bos: *De Orde der Kerk,* bl. 144).

(b) *Die gesag van die kerkraad* en *seggenskap van die meerdere vergadering* verskil in die

eerste plek ten opsigte van hulle *oorsprong*. Kerkrade ontleen hulle gesag direk aan Christus, terwyl meerdere vergaderinge hulle bevoegdheid op grond van die ooreenkoms tussen kerkrade verkry. In *duursaamheid* besit die kerkraad durende bevoegdheid. As die kerkraad verdwyn, bestaan daar [228] geen geïnstitueerde kerk meer nie (vgl. art. 37 K.O.) en verval die seggenskap van 'n meerdere vergadering vanself. Wanneer daar geen meerdere vergaderinge, maar wel 'n kerkraad is, kan die kerk nog bestaan. Ten opsigte van die *doel* kan opgemerk word dat die kerkraad nie ter wille van die meerdere vergadering bestaan nie, maar die meerdere vergadering wel ter wille van die kerkraad bestaan. Verder strek die gesagsterrein van die kerkraad oor die hele gemeente, terwyl die meerdere vergaderinge van hulle begin af (vgl. by F.L. Bos, t.a.p., bl. 143) slegs bevoegdheid het oor sake wat die kerkrade daarheen volgens 'n vrywillige ooreenkoms in 'n Kerkorde gevoer het. Op grond van art. 30 N.G.B, kan ons met reg sê: Die kerkraad is die enigste en die enigste selfstandige en permanente bestuursliggaam in die kerk want die meerdere vergaderinge is blote vergaderingvorme van meervoudige kerkrade.

3. Die artikel handel oor die meerdere vergaderinge.

Die artikel spreek dus nie oor gesag van die kerkraad oor die gemeente nie. Dit begin met die klassis. Sodoende sê dit dat die drie meerdere vergaderinge dieselfde seggenskap (Latyn: "authoritas") besit, met gelyke gesag besluite neem en handhaaf en met enerse outoriteit beklee is. Hoewel ons die klassis as 'n mindere vergadering teenoor die sinode sal onderskei omdat dit uit minder kerkrade saamgestel is, is die seggenskap (outoriteit) van die klassis nie anders of minder as dié van die sinode nie. Dit is presies gelyk, identies of *"dieselfde"*. Sodoende wil die artikel juis elke sweem van hiërargie, asof 'n klassis minderwaardig teenoor 'n sinode sou wees, afsny. So vorm dit 'n noodsaaklike aanvulling by artikel 29 K.O. Dit plaas die drie meerdere vergaderinge ten opsigte van seggenskap op presies dieselfde vlak.

4. Die artikel onderstreep die kerklike weg.

Ooreenkomstig die samestelling van die meerdere vergaderinge in artikels 41, 47 en 50 bepaal art. 36 ook die logiese aaneenskakeling van die seggenskap. Die klassis bestaan uit kerkrade, die partikuliere sinode uit klassisse en die nasionale sinode uit partikuliere sinodes. Dit is dieselfde seggenskap, met ander woorde, die klassis kan nie by die partikuliere sinode verbygaan om 'n ander seggenskap by die nasionale sinode te vind nie. Die partikuliere sinode kan nie sy samestellende klassisse misken en direk met kerkrade handel nie. Deur die bepaling van *dieselfde seggenskap* [229] onderstreep die artikel met 'n gesagbeginsel die kerklike weg wat artt. 30 en 33 reeds formeel gereël het.

5. Meerdere vergaderinge besit nie opgehoopte, groter of ander mag as kerkrade nie.

Die kerklike weg gaan van die kerkraad na die klassis, daarvandaan na die partikuliere sinode en laastens na die algemene sinode. Die opdragte of sakelys word stelselmatig kleiner of raak uitgedun deur afhandeling op mindere vergaderinge, maar die seggenskap bly *dieselfde*. Die bevoegdheid van die meerdere vergaderinge word op die kerklike weg in hierdie opsig groter in soverre hulle sekere sake kan afhandel kragtens die kerkverband (art. 30 en 31 K.O.), maar hulle gesag word nie stelselmatig meer of groter nie.

(a) Daar is *net een kerklike seggenskap, gesag* of *outoriteit,* waardeur 'n kerklike vergadering kan regeer en dit is die gesag waarmee God die kerk beklee het. Die kerk beroep dan ampsdraers om in die besondere ampte die gesag van God in die kerklike liggaam te bedien, asof hulle deur God self in die diens gestel is (1 Kor. 12:12, 13, 28; Ef. 4:11, 12; Hand. 20:28). Vir die bediening van die regering van God in sy kudde vorm die ouderlinge die kerkraad (presbuterion, 1 Tim. 4:14). Die raad van ouderlinge (kerkraad) bedien dieselfde gesag as die

afsonderlike ouderlinge. Wanneer die raad van ouderlinge nou ook saam met ander rade in 'n vergadering van meer kerkrade saamkom, bly dit nog dieselfde gesag, die kerklike seggenskap, die outoriteit wat aan die kerklike regering deur God verleen word. Hierdie seggenskap verander nie in wese nie. Die oomblik wanneer ons egter in demokratiese of liberalistiese sin die mense op die kerklike vergadering as die bron van gesag beskou, is die seggenskap van 'n meerdere vergadering groter as dié van 'n mindere vergadering.

(b) *Die wese van kerklike seggenskap maak dit onmoontlik om dit op te hoop:* Dit is al deur gereformeerde kerkregtelikes beredeneer dat die afgevaardigdes na meerdere vergaderinge die gesag van hulle kerkrade saambring, en dat dié dan oor saamgebragte mag (potestas cumulata) beskik wat "meer is as dié van die kerkraad". Dit is 'n verkeerde opvatting omdat gesag van God en nie van die aantal bedienaars van die gesag afhanklik is nie en gevolglik kan dit nie soos klippe opgestapel word nie. Byvoorbeeld, 'n klein kerkraad het dieselfde gesag as 'n groot kerkraad, maar nie altyd dieselfde vermoë nie. Die moontlikheid, [230] bevoegdheid of vermoë om gesag uit te oefen, kan deur die samekoms van afgevaardigdes van meer kerke groter word, maar dit hoop nog nie hulle gesag op nie. Trouens, met die uitgangspunt van saamgebragte mag, sou die vergadering met die meeste afgevaardigdes die grootste hoop mag besit, en daarmee sou art. 36 K.O. opgehef word, omdat die seggenskap dan nie meer dieselfde is nie, maar van groter tot grootste ingedeel sal moet word.

(c) *Meerdere vergaderinge is nog altyd kerkraadsvergaderinge:* By die behandeling van art. 29 K.O. is reeds aangetoon dat daar geen wesens- of soortverskil tussen die kerkraad aan die een kant en die meerdere vergaderinge aan die ander kant bestaan nie. Die meerdere vergaderinge is 'n bepaalde vorm van kerkraadsvergadering en kan dus in die volgende opsigte van 'n gewone kerkraadsvergadering onderskei word:

(i) 'n Kerkraad is die permanente en 'n meerdere vergadering 'n tydelike samekoms van die kerkraad met ander kerkrade.

(ii) 'n Kerkraad is 'n vergadering van leer- en regeerouderlinge, terwyl 'n meerdere vergadering 'n samekoms van kerkrade deur hulle wettige afgevaardigdes is. Dit is nie 'n beginsel dat daar juis afgevaardig moet word nie want die volle kerkrade sou ook kon saamkom.

(iii) 'n Kerkraad is die regeerliggaam van die kerk (art. 30 N.G.B.), terwyl meerdere vergaderinge 'n regeerliggaam van kerkrade in kerkverband, federasie of vennootskap is.

6. Die grond vir die seggenskap van meerdere vergaderinge.

(a) Die kerkrade het 'n "gemeen akkoord" (art. 86 K.O.), 'n vrywillige en verpligte verband gesluit of 'n konfederasie met mekaar op grond van eenheid in belydenis en kerkregering aangegaan. Hulle ondersteun mekaar in sekere sake van kerkregering.

(b) In die Skrif (Hand. 15) is 'n voorbeeld van die wyse waarop verteenwoordigers van die kerk van Antiochië saam met die kerk van Jerusalem bindende besluite vir al die kerke deurgee.

(c) Die kerke verbind hulle in die geloofsbriewe plegtig om die besluite van meerdere vergaderinge as bindend te beskou. Weiering om te deputeer of hierdie binding te aanvaar, is in teorie reeds verbreking van kerkverband. Selfs in die wêreldlike reg is 'n vennoot gebonde aan die kontrak van die vennootskap.

7. Die aard van die seggenskap.

Daar word op allerlei maniere onderskei in die kerklike mag. So word van die leermag (potestas docendi), regeermag (potestas [231] regiminis) en tugmag (potestas disciplinae)

gespreek, of van profetiese mag (diens van die Woord), koninklike mag (diens van die regering) en priesterlike mag (diens van barmhartigheid). Die seggenskap van art. 36 het te doen met die regeer- en tugmag, die koninklike mag. Meerdere vergaderinge is nie in Roomse sin 'n eenheid van kerklike liggaam, 'n landskerk of streekkerk nie, maar is samekomste vir die eenheid in regering, want die kerke vorm primêr 'n geloofseenheid in Christus.

8. Die karakter van die seggenskap.

Die kerklike seggenskap verskil wesentlik van wêreldlike outoriteit. Dit is *geestelik* van aard omdat dit die gesag van Christus met Woord en Gees moet wees. Dit is *dienend of bedienend* van aard en geen dwingende heerskappyvoering nie. Dit is *gesaghebbend* en nie net adviserend nie. Dit is *bindend* (art. 31 K.O.) maar nie onfeilbaar nie. Die besluite van kerklike vergaderinge rus dus op 'n seggenskap wat amptelik bindend van aard is. Sonder hierdie beginsel van art. 36 sou die vergaderinge van art. 29 K.O. blote independentistiese konferensies wees.

ARTIKEL 37.

DIE KERKRAAD.

In alle kerke moet 'n kerkraad wees wat bestaan uit die bedienaar(s) van die Woord en die ouderlinge, wat gereeld vergader onder voorsitterskap van die bedienaar van die Woord of die bedienaars om die beurt as daar meer as een is.

1. In elke kerk moet 'n kerkraad wees.

(a) *Die plaaslike kerk:* Elke kerk (gemeente) is 'n komplete en selfstandige kerk. Die Skrif ken die afsonderlike kerke van Jerusalem, Antiochië, Rome, Korinthe, ens., as selfstandige openbaringe van die heilige katolieke (algemene) kerk, die Liggaam van Christus. Die woord "ekklessia" (as uitgeroepte volk van God) vir kerk of gemeente word in die Nuwe Testament dan ook net gebruik vir die plaaslike kerk of die wêreldwye onsigbare kerk van ware gelowiges in Christus (vgl. Inleiding par. 4). In die Skrif word 'n groep van kerke (gemeentes) nooit 'n kerk genoem nie. 'n Kerk is 'n vergadering van mondige en onmondige gelowiges en nooit 'n vergadering van amptelike verteenwoordigers van die [232] kerk nie. 'n Kerkraad is daarom ook nie 'n kerk nie, maar 'n raad van die kerk. Die vergadering van gelowiges moet soos 'n liggaam georganiseer, versorg en regeer word. Daartoe dien die kerkraad.

(b) *Die kerkraad:* In die Skrif is daar dan ook genoeg getuienis hoe die eerste kerke ouderlinge gekies het (Hand. 11:30; 14:23; Tit. 1:5) en dat die ouderlinge as 'n presbiterium of kerkraad opgetree het (Hand. 15:2, 6, 22; 1 Tim. 4:14). Daar was dus gewone samekomste van die ouderlinge as 'n raad van die kerk (1 Tim. 4:14), buitengewone samekomste (Hand. 15:6) en geleentheidsamekomste (Hand. 20:1, 21:18). Aan die ouderlinge is die regering oor die kudde opgedra (Hand. 20:28; 1 Tim. 3:1, 5). Tereg bepaal die Kerkorde dus die beginsel dat daar in elke kerk 'n kerkraad moet wees (vgl. ook by art. 29 K.O.).

2. Die kerkraad bestaan uit die ouderlinge.

Uit die Skrifgegewens in die vorige paragraaf is dit reeds duidelik dat die raad van die kerk uit die oudstes, presbiters of ouderlinge saamgestel word. So gebruik die Kerkorde konsekwent die term "kerkraad" vir die raad van ouderlinge en noem die sogenaamde breë-kerkraad die vergadering van *ouderlinge en diakens* (artt. 4, 5, 11, 14, 15, 17, 21, 25, 29, 36, 37, 38, 39, 41, 44, 70, 73, 74, 75, 76, 77, 78, 82, 83), terwyl slegs in art. 53 die diakens nie uitdruklik genoem word

nie, maar by die kerkraad veronderstel moet word. Art. 37 handel dus oor die kerkraad as ’n raad van ouderlinge en nie oor ’n sogenaamde breë-kerkraad nie. In die kerk van Koning Christus moet daar ’n *regering* wees, wat uitgeoefen word deur diegene wat die regering bedien. Dit is dus foutief om, soos soms in gereformeerde kerke gebeur, die breë-kerkraad as eintlike kerkraad te beskou en die eintlike kerkraad te beperk tot ’n kollege van ouderlinge vir sensuuroefening met die oog op die Nagmaal. Die wettigheid van handelinge van so ’n breë-kerkraad ten opsigte van attestate, toelating tot die aflegging van belydenis van die geloof of tot die sakramente, uitsprake oor prinsipiële kwessies, sal op goeie gronde betwyfel kan word. Die volgende artikel bepaal uitdruklik in welke gevalle die diakens tot die kerkraad gereken word.

Diegene wat die kerkraad as ’n vergadering van “ampsdraers” (insluitende die diakens) in plaas van “ouderlinge” beskou, veronderstel soms ’n vermeende teenstrydigheid tussen die Kerkorde en art. 30 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Dit is egter genoegsaam deur dr. A.D.R. Polman *(Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis,* deel IV) aangetoon dat die veronderstelling op ’n [233] vergissing berus. Die feit is dat die Geloofsbelydenis slegs die bestaan en vergadering van die besondere ampte as ’n beginsel bely. Art. 31 bely reeds ’n besondere agting vir die ouderlinge sonder om die diakens daarby te noem, en art. 32 die noodsaaklikheid van ’n Kerkorde om aan die belydenis uitdrukking te gee. Dit wat in art. 30 N.G.B, prinsipieel gestel is, word dus in art. 37 en 40 K.O. uitgewerk, terwyl die Kerkorde genoegsaam rekening hou met die vergadering van diakens saam met die kerkraad.

3. Daar is twee soorte ouderlinge.

In die tyd van die apostels is daar eerstens ouderlinge naas die apostels gestel. Gaandeweg is daar onderskei tussen ouderlinge wat regeer en dié wat in die Woord arbei en leer (1 Tim. 5:17). Dit is geyk in die besondere dienste van ouderlinge en predikante. Die bedienaars van die Woord moet egter saam met die ouderlinge die regering behartig, want kerkregering moet in wese die regering van en met die Woord in die kerk wees. Diegene wat meer in besonder die Woord leer, moet dus saam met diegene wat meer in besonder met die Woord regeer, handel (vgl. art. 16 en 23 K.O.).

4. Die bedienaar(s) van die Woord, presideer.

Art. 37 K.O. sluit aan by art. 35 K.O. en stel die beginsel dat die bedienaar(s) van die Woord kragtens hulle diens moet presideer, want die Woord van God moet in die kerk lei. Al is daar dus ’n ouderling wat ’n bekwamer voorsitter is, lei die diens van die Woord nog. Waar daar meer as een bedienaar van die Woord in die kerk is, presideer hulle om die beurt en nie die “bekwaamste” predikant nie. Indien ’n ouderling of ’n predikant op grond van bekwaamheid as voorsitter aangewys sou gewees het, sou so ’n ampsdraer tot ’n permanente leier, ’n biskop of superintendent uitgestyg het en sou die leiding van die vergadering van ’n *persoon* uitgegaan het en nie van die *diens* (amp) van die Woord nie. By die voorsitter moet ook ’n skriba gestel word wat die vaardigheid en kerkregtelike bekwaamheid het om die diens te verrig (vgl. by art. 34 K.O.).

5. Die beurte in die praesidium.

In kerke met meer as een bedienaar van die Woord moet hulle om die beurt presideer. Dit kan van vergadering tot vergadering roteer, of dit kan so gereël word dat die voorsitters beurtelings vir ’n week of maand op alle vergaderinge presideer.

[234]

6. Die jurisdiksie van die kerkraad is beperk tot ’n kerk.

Die artikel bepaal nie dat daar in elke dorp of plek net een kerkraad moet wees nie, maar

op die plek waar 'n kerk is, moet daar 'n kerkraad wees. Die kerkraad van een kerk het dus geen jurisdiksie oor 'n ander kerk nie. Daar is geen *moederkerke, oudste kerke* of groter kerke wat kan aanspraak maak op 'n sekere regeringsbevoegdheid ten opsigte van ander kerke in dieselfde plek of omgewing nie (vgl. art. 84 K.O.).

7. Die vergadering van die kerkraad.

Die Sinode van 1964 het by die hersiening van die Kerkorde die redaksie gewysig en *"gereeld"* in die plek van *"in groter gemeentes in die reël elke week moet saamkom"* geplaas. Die feit dat geen besondere motivering deur die deputate gegee is nie, dui daarop dat die hersiening alleen *die beginsel* wil stel sonder om onnodige reglementering daaraan te verbind.

Dit is soms gebruiklik dat die kerkraad net een maal per kwartaal voor die Nagmaal met die oog op die sogenaamde censura morum saamkom, terwyl daar maandeliks 'n werkvergadering van die breë-kerkraad gehou word. By die behandeling van art. 32 K.O. is gewys op die weeklikse samekoms van die breë-kerkraad met die besondere doel om die eredienste te laat plaasvind. Soms word buitengewone en spesiale samekomste van of die kerkraad, of die breë-kerkraad belê. Die term *"gereeld"* dek alle vorme van samekoms en reël dat die kerkraad deurlopend en permanent ter wille van die regering van die kerk in funksie moet wees. Die bepaling van die presiese tyd en plek van vergadering geskied na die behoeftes, vereistes en omstandighede van elke kerk. In art. 41 K.O. word dit aan die kerke opgedra om hulle te vergewis of die vergaderinge oral gehou word.

In die moderne lewensomstandighede met sy snelle tempo is dit aan te beveel, veral in die stedelike en groter dorpsgebiede, dat die kerkraad sy weeklikse samekoms by die erediens as 'n spesiale vergadering sal beskou, waarop spoedeisende werksaamhede, soos die ontvangs en afgee van attestate afgehandel kan word. Waar dit gebruiklik is om op Sondae voor en na eredienste dergelike sake te behandel, is dit gebiedend noodsaaklik dat die skribas van die kerkraad en die breë-kerkraad, onderskeidelik, die verrigtinge wat tot die onderskeie vergaderinge behoort, sal aanteken en dit as byvoegsels tot die gewone werksvergaderinge sal notuleer sodat dergelike handelinge op 'n volgende gewone werksvergadering behoorlik vasgestel kan word. Dit verseker 'n *gereelde* handeling van die kerkraad.

[235]

8. Oproep van kerkraadsvergaderinge.

Dit geskied gewoonlik volgens afspraak of volgens die gewoonte van 'n staande en bepaalde tyd in die maand en week. Die oproep tot buitengewone vergaderinge moet liefs op die weeklikse samekoms op Sondae deur die kerkraad besluit word. In besonder dringende omstandighede sou die voorsitter en skriba 'n buitengewone vergadering kan oproep, mits aan elke lid behoorlik kennis gegee is van die vergadertyd en doel van die samekoms. 'n Vergadering wat gehou word sonder dat al die kerkraadslede behoorlik kennis daarvan het, moet as onreëlmatig en onwettig beskou word.

9. Agenda van die kerkraadsvergadering.

Gewoonlik is dit onmoontlik om voor 'n kerkraadsvergadering die agenda te versprei, en in die geval van persoonlike en vertroulike aangeleenthede is dit soms beslis onwenslik. Dit is ook onwenslik dat 'n agenda met 'n item "algemeen" vir alles en nog wat oopgestel word. Dit is beter om onder "algemeen" voorstelle te notuleer wat dan op 'n volgende vergadering behandel sal word. Wanneer 'n voorstel die wysiging of herroeping van 'n gewone besluit betref, moet 'n voorsteller op een vergadering kennis gee van sy voorstel vir 'n volgende vergadering. Indien

kerkraadslede vir ’n belangrike saak onder bespreking eers tyd wil hê om hulle behoorlik voor te berei, is dit wenslik om die behandeling uit te stel en op ’n volgende vergadering voort te sit. ’n Kerkraadsvergadering moet sy besluite met oorleg, versigtigheid en na rustige prinsipiële studie neem. Onbesonne, oorhaastige en deurgeforseerde besluite ontstig ’n kerk.

10. Kworum van die kerkraadsvergadering.

Die kerkraad kan die kworum vir sy vergaderinge vasstel, maar dit behoort nie ligtelik op minder as die helfte plus een gestel te word nie. Die beginsel van “meerderheid van stemme” in art. 31 het betrekking op die hele vergadering en nie net op die aanwesige lede nie. Indien die kworum vir ’n wettige vergadering nie bepaal is nie, geld die “meerderheid” as ’n kworum. Indien daar net ’n kworum aanwesig is en ’n saak onder bespreking ’n skerp verdeling in die kerkraad wek, is dit ter wille van die goeie orde in die kerk wenslik om die beslissing uit te stel totdat ’n meer voltallige vergadering gehou kan word. Die voorstel wat in ’n swak bygewoonde vergadering verslaan word, kan moontlik op ’n goed bygewoonde vergadering aanvaar word.

[236]

11. Die gemeente en kerkraadsvergadering.

a) Die gemeente moet kennis dra van die gewone vergadertye van die kerkraad sodat iemand wat iets te verhandel het, kan weet wanneer sy saak moet dien. Die kerkraad beklee nie ’n posisie teenoor die gemeente nie, maar dien *in* die gemeente as kerkraad van en *vir* die gemeente van Christus.

(b) Die gemeente het geen aanspraak daarop om met die agenda van ’n kerkraads-vergadering op die hoogte te wees nie. Aan die ander kant is daar geen besware daarteen dat hulle ingelig sal wees nie omtrent sake van algemene belang, waaroor die kerkraad sal besluit.

(c) Kerkraadsvergaderinge en vergaderinge van die breë-kerkraad is vertroulike vergaderinge. Die handelinge oor persone bly vertroulik, maar besluite oor sake moet bekend gemaak word. In Suid-Afrika het sommige kerkrade na 1859 hulle breë-vergaderinge met oop deure gehou. Die voordele hieraan verbonde weeg egter nie op teen die nadele nie, aangesien gemeentelede wat kom en gaan, ’n oordeel vorm, terwyl hulle nie met die hele saak vertroud is nie. Proponente en teologiese studente word ook soms, om ervaring op te doen, in kerkraadsvergaderinge toegelaat. In die geval van ernstige tugsake het ’n kerkraad egter geen beskerming as hy persone sonder verlof van al die betrokke partye toelaat nie.

Indien nodig hou ’n kerkraad saam met die gemeente vergadering met die oog op beroepe, of om finansiële aangeleenthede, ’n diakonale verslag, of iets dergeliks te behandel. Besluite van algemene belang moet ’n kerkraad op ’n gepaste wyse onder aandag van die gemeente bring, byvoorbeeld deur middel van ’n nuusbrief, afkondigings voor ’n erediens, kennisgewings, huisbesoek, ens. Die vergaderinge van meerdere vergaderinge word egter met oop deure gehou, behalwe wanneer die vergadering vir tugsake in komitee gaan.

(d) Die verhouding van ’n kerkraadsvergadering tot die openbare pers word deur die vergadering self gereël.

12. Vergaderinge van die kerkraad saam met die gemeente.

By die Roomse, Lutherse en kollegialistiese kerkregeringstelsels word die lidmate van die kerkregering uitgesluit. Die Kollegialisme sien dikwels die ouderlinge en diakens as “leke”-verteenwoordigers wat ’n teëwig teen die gestudeerde predikante (“clerus”, Engels “clergy”) moet vorm. Volgens die Kollegialisme word die gemeente soms toegelaat om ampsdraers te

verkies (in liberaal-demokratiese sin) met die gedagte dat die individue so hulle mag aan die [237] ampsdraers delegeer, terwyl die Independentisme weer uit reaksie teen die hiërargie van ampsdraers die volle kerklike mag in hande van elke gemeente behou (vgl. *Inleiding,* par. 5).

Die gereformeerde kerkregering neem op grond van die Skrif 'n eie standpunt in. Die kerk (gemeente) het die kerklike mag en bevoegdheid ontvang, maar oefen dit onder leiding van die kerkraad uit, wat aan God verantwoordelik en wie se bevoegdheid deur sy Woord begrens is (vgl. *Inleiding,* par. 4). By die behandeling van art. 29 is aangetoon dat 'n gemeente (kerk) in buitengewone omstandighede kan vergader om 'n kerkraad te institueer.

Nadat die kerkraad daargestel is, moet dit die gemeente lei en regeer, maar die gemeente behou 'n meewerkende en kontrolerende mag (vgl. art. 31 K.O.). Die *kerkraad* en *die gemeente* moet nie van mekaar geskei en teenoor mekaar gestel word asof die kerkraad 'n afsonderlike liggaam is wat *oor* die gemeente geplaas is of wat *naas* die gemeente bestaan nie. Die kerkraad is nie 'n selfstandige kliek (oligargie) wat heerskappy voer nie. In art. 37 word bepaal dat die kerkraad *in* die kerk, d.w.s. raad *van* en *in* die gemeente moet wees. Gevolglik kan die kerkraad, wanneer nodig, saam met die gemeente vergader.

Dit moet in die eerste plek gebeur by die beroeping van ampsdraers (art. 4, 5, 22 en 24 K.O.). Hierdie vergaderinge van die kerkraad saam met die gemeente is feitlik openbare kerkraadsvergaderinge. Die verkiesing kan in so 'n vergadering nie deur die kerkraad as blote "advies" opsy geskuif word nie. Dit is 'n offisiële handeling van die kerk onder leiding van die kerkraad.

In die tweede plek moet onthou word dat die kerkraad nie onbeperkte mag oor die gemeente het nie (vgl. A. Kuyper, aangehaal in *Inleiding,* par. 4 (d)). Die stoflike belange van die kerk word wel deur die breë-kerkraad behartig, maar is die eiendom en verpligting van die gemeente. In dergelike middelmatige sake is dit noodsaaklik dat 'n kerkraad met die gemeente oorleg sal pleeg. Met die oog daarop kan 'n vergadering van die kerkraad saam met die gemeente gehou word. Die status van 'n besluit op hierdie vergadering is dié van 'n besluit van 'n openbare kerkraadsvergadering.

Daar moet dus onderskei word tussen *prinsipiële* sake (uitsprake in die Skrif, Belydenis en Kerkorde) en *middelmatige* sake. In die prinsipiële sake, waarin die kerkraad die wil van Christus uitvoer, kan 'n kerkraad hom nie deur die gemeente laat bind nie. Maar in middelmatige sake, wat die Skrif nie gebied of verbied nie, mag die kerkraad nie sy besluit of dié van 'n meerdere vergadering met sensuur op grond van die vyfde gebod afdwing [238] nie. So 'n kerkraad sou dan sy besluit in 'n middelmatige saak met dieselfde gesag as 'n voorskrif van Christus beklee en gehoorsaamheid aan hom 'n toetssteen maak vir insluiting tot die koninkryk van die hemele of uitsluiting daarvan. Tussen kerkraad en gemeente moet 'n harmoniese verhouding wees soos tussen die hoof en die liggaam van dieselfde organisme.

By 'n vergadering van die kerkraad saam met die gemeente word die kworum van die breë-vergadering bereken omdat dit as 'n openbare kerkraadsvergadering beskou word.

13. Die taak van die kerkraad.

Die Sinode van 1930 (art. 37a) het getrag om die taak van *die kerkraad* en *die breë-kerkraad* te omlyn. *Die kerkraad* se werksaamhede moet in die eerste plek bepaal word deur die aard van die ouderlingamp wat daar vergader. Die aard en funksie is omskryf in art. 16 en 23 K.O., en in die bevestigingsformuliere van predikante en ouderlinge (vgl. ook beroepsbriewe van predikante). Dit sluit in die voorsiening vir en toesig oor die bediening van die genademiddele,

die katkisasie, evangelisasie, huisbesoek en alle geestelike versorging van die gemeente as geheel. In die praktyk word gewoonlik net die negatiewe kant (skadusy) op die sogenaamde sensura-morum-vergaderinge deur die kerkraad behandel. Dit is foutief. Die positiewe opbou van die gemeente (opbou deur prediking, katkisasie en huisbesoek) moet in die eerste plek gesoek word. Die opdrag om met die Woord van God te regeer, bring gevolglik mee dat in die tweede plek ook aandag gegee moet word aan die bestryding van sonde in die kerk en onder die belydende en dooplidmate (tugoefening). Die kerkraad sal vervolgens alle ingekome stukke wat op die leer, kerkregering en tugoefening betrekking het, moet behandel. Attestate wat ontvang en afgegee moet word, kan net op die kerkraadsvergadering behandel word en so ook aansoeke om belydenis van die geloof af te lê of om as lidmate van die kerk opgeneem te word. Die kerkraad sal besluite van meerdere vergaderinge vir die diakens en lidmate moet verklaar, uitspraak in voorkomende beginselsake moet doen of dit na meerdere vergaderinge vir verdere behandeling moet voer (art. 33 K.O.) en moet toesien dat besluite van meerdere vergaderinge toegepas word.

Die *breë-kerkraad* (kerkraad en die diakens) is ’n kerkraadsvergadering wat deur die byroeping van die diakens ’n meer algemene karakter verkry. Hier word alle sake behandel wat op die beroeping van predikante, ouderlinge en diakens (art. 4, 5, 10, 12, 13, 14, 17, 20, 22, 24, 52, 79 K.O.) betrekking het, insluitende besware teen of van ’n verkose ampsdraer. Omdat die diakens van hulle werksaamhede *in* (en nie *aan* nie!) die kerkraad verslag moet [239] doen, moet die kerkraad hom vergewis of die diakens (net soos die predikant) hulle diens na behore verrig. Daarom word die onderlinge sensuur (art. 81) ook in die breë-kerkraad beoefen.

H. Bouwman *(Gereformeerd Kerkrecht* II, bl. 117 e.v.) reken die deputering na meerdere vergaderinge asook die beheer van die finansies tot die taak van die (smal) kerkraad. Daar sal op praktiese (nie prinsipiële nie) gronde van hom verskil kan word. In die klassis kom die kerkrade ook saam om take wat in die breë-kerkraad behandel was, af te handel (vgl. by beroeping art. 4 en 5; visitasie en toesig oor die versorging van armes, art. 41 en 44; tug oor ampsdraers, art. 79). Omdat die klassis ook ten behoewe van die kerkregering in wyer sin vergader (hoewel ander take, soos advies onder art. 77, tot die enger kerkregering behoort), kan die kerkraad goedskiks die diakens byroep wanneer die verteenwoordigers van die kerkraad in die klassis verkies moet word.

Die finansiële beheer is deur die Konvent van Wezel in 1568 nie tot die taak van die ouderlinge gereken nie. Vroeër is dit aan ’n afsonderlike kommissie van “kerkvoogde” toevertrou. Indien dit nie ’n aangeleentheid vir die diakens is nie (vgl. Sinode 1964, art. 154), spreek dit vanself dat, indien die onderhoud van die dienaars (art. 10, 13 en 20) by die breë-kerkraad tuishoort, die finansiële aangeleenthede ook daar beheer moet word. (Vgl. verder by art. 25, 40 en 41 K.O.). Sendingwerksaamhede moet liefs ook in die breë-kerkraad behandel word omdat dit uitdra van die Woord, die onderhoud van missionêre kragte, sowel as noodleniging aan armes daarin deureengeweef is en dit moeilik onder die kerkraad, breë-kerkraad en diakens verdeel kan word. Die kerkvisitasie (vgl. art. 44) geskied in gewone omstandighede ook in die vergadering van die kerkraad saam met die diakens.

ARTIKEL 38.

STIGTING VAN ’n KERK EN KLEIN KERKRADE

Waar ’n kerkraad vir die eerste maal of opnuut ingestel word, moet dit

geskied met advies van die klassis. As die aantal ouderlinge klein is, kan die diakens deur plaaslike reëling by die kerkraad gereken word; dit moet egter altyd gedoen word waar die aantal ouderlinge minder as drie is.

1. Geskiedenis.

Die artikel handel eintlik oor twee sake: die instelling van 'n kerkraad waar 'n kerk gestig (geïnstitueer) of afgestig word en [240] kerkrade met 'n klein aantal ouderlinge. Die nuwe kerkrade is dikwels ook die kleiner kerkrade, maar nie noodwendig nie. Die basiese redaksie van die artikel dateer uit 1586 toe die twee destyds naas mekaar bestaande beginsels saamgevoeg is. Dit is deur die Nederlandse Sinode van Utrecht in 1905 uitgebrei en by die revisie van 1913 in die Suid-Afrikaanse Kerkorde opgeneem.

A. DIE STIGTING VAN KERKE.

Uit art. 37 volg dat daar 'n kerkraad in 'n kerk moet wees. 'n Ongeorganiseerde, ongekonstitueerde groep gelowiges is nog nie 'n kerk nie. Die Kerkorde gaan van normale omstandighede uit en reël in art. 38 nou die inrigting, instituering en organisasie van kerke. In buitengewone tye (krygsgevangekampe, reformasiebeweginge, ens.) waar die kerkverband nie normaal kan funksioneer nie, rus die plig op die gelowiges om onder enige gepaste leiding tot die instituering van 'n kerkraad (vgl. art. 37) te kom.

1. Waar die kerkraad opnuut ingestel word.

Die oudste redaksie van die artikel reël met die *"opnuut"* instel van 'n kerkraad omstandighede soos dikwels in die tyd van die Reformasie voorgekom het. Die kerke is in 'n tydperk van vervolging verstrooi en moes na die terugkeer van rus opnuut georganiseer word. In buitengewone omstandighede kan dit gebeur dat 'n kerkraad geheel of gedeeltelik geskors of ontbind moet word of in skeuring gaan sodat vir 'n kerkraad opnuut ingestel moet word vir die oorgeblewe deel van die kerk.

2. Waar die kerkraad vir die eerste maal ingestel word.

Hier die redaksie dateer vanaf 1905 en formuleer die meer gebruiklike wyse waarop nuwe kerkrade by afstigting uit 'n reeds bestaande kerk ingestel word, of waarop die instituering (formasie) van 'n kerk onder 'n groep gelowiges wat deur evangelisasie- of sendingarbeid vergader het, moet plaasvind. Die beginsel van art. 38 geld ook waar een of ander gemeente met 'n nominale kerkraad of groep gelowiges buite die kerkverband aansoek doen om as 'n kerk binne die kerkverband van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gestig of opgeneem te word.

3. Die advies van die klassis is in alle gevalle noodsaaklik.

(a) *Die term "advies":* In die gewone taalgebruik is *advies* blote raadgewing wat opgevolg of afgewys kan word. In die gereformeerde kerkreg, waar dit van besluite van meerdere [241] vergaderinge ten opsigte van mindere vergaderinge gebruik word, is dit 'n veel sterker begrip. Dit staan feitlik gelyk aan toestemming, opdrag, goedkeuring, ens. Die Sinode van 1955 (art. 213) ag die "goedkeuring" van die klassis nodig. Die rede waarom die sterker terme nie gebruik word nie, lê in die besondere karakter van die kerkverband. Dit is 'n federasie of vennootskap van gelykwaardige regspersoonlikhede sodat terme, wat die sweem het van 'n hiërargie van meerdere vergaderinge oor die mindere, nie dienlik is nie. Aangesien die kerkverband egter 'n geldige ooreenkoms is tussen gelykwaardige vennote, word die *advies* binne die ooreenkoms gegee in die verwagting dat daarvolgens opgetree sal word. Die advies is die raad, oordeel en besluit van die naburige kerkrade in meerdere vergadering (vgl. H. Bouwman: Gereformeerd

Kerkrecht, II, p. 39 e.v.). Daar is dus selfs appèl teen dié advies moontlik.

(b) Die *inisiatief* vir die kerkstigting kan of van 'n bestaande kerkraad in die klassis, of van 'n groep gelowiges op 'n plek waar nie 'n kerkraad is nie, uitgaan. In die geval van 'n kerkraad word 'n aansoek en konsep-afstigtingsakte voorberei en by die klassis ingedien. In die geval van 'n groep gelowiges, wat buite die jurisdiksie van enige kerkraad val, dien hulle 'n konsep-stigtingsvoorstel by die klassis in. Die indiening kan direk of deur middel van 'n naburige Gereformeerde kerkraad geskied (vgl. art. 39 K.O.).

(c) Die *taak van die klassis* is om te oordeel en daarvolgens advies te gee. Tweërlei faktore moet in ag geneem word: waar moontlik moet kerke oral gestig word, maar aan die ander kant moet geoordeel word of nuwe kerke lewensvatbaarheid sal besit. Waar die stigting klaarblyklik kan en moet geskied, moet die klassis noukeurig oordeel oor: die interne opset, voorkoms, lewensvatbaarheid, bestaans- en uitbreidingsmoontlikhede, stoflike posisie, selfstandigheid, ens.; die invloed op en verhouding tot naburige kerke, duidelike en regverdige grensreëlings, inpassing in die kerkverband, konsulentskap, ens. In geval van verskil tussen aangrensende kerkrade moet die klassis arbitreer. Indien die kerk te swak is om op sy eie bene te staan, volg die klassis die weg in art. 39 K.O. aangedui. Die klassis waak dus in die belange van die te stigte sowel as van die bestaande kerke in die klassikale verband.

Waar twee of meer kerkrade, wat tot verskillende klassisse behoort, besluit om 'n nuwe kerk te stig, is die goedkeuring van al die betrokke klassisse nodig (vgl. Sinode 1873, art. 165 en Sinode 1876, art. 188). In die aansoeke sal die klassikale ressort van die nuwe kerke ook aangedui moet word. Indien 'n nominale "gemeente" of groep gelowiges buite die kerkverband aansoek doen om as 'n Gereformeerde kerk binne die kerkverband gestig te word, [242] en hulle miskien in die ressort van meer as een Gereformeerde kerk of klassis woonagtig is, sal al die betrokke kerklike vergaderinge geken moet word. Dit word bereik deur die aansoek by die onderskeie klassisse te laat dien waar die betrokke kerkrade verteenwoordig is. By dergelike aansoeke mag opname (oplossing) van die aansoekers in bestaande kerke voor die hand liggend wees, maar ander faktore (kerklike eiendomme, agtergrondverskille, geografie, ens.) mag dit tog noodsaaklik maak om die aansoekers as 'n kerk binne die kerkverband op te neem. Daaroor moet die klassis(se) oordeel. Wanneer twee klassisse nie kan ooreenkom nie, voer die klassis wat beswaard is, sy beswaar na die partikuliere sinode van die klassis wat anders geoordeel het.

4. Die advies van die klassis is ook by ontbinding van 'n kerk nodig.

Hoewel dit hier nie in soveel woorde staan nie, is die advies van die klassis ook nodig voordat 'n bestaande kerkraad ontbind mag word. Die Kerkorde gaan so sterk van die positiewe standpunt uit dat dit feitlik nie in die gedagte opkom dat 'n kerk soms ontbind moet word nie. Dit is nie alleen 'n uiters pynlike saak nie, maar ook 'n gebeurtenis wat met alle moontlike middele verhoed moet word omdat die gevolge vir die oorgeblewe gelowiges, die kerkverband en die eer van God so verreikend is. Die beste middel om dit te verhoed, is voorkoming en wel deur weloorwoë advies by alle aansoeke om kerkstigting, terwyl art. 39 K.O. ook 'n weg aandui waarlangs die volle konsekwensie van kerkontbinding vermy kan word. Slegs in die uiterste gevalle, wanneer geen gelowiges meer oorgebly het nie (byvoorbeeld die kerk in Angola) en geen ampsdraers meer verkies kan word nie, mag tot ontbinding besluit word.

5. Indien daar twyfel by die klassis bestaan.

Wanneer 'n klassis nie tot 'n besluit kan geraak oor 'n aansoek tot kerkstigting of kerkontbinding nie, omdat die stukke onvolledig is of omdat daar ernstige meningsverskille binne die naburige kerke is of iets dergeliks, kan die aangeleentheid of aan die gewone, of aan

buitengewone visitatore opgedra word om die betrokke kerke of gelowiges sowel as die volgende klassis te adviseer. In die meeste gevalle kan onvolledige stukke egter terugverwys word, met 'n aanduiding van die onduidelikhede, sodat die aansoeker dit vir 'n volgende klassis gereed kan maak. In geen omstandighede moet 'n klassis swig vir die druk van die aansoeker wat bv. mag redeneer dat uitstel 'n moontlike beroep mag vertraag [243] of dat dit 'n ander skadelike uitwerking mag hê. Stukke wat formeel nie in orde is nie, kan nie te goeder trou "aanvaar" word nie. Die klassis moet juis toesien dat alles vooraf in orde gebring is.

6. Hoe die stigting plaasvind.

a. *Die gewone afstigting van 'n nuwe kerk uit 'n bestaande.*

Die kerkraad wat die afstigting beoog, stel 'n konsep-afstigtings-akte op wat aan die klassis voorgelê word. Indien die klassis adviseer dat die vorm en inhoud gewysig moet word, moet die gewysigde akte deur 'n volgende klassis behandel word. Indien die voorgestelde wysigings nie ingrypend van aard is nie, moet die konsulent en klassikale deputate vir die afstigting hulle vergewis dat die afstigtingsakte in ooreenstemming met die klassikale advies gebring is.

Die klassis moet, by die goedkeuring van die akte, sy deputate vir die afstigting en 'n konsulent vir die te stigte kerk benoem. Hierdie konsulent kan uiteraard eers fungeer wanneer die afstigting (instituering) afgehandel is. Die konsulent van die afstigtende kerk behoort die afstigtende deel van die kerk saam te roep en hy kan dit deur die afstigtende kerkraad laat doen. Die konsulent wat die afstigting lei, moet ook die deputate van die klassis vir die geleentheid oproep. Wanneer 'n klassis nie 'n konsulent aangewys het nie, word dikwels verwag dat die predikant van die kerk van wie afgestig word, die verrigtinge sal lei, of die klassis wys hom as konsulent vir die te stigte kerk aan. Dit is bepaald nie ordelik nie. Die betrokke predikant is te intiem in die aangeleentheid gemoeid om as konsulent namens die klassis op te tree. Dit is belangrik dat die leiding by die afstigting en in die eerste kerkraadsvergaderinge in die hande van 'n onpartydige voorsitter sal wees. Die konsulent van die kerk van wie afgestig word, behoort die afstigting te lei en, na die instituering, die voorsitterskap te oorhandig aan die konsulent wat die klassis vir die nuwe kerk benoem het.

Die konsulent neem in teenwoordigheid van die deputate namens die klassis die leiding op die stigtingsvergadering. Hy lees die goedgekeurde afstigtingsakte, verneem of dit volkome duidelik is, vra 'n voorstel dat tot afstigting oorgegaan word en stel die voorstel. Indien dit goedgekeur word, word vervolgens 'n *vrye verkiesing* gehou om die nodige aantal ouderlinge en diakens aan te wys. Hiervoor kan geen tweetalle deur die afstigtende kerkraad gestel word nie, omdat hulle geen jurisdiksie oor die te afgestigte kerk het nie. Soms gebeur dit egter wel dat 'n onbestrede voorstel [244] ingedien word om die broeders, wat kragtens die afstigtingsakte eervol ontslag in die afstigtende kerk ontvang, te verkies. Sodra die nodige aantal ampsdraers aangewys is, word aan die afstigtende vergadering gevra om hulle approbasie aan die verkiesing te heg. Dit is wenslik dat daar minstens 'n paar uur sal verloop tussen die verkiesing en die bevestiging. Indien daar besware teen verkose broeders ingebring word, moet die konsulent en die deputate van die klassis na bevind van sake optree. Die bevestiging van 'n enkele broeder kan tot na die instituering uitgestel word sodat die nuwe kerkraad oor die besware kan handel. In uiterste gevalle kan die hele instituering uitgestel en die besware eers voor die klassis gelê word.

Op die afstigtingsvergadering volg 'n erediens onder leiding van die klassikale deputate, by watter geleentheid die geapprobeerde broeders in die ampte bevestig word. Daarmee is die nuwe kerk geïnstitueer en moet die konsulent en deputate van die klassis hulle verslag aan die

klassis gereedmaak en indien. Die verslag moet vergesel wees van ’n getekende duplikaat van die afstigtingsakte (geteken namens alle betrokke partye).

Die Sinode van 1952 het duidelike besluite oor die werk van ’n konsulent geneem (artt. 134, 218) en daarop gewys dat dit nie vanselfsprekend en op sigself diens van Woord en Sakramente in die nuwe kerk insluit nie (vgl. by art. 4 en 5 K.O.).

Na die bevestiging vergader die kerkraad van die nuwe kerk onder voorsitterskap van sy konsulent, kies die nodige funksionarisse (skribas, kassier, voorsitter en skriba van die diakonie), reël vergaderplek en -tye van die gemeente, reël vir voorlesers en/of bediening gedurende die vakature, oorweeg kombinasie met ’n ander kerk indien nodig, reël vir die nodige boeke, registers, bankmagtigings vir tjekondertekenaars, gee opdragte betreffende eiendomme en finansies, reël vir die bewaring van dokumente, ens., ens.

b. *Die afstigtingsakte*.

Die afstigtingsakte is na vorm en inhoud van omstandighede en plek afhanklik. Dit sal onder andere die volgende elemente bevat: die tyd en plek van afstigting; die naam van die te stigte kerk (wat na afstigting deur die nuwe kerk met goedkeuring van die klassis gewysig kan word); ’n alfabetiese naamlys van onbesproke belydende en dooplidmate aan wie akte tot afstigting (let wel nie attestaat nie, aangesien hulle nie na ’n reeds bestaande kerk vertrek nie) verleen word (wat op die afstigtingsvergadering voorgelees word om die stemgeregtigdes te bepaal); ’n afsonderlike naamlys van doop- en belydende lidmate wat onder kerklike tug verkeer en die besondere aandag van die nuwe kerkraad sal verg (wat nie op die afstigtingsvergadering [245] voorgelê hoef te word nie aangesien sodanige lidmate nie stemgeregtig is nie); ’n duidelike omskrywing van die grense van die nuwe kerk; ’n klousule in verband met stoflike skenkings van die afstigtende kerk aan die nuwe kerk; ’n akte van eervolle ontslag aan die betrokke kerkraadslede van die afstigtende kerk wat van krag word sodra die afstigting plaasgevind het; ’n heilbede; ens.

In die afhandeling van die afstigting is dit wenslik dat gemagtigde deputate van die afstigtende kerk ook die verrigtinge bywoon en die stukke saam met die klassikale deputate en die nuwe kerk onderteken.

Wanneer meer as een kerkraad die afstigting deurvoer, handel beide kerkrade in ooreenstemming met die prosedure wat hierbo aangedui is. Die akte word dan gesamentlik deur die kerkrade wat afstig, gereedgemaak.

c. *Wanneer ’n bestaande kerkgroep as ’n nuwe kerk gestig word*.

Soms gebeur dit dat ’n bepaalde “gemeente” aansluiting by die Gereformeerde kerkverband begeer. Die grond vir so ’n aansoek moet altyd ’n onvoorwaardelike onderskrywing van die Belydenis en Kerkorde van die Gereformeerde kerkverband wees en dit sal in die stigtingsakte beskryf moet wees. Die klassis moet in hierdie gevalle handel (Sinode 1955, art. 213). Die prosedure sal aangepas word om die omstandighede te dien. Wanneer die klassis in beginsel die stigting goedgekeur het, sal die konsulent en klassikale deputate opdrag ontvang om met voorstanders (verteenwoordigers) van die “gemeente” (aansoekers) die stigtingsakte en naamlys gereed te maak en deur al die aansoekers te laat goedkeur (teken). Daarna sal dit vir finale goedkeuring aan die klassis voorgelê word. Of daar weer ’n herbevestiging van ampsdraers moet plaasvind, sal afhang van die aard van kerkregering en liturgie wat in die aansoekende “gemeente” in swang was. ’n Losbestaande gereformeerde gemeente sou as ’n geïnstitueerde eenheid deur die klassis in die kerkverband opgeneem kon word.

d. *Herstigting van 'n ontbinde Geref. Kerk.*

Wanneer 'n Gereformeerde Kerk *opnuut* gestig moet word, nadat dit in verstrooiing ontbind het, sal die klassikale deputate onder leiding van die konsulent die funksies van 'n afstigtende kerkraad verrig totdat die nuwe kerkraad bevestig is.

B. KERKRADE WAT KLEIN IS.

1. Hoe groot 'n kerkraad moet wees om te kwalifiseer.

Die Kerkorde reël dat die diakens altyd tot die kerkraad ([246] vgl. art. 37) gereken moet word as die getal ouderlinge minder as drie is. Wanneer 'n kerkraad uit twee ouderlinge of uit 'n predikant en 'n ouderling bestaan, *moet* die diakens op die kerkraad sitting neem. Die konsulent is nie 'n stemgeregtigde lid van die kerkraad nie en word dus nie in berekening gebring nie. Waar slegs een ouderling en een diaken is, kan moeilik van 'n kerkraad gespreek word. Dergelike gevalle moet volgens art. 39 K.O. behandel word. Die beginsel word nie bloot deur die aantal (kwantitatief) bepaal nie. Minder as drie ampsdraers bied geen waarborg vir 'n onpartydige en gesonde kerkregering sonder enige heerskappyvoering nie. Drie ampsdraers is die absolute minimum wat 'n kerkraad kan vorm.

2. Die diakens as hulpouderlinge.

Die Kerkorde bepaal: waar minder as drie ouderlinge is, *moet,* en waar die kerkraad klein is, *kan* die diakens tot die kerkraad gereken word. Die diakens word hier nie kragtens hulle amp nie, maar deur kerklike reëling in die regering betrek. Hierdie ampsdraers, wat 'n ander diens verrig, word by die diens van die ouderlinge gebring om die ouderlinge in die kerkregering te help. Die heil van die kerk, die wering van hiërargie en heerskappy en die roeping om in ooreenstemming met die gereformeerde belydenis en kerkorde te regeer, maak die maatreël noodsaaklik. In dergelike klein kerkrade vergader die ouderlinge en diakens nie afsonderlik vir die uitvoering van hulle dienste nie, maar die ouderlinge tree ook weer as hulpdiakens in diakonale sake op (H. Bouwman: *Kerkrecht* II, bl. 115). Kerkregtelikes is dit eens dat in 'n saak wat die ouderlingdiens aangaan, die diakenstemme nie die deurslag behoort te gee nie en omgekeerd behoort ouderlingstemme nie 'n diakonale saak te beslis nie. Wanneer dit gebeur, moet liefs gewag word totdat daar eenstemmigheid bereik is of hulp moet in die klassis gesoek word. In klein kerkrade moet middelmatige sake nooit met klein meerderhede deurgedryf word nie omdat dit altyd die weg open vir heerskappyvoering en onrus in 'n kerk wat deur verdeeldheid en onmin uiters kwesbaar is. Die Kerkorde bepaal nie wanneer die kerkraad en diakens afsonderlik moet vergader nie. Dit hang van die aantal ampsdraers en van die ampsgawes af, maar 'n raad van vyf ouderlinge behoort in die reël met die nodige toewyding goed te kan regeer.

3. Kombinasie van kerke.

a. 'n *Kombinasieakte.*

Kombinasie is geen vereniging van twee kerke tot een kerk nie, [247] maar is slegs 'n bindende en skriftelike ooreenkoms wat twee of meer kerkrade met mekaar, met die oog op 'n gemeenskaplike belang soos in 'n kombinasieakte beskryf, aangaan. So 'n ooreenkoms kan gerig wees op bediening van die genademiddele, sending, evangelisasie, barmhartigheidsstigtings, ens. In die ooreenkoms wat die twee of meer kerkrade met behoud van selfstandigheid aangaan, moet 'n vooraf bepaalde doel duidelik en in 'n skriftelike akte omskryf word.

Waar so 'n kombinasie 'n buitengewone vorm van kerkverband (met 'n plek tussen die kerkrade en klassis) word, moet die klassis van so 'n kombinasieakte kennis neem en hom daaroor uitspreek. So 'n ooreenkoms mag moontlik in belang van twee kerke wees, maar kan 'n

derde met skadelike gevolge uitsluit, waardeur 'n buitengewone vorm van kerkverband die gewone vorm kan benadeel.

Die Sinode van 1939 (art. 43) het 'n breë advies gegee en konsep-voorbeelde gegee in verband met beroepe na kombinasie-kerke (vgl. bylaes by art. 4 K.O. in die Kerkordeboekie). Blykens die beginsel in art. 5 K.O. ten opsigte van die klassis of die konsulent het die kerkverband belang by die beroep deur kerke. Die konsulent is 'n deputaat van die klassis.

b. *Vorme van kombinasies*.

Gewoonlik verbind twee of meer kleiner kerkrade hulle om gesamentlik 'n bedienaar van die Woord te beroep, sodat hulle gesamentlik sy onderhoud kan waarborg. Soms is dit egter nodig dat een finansieel-selfstandige kerk met 'n naasgeleë swak en klein kerk kombineer wanneer dit die enigste weg is waarlangs die hulpbehoewende kerk die dienste van 'n bedienaar van die Woord kan bekom. Die beginsel van naasteliefde speel in so 'n kombinasie 'n belangrike rol. Dit is foutief om so 'n swak kerk permanent op 'n konsulent of konsulentsbediening aan te wys, soos vroeër algemeen gebruiklik was, aangesien hy dit uitsluitlik ten opsigte van 'n beroep moet adviseer. (Vgl. by art. 4 en 5 K.O. en Sin. 1924 art. 131, Sin. 1927 art. 115).

'n Kombinasie is 'n tydelike ooreenkoms wat vir 'n bepaalde beroep aangegaan is. 'n Nuwe ooreenkoms moet met die oog op die volgende gesamentlike beroep gesluit word. Wanneer een van die partye na die verval van die kombinasie-ooreenkoms begeer om voortaan alleen te beroep, moet hy daarvoor die advies van die klassis verkry (art. 5 K.O.) en ook aan sy vorige vennoot in die kombinasie kennis van die voorneme gee. Die klassis moet in sy advies die doeltreffende bediening van al die partye uit die vorige kombinasie vir die toekoms in ag neem.

[248]

c. *Gekombineerde kerkraad:*

Waar een of meer kerke in kombinasie gesamentlik vir die onderhoud toesig oor die diens van 'n predikant verantwoordelik is, word in die kombinasieakte gewoonlik vir 'n gekombineerde kerkraad met die oog op die behartiging van die gemeenskaplike belange voorsiening gemaak. Waar 'n groot en 'n klein kerk kombineer, kan egter ook anders ooreengekom word. 'n Gekombineerde kerkraad se kerkregtelike bevoegdheid, status en gesag word in die akte gereël. Sy status is nie dié van 'n kommissie van die twee kerkrade nie, maar vir die doel van ooreenkoms is dit gelyk aan dié van 'n kerkraad, want dit is in beginsel reeds 'n vergadering van meer kerkrade. Verskille kan dus net deur die klassis besleg word (vgl. by art. 29 K.O.).

Die Sinode van 1939 (art. 44) het geadviseer dat 'n gekombineerde kerkraadsvergadering sal besluit "met die instemming van die kerkrade wedersyds en nie met blote meerderheid van stemme nie". Die beginsel is dat elke kerkraad verantwoordelik is vir die bediening en selfstandig (met behoud van die belange van die kerkverband, vgl. art. 5, 10, 11 en 38 K.O.), sy eie bedienaar van die Woord beroep. 'n Kombinasie vir die beroep van een predikant na twee of meer kerke maak nie daardie kerke één kerk nie.

In die onderhandelinge om tot kombinasie te geraak, handel die twee kerkrade as twee afsonderlike regspersoonlikhede. Nadat die kombinasieakte van krag geword het, tree hulle egter gesamentlik op in dié sake waarin hulle hulle in die akte verbind het. Die status en gesag van die gekombineerde kerkraadsvergadering met betrekking tot sake wat in die akte (kontrak) gereël is, is dié van 'n amptelike kerklike vergadering. In sake wat *nie* deur die akte omskryf is nie, kan so 'n gekombineerde kerkraadsvergadering die onderskeie kerkrade slegs adviseer. Die wedersydse instemming van al die betrokke kerkrade kan (met advies van die klassis) tot

opsegging, wysiging of uitbreiding van die kombinasieooreenkoms lei.

Indien gekombineerde kerkrade volgens akte verbind is tot 'n gekombineerde kerkraads-vergadering, kan *al* die betrokke kerkraadslede saamkom. Die stemming geskied daar egter nie hoofdelik nie, maar per kerk. Die kerkraad van elke kerk stem (binne die gekombineerde vergadering) afsonderlik en die finale beslissing word per kerkraadstemme gegee. 'n Getalryker kerkraad kan dus nie oor 'n kleiner kerkraad heers nie. Wanneer die akte bepaal dat die gekombineerde kerkraadsvergadering uit 'n gelyke aantal verteenwoordigers van elke kerkraad sal bestaan, moet die afvaardigende kerkrade hulle verteenwoordigers van geloofsbriewe [249] voorsien en moet elke gekombineerde kerkraadsvergadering na analogie van 'n klassis gekonstitueer word. Die geloofsbrief moet die gebruiklike stipulasies (vgl. by art. 33 K.O.) met 'n byvoeging bevat, naamlik dat die deputate las, instruksie en volmag het om namens die deputerende kerkraad "volgens Gods Woord en die Drie Formuliere van Eenheid …, die Kerkorde *en die bestaande kombinasieakte"* besluite te neem. 'n Reëling van 'n gelyke aantal verteenwoordigers per kerkraad impliseer egter dat daar hoofdelik, soos op 'n klassikale samekoms, gestem sal word. Dit moet goed verstaan word dat die afvaardiging, volgens 'n wettige kombinasieooreenkoms (kontrak), na 'n gekombineerde kerkraadsvergadering beteken dat die onderskeie kerkrade in hulle onderskeie afvaardiginge verteenwoordig en aanwesig is, behoudens die reg van art. 31 K.O. In dié sake wat in die kombinasieakte aan 'n gekombineerde kerkraadsvergadering toegewys is, besit die gekombineerde kerkraadsvergadering dus die bevoegdheid, status en mag van 'n kerklike vergadering wat tussen die betrokke afsonderlike kerkrade en die klassis funksioneer. In die wêreldlike reg sal dit met 'n gekontraktueerde vennootskap vergelyk. Derhalwe moet die stipulasies van die kombinasieakte noukeurig opgestel en nagekom word.

d. *Gesamentlike kommissies van twee of meer kerkrade*.
Twee of meer kerkrade kan met mekaar deur middel van twee kommissies onderhandel. Die beginsel in art. 49 K.O. maak dit egter onmoontlik dat 'n Gesamentlike Kommissie selfstandige beheer of bestuur uitoefen. Dié weg word egter soms bewandel wanneer twee of meer kerkrade hulle verbind tot gesamentlike sending, diakonale versorging of iets dergeliks. Dergelike kommissies kan egter net besluite uitvoer, terwyl in die reël, by werksaamhede soos sending byvoorbeeld, selfs besluite geneem word, oor 'n missionêre leraar en werkkragte toesig en tug uitgeoefen moet word, ens. Om 'n kommissie in al hierdie sake eers na die onderskeie kerkrade vir 'n opdrag te laat teruggaan, is onprakties (omslagtig, tydrowend en selfs duur). Onafhanklike instruksies van kerkrade sou die gesamentlike kommissie weer maklik voor teenstrydighede te staan bring en die werksaamhede verlam. Dit is beter dat kerkrade vir dergelike gesamentlike aksies behoorlik kombineer en vir 'n gekombineerde kerkraad ten opsigte van sendingwerk voorsiening maak.

e. *Verskille tussen kerkrade in kombinasie* word na die klassis vir arbitrasie en uitspraak verwys. Indien een van die gekombineerde partye (al het sy verteenwoordigers op die gekombineerde kerkraad daarvoor gestem) deur 'n besluit van die [250] gekombineerde kerkraad beswaard voel, appelleer hy na die klassis (art. 31 K.O.).

ARTIKEL 39.

INKOMPLETE KERKE EN VERSPREIDWONENDES

Plekke waar nog geen kerkraad kan wees nie, moet deur die klassis

onder sorg van 'n naburige kerkraad gestel word.

1. Geskiedenis.

In die tyd van die Reformasie het daar op sommige plekke klein groepies Gereformeerdes ontstaan. Hulle was min en die gawes wat vir die besondere ampte nodig is, het ontbreek. Aanvanklik het een of ander kerkraad 'n bedienaar daarheen gestuur, selfs met bevoegdheid om ampte in te stel. In 1586, oorgeneem in 1619, het die Kerkorde bepaal dat die klassis ondertussen sou doen wat "des kerkraads was". By die revisie in Nederland (1905) is, vanweë die ondervinding tydens die Doleansie, die huidige redaksie vasgestel. Dit is in 1913 in ons Kerkorde opgeneem.

Sedert 1859 was daar by uitstek in Suid-Afrika toestande wat die toepassing van die artikel aktueel kon gemaak het. Tog het die bediening van dergelike braaklande nie van die kerkverband uitgegaan nie, maar grootliks van die inisiatief van predikante en kerkrade afgehang (Sinode 1897, art. 33). Dit kan egter ook toegeskryf word aan 'n verkeerde kerkbegrip, naamlik dat 'n Gereformeerde, as lid van die "genootskap", vanselfsprekend deur enige predikant van die kerkverband bedien moet word, of dat die Gereformeerde uit 'n kerk verhuis, maar lid van die "kerkgenootskap" bly.

Met die stigting van die Eeufeesbedieningsfonds het die posisie van verspreidwonende Gereformeerdes egter in toenemende mate aandag en kerkregtelike besinning geniet (vgl. Sinode 1955, art. 245 en Sinode 1961 art. 149). Daaruit blyk dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika wel deeglik die roeping van die kerkverband ten opsigte van inkomplete kerke erken, maar dat hy ook die gereformeerde beginsel dat die bediening primêr van 'n kerk moet uitgaan, handhaaf. Die kerkraad wat in 'n klassis opdrag tot bediening van dergelike inkomplete kerke ontvang, moet kerkregtelik as 'n deputaat van die klassis beskou word. Omdat dit 'n kerkraad is, strek sy bevoegdheid egter verder as net die uitvoering van besluite van die klassis. In wese word hier dus 'n kerklike voogdyskap oor inkomplete kerke gereël. Dit skakel die besware uit dat die klassis 'n hoër bestuur word of dat die [251] kerkverband sy roeping buite die grense van die plaaslike kerke versuim.

2. Plekke waar nog geen kerkraad kan wees nie.

Die gereformeerde kerkregering (art. 37, 38 K.O.) begin met 'n selfstandige en komplete kerk, georganiseer op 'n bepaalde plek, onder leiding en toesig van 'n kerkraad. Maar nou gebeur dit dat gelowiges wat dieselfde belydenis en kerkregering onderskryf, woonagtig is op plekke waar nie 'n gemeente of kerkraad bestaan nie.

Met *plekke* word nie sonder meer stede, voorstede of dorpe bedoel nie. Die *"plek"* wys heen na die kerklike sentrum van gemeenskapsbeoefening, die plek waar die gelowiges vergader. Elke plaaslike kerk het grense. Dit was in die verlede gebruiklik om soms die grense van 'n kerk so te bepaal dat dit landstreke omspan. So is in 1859 van die gemeente Rustenburg gepraat as die kerk van Suid-Afrikaanse Republiek. Indien daar nou op talle plekke 'n paar lidmate woon, word daar 'n onpraktiese en ondraaglike bedieningslas op hierdie kerk gelaai en word die betrokke gelowiges teoreties tot 'n kerk gereken terwyl hulle prakties buite die kerk leef. Die meganiese grensreëling doen geweld aan die kerk as 'n lewende gemeenskap. Wanneer lidmate van kerk A in dorp B woon, maar finansieel en andersins in staat is om kerklik 'n redelike gemeenskap met A te onderhou, kan hulle nie (onder art. 39) as "verspreidwonend" gekwalifiseer word nie. Die kerkraad van A is dan die kerkraad op dorp B. Daar is dan geen beswaar dat B binne die grense van A ingedeel word nie. Wanneer daar egter lidmate op dorp C

gaan woon, en vir wie dit onmoontlik is om met A mee te lewe, is dit sinloos om C binne die gemeentelike grense van A in te deel. Tereg het die Sinode van 1955 (art. 245) besluit dat die klassis moet oordeel wanneer lidmate as "verspreidwonend" bedien moet word. Die omvattender advies wat deur die Sinode van 1961 aanvaar is (art. 149), toon dat klassisse by die grensreëlings van kerke sal moet waak dat die grense vir die bepaalde kerklike gemeenskap bepaal word deur die moontlikheid om met die kerklike sentrum mee te leef. Die *plekke* wat dan buite hierdie sfeer val, word volgens art. 39 bearbei. Tereg word "die plekke waar nog geen kerkraad kan wees nie", die voorpunte van 'n ontwikkelende kerkverband genoem en gewaarsku teen die gevaar dat dit die agterhoede van 'n (dikwels pasgestigte en nog sukkelende) plaaslike kerk gemaak word (Sinode 1961, art. 149). "Plekke" kan selfs nog breër as geografiese entiteite verstaan word en daarmee kan met vrug op sendinggebied rekening gehou word. 'n Aantal Spaanstaliges kan moeilik 'n lewende deel van 'n suiwer Afrikaanssprekende kerk op 'n bepaalde plek wees.

[252]

3. Moet deur die klassis onder sorg gestel word.

Die kerke in die klassis moet 'n studie maak van plekke in hulle ressort waar nog geen kerkraad kan wees nie en dit onder sorg van 'n naburige kerkraad stel. Sodra daar gelowiges gaan woon, is dit duidelik vanwaar hulle bedien moet word. Eweso kan in die Part. Sinodes bepaalde braaklande aan bepaalde klassisse toegewys word.

Hier die bepaling hou nie in dat die klassis die grense van 'n bepaalde kerk verruim wanneer dit 'n bepaalde plek vir bediening aan 'n naburige kerkraad toevertrou nie. So 'n mag het 'n klassis nie ten opsigte van 'n plaaslike kerk nie. Die plaaslike kerk bepaal self sy grense met goedkeuring van die klassis of in oorleg met naburige kerkrade en lê alleen verskille vir arbitrasie aan die klassis voor (vgl. Sinode 1873, art. 165; Sinode 1876, art. 188, 194). Artikel 39 bepaal juis dat al die kerke in die klassis *primêre* verantwoordelikheid vir die bediening van die plek buite die grense van 'n plaaslike kerk aanvaar, maar hulle laat daardie plek versorg deur een van die samestellende kerkrade. Die bediening sou selfs in rotasie aan meer kerkrade en by uitsondering selfs aan 'n gewillige kerkraad buite die bepaalde klassis toegewys kon word. Vanselfsprekend moet so 'n kerkraad op gesette tye verslag van die bediening aan die klassis doen, totdat daar 'n kerkraad op die plek is wat self in die klassis verteenwoordig is. Ondertussen rus die plig op die kerke in die klassis om die betrokke verspreidwonende gelowiges vir die koninkryk van God te versorg. Die kerke in die klassis moet ook die uitbreiding van die kerk soek, totdat die klassis kan adviseer dat op die plek 'n kerkraad moet kom (art. 38). Die gemeenskaplike roeping en verantwoordelikheid van die kerke ten opsigte van die verspreidwonendes moet in en om die klassikale vergadering geopenbaar word (vgl. aanbeveling, Sinode 1961 art. 149).

4. Gestel onder sorg van 'n naburige kerkraad.

Die regsposisie van die kerkraad wat in opdrag van die klassis die inkomplete kerke of verspreidwonendes (waar dus nog nie eers ampsdraers aangewys kon word nie) bedien, is dié van 'n voog wat in oorleg met die klassis optree.

So 'n kerkraad behoort toe te sien dat die verspreidwonendes *voldoende* Woord- en Sakramentsbediening ontvang, dat kategetiese onderrig gegee word, dat huisbesoek gedoen word, ens. (Luk. 15:4). Die selfsugtige neiging om op grond van getalle eie bedienings- en stoflike belange voor te stoot, moet ter wille van [253] die roeping tot die koninkryk van God bestry word. Verspreidwonende gelowiges moet juis deur die aanmoediging, liefde, hulp en belangstelling

van die versorgende kerk versterk word in omstandighede wat dikwels moeilik is. Indien moontlik moet 'n ouderling en 'n diaken op die plek bevestig word. Wanneer daar ampsgawes ontbreek, behoort dit finansieel en andersins vir ampsdraers uit die versorgende kerk moontlik gemaak te word om daar te gaan arbei. Waar nodig moet sustentasie van die klassis aangevra word.

Die administrasie van plekke waar nog nie 'n kerkraad kan wees nie, moet die patroon van inkomplete kerke aanneem. In die lidmateregisters van die versogende kerk moet die name afsonderlik gehou en die statistiek in die Almanak afsonderlik aangegee word met die doel om die kerkverband in te lig (Sinode 1955, art. 220) en om selfstandigwording te stimuleer. Die omstandighede maak dit gewoonlik vir die ampsdraers van die afgeleë plekke onmoontlik om gereeld verslae in die kerkraad van die versorgende kerk te kom gee. Dikwels reis die predikant van die versorgende kerk daarheen af om Woord en Sakramente daar te bedien. Dit is noodsaaklik dat die predikant, ouderling en/of diaken in dergelike gevalle daar 'n vergadering (soos 'n kommissie van die versorgende kerk) sal hou. Van die vergadering moet 'n behoorlike notule gehou word. Elke notule moet in die vorm van 'n verslag aan die versorgende kerk gestuur word. Dit moet weerspieël dat Woord en Sakramente daar, na behoorlike huisbesoek en tugoefening, bedien en aan die behoeftiges hulp verleen word. Dit moet getuig van 'n behoorlike kontrole oor die kerklike bydraes, kollektes, kategese, verhuisings, ens. Wanneer die werksaamhede daar sodanig uitbrei, kan 'n notuleboek aangelê word, waaruit die kommissie vir die bediening aldaar, gereeld verslae aan die versorgende kerkraad moet stuur. Hierdie verslae vorm weer die materiaal waaruit die versorgende kerkraad sy verslag vir die klassis opstel. Daar moet ernstig gewaarsku word teen 'n slordige administrasie. Dit gebeur so maklik dat 'n kind byvoorbeeld gedoop word terwyl dit nergens aangeteken word nie. Indien dit ter plaatse in die notule aangeteken is, bied dit 'n referensie indien die predikant sou versuim om dit in die offisiële doopregister aan te bring.

Omstandighede sal 'n eie kleur aan die bediening gee. So kan 'n vraag of die gelowiges elke Sondag vir gesamentlike godsdiensoefening by 'n voorleser moet saamkom, nie kategories beantwoord word nie. Dit is nog geen komplete kerk waarop art. 68 van die K.O. van toepassing is nie. Daar kan eerder op die rusdag huislike [254] samekomste (1 Kor. 16:19) gehou word. Wanneer die bediende kerk die gelowiges versorg, is dit egter wel eredienste. Dit is wenslik dat daar een of ander vasstaande roetine in die bepaling van die eredienste gevolg word, byvoorbeeld elke eerste Sondag van die maand, ens., sodat dergelike gelowiges maklik op hoogte van die samekomste kan bly. Indien die leraar ter elfder ure verhinder word of die bedienende kerk vakant raak, kan 'n voorleser aldaar of uit die bedienende kerk die erediens onder amptelike toesig lei sodat dit nie net van die predikant afhanklik is nie. Wanneer die kerkverband hulle met raad en daad agter die bedienende kerk inwerp, kan juis die toepassing van art. 39 K.O. kragdadige evangelisasiearbeid tot gevolg hê.

ARTIKEL 40.

DIE DIAKONALE VERGADERING

Die diakens moet gereeld saamkom om met aanroeping van die Naam van God te handel oor die sake wat hulle amp aanbetref en die bedienaar van die Woord moet daaroor goed toesig hou en indien nodig, daarby teenwoordig wees.

1. Geskiedenis.

Die samekoms van die diakens is nie in art. 29 K.O. genoem nie, omdat daar oor die samekomste vir die regering van die kerk gehandel is. Die diakens behoort nie (behalwe as hulp-ouderlinge, vgl. art. 38 K.O.) tot die enger kerkregering nie. Die wese van hulle amp is anders. Sedert 1574 is bepaal dat die diakens weekliks moet saamkom. Hierdie reglementering, wat nie altyd en oral nodig mag wees nie, is in 1905 vervang deur *"waar dit nodig is elke week",* terwyl die Sinode van 1964 dit nog meer prinsipieel saamgevat het met die term *"gereeld"*.

2. Die amp of diens van die diakens.

Die diens van die diakens, wat in art. 25 K.O. gereël en in die Bevestigingsformulier omskryf is, verg, net soos die diens van die ouderlinge, gesamentlike oorleg, 'n diakonale raad, soms ook "diakonie" genoem. By Dordtrecht in 1574 is die uitdeling van die aalmoese "aan wie en hoeveel" toegewys aan die "discretie van die diakenen, die tot dien einde hun samekomsten houden, dat zij in gewone zaken niet handelen zonder elkanders advies".

[255] In art. 25 K.O. word die "eintlike" amp van die diakens as armversorging omskryf. So het die Sinode van 1927 dit ook gedoen, hoewel 'n meerderheid van studie-deputate 'n ruimer vertolking van die diakonale diens bepleit het. Die Sinode van 1964 (art. 154) is met omvattende probleme gekonfronteer en het die hele aangeleentheid vir studie verwys. Die breë toeligting in die Acta spreek vir homself. Vir die huidige geld dat die "sake wat hulle amp aanbetref" op die noodlenigingsarbeid van en in die kerk van Christus sien. Waar daar verkeerdelik soms van die opvatting van 'n breë-kerkraad as die eintlike kerkraad uitgegaan word, word soms seggenskap van die diakens in allerlei sake van kerkregering, plaaslik en in kerkverband, bepleit en slegs die uitoefening van tug vir die eintlike (smalle) kerkraad gereserveer. Dit is 'n gevaarlike standpunt omdat dit die diakens onderwerp aan 'n ideaal van enger kerkregering wat op die duur of van hulle leerlingouderlinge moet maak, of hulle amp totaal in die ouderlingskap moet oplos.

Soms word die taak en diens van die diakens egter ook weer in so 'n mate tot armversorging beperk, dat geredeneer word dat hulle hoegenaamd geen taak met betrekking tot die algemene stoflike administrasie van die kerk het nie. In gevalle waar dit egter gebruiklik is dat die breë-kerkraad die stoflike belange van die kerk administreer, kan die diakens goedskiks as lede van die breë-kerkraad met verantwoordelikhede belas word. Die feit dat hierdie sake nie volgens art. 25 en 40 op die vergadering van diakens dien nie, onthef hulle net so min van hierdie gemeenskaplike verantwoordelikheid as wat die smal kerkraadsvergadering die ouderlinge hiervan onthef. Dit is egter 'n ope vraag, indien die diakonale amp op Hand. 6 gebaseer word, of die bediening van die tafels deur die kollege van sewe net tot armversorging beperk kan word, aangesien die hele gemeente aan die tafels aangesit het. Daar is egter nog nie afdoende helderheid of net die armversorging en of nie ook die stoflike versorging van die kerk die eintlike diens van die diakens uitmaak nie.

Vervolgens moet daarteen gewaak word dat die diakens nie op sterkte van 'n beroep op hulle amp met die sosiale kwessie van armoede en nood op maatskaplike terrein belas word nie. Hulle amp het met die behoeftes in die kerk — en waar nodig met die weldadigheid van die kerk aan alle mense te doen. Die diakens bly dus ook aan die beginsel van art. 30 K.O. gebonde.

Die diakens moet die orgaan van die kerk wees wat die insameling en uitdeling van liefdesgawes van en vir die kerk (as 'n gemeente) organiseer, lei en uitvoer. Dit mag nooit vertolk word [256] asof die kerk aan die diakens gawes afdra en dat die gawes diakonale eiendom word nie. So word dit van die kerk vervreem. Dit is die kerk van Christus (vergadering van gelowiges) wat hierdie dienste deur die vergadering van diakens in die Naam van Christus verrig.

Dit is opmerklik hoe dikwels die rekening van die diakens by die finansiële balansstaat van ’n kerk ontbreek, asof dit iets buite die kerk is. Die feit dat art. 40 in die K.O. net na art. 37—39 opgeneem is, toon dat dit aktiwiteite van dieselfde kerk van Christus is. Dit is bevorderlik vir die orde dat die diakonale rekening (sonder persoonlike detail) in die balansstaat van die kerk getoon word. Amp-onderskeidinge mag nie tot skeidinge deurgevoer word nie.

Die diakonale samekoms het, naas die kerkraad, ’n soewereiniteit in eie kring. Dit is ook die diakonale diens van die kerkraad. Die kerkraad kan dus nie in die interne diakonale bestuur voorskryf nie. In hulle amp hanteer die diakens die gawes ter versorging van die kerk. In hulle amp hanteer die ouderlinge weer die Woord met die oog op regering. Daarom moet die kerkraad oor die vergadering van diakens, net soos oor die bedienaars van die Woord, toesig hou. Hierdie regering sluit nie ’n vetoreg oor suiwer diakonale besluite en praktyk in nie, maar die kerkraad moet hom vergewis of die diakonale amp ooreenkomstig die Skrif, Belydenis en Kerkorde bedien word.

3. Hoe dikwels die diakens vergader.

Aanvanklik is bepaal dat die samekoms weekliks moet geskied. “Gereeld” impliseer so dikwels as wat nodig is. Hier kom dieselfde beginsels as by art. 37 K.O. te pas. In die praktyk kan onderskei word tussen die gereelde diakonale werksvergaderinge en die weeklikse samekoms by die eredienste om die gemeente in die Christelike handreiking te lei. Wanneer ’n diaken ’n noodgeval moet voordra, kan die diakens dit op Sondae met hulle weeklikse samekoms vir die eredienste behandel. Die skriba van die diakens moet egter van dergelike spesiale diakonale handelinge aantekening maak en dit as byvoegsels tot die werkvergadering notuleer. Dit word dan ook vasgestel op die gewone samekoms. Daar mag nie (en tog gebeur dit!) gelde bestee word indien dit nie op ’n wettige wyse besluit en aangeteken is nie. Dit is wenslik dat die gewone diakenvergadering minstens elke maand gehou word.

4. Hoe die diakonale vergadering gehou word.

Die diakens moet volgens art. 40 tot ’n vergadering konstitueer. [257] Daarvoor kies hulle uit eie geledere ’n voorsitter en skriba wie se onderskeie funksies na analogie van art. 34 en 35 omlyn kan word. Dit word dus nie herhaal nie.

Die beginsel van art. 32 K.O. is ook van krag ten opsigte van die diakonale vergadering. Die versoeking is in die praktyk soms groot om die diakonale hulpverlening van God los te maak en daar maklik en gou oor te hardloop, asof dit ’n aansoek van ’n bedelaar of ’n bydrae tot ’n straatkollekte is. Dit kan so lig in ’n liefdadigheidsbehandeling ontaard en is dan nie meer ’n bediening van barmhartigheid deur ’n gemeente van die barmhartige God nie. Die aanroeping van die Naam van God karakteriseer dus ook die diakonale vergadering as ’n amptelike diens van die kerk deur ampsdraers in die Naam van God. Onder die goedgekeurde liturgie (agter in die Psalmboek) kom ook ’n gebed vir die opening van diakonale vergaderinge voor.

5. Die toesig en teenwoordigheid van die predikant.

Reeds die Weselse artikels van 1568 ken die beginsel van art. 25 K.O., nl. dat die diakens verslag in die kerkraad moet doen. In die geskiedenis van die staatskerk van Nederland was daar gevaar dat die diakens instrumente van die staat en los van die kerkraad sou raak. Die belangrikste rede vir die toesig deur en teenwoordigheid van die predikant lê egter in die beginsel dat die Woord van God ook die diakonale diens moet lei. Daar kom telkens beginselkwessies by die uitoefening van die diakonale diens ter sprake: soms is daar gissing oor die werk van die kerkraad sodat diakonieë al verkeerdelik deur ’n terughouding van middele ’n soort sensuur en

tug wou oefen; die predikant ken die gemeente as ’n geheel en kan die aandag vestig op bepaalde agtergronde en gevalle wat oor die hoof gesien word; hy moet die kerkraad soms inlig oor die handelinge van die diakens, ens. Dit is nie noodsaaklik dat die predikant die praesidium van die diakonale vergadering behartig nie omdat dit juis om praktiese redes in Hand. 6:3, 4 geskei is en tans in praktyk van hom aalmoesenier mag maak. Daar is egter geen prinsipiële beswaar indien dit “nodig” geag word nie. Hy het egter in alle gevalle net ’n adviserende stem.

6. Diakonale konferensies.

Die Sinode van 1930 het toestemming gegee dat diakens in konferensies saamkom om mekaar in die uitoefening van hulle amp op te skerp. Die vraag of dit op die weg van ’n sinode lê om oor [258] ampsdraers van ’n plaaslike kerk te besluit, word daargelaat. Dit lê buite die bestek van die verklaring van art. 40 K.O. om op al die anomalieë te wys wat hieruit voortgekom het (vgl. B. Spoelstra, ongepubliseerde Th.M.-skripsie, 1964, *“Verteenwoordiging van die diakonale amp op meerdere vergaderings”*). Hier kan slegs aangestip word dat dergelike konferensies soms konferensies van diakonieë, d.w.s. ’n soort diakonale kerkverband, wat in stryd met die sinodebesluit is, geword het; dat daar soms soos klassisse, oor beginsels uitspraak probeer gee is; dat dergelike konferensies soms deur ’n sinode, soos in die geval van die oprigting van tehuise, as ’n regspersoonlikheid in die kerklike lewe behandel is; dat daar soms naas en buite die kerkraad om besluite ten opsigte van die kerklike diens geneem is, ens. In plaas van ’n blote gespreksgemeenskap van diakonale ampsdraers het dit ’n kongres van diakens naas die kerklike regeerliggame geword. Die Sinode van 1964 (art. 154) het ook die aangeleentheid vir studie verwys.

Die weg wat die Gereformeerde Kerke van Nederland na 1949 beproef het, nl. om diakens kragtens die diakonale amp op die sinode naas die bedienaars van die Woord en ouderlinge, toe te laat, gaan uit van die verkeerde veronderstelling dat meerdere vergaderinge samekomste van groepe ampsdraers is (vgl. verklaring van art. 29, par. 4). Die vergaderinge word dan nie meer primêr as vergaderinge van kerkrade ter wille van kerkregering deur middel van hulle wettig gedeputeerdes gesien, wat in ’n presbiteriale kerkregering die ouderlinge toekom nie. Op meerdere vergaderinge is egter aan diakens, slegs wanneer hulle ooreenkomstig art. 38 en 41 ens. wettig gedeputeer is, (as hulpouderlinge) nog altyd sitting verleen.

Die Sinode van 1961 (art. 57 en 124) het die praktyk, nl. om ’n sinode deur ’n deputaat van diakonale konferensies te laat toespreek, gediskontinueer. Diakonale sake behoort langs die kerklike weg onder aandag van meerdere vergaderinge gebring te word en dan kan diakens altyd as toeligters aangewys word om die meerdere vergadering van advies te dien. Die kerkraad wat opdragte oor diakonale sake aan sy verteenwoordigers gee (art. 33), moet die mees geskikte toeligters daarvoor aanwys.

ARTIKEL 41.

DIE KLASSIKALE VERGADERING

Die klassis is ’n vergadering van naburige kerke wat elkeen ’n bedienaar van die Woord en ’n ouderling of, waar [259] nie ’n bedienaar is nie, twee ouderlinge afvaardig. Die plek en die tyd van die volgende vergadering word deur die vorige bepaal en dit mag nie meer as drie maande uitgestel word nie. Op hierdie vergadering moet die bedienaars van die Woord om die beurt presideer of anders die een wat deur die

vergadering gekies word, maar dieselfde bedienaar mag nie op twee agtereenvolgende vergaderinge gekies word nie.

Die praeses moet onder andere vra of die kerke kerkraadsvergaderinge hou, of die kerklike tug uitgeoefen word, of die armes en skole versorg word, en of daar iets is waarin 'n kerk die oordeel en die hulp van die klassis vir sy regte bestuur nodig het. Op die laaste vergadering voor die partikuliere sinode moet die afgevaardigdes na hierdie sinode gekies word.

1. Geskiedenis.

Die kerkverband is in die gereformeerde kerkreg net so vanselfsprekend as die selfstandigheid van die plaaslike kerk (vgl. *Inleiding*, par. 4 (f)). Die gelowiges wat reeds een in die Liggaam van Christus is, verenig op 'n bepaalde plek as 'n kerk. In leer en kerkregering is hulle egter dan ook een met gelykgesinde gelowiges wat kerke op ander plekke vorm. So is in die tyd van die Reformasie reeds deur die vlugteling- en kruiskerke 'n band met mekaar onderhou wat eers in die kerkregtelike ontwikkeling vanaf 1571 omlyn is en wat feitlik onveranderd tot vandag toe deurloop (vgl. Inleiding, par. 6).

In die gereformeerde kerkregering is die klassis die eerste, gereeldste en belangrikste meerdere vergadering, waarop, kragtens art. 30 K.O., ook die omvattendste werkprogram afgehandel word. Die Sinode van 1964 het by die hersiening slegs volgens vroeëre sinodebesluite ingevoeg dat waar geen bedienaar van die Woord is nie, twee ouderlinge afgevaardig word. Daarmee onderstreep art. 41 K.O. die gereformeerde beginsel dat die meerdere vergadering nie deur ampsdraergroepe (predikante en ouderlinge) nie, maar deur 'n gelyke aantal verteenwoordigers van kerke saamgestel word. In die presbiteriale kerkregering word die kerke deur die presbiters (ouderlinge) verteenwoordig.

2. Die karakter van 'n klassis.

Die Kerkorde sê: *"Die klassis is 'n vergadering van naburige* kerke .. ." Die woord *"kerk"* beteken hier nie die organisme van [260] gelowiges nie, maar die geïnstitueerde kerk aan wie Christus die uitoefening van sy regering opgedra het. Ten opsigte van die regering word die kerk in die kerkraad verteenwoordig. Die klassis is dus 'n vergadering waar naburige kerkrade met mekaar saamkom ter wille van kerkregering. Daaruit volg belangrike gereformeerde, kerkregtelike beginsels: 'n *klassis bestaan dus net so lank as wat die kerkrade met mekaar vergader*. Die *kerkrade* is die *enigste* en *permanente regeerliggame* in die kerke en die klassis is 'n *tydelike* samekoms van naburige kerkrade. Die klassis is dus 'n vergadering van meer kerkrade met die oog op *amptelike kerkregering*. Daarin verskil dit radikaal van die klassis en predikanteringe in die Algemene Reglement van die Nederlandse Hervormde Kerk in 1816, waar dit 'n blote kieskollege en 'n predikanteregering onderskeidelik was.

In beginsel sou al die kerkraadslede van elke naburige kerk 'n klassikale vergadering kon gekonstitueer het. In praktyk sou dit egter 'n lomp vergadering tot gevolg hê; ligtelik tot heerskappyvoering van groter kerke oor kleineres lei; die ontvangs van die vergadering 'n probleem maak, ens. Derhalwe word die afvaardigings- of verteenwoordigingstelsel in art. 41 ingevoer. Die geloofsbriewe (vgl. by art. 29 en 33 K.O.) waarborg dat die kerkrade self in hulle afgevaardigdes vergader.

Die nuwe kerkregtelike rigting binne die Nederlandse Gereformeerde Kerke wil die bevoegdheid van die afgevaardigdes baseer op hulle eie amp en die ampte van diegene wat hulle

afgevaardig het. So word dit wat sekondêr en instrumenteel vir die afvaardigende kerkrade is, tot 'n primêre wesenseienskap van die klassis verhef. Die primêre wesenseienskap van die klassis is egter geleë in die teenwoordigheid van *kerkrade* van naburige kerke. Die afgevaardigdes is slegs die instrumente deur wie die kerke saamkom. Die kerke het egter nie net die beginsel nie, maar ook die wyse (modus of medium) van verteenwoordiging in art. 41 neergelê.

3. Hoe die kerke hulle laat verteenwoordig.

In die eerste plek moet hier in gedagte gehou word (vgl. art. 33 K.O.) dat die behoorlike geloofs- en lasbriewe (mandaat) die uitgangspunt moet wees om 'n wettige vergadering saam te stel (vgl. Rutgers: Kerkelijke Adviezen I, bl. 277). Die afvaardiging met mandaat mag nie ontaard in 'n blote formaliteit om, soos dikwels gesê word, "die presensielys van hierdie vergadering" vas te stel nie. In die Kerkorde het die kerke ooreengekom om hulle deur 'n bedienaar van die Woord en 'n ouderling of, in die geval van 'n kerk sonder 'n bedienaar, deur twee ouderlinge te laat [261] verteenwoordig. Dit is nie 'n prinsipiële of 'n onveranderlike reglementêre bepaling nie, maar 'n orde-reëling waarop uitsonderings moontlik is. Kleiner kerkrade kan 'n diaken afvaardig (vgl. art. 38 K.O.). Selfs al sou die diakens nie as hulpouderlinge in die kerkraad sitting neem nie, sou 'n diaken afgevaardig kan word as daar werklik geen ouderling beskikbaar is nie. H. Bouwman wys daarop dat in uitsonderlike gevalle, wanneer 'n kerk geen ampsdraer beskikbaar gehad het nie, kerkrade hulle al deur 'n lidmaat met 'n behoorlike lasbrief (mandaat) laat verteenwoordig het (Geref. Kerkrecht II, bl. 21 en 135). So 'n verteenwoordiger dien dan as 'n orgaan of instrument deur wie die kerkraad self in die klassis verteenwoordig is. Dit hef dus nog nie die beginsel, nl. dat die kerkraad (presbiters) regeer, op nie en onderstreep juis die feit dat die klassis in wese 'n vergadering van kerkrade is en nie in die eerste plek 'n samekoms van ampsdraers nie. Nogtans moet verteenwoordiging deur 'n nie-ampsdraer slegs by wyse van hoë uitsondering voorkom, en wel wanneer verteenwoordiging noodsaaklik is maar nie op die normale wyse kan geskied nie. Die ordelike reël is tog dat die kerkraad, wat die kerk verteenwoordig, uit sy geledere deputeer. Verteenwoordiging van *kerkrade* (nie die bekleding van een of ander amp nie) bepaal primêr die wettigheid van die deputasie, terwyl sekondêr ooreengekom is dat elke kerkraad hom deur 'n lerende en 'n regerende ouderling in die klassis sal laat verteenwoordig.

Die Independentiste hou vol dat die gemeente afgevaardigdes moet kies. Die Gereformeerdes aanvaar egter dat die kerkraad daargestel is om te regeer. Derhalwe kies die kerkraad sy verteenwoordigers na die samekoms waar hy self teenwoordig moes gewees het. Omdat die diakens in talle sake wat ook in die klassis aan die orde kom, saam met die kerkraad handel (vgl. art. 4, 5, 10 e.v., 79 ens.) en die toesig oor diakonale diens tot in die klassis strek (vgl. art. 41 i.s. die versorging van die armes en 44), en die sweem van kliek-regering (oligargie) vermy moet word, daarom is dit prakties (nie prinsipieel nie) wenslik dat die diakens (soos hulle in art. 22 ouderlinge help verkies) ook deel sal hê aan die verkiesing van afgevaardigdes na die klassis.

Soms is dit gebruiklik om die afvaardiging volgens toerbeurt en soms deur vrye verkiesing met geslote stembriefies aan te wys. Dit is wenslik om eers 'n groslys van beskikbare broeders (wat verlof kan bekom) op te maak, waaruit die afgevaardigdes verkies kan word, terwyl rotasie (toerbeurt) sowel as bekwaamheid (vrye verkiesing) nogtans in ag geneem kan word.

Omdat 'n klassikale vergadering primêr 'n vergadering van [262] *kerkrade* is, mag groter kerkrade nie méér deputate as kleiner kerke stuur nie (vgl. art. 84). Die afgevaardigdes verteenwoordig 'n kerkraad en nie 'n aantal lidmate nie. Elke kerkraad is 'n enkele regspersoonlikheid.

Die kerkrade moet verseker dat die afvaardiging deurgaan. Daarom kan dit nie aan 'n

afgevaardigde oorgelaat word om vir hom 'n plaasvervanger te soek nie. Die kerkraad moet self 'n sekundus vir elke primus-afgevaardigde benoem sodat, wanneer die sekundus sitting moet neem, daar geen twyfel oor die wettigheid van sy afvaardiging sal bestaan nie. Dit is moontlik dat 'n kerkraad noodgedwonge 'n gewysigde geloofsbrief tydens 'n sitting sal moet indien om nuwe afgevaardigdes in die plek van ander te stel. Die prosedure is egter nie bevorderlik vir die kontinuïteit van die vergadering nie omdat dergelike broeders miskien in sake waarvan hulle nie die agtergrond en bespreking gehoor het nie, moet stem.

4. Die tyd en plek van samekoms.

Die Konvent van Wezel het in 1568 geoordeel dat dit wenslik is dat die klassis by toerbeurt deur die kerke ontvang sal word om 'n soort ereplek of hiërargie tussen kerke te vermy. Hierdie gesonde beginsel word oor die algemeen in die kerkverband van die Gereformeerde Kerke in S.A. ten opsigte van klassikale vergaderinge toegepas, hoewel daar vanselfsprekend ook kerke mag wees wat deur innerlike omstandighede of geografiese ligging moeilik 'n klassis kan ontvang. Dit is derhalwe gebruiklik, waar toerbeurt nie die reël is nie, dat elke klassis voor die sluiting 'n roepende kerkraad vir die volgende vergadering benoem (vgl. art. 45 K.O.).

Oor die tyd van samekoms was daar in die geskiedenis heelwat verskil. Die Kerkorde maak nie vir die oproep van 'n buitengewone klassisvergadering voorsiening nie omdat uitgegaan word van die beginsel dat die klassis as die belangrikste en eerste meerdere vergadering gereeld sal saamkom. Te Emden in 1571 is die tyd op elke drie of ses maande gestel, terwyl te Middelburg in 1581 kwartaalliks samekomste, soos nou in die Kerkorde beliggaam, vasgestel is. Die deputate vir die hersiening van die Kerkorde het in 1964 voorgestel dat die reglementering van elke drie deur 'n ruimer "minstens elke ses maande" vervang moet word. Die Sinode het egter die oorspronklike redaksie behou. In die debat is aangevoer dat "nie langer ... uitgestel word nie" die roepende kerkraad verplig om die klassis binne drie maande vanaf die tyd deur die vorige klassis vasgestel, saam te roep. Hierdie vertolking strook nie met die kerkregtelike geskiedenis wat aantoon [263] dat die kerkraad weekliks, die klassis kwartaalliks, die part. sinode jaarliks (ens.) moet vergader nie; die roepende kerkraad het buitendien nie die bevoegdheid om 'n bepaalde datum vir die volgende klassis uit te stel nie. Gevolglik kan op goeie gronde geargumenteer word dat die Sinode van 1964 kwartaallikse samekomste in alle klassisse voorgeskryf het. In gevalle waar klassisse meen dat hulle van hierdie orde moet afwyk, sal hulle verlof by die meerdere vergaderinge moet aanvra. Willekeurige afwyking van 'n kerklike akkoord wat in die Kerkorde aangegaan is, het vroeër veelvuldig voorgekom, maar dit strook nie met art. 86 K.O. nie en lei onwillekeurig tot independentistiese tendense.

Dit was voor 1964 gebruiklik dat klassisse kwartaalliks, halfjaarliks of jaarliks vergader, 'n Maand word min of meer vir hulle vergaderinge bepaal, terwyl die presiese tyd deur die roepende kerkraad vasgestel word in oorleg met die korresponderende kerkraad. Volgens hierdie reëling kan na die oordeel van minstens twee kerkrade altyd 'n vervroegde of buitengewone klassisvergadering opgeroep word. In stedelike gebiede lewer die oproep uiteraard minder probleme op as op die platteland.

5. Die praesidium van die klassikale vergadering.

(a) *Dit berus by die predikante* (vgl. by art. 35 K.O.). Die voorsitter moet 'n afgevaardigde volgens art. 41 K.O. wees. Die adviserende lede, volgens art. 42 K.O., is nie in die moderamen verkiesbaar nie omdat hulle in werklikheid nie namens 'n kerkraad sitting neem nie.

(b) Die artikel reël *die verkiesing* by toerbeurt of deur vrye verkiesing. Aanvanklik was laasgenoemde praktyk die reël, maar ter wille van 'n gelyker verspreiding van die laste,

ewerediger ondervinding vir die klassikale predikante en om enige sweem van hiërargie te verhoed, het die toerbeurte in gebruik gekom. 'n Vergadering kan die toerbeurt volgens kerke (ouderdom, alfabeties) of volgens dienstyd van die predikante in die klassis of andersins reël. By die konstituering kan egter altyd 'n ordevoorstel ingedien word om van die toerbeurt af te wyk en 'n praeses deur vrye verkiesing aan te wys, want die toestemming tot die toerbeurt-reëling is maar net 'n wyse waarop die verkiesing plaasvind. Dit is soms nodig wanneer die agenda besonder moeilike sake bevat, terwyl die toerbeurt miskien 'n nog onervare voorsitter aanwys, of wanneer die voorsitter volgens toerbeurt persoonlik betrokke is, bv. as hy aangekla is by die klassis. So 'n broeder kan voor of by konstituering versoek dat die vergadering liefs 'n [264] voorsitter moet kies omdat hy in geen opsig regter in sy eie saak wil wees nie. Jansen (bl. 191) meen dat die voorsitter wat volgens toerbeurt op die vorige klassis gedien het, wel in so 'n vrye verkiesing weer aangewys kan word. Die ordebepaling, *"maar dieselfde bedienaar mag nie op twee agtereenvolgende vergaderinge gekies word nie",* is egter te sterk om dié weg wat Jansen oop ag op te gaan, behalwe as daar miskien net twee predikante, waarvan een betrokke is, in die klassis sitting neem.

(c) Die *verkiesing van die moderamen* is onder art. 34 K.O. behandel.

6. Die taak van die klassikale vergadering.

a. Die taak van die klassis berus op verskillende K.O. artikels.

In verskillende *artikels van die Kerkorde* word die taak van die klassis omskryf, byvoorbeeld advies met beroep, eksaminering en toelating tot die diens van die Woord, ontslag, emeritaat of verlof uit die diens van die Woord, preekverlof, beslegting van geskille oor diensreëlings, toesig oor versorging van afhanklikes van afgestorwe predikante, appèl, gravamina, opstel van instruksies vir die partikuliere sinode, advies i.v.m. die toepassing van tug, tug oor ampsdraers, ens. (vgl. art. 4, 5, 8, 11, 12, 13, 14, 15, 17, 20, 31, 33, 46, 77, 79, ens.).

b. Hierdie artikel laat die kerke onderling in die klassis oor mekaar toesig hou.

Die voorsitter moet sekere aspekte waarin die kerke op mekaar ag moet gee, aan die orde stel. Die woorde "onder andere" toon dat hier net 'n leidraad gegee word en dat meer aspekte aandag mag geniet. Hier word wel 'n veld vir die handelinge afgebaken:

(i) *Of die kerkraadsvergaderinge gehou word:* Dit is 'n formele vraag of die kerkraad in funksie is en nie 'n vraag oor wat behandel en besluit is nie. Die kerkverband moet weet of die kerke orde en reël onderhou en nie nalatig is ten opsigte van die samekoms van die ouderlinge nie.

(ii) *Of die kerklike tug uitgeoefen word:* Dit vra nie net of sensuurgevalle voorkom nie, maar of die Christelike dissipline uitgeoefen word, dit wil sê, of die hele gemeente, volgens die Woord van God, suiwer in die leer en lewe opgevoed, gerig en gelei word.

(iii) *Of die armes versorg word:* Dit vra of die gemeente die Christelike handreiking en bediening van die onderlinge liefde nakom en of die diakens getrou is in hulle ampswerk (vgl. art. 25 en 40 K.O.).

[265]

(iv) *Of die skole versorg word:* Hierdeur word na die jeug omgesien. In die tyd van die Reformasie was die kerkrade skoolkommissies van die skole van die plaaslike owerheid, terwyl die kerkrade vandag nog op grond van die doopformulier 'n taak ten opsigte van die ouers het, en waar behoefte bestaan, is dit die roeping van die kerke om middele aan behoeftige leerlinge te verskaf sodat hulle behoorlik en sover moontlik in belang van God se koninkryk deur gesonde

onderwys bekwaam en toegerus kan word.

(v) *Of daar iets is waarin 'n kerk die oordeel en hulp van die klassis vir sy regte bestuur nodig het:* Hierdie vraag slaan op aangeleenthede soos spesiale visitasie, sustentasie of arbitrasie en 'n oordeel van die klassis in 'n konkrete probleem van 'n bepaalde kerk.

Die wyse waarop die vrae gestel kan word, kan wissel al na gelang 'n klassis dit die beste oordeel. Dit kan aan die voorsitter vrygelaat word of 'n vorige klassis kan vrae vir beantwoording op 'n volgende klassis formuleer. Vroeër was die sogenaamde gemeenteverslae wat aan die hand van vrae deur sinodes vasgestel was, in gebruik totdat art. 44 in later jare meer algemeen toegepas is (vgl. bylae by art. 41, offisiële uitgawe van die K.O. en ook Sinode 1955, art. 254, 1949 art. 49, 1945 art. 167 (e), 1949 art. 10). Wanneer art. 41 en 44 saamgelees word, is dit duidelik dat enige saak wat op die toestand, samestelling of inrigting van 'n kerk (Latyn: *constitutio*) betrekking het, aan die orde gestel mag word. Dit is egter verkieslik dat dergelike sake of deur die betrokke kerk, of deur 'n naburige kerk by wyse van 'n opdrag aan die orde gestel sal word (vgl. Jansen, bl. 193).

c. Afvaardiging na die partikuliere sinode.

Die kerkrade wys op hulle klassikale samekoms deputate aan om volgens art. 29 en 33 K.O. die klassikale vergadering in die Partikuliere Sinode (art. 47 K.O.) te verteenwoordig. In beginsel geld hier ook weer dat óf al die kerkraadslede van al die kerke in die partikuliere sinode, óf al die deputate wat hulle kerkrade op die klassikale vergadering verteenwoordig het, die partikuliere sinode kon saamgestel het. Die getrapte afvaardiging en verteenwoordiging is egter om praktiese redes (die moontlikheid, hanteerbaarheid, vrugbaarheid en ekonomie van die sinodale vergadering) ingestel. Dit het slegs dié nadeel dat dit die idee kan wek dat die partikuliere sinode 'n ander vergadering is terwyl die klassis net as 'n kieskollege daarvoor dien. Omdat dit egter 'n samekoms van klassisse [266] is, is dit wenslik om deputate wat op die klassikale vergadering aanwesig was, namens die klassis af te vaardig. Dit bevorder kontinuïteit in die afhandeling van die agenda (vgl. artt. 30 en 33). Dit is egter nie altyd prakties moontlik nie. Derhalwe word kerkrade gewoonlik versoek om die klassis wat moet afvaardig, van name en adresse van predikante en ouderlinge te voorsien wat vir afvaardiging na die partikuliere sinode beskikbaar sal wees. Die klassis wat 'n vrugbare prosedure wil volg, kan uit die deputate op die klassis en die ingestuurde name eers 'n groslys by wyse van voorstelling en sekondering opmaak en daarna deur vrye verkiesing die nodige aantal primi- en sekundi-deputate aanwys. Soms is dit op grond van praktiese oorweginge wenslik om, nadat die predikante aangewys is, eers te trag op primi-ouderlinge uit die kerke te verkry van wie nog 'n predikant afgevaardig is nie. Dit mag egter nooit ten koste van die bekwaamheid van die afvaardiging geskied nie. Vir die eerste partikuliere sinodes in 1958 moes ses predikante en ses ouderlinge met hulle sekundi per klassis afgevaardig word. Sommige partikuliere sinodes het ondertussen die aantal gewysig.

d. Die klassikale preek

Die klassikale preek moes volgens die ou Dordtse Kerkorde (art. 41) deur een van die predikante wat pas vantevore tot die bediening toegetree het, gehou word. Die gedagte was dat die klassis sy preekgawes moes toets en hom deur positiewe kritiek moes opskerp. In die Suid-Afrikaanse geskiedenis het 'n "openingsrede", gewoonlik deur die vorige voorsitter uitgespreek, in die plek daarvan gekom. Dit kan egter foutiewelik die karakter van 'n stigtelike byeenkoms aan 'n kerklike werksvergadering verleen. Die klassikale preek het om praktiese redes (waaronder die beter opleiding en beperkte tyd) in onbruik geraak en is ook nie weer in die kerkorde-redaksie na 1905 opgeneem nie.

ARTIKEL 42

ADVISERENDE STEM VIR PREDIKANTE

Waar in 'n kerk meer as een bedienaar van die Woord is, kan ook dié wat nie volgens die bogenoemde artikel afgevaardig is nie, in die klassis teenwoordig wees met adviserende stem.

1. Geskiedenis.

Sedert die Sinode van Dordtrecht in 1578 was die beginsel van [267] die huidige artikel 42 die reël. Die Sinode van Dordrecht het in 1619 egter aan dergelike predikante met voorbehoud keurstem verleen. Daarteen geld ernstige besware: 'n klassis is 'n vergadering van kerkrade deur hulle deputate sodat persone wat uit eie beweging na die klassis kom, geen keurstem kan ontvang nie; wanneer keurstem nie aan dergelike of dieselfde aantal ouderlinge verleen word nie, het die reëling 'n sweem van dominokrasie en klerikalisme. Die Sinode van Utrecht het in 1905 die reël van 1578 herstel en die voorbehoud by art. 33 K.O. gevoeg. Dit is ook so in die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in S.A. opgeneem, want reeds in 1869 het die Sinode bepaal dat Burgersdorp net een van sy twee predikante mog afvaardig.

2. Die adviserende stem.

Die adviserende stem hou in dat so 'n persoon die vergadering wel met advies mag dien, maar nie by die stemming die saak kan keur nie. Hy het dus 'n reg om te spreek, op kommissies van pre-advies te dien, ens. Al die predikante in 'n klassis het volgens die artikel outomaties hierdie bevoegdheid op 'n klassikale vergadering. Dieselfde bevoegdheid word ook aan professore van die Teologiese Skool op kerklike vergaderinge verleen omdat hulle diens (vgl. art. 18) tot voordeel van 'n vergadering kan wees. Soms word na analogie van die artikel ook aan predikante uit een klassis op 'n ander klassis 'n adviserende stem verleen, terwyl dit altyd veiliger sal wees om advies slegs op 'n vraag uit die vergadering te gee. 'n Adviserende lid van 'n vergadering moet in gedagte hou dat hy geen kerk verteenwoordig nie en dus nie oor die mandaat en bevoegdheid van die wettige deputate beskik nie (vgl. art. 33 K.O.).

3. Die verkiesbaarheid van 'n adviserende lid tot die moderamen.

Sommige Nederlandse kerkregtelikes (Jansen, bl. 195) meen dat adviserende lede verkiesbaar is tot die moderamen omdat daar geen bepaling is wat dit toelaat of belet nie. Onses insiens sluit die Kerkorde hierdie opvatting uit. Die vergadering konstitueer volgens geloofsbriewe en derhalwe kan slegs diegene wat wettig afgevaardig en van mandaat voorsien is, by die konstituering in aanmerking kom. Van die aanwesigheid van adviserende lede kan 'n vergadering na konstituering eers formeel kennis neem. Daarby staan 'n adviserende lid onder geen verpligting nie en hy kan vertrek soos hy verkies. Die moderamen kan dus (soos die kerkregtelike praktyk hier ook is) slegs uit die wettige [268] verteenwoordigers (vgl. art. 33) verkies word. Die voorsitter en skriba moet 'n wesentlike funksie van en vir die vergadering vervul en kan dus nie verkies word uit persone wat nie ten volle lede van die vergadering is nie.

4. Adviserende stem vir nie-predikante.

Dit is gebruiklik dat deputate vir pre-advies by die toeligting van hulle verslag die vergadering van advies dien. 'n Vorige kerklike vergadering het met hulle benoeming aan hulle die opdrag vir die volgende vergadering gegee. Hierdie adviserende stem raak egter net die verrigtinge in verband met die bepaalde saak. Op dieselfde wyse sou 'n vergadering by 'n bepaalde saak enige persoon, byvoorbeeld 'n regsadviseur of argitek, wat miskien nie eers 'n

lidmaat van 'n kerk is nie, kon inroep om die vergadering van tegniese advies te dien. Sy adviserende stem is dan ook beperk deur die versoek van die vergadering en die saak waarin sy advies gevra word. By die aanwysing van deputate vir advies aan 'n volgende klassis kan selfs persone van buite die ressort van die bepaalde klassis benoem word (byvoorbeeld 'n professor in die Teologie), omdat die vergadering nie persone nie, maar die beste advies op die oog het.

ARTIKEL 43

SENSUUROEFENING OP MEERDERE VERGADERINGS

Aan die einde van die klassikale en ander meerdere vergaderings moet sensuur uitgeoefen word oor die wat iets tugwaardigs in die vergadering gedoen of die vermaning van die mindere samekomste verontagsaam het.

1. Geskiedenis.

In die ongevormde tyd van die Reformasie, toe daar selfs talle kerklike ampsdraers op onbehoorlike wyse en sonder genoegsame kennis en begrip van die kerklike orde tot die Reformasie toegetree het, was dit gebruiklik om voor die sluiting onderlinge sensuur te oefen oor wangedrag tydens die vergadering of eiesinnige handhawing teenoor die opdragte en vermaninge van mindere samekomste. Gaandeweg het dit minder nodig geword, maar die bepaling is tog in 1619 behou omdat dit met die nodige aanpassing soms nodig mag wees.

[269]

2. Wat die sensuur hier bedoel.

Hierdie sensuur het niks te doen met die sensuur oor die ampsbediening volgens art. 81 K.O. nie. Dit het ook nie die plek geneem van die sensuur wat die voorsitter metterdaad volgens art. 35 in die vergadering uitoefen nie. Dit is egter verwant aan laasgenoemde vorm van ordehandhawing. Wanneer die voorsitter die sensuur in art. 35 K.O. uitoefen, geskied dit volgens art. 43 by wyse van rondvraag aan die einde van die vergadering deur die vergadering self. 'n Lid van die vergadering het hom miskien heimlik teen die reëling van die voorsitter versit, of vertroulike inligting uit die vergadering openbaar gemaak, of tussen die sittings 'n koukus georganiseer, of hom met minagting oor die vergadering uitgelaat, of rondvertel dat hy 'n bepaalde besluit nie sal eerbiedig nie, of willekeurig van sittings weggebly, of opdragte versuim, ens. Dit is wangedrag en nie soseer 'n sonde teen die leer en lewe in die algemeen nie. Hy mag selfs rede tot misnoeë en die reg en waarheid aan sy kant hê, maar op dié wyse van protes die perke van ordelikheid oorskry. In dergelike gevalle kan die vergadering hom voor die sluiting tot orde roep. Sensuur beteken dus in hierdie verband: vermaning, waarskuwing, teregwysing of berisping en is bedoel om die orde, waardigheid, eer en dissipline van die kerklike vergaderinge tot eer van God te handhaaf. Derhalwe kan dit ook uitgeoefen word oor iemand wat weier om sy instruksie volgens art. 33 K.O. uit te voer, vermaninge van mindere vergaderinge om hom te beheers op kerklike vergaderinge verontagsaam, ens. Ook in die vergaderinge geld die vermaninge van die Skrif in Fil. 2:3, 4.

ARTIKEL 44

KERKLIKE VISITASIE

Die klassis moet minstens twee van die oudste, mees ervare en geskikste bedienaars van die Woord as visitatore benoem om in alle kerke van die klassis gereeld kerkvisitasie te hou, vas te stel of die ampsdraers hulle ampte getrou waarneem, by die suiwerheid van die leer bly, die Kerkorde in alles onderhou, die stigting van die gemeente en onderwys van die jeug behoorlik na hulle vermoë bevorder, sodat hulle diegene wat nalatig in een of ander bevind word, betyds broederlik kan vermaan en met raad en daad alles kan help reël wat bevorderlik is vir die vrede, die opbou en belange van die kerk.

[270]

1. Geskiedenis.

(a) *In Nederland:* Visitasie vorm 'n wesentlike deel van die hiërargiese en biskoplike kerkregering. 'n Biskop moet van tyd tot tyd sy bisdom deurreis om sy onderhoriges te kontroleer. Derhalwe kan ons verstaan dat daar in die Reformasie groot huiwering was om die kerkverband ook deur middel van 'n stelsel van kerk-visitatore te onderhou. Tog ken die Skrif die beginsel van visitasie (Hand. 15:22—31; 2 Kor. 8:22 ens.). Die behoefte aan 'n vorm van verband en toesig wat van die gesamentlike kerkrade in die klassis uitgaan en nie net afhanklik is van wat die kerkraad op die klassikale tafel bring nie, is benadruk toe die Libertyne en later die Remonstrante hulle afwykinge feitlik independentisties in sommige plaaslike kerke gehandhaaf het sonder om besware teen die leer as sodanig by die klassis aanhangig te maak. Derhalwe is in 1586 vir 'n jaarlikse klassikale kerkvisitasie voorsiening gemaak. Die mag en bevoegdheid van die visitatore is in die gereformeerde kerkregering bloot adviserend en informerend sodat daar geen sprake van inspekteurs, superintendente of biskoppe volgens die hiërargiese stelsels kan wees nie. Die kerkvisitasie neem dus die karakter aan van 'n broederlike handreiking en kontrole waardeur die welsyn van die plaaslike kerk en die welwese van 'n gesonde kerkverband gehandhaaf word. Die Sinode van Dordt het in 1619, na die beroering met die Remonstrante, die kerkvisitasie verpligtend gestel.

(b) *In Suid-Afrika* vind ons dat die Dordtse Kerkorde as basis van die kerkregering aanvaar is, maar dat die Sinode van 1873 'n versoek van die Algemene Vergadering van die O.V.S. om art. 44 K.O. in werking te stel, afwys. Die landsomstandighede kon gewoonlik as 'n verduideliking aangevoer word, maar 'n noukeurige ontleding van die gevoelens op hierdie en latere sinodes toon tog dat daar, net soos in die geval met art. 27 K.O., tog eintlik 'n heimlike beswaar teen die toepassing van art. 44 K.O. geheers het. Die vraag is derhalwe ook of die kerkverband nie ook in baie opsigte skade gely het nie. Sou kerkvisitasie nie byvoorbeeld die sogenaamde Venter-skeuring van 1877 kon verhoed het nie?

Die aandrang om art. 44 K.O. toe te pas, is gedurig herhaal, maar die Sinodes van 1927, 1930, 1939 en 1945 het op die voetspoor van dié van 1873 voorkeur gegee aan gemeenteverslae volgens 'n vraelys onder art. 41 K.O. Die vrae is gebaseer op ou visitasie-reglemente van Nederland, sodat art. 41 K.O. (die vrae wat die praeses moet vra na aanleiding van aktuele omstandighede) met art. 44 K.O. (die besoek van deputate namens die kerkverband) [271] vermeng is. Later, selfs toe klassisse met kerkvisitasie begin het, het daar 'n duplisering en vermenging van die beginsels voorgekom. Hierdie hele aangeleentheid is baie duidelik in 'n

omvattende rapport deur die klassis van Reddersburg voor die Sinode van 1955 (art. 254) gelê. Toe is besluit om die onderlinge toesig (art. 41 K.O.) duidelik te onderskei van die partikuliere of besondere toesig (art. 44 K.O.). Die vrae wat vroeër by art. 41 K.O. gebruik is, sou voortaan eerder as 'n konsepvisitasiereglement kon gebruik word.

2. Die verhouding van art. 44 tot art. 41 K.O.

Die vrae wat in art. 41 K.O. aan die praeses opgedra is, spruit feitlik, na analogie van art. 81 K.O., uit die behoefte aan 'n gemeenskaplike en onderlinge toesig van kerkrade oor mekaar. In die kerkraad vergader ampsdraers en beoefen onderlinge sensuur. In die klassis beoefen vergaderde kerke onderlinge toesig. Daardeur kan die kerkrade mekaar se hande sterk om die regte kerkregering te verseker. Die samekoms by wyse van toerbeurt in verskillende kerke, die klassikale "preke", ens., was bedoel om die onderlinge hulp en toesig te bevorder.

Die geskiedenis het aangetoon dat art. 44 K.O. uit 'n behoefte aan *besondere* toesig oor die leer en organisasie voortgekom het en jonger as art. 41 is. Die praktyk leer dan ook dat die onderlinge toesig volgens art. 41 'n baie algemene karakter dra, terwyl visitasie die geheelbeeld en werklike toestand van die besondere kerk aan die lig bring. Aan die ander kant kan die visitatore, in gevalle waar advies en raad verlang word, ter plaatse effektiewer hulp bied as op 'n formele vergadering.

Tweedens is dit opmerklik dat art. 41 meer in besonder die instituut (regering en organisasie) op die oog het, terwyl die visitasie die aksent op die uitlewing van die leer en Kerkorde plaas. Soos die Kerkorde dit reël, kom art. 41 met sy vrae deur die praeses kwartaalliks aan die orde, terwyl visitasie jaarliks aandag geniet. So kan die organisatoriese of kerkregtelike aspek van algemene belang elke kwartaal aan die orde gestel word, terwyl die jaarlikse visitasie die besondere beeld van elke afsonderlike kerk in die klassis lewer. Die visitasie kan ook beurtelings bepaalde aspekte meer indringend ondersoek, maar moet dit altyd in verband met die geheelbeeld verrig.

3. Benoeming van visitatore.

Die benoeming van visitatore kom alleen die klassis toe. Daar [272] moet ook minstens twee visitatore wees sodat die twee broeders mekaar kan bystaan (vgl. ook Deut. 19:15, Matth. 18:16; 1 Tim. 5:19) en die kerk die versekering het dat hy die weloorwoë oordeel van meer as een persoon sal ontvang. Hoewel die visitatore geen besluitende mag besit nie, is die vereiste van minstens twee visitatore weer eens in ooreenstemming met die gereformeerde beginsel dat die objektiewe lig van Skrif, Belydenis en Kerkorde, en nie die oordeel van hierdie of daardie gesiene persoon nie, in die kerk moet lei. Derhalwe word verder bepaal dat die visitatore bedienaars van die Woord, dit wil sê, lerende (eerder as regerende) ouderlinge moet wees, aangesien die visitatore in raadgewende hoedanigheid (met die Woord) uitgaan.

Indien die visitatore 'n regerende bevoegdheid moes gehad het, sou daar regerende ouderlinge bygevoeg moes gewees het en sou so 'n visitasiekollege feitlik as 'n saamgetrokke klassis (classis contracta) beoordeel moes word. So 'n regerende mag word egter nie in art. 44 K.O. aan die visitatore toegeken nie.

Die raadgewende karakter word verder beklemtoon deur die vereistes wat vir die visitatore gestel word. Die visitatore moet predikante wees wat deur leeftyd, ervaring en aanleg die vermoë besit om raad te gee. Jonger predikante sal dus alleen benoem word indien dit reeds geblyk het dat hulle oor die rypheid van oordeel en die takt beskik om probleme op te los. Visitatore kan dus nie by wyse van toerbeurt aangewys word nie. Om praktiese redes geskied dit soms by wyse

van ’n voordrag deur die moderamen. Die bedoeling van die artikel is egter klaarblyklik dat die klassis sy visitatore deur ’n vrye stemming sal aanwys.

In die redaksie wat tot die Sinode van 1964 gegeld het, was bepaal dat elke klassis ook die visitatore in hulle diens kon “kontinueer solank hy dit goed vind tensy die visitatore self, om redes waaroor die klassis moet oordeel, versoek om ontslaan te word”. Dit is eintlik vanself-sprekend. Die Sinode van 1964 het tereg hierdie bepaling weggelaat. Dit oorvleuel art. 49 K.O.; kan selfs latere klassisse aan die benoeming van ’n vorige klassis bind asof die klassis ’n permanente regeringskollege met permanente visitatore is; die bepaling van kontinuering hou die gevaar van eensydigheid in en het ’n sweem van hiërargie. Indien die bepaling slegs wou voorsiening maak dat dieselfde visitatore agtereenvolgens vir dieselfde kerk benoem kon word (anders as die toerbeurt by die klassikale voorsitter), was dit ’n gesonde reëling met die oog op kontinuïteit.

[273]

4. Die tyd van visitasie.

Die ou redaksie van art. 44 K.O. het jaarlikse visitasie vir die kerke van “die stede sowel as van die platteland” voorgeskryf. Die Sinode van 1964 het dit vervang deur “in alle kerke van die klassis gereeld kerkvisitasie te hou”. Aan die een kant is die formulering verbeter en aan die ander kant die beginsel van “gereeld” eerder as die reglementêre bepaling van “elke jaar” gestel. Die bedoeling is seker nie om gewone visitasie meer as een maal per jaar te laat plaasvind nie, maar aan die ander kant is die weg oopgelaat vir bv. plattelandse klassisse, om by wyse van ’n tweejaarlikse of driejaarlikse rotasieprogram die visitasie te laat plaasvind. Elke klassis reël dus self die tyd van visitasie, maar só dat dit *gereeld,* volgens ’n program, geskied.

Buitengewone visitasie in geval van bepaalde moeilikhede word nie deur hierdie reëling geraak nie. Dit vind plaas wanneer dit nodig is.

5. Die mag en status van die visitatore.

Daar is gereformeerde kerkregtelikes wat die visitatore as regeerders en selfs as “opsieners” sien (o.a. Jansen). Soms word gemeen dat die visitatore só ’n besondere vertakking in die kerklike werksaamhede verteenwoordig dat deputate, wat benoem is om ’n kerkraad in ’n bepaalde moeilikheid te gaan adviseer, nie as visitatore bekend mag staan tensy hulle by die benoeming “visitatore” genoem is nie. Dergelike deputate vir advies kwalifiseer o.i. tog as buitengewone visitatore op sterkte van die materiële opdrag in die klassisbesluit omskryf (al ontbreek die formele benaming) aangesien die gewone visitatore ook klassikale deputate is van wie die opdrag in art. 44 K.O. beskryf word. Buitengewone en gewone visitatore bly ’n rapport van hulle handelinge aan die klassis verskuldig. Derhalwe geld die beginsel van art. 49 K.O. ook ten opsigte van die visitatore en het die Sinode van 1964 in die motivering deur die deputate “toe te sien” gewysig en vervang deur “vas te stel”. Die regering kom alleen die kerkraad en die klassis toe. Dit kan nie oorgedra word op deputate nie. In die kerkraad waar visitasie gedoen word, het visitatore dus die mag van vermaning teenoor nalatiges en die adviserende mag om met “raad en daad” alles te “help reël wat bevorderlik is vir die vrede, die opbou en belange van die kerk”. Die adviserende stem van die visitatore in die kerkraad kan dus vergelyk word met dié van ’n tweede predikant in ’n klassisvergadering volgens art. 42 K.O. Die verantwoordelikheid vir die opvolging van die advies word egter [274] deur die kerkraad wat moet besluit, gedra. Aan die ander kant het die visitatore in hulle rapport aan die klassis ’n adviserende stem (hoewel hulle by die beslissing ’n keurstem het, indien hulle namens kerke na die klassis gedeputeer is). Die klassis kan die advies van die visitatore vir sy rekening neem of dit verwerp. Wanneer advies van die

visitatore klassikale advies word, moet die kerkraad dit eerbiedig. Die klassis is nie vooraf gekompromitteer deur die advies van die visitatore nie. Daar is dus geen appèl, volgens art. 31 K.O. moontlik teen advies van die visitatore alvorens die klassis nie die oordeel vir sy rekening geneem het nie. Aan die ander kant kan 'n kerkraad in die klassis die verslag van die visitatore betwis indien dit na sy mening nie 'n korrekte weergawe van die feitelike posisie bied nie.

6. Die taak van die visitatore by gewone visitasie.

(a) *Om vas te stel:* Die visitatore moet in die eerste plek 'n ondersoek doen, 'n beeld verkry en 'n diagnose maak van die toestand in die kerk. Daar moet eerstens nagegaan word of die predikante, ouderlinge en diakens hulle ampte getrou waarneem. Die nadruk val hier op *getrou*. Dit raak die gehoorsaamheid aan God en die welwese van die kerk. In die tweede plek kan die kerkverband as 'n geloofseenheid net bestaan as daar by die suiwerheid van die leer gebly word. Die nadruk val dus ook hier weer op die *suiwerheid*. Dit raak die lewe ooreenkomstig die Woord van God. In die derde plek moet vasgestel word of die Kerkorde in alles onderhou word. Die nadruk val weer op die *in alles,* die orde wat volgens die Skrif is en die orde waarop die kerklike gemeenskap in kerkverband rus. In die vierde plek moet nagegaan word of die stigting (opbouing) van die gemeente en die onderwys van die jeug *na vermoë* bevorder word. Hier word die vermoë van die ampsdraers bedoel en dit slaan op die prediking, regering, versorging, kategese, huiskatkisasie, wisselwerking tussen kerk en skool, kerk en georganiseerde Christelike aksies met besondere aandag aan die jeug, ens. Die kerk as instituut sowel as die kerk as instrument vir die koninkryk van God het 'n roeping om te vervul. Die kerk is nie 'n statiese eenheid nie, maar moet kwalitatief en kwantitatief groei. Derhalwe moet daar ook oorsigtelik rekening gehou word met die stoflike administrasie en belange van die kerk, maar dit moet 'n ondergeskikte deel van die visitasie-werksaamhede vorm. Die visitatore moet derhalwe hulle toespits op hoofsake en nie hulle tyd verspeel in onbelangrike besonderhede nie. Die *hoofsaak* is dat die visitatore moet vasstel dat die kerk wat besoek word, in vrede, welstand, orde en in 'n staat van [275] vooruitgang, geestelik en ook stoflik, verkeer.

(b) *Te help reël:* Die klassis gee aan die visitatore opdrag om "betyds" te help reël wat hulle vir die bogenoemde hoofsaak wenslik ag. Dit kan hulle doen deur die kerkraad in die vergadering of deur middel van 'n skrywe na die ondersoek van advies te dien. Dit is hulle *raad*. Maar hulle kan ook met die *daad* help reël, byvoorbeeld deur ontmoeting van ontevrede lidmate, versoening van partye, medewerking op kommissies van pre-advies vir die kerkraad, ens.

(c) *Betyds broederlik te vermaan:* Die visitatore kan ook tot bevindinge geraak. Hulle mag 'n bepaalde ampsdraer, 'n deel van die kerkraad en diakens of sekere lidmate van die kerk "nalatig in een en ander bevind". Dit mag die uitoefening van ampspligte, die betragting van onderlinge liefde, lojaliteit, takt, oorleg, oordeelkundigheid, die leer, die kerkorde, ens., betref. Dan het hulle die Bybelse roeping om betyds te vermaan (Matth. 18:15; Rom. 14:19 ens.). "Vermaan" het te veel 'n ongunstige betekenis verkry en behoort in sy kragtige, opbouende en Skriftuurlike sin in 'n gesonde kerklike lewe tot eer van die Here beoefen te word (vgl. Hand. 14:22, Rom. 12:8, 15:14; 1 Kor. 4:14, 16; Fil. 4:2; Kol. 1:28, 3:16; 1 Thess. 2:11, 5:11, 12, 14, ens.). Hoewel die visitatore met dankbaarheid sekere sake kan konstateer, mag die visitasie nie ter wille van selfverheerliking gesoek word nie.

7. Die inrigting van die visitasie.

Die Kerkorde stel die beginsel en reglementeer dus nie die wyse van visitasie nie. Dit laat 'n sekere vryheid aan klassisse om die visitasie te laat plaasvind in belang van die vrede, die opbou en belange van die kerke.

a. Gewone en buitengewone visitasie.

Gewone visitasie word onderskei van *buitengewone* visitasie. Eersgenoemde is die uitvoering van die gereelde visitasie. Laasgenoemde is die uitvoering van 'n bepaalde klassisopdrag met die oog op 'n bepaalde en aktuele probleem in 'n kerk, soos byvoorbeeld 'n dreigende skeuring, wanbestuur van 'n kerkraad, ens.

Die wyse van gewone visitasie verskil van dié van buitengewone visitasie. By *gewone visitasie* is dit ordelik dat: die praesidium behartig word deur die predikant van die kerk; die visitasie behoorlik vooraf aan die gemeente bekend gestel word en gemeentelede die geleentheid verkry om liefs deur bemiddeling van die kerkraad 'n afspraak met die visitatore te maak; die visitasie min of meer eenvormig met dié in al die ander kerke van die klassis [276] deurgevoer word en derhalwe word of 'n visitasiereglement van die klassis, of 'n omlynde opdrag vir die visitatore deur die klassis deurgaans gevolg met inagneming van toestande in bepaalde kerke.

Dit was vroeër gebruiklik dat die ampsdraers buite staan solank daar oor hulle bepaalde amp gehandel word. Die bedoeling is nie om 'n geleentheid vir allerlei stories te skep nie, maar om die ander ampsdraers vrymoedig en sonder persoonlike faktore te laat spreek oor die bepaalde ampsbediening. Indien daar klagtes ingedien word, word dit terstond ondersoek en geweeg en of die klaer, of die aangeklaagde tereggewys. Hierdie wyse word tans meesal by buitegewone visitasie gevolg.

In die geval van *buitengewone visitasie* is dit ordelik dat: een van die visitatore presideer en 'n ander die notule hou; die visitatore die gemeente en gemeentelede ontmoet op 'n wyse wat hulle tot die meeste stigting ag; die visitasie gehou word op 'n wyse wat die onderhawige saak na die oordeel van die visitatore die beste kan dien en in hierdie geval die omstandighede van die plaaslike kerk die inrigting van die visitasie laat bepaal.

b. Die visitatore moet verslag doen.

Die verslag van die visitatore aan die klassis moet deur al die visitatore onderteken wees en 'n afskrif moet 'n redelike tyd voor die klassisvergadering aan die betrokke kerke gelewer word. Dit staan 'n visitator natuurlik vry om op die geheel of op 'n bepaalde punt 'n minderheidsrapport in te dien, hoewel die visitatore eintlik alleen deur 'n eenstemmige handeling werklik effektiewe visitasie kan hou.

Dit kan ook aanbeveel word, soos in enkele klassisse (bv. Pretoria-Oos) reeds beoefen is, veral waar jaarliks in al die kerke visitasie plaasvind dat die aandag meer in besonder by rotasie op kardinale aspekte toegespits word, hoewel die weg vir enige iets wat ter tafel mag kom, oopgelaat moet word. Daardeur kan die prediking, kategese, pastoraat, ens., agtereenvolgens deurtastend behandel word. Dit vereis van die visitatore ook behoorlike studie en voorbereiding om indringend met elke kerkraad te kan spreek. Oor elke kerk kan dan ten opsigte van die besondere toestand 'n bondige rapport gelewer word, terwyl daar tegelykertyd aan die klassis in 'n saamvattende rapport 'n geheelbeeld van die bepaalde toestand in die ressort van die klassis voorgehou kan word.

c. Die klassis handel oor die visitasierapporte.

Die afhandeling van die visitasierapporte berus by die klassis. Oor die rapporte kan die klassis besluite neem soos hy dit die beste ag in die belang van die kerkverband en die bepaalde [277] plaaslike kerk. Dit moet egter onthou word dat die klassikale vergadering van kerkrade nie 'n hiërargie bo die kerkrade vorm nie. Dit bly die taak van die onderskeie kerkrade om die vrede,

opbou en belange van elke kerk te behartig. Elke kerkraad is egter gebonde om die advies van die klassis op te volg, behoudens die reg onder art. 31 K.O. Slegs in 'n geval van totale wanbestuur deur 'n kerkraad, waarop afsetting moet volg, kan die ander kerkrade deur middel van die klassis ingryp om die orde te herstel. Die beginsel is egter ook dan nog dat die kerk (die vergadering van gelowiges) tot herorganisasie moet kom, terwyl die klassis slegs deur deputate die *leiding vir die herorganisasie* van die impotente kerkraad in belang van die betrokke kerk oorneem.

ARTIKEL 45

DEPUTATE VIR DIE OPROEP EN KORRESPONDENSIE VAN MEERDERE VERGADERINGE

> *Elke meerdere vergadering benoem 'n korresponderende – kerkraad of deputate vir korrespondensie wat alle stukke en dokumente van die volgende vergadering ontvang en bewaar en sy handelinge op die volgende vergadering besorg.*
>
> *Eweneens benoem elke meerdere vergadering 'n roepende kerkraad om die volgende vergadering op te roep en te ontvang op die vasgestelde tyd en plek of anders op die tyd en plek wat die roepende kerkraad in die geval van 'n partikuliere sinode, volgens advies van sy klassis, en in geval van die algemene sinode, volgens advies van sy partikuliere sinode, bepaal.*

1. Geskiedenis.

In art. 41 K.O. is reeds gehandel oor die benoeming van die roepende kerkraad vir die klassis. Dieselfde beginsel word ten opsigte van die partikuliere en algemene sinodes gevolg. Sedert 1578 is aan die roepende kerkraad ook die opdrag gegee om die vasgestelde handelinge van die vorige vergadering op die volgende te besorg. Al is dit elke keer 'n nuwe meerdere vergadering, bou die een op die handelinge van die vorige voort. Gaandeweg het dit egter ook gebruiklik geword om, waar die roepende kerkrade volgens toerbeurt roteer, 'n korresponderende kerkraad of deputate vir korrespondensie aan te wys sodat die funksies van oproep [278] en besorging van die stukke geskei is. Die Sinode van 1964 het hierdie ontwikkeling in art. 45 opgeneem en tegelykertyd die voorsiening vir die oproep van spesiale partikuliere en nasionale sinodes uit artt. 47 en 50 K.O. by die funksies van die roepende kerkraad gegroepeer, sodat art. 45 nou die beginsel vir die oproep van die vergaderinge in sy geheel stel.

2. 'n Buitengewone klassis.

Vir die oproep van 'n buitengewone klassis word nie in art. 41 of 45 voorsiening gemaak nie. Die klassis vergader in die reël kwartaalliks. Daarom is 'n buitengewone samekoms gewoonlik nie nodig nie. Tog volg klassisse meesal die reël dat, wanneer 'n kerkraad die oproep van 'n buitengewone klassis op gegronde redes versoek, die roepende kerkraad oorleg pleeg met die korresponderende kerkraad sodat minstens twee of drie kerkrade 'n buitengewone klassis noodsaaklik geag het. 'n Bepaling oor 'n buitengewone klassis is onnodig omdat die kerkrade permanent is en waar nodig selfs met almal oor die noodsaaklikheid van 'n buitengewone klassis oorleg gepleeg kan word.

3. Die deputate of kerkraad vir korrespondensie.

Meerdere vergaderinge kan of 'n paar persone, of 'n bepaalde kerkraad as deputate vir korrespondensie benoem. By die benoeming sal gelet word op 'n permanente adres, liefs 'n posbus; bekwaamheid om die opdrag na te kom en fasiliteite vir die veilige bewaring van die stukke van die vergaderinge. Die ou redaksie het slegs van die handelinge van die vorige vergadering gespreek. Dit sluit vanselfsprekend die bylaes en stukke wat tot die handelinge gelei het, in. Die nuwe redaksie is vollediger en bepaal waarheen stukke gestuur en waar dit bewaar word. In die praktyk beteken dit: die deputate besorg die stukke van die vorige vergadering vir referensiedoeleindes op 'n volgende; hulle moet die stukke vir die te houe vergadering ontvang, in 'n rapport orden en as konsep-agenda onmiddellik na die konstituering by die betrokke meerdere vergadering indien. Indien die vorige vergaderinge nie spesiale reëlings vir argiefdeputate getref het nie, impliseer art. 45 K.O. ook dat die deputate vir korrespondensie tegelykertyd die deputate vir die argief van die betrokke meerdere vergaderinge is.

4. Die roepende kerkraad.

Omdat meerdere vergaderinge samekomste van kerke is, kan daar nie persone benoem word om 'n volgende vergadering op te roep nie. Dit moet 'n kerklike vergadering wees wat die [279] meerdere vergadering oproep, ontvang, die geloofsbriewe (vgl. art. 33 K.O.) beoordeel en die konstituering laat plaasvind. Aangesien kerkrade die enigste permanente kerklike vergaderinge is, spreek dit vanself dat 'n roepende kerkraad benoem moet word. So 'n kerkraad is onderhewig aan die beginsel van art. 49 K.O. en dien ook 'n rapport oor die uitvoering van sy opdrag by die betrokke meerdere vergadering in onmiddellik na die konstituering.

5. Die tyd en plek van vergadering.

Gewoonlik word die tyd en plek van die volgende vergadering deur die vorige vergadering vasgestel. Indien die tyd egter slegs by benadering aangedui is, moet die roepende kerkraad, met inagneming van plaaslike omstandighede en in oorleg met die deputate vir korrespondensie, die tyd bepaal. Dit gebeur dikwels dat 'n roepende kerkraad ondertussen verhinder word om die volgende vergadering op die standplaas van die roepende kerkraad te ontvang en dan word verkeerdelik aangeneem dat die roepende kerkraad sy opdrag aan 'n ander kerkraad moet oordra. Dit is in stryd met art. 49 K.O. In daardie geval moet die roepende kerkraad die vergadering op 'n ander geskikte plek (in oorleg met die kerkraad van daardie plek) oproep, maar nog die verantwoordelikheid as roepende kerkraad nakom.

6. Buitengewone sinode.

Dit kan gebeur dat omstandighede die oproep van 'n buitengewone partikuliere of nasionale sinode nodig maak, byvoorbeeld in geval van 'n leerstellige beroering of 'n ernstige klag teen 'n professor aan die Teologiese Skool, of iets dergeliks. In daardie geval lê die aansoeker 'n gemotiveerde versoek om 'n buitengewone samekoms aan die roepende kerkraad voor. In die geval van 'n buitengewone partikuliere sinode pleeg die roepende kerkraad oorleg met die klassis waartoe hy behoort en die klassis handel dan soos in art. 47 K.O. bepaal. In die geval van 'n buitengewone nasionale sinode word oorleg gepleeg met die partikuliere sinode waartoe die roepende kerkraad behoort, en verder volgens art. 50 K.O. gehandel. Indien die betrokke meerdere vergaderinge tot dié effek adviseer, roep die roepende kerkraad 'n buitengewone partikuliere of nasionale sinode, soos die geval mag wees, op. Daar moet werklike en ernstige noodsaak wees om die koste en deputering na so 'n spesiale samekoms te regverdig.

7. Die oproep van ’n gewone of buitengewone meerdere vergadering.

[280] Die onus om die betrokke meerdere vergadering op te roep, rus altyd op die roepende kerkraad. So ’n oproep moet vroegtydig genoeg geskied sodat deputering na die vergaderinge moontlik sal wees. Indien sekere partye nie geleentheid vir deputering gehad het nie, is die oproep, en gevolglik die vergadering, buite orde en onwettig. Die oproep moet al die besonderhede duidelik bevat, naamlik waarom die vergadering opgeroep word, die tyd en plek waar vergader sal word en die reëlings wat vir die ontvangs van deputate getref is of moet word.

8. Die versending van stukke volgens art. 33 K.O.

Volgens art. 33 K.O. moet die geloofsbriewe altyd aan die roepende kerkraad en die instruksies aan die deputate vir korrespondensie van die betrokke meerdere vergadering gegee word. Dit is om praktiese redes verkieslik dat dit ook vroegtydig geskied sodat die betrokke deputate hulle rapport by die aanvang van die betrokke meerdere vergadering gereed kan hê (vgl. by art. 33 K.O.).

9. Die kerklike argief.

Elke kerklike vergadering, naamlik kerkraad, klassis, partikuliere en nasionale sinode, het sy eie argief. Binne elkeen van hierdie argiewe kan weer onderdele bestaan. In argiewe is die reël gewoonlik om dokumente saam te groepeer soos die liggaam in die praktyk bestaan en funksioneer. In die eerste plek het elke meerdere vergadering sy handelinge (notule) en bylaes. Daarbenewens is daar notule en dokumente van tydelike en permanente deputate (kommissies), die kassier, ens. Hierdie onderdele word gerangskik asof elke onderdeel ’n selfstandige liggaam is, alhoewel dit in wese tot die argief van die betrokke vergadering behoort. So sal byvoorbeeld die notule en bylaes van die sendingdeputate of kommissie van beheer ’n eie dokumentegroep vorm, hoewel dit deputate van die sinode is.

Die Sinodes van 1961 en 1964 het belangrike besluite oor die argiewe geneem en die sinodale deputate vir die sentrale Argief het ’n Handleiding gepubliseer om leiding te gee insake die inrigting en bewaring van kerklike dokumente. In hoofsaak kom dit daarop neer dat dokumente en stukke van alle kerklike liggame kerklike eiendom is wat in geen omstandighede vernietig mag word nie. In die sentrale Argief te Potchefstroom moet alle stukke van meerdere vergaderinge, wat tien jaar en ouer is, geberg word. Aan die kerkrade word in dieselfde Argief bergingsruimte beskikbaar gestel, hoewel die kerkrade juridies die eienaars van die argiewe bly. Die argiewe is die “geheue” van die kerklike lewe en [281] aktiwiteite en kan altyd deur die betrokke kerklike liggame en ander navorsers onder sekere voorbehoude geraadpleeg word. Stukke jonger as vyftig jaar mag alleen met toestemming van die betrokke kerkraad geraadpleeg word.

Dit kan as ’n feit gekonstateer word dat reeds veel skade wederregtelik, hoewel miskien met goeie bedoelings, deur persone gepleeg is wat kerklike dokumente en notuleboeke vernietig het omdat dit as waardeloos beskou is. Die veilige bewaring en liassering van kerklike dokumente en stukke, soos in art. 45 K.O. gereël, kan dus nie genoeg benadruk word nie.

ARTIKEL 46

DIE KONTINUÏTEIT VAN MEERDERE VERGADERINGE

Sake vir behandeling op meerdere vergaderinge moet nie opgestel word voordat die besluite van die voorgaande sinodes oor die voorgestelde punte nagegaan is nie, sodat wat eenmaal afgehandel is,

nie weer voorgestel word nie tensy dit noodsaaklik geag word om iets te verander.

1. 'n Kardinale beginsel in die Gereformeerde Kerkreg.

Soos in art. 30 N.G.B, bely word, is die kerkraad die *enigste* permanente raad van die kerk. Daaruit volg dat elke samekoms van die klassis, partikuliere of nasionale sinode tydelik van aard is en net so lank duur en bestaan as wat die vergadering in sitting is. 'n Klassis is, kerkregtelik beskou, ook 'n sinode (vgl. art. 29 en 36 K.O.). Die woorde "voorgaande sinodes" wys dus op die tydelike en insidentele bestaan van meerdere vergaderinge. Dit beteken egter nie dat daar geen kontinuïteit in die gereformeerde kerkregering is nie. Die kontinuïteit en permanensie van meerdere vergaderinge is egter nie geleë in hulle bestaan nie, nie in dieselfde mense wat afgevaardig word nie en in kommissies aan wie magte gedelegeer" word nie (wat nié in die gereformeerde kerkreg kan plaasvind nie, vgl. art. 49 K.O.). Die kontinuïteit lê opgesluit in die *besluite* of *handelinge* (notule) van voorgaande samekomste van meer kerkrade. Die besluite of handelinge behoort in wese dus aan die kerke wat die vergaderinge saamgestel het. Vanaf die eerste Sinode te Emden in 1571 het volgende sinodes uitgegaan van wat reeds besluit was (vgl. art. 45 in verband met die besorging van die handelinge).

[282] Die reël is dus dat sake wat eenmaal afgehandel is, nie weer voorgestel moet word nie. Die waarheid uit Gods Woord is ewig en derhalwe kan 'n besluit wat hierdie waarheid stel, nie verander word nie. Die besluite van meerdere vergaderinge kan egter verandering, verbetering of herroeping ondergaan wanneer hulle met die waarheid in stryd, onvolledig of verouderd is. Derhalwe bepaal art. 46 K.O. dat die besluite van vorige meerdere vergaderinge oor 'n bepaalde aangeleentheid nagegaan moet word voordat die bepaalde saak weer voor 'n volgende meerdere vergadering gestel word.

Die handelinge van sinodes word gewoonlik of gedruk, of afgerol. Waar dit nie gebruiklik is nie, soos byvoorbeeld in sommige klassisse, is dit wenslik dat die belangrikste klassisbesluite oor bepaalde sake van tyd tot tyd gegroepeer en ten minste in afgerolde vorm beskikbaar gestel sal word vir kerkrade, kerkraadslede en lidmate van die afsonderlike kerke. Die besluite van meerdere vergaderinge is dooie argiefstukke, tensy die enigste permanente regeerliggame, die kerkrade, dit as hulle besluite beskou en die kerkregering daarvolgens inrig (vgl. F.L. Bos: *De Orde der Kerk*, bl. 175). Die nagaan van besluite van vorige meerdere vergaderinge is tegelykertyd 'n verrykende en vrugbare stimulus vir kerkregering omdat dit 'n gesonde kontinuïteit bevorder.

2. Die oorweging van veranderinge van vorige besluite.

Die gereformeerde kerkreg ken aan vorige besluite bindende maar nie onfeilbare gesag toe nie. Derhalwe kan enige lidmaat en enige mindere vergadering die verandering van sekere besluite van voorgaande meerdere vergaderinge oorweeg. Selfs die verandering van die Belydenis kan oorweeg word. Wanneer 'n vorige besluit nagegaan is, kan "dit noodsaaklik geag word om iets te verander". Die swakker woord "geag" (nie "geoordeel" nie) is hier op sy plek omdat die voorsteller 'n tentatiewe sienswyse voordra en die finale oordeel of die verandering noodsaaklik is, eers deur die bevoegde vergadering (by wie dit "tuishoort" volgens art. 30 K.O.) gevel sal word.

Vooraf kan 'n verandering noodsaaklik "geag" word weens veranderde tydsomstandighede, intrinsieke gebreke, teenstrydighede, ens. Soms kan 'n verandering op werklik prinsipiële gronde, die Skrif, die Belydenis of die Kerkorde, nodig geag word. Die voorstel om 'n

besluit van ’n voorgaande sinode te verander of te herroep, moet feitlik altyd as ’n *gravamen* of *beswaar* van meer of minder ernstige aard, al na gelang van die aard van die gronde van beswaar, beskou word. ’n Beswaar teen ’n besluit op grond [283] daarvan dat dit verouderd is, rus op mindere gronde as ’n beswaar wat op die Skrif of Belydenis gegrond is. Vir eersgenoemde beswaar sou daar waarskynlik nie gronde volgens art. 31 K.O. aangevoer kon word nie, byvoorbeeld wanneer slegs ’n herindeling van klassisse versoek word. Maar in ’n beswaar teen die Belydenis of teen egskeidingsgrond in ’n vorige besluit, sou uit die Skrif, Belydenis en Kerkorde bewyse gelewer moet word. Laasgenoemde besware kan nie afgewys word met ’n formele beroep op art. 31 K.O. dat die beswaarde in ’n vroeër stadium ’n appèl moes ingedien het nie. Dit sou beteken dat ’n formele skans ’n besluit wat teen die heerskappy van die Skrif stry, beskerm. Volgens art. 46 kan ’n beswaar aanhangig gemaak word wanneer die tyd vir appèl verstryk het. Elke aangevoerde grond van beswaar moet derhalwe oorweeg, getoets, beoordeel en beantwoord word.

'n Beswaar teen ’n besluit van ’n voorgaande sinode wat deur ’n mindere vergadering afgewys word, kan wel daarna lei tot ’n appèl op die meerdere vergadering volgens art. 31 K.O. So kan ’n voorstel in die kerkraad onder art. 46 K.O. om ’n bepaalde stuk van die Belydenis te wysig, lei tot ’n appèl of deur die beswaarde wat in ongelyk gestel is, of deur iemand anders, of deur iemand wat nie genoeë neem wanneer die beswaarde gelyk gegee word nie. Die appèl word gebaseer op die jongste besluit in sy offisiële redaksie sodat elke appèl ook in ’n sekere sin die “nagaan” volgens art. 46 K.O. inhou. Omdat die Kerkorde beginsels vir kerkregering formuleer en nie reglemente bevat nie, skakel art. 46 K.O. nie art. 31 K.O. uit nie.

Die enigste beswaar teen hierdie prosedure kan wees dat dit dupliserend is. Daarteenoor geld egter dat in die opeenvolgende meerdere vergaderinge telkens meerdere bevoegdheid saamgetrek word, sodat die prosedure veiligheid en weloorwoë besluite verseker. In die praktyk sal ’n partikuliere sinode ’n beswaarskrif teen ’n nasionale sinodale besluit wat deur ’n klassis gehandhaaf is, kan afwys. Die argument in die Sinodebesluit van 1964, art. 279 C, a, (4), dat ’n beswaarde langs die kerklike weg aanhangers vir sy standpunt kan wen, is verwerplik. Dit is strydig met die wese van meerdere vergaderinge waar die deputate gebonde is om ooreenkomstig die Skrif, Belydenis en Kerkorde te besluit (vgl. by art. 31 en 33 K.O.). Dit gaan van ’n verkeerde aksioma uit dat persoonlike menings in plaas van die mandaat in die geloofsbrief sake beslis. Op meerdere vergaderinge kom nie persone saam nie, maar verteenwoordigers van kerklike vergaderinge en hulle is nie werfbaar nie, maar gebonde om met die Skrif, Belydenis en Kerkorde volgens waarheid te oordeel.

[284]

3. Wie die besluite van voorgaande sinodes nagaan.

Enige lidmaat, ampsdraer, kerkraad of meerdere vergadering (tydens sy sitting) kan besluite van voorgaande sinodes nagaan. Wanneer ’n lidmaat of ampsdraer wil voorstel dat ’n besluit van ’n voorgaande meerdere vergadering gewysig moet word, sal hy hom na sy kerkraad wend om die bepaalde saak kragtens art. 33 K.O. in die klassis voor te lê. Die lidmaat of ampsdraer mag hom egter grootliks vergis het; derhalwe is dit volgens art. 45 K.O. veral en by uitstek die kerkraad wat die besluite van voorgaande sinodes oor die voorstel sal moet nagaan voordat dit as ’n opdrag aan die deputate na die klassis saamgegee kan word. Indien ’n kerkraad ’n voorstel by die klassis sou indien sonder om voorgaande besluite eers na te gaan, kan die voorstel ooreenkomstig art. 30 K.O. na die betrokke kerkraad terugverwys word om eers aan art. 46 uitvoering te gee. Die nagaan van besluite van voorgaande sinodes kan op ’n kerkraadsvergadering afgehandel word (art. 30 K.O.). Dit beklemtoon ook die noodsaaklikheid dat elke kerkraad ’n volledige stel van sinodale, partikulier-sinodale en klassikale handelinge of

verslae daarop sal nahou om die onnodige herhaling van dieselfde sake te voorkom (vgl. F.L. Bos, a.w., bl. 174). Wanneer die voorstel teen besluite van voorgaande sinodes klaarblyklik *(prima facie)* meriete het, kan en moet die klassis as die belangrikste meerdere vergadering uitvoering aan art. 46 K.O. gee.

Indien die klassis die voorstel in die partikuliere sinode bring, moet die partikuliere sinode finaal oordeel as dit 'n besluit van 'n voorgaande partikuliere sinode raak. Indien die voorstel 'n besluit van 'n voorgaande algemene sinode raak, moet die partikuliere sinode hom rekenskap gee van die voorgaande besluite en die voorstel, in die lig daarvan die voorstel verwerp, of volgens art. 46 terugverwys na die klassis, of as 'n voorstel tot verandering in die algemene sinode gaan voorstel (artt. 33 en 50 K.O.).

Die Kerkorde reël dat sake vir behandeling op meerdere vergaderinge "moet nie opgestel word voordat besluite van die voorgaande sinodes oor die voorgestelde punte nagegaan is nie...". Daarmee moet mindere vergaderinge in die eerste plek die nodelose herhaling van dieselfde vraagpunte by meerdere vergaderinge verhoed (vgl. F.L. Bos, a.w., bl. 174). Hierdie reël kan soms moedswillig oortree word in 'n poging om 'n bepaalde sin oor 'n bepaalde saak deur te voer. Hier is in die verlede dikwels in allerlei middelmatige sake, soos byvoorbeeld ten opsigte van die sogenaamde ampsgewaad, dienstyd van kerkraadslede, ens., gesondig. Soms word die reël egter uit onkunde oortree omdat die voorgaande besluit weens nalatigheid of onvermoë nie nagegaan is nie.

[285] Onvermoë kan voorkom waar 'n kerkraad versuim het om 'n volledige stel van die handelinge van voorgaande sinodes te bewaar. Dit spreek vanself dat 'n voorstel met belangrike materie swaarder weeg as die formele reël van art. 46 K.O. Waar die voorsteller weens onvermoë nie uitvoering aan art. 46 K.O. kon gee nie, sou die klassis of partikuliere sinode en eventueel die algemene sinode eers die besluite van voorgaande sinodes moet nagaan voordat die voorstel tot verandering afgewys of aanvaar word.

4. Die prosedure vir beswaarskrifte volgens die Sinode van 1964.

Die Sinodes van 1958, 1961 en 1964 het hulle besig gehou met die prosedure wat daar in verband met beswaarskrifte gevolg moet word. Nadat verskillende rapporte en voorstelle oorweeg is, is 'n minderheidsrapport van 'n kommissie van pre-advies in 1964 aanvaar. Die besluit rus op die volgende *oorwegings:* dat die kerklike weg (vgl. by art. 33 K.O.) nie die reël vir beswaarskrifte (gravamina) is nie; dat 'n verworpe beswaarskrif in 'n mindere vergadering nie as 'n appèl op 'n meerdere vergadering kan dien nie; dat die ooplating van die weg om dringende appèlle direk by 'n meerdere vergadering kan dien nie; dat die ooplating van die weg om dringende appèlle direk by 'n meerdere vergadering in te dien, bewys dat die mindere vergadering onbevoeg is om in die saak te handel. Gevolglik word as prosedure neergelê:

(a) *'n gravamen moet gerig word tot die vergadering wat die betrokke besluit geneem het waarteen beswaar gemaak word;*

(b) *dit moet betyds vir opname in die agenda van die betrokke vergadering ingedien word;*

(c) *die besluit waarteen die beswaar ingedien word, moet duidelik en woordeliks aangegee word;*

(d) *'n beswaarskrif oor 'n besondere besluit mag nie meer as een keer ingedien word nie, tensy die beswaarde(s) met gewigtige redes aantoon waarom nie berus kan word nie.* (Acta 1964, art. 188, 279).

Die laasgenoemde drie punte lê 'n korrekte en gesonde prosedure vir beswaarskrifte neer, maar die eerste riglyn van die prosedure is nie duidelik en bo verdenking nie.

Ten opsigte van die eerste punt moet opgemerk word: indien 'n beswaar gerig moet word "tot die vergadering wat die betrokke besluit geneem het", beteken dit dat 'n beswaar nog tydens die sitting van daardie vergadering ingedien moet word aangesien die woorde: "die vergadering wat die betrokke besluit geneem het", (Acta, bl. 444) met art. 46 bots wat die tydelikheid stel as van "voorgaande sinodes" gespreek word. Volgens die prosedure van 1964 sou na sluiting van die vergadering geen beswaar meer teen [286] die besluite ingedien kon word nie omdat die vergadering wat die betrokke besluit geneem het, opgehou het om te bestaan. Indien bedoel was dat slegs algemene sinodes beswaarskrifte teen besluite van voorgaande algemene sinodes kon oorweeg, sluit die prosedure die reg van appèl (art. 31 K.O.) by beswaarskrifte met betrekking tot die Belydenis, Kerkorde en sinodale besluite uit omdat geen verdere beroep as dié op die nasionale sinode moontlik is nie. Die betrokke punt in die prosedure wat deur die Sinode van 1964 neergelê is, gaan klaarblyklik van 'n permanente bestaan van sinodes uit en kan as sinodokrasie en hiërargie vertolk word. Dit is egter in stryd met die gees van die Kerkorde en art. 30 N.G.B.

Dieselfde Sinode het egter in art. 153 nie gevolg gegee aan 'n beskrywingspunt om 'n besluit van 'n vorige sinode te motiveer nie. Hoewel die besluit slegs verwys na die "wyse waarop die beskrywingspunt gestel is", is in die beredenering *tereg* aangevoer dat 'n later sinode nie 'n besluit van 'n "voorgaande" sinode kan motiveer nie. Met hierdie besluit het die Sinode van 1964 dus wel die beginsel gehandhaaf dat dit 'n ander sinode as die voorgaande was en nie sonder meer verantwoordelikheid vir 'n besluit van 'n voorgaande sinode kan aanvaar nie.

Die prosedure van die Sinode van 1964 beantwoord talle vrae nie. Indien iemand beswaar het teen 'n stuk van die belydenis (wat deur 'n nasionale sinode vasgestel is en selfs ekumeniese implikasies het), moet hy daarmee wag totdat 'n nasionale (en selfs ekumeniese) sinode saamkom waar hy sy beswaar aanhangig kan maak? Volgens die eerste punt van die prosedure lyk dit asof die kerklike weg van art. 33 K.O. vir alle beswaarskrifte teen voorgaande sinodes afgesny is, terwyl dit nie die geval kan wees nie aangesien die ondertekeningsformulier die bedienaars van die Woord nog verplig om dergelike besware aan die kerkraad, klassis of partikuliere sinode te openbaar. Die Dordtse Sinode het in 1619 met die ondertekenings-formulier selfs die professore in die Teologie vir leerbesware na die partikuliere sinode verwys sodat hulle na die uitspraak nog 'n reg van appèl op die nasionale sinode behou (vgl. H.H. Kuyper: De Post Acta van de Synode van Dordtrecht, bl. 230 e.v. Daar was wel verskil oor die vraag of die kerklike weg hier *conjunctim* of *divisim* verstaan moes word, a.w., bl. 200. Tog is dit opmerklik dat, hoewel dit in 1619 baie vasgestaan het dat slegs 'n nasionale sinode 'n uitspraak van 'n voorgaande sinode oor die Belydenis en Kerkorde kon wysig, die nasionale sinode in geen ondertekeningsformulier as 'n adres vir 'n beswaarskrif genoem is nie).

[287] Indien die vertolking van die "tuishoort" in art. 30 K.O. (vgl. Acta 1964, bl. 446) opgaan, is handelinge en jurisdiksie oor die leer en Kerkorde aan die kerkrade, klassisse en partikuliere sinodes ontneem en troon 'n permanente sinode as regeringstruktuur met 'n eie mandaatgebied (soos by die Kollegialisme) bo die mindere kerklike vergaderinge.

'n Ander leemte in die eerste punt van die prosedure vir beswaarskrifte, soos neergelê deur die Sinode van 1964, is dat die oordeel oor die noodsaaklikheid van verandering (art. 46) sowel as die oordeel oor waar dit "tuishoort" (art. 30 K.O.) nou deur 'n beswaarde individu geprejudiseer moet word met uitsluiting en verontagsaming van die onmiddellike kerklike gesag

in gegewe kerklike vergaderinge, terwyl 'n sinode nog altyd 'n samekoms van partikuliere sinodes deur middel van hulle deputate bly (art. 50 K.O.) en geensins 'n klaagbank naas die kerkraad vir beswaarde individue uit die kerke word nie. Die antwoord op 'n regstreekse leerbeswaar van 'n lidmaat (Sinode 1964 art. 70) kon reeds deur 'n kerkraad gegee gewees het en volgens art. 30 K.O. "op 'n mindere afgehandel" word. Om die "tuishoort" teen hierdie beginsel van dieselfde artikel af te speel, is nie ordelik nie.

In die kerkregtelike ontwikkeling gedurende die Reformasie word gevind dat die plig op mindere vergaderinge gelê is om besluite van meerdere vergaderinge na te gaan. Die Sinode van Emden (1571) het aan die klassisse opgedra om eers die handelinge van die partikuliere sinodes "vlijtiglijk" na te gaan, waardeur impliseer word dat hierdie mindere vergadering dit noodsaaklik moet ag om 'n besluit van 'n sinode te laat verander (Emden, Acta, hfst. II, par. 8).

Daar is oorvloedige bewyse dat juis die beswaarskrifte (gravamina) van klassisse en partikuliere sinodes oor die Kerkorde die agenda van 'n nasionale sinode uitgemaak het (vgl. by Dordtse Sinode 1619, H.H. Kuyper, a.w., bl. 108 e.v.; bl. 119 e.v., sessie 158). Trouens, dit was verder gereël dat gravamina van klassisse voor die partikuliere sinode gesirkuleer moes word (F.L. Bos, a.w., bl. 134 e.v.) en dat meerdere vergaderinge nie sonder die oordeel van mindere vergaderinge prinsipiële besluite sal wysig nie (Ibid, bl. 112).

Ons weloorwoë mening is dus dat beswaarskrifte teen besluite van voorgaande sinodes langs die kerklike weg (art. 33 K.O.) van 'n lidmaat na die kerkraad en van die kerkraad na sy vergadering met meer kerkrade (klassis) moet gaan. Indien hierdie eerste en belangrikste meerdere vergadering die voorstel tot verandering oorneem, gaan dit daarvandaan na die partikuliere en nasionale [288] sinode (vgl. vorige paragrawe 1 tot 3).

5. Die taak van mindere vergaderinge ten opsigte van beswaarskrifte teen besluite van meerdere vergaderinge.

Volgens art. 46 K.O. is die taak van die mindere vergadering om die beswaar te oorweeg en te oordeel of die betrokke vergadering ook 'n wysiging van die aangehaalde besluit *"nodig ag"*. Mindere vergaderinge is geroepe om besluite van meerdere vergaderinge te handhaaf (vgl. F.L. Bos, a.w., bl. 144). So handhaaf die kerkraad, maar ook die klassis, die besluite van algemene sinodes ten opsigte van die Belydenis en Kerkorde. Die vernaamste taak van die mindere vergadering, by eventuele beswaar teen sodanige besluite, is om die beswaar in die lig van die mandaat in die geloofsbriewe objektief te weeg. Daar moet eerstens noukeurig en selfstandig geweeg en vasgestel word of die beswaar werklike gronde teen vorige besluite aanvoer. Indien die beswaar ongegrond, foutief of onnodig bevind word, moet dit afgewys word. Indien slegs 'n gedeelte van die beswaar verdienstelik "geag" word, gee die vergadering slegs die betrokke gedeelte as 'n opdrag aan sy verteenwoordigers na die volgende meerdere vergadering, 'n Beswaar mag nooit deur 'n vergadering, "sonder om hom daaroor uit te spreek", as 'n opdrag (beskrywingspunt, voorstel) na 'n volgende meerdere vergadering deurgestuur word nie. So 'n handelswyse verontagsaam die reël in art. 46 K.O. dat sake sover moontlik afgehandel moet word. 'n Ongegronde beswaar teen 'n besluit van 'n meerdere vergadering kan deur 'n mindere vergadering afgehandel word, behoudens die reg van die beswaarde in art. 31 K.O. 'n Drastiese voorbeeld kan hierdie plig illustreer: Indien 'n lidmaat aan 'n kerkraad sou verklaar dat hy art. 1 van die Nederlandse Geloofsbelydenis op Skrifgronde verwerp, moet die kerkraad die beswaar beoordeel, ondanks die feit dat die Belydenisstuk deur 'n nasionale sinode as leerstuk aanvaar is. Indien die kerkraad die beswaar verwerp en as ongegrond beoordeel, kan die kerkraad op die lidmaat tug toepas. Indien besware teen die leer egter net by 'n nasionale sinode oorweeg kon

word, sou die kerkraad die lidmaat se beswaar sonder 'n oordeel maar net na die nasionale sinode moes deurstuur en miskien drie jaar op 'n uitspraak wag. Ondertussen sou die saak *sub judice* en die kerkraad magteloos wees om die leer en tug te handhaaf. So 'n onbestaanbare toestand toon dat mindere vergaderinge besware teen nasionale sinodale besluite moet beoordeel, hoewel hulle nie die bevoegdheid het om sonder die kerkverband besluite van voorgaande sinodes te wysig nie.

[289]

6. Die formele herroeping van besluite voordat 'n ander bestuit oor dieselfde saak geneem word.

Die beginsel van kontinuïteit in art. 46, wat die nagaan van besluite van vorige vergaderinge noodsaaklik maak, sowel as art. 31 K.O., wat die heersende Kerkorde as 'n appèlgrond stel, hou in dat besluite van latere vergaderings oor dieselfde saak moet laat blyk dat vorige besluite nagegaan is. Indien dit uit die jonger besluit blyk dat die vorige nagegaan is, moet die jongste besluit implisiet as herroeping van die ouer besluit beskou word al is dit nie eksplisiet so gestel nie. Wanneer die jonger besluit egter nie laat blyk dat die vorige besluite nagegaan is nie en tog met die ouer besluite bots, geld daar, volgens die beginsel van art. 46 K.O. (de jure), twee teenstrydige besluite, hoewel die jongste in die praktyk (de facto) toegepas is. Die ouer besluit stel die regsgeldigheid van die jonger besluit in gevaar.

Hierdie beginsel geld ook vir kerkraadsbesluite. Dit is onwenslik dat 'n kerkraad oorhaastig teenstrydige besluite neem. Die aangewese prosedure vir die herroeping van 'n vorige besluit van die kerkraad is om op die een vergadering kennis te gee van 'n voorstel om 'n vorige besluit te herroep en dan op die volgende vergadering die vorige besluit(e) uit die notule te lees, die voorstel tot wysiging voor te lê en daarna te besluit. In die periode tussen die kennisgewing van die voorstel en die behandeling van die saak kon al die kerkraadslede die saak nagaan en tot 'n behoorlike oordeel geraak.

ARTIKEL 47

DIE PARTIKULIERE SINODE

Die partikuliere sinode is 'n vergadering van naburige klassisse waarheen elke klassis 'n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge afvaardig soos deur die partikuliere sinodes bepaal. Die partikuliere sinode vergader jaarliks tensy dit na die oordeel van minstens twee klassisse noodsaaklik geag word om 'n buitengewone vergadering byeen te roep.

1. Die redaksie.

Met die hersiening van die Kerkorde het die Sinode van 1964 die lesing van hierdie artikel aansienlik verbeter. Die ou artikel [290] het ook hier vir die benoeming van 'n roepende kerkraad voorsiening gemaak (vgl. nou art. 45), die aantal afgevaardigdes per klassis volgens die Nederlandse praktyk op vier vasgestel terwyl partikuliere sinodes, wat net uit drie of vier klassisse bestaan, ses afgevaardigdes mog stuur. Die nuwe redaksie stel tans net die beginsel en laat die reglementeringe weg, terwyl die aantal afgevaardigdes deur die partikuliere sinodes self vasgestel en van tyd tot tyd gewysig kan word. Hoewel daar dus geen inhoudelike verandering teweeggebring is nie, lees die artikel na die hersiening in 1964 baie beter.

2. Geskiedenis.

Tydens die Reformasie het die partikuliere sinodes van 1571 tot 1816 hulle waarde in Nederland bewys. Onder die aanslae van die Remonstrante voor 1619, en toe daar van 1619 tot 1816 geen algemene sinode gehou kon word nie, het die partikuliere sinodes die kerklike lewe op die spoor gehou. Gedurende die stryd teen die Remonstrante het sommige gewestelike owerhede, tussen die jare 1608 en 1618, die samekoms van partikuliere sinodes verbied om so die Remonstrantse saak te bevorder.

In die reformatoriese kerkreg was die partikuliere sinode die laaste meerdere vergadering wat die meer praktiese kerkregering beoefen het, want die insidentele algemene of nasionale sinodes het hulle tot 1619 feitlik uitsluitend besig gehou met die formulering van die leer en kerkregering. Van 1619 tot 1816 het die partikuliere sinodes die uitlewing van die prinsipiële grondslae verseker, maar wanneer hulle verkeerdelik werk van 'n algemene sinode ter hand geneem het, byvoorbeeld toe die liturgie met die invoering van die Gesangebundel in 1807 gewysig is, het dit onheilspellende gevolge gehad.

In die Suid-Afrikaanse praktyk het die partikuliere sinode nie altyd tot mondigheid gekom nie, sodat hulle bestaansreg al in twyfel getrek is en daar vertoë gerig is om hulle af te skaf soos in die V.S.A. gebeur het. Wanneer die sinodes uitgeskakel word, moet die nasionale sinodes meer dikwels (selfs jaarliks) vergader. Dit bring hoë koste mee, stimuleer die idee dat *"die sinode"* oor die "hele kerk" regeer en verhinder 'n gesonde gewestelike variasie as gevolg van plaaslike omstandighede, In die Christian Reformed Church gaan in die jongste tyd weer stemme op wat vir partikuliere sinodes vra sodat beter met die belangeverskille tussen Kanada en die V.S.A. rekening gehou kan word.

In die tweede plek blyk dit dat die partikuliere sinodes in Nederland gedurende die Reformasie uit drie tot elf klassisse [291] saamgestel is. Kleiner partikuliere sinodes kon, indien hulle dit verkies het, die aantal afgevaardigdes per klassis vermeerder. Die grootte van 'n klassis (aantal kerke of gesamentlike lidmatetal) word nie in ag geneem nie. Die demokrasie en die liberale gesagsbegrip gaan uit van kwantitatiewe groothede. Die gereformeerde kerkregering gaan van 'n kwalitatiewe grootheid, 'n klassis, uit en wil met die eweredige maar gelyke aantal afgevaardigdes per klassis die objektiewe heerskappy van Skrifbeginsels verseker, omdat daar *oortuig* moet word en nie *oorstem* nie. Die gelyke verteenwoordiging vir elke samestellende klassis waarborg dat groter klassisse nie 'n partikuliere sinode deur 'n groter afvaardiging sal oorheers nie. Die kleiner partikuliere sinodes kan weer, met 'n groter aantal afgevaardigdes per klassis, 'n behoorlike oorweging van besluite verseker.

In laaste instansie toon die Nederlandse geskiedenis voor 1574 dat met Gereformeerde kerke in Duitsland, Engeland en Nederland rekening gehou is. Binne die Nederlandse provinsies is weer met die Franssprekende Waalse kerke rekening gehou en hulle mog 'n eie partikuliere sinode saamstel. Die groepering van vergaderinge met die oog op kerkregering het dus op grond van geografiese, etniese of belangegemeenskap geskied. So het die Nederlandse Kerkorde van 1905 die "naburige" klassisse "soveel moontlik" binne "dieselfde provinsie" gesoek. In Suid-Afrika het die ou Algemene Vergaderinge (vgl. by art. 41 K.O.) die staatkundige verdeling taamlik streng gevolg. Met die Unifikasie van 1910 het die gedagte van unie oor federasie op politieke gebied getriomfeer. Die provinsiale indeling is gehandhaaf, maar die provinsiale besture is geheel en al aan die Unie-parlement ondergeskik gemaak. In die kerklike lewe het die politieke stelsel sy invloed laat geld. Daar is eerstens al minder rekening gehou met die vroeëre staatkundige grense en tweedens is die verkeerde neiging gevoed om partikuliere sinodes

minder belangrik as of ondergeskik aan die nasionale sinode te beskou. Dit kom vandag voor dat naburige kerke uit numeriek swakker partikuliere sinodes by die groter en getal-sterker partikuliere sinodes van Transvaal gegroepeer word. Na 1924 het eers drie partikuliere sinodes ontstaan: dié van Transvaal, Kaapland en S.W.A.; dié van die O.V.S. en Natal (na 1945). Transvaal het later in twee (Noord- en Suid-Transvaal) en in 1958 in drie sinodes (Noord-, Oos- en Wes-Transvaal) verdeel. *(Acta 1958, art. 33, 38, 47, 149, 211, 273, 298).*

In Suid-Afrika het die kerkrade tot in 1958 anders as wat in art. 47 bepaal was, direk na die partikuliere en algemene sinodes afgevaardig. Hoewel die beginsel van meerdere vergaderinge [292] daardeur nie aangetas is nie, is die aksent tog verskuif. So 'n partikuliere sinode kan moeilik as 'n vergadering van naburige klassisse gekwalifiseer word. Terwyl die getrapte verteenwoordiging 'n enkele horisontale lyn in stadia van die kerkraad tot die algemene sinode volg, was daar vroeër dus eintlik drie horisontale lyne wat direk van die kerkraad op die drie verskillende meerdere vergaderinge uitgeloop het. Sake kon dus direk van kerkrade na enige van die meerdere vergaderinge gestuur word. Dit is begryplik dat hierdie praktyk heelwat verwarring in die toepassing van art. 30 en 33 Kerkorde veroorsaak het. Nadat die nasionale sinode deur die "getrapte verteenwoordiging" na 1958 verklein is, het daar in die algemeen 'n meer gesistematiseerde praktyk ontstaan, sodat die verantwoordelikheid van die partikuliere sinodes gaandeweg benadruk word (vgl. Acta Sinode 1964, art. 20).

3. 'n Partikuliere sinode is 'n vergadering van naburige klassisse.

"Die partikuliere sinode is 'n vergadering van naburige klassisse ...". Dit is dus nie 'n konferensie, 'n kongres of 'n bestuurskollege wat uit *persone* saamgestel word nie. 'n Partikuliere sinode is in wese 'n samekoms van *mindere kerklike vergaderinge.* Soos die naburige kerkrade met mekaar 'n klassikale samekoms onderhou, so kom naburige klassisse weer deur middel van hulle verteenwoordigers in 'n partikuliere sinode saam. 'n Partikuliere sinode het daarom belang by en seggenskap oor die totstandkoming van 'n nuwe klassis in die ressort.

4. Tyd en plek van samekoms.

"Die partikuliere sinode vergader jaarliks..." Die gereelde samekomste van naburige klassisse geskied dus een maal per jaar, meesal volgens 'n stelsel van toerbeurt in die ressort van die onderskeie klassisse. Dit word in ag geneem by die benoeming van 'n roepende kerkraad (vgl. art. 45). Dit is nie wenslik om 'n roepende klassis vir die partikulierende sinode te benoem nie omdat so 'n klassis nie soos 'n roepende kerkraad 'n permanente regspersoonlikheid en in funksie is nie en dit vir 'n klassis 'n duur en lomp onderneming is om die geloofsbriewe, ens. te kontroleer. Volgens die beginsel in art. 49 K.O. kan 'n roepende klassis ook nie sy opdrag aan een van die samestellende kerkrade oordra nie. Tog mag 'n partikuliere sinode aan die roepende kerkraad opdrag gee om sekere sake in oorleg met die ander kerkrade in sy klassis uit te voer, omdat ook 'n partikuliere sinode nie 'n permanente kerkvergadering is nie. [293] Indien 'n aansoek om 'n buitengewone sinode (d.w.s. binne 'n jaar) vir 'n spesiale saak te hou, van 'n klassis ontvang word, lê die kerkraad, in art. 45 genoem, dit aan die verskillende klassisse voor. Indien twee klassisse dit toestem, word die buitengewone sinode opgeroep.

5. Die samestelling of afvaardiging.

Die beginsels vir meerdere vergaderinge wat reeds onder art. 29, 33 en 41 K.O. bespreek is, moet in ag geneem word. In art. 47 word bepaal dat "elke klassis 'n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge afvaardig soos deur die partikuliere sinodes bepaal". Die Sinode van 1958 het verder gereël dat waar die bepaalde aantal predikante ontbreek, ouderlinge in hulle plek afgevaardig kan word, sodat die aantal afgevaardigdes per klassis gelyk bly. Die

kerkvergaderinge in die 17e eeu het reeds die omgekeerde belet. Predikante mog nie in die plek van ouderlinge afgevaardig word nie, omdat dit maklik tot dominokrasie (predikanteheerskappy) in die kerkregering sou kon lei (vgl. F.L. Bos, De Orde der Kerk, bl. 177).

Vir die samestelling van die eerste part. sinodes is die aantal in 1958 op sestien afgevaardigdes per klassis gestel. Sedertdien het elke part. sinode die aantal per klassis in sy ressort vasgestel. Die reformatoriese beginsel is dat die aantal nie te klein moet wees nie sodat daar nie hiërargie of oligargie ontstaan nie, maar die vergadering moet ook nie uit te veel verteenwoordigers bestaan nie, anders word dit 'n duur en lomp vergadering. Die koste verbonde aan die afvaardiging is in wese die verantwoordelikheid van die klassis wat afvaardig, maar dit kan ook uit part. sinodale fondse bekostig word wanneer dit wenslik is om die las onder die samestellende klassisse te verdeel.

Net soos in art. 41 K.O. word ook hier bepaal dat die afgevaardigdes predikante of ouderlinge moet wees. Die part. sinode kom met die oog op *kerkregering* saam. Gevolglik loop die lyn van art. 37 oor art. 41 na art. 47 K.O. Sedert die direkte verteenwoordiging van kerkrade in 1958 beëindig is, behoort dit 'n baie hoë uitsondering te wees dat 'n diaken deur 'n klassis na 'n partikuliere sinode afgevaardig word.

Voor die vergadering van 'n partikuliere sinode moet die klassis sy afgevaardigdes met geslote stembriefies in 'n vrye verkiesing verkies. Hoewel daar rekening gehou moet word met die feit dat dit wenslik is dat daar afgevaardigdes uit soveel kerkrade as moontlik gekies sal word, kan die klassis die afvaardiging nie by wyse van toerbeurt tussen kerkrade reël nie. Die beslissende [294] beginsel is egter dat die klassis die bekwaamste afvaardiging vir die welwese van die kerkregering in die partikuliere sinode sal saamstel (vgl. art. 41 K.O.). Daar moet tegelykertyd vir genoegsame en bekwame sekundi voorsiening gemaak word.

Ons het by die verklaring van art. 41 beredeneer dat die wesentlike en essensiële beginsel van 'n meerdere vergadering in die verteenwoordiging van kerkrade deur gemagtigde afgevaardigdes geleë is. Die bepaling dat die afgevaardigdes uit predikante en ouderlinge moet bestaan, is 'n logiese uitvloeisel van art. 37 en 'n noodsaaklike ordereëling waarvan in noodtoestande afgewyk kan word mits die aprioriese beginsel van verteenwoordiging deur gemagtigde afgevaardigdes (art. 33) nie aangetas word nie.

In die nuwere Nederlandse kerkreg is, op voetspoor van M. Bouwman, die aposterioriese bepaling dat die afgevaardigdes predikante en ouderlinge moet wees, in die eerste plek ruimer weergee met *"ampsdraers"* (wat volgens art. 2 ook diaken en professore sou kon insluit) en in die tweede plek aangevoer dat die "ampsdraers" na die vergadering "krachtens hun eigen ambtsmacht en krachtens de ambtsmacht van de ambtsdragers, die hen afvaardigen" gaan. Sodoende ontvang die meerdere vergadering dan 'n "ambtelijk karakter" en word die afvaardiging 'n blote aanwysing (nie meer magtiging en verteenwoordiging volgens art. 33 nie) van ampsdraers vir die selfstandige meerdere vergadering wat naas en buite die kerkraad tot stand kom. Die ampsdraers wat hierdie amptelike bevoegdheid in kerkverband ontvang of ampsdraers binne die ressort van die meerdere vergadering word, ontleen die bevoegdheid nie aan die afvaardiging (art. 33) nie, "maar hun ambtelijk gezag ontvangen zij alleen van Christus, in wiens naam zij dat gezag uitoefenen, Ef. 4:11; 1 Cor. 12:28" (vgl. Joh. Jansen, Kort Verklaring van de Kerkorde (1952), bl. 208).

Hierdie vertolking van die afvaardiging en oordrag van ampsmag moet afgewys word. Daar is geen Skrifgronde om, na die beëindiging van die apostelamp, die amptelike gesag en bevoegdheid van die plaaslike kerk los te maak nie. Die gesag en bevoegdheid van die amp kleef nie in

die persoon sodat hy dit na ’n meerdere vergadering kan saamdra nie. Trouens, die twee tekste deur Jansen aangehaal, beklemtoon juis die diens van die ampte in die *gemeente*. Die enigste korrekte verklaring is dus: die ampsdraer ontvang sy amptelike bevoegdheid regstreeks van Christus binne en met die oog op die plaaslike kerk; die ampsdraer-ouderlinge vorm saam ’n raad van die kerk (1 Tim. 4:4; art. 30 N.G.B.). Die kerkrade onderhou samekomste met ander kerkrade ter wille van die welwese van die regering in elke [295] onderskeie plaaslike kerk. Omdat die hele kerkraad nie na die klassis kan gaan nie en die kerkrade gevolglik ook nie gelyke verteenwoordiging sou hê nie, word in die Kerkorde gereël *hoeveel* verteenwoordigers elke kerkraad (in die geval van ’n klassis) of ’n klassis (in die geval van ’n part. sinode) sal stuur en word ook die amptelike *hoedanigheid* van die verteenwoordigers in belang van die kerkregering bepaal. Dit is dan duidelik dat die afgevaardigdes primêr (apriories) as verteenwoordigers van ’n kerklike vergadering (kerkraad of klassis) verskyn en sekondêr (aposteriories) dat hulle as ’n gelyke aantal predikante en ouderlinge moet kwalifiseer.

Die konstituering van die part. sinode vind plaas soos reeds in die bespreking van art. 34, 35, 41 en 45 aangedui is.

6. Die taak van die partikuliere sinode.

Die partikuliere sinode moet in die algemene sorg dat die gemeenskaplike en aanvaarde leer en kerkorde in die kerkverband gehandhaaf word. Derhalwe het die sinode namens die breër kerkverband ’n oorsigtelike taak by die toelating en ontslag van bedienaars van die Woord (vgl. art. 4, 8, 11, 12, 13, 15, 49, 79). Hierdie sinode behoort die meeste sake wat onder art. 31, 33 en 36 K.O. na vore gekom het, af te handel. Ook ander artikels in die Kerkorde dui die werk van die part. sinodes aan (vgl. art. 45, 48, 49, 50).

Die part. sinodes behoort alleen sake wat die gemeenskaplike prinsipiële beslissing van al die kerke vereis, onder art. 33 aan sy afgevaardigdes as opdragte vir die nasionale sinode mee te gee. Die praktiese aspekte van die gemeenskaplike aangeleenthede, soos sending, sustentasie, weeshuise, ouetehuise, ens., behoort nie verder as ’n klassis of hoogstens ’n part. sinode gevoer te word nie. In Suid-Afrika is baie van die sake verkeerdelik op sinodale vlak aangevoer sodat deputaatskappe doen wat ’n kerkvergadering moes doen. Die part. sinodes het kragtens sinodale besluite ook enkele besondere take, soos die verkiesing van kuratore en lede van die kieskollegs vir die Teologiese Skool (*vgl. by art. 49 K.O.*). Vroeër het die part. sinodes ook die peremtoir-eksamens van proponente afgeneem (vgl. art. 4 K.O.) Die Sinode van 1964 het egter die afneem van peremtoir-eksamens aan klassisse opgedra, terwyl die voorbereidende of praeparatoir-eksamens as ’n oorgangsmaatreël deur die part. sinodes afgeneem word. (*Acta Sinode 1964, art. 38, 50, 211, 263, 280*). Indien die Kerkorde ’n reglement was, sou die besluit foutief gewees het, want art. 4 spreek van die klassis en slegs van deputate van die part. sinode. [296] Daar is egter net ’n graduele verskil wanneer die taak deur ’n enkele klassis, in teenwoordigheid van deputate van die part. sinode of deur al die naburige klassisse in ’n part. sinode verrig word. In Suid-Afrika verskil die omstandighede van klassis tot klassis, sodat die Sinode van 1964 wyslik besluit het dat die part. sinodes self moet oordeel wanneer die taak deur ’n klassis oorgeneem moet word. Die part. sinodes is dus belangrike meerdere vergaderinge wat, wanneer hulle behoorlik regeer, jaarliks ’n onmisbare funksie vervul en verhoed dat die sakelys van die nasionale sinode oorlaai word (vgl. by art. 46 K.O.).

ARTIKEL 48

DIE ONDERLINGE KORRESPONDENSIE

Elke partikuliere sinode kan met 'n naburige of ander partikuliere sinodes korrespondensie hou soos hy dit vir die algemene welsyn die beste ag.

1. Geskiedenis.

In Nederland het die owerheid vanaf 1586 tot 1618 die samekoms van 'n nasionale sinode belet. In hierdie tyd is die kerke innerlik beroer en bedreig deur die Remonstrante. Die partikuliere sinodes het toe, by ontstentenis aan 'n nasionale sinode, deur middel van onderlinge korrespondensie tussen partikuliere sinodes kragdadig gearbei om die suiwerheid van die leer, die wettige kerkorde en gemeenskaplike belange en gedragslyne in die kerkverband te reël en veilig te stel. Aanvanklik is deputate (as wettig gedeputeerdes, gekommitteerdes of korrespondente) oor en weer van die een partikuliere sinode na die ander partikuliere sinode gestuur. By vertoning van hulle lasbriewe het dergelike besoekende deputate adviserende stem in die betrokke partikuliere sinode verkry. Soms, wanneer 'n saak beide partikuliere sinodes geraak het, is aan die deputate vir korrespondensie selfs 'n beslissende stem verleen. Die artikel is toe deur die Sinode van Dordtrecht, 1618/19, in die Kerkorde geplaas. In die Nederlandse geskiedenis van 1619 tot 1816 was dit weer van lewensbelang omdat die owerheid geen nasionale sinode wou toelaat nie.

In Suid-Afrika is die onderlinge korrespondensie meesal op klein skaal en slegs deur briefwisseling gevoer. Vir die eertydse Algemene Vergaderinge was daar gewoonlik 'n algemene korrespondent benoem. Sy taak het grootliks ooreengestem met die [297] latere deputate vir korrespondensie (vgl. art. 45), maar dit het ook briefwisseling met en beriggewing aan ander Algemene Vergaderinge ingesluit. Vandag dien die sogenaamde "offisiële berigte" of "kennisgewings" in "Die Kerkblad" ook tot op groot hoogte die onderlinge korrespondensie. Vroeër is die handelinge of uittreksels daarvan in die kerklike tydskrifte gepubliseer.

2. Die doel van die onderlinge korrespondensie.

Vir die gereformeerdes was die beoefening van gemeenskap in die kerkregering, bewaring van die eenheid in leer, tug en diens en onderlinge samewerking nog altyd belangrik. Dit is daarom sedert die Reformasie gebruiklik dat partikuliere sinodes oor en weer aan mekaar hulle gepubliseerde agenda en handelinge stuur en vir "zoveel nodig en bevorderlijk tot beslechting van gelijke zaken" sou lees om op hoogte te bly met wat elders besluit en verrig is (F.L. Bos, *De Orde der Kerk*, bl. 182). In die huidige praktyk is dit wenslik dat 'n kommissie van pre-advies die betrokke partikuliere sinode kortliks sal inlig oor die belangrikste sake wat deur ander partikuliere sinodes ter hand geneem en afgehandel is. Nuwe sake mag natuurlik nie uit die handelinge van 'n ander partikuliere sinode op hierdie wyse ter tafel geneem word nie (vgl. art. 30 en 33), maar wanneer 'n saak langs die ordelike weg ter tafel gekom het, kan die behandeling daarvan gedien word deur ag te slaan op wat 'n ander part. sinode besluit het. Omdat sake, soos onderwys, in elke part. sinode behandel word, behoort die deputate 'n opdrag te ontvang om jaarliks aan te dui wat elders deur part. sinodes verrig is. So kan onderlinge korrespondensie vandag ook veel daartoe bydra om die standaard van die proponentseksamen vas te stel, kennis te neem van beroepbaarstellings, ontslag uit die diens, ens. Wanneer die onderlinge korrespondensie effektief beoefen word, skakel dit 'n menigte van brein- en tyd-erosie uit wat voorkom wanneer dieselfde sake oor en oor "in studie geneem word".

Soms moet die partikuliere sinodes met mekaar oorleg pleeg, byvoorbeeld wanneer 'n buitengewone nasionale sinode byeengeroep moet word (vgl. art. 50 K.O.). Daar is ook ruimte vir 'n hegter korrespondensie tussen verskillende partikuliere sinodes binne dieselfde provinsie. Daar is verskillende aangeleenthede, soos onderwys, publieke sondes, sending, tehuise, hospitalisasie, ens., wat gemeenskaplike optrede binne 'n provinsie vereis omdat een alleen dit nie behoorlik kan afhandel nie en teenstrydige besluite of gedragslyne van twee part. sinodes binne dieselfde provinsie skakeling met die provinsiale owerhede bemoeilik. [298] Dergelike sake kan nie na 'n nasionale sinode verwys word nie omdat dit beteken dat ander partikuliere sinodes hulle moet besig hou met sake wat eintlik net by 'n paar tuishoort (vgl. art. 30). In hierdie gevalle is dit dus onontbeerlik dat 'n gesonde onderlinge korrespondensie deur middel van deputate onderhou word.

3. Korrespondensie tussen ander kerklike vergaderinge.

Hoewel die artikel van die partikuliere sinodes spreek, het die provinsiale sinode van Nijmegen al in 1597 dieselfde gedragslyn vir naburige *klassisse* aanbeveel. Naburige *kerkrade* kan vanselfsprekend met mekaar onderhandelinge en korrespondensie oor gemeenskaplike belange aanknoop en wanneer nodig, kommissies oor en weer stuur om inligting te verstrek of in te win.

Terwyl daar in Suid-Afrika ook etnies-eiesoortige kerkverbande onder ander volksgroepe aan die ontwikkel is, kan die onderlinge korrespondensie aan die ontwikkelende kerkverband 'n helpende en adviserende hand op hulle klassikale en sinodale vergaderinge reik, wanneer deputate vir dié doel daarheen gestuur word.

ARTIKEL 49

DIE KERKLIKE DEPUTATE

Elke meerdere vergadering benoem deputate om wat besluit is, uit te voer volgens 'n welomskrewe opdrag. Die partikuliere sinode benoem in elk geval deputate om aan klassisse hulp te bied in voorkomende moeilikhede en om teenwoordig te wees by die proponentseksamen (peremtoir). Vir die onderskeie belange moet soveel moontlik afsonderlike groepe deputate benoem word. Hierdie deputate hou van al hulle handelinge notule om aan die meerdere vergaderinge verslag te doen. Slegs die betrokke meerdere vergadering kan hulle van hierdie opdrag onthef.

1. Geskiedenis.

Hierdie artikel is deur die Sinode van Dordtrecht in 1619 in die Kerkorde opgeneem. Dit was toe reeds by verskillende partikuliere sinodes gebruiklik om groepe deputate te benoem om aan die klassisse hulp te verleen en by die proponentseksamens teenwoordig te wees. Die remonstrantsgesinde Hugo de Groot [299] het die deputate as "interreges" (tussentydse besture) bestempel, hoewel die artikel nadruklik slegs van uitvoerende mag spreek. In die ou redaksie van die artikel is met "sinode" die partikuliere sinode bedoel, omdat die owerheid in Nederland niks van 'n gereelde nasionale sinode wou weet nie. Die Dordtse Sinode het nogtans aan die moderamen opgedra om die Acta aan die owerheid te oorhandig. Sodoende is die lede van die moderamen wel as deputate benoem. Toe die owerheidsdwang in die loop van die negentiende eeu uitgeskakel is, het die benoeming van deputate deur die nasionale sinodes vanself in

gebruik gekom. Die beperking in die ou redaksie van 1619 wat die deputate slegs na die hoë owerheid en die klassisse vir die uitvoering van hulle opdragte verwys het, is deur die Sinode van Utrecht in 1905 tereg weggelaat en slegs die beginsel is behou: *uit te voer wat die sinode besluit het*. *'n* Kerkorde moet algemene bepalinge neerlê wat in alle omstandighede uitgevoer kan word en nie met reglementering onnodige beperkinge oplê of leemtes skep nie. Die Sinode van 1964 het die redaksie verder verbeter deur "sinodes" met *"elke meerdere vergadering"* weer te gee. Tegelykertyd kwalifiseer *"welomskrewe opdrag"* die gebondenheid aan *"wat besluit is"* nog sterker.

2. Die beginsel in hierdie artikel.

Omdat 'n meerdere vergadering slegs bestaan solank dit in vergadering of sitting is, maar sy besluite bindende gesag het (vgl. art. 31, 34, 36, 46 K.O.), besit dit geen bevoegdheid om die uitvoering van die besluite te verseker wanneer dit gesluit het nie. Gevolglik word persone benoem om die besluite uit te voer en aan 'n volgende meerdere vergadering verslag te doen. So verseker die volgende meerdere vergadering dat die besluite van 'n vorige uitgevoer is. Dergelike persone word in terme van art. 49 "deputate" genoem. Hierdie *deputate* se mag en bevoegdheid verskil radikaal van dié van *afgevaardigdes* in 'n meerdere vergadering, wat ook soms "deputate" genoem word. Laasgenoemdes word met mag en volmag beklee om namens 'n kerklike vergadering in 'n meerdere samekoms te handel (art. 33), terwyl die deputate van art. 49 slegs 'n opdrag van 'n meerdere vergadering ontvang om besluite uit te voer. 'n Meerdere vergadering kan nie die mag en bevoegdheid om bindende besluite te neem wat in geloofsbriewe aan bepaalde verteenwoordigers van kerke gegee is (art. 33), delegeer of oordra aan *persone* in art. 49 genoem nie. Indien die deputate van art. 49 die mag tot handeling namens 'n meerdere vergadering (regeermag) ontvang, word hulle [300] inderdaad 'n bestuurskollege of "interreges" soos by die Kollegialisme gebeur.

3. Die benoeming van die deputate.

a. Elke meerdere vergadering benoem deputate.

Die reg om deputate te benoem, berus uitsluitend by die betrokke meerdere vergadering, en geen kerkraad, ander meerdere vergadering, moderamen, kommissie, deputaatskap of die owerheid kan hierdie reg namens die betrokke meerdere vergadering uitoefen nie.

b. Die verkiesing van deputate.

Daar is reeds gedurende die Reformasie geworstel om geskikte wenke met die oog op die verkiesing van deputate te gee. Na regte moes *bekwaamheid* (vgl. art. 44) die enigste deurslaggewende kriterium gewees het. Die geskiedenis leer egter dat gierigheid, jaloesie, eersug en 'n beroep op senioriteit, "ondervinding" of woonplek dikwels aangevoer is om 'n jag op deputatebenoemings te regverdig. Om hierdie euwels te probeer verminder, is daar gedurende die Reformasie besluit dat die benoeming van deputate nie aan bepaalde klassisse of persone, aan die afgevaardigdes in die betrokke meerdere vergadering of aan die ampte gebonde moet wees nie. Dit was praktyk by partikuliere sinodes om jaarliks die helfte van 'n deputate-groep te kontinueer en die ander helfte deur nuwe deputate te vervang. Daar is vir plaasvervanging (sekundi) voorsiening gemaak (F.L. Bos, De Orde der Kerk, bl. 184—185).

Deputatewerk is geen amptelike funksie waarop elke predikant aanspraak kan maak nie. 'n Kerklike vergadering moet enige lidmaat of persoon met die oog op 'n bepaalde opdrag, vir die uitvoering waarvan hy besondere gawes het, in ag neem. 'n Deputaat hoef nie noodwendig 'n ampsdraer te wees nie en die jag op deputatebenoeminge — 'n euwel wat veral onder predikante en professore mag voorkom — moet met krag teëgegaan word. Die jonger deputatelyste in ons

sinodale handelinge toon dat die oorweldigende meerderheid van deputate predikante is, selfs al hou die opdrag nie met die leeramp as sodanig verband nie. Verder val dit op dat daar weinig verandering in sommige van die herhalende deputategroepe aangebring word. Gevolglik bly die besondere ervaring tot 'n paar broeders beperk en is die weg afgesny, waarlangs "nuwe bloed" ook nuwe ywer in omloop kan bring. Kerkregtelikes beklemtoon egter die wenslikheid dat die personeel van deputategroepe moet wissel en beveel aan [301] (wanneer ander geskikte kragte beskikbaar is) dat die helfte per sinode moet aftree (vgl. Jansen, a.w., bl. 215).

c. Die wyse van benoeming.

Die Kerkorde bepaal nie hoe deputate benoem moet word nie. Dit is gebruiklik om sommige deputate, soos die kuratore, lede van die kieskollege, verteenwoordigers op die ekumeniese sinode, ens., met geslote stembriefies te verkies. Vroeër was die metode geskik omdat die aantal beskikbare kragte klein en alombekend was. Vandag is dit miskien al wenslik, veral waar bekwame ouderlinge of lidmate bo predikante oorweeg kan word, om eers 'n groslys deur middel van gemotiveerde voorstelle in die vergadering op te maak, en daarna die verkiesing te laat plaasvind. In klassikale en partikuliere sinodale vergaderinge dra die moderamen dikwels name voor, wat die vergadering kan wysig, aanvul of goedkeur. Elke nasionale sinode benoem in die later jare 'n spesiale kommissie, saamgestel uit 'n lid van elke partikuliere sinodale afvaardiging, om moontlike deputate voor te dra, wat die sinode dan wysig of goedkeur. Hierdie praktyk toon dat die behoefte ontstaan het om deputate op 'n verantwoordelike wyse so wyd moontlik uit te soek en die beskikbare kragte ekonomies te gebruik.

Die Kerkorde bepaal uitdruklik dat *slegs die betrokke meerdere vergadering* deputate van die benoeming kan onthef. Die uitvoering van besluite van meerdere vergaderinge is so belangrik dat geen reggesinde lidmaat sal weier om hom die opdrag te laat welgeval nie. Voor die benoeming moet oorweeg word of dit vir die persoon moontlik is om te dien. Indien 'n persoon summier sou weier, behoort sy optrede onder die aandag van die kerkraad gebring te word. Wanneer 'n persoon "uit die ressort van 'n meerdere vergadering vertrek", maar hy versoek dat sy plaasvervanger (sekundus), met die oog op praktiese omstandighede, sy plek neem, maar kerkregtelik moet hy as 'n deputaat beskou word totdat 'n volgende meerdere vergadering hom van sy opdrag onthef. Indien daar geen plaasvervanger beskikbaar is nie, sal die persoon voor sy vertrek of op een of ander wyse na sy vertrek sy opdrag moet afhandel, sodat die volgende meerdere vergadering nie in die verleentheid gestel word nie. Ten opsigte van die losmaking van predikante behoort die deputate van die klassis hieraan aandag te gee. Indien 'n persoon deur wettige redes verhinder word, moet sy plaasvervanger (sekundus) opgeroep word en moet daarvan in die volgende meerdere vergadering verslag gedoen word. Deputate kan soms wel 'n persoon in adviserende hoedanigheid byroep om hulle opdrag beter te kan uitvoer, maar so 'n adviseur is geen deputaat nie. Deputate is *persone* en [302] derhalwe het hulle nie die bevoegdheid om hulle getal te vermeerder, te verminder of te wysig nie.

d. Afsonderlike deputategroepe:

"Vir die onderskeie belange moet soveel moontlik afsonderlike groepe deputate benoem, word".

Hierdie bepaling sny hiërargie af en sluit ook aan by die beginsels wat in art. 17 en 84 K.O. na vore tree. Die deputate word met die oog op belange aangewys. Dit is 'n ander beginsel as wanneer 'n aantal persone uitgesoek en vertrou word om onbekende sake wat mag voorval, te behartig, soos by die Kollegialisme die geval is. In art. 49 bepaal die besluite en *belange* die benoeming.

4. Die taak van die deputate.

a. Uitvoering van opdragte.

" ... om wat besluit is, uit te voer volgens 'n welomskrewe opdrag". Hierdie beginsel lê eerstens 'n taak op die meerdere vergadering om die besluit wat uitvoering verg, nader te omskryf. Indien die opdrag in die besluit onduidelik of dubbelsinnig is, kan die deputate niks verrig nie. In die tweede plek moet die deputate dus die besluite waarin hulle opdrag beskryf is, noukeurig bestudeer. Die besluit is hulle opdrag. Hulle taak is om die besluit uit te voer en in die reël moet dit geskied voor die volgende meerdere vergadering saamkom, tensy die tyd in die opdrag langer gestel is. Indien die bepaalde tyd te kort was, moet die deputate aan elke volgende betrokke meerdere vergadering verslag van hulle vordering rapporteer en kontinuering van die opdrag aanvra. Indien buitengewone omstandighede (byvoorbeeld 'n oorlog) die samekoms van meerdere vergaderinge onmoontlik maak, bly die deputate gebonde aan hulle opdrag tot 'n ander meerdere vergadering hulle daarvan onthef.

b. Part. sinodale deputate vir die uitvoering van art. 4, 11, 12, 13 en 79 K.O.

"Die partikuliere sinode benoem in elke geval deputate om aan klassisse hulp te bied in voorkomende moeilikhede en teenwoordig te wees by die proponentseksamen (peremptoir)".

Hierdie bepaling het uitsluitend op die partikuliere sinodes betrekking. Hierdie deputate moet beskikbaar wees sodat, wanneer daar onverwags in 'n klassis spoedeisende "moeilikhede" voorval (soos byvoorbeeld dié in art. 4, 11, 12, 13 en 79 genoem), *dadelik* hulp gebied kan word om orde en rus in die kerke te verseker. Dit kan nie gebeur wanneer die benoeming van deputate [303] eers op 'n volgende partikuliere sinode moet wag nie. Die nuwe redaksie van die artikel (1964) sê duideliker as die ou redaksie dat dieselfde deputate die omvattende opdrag ontvang. Voor 1619 moes hierdie deputate selfs in ander moeilikhede (byvoorbeeld in noodtoestande, depressie, skeurmakery, herstel van predikante, ens.) optree. Dit het al minder voorgekom nadat daar in 1619 met art. 44 vir die jaarlikse kerkvisitasie voorsiening gemaak is.

Die deputate van die part. sinode het in die gevalle waar die Kerkorde hulle taak voorskryf, 'n aansienlike bevoegdheid. By die eksaminering (art. 4), losmaking (art. 11), eervol ontslag (art. 12), emeritering (art. 13) en ontslag (art. 79) moet die deputate eerste hulle advies ter tafel lê en daarna besluit die klassis. As die deputate toelating volgens art. 4 K.O. adviseer, maar die klassis besluit om die persoon nie toe te laat (of nie eervol ontslag, emeritaat, ens. te verleen) nie, is die persoon nie toegelaat nie. As die deputate egter teen toelating (ontslag of emeritaat ens.) adviseer, maar die klassis ten gunste van toelating besluit, moet die saak vir beslissing na die partikuliere sinode verwys word. Indien dit 'n uitslag van peremtoir-eksamen raak, kan die part. sinode desnoods hereksamineer. Gestel die klassis sou iemand, in stryd met die advies van die deputate, toelaat terwyl 'n volgende partikuliere sinode die bedenkinge van die deputate billik, sou daar 'n onmoontlike situasie ontstaan.

Die huidige redaksie van art. 4 en 49 sê nie dat die deputate van die partikuliere sinode ook by die voorbereidende eksamen (beroepbaarstelling) van aankomende predikante teenwoordig moet wees nie. In die redaksie van 1619 was bepaal dat die deputate "over alle examina der aencomender predicanten" moet staan. Die beroepbaarstelling is 'n besonder gewigtige en gevolgryke moment. Dit geskied (indien deur 'n klassis verrig) in die ressort waar die kandidaat vandaan kom en waar 'n sekere element van partydigheid en subjektiwiteit mag voorkom. Indien die partikuliere sinode nie self die beroepbaarstelling behartig nie (soos ondertussen nog deur die Sinode van 1964 gereël), is dit wenslik dat die deputate van die partikuliere sinode ook by die

voorbereidende eksamen van proponente (en gevalle onder art. 8 en 9 K.O.) teenwoordig sal wees.

c. Die hou van notule en verslag van die meerdere vergadering.

"Hou van al hulle handelinge notule om aan die meerdere vergaderinge verslag te doen".

Die formele taak van die deputate is om notule te hou en om verslag te doen. Die notule strek veel verder as die verslag. Die [304] notule dek die hele veld van die handelinge, terwyl die verslag net die essense bevat wat die deputate onder die aandag van die meerdere vergadering moet bring. Wanneer die verslag dien, kan daar egter verantwoording geëis word oor sake wat nie in die verslag vermeld is nie. Die notule moet dan beskikbaar wees om, in terme van die ou redaksie, 'n "nadere verklaring" aan die meerdere vergadering te kan gee. Die notule en korrespondensie wat in die loop van die uitvoering van die opdrag ontvang is, is eiendom van die betrokke meerdere vergadering en moet saam met die verslag aan die argief van die meerdere vergadering oorhandig word.

5. Die bevoegdheid van deputate.

Uit die voorgaande omlyning van hulle taak volg dit logies dat deputate geensins superintendente of 'n bestuurskollege kan of mag wees nie. Sodra hierdie eienskappe by 'n deputategroep na vore tree, hou hulle op om in gereformeerde sin deputate te wees. In die gereformeerde kerkregering is teenoor die beskuldiging van Hugo de Groot dat die deputate "inter-reges" (tussentydse bestuurskolleges) geword het, volgehou dat deputate geen besluitende of beslissende mag besit nie, maar blote uitvoerders van besluite is. Dit het in die Suid-Afrikaanse geskiedenis al gebeur dat deputate op die weg bona fide oortree het. Die sinode het egter nie geaarsel om die suiwer beginsel met krag te handhaaf nie (vgl. Acta Sinode 1958, bl. 342—354). Die benaming "deputaatskap" word in die jongste tyd al meer afgekeur omdat dit as 'n bestuurskollege vertolk mag word, terwyl "deputate" nadruk lê op die feit dat dit *persone* en geen liggaam is nie.

Die vraag is wat deputate moet doen wanneer hulle met 'n spoedeisende geval te doen kry wat nie kan wag totdat 'n volgende meerdere vergadering 'n opdrag gee nie. Kan hulle in daardie geval by 'n mindere vergadering om 'n opdrag gaan aanklop? Hierop is die antwoord beslis negatief. Die mindere vergaderinge het geen jurisdiksie oor deputate van meerdere vergaderinge nie. 'n Spoedeisende geval kan by ontstentenis aan 'n bevoegde meerdere vergadering, heeltemal onafhanklik van die deputate van die meerdere vergadering, deur 'n mindere, met inagneming van art. 48, voorlopig behandel word. Die deputate van 'n meerdere vergadering kan hoogstens die roepende kerkraad van die betrokke meerdere vergadering versoek om 'n buitengewone of vervroegde meerdere vergadering saam te roep. Die roepende kerkraad kan dan die weg van art. 48, 45, 47 en 50 opgaan. Deputate kan nooit namens 'n kerklike vergadering besluite neem of verklarings uitreik nie.

[305]

6. Besondere deputategroepe.

In die kerklike lewe van Suid-Afrika het daar enkele besondere deputategroepe ontstaan, wat moontlik nog nie hulle suiwer kerkregtelike uitdrukking gevind het nie. In 'n sekere sin kan hulle daarom ook nie heeltemal onder art. 49 tuisgebring word nie.

a. Die Kuratore van die Teologiese Skool op Potchefstroom.

Die Kuratore is deputate wat belas is met die uitvoering van besluite van nasionale sinodes ten opsigte van die Teologiese Skool op Potchefstroom. Tot 1964 het hulle selfs die taak van 'n

kerklike vergadering verrig omdat die beroepbaarstelling van proponente aan hulle toevertrou was (vgl. art. 4 K.O.). Hoewel die Kuratorium uit deputate of persone bestaan, het dit in praktyk soos 'n statutêre liggaam of kerklike vergadering gefunksioneer.

Die posisie moet in die eerste plek uit die geskiedenis verklaar word. Op die Sinode van 1866 was daar sprake van 'n sinodale kommissie wat nog grootliks met die heersende federale besture van die Nederlandse en Suid-Afrikaanse Kollegialisme ooreengekom het. Daar is toe nie gedink aan beroepbaarstelling deur 'n Algemene Vergadering saam met deputate van die ander Algemene Vergaderinge nie, sodat die Kuratorium uit praktiese noodsaak met die onkerkregtelike bevoegdheid beklee is.

Verder moet in ag geneem word dat artikels 4 en 49 die verantwoordelikheid vir die eksamens in die hande van die klassisse en in laaste instansie in dié van die partikuliere sinodes stel. Daar moet 'n gesonde voeling bestaan tussen die kuratore van die Teologiese Skool, waar die opleiding geskied, en die vergaderinge wat die kandidate moet eksamineer. 'n Willekeurige benoeming van kuratore deur 'n nasionale sinode sou hierdie organiese verbinding geskaad het. Aan die ander kant maak die beginsel van art. 49 K.O. dit onmoontlik dat mindere vergaderinge die deputate vir 'n meerdere vergadering benoem of van hulle opdrag onthef.

Die huidige samestelling van die Kuratorium van die Teologiese Skool lyk dus na 'n saamgetrekte sinode (synodus contracta). Elke partikuliere sinode verkies twee verteenwoordigers vir die Kuratorium. Daar is egter geen bepaling dat dit 'n ouderling en predikant moet wees nie en in later jare word slegs predikante as kuratore verkies. Dit is verstaanbaar aangesien dit hier om die toesig oor die opleiding van bedienaars van die Woord gaan. Die konstituering vind ook nie kragtens geloofsbriewe plaas nie. Daarom is dit tog ook nie 'n synodus contracta nie. Dit is ook nie 'n vorm van korrespondensie tussen part. sinodes volgens [306] art. 48 K.O. nie, aangesien die verslag van werksaamhede nie aan die sinodes wat hulle verkies het nie, maar aan die nasionale sinode gedoen word. Die kuratore is egter ook nie blote deputate nie aangesien hulle noodwendig self sekere besluite moet neem en soos 'n kerklike vergadering oor ampsdraers toesig hou.

Die Kuratore van die Teologiese Skool op Hammanskraal word egter wel deur 'n nasionale sinode aangewys. Volgens hulle benoeming kwalifiseer hulle as deputate ooreenkomstig art. 49 K.O., maar hulle taak, soos die afneem van eksamens, die beroeping van en toesig oor professore, strek weer verder as die bevoegdheid van deputate en kom met dié van 'n kerklike vergadering ooreen.

b. Die kieskollege vir die Teologiese Skool op Potchefstroom.

Die professore staan in 'n bepaalde kerklike diens (art. 2, 18) en moet daarvoor beroep word. 'n Beroep kan nie deur persone (deputate) nie, maar slegs deur 'n bevoegde kerklike vergadering (vgl. art. 4, 22 en 24) uitgebring word. In hierdie opsig is daar in die verlede korrek opgetree en het die nasionale sinodes die professore beroep (vgl. Sinodes 1869, 1873, 1894, ens.). Later is die kieskollege in die lewe geroep om saam met die kuratore 'n professor vir die Teologiese Skool op Potchefstroom te verkies.

Kerkregtelik is die huidige posisie van die breë kieskollege (kuratore en bykomende kieskollege-lede) nie duidelik nie. Dit moet 'n bevoegde kerklike vergadering wees wat verkies en beroep, maar die lede van die kieskollege word as deputate beskou. Die konstituering geskied nie op grond van behoorlike lasbriewe (vgl. art. 33) nie.

Die twee lede van die kieskollege word deur elke partikuliere sinode op dieselfde wyse as

die kuratore verkies en hulle kerkregtelike posisie kom in die uitvoering van die opdrag met dié van die Kuratorium ooreen. Trouens, in wese brei hulle net die personeel van die Kuratorium vir hierdie besondere taak uit. Enkele partikuliere sinodes wys tans nog 'n ouderling of lidmaat vir die kieskollege aan, maar oor die algemeen word predikante verkies sodat die gevaar van dominokrasie (veral wanneer die Kuratorium bykom) hier wesentlik word. Indien die kieskollege-lede slegs uit bekwame ouderlinge verkies en hulle saam met die kuratore van 'n lasbrief voorsien was (vgl. art. 33), sou die breë kieskollege letterlik volgens die ou redaksie van art. 50 K.O., maar met die oog op hierdie een, beperkte en besondere taak saamgestel gewees het. Dan sou twee predikante en twee ouderlinge deur elke [307] partikuliere sinode afgevaardig wees om op las en met volmag as 'n saamgetrokke sinode (synodus contracta) die taak te verrig wat vroeër deur die volle nasionale sinodes gedoen was.

Dit skyn dus asof die oplossing van die kerkregtelike anomalie gesoek moet word in die rigting van 'n *synodus contracta* wat uitsluitlik met die oog op die belange van die Teologiese Skool belê word. Die kuratore (predikante) ontvang dan as deputate van die partikuliere sinodes opdrag om sekere roetinesake af te handel, maar in die geval van ingrypender handelinge, byvoorbeeld wanneer 'n professor beroep, bevestig, geskors of afgesit moet word sou volle synodus contracta moet saamkom en konstitueer. Dit is tans eienaardig dat die lede van die kieskollege wat behulpsaam is in die beroeping van professore, geen opdrag ten opsigte van hulle skorsing ontvang het nie.

In besondere omstandighede waar die leer in gedrang kom, sou die partikuliere sinodes selfs hulle afgevaardigdes na 'n synodus contracta aan bepaalde instruksies kon bind (vgl. art. 33). Met die oog op die Skool kan saamgetrokke sinodes hulle handelinge gereeld aan die kerkrade voorlê. Slegs dié sake wat langs die kerklike weg (vgl. art. 30, 33, 46) na vore kom, sou dan deur die nasionale sinodes beslis word. Dit sou verder die groot voordeel bied dat professore of persone wat meen dat reg deur hierdie liggaam gekrenk is (art. 31), 'n appèlreg op 'n volle nasionale sinode behou. Dit gee meer geleentheid vir rustige besinning en ewewigtige uitsprake, wat tans moeilik kan realiseer wanneer 'n nasionale sinode die eerste en enigste beslissing, byvoorbeeld oor die afsetting van 'n professor, onder spanning en druk moet oorweeg en vel, sonder dat daar enige appèl op grond van art. 31 moontlik is. 'n Mens sou verder kon aanvoer dat 'n synodus contracta met die oog op die Skool 'n saak soos wat in 1946 voor 'n volle sinode gedien het, baie goedkoper kon laat behartig het.

ARTIKEL 50

DIE NASIONALE SINODE

> *Die nasionale sinode is 'n vergadering van al die partikuliere sinodes waarheen elke partikuliere sinode 'n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge, soos die nasionale sinode bepaal, afvaardig. Die nasionale sinode vergader driejaarliks tensy dit na die oordeel van minstens twee partikuliere sinodes noodsaaklik geag word om 'n buitengewone vergadering byeen te roep.*

[308]

1. Redaksie.

Die Sinode van 1964 het die redaksie van art. 50 formeel op dieselfde wyse as dié van art. 47 hersien. Dit het gaandeweg gebruiklik geword om van "algemene sinode" te spreek, maar

met die revisie is teruggekeer na die term “nasionale sinode”, wat deur die Dordtse Sinode in 1619 gebesig was. Sodoende word rekening gehou met die etniese eiesoortigheid van verskillende nasionale sinodes, terwyl art. 51 die geestelike eenheid tussen etnies-andersoortige gereformeerde kerkverbande reël.

2. Die geskiedenis.

In die *Inleiding* is aangetoon dat die Nederlandse owerheid op grond van die patronaatsreg wat die owerheid homself uit die middeleeuse feudale sisteem oor die kerk aangematig het, by hoë uitsondering en onder besondere druk van 1574 tot 1619 geen nasionale sinode van 1619 tot 1816 toegelaat het nie. Die owerheid was bang om die soewereiniteit in eie kring van die kerke ten opsigte van die kerkregering te erken en het gevolglik die Libertynse rigting begunstig. Die staatskerk kon dus nie op die vlak van sinodale kerkregering ten volle ontplooi nie, maar die kerke het dié beginsel nogtans in die Kerkorde hardnekkig gehandhaaf. Die sinodes wat op grond van die Algemene Reglement van koning Willem I na 1816 ingestel is, kan egter kwalik sinodes genoem word. Dit was bestuurskolleges namens die koning wat kragtens ’n kollegialistiese Reglement regeer het. Werklike gereformeerde sinodes ontwikkel eers weer na die Afskeiding van 1834 in die kring van die Christelik-Afgeskeie Gereformeerde Kerk.

Hierdie geskiedenis toon in die eerste plek dat die vergadering van nasionale sinodes nie tot die wese van die kerk behoort nie. Die sinode maak nie die kerke een nie. Die kerke het kerke gebly en hulle eenheid van 1619 tot 1816 gehandhaaf, al kon daar nooit ’n nasionale sinode saamkom nie. Maar aan die ander kant bewys die magteloosheid van die kerke teen 1816 dat ’n sinodale vergadering nodig is. Dit is vir die welwese (gesonde toestand) van die kerkregering noodsaaklik. Juis die belemmering van sinodale vergaderinge het die leerstellige en kerkregtelike verandering in 1816 begunstig. Die innerlike of geestelike gemeenskap het verlore gegaan, terwyl die Reglement van 1816 ’n blote reglementêre eenheid gehandhaaf het. Dit het gelei tot die Afskeiding van 1834 en die Doleansie van 1886 waarin ook die reglementêre eenheid verbreek is. Die eenheid in leer (belydenis) is dus die fondament vir die eenheid in kerkregering. Solank as wat die [309] leereenheid bestaan, kan daar dalk nog sonder die eenheid in ’n nasionale kerkregeringsverband voortgegaan word, maar die eenheid in Belydenis kan op die duur nie sonder ’n Skrifgebonde kerklike akkoord of gemeenskaplike kerkorde gehandhaaf word nie.

In Suid-Afrika is die eerste Gereformeerde sinode in 1862 gehou. Van owerheidsweë was daar nooit enige belemmering nie, hoewel verskillende ander faktore meegebring het dat die sinodes nie altyd presies om die drie jaar saamgekom het nie. Dit het egter wel *gereeld* gebeur.

In die bespreking van art. 47 is reeds daarop gewys dat die nasionale sinodes tot 1958 deur direkte afvaardiging uit die kerkrade saamgestel is. Dit het die wese van die sinode as ’n vergadering van part. sinodes minder tot sy reg laat kom. Die terminologie in verskillende sinodebesluite openbaar derhalwe ’n demokratiese en landskerk-beskouing wanneer gesê word dat die sinode die “hele kerk” uitmaak of verteenwoordig. Die beskouing van ’n Landskerk is eie aan die Lutherse en kollegialistiese kerkregering-stelsels, maar nie aan die gereformeerde nie. Die organiese of “getrapte” verteenwoordiging wat die nasionale sinode in 1958 volgens kerkorde in werking gestel het, plaas die nadruk op die nasionale sinode as ’n vergadering van partikuliere sinodes deur middel van hulle gevolmagtigde afgevaardigdes om gemeenskap in kerkregering ten opsigte van gemeenskaplike sake te onderhou tussen kerke (gemeentes) wat één is. Die sinode maak hulle nie reglementêr één nie. (Vgl. die bespreking van art. 29, 30, 31, 33, 36, 41, 46, 47 vir die kardinale beginsels waarop die gereformeerde kerkregering in kerkverband steun).

3. Definisie.

"Die nasionale sinode is 'n vergadering van al die partikuliere sinodes…"

Die nasionale sinode is dus 'n vergadering (samekoms) van partikuliere sinodes met mekaar deur middel van hulle gevolmagtigde verteenwoordigers en nie 'n byeenkoms van persone as 'n opperbestuur in die "hele kerk" of oor die kerkrade nie. Vir die bespreking van die gesag, die tydelike aard, die bevoegdheid, ens., van die nasionale sinode, verwys ons na die beginsels wat by die behandeling van art. 29, 30, 33, 36, 41 en 47 aangedui is. Die part. sinode kom almal met mekaar saam om die sake af te handel wat hulle alleen nie kon afhandel nie of wat van gemeenskaplike belang is. Met die afvaardiging van die partikuliere sinode na 'n nasionale sinode bereik die deputering van die [310] kerkraad na die klassis (vgl. art. 33, 36, 41) sy eindpunt. Die klassis wat na die partikuliere sinode afgevaardigdes en onafgehandelde opdragte gestuur het, het ondertussen opgehou om te bestaan. Dieselfde geld ten opsigte van die partikuliere sinodes. Deur die afvaardiging en opdragte op die basis van die kerklike akkoord (Kerkorde) is die kerkregering in kerkverband gekontinueer, uitgedun en afgehandel (vgl. art. 30), sodat 'n nasionale sinode in ideale omstandighede nou net met die basiese agenda ten opsigte van leer, kerkregering en liturgie te doen moet kry.

4. Tyd van samekoms.

Hierdie artikel moet saam met art. 45 K.O. gelees word. *"Die nasionale sinode vergader driejaarliks* tensy dit na die oordeel van minstens twee partikuliere sinodes noodsaaklik geag word om 'n buitengewone vergadering byeen te roep". Die gewone reël waaraan die roepende kerkraad hom moet hou, is dus 'n driejaarlikse vergadering. In Nederland en in die V.S.A. is die tyd reeds korter gestel. Ten gunste daarvan kan aangevoer word dat jaarvergaderinge in sekulêre vereniginge gebruiklik is; dat dit meer spoed in die kerklike verrigtinge kan bring en dat minder aan deputate opgedra hoef te word. Aan die ander kant moet egter oorweeg word dat: 'n drie jaarlikse sinode beter voorberei kan word en meer ekonomies is; die aksent en verantwoordelikheid vir spoedeisende kerklike verrigtinge juis na die mindere vergaderinge verlê word en dus die gevaar van sinodokrasie teëhou; dit behoorlike geleentheid bied dat besluite van vorige sinodes ingang kan vind en gevolglik onrus, appèlle en besware in 'n groter mate uitskakel. As die nasionale sinode hoofsaaklik prinsipiële beslissings neem, is die drie jaarlikse samekoms voldoende omdat 'n suiwer beginsel onveranderbaar is en nie elke jaar gewysig word nie. Die handelinge van die sinodes van die Gereformeerde Kerke in Nederland oor die verteenwoordiging van die diakens op meerdere vergaderinge wek nie die indruk dat die groter frekwensie van samekomste altyd tot deegliker besluite gelei het nie (vgl. B. Spoelstra: *Die Verteenwoordiging van die Diakonale Amp op Meerdere Vergaderings,* ongepubliseerde Th.M. Skripsie, P.U. vir C.H.O., 1964, Hfst. II).

In die ou redaksie is van "in die reël" ("ordinaarlijk") gespreek, sodat dit misverstaan kon word, asof die tyd langer uitgestel kon word (vgl. beswaar in die Gereformeerde Kerke in Nederland op die Sinode van Utrecht, 1943). Die nuwe redaksie sny so 'n misverstand af, maar maak wel voorsiening vir die oproep van 'n buitengewone sinode binne drie jaar, wanneer dit [311] noodsaaklik geag word, soos in 1946 in Suid-Afrika gebeur het. In besondere omstandighede sou die oproep van 'n nasionale sinode langer as drie jaar uitgestel mag word slegs indien al die part. sinodes dit noodsaaklik ag; die nasionale sinode is immers 'n vergadering van al die partikuliere sinodes. Dit het in 1946 gebeur toe die volgende gewone sinode vir 1949 bepaal is.

Die aansoek om 'n buitengewone sinode moet langs die kerklike weg voor 'n part. sinode gelê word (vgl. art. 45). Wanneer die betrokke part. sinode die aansoek bewillig, moet hy deur

korrespondensie (per brief of deur deputate, vgl. art. 48), sy versoek aan al die ander part. sinodes oordra om hulle oordeel te verneem. In heel buitengewone omstandighede kan ’n aansoek om ’n buitengewone sinode die aanleiding wees om ook buitengewone part. sinodes op te roep (vgl. art. 45 en 47). Wanneer “minstens twee partikuliere sinodes” die aansoek bewillig, word ’n buitengewone sinode vir die bepaalde saak byeengeroep, terwyl die volgende gewone sinode se tyd nie daardeur geraak word nie. Omdat ’n buitengewone sinode ernstige finansiële en bedieningsimplikasies vir die kerke meebring, moet die part. sinodes oordeel of die dringende noodsaaklikheid vir die byeenroeping van so ’n sinode werklik bewys is. Die belange van ’n enkele persoon, byvoorbeeld ’n professor aan die Teologiese Skool wat tot ’n ander staat van die lewe wil oorgaan, regverdig nie so ’n opoffering deur die kerkverband nie. In so ’n geval kan tydelik (interim) reëlings getref word. As sake van dringende noodsaaklikheid kan gereken word: ernstige beroering in die kerke, ’n konflik met die owerheid, ens.

In die geval van ’n aansoek om ’n buitengewone sinodale vergadering mag die partikuliere sinodes gevra word om te oordeel of ’n vervroegde gewone sinode gehou moet word waarop die spoedeisende saak dan behandel kan word. Daar moet onderskei word tussen ’n buitengewone sinode wat binne die drie jaar met die oog op ’n besondere buitengewone saak saamgeroep moet word en ’n *vervroegde* gewone sinodale byeenkoms. In die geval van ’n vervroegde gewone sinode word alleen die datum van die volgende sinode, wat deur ’n vorige vasgestel is, binne redelike perke vroeër gestel ter wille van praktiese redes of om spoediger ’n beslissing oor ’n buitengewone saak te kry. Die part. sinode in wie se ressort die roepende kerkraad val, moet dus oordeel of hy al die ander partikuliere sinodes se oordeel gaan inwin: of ’n buitengewone sinode opgeroep moet word, of ’n vervroegde sinode gehou moet word en of die tyd van ’n gewone sinode uitgestel moet word.

[312]

5. Die samestelling en afvaardiging.

Die beginsel ten opsigte van die afvaardiging, sameroeping, konstituering, ens., is reeds aangedui in die bespreking van art. 32, 33, 34, 35, 41, 45 en 47 K.O. Die geloofsbriewe vir ’n nasionale sinode moet deur elke part. sinode (tydens die vergadering) aan sy afgevaardigdes gegee word.

Toe die Sinode van 1958 besluit het om die sinode deur middel van die getrapte afvaardiging te verklein, is bepaal dat elke part. sinode ’n gelyke aantal predikante en ouderlinge, gelykstaande aan agt afgevaardigdes per klassis in sy ressort, sal afvaardig. Uit elke klassis moet daar minstens vier afgevaardigdes wees. Hoewel dit nie so gestel is nie, is dit verkieslik dat, indien moontlik en wanneer die minimum-bepaling van krag is minstens twee predikante en twee ouderlinge uit die ressort van elke klassis afgevaardig word. Dit is nie so gestel nie omdat die Kerkorde onnodige reglementering vermy. In buitengewone omstandighede kan van die reël afgewyk word, maar dit moet in ag geneem word dat afvaardiging van ’n “gelyke getal predikante en ouderlinge” ’n basiese kerkregtelike beginsel is.

Die Sinode van 1958 het bepaal dat “ouderlinge en predikante … wat nie op die bepaalde vergadering sitting neem nie” afgevaardig kan word. In ideale omstandighede sou dit, volgens die organiese en trapsgewyse afvaardiging na meerdere vergaderinge, logies wees om uit die afgevaardigdes op ’n klassis na ’n part. sinode, en uit die afgevaardigdes op laasgenoemde na ’n nasionale sinode te deputeer. Dit is egter onprakties omdat verlofreëlings, art. 27 K.O., ens.; so ’n beperking onmoontlik maak. Die part. sinodes het altyd die vryheid om te beslis wie hulle sal verteenwoordig op die nasionale sinode en kan dus ook buite die kring van die samestellende

afgevaardigdes hulle verteenwoordigers kies. Die besluit van 1958 maak nie voorsiening vir die aanvulling van die getal predikante met ouderlinge by die deputering deur part. sinode na 'n nasionale sinode nie. Dit behoort in die reël ook nie nodig te wees nie. Indien daar binne die ressort van 'n part. sinode minder as vier predikante per klassis werksaam is, vereis die "gelyke getal predikante en ouderlinge" dus dat die getal afgevaardigde ouderlinge verminder word tot die getal van beskikbare predikante. *(Vgl. Acta Sinode 1958, art. 33, 38, 47, 149, 271, 273, 298).*

Dit is opmerklik dat die reëling van die Sinode van 1958 die getal afgevaardigdes per klassis bereken. Daar is getrag om op hierdie wyse die kontinuïteit, wat die eertydse direkte [313] afvaardiging van die kerkrade na die sinode verseker het, te bewaar. Ondertussen het die getal klassisse in sommige part. sinodes reeds vermeerder. Uit die besluit van 1958 mag die indruk geskep word dat part. sinodes met vyf of meer klassisse meer afgevaardigdes as dié met drie of minder klassisse mag stuur. In die nuwe redaksie van art. 50 K.O. word egter bepaal dat *"elke partikuliere sinode 'n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge, soos die nasionale bepaal, afvaardig"*. Die geskiedenis van art. 50 toon aan dat "gelyke aantal" hier die stipulasie van "twee dienaars en twee ouderlinge" in die ou redaksie vervang. Dit slaan dus op 'n "gelyke aantal" afgevaardigdes per part. sinode sodat hierdie bekende beginsel weer eens 'n hiërargie van groter part. sinodes oor kleiner part. sinodes afsny. Gevolglik moet afgelei word dat uitbreidende part. sinodes hulle afgevaardigdes tot die aantal soos bepaal deur die Sinode van 1961, moet beperk. Elke part. sinode vaardig dus totdat 'n ander sinode anders besluit, ongeag die aantal klassisse in sy ressort, sestien predikante en sestien ouderlinge na die nasionale sinode af. Op sterkte van art. 84 K.O. kan daar nie ligtelik vir groter part. sinodes 'n groter afvaardiging toegelaat word nie. Selfs in die plaaslike kerk het die finansieel sterker lidmaat, of die vader van 'n groter gesin, dieselfde stem as enige ander lidmaat, 'n Groter kerk vaardig net soveel deputate as 'n kleiner kerk na die klassis af (vgl. art. 41).

Die beginsel van 'n "gelyke getal" predikante en ouderlinge wil *klerikalisme* en *dominokrasie* uit die gereformeerde kerkregering weer. Die Kollegialisme beskou die gestudeerde predikante as die voltydse klerus in die kerkregering en die ouderlinge word tot 'n "leke"-element teenoor die predikante gedegradeer. Die Skrif dra egter die kerkregering juis aan die ouderlinge op en daarom spreek ons van presbiteriale kerkregering, terwyl die amp van leer-ouderlinge (predikante) sekondêr uit die van regeer-ouderlinge ontwikkel het (1 Tim. 5:17).

Kerkregtelikes (vgl. H. Bouwman, *Geref. Kerkrecht II*, bl. 155, 195 e.v.) is dit ook eens dat die part. sinodes nie by wyse van toerbeurt kan afvaardig nie (wat ook omtrent net ten opsigte van predikante moontlik sou wees). Die afgevaardigdes moet deur 'n vrye verkiesing met inagneming van bekwaamheid aangewys word. Hulle word nie gestuur om te gaan "leer" nie, maar om as verteenwoordigers van part. sinodes 'n nasionale sinode te konstitueer en daar verantwoordelikheid van kerkregering te dra.

6. Kworum.

Die kworum van die nasionale sinode word deur twee derdes [314] van die aantal wettig afgevaardigdes gevorm. *(Acta Sinode, 1958, art. 22, 211).* Indien elke part. sinode dus sestien verteenwoordigers afvaardig, en daar sou slegs honderd-en-ses afgevaardigdes ter vergadering kom, sou 'n sinode nie kan konstitueer nie. Die nasionale sinode moet sy kworum hoog stel omdat daar belangrike beslissinge oor die leer en kerkregering geneem moet word. Later het dieselfde sinode sy kworum op drie vyfdes (ses-en-negentig afgevaardigdes) gestel. (Acta 1958, art. 294; Ibid 1961, art. 177). Die verskil of skynbare teenstrydigheid moet só verklaar word: twee derdes van die afgevaardigdes is nodig vir konstituering; sommige mag tydens die vergadering

vertrek; solank daar egter drie vyfdes in die vergadering aanwesig is, kan wettige besluite geneem word.

7. Is die vergadering geslote?

Meerdere vergaderinge word gewoonlik met ope deure gehou omdat daar gewoonlik prinsipiële sake van algemene belang behandel word. Vir tugsake en kwessies waarby persone gemoeid is, gaan die vergadering in komitee (vgl. art. 31). Dit is ook in die openbare belang dat daar verslae van die sinodale verrigtinge aan die openbare pers vrygestel word. Dit kan gewoonlik nie aan persverteenwoordigers oorgelaat word nie. Gevolglik is dit wenslik dat elke sinode self of deur 'n perskommissie verslae aan die pers uitreik, of verslae van die persverteenwoordigers kontroleer. 'n Meerdere vergadering kan 'n bepaalde persverteenwoordiger of die pers in die algemeen toegang tot 'n meerdere vergadering ontsê.

8. Werkwyse van die nasionale sinode.

Die oudste gereformeerde sinodes van die sestiende eeu het altyd sake wat die leer aangaan, eerste, sake rakende die kerkorde tweede en ander sake laaste aan die orde gestel. Die sake is voorgestel, toegelig, bespreek en die vergadering het besluit. Die Sinode van Dordtrecht van 1618—1619, bygestaan deur 'n kollege van staatsverteenwoordigers (politieke kommissarisse) en verskillende kolleges van buitelandse teoloë, het die werkwyse van die Nederlandse State-Generaal gevolg. Die sinode is in agtien kolleges verdeel. Elke kollege het vooraf die sake behandel wat die volgende dag aan die orde gestel sou word sodat elke kollege afsonderlik sy oordeel oor elke vraagpunt ingedien het. Die moderamen het daarna uit die bevindinge 'n eindoordeel as voorstel aan die vergadering voorgedra wat dan die finale beslissing geneem het. Die metode was omslagtig en tydrowend. Tog het dit [315] 'n besonder hoogstaande resultaat gelewer. Daar is miskien heelwat voor te sê dat hierdie werkwyse toegepas sal word wanneer verskillende nasionale sinodes in 'n ekumeniese sinode saamkom. By vraagstukke oor die leer en kerkregering, wat skerp formulering vereis en waarby die taal dus 'n belangrike faktor is, is dit wenslik dat elke kollege van afgevaardigdes van elke nasionale sinode die vraagpunte vryelik in hulle eie taal sal beredeneer en daarna hulle oordeel skriftelik sal indien (vgl. by art. 29).

In Nederland word op 'n kommissoriale wyse gewerk. Dit is vanaf 1924 ook in Suid-Afrika beproef. Volgens hierdie werkwyse word die afgevaardigdes in vier of ses kommissies verdeel en die sakelys onder hulle verdeel. Hulle dien dan die sinode van pre-advies met die oog op 'n besluit oor elke saak. Hierdie stelsel het verskillende nadele: Daar is geen kontrole oor die orde waarin sake voor die sinode gebring word nie omdat dit van die indiening van die kommissierapporte afhanklik is. Die gevaar bestaan verder, veral teen die einde van die vergadering, dat driekwart van die afgevaardigdes oor sake moet stem wat slegs deur 'n kwart uitgepluis is. Die kommissies moet dikwels in die nagte vergader, veral in 'n land soos Suid-Afrika waar die hele sinode binne ongeveer veertien dae sy werk moet afhandel omdat daar nie, soos in Nederland, 'n week of maand lank verdaag kan word om aan kommissies werkgeleentheid te gee nie. Die Sinode van 1958 (*art. 20*) het gevolglik van die werkwyse afgestap. Die sakelys word nou in die volle vergadering stuksgewyse toegelig, bespreek en waar moontlik direk afgehandel. Wanneer dit noodsaaklik word, word 'n kleiner subkommissie benoem om die sinode met die oog op 'n besluit te adviseer. Om die daaglikse program van werksaamhede te beplan, word die moderamen deur 'n ordekommissie bygestaan.

9. Plek van samekoms.

Van 1862 tot 1945 het die nasionale sinodes om die beurt in verskillende van die groter

sentra of ouer kerke vergader. Die voordele hieraan verbonde, het later nie meer opgeweeg teen die probleme om so ’n groot vergadering te huisves nie sodat besluit is om altyd in Potchefstroom te vergader. Met hierdie gebruik is na die verkleining van die sinode volgehou. Die reis- en verblyfkoste van die afgevaardigdes word uit die sinodale kas gedelg sodat meer afgeleë part. sinodes nie ’n swaarder las as nadergeleë sinodes dra nie. Die kerke word pro rata op ’n eweredige basis vir hierdie koste geraam.

[316]

ARTIKEL 51

DIE VERSKEIDENHEID EN EENHEID VAN DIE KERKE

Die nasionale sinode reël die korrespondensie met Gereformeerde Kerke buite die Republiek van S.A. sowel as met die Gereformeerde Kerke van ander volksgroepe binne die Republiek wat hulle eie klassisse, partikuliere sinodes en nasionale sinodes onderhou.

1. Geskiedenis.

Hierdie artikel het by elke offisiële hersiening van die Kerkorde in 1578, 1581, 1619 en 1905 en in Suid-Afrika in 1916 en 1964 wysigings ondergaan.

a. Die Dordtse Kerkorde, 1619:

In die Suidelike Nederlande het daar 'n Waalse of Franssprekende en 'n Vlaamse of Nederlandssprekende volkstam gewoon. Die gereformeerdes uit beide taalgroepe het die Nederlandse Geloofsbelydenis onderskryf, maar daar is van 1571 af rekening gehou met die feit dat die Waalse kerke die Geneefse Kategismus en die Dietse kerke die Heidelbergse onderskryf het. Die inhoud was egter materieel dieselfde sodat daar eenheid (hoewel nie enersheid nié) in die leer was. Die nasionale of etniese verskil is dus in die kerkorganisasie gereflekteer. Die Sinode van Dordtrecht, 1578 (art. 46) het selfs afsonderlike nasionale sinodes vir die Waalse kerke toegestem mits hulle geen verandering in die Geloofsbelydenis en Kerkorde wat deur vorige sinodes vasgestel is, sou aanbring nie. Indien die leer verander moes word, sou dit slegs "in den nationali Synodo beyder spreken" kon geskied. Hierdie reëling wat voorsiening gemaak het vir afsonderlike nasionale sinodes maar die beslissing oor "ceremoniën Kerkckelicker regieringhe ende ander swaren zaken" aan 'n generale (gesamentlike) sinode opgedra het, is in 1581 weer gewysig en in 1619 aldus gehandhaaf: *"Alzoo in de Nederlanden tweeërlei sprake gesproken wordt, is voor goed gehouden, dat de Kerken der Duitsche en Waalsche taal op haar zelve haar Kerkeraad, Classicale vergaderingen en Particuliere Synoden hebben zullen"*. Die Waalse partikuliere sinode (feitlik 'n Waalse nasionale sinode) is op etniese gronde van die verskillende Dietse partikuliere sinodes onderskei, terwyl laasgenoemde onderling op geografiese gronde onderskei is. Na die bepaling in 1581 kon nog net in 1586 en 1619 algemene sinodes gehou word [317] sodat die moontlikheid van 'n gesamentlike sinode tussen Waalse en Dietse partikuliere (nasionale) sinodes 'n dooie letter geword het. In art. 52 van die Dordtse Kerkorde is ook voorsiening gemaak vir vergaderinge tussen Waalse en Nederlandse kerkrade in dieselfde stad "om goede eendracht ende correspondentie met malcander te houden ..."

Die reëling van 1578 en 1581 is gegrond op belangrike beginsels wat vandag in Suid-Afrika aktueel is. *Etniese verskeidenheid,* soos geopenbaar in taalverskille, maak afsonderlike kerkrade, klassisse en sinodes noodsaaklik en doen net so min af aan die eenheid van die kerkregering as wat die geografiese indeling van provinsiale sinodes die eenheid bedreig. Verskillende etniese groeperinge gee soms voorkeur aan verskillende simbole of Belydenisskrifte. Wanneer daar egter materiële eenheid of gemeenskap van geloof uit die onderskeie simbole blyk, word die kerkverband as 'n gemeenskap in kerkregering gehandhaaf. Nie een van die onderskeie mindere en etnies-eiesoortige kerklike samekomste mag die aanvaarde leer- en kerkordelike grondslag, sonder medewerking en instemming van die ander taalgroep (e) verander nie omdat dit die kerkverband sou verbreek.

Daar moet dus tot op sekere hoogte onderskei word tussen ’n nasionale en ’n algemene (ekumeniese) sinode omdat alle nasionale sinodes nie algemeen is nie. ’n Algemene sinode tussen etnies-onderskeie kerke behoort uitsluitend met die formulering van die leer en kerkorde, dit wil sê die basis van die kerkverband, belas te wees.

b. Die Nederlandse revisie van 1905.

Die verband tussen die Waalse en Dietse kerke het deur die ontwikkeling in die 19e eeu verval. Gevolglik het die Sinode van Utrecht, 1905 (Nederland), in art. 51 bepaal: *“Voor de Gereformeerde Kerken van Europeanen in Nederlands-Indië wordt de wijze, waarop zij met de Kerken hier te lande in verband staan, door de Generale Synode geregeld”*. In Nederlands-Indië het daar, naas die inheemse kerke, kerke van Europeane tot stand gekom wat aanvanklik op Kollegialistiese wyse onder die staat ingeskakel was. Later het hulle op grond van eenheid in leer en kerkregering as “buitekerke” by die klassis 's Gravenhage aangesluit. Teen 1917 wou die kerke ’n eie klassis vorm en teen 1920 is so ’n “buite-klassis” tot die part. sinode Suid-Holland gevoeg totdat daar in 1923 ’n direkte verband tussen die klassis en die Generale Sinode tot stand gekom het en die selfstandigheid van die klassis in alle Indiese sake erken is. In 1948 het die Indiese kerke by die sinode in Nederland aansoek om “selfstandigheid” gedoen. As rede is aangevoer dat die [318] Indiese kerke weinig belangstelling koester vir die tipiese Hollandse vraagstukke (soos die kerkskeuring gedurende die oorlog) wat op die algemene sinodes behandel word. Die versoek is deur die Sinode van 's Gravenhage in 1948 gebillik op voorwaarde dat korrespondensie in enger sin behou word en die “eie aard en roeping van die kerke in Indië na God se voorsienige bestel” die beste gedien word. Artikel 51 K.O. is egter deur die sinode van 's Gravenhage (1949) vervalle verklaar. Dit onderstreep die kerkregtelike beginsel dat ’n belange-gemeenskap die grondslag van die indeling van kerklike samekomste moet vorm en dat dit bo die organisatoriese eenheid uitgaan. Die politieke en etniese “eie aard en roeping” het differensiasie teweeggebring.

c. Die Suid-Afrikaanse redaksie.

In Suid-Afrika het die Sinode van 1916 in art. 51 ’n meer algemene beginsel neergelê: *“Die algemene sinode moet reël hoe die Gereformeerde Kerke van blankes buite die Unie met die kerke in die Unie in verband staan”*. Hierdie redaksie het voorsiening gemaak vir die situasie ten opsigte van die Gereformeerde Kerke in Angola, Kenia en Suid-Amerika, maar dit het gaandeweg minder aktueel geword omdat die Afrikaners uit Angola na Suidwes gerepatrieer is en die kerk in Suid-Amerika teen 1955 ’n verband met die Christian Reformed Church van die V.S.A. aangegaan het. Die beperkende omskrywing van “blankes” het die toepassing van die artikel ondertussen binne Suid-Afrika onprakties gemaak omdat daar in 1963 etnies-verskillende en selfstandige gereformeerde kerkverbande onder die Bantoes en Kleurlinge tot stand gekom het.

Die Sinode van 1964 het gevolglik die nuwe redaksie van art. 51 vasgestel. Volgens die motivering van die deputate word so teruggekeer na die basiese beginsel van die artikel van 1619. Die etniese verskeidenheid van eiesoortige kerklike vergaderinge sowel as die geestelike eenheid tussen die verskillende kerkverbande deur onderlinge korrespondensie word so eerbiedig.

Hierdie artikel het net betrekking op Gereformeerde Kerke wat onder ander volksgroepe in Suid-Afrika en op Gereformeerde Kerke wat buite Suid-Afrika bestaan. Daarmee word die beginsel van kerklike korrespondensie in enger sin in die Kerkorde gestel.

2. Die kerklike korrespondensie.

Die term “korrespondensie” het ’n eie betekenis in die gereformeerde kerkreg. Dit beteken nie net dat daar oor en weer briewe geskryf word nie, maar dat daar ’n intieme ooreenkoms en harmonie met betrekking tot geloofsbelydenis en kerkregering [319] tussen die partye wat korrespondeer, bestaan. In art. 48 is die besondere intieme korrespondensie tussen partikuliere sinodes binne dieselfde kerkverband gereël. Artikel 51 handel oor die korrespondensie tussen verskillende nasionale sinodes.

a. Korrespondensie in enger sin.

Die beginsel van enger kerklike korrespondensie as ’n ooreenkoms en ooreenstemming tussen kerke (gemeentes) blyk duidelik uit Hand. 15:19 e.v. So het gedurende die Reformasie ook eers ooreenstemmende kerke (gemeentes) ontstaan wat gaandeweg in verskillende lande kerkverbande met mekaar gevorm het. So het onderskeie gereformeerde kerkverbande in Frankryk, Nederland, Engeland en ander lande ontstaan wat in onderskeie nasionale verbande vergader het, maar wat in leer tog volkome met mekaar ooreengestem het. Gevolglik het die Nederlandse owerheid in 1618—1619 adviseurs uit sodanige buitelandse kerke genooi om die Sinode van Dordrecht in die beslissing van die leerverskille met die Remonstrante by te staan omdat met hierdie band van “korrespondensie” in enger sin (ooreenstemming in die leer) rekening gehou is.

Die geskiedenis leer dat kerke wat tydens die Reformasie ontstaan het en wat nie die skriftuurlike en presbiteriale kerkregeringstelsel gehandhaaf het nie, gaandeweg hulle waarheidskarakter ingeboet het. So het die Hervormde Kerk in Nederland, na die Kollegialistiese Reglement van 1816 ingevoer is, die innerlike ooreenstemming ten opsigte van die leer verloor met die gevolg dat die Afskeiding van 1834 en die Doleansie van 1886 ook die eenheid van die organisasie verbreek het. Die kerkregering is die middel waardeur die leer suiwer gehandhaaf word en dit moet ook regstreeks uit die leer voortvloei. Gevolglik is ooreenstemming in leer en kerkregering die noodsaaklike basis vir korrespondensie in enger sin. Dit strek verder as nasionale en/of territoriale grense.

Die eerste sinodes van die Gereformeerde Kerk in S.A. het gevolglik reeds ’n verband met die Christelike Geref. Kerk in Nederland gesoek (Acta, 1873, art. 143). Die korrespondensie met die Christian Reformed Church van die V.S.A. het reeds vanaf 1869 bestaan, en in 1876 word selfs die behoefte aan ’n Algemene Konsilie van presbiteriaanse kerke aangevoel (Acta 1876, art. 31, 241). Die inisiatief om ’n wêreldwye ekumeniese sinode tussen verskillende nasionale sinodes te hou, het van die Geref. Kerk in S.A. uitgegaan (vgl. Acta, 1930, art. 89 en 13 par. 6; Acta, 1942, art. 62; Acta, 1945, art. 168, 234, ens.). Vandag word daar met ’n groot aantal Gereformeerde Kerke oor die hele wêreld korrespondensie in enger sin onderhou, byvoorbeeld met die Geref. Kerken van Nederland, die Christian Reformed Church in [320] Amerika, die Christelike Geref. Kerken in Nederland, Dutch Reformed Church in Ceylon, Reformed Churches of New Zealand, Free Church of Scotland, Geref. Kerk Londen, en andere. Met sommige ander kerke moet die enger korrespondensie nog formeel ingestel word (vgl. Acta Sinode, 1964, art. 140; vgl. ook art. 100, sub VII).

Korrespondensie in *enger sin* bring gewoonlik mee dat die kerke hulle kansels vir mekaar oopstel, predikante oor en weer mag beroep, lidmaat-attestasies wederkerig erken en lidmate oor en weer tot die Nagmaalstafel toelaat, afgevaardigdes, sinodale handelinge, kerklike publikasies, ens., oor en weer aan mekaar stuur, ens. Hierdie korrespondensie in enger sin veronderstel kerkverband tussen kerke van dieselfde belydenis en kerkregering in verskillende

lande, soos tussen kerke van verskillende provinsies in een land (vgl. art. 48). Hierdie korrespondensie in enger sin onderhou die ekumeniese kerkverband omdat 'n ekumeniese sinode in die ware sin van die Woord nog nie bestaan nie (Acta Sinode, 1955, art. 153, B, 1; H. Bouwman, *Geref. Kerkrecht, II*, p. 5, 198). Dit is prakties moontlik om korrespondensie met meer as een kerk in die buiteland te onderhou (Acta Sin., 1961, art. 197 (a); Acta Sin., 1964, art. 140, 141). In soverre kerkverband "kerk" genoem kan word, is "kerke" wat met mekaar korrespondensie in enger sin onderhou, "susterkerke" (vgl. Acta Sinode, 1964, art. 69, 175).

b. Korrespondensie in ruimer sin.

Hieronder word verstaan die broederlike verhouding tussen "kerke" (kerkverbande) wat ten opsigte van die leer en kerkregering of handhawing van die belydenis in so 'n mate van mekaar verskil dat korrespondensie in enger sin onmoontlik is, maar wat tog sodanig met mekaar ooreenstem dat dit tot onderlinge en gemeenskaplike voordeel aangewend kan word. Die mate van die onderlinge ooreenstemming bepaal die omvang en karakter van die "korrespondensie". Hierdie sogenaamde "interkerklike" korrespondensie of korrespondensie in ruimer sin kan met kerkverbande sowel in die buiteland as in dieselfde land onderhou word en word nader gereël volgens omstandighede, behoeftes, oogmerke, ens. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die samewerking tussen die drie Afrikaanse Kerke in Suid-Afrika ten opsigte van die Bybelvertaling, Psalmberyming, Interkerklike Onderwyskommissie, Interkerklike samesprekinge, ens. Daar moet egter gewaak word teen die gebruik van die term "susterkerke" vir hierdie korrespondensie in ruimer sin (vgl. Acta Sinode, 1955, art. 153; Ibid., 1964 art. 69, 175). Die Skrif en Belydenis sluit die relatiewe pluriformiteits-opvatting wat voorgee dat elke kerk 'n stukkie van 'n waarheid het en mekaar [321] aanvul, uit. Volkome onderwerping aan die Skrif moet tot volkome ooreenstemming in belydenis en kerkregering lei waaruit eenheid in kerklike organisasie of korrespondensie in enger sin logies moet volg. Die waarheid is een.

3. Die Gereformeerde Ekumeniese Sinode.

In 1946 het in Grand Rapids, V.S.A., vir die eerste maal, en daarna elke vyf jaar in verskillende lande, 'n vergadering saamgekom wat 'n Gereformeerde Ekumeniese Sinode genoem word. Die huidige naam is tot in hierdie stadium egter misleidend. Die sogenaamde ekumeniese sinode is eerder 'n vergadering van korrespondensie in ruimer sin tussen deputate uit kerke van die wêreld wat in mindere of meerdere mate Gereformeerd is. Daar is geen sprake van 'n werklike regerende ekumeniese sinode tussen verskillende nasionale sinodes wat ooreenkomstig die beginsels in art. 29 en 36 K.O. hulle laat verteenwoordig nie. Tussen die deelnemende kerke ontbreek nog die volkome ooreenstemming in leer en kerkregering. Die sogenaamde "ekumeniese sinode" dra dus in hierdie stadium eerder die karakter van 'n Ekumeniese Adviesraad of 'n internasionale Gereformeerde Teologiese Gespreksgemeenskap. Dit voorsien dus wel in 'n bepaalde behoefte onder Gereformeerdes oor die wêreld, maar neem nog nie 'n kerkregtelike plek met die oog op die *regering* van die plaaslike kerk in nie. Dit is selfs 'n ope vraag of daar elke vyf jaar agenda vir en behoefte aan 'n volwaardige ekumeniese sinode sal wees indien daar aanvaar word dat hierdie sinode finale uitspraak oor vraagstukke met betrekking tot die kerkregering of belydenis op internasionale vlak moet doen. Dit is opmerklik dat die deputering in hierdie stadium eerder op teologiese geskooldheid met die oog op 'n gespreksgemeenskap as op presbiteriale verteenwoordiging met die oog op kerkregering nadruk lê. 'n Gespreksgemeenskap moet eerder as 'n Adviesliggaam of Konferensie beskou word en verskil wesentlik van 'n sinode wat saamkom om te oordeel en te besluit. Daar moet gewaak word dat die begrip "sinode" nie verlaag tot dié van 'n Studie- of Gespreksgemeenskap tussen teoloë nie. (Vgl. Acta Sinode, 1949, art. 25, veral bl. 61 e.v.; 181, veral par. 7; art. 200; Acta Sin.,

1952, bl. 58—95; Acta Sin., 1955, art. 153; Acta Sin., 1961, art. 46, 126, 187; veral Acta Sin., 1964, art. 100, VII en art. 265).

4. 'n Ekumeniese Sinode van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Die nuwe redaksie van art. 51 wat deur die Sinode van 1964 [322] vasgestel is, maak voorsiening vir 'n besondere vorm van korrespondensie tussen die nasionale sinodes onder verskillende volksgroepe binne dieselfde land. Op sterkte van die bepaling in art. 51 het die Sinode van 1964 op voordrag van die sendingdeputate besluit om 'n "ekumeniese" sinode tussen die verskillende nasionale sinodes te hou en ook deputate vir so 'n "ekumeniese sinode" benoem, terwyl in die gees van art. 52 van die Dordtse Kerkorde die onderskeie kerklike vergaderinge van die plaaslike kerke af tot by die nasionale sinodes toe geadviseer is om doeltreffende korrespondensie te reël (Acta Sinode, 1964, art. 104, V.). Die kerkregtelike funksie en betekenis van hierdie korrespondensie kan in hierdie aanvangstadium moeilik nader omskryf word. Die Sinodale Handelinge van 1964 gee, behalwe vir die vasstelling van 'n geskikte naam vir die voorgestelde "ekumeniese sinode", geen instruksies in terme van art. 33 K.O. aan die afgevaardigdes nie. In hierdie stadium is daar feitlik nog net 'n bykomende en potensiële rat in die kerkregering geskep, maar die verhouding daarvan tot die erkende vergaderinge van art. 29 is nog nie in die lig van art. 30, 31, 33, 36 en ander artikels duidelik nie. Dit moet onthou word dat kerklike vergaderinge van art. 29 K.O. met die oog op *regering* saamkom en nie demonstrasies van kerklike eenheid of konferensies is nie. Na ons mening sal deputate vir enger korrespondensie, wat oor en weer die onderskeie nasionale sinodes bywoon, in die reël die vrugbaarste bydrae lewer tot die ontwikkeling van die kerkregering in jong kerkverbande.

5. Ekumene en eenheid van die kerk.

In Suid-Afrika het die "genootskaps"-gedagte en Kollegialisme groot invloed uitgeoefen. Gevolglik kom telkens die gedagte na vore dat die sinode die eenheid van die kerk openbaar of, sterker gestel, die eenheid van die kerk is. Elke gemeente word as 'n stukkie van die kerk beskou. Volgens hierdie veronderstelling kan daar in een land met 'n heterogene bevolking net één kerk in sinodale verband bestaan. Ter bevordering en ter verwesenliking hiervan word in die strewe na internasionale eenheidsorganisasies, soos die Wêreldraad van Kerke, graag 'n beroep gedoen op Joh. 17:22.

Op die eksegetiese, dogmatiese, missiologiese en ander beginsels wat hierdie strewe weerspreek, kan hier nie ingegaan word nie. Die voorstanders van hierdie organisatoriese strewe maak die kerklike eenheid 'n doel wat deur menslike kerkorganisasie verwesenlik moet word, terwyl die gereformeerde kerkregering op grond van die Skrif die eenheid in Christus (die geloofs- en [323] belydeniseenheid) as basis en uitgangspunt vir die vereniging van gelowiges tot 'n kerk (gemeente) en die onderhouding van kerkverband tussen kerke met die oog op kerkregering aanvaar. Hulle is één en wórd nie een nie. Die geloofseenheid bestaan voor die organisasie. Die kerklike eenheid (vergadering van gelowiges) kan net in die plaaslike kerk tot volle openbaring kom. Sodra 'n kerklike vergadering ('n sinode) as kerk beskou word, verval 'n mens in die Roomse dwaling wat die geestelikheid (in hierdie geval die afgevaardigdes op die sinode) as verteenwoordigers van die kerk (die vergadering van gelowiges) beskou, asof die kerk daar is waar die priester is.

Dit moet verder goed verstaan word dat die kerklike vergaderinge (kerkraad of sinode) maar net een aspek van die kerklike eenheid, naamlik *die regering,* openbaar. Die ryke veelkleurigheid van die volle geloofsgemeenskap en kerklike eenheid kan nooit in die blote regering verteenwoordig word nie (vgl. by art. 29). Ons kan byvoorbeeld nie sê dat die hoof van 'n

menslike liggaam die hele liggaam is nie. As die hele liggaam hoof sou wees, waar is die ledemate dan (vgl. 1 Kor. 12:12—30)? Die ekumene het daarom wel sy beskeie plek in die eenheid van kerkregering, maar dit kan nooit die eintlike, volle gemeenskap van kerklike eenheid demonstreer of verwesenlik nie.

ARTIKEL 52

DIE SENDINGORDE

Die nasionale sinode stel 'n sendingorde vas in sover algemene bepalings daarvoor nodig is.

1. Geskiedenis.

Die Dordtse Kerkorde van 1619 het in artikel 52 voorsiening gemaak vir vergaderinge van korrespondensie tussen Nederlandsen Franssprekende kerkrade binne dieselfde stad. Met die hersiening van die Kerkorde het die Sinode van Utrecht (Nederland) in 1905 die reëling van die kerklike sending in die plek van die ou art. 52 gestel. Op hierdie voetspoor het die Geref. Kerk in S.A. in 1916 in art. 52 bepaal: *"So word ook die arbeid van die kerklike sending in Afrika, vir sover daarvoor algemene bepalinge nodig is, deur die Algemene Sinode in 'n sendingorde gereël"*. Die Sinode van 1964 het hierdie beginsel meer kernagtig geformuleer.

[324]

Die Nederlandse sending in Java het tot 1890 min of meer die genootskaplike patroon gevolg. In 1890 het dr. A. Kuyper 'n nuwe geluid laat hoor toe hy in aansluiting by Voetius 'n gereformeerde sendingbeleid bepleit het. Die Sinode van Middelburg (Nederland) het gevolglik in 1896 'n sendingbeleid vasgestel wat die toets van die gereformeerde kerkreg kon deurstaan. Daarin is uitgegaan van die beginsel dat alleen die plaaslike kerk Woord en Sakramente kan bedien en derhalwe die enigste bevoegde liggaam is wat sendelinge kan uitstuur en oor die totstandkoming en organisasie van kerke toesig kan hou (vgl. art. 7 K.O.). Die gevaar van 'n independentistiese sendingbeleid is vermy deur die bepaling dat die plaaslike kerk gesteun word deur die kerkverband. Die sendingorgane moet behoorlik opgeleide en bekwame ampsdraers van die plaaslike kerk wees en hulle bly aan dié kerk verbonde, selfs nadat daar inheemse kerke tot stand gekom het. Die sendingkerk moet 'n geleentheid gegun word om aan te pas by die nasionale eiesoortigheid en kan nie 'n blote replika van die Westerse Kerk wees nie. Die doel van die sending is om kerke te stig en die kerke tot selfregering, selfstandigheid, selfonderhoud en self-uitbreiding te lei. In die Nederlandse Sendingorde van 1902 is sorgvuldig daarteen gewaak dat deputate nie die werk van kerklike vergaderinge doen nie. Hierdie gesonde beleid het egter nie in alle opsigte die praktyk beheers nie.

Totdat die Sinode van die Geref. Kerk in S.A. in 1897 aan deputate opdrag gegee het om 'n sendingorde voor te berei, is die kerklike karakter van die sending wel vasgehou, maar die arbeid is verlam deur onsuiwer sendingmetodes en skerp verskille oor sendingbeleid. Die Sinode van 1904 het 'n sendingorde vasgestel wat ooreenkoms met dié van Nederland vertoon, maar daarin het die woorde "die Kerk" soms op die plaaslike kerk en soms op die kerkverband betrekking en op finansiële gebied is ingrypende magte aan deputate verleen. In 1913 is die Sendingorde gedesentraliseer, maar in 1924 is die sendingarbeid weer meer op die genootskaplike patroon in die hande van sinodale deputate gesentraliseer. Na die Tweede Wêreldoorlog het daar 'n geweldige oplewing in die sendingarbeid van die kerke gekom. Die sending is deur plaaslike kerke met hulle missionêre leraars onderneem, terwyl daar op klassikale, partikulier-sinodale

en algemeen-sinodale vlak koördinerende en ondersteunende werk verrig word. Die arbeid is verder uitgebrei deur die totstandkoming van 'n Skool vir die opleiding van nie-blanke predikante en is bekroon met die selfstandigwording van verskillende nasionale sinodes onder verskillende etniese groepe.

[325]

Die Sendingorde is van 1904 tot 1964 gedurig gewysig om by veranderde beleidsrigtings aan te pas en na 1949 is daar 'n gesonde strewe merkbaar om die Sendingorde in ooreenstemming met die beginsels van die gereformeerde kerkreg te bring. Die taak is nog nie afgehandel nie (Acta, 1964, bl. 276).

2. Die sendingorde van die Sinode van 1964 (Acta, bl. 273 e.v.).

Volgens art. 52 van die Kerkorde moet die nasionale sinode slegs algemene bepalings vir die sending neerlê. Kerke binne dieselfde kerkverband moet volgens dieselfde orde sending doen en mekaar op 'n bepaalde wyse, wat in die Sendingorde aangedui is, in die arbeid help. Die Sinode van 1964 het egter bevind dat die huidige Sendingorde nog nie duidelik onderskei tussen ordebeginsels, bepalings en opdragte aan deputate nie.

Die Sendingorde gaan uit van die beginsel dat sending amptelike arbeid van die plaaslike kerk is (S.O. art. 1, 2, 3, 4, 5, 6, 8, 9, 10, 12, ens.); dit moet deur missionêre leraars verrig word (S.O. art. 3, 4); sekere handelinge moet in oorleg met sendingdeputate van meerdere vergaderinge geskied (S.O. art. 3, 4, 5, 8, 9, 11, 12, 15); hulpdienste kan die amptelike sending ondersteun (S.O. art. 2); van opgeleide helpers (S.O. art. 6) of blanke oefenaars (art. 8) kan gebruik gemaak word; die finansiële beheer (S.O. art. 10) en advies by tugoefening oor ampsdraers (art. 16) word aan jong kerke, wat nog nie 'n eie kerkverband het nie, deur die sendende kerkrade gegee; vir die doeleindes van verskillende kerkordeartikels neem sendingdeputate die plek in van eie meerdere vergaderinge by dergelike jong kerke sonder 'n eie kerkverband (S.O. art. 11a); die instituering van 'n eie nasionale kerkverband geskied na oorleg met en wedersydse instemming van die betrokke kerke en die algemene sinode (art. 11b); kerke kan "met goedkeuring van die "betrokke sendingdeputate" kombineer met die oog op sendingwerksaamhede (art. 12, wat bots met vorige sinodebesluite, vgl. Acta, 1964, bl. 276); elke meerdere vergadering benoem sendingdeputate (S.O. art. 14); kerkstigting vind plaas wanneer dit op 'n sendingterrein na die oordeel van die kerkraad van die sendende kerk en die sendingdeputate van die klassis moontlik is (S.O. art. 9), ensovoorts.

3. Die verhouding van die Kerkorde tot die Sendingorde.

Die Kerkorde reël die kerklike arbeid meer in besonder met die oog op die interne kerklike huishouding. Met die sendingarbeid betree die kerke egter die terrein buite die kerk. Die [326] sendingorde wil die Kerkorde in hierdie opsig aanvul, sodra die sendingarbeid wat na buite geskied en die vrugte wat dit dra, ook ordelik beheer word. Soos die geskiedenis reeds in Nederland en Suid-Afrika bewys het, moet gedurig gewaak word dat sendingdeputate nie die rol van kerklike vergaderinge in die sendingarbeid oorneem nie (vgl. by art. 29 en 49 K.O.). Die Sendingorde sal alleen suiwer toegepas kan word indien die onderskeie deputate van meerdere vergaderinge artikel 49 K.O. voor oë hou. Wanneer daar 'n botsing tussen bepalinge van die Kerkorde en Sendingorde sou voorkom, moet die Kerkorde die finale woord spreek (vgl. art 31 K.O.).

[327]

AFDELING III: OOR DIE LEER, SAKRAMENTE EN ANDER SEREMONIES

DS. L.S. KRUGER — art. 53—65

DS. T.T. SPOELSTRA — art. 66—70

[329]

ARTIKEL 53 en 54

DIE BINDING VAN ALLE AMPSDRAERS AAN DIE BELYDENIS

> *Die bedienaars van die Woord en ook die professore aan die Teologiese Skool moet die Drie Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht 1618—19 onderskryf en onderteken, en die wat weier om dit te doen, moet metterdaad in hulle diens geskors word deur die kerkraad of die klassis, en in geval van professore, deur die nasionale sinode, totdat hulle hul daaroor volledig verantwoord het. As hulle hardnekkig weier, moet hulle heeltemal van hulle diens afgesit word.*

ARTIKEL 54

> *Ook die ouderlinge en die diakens en diegene wat deur 'n klassis as proponent toegelaat word, moet die genoemde Formuliere van Eenheid onderskryf en onderteken.*

Artikel 53 bind die bedienaars van die Woord en die professore in die Teologie, en artikel 54 die ouderlinge, diakens en proponente aan die Belydenis.

1. Inleidend.

a. Die Drie Formuliere van Eenheid as die Kerklike Belydenisskrifte

Die kerkverband is gegrond op die ooreenstemming in Belydenis as die akkoord van die kerklike gemeenskap. As Belydenisstukke het die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus die vorming van die kerkverband histories voorafgegaan. As uitdrukking van die gemeenskaplike Gereformeerde geloof is albei hierdie stukke gebore uit die nood van die tyd feitlik nog voordat daar van enige kerkverband sprake was. Die Sinode van Emden, 1571, het die Konfessie en die Kategismus as Belydenisskrifte aanvaar en die aanvaarding daarvan beskrywe as bewys van "die eendragtigheid in die leer tussen die Nederlandse kerke". Die Sinode van Dordrecht, 1618—19, het die Dordtse [330] Leerreëls of die Vyf Artikels teen die Remonstrante as derde bindende Belydenisskrif toegevoeg. Saam vorm hulle die Drie Formuliere van Eenheid.

b. Die ondertekening van die Belydenis

Hoewel die Kerkorde geen melding maak van ondertekeningsformuliere nie en die ondertekening aanvanklik eenvoudig geskied het onder 'n afskrif van die Belydenisskrifte (Emden, 1571), is vanaf die begin van die sewentiende eeu (Klassis Alkmaar, 1608) gebruik gemaak van ondertekeningsformuliere.

Om die gevaar van die Remonstrantisme te stuit, besluit die Sinode van Dordrecht, 1618—19, om "een accuraat formulier van ondertekeninge" van die Konfessie, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls op te stel vir ondertekening deur alle bedienaars van die Woord, professore in die Teologie en ander professore.

Die ondertekeningsformulier vir *bedienaars van die Woord* is opgestel op voetspoor van 'n soortgelyke ondertekeningsformulier van die Provinsiale Sinode van Seeland (1610).

Die ondertekeningsformulier vir *professore in die Teologie* was, op enkele redaksionele

verandering na, dieselfde as dié van die bedienaars van die Woord.

Met die revisie van die Kerkorde het die Sinode van die Nederlandse Kerke (Utrecht, 1905) die skoolmeesters in art. 54 laat verval en in die plek daarvan *ouderlinge, diakens en proponente* gevoeg. Hierdie Sinode het egter geen ondertekeningsformuliere vir ouderlinge en diakens opgestel nie, en in die geval van proponente dit aan die onderskeie klassisse oorgelaat.

In Suid-Afrika het die Sinode van 1863 bepaal dat benewens die bedienaars van die Woord en die professore in die Teologie, ook die ander professore die Belydenis moes onderteken. Die formulier, soos vasgestel deur Dordrecht, 1618—19, is daarvoor gebruik. Die hersiene redaksie van art. 53, soos aanvaar deur die Sinode van 1916, het tereg nie weer van die ander professore melding gemaak nie. Artikel 54 is ook in ooreenstemming gebring met die redaksie soos vasgestel deur die Nederlandse Sinode van Utrecht, 1905.

Tot in 1936 het die professore in die Teologie en die proponente dieselfde formulier as die bedienaars van die Woord onderteken. Die Sinode van 1936 (art. 100) het 'n aparte ondertekeningsformulier vir die professore in die Teologie opgestel.

Hierdie Sinode het ook bevind dat dit teenstrydig is dat *proponente* die formulier vir bedienaars van die Woord onderteken, [331] daar proponente nie die Woord bedien nie en dus nie aan die vereistes daarvan kan voldoen nie; deur die ondertekening daarvan deur proponente die predikante dit nie meer onderteken nie. Die bestaande ondertekeningsformulier vir proponente is daarop deur die Sinode van 1939 (art. 54) goedgekeur.

Vir ouderlinge en diakens bestaan daar nog geen ondertekeningsformulier nie. Daarom het die Sinode van 1964 deputate benoem om die volgende Sinode in dié verband te adviseer. Ondertussen staan dit kerkrade egter vry om aan die hand van die bestaande formuliere self 'n formulier op te stel.

2. Die Belydenis

a. Die noodsaaklikheid van die Belydenis

Ter wille van die opbou van die kerk en die goeie gang van die kerklike lewe is eenheid en suiwerheid in leer en kerkregering noodsaaklik.

Die kerk spreek as sy dogma uit dit wat God in die Woord geopenbaar het, en wat die kerk tot sy geloofs-eiendom gemaak het (Ef. 3:9, 18; 2 Tim. 1:10—14).

Die gelowiges wat dieselfde dierbare geloof bely, vergader onder leiding van die kerkraad in 'n kerk. Daarom moet die ampsdraers aan die Belydenis gebonde wees en die kerke moet die versekering hê dat hulle predikante in die Belydenis opgelei word (vgl. art. 4 K.O.). Die kerke wat één in Belydenis is, verenig ook op grond van kerkverband (vgl. art. 29 K.O.) en werk daarin met mekaar saam om die waarheid wat volgens die Skrif is, te handhaaf (vgl. Algemene Inleiding).

Die Belydenis is dus om die volgende redes noodsaaklik: dit druk die dogma van die kerk uit; die kerk (gemeente) sal ophou om kerk, naamlik vergadering van gelowiges te wees wanneer dit nie meer op die grond van die geloof vasstaan en dit uitdra nie;

teenoor die wêreld en die lastering van die eer van God word daarmee getuienis afgelê van die suiwere godsdiens; dit onderskei die suiwere geloof (dogma) van die dwaling en kettery;

ten slotte druk dit ook die eenheid van die geloof, of die kerklike gemeenskap tussen die kerke in enger verband, uit.

Die Belydenis is dan ook ’n stuk van die lewe van die kerk. Dit behoort nie aan individue nie, maar aan al die lede van die kerk en aan al die kerke in hulle samesnoerende verband.

[332]

***b*. Die gesag van die Belydenisskrifte**

Die Heilige Skrif is die enigste reël van die geloof. Die Belydenisskrifte is ondergeskik aan die Skrif. Die ou reformatore het gesê die Heilige Skrif is die *norma normans,* die bindende reël van die geloof, en die Belydenisskrifte is die *norma normata,* die reël wat aan die Skrif ontleen is.

Die kerk stel die Belydenis nie soos Rome *naas* die Skrif nie. Hoewel dit *altyd ondergeskik* is aan die Skrif, lê die kerk, ooreenkomstig die Skrif en onder leiding van die Heilige Gees, die geloofswaarhede in die Belydenis vas. Hieruit volg dat die Belydenis ’n *geestelike* en *kerklike* gesag het: geestelik omdat dit die geloofswaarhede (dogma) uitdruk, en kerkregtelik omdat dit die akkoord van die kerklike gemeenskap vorm.

Die Belydenisskrifte het dus geen absolute gesag naas die Skrif nie. Omdat dit egter aan die Skrif ontleen is, daarmee ooreenstem en daarvan afhanklik is, besit dit *bindende* gesag vir die kerke wat dit aanvaar het. Met “kerk” word bedoel die vergadering van lidmate onder die leiding van die ampsdraers. Hierdie gesag strek dus oor almal wat aan die kerk behoort, ampsdraers sowel as lidmate.

3. Die binding aan die Belydenis.

***a*. Onderskryf en onderteken.**

Die Belydenis is die grondslag van die kerklike samelewing. In die vertroue dat al die kerke van harte instem met die Belydenis wat eenmaal aanvaar is, kan hulle saamwerk. Die gemeente staan onder leiding van die kerkraad. Daarom bind die Kerkorde alle ampsdraers, die proponente as toekomstige bedienaars van die Woord en die professore in die Teologie wat die bedienaars van die Woord oplei, deur hulle die Drie Formuliere as Belydenis te laat *onderskryf en onderteken*. Die onderskrywing gaan voorop en geskied wanneer die ampsdraers op die vrae van die bevestigingsformulier antwoord. Dit is die *innerlike aanvaarding* dat die Belydenisskrifte in volkome ooreenstemming *is* met die Woord van God. Die ondertekening is die objektiewe bevestiging van die innerlike aanvaarding en dit bevestig die voorneme om die suiwerheid van leer, die eenheid in die kerk (gemeente) en kerkverband te handhaaf.

Om uitvoering aan hierdie artikels te gee, het die kerke die verskillende ondertekeningsformuliere opgestel.

***b*. Die inhoud van die ondertekeningsformuliere.**

[333] Die volgende beginsels vorm die kern van al die ondertekening s formulier e:

i. *Instemming met die Drie Formuliere van Eenheid*.

Eerstens verklaar die ondertekenaar dat hy glo dat die Drie Formuliere van Eenheid, by name genoem, *in alles met die Woord van God ooreenkom*. Die Belydenis word *onderskryf omdat* dit in ooreenstemming *is* met die Woord van God. Die Sinode van Dordrecht, 1618—19, het hierdie geloofsbeginsel bindend gestel teenoor die Remonstrante wat geen gebondenheid aan die Belydenis wou gehad het nie (vgl. Algemene Inleiding).

Die Nederlandse Hervormde Kerk het in sy Reglement van 1816 die woord *omdat* (quia) vervang deur *in soverre* (quatenus) in die ondertekeningsformulier. Daarmee is die deur vir die liberale predikante geopen om ook die ondertekeningsformulier te onderskryf, want hulle

aanvaar die Belydenis net in soverre dit *volgens hulle eie* menings met die Skrif ooreenkom (vgl. die gedeelte oor die Doleansie in die Alg. Inleiding).

In die Gereformeerde Kerke is die quia-standpunt nog altyd onverswak gehandhaaf.

ii. *Belofte tot onderhouding*.

Vervolgens word plegtig belowe om hierdie suiwere leer voor te staan en elke dwaling te weerlê wat daarteen stry.

iii. *Optrede in eventuele gevalle van twyfel*.

Die Kerkorde en die ondertekeningsformuliere vir ampsdraers erken die reg van die gewete. Elke gelowige mag, behoudens die weg wat in die ondertekeningsformuliere voorgeteken is en wat hy moet volg, die uitsprake van die kerklike vergaderinge selfstandig toets aan die Skrif (1 Kor. 2:15; 10:15; 1 Joh. 2:20), en die kerkraad is geroepe om die beswaar in die lig van die Woord in sy wettige vergadering te ondersoek.

Berus die beswaar egter op ’n dwaling, is die kerkraad ook geroepe om in sy wettige vergaderinge daarteen op te tree. Daarom verbind die ondertekenaar hom om hom te onderwerp aan die kerklike uitspraak in geval van leerdwaling.

Die *bedienaar van die Woord* bind hom om, wanneer daar in sy hart twyfel oor enige aspek van die leer mag ontstaan, dit nóg in die geheim, nog in die openbaar, direk of indirek, te verkondig. Volgens die bevestigingsformulier moet die betrokke bedienaar van die Woord hom in geval van enige twyfel na “die kerkraad, klassis of sinode” (bedoelende partikuliere sinode) wend. [334] Dit is die drie kerklike vergaderinge wat met die eksaminering en toelating van predikante te doen het (vgl. art. 4 K.O.) Die betrokke bedienaar van die Woord mag dus enigeen van hierdie vergaderinge nader, hoewel die hele opset van die Kerkorde daarop dui dat die *kerkraad eerste genader moet word* (vgl. art. 30 K.O.). Alleen as daar baie goeie gronde bestaan mag die kerkraad verbygegaan word.

Professore in die Teologie moet hulle in eventuele gevalle van twyfel wend tot die kuratore wat dan, indien nodig, ’n buitengewone sinode kan oproep om oor die saak te beslis (vgl. art. 47; Buitengewone Sinode, 1946, i.s. die De Wet-saak).

Proponente moet hulle wend tot die kerklike vergadering wat hulle beroepbaar gestel het (vgl. art. 4 K.O.), terwyl *ouderlinge* en *diakens* hulle saak voor die kerkraad moet lê.

iv. *Die reg van ondervraging deur die kerke*.

Die kerke het ook die reg om die inisiatief te neem in ’n ondersoek na die regsinnigheid van enige ampsdraer, veral as daar rede bestaan om dit in twyfel te trek.

Die bedienaar van die Woord bind hom in die ondertekeningsformulier ook om, indien die kerkraad, klassis of partikuliere sinode ’n nadere verklaring van sy standpunt insake aspekte van die leer vereis, sy standpunt nader te verklaar en om hom, behoudens die reg van appèl, aan die beslissing van die betrokke vergadering te onderwerp (vgl. art. 4, 11, 79 K.O.).

Ouderlinge en diakens is onderworpe aan die toetsreg van die kerkraad, *professore in die Teologie* aan die algemene sinode en *proponente* aan die kerklike vergadering wat die preparatoir-eksamen afgeneem en hulle beroepbaar gestel het (vgl. art. 4 K.O.).

4. Die tyd en die plek van die ondertekening.

Die bedienaar van die Woord verbind hom opnuut om, by die aanvaarding van ’n beroep,

en wel op grond van die bepaling in die beroepsbrief, die Belydenis te onderhou. Daarom moet die onderskrywing en ondertekening telkens opnuut by die bevestiging in 'n ander kerk geskied.

Die onderskrywing geskied wanneer bevestigend geantwoord word op die vrae in die bevestigingsformulier. Wat die ondertekening betref, het die Sinode van 1949 (art. 204) besluit dat elke klassis sy eie Ondertekeningsformulier in gereedheid moet hou met die oog op verandering van standplase van die predikante, en al die predikante van elke klassis moet weer opnuut die [335] nuutopgestelde formulier (Acta, 1939, bl. 45) onderteken. Elke klassis moet daarom 'n boek met die ondertekeningsformulier byderhand hou.

Die Sinode van 1956 (art. 64) het besluit dat proponente die ondertekeningsformulier vir bedienaars van die Woord moet onderteken by hulle bevestiging in die teenwoordigheid van die deputate, soos genoem in art. 10 K.O. Dieselfde geld vir bedienaars van die Woord wat van standplaas verwissel het.

Die aangewese tyd om die formulier in hierdie geval te onderteken, is net na afloop van die erediens. Dan is dit nog voor die gemeente, kerkraad en klassikale deputate, d.w.s. dit het die karakter van 'n openbare verbintenis. Voor die ondertekening moet die ondertekeningsformulier aan die ondertekenaar in teenwoordigheid van die hele vergadering voorgelees word.

Indien daar versuim was, moet die ondertekening op die eerste vergadering van die klassis wat deur die betrokke bedienaar van die Woord bygewoon word, geskied. Van die onderskrywing moet die deputate hulle egter by die bevestiging vergewis.

Ouderlinge en diakens moet die ondertekeningsformulier ook net na afloop van die erediens waartydens hulle bevestig is, in teenwoordigheid van die gemeente onderteken.

Elke kerkraad moet 'n boek met die ondertekeningsformulier aanhou. Dit is ook wenslik dat die datum van die ondertekening aangedui word. Al was die persone vantevore in die kerkraad en al het hulle toe die formulier onderteken, moet hulle, as hulle opnuut in een van die ampte bevestig word, die formulier opnuut onderteken.

Professore in die Teologie onderteken die formulier by hulle bevestiging onder toesig van die kuratore (vgl. art. 49 K.O.), terwyl dit in die geval van *proponente* in die kerklike vergadering wat hulle beroepbaar stel (vgl. art. 4 K.O.), geskied.

5. Die kerkregtelike prosedure ingeval van weiering tot onderskrywing of ondertekening.

Indien 'n *bedienaar van die Woord, ouderling of diaken* sou weier om die Belydenis by bevestiging te onderskryf, mag sodanige persoon nie bevestig word nie.

Sou hy na die bevestiging weier om die ondertekeningsformulier te onderteken, moet hy dadelik deur die kerkraad in sy amp geskors word en moet daar met hom gehandel word volgens die prosedure soos gestel in art. 79 K.O. Blyk dit later dat 'n ampsdraer nie meer die Belydenis onderskryf nie, moet hy onderwerp word aan die toetsreg deur die kerk (vgl. punt 4 (iv) [336] voorgenoemd), en indien nodig, word met hom gehandel volgens art. 79 K.O.

Professore in die Teologie word deur die algemene sinode geskors en eventueel afgesit. Indien 'n professor in die Teologie sou weier om die formulier te onderteken, of as dit later sou blyk dat hy die Belydenis nie meer onderskryf nie, word hy deur die kuratore die reg ontsê om klas te gee, maar met behoud van salaris, tot tyd en wyl die algemene sinode oor die saak kan beslis (vgl. Sinode, 1936, art. 100; vgl. ook buitengewone Sinode 1946).

'n *Proponent* wat weier om die formulier te onderteken, se beroepbaarstelling word deur

die kerklike vergadering wat hom beroepbaar gestel het, teruggetrek. Dieselfde vergadering beslis ook oor sy beroepbaarstelling as dit later mag blyk (bv. by peremtoir-eksamen, art. 4 K.O.) dat hy die Belydenis nie meer onderskryf nie.

ARTIKEL 55

DIE UITDRA VAN DIE SUIWERE LEER

Om die suiwere leer in die gemeente te handhaaf en om die valse leringe en dwalinge te weer, wend die bedienaars van die Woord en die ouderlinge by die uitoefening van hulle onderskeie ampte, by die bediening van die Woord, by die kategetiese onderrig en by die huisbesoek, die middele van lering, weerlegging, waarskuwing en vermaning aan.

1. Die historiese agtergrond van die artikel.

Hierdie artikel handel oor die amptelike uitdra van die suiwere leer, soos die betrokke ampsdraers by die ondertekening van die formulier beloof het om te doen.

Hierdie riglyne is gebore uit die meer negatiewe bepalinge van die Boekesensuur.

***a*. Die Boekesensuur.**

Die ou artikel 55 het gehandel oor die Boekesensuur. Hiervolgens is bepaal dat niemand van die Gereformeerde godsdiens enige godsdienstige geskrif die lig sal laat sien nie tensy dit goedgekeur is of deur die predikante van sy klassis, of deur dié van die [337] partikuliere sinode, of deur die professore in die Teologie. In laasgenoemde geval moes dit geskied met voorkennis van sy klassis (Sinodes Emden, 1571, art. 51; Dordrecht, 1578, art. 55, en Middelburg, 1581, art. 38). Daar die owerheid nie die kerk se standpunt onderskryf het nie, het die Sinode van 's Gravenhage, 1586, die woord “niemand” as “niemand van die Gereformeerde Religie” omskryf. Die Sinode van Dordrecht, 1618—19, het hierdie redaksie behou.

Prakties kon hierdie bepaling nie uitgevoer word nie. Eerstens het die owerheid dit nie gesteun nie, en tweedens is alleen lidmate van die Gereformeerde Kerke daardeur aan bande gelê.

In Suid-Afrika het die Sinode van 1869 al te staan gekom voor die praktiese uitoefening van die Boekesensuur: “De Synode erkent bezwaarlijk om art. 55 der Dordtsche kerkordening, in tegenwoordige omstandigheden, in elk opzigt te beleven. Zij acht het evenwel wenschlijk dat het zoveel mogelijk door de kerkbesturen, tot handhaving van de zuiverheid der leer worde onderhouden. Zij verbind echter hierdoor niemand, om wanneer hij iets wil laten drukken, zijn werk aan de kerkelijke approbatie te moeten onderwerpen, daar het toch den kerkbesturen is en blijft opgedragen, om voor de zuiverheid der leer te waken” (art. 108).

Met hierdie besluit het die sinode in Suid-Afrika offisieel die kerke onthef beskou van die restriksies soos vervat in die ou redaksie van artikel 55, terwyl die kern van die artikel, naamlik die handhawing en uitdra van die suiwere leer deur die ampsdraers, hierin duidelik uitgedruk word.

***b*. Die nuwe redaksie van die artikel.**

Die Sinode van Utrecht, 1905, het geoordeel dat die kerke soveel moontlik die invloed van verkeerde boeke moet teengaan, egter nie deur een of ander wettige verbod of dwingende

bepaling nie, maar eerder deur positiewe optrede op die terrein van die godsdiens en die sedes. In Suid-Afrika het die Sinode van 1916 die redaksie dan ook so aanvaar soos dit deur die Sinode van Utrecht verander is. Die artikel het in 'n mate nog 'n negatiewe karakter gedra met die bewoording "om die valse leer en dwalinge te weer, moet die ampsdraers, by die diens van die Woord, by die Christelike onderwys, en by die huisbesoek die middels van lering, weerlegging, waarskuwing en vermaning aanwend".

Die nuwe redaksie gaan uit van 'n positiewe standpunt as gesê word dat die bedienaars van die Woord en die ouderlinge *by die uitoefening van hulle onderskeie ampte* die voorgenoemde middele moet gebruik *om die suiwerheid van die leer in die gemeente* [338] *te handhaaf* en dan eers, as noodsaaklike gevolg, die valse leer en dwalinge moet weer.

2. Die optrede van die bedienaars van die Woord en die ouderlinge.

a. Die karakter van die optrede.

Die Kerkorde bepaal die optrede van die bedienaars van die Woord en die ouderlinge *by die uitoefening van hulle onderskeie ampte* en wel *in die gemeente*. Die karakter van hierdie taak is dus amptelik en nie publiek soos die artikel oor die Boekesensuur dit aanvanklik gestel het nie. Die handhawing van die suiwere leer in die gemeente en gepaard daarmee die wering van die valse leringe is die ampswerk van die bedienaar van die Woord, as lerende ouderling (vgl. art. 16 K.O.), sowel as die van die ouderlinge wat as regeerders moet toesien dat die wolwe nie in die kudde van die Here indring nie (vgl. art. 23 K.O.).

b. Die uitdra van die suiwere leer: wyse en middele.

Die amptelike werkwyse waarop die suiwere leer uitgedra moet word in die bekamping van die valse leringe, word deur die Kerkorde hier nader gekwalifiseer as betrekking hebbende op die bediening van die Woord, die kategetiese onderrig en die huisbesoek. Dit omspan dus die hele amptelike bediening. Die middele wat aangewend moet word, is: lering, weerlegging, waarskuwing en vermaning.

(i) *Die bediening van die Woord* gaan voorop. By elke teks moet die waarheid suiwer *geleer,* die dwaling *weerlê,* teen valse leerstellings *gewaarsku* en tot getrouheid *gemaan* word. As opsigters moet die ouderlinge daarop let dat die bediening deur die bedienaars van die Woord aan hierdie vereistes voldoen tot stigting van die gemeente.

(ii) *In die katkisasie* moet die bedienaar van die Woord, onder toesig van die ouderlinge, die waarheid teties uiteensit, die dwaling grondig weerlê, teen verkeerde lektuur waarsku en die jeug vermaan tot naarstige ondersoek van die Skrif en hulle daarin lei.

(iii) Beide, die bedienaar van die Woord en die ouderlinge, moet met *huisbesoek* ook navraag doen oor die lektuur wat in die huisgesin gelees word, want daardeur word die geestelike lewe beïnvloed. Ampsdraers moet hulle steeds vergewis van die geestelike peil in die huisgesin.

[339]

3. Die toesig oor die geskrewe woord.

a. Geen kerklike publikasies.

Die Sinode van 1876 wou, as gevolg van die stryd oor die sending wat in *De Maandbode* gewoed het, 'n beswaar "of het van leeraren niet onbetamelijk is boekjes te vervaardigen zonder kerkelijke goedkeuring" nie in behandeling neem nie (art. 81). Die Sinode het egter aan *De Maandbode, 'n* kerklike blad wat deur prof. Lion-Cachet uitgegee was, volle morele steun gegee

(art. 27) en was ten gunste daarvan dat publieke blaaie, veral 'n godsdienstige blad, "moeten openstaan om verschillende gevoelens te kunnen openbaren en te bespreken", met betragting van die broederlike liefde (art. 85).

Hierdeur het die Sinode enersyds die besluit van 1869 insake die verval van die Boekesensuur herbeklemtoon en andersyds die weg geopen vir kerklike publikasies. Op grond van die volle morele steun wat die Sinode van 1876 aan *De Maandbode* verleen het, het die Sinode van 1894 die uitgee van die blad aan die kuratore opgedra en daarmee 'n sinodale publikasie daarvan gemaak. Verder is aan kerkrade opgedra "om ijverig in belang van die Maandbode te werken" (art. 155). Die ampswerk van die predikant en ouderlinge, volgens sinode besluit, impliseer dus dat daar ook na die belange van kerklike publikasies omgesien moes word.

Tans behartig sinodale deputate die uitgee van *Die Kerkblad,* die naam wat die naam *De Maandbode* sedert 1897 vervang het. 'n Verslag van hierdie deputate dien op elke sinodale tafel, en dit terwyl 'n sinodale publikasie in stryd is met die sin en doel van art. 55 (vgl. in hierdie verband Sinode, 1955, wat morele en finansiële steun verleen het aan die oprigting van 'n "Calvinistiese drukkersmaatskappy", art. 265; Sinode, 1958, i.s. die uitgee van 'n "Gedenkboek" oor die geskiedenis van die Geref. Kerk in S.A., art. 116; Sinode 1961, oor *Die Leer van Ons Kerk* deur sinodale deputate vir Katkisasie, art. 216). Die publikasie van boeke op sinodale gesag kan kerkregtelik nie verantwoord word nie.

***b*. Die taak van die kerkraad.**

Die beginsel wat in hierdie artikel, in aansluiting by art. 53 en 54 K.O. gestel word, is dat die *ampsdraers,* by name genoem die bedienaars van die Woord en die ouderlinge, *in die plaaslike kerk* deur *ampdiens* die suiwere leer moet uitdra en die afwykings moet bestry.

Hoewel die bepaling van kerklike approbasie voor die [340] publikasie van boeke verval het, beteken dit nie dat die kerkraad nie ag moet gee op wat deur sy lidmate gepubliseer word nie. In geval van leerdwaling is die skrywer onderworpe aan die kerklike vermaning en tug (vgl. art. 72 K.O.). Die Roomse Kerk laat die tug gaan oor sowel die skrywer as die geskrif. Afwykende geskrifte word deur hulle in die ban gedoen. In die Gereformeerde Kerke gaan die tug alleen oor lewende persone (vgl. art. 71 K.O.) wat hulle in die leer of lewe aan ergerlike dwaling en sonde skuldig gemaak het. Blyk dit dat daar 'n dwaling in leer in 'n boek voorkom, dan is die skrywer aan die vermaning en tug onderworpe. Geskrifte kan nie vermaan en tot boete en berou beweeg word nie (vgl. art. 72 K.O.).

Die artikel het die ampswerk in die plaaslike kerk op die oog. Meerdere vergaderinge kan dus nie in hierdie artikel 'n opening vind om byvoorbeeld deputate vir sake soos evangelisasie en die bestryding van maatskaplike euwels, waar dit in hierdie artikel ook om gaan, te benoem nie. Dit hou in dat die deputate dan iets moet doen wat "des kerkraads is". Die besluit van die Sinode van 1964 *(Acta,* bl. 328) waarin aan die deputate vir die bestryding van die sosiale euwels opdrag gegee is "om teen boeke wat pornografie bevat, by die Sensuurraad op te tree", is kerkregtelik nie te verantwoord nie. Dit laat die opening dat 'n paar persone, sonder behoorlik omskrewe mandaat, namens die hele kerkverband boekesensuur kan toepas.

ARTIKEL 56

DIE KINDERDOOP

Die verbond van God moet so spoedig moontlik aan die . kinders van die Christene in die erediens met die Heilige Doop beseël word volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.

1. Die geskiedenis van die artikel.

Artikels 56 tot 60 handel oor die doop.

Artikel 56 dateer vanaf die Sinode van Dordrecht, 1574. Die Sinode het die beginsel duidelik gestel dat die doop alleen in 'n openbare erediens kan geskied. Daar die doop so spoedig moontlik bedien moet word en baie kerke nie oor gereelde bediening beskik het nie, het die Sinode van Middelburg, 1581, in die artikel voorsiening gemaak vir bediening in die week naas [341] dié op Sondae: die kerkraad sal "eenen sekeren dag ter weke verordenen, om den doop extraordinaarlyk te bedienen".

Met die hersiening van die Kerkorde het die Nederlandse Sinode van Utrecht, 1905, hierdie omstandigheidsbepaling van doopsbediening in die week weggelaat.

In Suid-Afrika het die Sinode van 1916 die redaksionele wysiging van Utrecht aanvaar, terwyl die Sinode van 1964 bygevoeg het dat die doop "volgens die formulier" moet geskied.

2. Die grond van die doop.

Die verbond van God moet deur die Heilige Doop beseël word en die Kerkorde reël nou hoe dit moet geskied.

Die verbond van God staan in die doop voorop. Die Kerkorde gaan uit van die *feit* dat die kinders gedoop moet word en wel op grond van God se genadeverbond waarvan Christus die Verbondshoof is (Gen. 17:7, Gal. 3:16). Die doop is nie maar net 'n kerklik-simboliese plegtigheid nie, maar geskied op grond van die instelling van Christus (Matth. 28:19) en het gekom in die plek van die besnydenis (Kol. 2:11, 12).

Die verbond is nie opgerig met los individue nie, maar in Christus met die volk van God (Gen. 12:3; 21:12; Gal. 3:16; Ef. 2:8); dit deurloop die lyn van geslagte (Gen. 17:7) waaruit God sy volk vergader en sluit die kind ook in (Hand. 2:39; 1 Kor. 7:14; Heid. Kat., Sondag 27).

Die Kerkorde sluit aan by die Nederlande Geloofsbelydenis, art. 34, waarin die verbond van God as die eintlike regsgrond van die doop bely word. Die beginsel waarop die Kerkordeartikel rus, word breër uitgewerk in die liturgiese formulier wat opgestel is om uitvoering aan die artikel te gee (vgl. art. 58 K.O.).

3. Die doopbediening geskied in 'n erediens.

Die eerste beginsel wat die artikel stel, is dat die doopsbediening "in die erediens" moet geskied.

Daar die doop die beseëling van die verbond van God is waardeur die dopeling in die verbondsgemeente ingelyf word en die hele kerk daardeur gestig en uitgebrei word, kan dit wesenlik nie anders as in 'n amptelike samekoms van die gemeente onder leiding van die bedienaar van die Woord en onder toesig van die ouderlinge geskied nie.

Volgens die Skrif het die doop op die Woordverkondiging gevolg (Hand. 2:38—42; 16:14,

15, 32, 33). Teenoor die Roomse gebruik van huisdoop en nooddoop het die Sinode van Dordrecht, [342] 1574, die Skriftuurlike beginsel duidelik gestel: “Men zal den Doop niet aandienen, dan alleen in den openbare versamelinghe der kercken, by de vercondiginghe des Goddelycken Woordts” (art. 58). Die Sinode van Dordrecht, 1618—19, het egter in gevalle van “seer grooten noot” ruimte gelaat dat die doop aan siek kinders en siek volwassenes bedien kan word as die gevaar van afsterwe bestaan, mits dit in teenwoordigheid van die kerkraad geskied (Post-acta, sessie 163).

Op grond van hierdie besluit van Dordrecht, 1618—19, het die Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Reddersburg, 1876, ook voorsiening gemaak vir “heel buitengewone omstandigheden” om die sakramente buite die erediens om te kan bedien. Indien die landsomstandighede dan so ’n “bijzondere bediening noodzakelijk maakt” moes die leraar die sakramente egter nie bedien zonder “zoveel mogelijk in overleg met den kerkeraad of kerkeraadsleden, die bij hand zijn, en met eene gepaste godsdiensoefening” (art. 163). Die Sinode van Burgersdorp, 1879, het nog verder gegaan deur te besluit dat ’n predikant ’n kind wat op sterwe lê, aan huis mag gaan doop “indien het mogelijk is het kind nog levendig te doopen” (art. 171). Hierdie besluit kan nie onderskryf word nie omdat dit in stryd is met die kerkregtelike beginsel dat die doop “in die erediens” moet geskied en dit neerkom op die toelating van huisdoop en die Roomse nooddoop.

Wat die plek van die doop in die erediens betref, het die Sinode van Dordrecht, 1574, dit “tusschen de predicatie en de 't algemeyne ghebet” bepaal. Die Kerkorde dui egter nie die plek aan, soos in die geval van die Nagmaal, dat dit na die preek moet geskied nie (vgl. art. 62 K.O.). Die doopsbediening geskied egter na die Skriflesing, wat reeds Woordverkondiging is, of na die preek omdat die sakramente op die Woord rus (vgl. art. 58 K.O. insake die Formulier).

4. Die tyd van die doopbediening.

'n Volgende beginsel wat die artikel stel, is dat die doopsbediening “so spoedig moontlik” moet geskied. Die verbondsouer moet hom haas om die verbondsteken en seël vir die verbondskind te bekom. Reeds die Sinode van Dordrecht, 1574, het beklemtoon dat die doop “zoo haest als men den doop Christelicken bekoomen kan” moet geskied. Uitstel van die doop mag alleen om gewigtige redes, waaroor die kerkraad moet oordeel, geskied. Die Sinode het ook duidelik beklemtoon dat, om te wag tot die moeder se [343] herstel, nie as wettige oorsaak vir die uitstel van die doop beskou kan word nie (art. 59 K.O.).

Die konsilie van Kartago, wat in 246 n.C. vergader het, het besluit dat kinders nie noodwendig eers op die agtste dag gedoop hoef te word soos in die geval van die besnydenis nie. Dit kan ook voor die tyd geskied.

Gedurende die tweede eeu het daar geleidelik ’n neiging ontwikkel om die doop uit te stel. In die geval van bekeerlinge uit die heidendom was dit nodig om hulle aan ’n proef tyd te onderwerp, en andersyds was dit vanweë die Montanistiese opvatting, dat wie gedoop is en weer sonde doen, vir ewig verlore is. Hierdie sektariese rigting was gevolglik teen die kinderdoop gekant. Met die opkoms van die Rooms-Katolieke Kerk is die klem weer op die vroegdoop gelê omdat hulle dit as noodsaaklik vir die saligheid beskou het.

Die Reformatore het by Rome aangesluit wat die vroeg-doop betref, hoewel nie om dieselfde redes nie. Terwyl Rome dit noodsaaklik gestel het vir die saligheid, het die hervormers dit gedoen op grond van die Skrif: die kinders van gelowiges is van geboorte af in die verbond van die genade betrek en het dus so spoedig moontlik reg op die doop (Hand. 2:39); die doop is nie

soos die besnydenis aan die agtste dag gebonde nie, maar moet so spoedig moontlik geskied; die Nuwe Testament leer ons duidelik dat nie alleen volwassenes nie, maar ook die kinders van die eerste bekeerlinge terstond gedoop is (Hand. 10:2, 47; 11:13— 14; 16:15,33; 18:8).

Onnodige uitstel impliseer die veragting van die sakrament. In Suid-Afrika het die Sinode van 1958 met "groot besorgdheid" kennis geneem van "die groot omvang wat onnodige vertraging van die doop in ons kerke aangeneem het" (art. 69) (vgl. Voorligtingstuk, Sinodale Handelinge van 1961, art. 39).

Al word gewag op die moeder se herstel, kan die doop in die reël ongeveer 14 dae na die bevalling geskied. Langer as drie weke moet in normale gevalle as doopvertraging beoordeel word.

Die beginsel dat die doop so spoedig moontlik bedien moet word, hou in dat met elke erediens elke Sondag kinders gedoop mag word. Om die doop van 'n kind uit te stel tot 'n "spesiale doopsondag", is skriftuurlik en gevolglik ook kerkregtelik nie te verantwoord nie.

Die gebruik van spesiale doopsondae wortel in die verval van die Nederlandse Gereformeerde Kerke aan die einde van die agtiende eeu en in die opkoms van die Nederlandse Hervormde Kerkgenootskap. Hierdie kerkgenootskap het besluit op [344] *vermindering* van doopgeleenthede en om sekere Sondae vir doopbediening met spesiale predikasies af te sonder. Die bedoeling was om die doopbediening "zeldzamer en plechtiger te maken" (Sinodale Handelinge, bl. 57, 1820), terwyl, volgens hierdie liberale standpunt, die doop "de algemeen aangenomene, beteekenisvolle inwijdingsritus in die Christelijke kerk" is (Sinodale Handelinge, 1874, bl. 131). Hierdeur is die doop *as verseëling van die verbond met God* verskuif na die van 'n *kerklike plegtigheid*. Daardeur het die doop 'n sinlose "naamgee" geword, 'n formaliteit eerder as 'n sakrament.

Rutgers sê insake die spesiale doopsondae en wat daarmee gepaard gaan: "En by den doop werd de hoofdzaak niet Gods werk, Gods beloften, en de goddelijk pand, maar de verplichting der ouders hunne beloften, en de treffende toespraak van den predikant" *(Kerkt. Adviezen,* 11, bl. 15).

5. Die objek van die doop.

Die Kerkorde spreek van die "kinders van die Christene". Hierdie uitdrukking dateer vanaf die Sinode van 's Gravenhage, 1578, en is baie ruim gestel daar die Gereformeerde Kerke destyds volkskerk was. In die verklaring van die artikel word hier egter net gehandel oor die wyse waarop dit aan kinders van gelowiges binne die Gereformeerde belydenis bedien moet word.

***a*. Kinders van wie die ouers aan 'n ander Gereformeerde Kerk (gemeente) behoort.**

In die Gereformeerde kerkverband is 'n persoon lidmaat van die plaaslike kerk. Die kerke in kerkverband eerbiedig mekaar se gesag. Indien Gereformeerdes uit gemeente A hulle kindjie in gemeente B wil laat doop, moet kerkraad B van kerkraad A verlof vir die doopbediening ontvang. B bedien dan die doop vir en namens kerkraad A. Kerkregtelik is dit 'n primêre vereiste dat die doop aangeteken moet word waar dit bedien is. B teken dus die geval in hulle doopregister aan en gee daarvan amptelik kennis aan A. Die kerkraad van A maak dan 'n aantekening in hulle dooplidmateregister dat so 'n kind op so en so 'n datum in B gedoop is.

***b*. Kinders van wie net een van die ouers aan die Gereformeerde Kerk behoort.**

Wanneer een van die ouers nie aan die Gereformeerde Kerk behoort nie, kan die kerkraad daardie ouer toelaat om ook voor [345] die kansel te verskyn (Sinode, 1945, art. 172). Sodanige

ouer kan egter nie op die doopvrae antwoord nie, daar die kerkraad geen jurisdiksie oor hom of haar het nie. Indien sodanige ouer wel op die doopvrae antwoord, het sy of haar "ja" geen kerkregtelike betekenis nie, maar hoogstens die morele binding dat die kind in die Gereformeerde leer opgevoed sal word.

Indien sodanige ouer egter uit 'n gereformeerdgesinde kerkgroep kom en 'n toestemmingsbrief van sy of haar kerklike gesag bring, kan die kerkraad reël dat hy of sy ook op die doopvrae antwoord. Die Gereformeerde Kerk bedien die sakrament ook ten opsigte van die ouer namens en vir die ander kerklike gesag. Hierdie toestemmingsbrief hou egter in dat sy of haar kerklike gesag toestemming verleen dat die kind in die leer van die Gereformeerde Kerk opgevoed sal word, wat die betrokke ouer met sy of haar antwoord dan ook onderneem om te doen.

***c*. Kinders van wie albei die ouers aan 'n ander kerkgemeenskap behoort.**

Die Sinode van Reddersburg, 1876, het toestemming verleen dat die Heilige Doop bedien kan word "aan kinderen van deugdelijke lidmaten van ander protestantsche gezindten" wat ver van hulle kerkplek af is of verstoke is van gereelde kerklike bediening, mits dit sou geskied "volgens het formulier onzer kerk; evenwel altoos zoveel mogelijk in overleg met den kerkeraad of kerkeraadsleden, die bij den hand zijn; maar anders geene doopsbediening zonder aansluiting" (art. 162). Hierby sluit van die Sinode van 1945 saaklik ook aan: waar ouers nie lidmate van die Geref. Kerk is nie, sal die kerkraad in elke partikuliere geval besluit of hulle voor die kansel toegelaat word of nie (art. 172). Die geldende reël is: geen doopbediening sonder aansluiting by die Geref. Kerk nie. In uitsonderlike gevalle moet die kerkraad elke voornemende geval op meriete oordeel.

In uitsonderlike gevalle laat die Gereformeerde kerkraad die aflegging van die doopsbelofte toe op versoek van en vir en namens die persone se kerklike gesag. Die beginsel hier is dat die verbond van God breër is as die bepaalde kerklike grense. Al sou 'n Gereformeerde kerkraad die tugbepalinge van 'n bepaalde ander gereformeerdgesinde kerk nie onderskryf nie, erken en eerbiedig dit nogtans die gesag van daardie kerkraad oor sy lidmate. In sodanige gevalle word die doop in die registers van die Geref. Kerk aangeteken en aan die betrokke persone se kerkraad kennis gegee van die doopbediening.

[346]

***d*. Kinders van onverskillige ouers.**

Die Sinode van 1873 het besluit dat die kinders van ouers wat nog nie belydenis van die geloof afgelê het nie, "evenwel moeten gedoopt worden, doch dat die ouders ernstig vermaand worden tot het doen hunner belijdenis. Zoolang zij echter selve geene belijdenis des geloofs hebben afgelegd, staan zulke ouders niet over den doop, noch als doopgetuigen" (art. 154).

Hierdie besluit, dat die kinders sonder meer reg het op die doop, wortel in 'n groot mate in die Nederlandse Volkskerkgedagte. In die reël moet die doop uitgestel word totdat die ouers na veelvuldige vermaninge belydenis van die geloof afgelê het. Volhard die ouers daarin om nie belydenis van geloof af te lê nie, word die kind nie gedoop nie, tensy wettige voogde, wat vir die opvoeding van die kind kan instaan, aansoek doen om die doop (vgl. art. 57 K.O. i.s. voogde).

Dieselfde geld vir belydende lidmate wat reg het op die gebruik van die Nagmaal, maar wat dit om subjektiewe redes nie gebruik nie, soos bv. té onwaardig voel om die Nagmaal te gebruik. Hulle moet vooraf op hulle plig ten opsigte van beide sakramente gewys en vermaan word (vgl. Rutgers: *Kerkl. Adviezen,* II, bl. 55). Solank hulle die sakrament van die Nagmaal nalaat, kan die

sakrament van die Doop nie bedien word nie, tensy wettige voogde vir die kinders instaan.

***e*. Onegte kinders.**

Wanneer die moeder 'n belydende lidmaat van die kerk is en daar werklike berou is, kan sy, selfs waar die vader van die kind onbekend is, die kind laat doop. As sy egter nog nie 'n belydende lidmaat is nie, maar opregte berou het, kan die kind op versoek van voogde, wat vir die opvoeding kan instaan, gedoop word (vgl. art. 57 K.O.).

***f*. Vondeling- en heidenkinders.**

Oor die doop van aangenome kinders was daar van meet af verskil onder die Gereformeerdes. In Suid-Afrika het nog geen sinode prinsipiële uitspraak in hierdie verband gegee nie.

Die Sinode van Dordrecht, 1618—19, het die meer konserwatiewe standpunt gehuldig, naamlik dat die doop nie slegs op grond van die voorgenome Christelike onderrig kan geskied nie. Op 'n vraag of heidenkinders uit Oos-Indië, wat deur Christelike families aangeneem is, gedoop kan word, is geantwoord dat, hoewel hulle, hetsy deur opname in die Christelike gesinne, hetsy deur [347] aanneming daarby ingelyf is, hulle nie gedoop mag word eerdat hulle nie tot die jare gekom het waarin hulle, na hulle bevatlikheidsvermoë, in die eerste beginsels van die Christelike religie onderwys kan word en onderrig is nie. Jansen sluit by Dordrecht aan as hy sê dat die *grond* van die doop volgens die Skrif is, nl. dat die kinders van die gelowiges die kinders van die verbond is (Gen. 17:7; Kategismus, antw. 74; Nedl. Geloofsbelydenis, art. 34).

Op grond van die feit dat Abraham se slawe ook besny is, het die Sinode van die Christelike Gereformeerde Kerke in die V.S.A. in 1930 te Grand Rapids o.i. tereg bevind dat aanneming deur gelowige ouers voldoende grond is om die doop aan die aangenome kinders te bedien. Die grondgedagte hier is dat die verbond van God nie veronderstelde wedergeboorte verseël nie, maar reële verbondsbeloftes (Gen. 17:12, 12; Hand. 16:15; 32:33). Daar is geen grond om so 'n kind nog te bind deur die twyfel of die *voorgeslag* wel Christelik was nie asof die inbegrepenheid van die nuwe ouers in die kerk en in die verbond hoegenaamd van geen betekenis is nie. By die doop van 'n aangenome kind gaan dit nie om die *fisiese ouers* nie, maar om die ouers wat deur adopsie *geestelik* intree.

***g*. Kinders in inrigtings.**

Die Sinode van 1949 het besluit: "Die huisouers, of ander verantwoordelike persone deur die Tehuiskommissie goedgekeur, mag die verbondskinders (in inrigtings) vir die doop aanbied" (art. 145) (vgl. in hierdie verband die besluit van die Sinode van Arnhem, Nederland, 1930, art. 294, naamlik dat kerkrade na aanvaarbare doopgetuies moet soek as daar in die familiekring nie sodanig getuies is nie).

Hierdie besluit van 1949 kan nie sonder meer algemene praktyk word nie, en wel om die volgende redes: In die uitvoering van die besluit bestaan die gevaar om in die vaarwaters van die Anglikane en van aanhangers van die Volkskerkgedagte te beland want dan word doopgetuies slegs as 'n blote formaliteit beskou en nie as werklike *voogde* wat kan instaan vir die kind se verbondsonderwys soos die formulier dit vereis nie.

Die persone wat die doop aanvra, verbind hulle *persoonlik* tot die Christelike opvoeding van die kind, en wel tot tyd en wyl hy of sy belydenis van geloof kan aflê. Hulle kan dit nie namens die Tehuis doen nie, want die verbondseis is gerig aan die gelowiges, aan mense en nie aan inrigtings nie. Dit kan dus alleen geskied waar sodanige persone die kind onder permanente pleegsorg wil neem.

[348]

In die geval van kinders in inrigtings kan dit haas nie geskied nie, want hulle is in die reël geen permanente inwoners nie. Alleen in gevalle waar die wettige ouers van die kind deur 'n geregtelike vonnis permanent van hulle ouerlike toesig onthef is en die kind onder permanente pleegsorg geplaas is, kan hy of sy deur die wetlike voogde gedoop word (vgl. art. 57 K.O.).

Die veilige weg is dus dat ongedoopte kinders in inrigtings ter geleëner tyd self die doop moet aanvra (vgl. art. 59 K.O.).

h. Kinders van ouers wat onder sensuur verkeer.

Die sensuur ontneem 'n lidmaat nie die besit en die reg van kerklike lidmaatskap nie, maar wel die uitoefening van sekere regte en die genieting van sekere voorregte. Onder laasgenoemde val die gebruik van die sakramente (vgl. art. 76 K.O.). Wanneer een ouer nie onder sensuur verkeer nie, kan hy of sy die doop aanvra. Verkeer albei egter onder sensuur, kan die doop nie aan hulle kinders bedien word solank hulle van die sakramente afgehou word nie.

Die besluit van die Sinode van 1879 dat "zoolang de censuur nog op generlei wijze is bekend gemaakt, kunnen zulke ouders (wat "in den eersten graad" van sensuur verkeer) nog staan over den doop hunne kinderen" (art. 178), kan dus nie gehandhaaf word nie.

i. Die doop van kinders by ander kerke of sektes.

Die Sinode van 1873 het besluit dat, behalwe in buitengewone omstandighede, waaroor die kerkraad moet beoordeel, "lidmaten die hunne kinderen bij andere gesindheden laten doopen, metterdaad hebben opgehouden leden onzer Kerk te zijn" (art. 153). Die Sinode van 1910 het die laaste sinsnede vervang deur te besluit dat met sodanige ouers volgens die gewone tugprosedure gehandel sal word (art. 153). Elke kerkraad sal in voorkomende gevalle dus onderrig, vermaan en by volharding tug. Indien die lidmaat homself egter deur 'n sekte laat doop, het hy daardeur by sodanige sekte aangesluit. Daardeur verval hy as lidmaat van die Gereformeerde Kerk en kan alleen weer opgeneem word na openbare belydenis van geloof (Sinode 1945, art. 93a). Eers daarna kan hy of sy hulle kinders in 'n Gereformeerde Kerk laat doop.

6. Die wyse van die doopbediening.

Die doop moet geskied "volgens die formulier wat daarvoor [349] vasgestel is", aldus die artikel. Art. 58 handel hieroor meer in besonderhede.

Die *metode* van doopbediening is 'n middelmatige saak en kan geskied of deur besprenkeling, of deur onderdompeling, of deur begieting (vgl. Doopformulier). In die Skrif word die metode waarvolgens die doop bedien is, nooit as prinsipiële aangeleentheid aangedui nie. Die skriftuurlike vereiste is dat die doop moet geskied *in die Naam* van die Vader, Seun en Heilige Gees, wat heenwys na die volle genadebetuiging van die Drie-enige God; en *met water* omdat water die plek van die bloed van Christus inneem (Hebr. 10:12; 12:24), soos wyn by die Nagmaal. Die metode van besprenkeling met water as *reinigingsimbool* is aan die Skrif ontleen (Eseg. 3:25, 26; Hebr. 10:22; Hebr. 12:24; 1 Pet. 1:2).

By die *erkenning van die doop van ander gesindes* het die Geref. Kerke deur die eeue heen nooit gevra na die doopmetodes nie, maar wel of die doop in daardie kerke en sektes aan die volgende vereistes voldoen: is die doop bedien volgens die instelling van Christus en met water?; het dit geskied in die Naam van die Drie-enige God?; het dit geskied in 'n gemeenskap wat aan die belydenis van die Drie-eenheid vashou en in beginsel dus Christelik is?; is dit bedien deur iemand wat in sodanige kerk of sekte die reg besit om die doop te bedien (Dordrecht, 1618—19, sessie 162; Sinode van die Geref. kerke in S.A., 1879, art. 170, 178; 1882, art. 163;

1930, art. 16).

Hieruit volg dat, ingeval persone uit ander kerke of sektes by ’n Gereformeerde Kerk wil aansluit en die doop waarmee hulle gedoop is, aan bogenoemde vereistes voldoen, hulle nie weer gedoop word nie. As hulle ongedoopte kinders het, moet dié gedoop word. In gevalle waar die kinders tot die jare van hulle verstand gekom het, waaroor die kerkraad moet oordeel, sal die doop geskied volgens die formulier vir volwassenes (vgl. art. 59 K.O.). Lidmate wat hulle doop misken het en hulle weer by sektes laat doop het, maar met berou terugkeer, word dus ook nie weer gedoop nie (Sinode, 1930, art. 16).

Wanneer oor enige geval verskil van gevoele in die kerkraad bestaan, moet die klassis geraadpleeg word.

ARTIKEL 57

DIE AANVRAAG VAN DIE DOOP

Die bedienaars van die Woord moet toesien dat die vader, moeder of voogde die doop vir hulle kinders aanvra.

[350]

1. Die historiese agtergrond van die artikel: weglating van doopgetuie uit die redaksie.

Hierdie artikel het eers gelui: “Die dienaars moet daarvan werk maak dat die vader sy kind vir die doop aanbied. In gemeentes waar dit die gewoonte is om by die vaders ook peetvaders en getuie by die doop te neem, moet dié geneem word wat die suiwere leer toegedaan en vroom van wandel is”.

Die gebruik van doopgetuie dateer vanaf die tyd van die kerkvaders, toe die gelowige wat die doop vir ’n bekeerde heiden aangevra het, by die doop vir hom ingestaan het.

Rome het die *natuur* teenoor die *genade* gestel. Die ouers is volgens Rome die oorsaak dat ’n kind in sonde ontvang en gebore word. Daarom kan hulle nie hulle kinders ten doop hou nie. Die kerk as draer van die genade maak die kind deur die doop tot eiendom van die kerk, daar die kind deur die doop die wedergeboorte ontvang en so die (kerklike) genade deelagtig word. Daarom moet die kerk self verteenwoordig wees by die doop en dit geskied deur lidmate buite die ouers om as doopgetuie te neem. (Hierdie praktyk word ook deur die Anglikaanse Kerk gevolg).

Hierteenoor het die Reformatore weer die Skriftuurlike beginsels deurgetrek deur: die *genadeverbond* van God in die plek van die Roomse Kerk te stel; in die plek van die natuur die *sonde* teenoor die genade te stel en die ouerlike gesag weer voorop te plaas. Immers, God het sy verbond met *ouers* en hulle kinders opgerig (Hand. 2:39). Dit hou in dat die ouers in plaas van die peetouers die stipulasies van die doop moet aanvaar. Hierdie beginsel is vanaf die Sinode van Dordrecht, 1578, in die Gereformeerde Kerke gehandhaaf.

Terwyl Rome die doopgetuies as absoluut gestel het as plaasvervangers van die ouers by die doop, het die Reformatore die getuies slegs *naas* die ouers toegelaat. Die Sinode van Dordrecht, 1578, art. 61, 62; Dordrecht, 1578, art. 61; Middelburg, 1581, art. 40; 's Gravenhage, 1586, art. 51 en Dordrecht, 1618—19, art. 57, het dit beklemtoon dat dit die vader se plig is om op die doopvrae te antwoord, maar dat nie al te ligtelik van die doopgetuies afgesien moet word nie daar dit ’n ou gebruik was wat ’n goeie doel gedien het.

Die gebruik en doel van doopgetuies was dat hulle, weens gebrek aan voldoende registers,

getuie kon wees dat die kinders wel gedoop is en om later, indien nodig, met hulle Christelike opvoeding te help.

In Suid-Afrika het die Sinode van 1863 besluit dat, hoewel hulle “niemand in zijne vrijheid wil belemmeren” om doopgetuies [351] te gebruik nie, “zij nochtans hare afkeuring te kennen gee” oor die gewoonte om baie name as getuies te gee (art. 41).

Die Sinode van 1869 het die nuttelоosheid van die getuies duidelik onderstreep met die besluit “dat het duidelijk aan de gemeenten bekend gesteld worden dat de Kerkeraad, na den dood der ouders verpligt is de belangen der weezen te behartigen” (art. 44). Om die getal doopgetuies te beperk, is verder besluit dat alleen diegene wat hulleself mondeling of skriftelik by die kerkraad aanmeld, as sodanig aanvaar sal word. Die Sinode van 1891 het sodanige getuies ook al as onnodig beskou en laasgenoemde “bepaling geskrap.

Daar die doopgetuies “niet erkend worden door de overheid als voogden van 't dopen kind en dus geen invloed hebben op de opvoeding van 't kind”, besluit die Sinode van 1910 om af te sien van die historiese vereistes waaraan getuies moes voldoen, naamlik dat hulle lidmate van die Gereformeerde Kerk moes wees. Omdat doopgetuies in werklikheid slegs ’n historiese formaliteit was, kon van toe af selfs persone buite die kerkverband as doopgetuies optree.

Die Sinode van 1964 het geheel en al afgesien van die gebruik van getuies. Die nuwe redaksie van die Kerkorde maak dan ook nie meer daarvan melding nie en spreek slegs van voogde as alternatief vir die ouers.

2. Die taak van die bedienaars van die Woord.

Die groot betekenis van die geboorte van ’n verbondskind is dat ’n lam aan die kudde van Jesus Christus toegevoeg word. Daarom is dit die taak van die herder in die kudde van Christus om eerste daar te wees.

Dit is die amptelike taak van die kerkraad, en in besonder die ampswerk van die bedienaar van die Woord, as lerende ouderling, om die ouers te onderrig insake die betekenis van die doop. Die doel van hierdie onderrig is om toe te sien dat die doop so spoedig moontlik aangevra word (vgl. art. 56 K.O.) en dat die verbondsouers hulle persoonlike verantwoordelikheid ten opsigte van die verbondskind en dienooreenkomstig die aanvaarding van die verbondsverpligtinge besef. Die Sinode van 1897 het onder hierdie artikel dan ook verstaan “of de Kerkeraad zorgt dat er van zijnentwege geen verzuim in de bediening des doops is” (art. 82). Die kerkraad moet dus, wanneer die doop aangevra word, toesien dat dit sonder versuim of uitstel bedien word. Dit geld veral by vakante kerke en kerke in kombinasie waar nie altyd spoedig ’n predikant verkry kan word nie.

[352]

3. Die verbondsouer.

Die verbondsbeloftes van God lê ook op die verbondsouers verbondsverpligtinge. Een hiervan is dat die doop as teken en seël van die verbond van God deur die verbondsouer so spoedig moontlik aangevra moet word.

Die aanvra van die doop moet aan die adres van die kerkraad gerig word deur vroegtydig die bedienaar van die Woord en die wyksouderling van die voorneme om te laat doop, in kennis te stel. Die wyksouderling moet die aansoek by die kerkraad voordra. Dit kan reeds by ’n weeklikse samekoms van die kerkraad by die eredienste geskied (vgl. art. 37 K.O.).

Die verbond van God lê die plig op die verbondsouers om hulle kinders, soos die derde

doopvraag dit vereis, 'n Christelike opvoeding te gee. Hulle moet by die doop *beloof* dat dit hulle *voorneme* is om die kind in die waarheid te onderrig. "Beloof" sien op die belofte aan God. Daarom moet daar 'n innerlike voorneme daartoe bestaan. Hulle moet dus *ernstig van plan wees* om dit te doen. Hulle aanvaar voor die aangesig van God, met die gemeente as getuie, die verantwoordelikheid om die kinders in die leer, soos genoem in die tweede doopvraag, te onderrig *of* te laat onderrig. Die woord "of" het nie die betekenis van 'n alternatief, naamlik die een of die ander nie, maar word konjunktief gebruik in die sin van *en,* naamlik die een en die ander. Albei hierdie uitdrukkings het dus betrekking op die verbondsouer. Die eerste is wat hulle self sal doen, en die tweede dat, wanneer die kind in die godsdiens onderrig word, in die skool en katkisasie, die verbondsouer hom van daardie onderwys moet vergewis.

Die rede waarom die artikel en die doopformulier die vader eerste noem, is omdat hy as juridiese verbondshoof ook sy eggenote verteenwoordig en omdat dit vir die moeder, in die geval van vroegdoop, prakties gewoonlik nie moontlik is om by die doopbediening aanwesig te wees nie.

Wanneer die vader egter oorlede of kerkregtelik impotent is, neem die moeder alleen die verbondsverpligtinge op haar.

Die Suid-Afrikaanse praktyk het deurgaans met beide ouers rekening gehou. Die Sinode van 1873 het verklaar dat, terwyl beide ouers voor die kansel verskyn, "dan betaamt het zeker ook dat de leeraar *de ouders* aanspreekt... In alle geval, de leeraar die het formulier leest, *spreke de doopheffers aan zoo als ze daar voor hem zijn"* (art. 156).

Wie die kind vashou by die doop, is 'n middelmatige saak. By die doop val die klem nie op die persoon wat die kind vashou nie (soos by die Roomse waar die priester dit doen), maar op die [353] persone wat bevestigend antwoord op die doopvrae en sodoende die verbonds-verpligtinge aanvaar.

4. Die voogde.

Wanneer beide ouers oorlede of kerkregtelik impotent is, stel die Kerkorde as alternatief "voog of voogde" wat by die doop van die kind kan instaan.

Die voogde vervang dus die getuie wat vroeër naas die ouers ook op die doopvrae geantwoord het, en tree op *in die plek* van die ouers.

Ouers is kerkregtelik impotent wanneer hulle onder sensuur verkeer, minderjarige of onmondige lidmate van die kerk is, verstandelik vertraag is, of iets dergeliks.

Die beginsel wat aan die gebruik van voogde ten grondslag lê, is dat die kinders, synde as kinders van Christene (art. 56 K.O.), reg het op die verbondsteken en verbondseel.

Die besluit van die Sinode van 1930, dat selfs kinders van wie die ouers nog aan sektes behoort, deur voogde gedoop kan laat word as "daar genoegsaam rede is om aan te neem dat die verbondslyn aanwesig is" (art. 16), kan egter nie sonder meer algemene praktyk word nie. Die gevaar van die besluit is eerstens dat die "verbondslyn" vereenselwig mag word met nominale kerklike lidmaatskap, en tweedens dat dit in die doop nie net daarom gaan of die *voorgeslag* wel Christelik was nie, maar of die persone wat op die doopvrae antwoord, wel kan instaan vir die verbondsopvoeding van die kind (vgl. die uitspraak van Grand Rapids, art. 56 K.O. punt 5 (f)). "Voogde" hou kerkregtelik meer in as bloot net persone wat namens iemand anders antwoord op die doopvrae.

Kerkregtelik lê die voogdyskap oor 'n kind die verpligting op om persoonlik die eis van die

doopbelofte ten opsigte van die Christelike opvoeding van die kind na te kom. Daarom kan alleen *gelowige en getroue lidmate van die kerk,* wat die waarborg kan gee dat hulle die kind in die leer van die kerk sal onderrig en *jurisdies by magte is om dit te kan doen,* as voog aanvaar word. Die Sinode van 1863 waarsku reeds dat in hierdie verband nie slegs na die bloedverwantskap gesoek moet word nie, maar ook "naar de rechtzinnigheid en vroomheid" (*Acta,* art. 57). As ouers egter nog oor juridiese magte oor die kind beskik, kan daar van voogde geen sprake wees nie. Die voog moet dus ook juridies by magte wees — hetsy deur geregtelike bevel, adopsie of deur onderlinge ooreenkoms met die ouers — om die kind in die leer van die kerk op te voed.

[354] Indien in 'n besondere geval, bv. waar 'n kind as wees agtergelaat word, geen geskikte familielid self as voog na vore tree nie, kan die kerkraad deur middel van die diakens geskikte familielede of ander lidmate daartoe bearbei. Die kerkraad kan egter nie self as voog by die doop intree nie deur bv. persone uit die kerkraad te benoem om op die doopvrae te antwoord (soos bv. besluit is deur die Nederlandse Kerke, Middelburg, 1933, art. 99). Hoewel die kind deur die doop "der Christelijke Kerk ingelijfd" word (Sinode, 1882, art. 163) en daardeur onder die *amptelike* toesig van die kerkraad kom en die kerkraad verantwoordelik is vir die amptelike verbondsonderrig, kan die kerkraad nie uit eie geledere voogde benoem nie, want die stipulasies by die doop is *persoonlik:* die verbond van God is met *persone* in die lyn van geslagte opgerig en nie met instansies of verteenwoordigers van instansies nie (vgl. art. 56 K.O. oor kinders in inrigtings); die kerkraad sou dan in die plek van die verbondsouer tree; 'n Roomse tendens lê aan sodanige voogdyskap ten grondslag. Volgens Rome is die kind deur die doop aan die ouer ontneem en word dit die eiendom van die kerk.

In gevalle waar die ouers kerklik impotent is en dus nie self kan instaan vir die doop van hulle kind nie, maar nog oor juridiese seggenskap oor die kind beskik, is die aangewese weg dus om hulle te bearbei totdat hulle self kan instaan vir die doop van hulle kind. Wanneer hierdie arbeid vrugteloos blyk te wees, behoort die doop eerder nagelaat te word totdat die kind later self aansoek doen om die volwasse doop, eerder as om kunsmatige voogde te soek.

ARTIKEL 58

DIE DOOPFORMULIERE

Die bedienaar van die Woord moet by die doop van klein kinders sowel as van volwasse persone die onderskeie formuliere gebruik wat daarvoor vasgestel is.

1. Die gebondenheid aan die formuliere.

Die kerkregtelike beginsel wat in hierdie artikel die klem ontvang, is die gebondenheid aan die formuliere wat vir die bediening van die doop opgestel is. Hoewel die artikel alleenlik die bedienaar van die Woord noem, word sowel die kerkraad as die kerk deur die bedienaar van die Woord, synde die liturg in die [355] erediens, gebind aan die gebruik van die formuliere.

In die eerste plek beklemtoon die *betekenis* van die formuliere die noodsaaklikheid van die binding daaraan: aan die sakramentsbediening moet 'n verklaring van die betrokke sakrament voorafgegaan. Dit is egter nie 'n private verklaring van die predikant wat voorgaan nie. Die formulier is ook nie slegs 'n hulpmiddel vir die predikant nie. *Die doopformulier is 'n kerklike verklaring en uiteensetting van wat die kerke in hulle samehangende verband insake die bediening van die doop verstaan en leer.* Die Sinode van Dordrecht, 1574, het dan ook geoordeel dat willekeurige gebruik van die formuliere "gevaarlik" kan wees.

In Suid-Afrika het die Sinode van 1873 "geene vrijmoedigheid gevoelt de leeraren te verplichten de formuliergebeden letterlijk op te zeggen ... maar wenscht van harte dat de leeraars dezelve gebruiken als de beste voorschriften, hetzij dan dat zij ze woordelijk of zakelijk volgen, vooral bij Doop en Avondmaal" (art. 175). Die gebede is egter ook inherente dele van die formuliere. Die besluit van die Sinode om die formuliergebede slegs as hulpmiddel vir die predikante te beskou, kon dus nie gehandhaaf word nie. Die Sinode van 1927 het daarom tereg besluit dat die voorganger hom sal hou aan die formuliergebede (art. 154).

Aangesien die formuliere die amptelike verklaring van die kerke insake die sakrament van die doop is, is verdere toesprake aan die adres van die ouers na die doopbediening nie alleen onnodig nie, maar ook onwenslik. Hierdie praktyk is 'n uitvloeisel van die verwatering van die doopbetekenis in kerke wat van die doop as sakrament slegs 'n kerklike plegtigheid gemaak het (vgl. art. 56 K.O.).

Die woord "amen" direk na die bediening van die doop kom nie in die formulier voor nie. Die Sinode van 1910 het die gebruik van die woord "amen" as 'n middelmatige saak beskou en die al of nie gebruik daarvan gelaat "in handen van iedere leeraar" (art. 154).

In die tweede plek noodsaak die *kerkverband* die gebondenheid aan die formuliere. Die eenheid in liturgie (diens, gebruike) is, naas die eenheid in leer en kerkregering, deel van die gemeen akkoord in die kerkverband. Die liturgiese formulier staan met die Kerkorde en die Belydenis in besondere verband. Die Kerkorde vloei voort uit die Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 32. Die formuliere is op hulle beurt weer 'n uitvloeisel uit die Kerkorde om uitvoering van die betrokke orde te laat geskied. Vandaar dat veral na die vasstelling van die Kerkorde deur die Sinode van [356] 's Gravenhage, 1586, liturgiese formuliere ontstaan het by art. 4, 5, 18, 22, 24, 58, 62 en 70 K.O.

Om die uniformiteit in liturgie in die onderskeie kerke te waarborg, bind die Kerkorde elke voorganger aan die vasgestelde formuliere.

2. Die vasstelling van die doopformuliere.

Petrus Datheen is die vader van ons liturgiese formuliere. In 1566 het hy in samewerking met Van der Heijden die doopformulier vir kinders opgestel. Hiervoor is verskillende ander formuliere, onder andere dié van Olevianus, a Lasco, Micron en Calvyn gebruik. Die Sinode van Dordrecht, 1574 (art. 66), het die formulier enigsins te lank bevind en saaklik verkort. Schilders het in 1611 'n uitgawe van die formulier besorg wat algemeen gebruik is en wat met enkele wysigings deur die Sinode van Dordrecht, 1618—19, aanvaar is. Later is 'n uitgawe deur ds. F.L. Rutgers volgens dié van 1611 besorg en dit is in 1902 as die gangbare aanvaar.

Die formulier om die doop aan volwasse persone te bedien, is deur die Sinode van Dordrecht, 1618—19, opgestel sodat uitvoering gegee kon word aan die besluit dat aangenome heidenkinders eers nadat hulle tot hul jare van onderskeiding gekom het, gedoop mag word (vgl. C. Hooijer: *Oude Kerkordeningen,* bl. 432). Die formulier wat die Sinode van Vere in 1610 vir die Zeeuwse kerke opgestel het, het as basis gedien, terwyl die vrae ontleen is aan die formulier wat die kerke van Noord- en Suid-Holland in 1602 opgestel het.

Die Afrikaanse vertaling van hierdie formuliere is deur die Sinode van 1939 (art. 46) aanvaar nadat reeds die Sinode van 1918 (art. 87) besluit het om al die bestaande formuliere in die Afrikaans te vertaal.

3. Die inhoud van die doopformuliere.

a. Die formulier vir die doop van kinders.

Die formulier gaan uit van die genadeverbond (vgl. art. 56 K.O.). Die kind word gedoop *omdat* God se verbondsbeloftes hulle ook toekom en nie slegs *sodat* hulle erfgename sal word, soos die Doperse sektes beweer nie.

Die eerste vraag handel oor die goeie reg van die doop. As die verbondsouers gevra word of hulle glo dat die kind "in Christus [357] geheilig" is, moet "geheilig" nie in uitwendige sin opgevat word nie, maar as verbondsheiliging.

Die tweede vraag handel oor die aanvaarding van die Skrif en die Belydenis soos dit in die Christelike kerk "alhier" geleer word. Die Remonstrante het beswaar gehad teen die woord "alhier". Daarom is dit weggelaat in die edisie van 1611. Die Sinode van Dordrecht, 1618—19, het dit egter herstel. In hierdie vraag word daar gehandel oor 'n aflegging van belydenis. Aflegging van belydenis is noodsaaklik om as lidmaat in die kerk opgeneem te kan word (vgl. art. 59 K.O.) en gaan die doop vooraf (Mark. 16:16). Die kinders van gelowiges moet beskou word as kinders van die verbond (vgl. eerste doopvraag), en op grond van die ouers se belydenis word die sakrament van die doop aan die kinders bedien, waardeur die verbond aan hulle beseël en hulle ingelyf word in die Christelike kerk "alhier".

Die derde doopvraag stel die verbondseise en -verpligtinge (vgl. art. 57 K.O.).

b. Die formulier vir die doop van volwasse persone.

Hierdie formulier bevat 'n kort uiteensetting van wat die kerke verstaan en leer insake die wese van die doop en die betekenis van die doop vir volwasse persone (vgl. ook art. 59 K.O.). Volwasse persone kan egter nie gedoop word nie tensy hulle belydenis van geloof afgelê het. Die taak van die ouers by die kinderdoop, naamlik om te antwoord op die doopvrae en die aanvaarding van die doopverpligtinge, is by die volwasse doop die persoonlike saak en verantwoordelikheid van die dopeling.

Die eerste vraag handel oor die leer van die Drie-eenheid, die tweede oor die persoonlike

skuldbelydenis en die verlossing deur Christus, en die derde oor die twee nature-leer van Christus; by die vierde betuig die dopeling sy instemming met die leer soos dit deur die kerk vertolk word, terwyl hy hom by die vyfde vraag bind aan 'n Christelike lewenswandel en onderwerping aan die kerklike toesig en tug.

Moet volwasse dopelinge eers volgens die gewone prosedure (vgl. art. 61 K.O.) belydenis van geloof aflê en daarna weer op die doopvrae antwoord? Nee, want die antwoord op die vrae soos vervat in die formulier vir volwasse doop, is self aflegging van geloofsbelydenis. Op grond van hierdie geloofsbelydenis geskied die doop.

[358]

4. Die leeftydsgrens tussen kinder- en volwassedoop.

'n Vaste leeftydsgrens waarna kinders van gelowige ouers nie meer gedoop kan word sonder voorafgaande geloofsbelydenis en gelyktydige toelating tot die Nagmaal (vgl. art. 59 K.O.), kan in die Gereformeerde kerkregering nie presies gestel word nie. Die geldende beginsel hier is: solank 'n kind nog nie bekwaam geag word om belydenis van geloof af te lê nie, moet die doop volgens die formulier vir die kinderdoop aan die kind bedien word, ongeag sy of haar ouderdom. Indien die kind egter in staat is om rekenskap van sy/haar geloof te gee, word die doop volgens die formulier vir volwassedoop bedien. Die Reformatore het algemeen aanvaar dat 'n kind van 15 jaar al wel in staat is om rekenskap van sy geloof te gee en mag nie as onmondige kind gedoop word nie. Die Provinsiale Sinode van Rotterdam, 1586, het besluit dat, in geval van kinders tot op 14 jaar "de ouders sullen present verschynen by den doope" (art. 29). Die Provinsiale Sinode van Leiden, 1592, was dieselfde mening toegedaan (art. 28).

In Suid-Afrika het die Sinode van Reddersburg, 1876, tereg bevind dat geen maksimum ouderdom vir kinderdoop vasgestel kan word nie "omdat zij daarvoor geen den minsten grond vindt in Gods Woord en het eene kind van het andere soms veel verschil in gezindheid en ontwikkeling. Zij laat het dus aan de bescheiden oordeel van elken kerkeraad respectief over" (art. 152).

Die volgende riglyne kan dus getrek word:

(i) Die kerkraad moet hom altyd daarvan vergewis dat die doop volgens die Woord van God geskied. In die geval van kinders wat deur die kerkraad oud, bekwaam en verantwoordelik genoeg geag word om belydenis van hulle geloof te doen, moet hulle belydenis van die Christelike geloof voldoende geag word om die volwassedoop te ondergaan (vgl. art. 61 K.O. vir die vereistes in hierdie verband). Mondige kinders wat verstandelik so vertraag is dat hulle nooit tot die besef van geloofsbelydenis kan kom nie en reeds tot hulle jare gekom het, kan nog volgens die formulier vir die doop van kinders gedoop word op aanvraag van hulle ouers. Elke kerkraad moet elke voorkomende geval volgens meriete beoordeel.

(ii) Die doop moet so spoedig moontlik bedien word (vgl. art. 56 K.O.). Daarom kan daar geen tussenleeftyd wees tussen 'n pasgebore kind en 'n volwassene waarin die doop absoluut geweier kan word nie (Rutgers: *Kerkl. Adviezen,* 11, bl. 69). Die gebruik in sekere kerke om nie kinders ouer as 7 jaar te doop nie, en hulle doop uit te stel tot met die aflegging van [359] geloofsbelydenis, is nie alleen strydig met die Skrif nie (Hand. 2:39; 11:14; 16:15, 33), maar dit is ook 'n miskenning van die betekenis van die doop as teken en seël van die verbond met God. Hierdie dwaling wortel in 'n verwaterde begrip van die doop wat dit slegs as kerklike plegtigheid beskou.

(iii) 'n Kind in sy jongelingsjare (7—14 jaar) behoort oor 'n mate van geloofskennis te beskik.

Voordat die doop aan sodanige kinders bedien word, kan die kerkraad ondersoek instel na sodanige geloofskennis. Die ou provinsiale sinodes in Holland het besluit dat sodanige ondersoek sal handel oor kennis van die Onse Vader, die Tien Gebooie en die Twaalf Artikels. Selfs al ontbreek 'n voldoende kennis in hierdie verband, kan die kinders nog gedoop word op aansoek van hulle ouers of voogde. Indien daar egter by so 'n kind 'n openlike verset teen die waarheid is en hy of sy 'n afstootlike lewenswandel het, moet die doop geweier word.

ARTIKEL 59

DIE VOLWASSEDOOP EN DIE NAGMAAL

Volwassenes word deur die doop in die gemeente van Christus ingelyf en as lidmate van die kerk opgeneem en daarom is hulle verplig om die Nagmaal van die Here te gebruik soos hulle by hulle doop belowe het Om te doen.

1. Die historiese agtergrond van die artikel.

Voor 1618 was daar in die Nederlandse Kerke 'n mate van onsekerheid oor die vraag of persone wat as volwassenes gedoop word, verplig is om ook die Nagmaal te gebruik. Die Gereformeerde Kerk in Nederland was staatskerk. Kerklike lidmaatskap was vir sekere staatsbetrekkinge 'n vereiste. Kerklike huweliksbevestiging kon ook nie geskied sonder dat albei partye aan die Gereformeerde Kerk behoort het nie. Om bykomstige motiewe het baie mense dus aansoek gedoen om gedoop te word, maar hulle aan die Nagmaal onthou. Die Partikuliere Sinodes van Noord- en Suid-Holland en Utrecht het hierdie praktyk na die algemene Sinode van Dordrecht, 1618—19, verwys om beslissing. Die antwoord deur laasgenoemde Sinode op die verskillende vrae is as artikel in die Kerkorde opgeneem.

[360]

2. Die betekenis van die volwassedoop.

Volwassenes word deur die doop "in die gemeente van Christus ingelyf en as lidmate van die kerk opgeneem".

Die term "gemeente van Christus" is hier te onderskei van die term "kerk van Christus" in artikel 1 K.O. Laasgenoemde wys heen na die gelowiges wat op 'n sekere plek 'n geïnstitueerde kerk vorm, terwyl eersgenoemde op die *geloofsgemeenskap* sien. Die term "gemeente van Christus", soos gebruik in art. 59 K.O. en in die eerste doopvraag by die kinderdoop, verwys meer na die heilige, algemene, universele kerk. Deur die doop word die persoon *ingelyf* in die *geloofsgemeenskap* met die liggaam van Christus. Die geloofsfunksie gaan vooraan, terwyl die lidmaatskap van die plaaslike geïnstitueerde kerk die openbaring van die geloofsgemeenskap met die liggaam van Christus is.

Ongedoopte volwassenes wat buite 'n kerkverband verkeer, kan dus alleenlik in 'n plaaslike kerk opgeneem word as hulle eers deur die geloof toegetree het (ingelyf is) (vgl. derde doopvraag) tot die *belydenisgemeenskap*. Deur die doop word hulle in die plaaslike kerk opgeneem en toegelaat tot die volle kerklike regte in die kerk wat hulle opneem. Hulle ontvang daarmee al die voorregte van die kerklike lidmaatskap. Hulle staan gelyk met diegene wat as kinders gedoop is en in latere jare belydenis van geloof afgelê het.

3. Die roeping van die volwasse dopeling om Nagmaal te gebruik.

Op grond daarvan dat die volwassenes deur die doop in die kerk ingelyf en as lidmaat opgeneem is, “is hulle verplig om die Nagmaal van die Here te gebruik soos hulle by hulle doop belowe het om te doen”. Die Kerkorde verwys hier na die vierde doopvraag waar die dopeling onderneem om “in die aanhoor van die Goddelike Woord en in die gebruik van die heilige Nagmaal te volhard”.

Die verband is baie duidelik. Die doop wys heen na die Nagmaal (vgl. art. 61 K.O.). Beide sakramente is tekens en seëls van dieselfde waarheid. Alleen wie Nagmaal wil gebruik, kan gedoop word. Die kerkraad moet dus toesien dat belydenis en wandel van diegene wat gedoop wens te word, sodanig is dat hulle ook dadelik tot die Nagmaal toegelaat kan word.

Die artikel bedoel nie dat elke belydende lidmaat hom altyd geskik moet ag om die Nagmaal te gebruik nie. Die dopeling bind hom objektief om in die gebruik van die Nagmaal te volhard. In eventuele gevalle van subjektiewe besware teen die gebruik van [361] die Nagmaal, wat nie uit onverskilligheid voortvloei nie, moet die kerkraad met lankmoedigheid en oortuiging in die gees van Christelike liefde met die Skrif trag om die gemoedsbesware te verlig. Haas, dwang of sensuur moet vermy word.

ARTIKEL 60

DIE DOOPREGISTERS

> *Die name van die gedooptes en van hulle ouers of voogde sowel as die datum van geboorte en doop moet opgeteken word.*

1. Die geskiedenis van die artikel.

Die Sinode van Dordrecht, 1578, het die opskryf van doopname noodsaaklik geag “zowel voor de kerk als voor het gemenebest” (art. 24). In Nederland het die owerheid voor 1811, en in Suid-Afrika voor die einde van die vorige eeu, geen geboorteregistrasie daarop nagehou nie. Die kerklike registrasie het ook vir die owerheid betekenis gehad.

Die Sinode van Middelburg, 1581, het die opskryf van doopname as ’n artikel in die Kerkorde ingevoer: Die name van die gedooptes en van hulle ouers en getuies asook die tyd van die doop moet deur die dienare opgeteken word (art. 42). Die Sinode van 's Gravenhage, 1586, het die sinsnede “deur die dienare” in die redaksie van die artikel laat verval.

In Suid-Afrika het die Sinode van 1964, by die vasstelling van die nuwe redaksie, die “getuies” naas die ouers weggelaat met die byvoeging van “voogde” en “geboortedatums”.

2. Die doopregistrasie.

Die artikel vermeld nie wie die inskrywing moet doen en hoedanig die doopregisters moet wees nie. Dit word aan die reëling van elke kerkraad oorgelaat. Naas die register vir belydende lidmate en die doopregister, is dit wenslik dat elke kerkraad ook ’n register of kaartsisteem vir dooplidmate aanhou, waarin dooplidmate wat met attestasie aansluit of vertrek, aangeteken kan word.

a. Die inhoud van die doopregister.

Die volgende gegewens moet volgens die artikel in die doopregister aangeteken word: [362]

(i) *Die name van die kinders*.

Die name van die kinders word aangeteken sodat die kerkraad: kan weet watter kinders lidmate van die kerk is, en wie amptelik deur hulle bearbei moet word; in gevalle waar huisgesinne vertrek kan attesteer of die kinders wel gedoop is of nie; dooplidmate wat sonder hulle ouers vertrek, kan oordra aan die kerk waarheen hulle verhuis het met die oog op herderlike en kategetiese sorg.

(ii) *Die datums van geboorte en doop*.

Die nut van aantekening van hierdie datums berus op die volgende oorweginge: in gevalle waar geen geboortesertifikate bekombaar is nie, is die datum op die doopseel aanvaarbaar deur die owerheid; die verskeie datums dien as kontrolemiddel vir die kerkraad om vas te stel of die doop so spoedig moontlik aangevra is en of 'n kind al tot sy jare gekom het en nog nie belydenis van geloof afgelê het nie.

(iii) *Die name van die ouers of voogde*.

Die ouers of voogde het by die doopbediening die belofte afgelê om die verbonds-opvoeding na te kom. In hierdie verband het die Sinode van 1961 duidelik uitspraak gegee en gesê dat "die groot waarde van die doopregister vir die kerk daarin bestaan dat dit die name bevat van die persone wat die verantwoordelikheid by die bediening van die doop aanvaar het" (art. 38, 6, a).

Die eie- en familiename van die ouers of voogde moet volledig aangeteken word, asook die nooiensvan van die moeder. In die geval van voogde word in die doopregister aangedui in watter hoedanigheid hulle tot die kind staan, terwyl die name van die ouers verswyg word. Die Sinode van 1873 het besluit dat ouers wat nie belydenis van geloof afgelê het nie, nie as doopouers ingeskryf mag word nie (art. 154).

(iv) *Doopgelde*.

In die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika was dit aanvanklik die gebruik dat vasgestelde bedrae by die bediening van die doop betaal moes word. Die Sinode van 1888 het verduidelik dat "de gelden bij gelegenheid van het doopen betaald, niet zijn voor het Sacraments des Doops, maar beschouwd moeten worden als registratiegelden tot voordeel van de gemeentekas" (art. 88). Die Sinode van 1897 wou geen gevolg gee aan 'n versoek dat hierdie registrasiegelde afgeskaf moet word nie "omdat zij het oude gebruik goed acht" (art. 114).

[363] Hierdie praktyk het intussen uitgesterf. Waar lidmate 'n bykomstige offer as teken van dankbaarheid by die doop van 'n kind wil afdra, kan die kerkraad besluit hoe dit bestee sal word. Gewoonlik gaan dit na die kas van die diakens. Die weg is egter vir elke lidmaat oop om 'n bykomstige dankoffer vir enige kerklike saak te gee.

3. Die naamgewing.

a. Die gebruik van naamgewing.

By die Rooms-Katolieke is dit die gebruik om kinders na heiliges te vernoem. Net soos die Rooms-Katolieke het die Puriteine in Engeland ook die gebruik gevolg om hulle kinders Bybelname te gee.

Die Gereformeerdes het van die begin af gewaarsku teen bygelowigheid by naamgewing. Hoewel in die Bybel voorbeelde gevind word waar name verander is, soos in die geval van Abraham, Petrus en Paulus, was dit egter enkele uitsonderings. Daarteenoor het baie Christene hulle

oorspronklike heidense name behou, soos Apollos en Hermas.

Die Gereformeerdes het die beginsel altyd baie duidelik beklemtoon dat *die doop geen proses van naamgewing is nie*. Die doop is die verseëling van die verbond van 'n Christenkind wat alreeds 'n naam *het*.

b. Beperking in die naamgewing.

Die Sinode van Dordrecht, 1578, art. 63, en Middelburg, 1581, part. vr. 23, het geoordeel dat, benewens die vryheid van die ouers om enige gewone naam aan hulle kinders te gee, die kerk naarstiglik sal toesien "dat men zulke niet name, die of God of Christo eigen zijn, als Emanuel, Salvator" of ook enige name "die van enige ambten genomen zijn, als Baptista, Engel of die anders overgelovig (superstitieus) zijn".

In aansluiting by hierdie besluit het die Sinode van die Geref. Kerke in Suid-Afrika, 1863, verklaar dat, hoewel "zij niemand zijne vrijheid wil belemmeren ... geeft zij nochtans hare afkeuring te kennen... oor het gebruik van *baie* namen... (art. 41)", terwyl die Sinode van 1873 besluit het om lidmate te versoek "in het geven van namen te bewaren de nederigheid en betamelijkheid" (art. 41).

In die naamgewing van die kind moet die Gereformeerdes dus waak teen onnodig baie name en name wat bygelowigheid openbaar.

[364]

c. Die gebruik van die familienaam by die doopbediening.

Die vermelding al dan nie van 'n kind se familienaam by die bediening van die doop, is 'n middelmatige saak.

Die verswyging van die familiename tydens die doopbediening het 'n historiese agtergrond. Die mense het aanvanklik slegs eiename gehad, nie familiename nie. Eiename is streng persoonlik terwyl familiename algemeen is. Die doop is ook 'n persoonlike saak. Deur slegs die eiename by die doopbediening te noem, word die betekenis van die doop, dat dit 'n inlywing van die persoon in die gemeenskap van God is, onderstreep.

Aan die ander kant het die hele gemeente belang by die doop. Dit gaan om die uitbreiding van die kerk. In groot kerke waar al die lidmate mekaar nie ken nie, is dit dus goed om ook die familienaam van die kind wat gedoop word, bekend te stel. Dit kan geskied of deur vooraf aan die gemeente bekend te stel wie se kind gedoop gaan word, of deur elke ouerpaar, by die beantwoording van die doopvrae, afsonderlik en met vermelding van hulle familienaam om hulle antwoord te vra, of deur die familienaam tydens die bediening van die doop saam met die eiename van die kind te noem.

Die familienaam moet egter in alle gevalle in die doopregister aangeteken word.

4. Naamsverandering.

Die Sinode van 1961 (art. 38) het oor die naamsverandering van 'n aangenome kind besluit dat die kerkraad hom eers vooraf daarvan moet vergewis of die ouers wat die kind aangeneem het, gelowiges is en of hulle gewillig is om die volle verantwoordelikheid van die verbondsopvoeding op hulle te neem.

Voordat die kerkraad die eie- of die familienaam van 'n kind in die doopregister kan verander, moet hulle eers insae kry in die oorspronklike aannemingsbevel volgens die bestaande Kinderwet. Op grond daarvan word die naam in die doopregister verander deur

middel van 'n byvoeging, waarin die nommer en datum van die aannemingsbevel, tesame met die datum en besluit van die kerkraad, asook tesame met die name van die nuwe ouers en die kind aangeteken word.

Hieruit volg dat, indien ouers self hulle familienaam verander en aansoek doen om die nodige veranderinge in die doopregister, die kerkraad aan die hand van die nodige dokumente die nodige byvoeginge doen.

By die uitreiking van 'n doopseel word slegs die gewysigde besonderhede verstrek. Indien die aansoek egter uitdruklik [365] vermeld dat die volle besonderhede verstrek moet word, moet die kerkraad hom eers vergewis van die doel waarvoor die besonderhede benodig word aleer dit verstrek kan word.

ARTIKEL 61

DIE TOELATING TOT DIE NAGMAAL

> *Tot die Heilige Nagmaal word alleen diegene toegelaat wat volgens die gebruik van die plaaslike kerk belydenis van die Gereformeerde Godsdiens gedoen het en 'n goeie getuienis van 'n vrome wandel besit. Sonder sodanige getuienis moet ook diegene wat uit ander kerke (van dieselfde kerkverband) kom, nie toegelaat word nie.*

Artikel 61 tot 64 handel oor die viering van die Heilige Nagmaal. Die Kerkorde gee in hierdie verband geen wette en bepalings nie, maar lê net die noodsaaklikste beginsels neer wat met die oog op die goeie orde van die Nagmaalsvierings nodig is.

1. Die geskiedenis van die artikel.

Hierdie artikel dateer vanaf die Sinode van Dordrecht, 1578. Die sinsnede dat die voornemende Nagmaalganger moet beloof om hom te onderwerp aan die kerklike tug (Sinode Dordrecht, 1578, art. 64), is deur die Sinode van Middelburg, 1581, as oorbodig beskou en uit die artikel geskrap.

In Suid-Afrika het die Sinode van 1964 die artikel slegs redaksioneel gewysig deur die sin, "diegene wat uit ander kerke kom", nader te omskrywe met "van dieselfde kerkverband". Die Sinode het hierdie verduideliking nodig geag omdat "kerke" in die populêre taal soms verkeerdelik vir ander kerkgroepe in plaas van *gemeentes* gebruik word.

2. Die beginsel soos vervat in artikel 61 K.O.

Die Gereformeerd-kerkregtelike beginsel wat in hierdie artikel gestel word, is dat die kerkraad, as toesighouers by die Nagmaal (vgl. art. 64 K.O.), net *belydende lidmate wat aan die plaaslike kerk behoort, tot die viering van die Nagmaal mag toelaat*.

Die Gereformeerde kerkbegrip ken geen "oop" Nagmaalsvierings nie, soos in die geval van die Kollegialistiese kerkbegrip nie.

Volgens die Kollegialistiese kerkbegrip omspan die kerk die [366] hele land en dit bestaan uit die verskillende gemeentes. Iemand is lid van die groot geheel. Dienooreenkomstig word elkeen wat belydenis van geloof afgelê het, nie slegs volwasse lidmaat van die plaaslike kerk nie, maar van die kerk in die algemeen. Die gevolg van hierdie stelsel is dat in al die gemeentes *oop Nagmaalvierings* gehou word. Indien iemand lidmaat is van die "kerk", mag hy in enige gemeente die Nagmaal gebruik.

Daarteenoor beklemtoon die Gereformeerde kerkreg die selfstandigheid van die plaaslike kerk. Die Nagmaal staan nie oop vir enige lidmaat van 'n ander plaaslike Gereformeerde Kerk nie, want die Nagmaalganger moet onderworpe wees aan die tugreg van die kerkraad onder wie se toesig die Nagmaal gevier word. Die Sinode van 1961 het tereg besluit: "Die Nagmaal as sakrament is 'n saak van die *plaaslike kerk,* waar die kerkraad toesig hou oor die toegang daartoe. Die Nagmaal mag dus nie misbruik word as 'n demonstrasie van ekumeniese eenheid nie" *(Acta,* bl. 119).

Om uitvoering te gee aan die gereformeerd-kerkregtelike beginsel dat slegs belydende lidmate wat aan die plaaslike kerk behoort, die Nagmaal mag gebruik, dui hierdie artikel nou ook die wyse aan waarop aan hierdie vereistes voldoen moet word: dooplidmate verkry toegang tot die Nagmaal deur belydenis van die Gereformeerde Godsdiens te doen in hul eie kerk, terwyl belydende lidmate wat van ander Gereformeerde kerke (gemeentes) oorkom, met attestasies moet aansluit.

A. DIE AFLEGGING VAN BELYDENIS VAN GELOOF.

1. Die belydenis grondslag as voorwaarde vir die toelating tot die Nagmaal.

Die Kerkorde stel die belydenis van die Gereformeerde Godsdiens as die primêre vereiste vir die toelating tot die Nagmaal.

Volgens die Skrif (Matth. 16:16; 1 Kor. 11:28; 2 Kor. 13:5), en soos dit deur die kerke deur al die eeue heen gehandhaaf is, gaan geloofsbelydenis altyd die gebruik van die sakramente vooraf (vgl. tweede doopvraag en eerste vraag by aflegging van geloofsbelydenis). Calvyn het die geloofsbelydenis in onmiddellike verband geplaas met die Nagmaal (Bouwman: *Geref. Kerkrecht,* II, bl. 389).

Deur belydenis van die geloof te doen, vereenselwig die belyder hom met die *eenheid van die eners-gelowende mense in Christus*. Hierdie eenheid is 'n noodsaaklike voorwaarde vir die deelname aan die Nagmaal, want die tafelgemeenskap van die Nagmaal gee uitdrukking aan die onderlinge eenheid in geloofsoortuiging.

[367] Hierdie kerkregtelike beginsel beklemtoon die Skrifwaarheid (dogma) dat eners-belydende gelowiges verplig is om 'n gemeenskap (gemeente) daar te stel (Heid. Kat., Sondag 21; NGB, art. 35).

Die universele kerk waarvan die Belydenisskrifte spreek, kom tot openbaring in die plaaslike kerk. Derhalwe beklemtoon die kerkreg, wat uit die belydenis voortvloei (NGB, art. 32), dat die plaaslike kerk die *sigbare* vergestalting is van die kerk van Christus, en die gelowige is institutêr lid van die plaaslike kerk. Wanneer belydenis gedoen word van die Gereformeerde Godsdiens, word die onmondige 'n mondige lid van die lewende geloofsgemeenskap, en dit is primêr terwyl dit sekondêr uitgedruk word in die verbondenheid aan die *plaaslike kerk* (vgl. ook art. 29 K.O.).

2. Die betekenis van die aflegging van geloofsbelydenis.

Die aflegging van belydenis van geloof is 'n kerklike seremonie wat die geestelike mondigwording in die geloof impliseer.

a. *Geloofsbelydenis en lidmaatskap in die kerk.*

Deur die aflegging van belydenis van geloof word die "onderrig of laat onderrig" van die doopbelofte afgerond deurdat die gedoopte bondeling nou persoonlik die verpligtinge van die verbond van God, wat met sy doop verseël is, aanvaar en bevestig.

Die aflegging van belydenis van geloof mag dus nooit die karakter kry van opneming of inlywing in die Christelike kerk nie. Die opvatting dat belydenis van geloof 'n "aanneming en voorstelling" is, waardeur die persoon dan lidmaat word van die kerk, berus op die foutiewe kerkbegrip van die Kollegialiste en Metodiste. Belydenisaflegging is by hierdie groepe 'n soort formele aansluiting as lidmate van die kerk. Daarom word in daardie kringe onderskeid gemaak tussen die gedooptes as "siele" en die belydende lidmate as "lidmate".

Volgens die Gereformeerde kerkbegrip en sakramentsopvatting word iemand lidmaat van die kerk van Christus en in die plaaslike kerk ingelyf deur die sakrament van die Doop (vgl. art. 59 K.O.). Daarom kan daar slegs 'n relatiewe en nie 'n radikale onderskeid gemaak word tussen 'belydende' en 'dooplidmate'. Die Sinode van Reddersburg, 1910, het tereg besluit dat die woord "aanneming" vervang moet word deur "belijdenis des Geloofs" om sodoende "de verkeerde Gedachten" wat ontstaan het "door 't woord 'Aanneming'", uit die gemeente te laat verdwyn (art. 145).

[368]

b. Die genieting van volle kerklike regte en voorregte.

Die geestelike mondigwording in die geloof verleen aan die gelowige volle deelname aan die gemeenskap met die volk van God. Hierdie deelname bestaan in die eerste plek in die voorreg en reg op die *gebruik van die sakramente*. Die Nagmaal moet op waardige en bewuste wyse gevier word tot gedagtenis aan en tot onderskeiding van die liggaam en bloed van Christus. 1 Kor. 11:28, 29 stel in hierdie verband die eis van voorafgaande selfbeproewing. Omdat kinders nog nie tot hierdie selfbeproewing in staat is nie, word hulle as dooplidmate deur die kerkraad toegelaat om belydenis van geloof af te lê en daardeur word hulle bekwaam geag om die Nagmaal op die regte wyse te kan vier; op grond van hulle belydenis word die reg en voorreg dan aan hulle verleen om die Nagmaal te gebruik. Saam met die reg om die Nagmaal te gebruik, ontvang die betrokke lidmate ook die reg om, wanneer nodig, hulle kinders te laat doop (Sinode, 1873, art. 154).

Die tweede reg en voorreg wat verbonde is aan die volle deelname aan die gemeenskap met die volk van God, is deelname aan die *kerklike regering*. Kerkregtelik beteken dit dat die manlike lidmate van die plaaslike kerk oor volle stemreg en tugreg beskik (vgl. art. 4, 5, 22, 24, 71—78, K.O.), en hierdie aktiewe stemreg maak hulleself ook verkiesbaar vir die ampte (art. 22, 24, K.O.), en so word hulle mede-toesighouers oor die deelname aan die sakramente. Die vrouelidmate beskik egter slegs oor passiewe stemreg (vgl. voorgenoemde artikels).

3. Die voorbereiding vir die aflegging van belydenis van geloof.

a. Die Katkisasie-onderrig.

In aansluiting by Calvyn (Bouwman: *Geref. Kerkrecht,* II, bl. 389) het die Nederlandse sinodes die kategetiese onderrig onlosmaaklik verbind aan die aflegging van belydenis van geloof (Dordrecht, 1574, art. 70; 1578, IV, art. 12; Middelburg, 1581, art. 43; 's Gravenhage, 1586, art. 54).

Die Gereformeerdes onderskei tussen katkisasie en sondagskool. Katkisasie sien op *verbondsonderrig*. Dit is in besonder ook die amptelike taak van die bedienaar van die Woord (art. 16 K.O.). Sondagskool het meer betrekking op die algemene Christelike onderrig soos op die sendingvelde en onder buitekerklikes aangetref word. Alleen waar die verbondsbetrekkinge nog nie van krag is nie, word sondagskool gehou.

[369] In Suid-Afrika het die sinodes feitlik gereeld aandag geskenk aan leerplanne vir die

verbondsonderrig (vgl. o.a. Sinode, 1891, art. 111; 1907, art. 103; 1918, art. 148, 155). Vanaf 1927 het die katkisasiepatroon in die kerkverband 'n meer eenvormige patroon begin aanneem (Sinode, 1927, art. 82; 1933, art. 98; 1939, art. 44).

Tans word die gebruik gevolg dat sinodale deputate die katkisasieleerplanne volgens klasindelings opstel. Dit staan egter elke kerkraad of klassis vry om hul eie leerplanne op te stel.

b. Die vereistes gestel by die aflegging van belydenis van geloof.

Volgens die katkisasielesplan, wat deur die Sinode van 1927 aanvaar is, is voorsiening gemaak vir kinders wat 16 jaar en ouer is (art. 82). Hiervan kan afgelei word dat die Sinode van mening was dat 'n kind beslis ouer as 16 jaar moet wees aleer tot aflegging van belydenis van geloof oorgegaan word. Geen algemene ouderdomsgrens kan egter vasgestel word nie. Die Sinode van 1862 (art. 39) en 1863 (art. 25) het tereg besluit "dat zij ... geene bepaling durft te maken" van "hoe oud de jongeling en jonge dochter moet zijn, om tot het doen der belijdenis toegelaten te worden" maar "moet het aan het oordeel der ouderlingen met den leeraar overlaten, of de personen al of niet bekwaam zijn voor het doen der belijdenis".

Die eerste vereiste waaraan voldoen moet word om belydenis van geloof te kan doen, is dat daar by die kind 'n *persoonlike* begeerte daartoe moet bestaan, want met die aflegging van belydenis van geloof aanvaar die gedoopte bondeling nou persoonlik die verpligtinge van die verbond met God. Die aflegging van belydenis van geloof is dus geen blote pligpleging nie. Die kerkrade moet ook waak dat nie die ouers nie, maar die kind self besluit wanneer hy belydenis van geloof wil aflê.

In die tweede plek moet hierdie persoonlike geloofsoortuiging in ooreenstemming wees met *die belydenis van die Gereformeerde Godsdiens*. Kennis van die leer is 'n onmisbare vereiste. Dit moet nie bloot verstandelike kennis wees nie, maar lewende kennis wat in die verligte en geheiligde verstand van die Christen persoonlik moet setel (Calvyn: *Institusie,* III, 6, 14). Die kind moet ryp wees vir die begrippe van die geloofsleer en dit *verstaan* en *aanvaar*. Daarom is dit noodsaaklik dat die katkisant tot die jare van onderskeiding moet gekom het.

In aansluiting hierby kan die vraag gestel word of idiote, swaksinniges en kranksinniges toegelaat kan word om belydenis [370] van geloof af te lê. By die Nagmaalgebruiker word 'n bewuste lewe en 'n sekere kennis van die liggaam van Christus vereis. Idiote, by wie geen bewuste lewe aanwesig is nie, kan dus nie toegelaat word nie. Swaksinniges by wie enige kennis van die fundamentele waarhede en elementêre kennis van die geloof aanwesig is, mag wel toegelaat word. Volslae kranksinniges kan nie toegelaat word nie. Kranksinniges by wie egter tye van helderheid voorkom, mag wel toegelaat word, mits daar nie gevaar van verstoring van die orde bestaan nie.

In die derde plek moet die kerkraad daarop let dat die katkisant se persoonlike geloofsoortuiging met sy lewenswandel bevestig word (Sinode, 1879, art. 175). Die artikel vereis dat hy "'n goeie getuienis van 'n vrome wandel" sal besit. Die regte gesindheid van die hart en die waaragtige Christelike lewenswandel hang ten nouste saam met iemand se godsdienstige oortuiging. Voetius sê dat, hoewel die geloofsvermoë aanwesig kan wees, dit nog nie voldoende is nie. Die toegang tot die Nagmaal is afhanklik van die aktuele (daadwerklike) geloof. Die wedergeboorte moet uitkristalliseer in die daadwerklike geloof soos dit tot openbaring kom in leer en lewe. By die aflegging van belydenis van geloof gaan dit juis om die *leer* en die *lewe* (Bouwman: *Kerkrecht,* II, bl. 376).

c. Die metode van ondersoek.

Die kerkraad moet besluit of iemand toegelaat sal word tot die aflegging van belydenis van geloof, al dan nie. Om praktiese redes geskied die ondersoek en ondervraging van katkisante gewoonlik deur ’n kommissie van die kerkraad, wat dan ’n rapport met aanbevelings aan die kerkraad voorlê. Hierdie ondervraging handel oor die Skrif, Belydenisskrifte en Kerkgeskiedenis asook oor die persoonlike beweegredes van die katkisante. Op die vraag of katkisante rekenskap van hulle bekeringsweg moet gee, het Voetius tereg ontkennend geantwoord: die Skrif stel nie so ’n eis nie; omstandighede van bekering uit ’n onchristelike lewe kan van sodanige aard wees dat dit nie dienstig is om dit te verhaal nie; sodanige verhale is geen bewys van die opregtheid van die voorneme nie. Die kerkraad kan die hart nie toets nie; daarom word by die ondervraging nie gelet op die subjektiewe “getuienisse” nie, maar op die suiwerheid van leer en vroomheid van lewenswandel.

Ook die gemeente beskik oor die reg om saam met die kerkraad te oordeel oor die toelating tot die Nagmaal van die Here. Die approbasie van die gemeente is dus nodig voordat tot aflegging van belydenis van geloof oorgegaan kan word. Die name van die [371] katkisante moet dus vooraf aan die gemeente bekend gestel word. Indien daar van die kant van die gemeente geen besware inkom nie en die kerkraad met die ondersoek tevrede is, volg die openbare belydenisaflegging.

4. Die wyse van belydenisaflegging.

Die aflegging van belydenis van geloof kan alleen *in ’n openbare erediens* van die gemeente, onder leiding van die kerkraad, geskied (vgl. die Inleiding tot die Belydenisvrae).

Die heersende gebruik in die Gereformeerde Kerke is om die daad van die aflegging van belydenis van geloof te laat geskied deur middel van beantwoording van vrae. Dit was ook die gebruik by Calvyn. Die vroegste Gereformeerde sinodes het oor die wyse waarop die belydenis van die geloof afgelê moet word, geen bepalende besluite geneem nie hoewel die metode om dit deur middel van vrae te laat geskied, verkies is bo vrye verklarings deur die persone wat belydenis aflê.

In Suid-Afrika het die Sinode van 1863 “geene behoefte gevoelt” om “ook een formulier van vragen” vas te stel nie en het dit aan die vryheid van elke kerkraad oorgelaat (art. 24). Met die oog op “het ongeloof en lichtzinnigheid dezer dagen” het die Sinode van 1876 egter besluit om ’n aantal vrae op te stel wat deur die kerkrade gebruik moes word (art. 167). Die formulier van vrae wat tans in gebruik is, is op voetspoor van die besluit van die Sinode van 1876 deur die Sinode van 1939 (art. 47) opgestel en deur die Sinode van 1949 (art. 165) hersien.

Vraag 1 stel die aanvaarding van die Skrif en Belydenisskrifte as “die waaragtige en volkome leer van die saligheid”. Met vraag 2 bind die belyder hom om deur die genade van God in dié leer te volhard en dit deur ’n godsalige lewe te bevestig. Met vraag 3 bind die lidmaat hom om, benewens dat hy die bediening van die Woord en sakramente vir homself ywerig moet soek, hom ook te onderwerp aan die kerklike toesig en tug.

5. Lidmaatregisters.

Om die nodige kontrole te kan uitoefen oor die belydende lidmate van die kerk is die hou van ’n behoorlike register van belydende lidmate noodsaaklik. In die register (of kaartsisteem) moet, benewens die volle name van die lidmate, aangeteken word wanneer die persoon belydenis van geloof afgelê of met attestasie aangesluit het.

Aanvanklik was die gebruik in Suid-Afrika dat by die [372] aflegging van belydenis van geloof die betrokke persoon 'n sekere bedrag moes betaal. Die Sinode van 1873 (art. 53) het die bedrag laat toekom aan die "predikanten weduwenfonds". Die Sinode van 1897 wou geen gevolg gee aan 'n beskrywingspunt wat gevra het om die afskaffing van die betaling van hierdie gelde nie "omdat zij het oude gebruik goed acht" (art. 114).

Hierdie praktyk is intussen afgeskaf. Waar lidmate 'n bykomstige offer as blyk van dankbaarheid wil gee, kan die kerkraad besluit hoe dit bestee sal word. Gewoonlik gaan dit na die kas van die diakens.

B. AANSLUITING BY DIE PLAASLIKE KERK.

1. Aansluiting met attestasie.

Wie nie in die plaaslike kerk openbare belydenis van geloof afgelê het nie, kan wel toegang tot die Nagmaal verkry op grond van die kerklike getuienis van 'n ander kerkraad van dieselfde kerkverband dat sodanige lidmaat wel belydenis van die Gereformeerde Godsdiens gedoen het en van vrome wandel is. Hierdie kerklike getuienis staan bekend as attestasie. Sowel artikels 61 as 82 handel oor attestasies. Artikel 82 handel oor die afgee daarvan, terwyl artikel 61 dit besien vanuit die standpunt van die kerkraad wat dit ontvang.

Attestasies is geen lidmaatskapsbewys of maar net 'n kennisgewing-biljet van verhuising van 'n lidmaat van een "afdeling" van die "kerk" na 'n ander nie, soos in die geval van die Kollegialistiese kerkbegrip. Volgens hierdie stelsel bly 'n persoon wat verhuis het, nog lid van die kerkgenootskap. Sy naam moet net by die afdeling van die kerk waar hy ingewoon het, weggeneem word en by die afdeling van die kerk waar hy kom woon, deur middel van 'n "bewys van lidmaatskap" ingeboek word, terwyl sy kerklike lidmaatskap ongestoord deurgaan. Die gevolg van hierdie stelsel is dat, soos reeds gesê is, in al die gemeentes oop Nagmaalvierings gehou word.

Daarteenoor beklemtoon die Gereformeerde kerkreg die selfstandigheid van die plaaslike kerk. Die Nagmaal staan nie oop vir enige lidmaat van 'n Gereformeerde Kerk nie. Wanneer 'n lidmaat uit die ressort van een kerk (gemeente) verhuis, onttrek hy hom metterdaad aan die kerk waar hy was, en is hy dus kerkloos totdat hy hom deur middel van attestasie voeg by die kerk (gemeente) in wie se ressort hy ingetrek het. Met die indiening van sy attestasie by die kerkraad, plaas hy hom vrywilliglik onder toesig van die kerkraad van die plek waarheen hy [373] verhuis het, word hy opgeneem as lidmaat van daardie plaaslike kerk en verkry hy so die reg om deel te neem aan die Nagmaal. (Vir die volledige bespreking van attestasies word verwys na art. 82 K.O.).

2. Aankomelinge sonder attestasies.

Die praktyk om besoekende lidmate van ander Gereformeerde Kerke (gemeentes) as "gaste" of om nuwe intrekkers sonder attestasies aan die Nagmaal toe te laat, is kerkregtelik nie verantwoord nie, en wel om die volgende redes: die Gereformeerde kerkbegrip ken geen oop Nagmaalvierings nie; Nagmaalgangers moet onderworpe wees aan die tugreg van die kerkraad onder wie se toesig die Nagmaal gevier word; net soos die kerkraad nie die doop aan kinders van toevallige besoekers sal bedien nie (tensy hulle skriftelike toestemming van hulle eie kerkraad daartoe het) of aan kinders van intrekkers wie se attestasies nog nie ontvang is nie, net so kan die Nagmaal ook nie sonder meer vir diesulkes oopstaan nie.

Hoewel in die kerklike praktyk uitsonderings op hierdie beginsel al geyk is, mag dit nogtans nooit al te ligtelik geskied nie.

Toevallige besoekers uit ander Gereformeerde Kerke in kerkverband of met wie 'n enger

korrespondensie onderhou word, moet tevore van die kerkraad verlof vra om die Nagmaal te gebruik (Sinode, 1910, art. 159). Die kerkraad moet hom in hierdie gevalle vergewis: van die toelating van die aanvraer tot die Nagmaal in sy eie kerk en van sy vrymoedigheid om dit daar te gebruik (Sinode, 1879, art. 175); die rede waarom hy as besoeker die Nagmaal wil gebruik en van die onberispelikheid van sy lewenswandel. Hierdie getuienis, wat nie op hoorsê moet berus nie, moet by die kerkraad vas staan uit die mond van twee of meer lidmate of kerkraadslede, aleer so ’n besoeker tot die Nagmaal toegelaat kan word.

Besoekers wat hulle met ’n reis-attestasie tydelik by die gemeente voeg, word tot die Nagmaal toegelaat omdat hulle oor die “sodanige getuienis”, wat die artikel as vereiste stel, beskik.

3. Opneming in die kerk.

a. *Die ondersoek deur die kerkraad.*

Persone uit kerke met wie die Gereformeerde Kerke nie in enger korrespondensie staan nie, kan alleen toegang tot die Nagmaal verkry deur opgeneem te word as belydende lidmate van die plaaslike kerk.

[374] Die Sinode van 1873 het besluit dat almal “die uit een ander kerkgenootschap overkomt, door den volle kerkeraad, of door eene commissie uit den kerkeraad, zal worden onderzocht aangaande de redenen van hunne overkomst” (art. 182).

In die ondersoek deur die kerkraad gaan dit in die eerste plek dus om die *beweegredes* waarom die betrokke persoon met sy kerkverband gebreek het en by die Gereformeerde Kerk wil aansluit.

Die waarborg wat die kerkraad nodig het vir die toelating tot die volle kerklike gemeenskap en die gebruik van die Nagmaal, is altyd of die persoon die Gereformeerde Belydenis toegedaan is en ’n goeie getuienis van ’n vrome wandel besit. In die ondersoek deur die kerkraad gaan dit dus in besonder oor *die leer en die lewe* van die betrokke persoon. In hierdie verband moet die kerkraad daarop let of daar by die betrokke persoon kennis van die Gereformeerde Godsdiens is, of hy dit onderskryf, of hy van voorneme is om in hierdie leer te volhard en of hy hom sal onderwerp aan die kerklike toesig en tug. By aansoekers uit Roomse, Lutherse en Remonstrantse kerke, of kerke en sektes wat nie vertroud is met die Gereformeerde Belydenis nie, moet ’n vorm van kategese, na die aard van die geval, gevolg word. Die *persoon* se *geloofsoortuiging* en nie die leerstellings van die kerkgroep waarvandaan hy gekom het nie bly egter altyd van essensiële belang, ongeag of daardie kerkgroep gereformeerdgesind is, al dan nie. Sodanige persoon word in die Gereformeerde Kerk opgeneem op grond van sy *Gereformeerde belydenis* en nie op grond van enige dokument wat deur sy gewese kerkgroep uitgereik is nie. Die sogenaamde “bewys van lidmaatskap” dien slegs as bewysstuk dat hy formeel met daardie kerkgroep gebreek het en hoogstens dat hy ’n belydende lidmaat daar was. Dit kan egter nooit op een lyn met attestasies gestel word nie, want ’n kerkraad kan nie oor die leer en die lewe van ’n persoon getuig aan ’n instansie buite die enger korrespondensie nie (vgl. art. 82 K.O.).

By opname moet die kerkraad hom verder daarvan vergewis of die betrokke persoon nie aan ’n vereniging behoort wat in stryd met die aard en die wese van die kerk is nie (vgl. die gedeelte oor die Geheime Genootskappe).

Die algemene gebruik is dat die ondersoek geskied deur ’n kommissie uit die kerkraad. Hierdie kommissie mag egter nooit self besluit oor die al of nie opname van ’n persoon nie. Hulle

kan slegs hulle bevindinge aan die kerkraad meedeel. Dit is altyd die *kerkraad* wat moet beslis. [375]

b. *Die wyse van opneming*.

Daar is geen sinodale besluit oor die wyse waarop die opneming in die kerk geskied nie, want die altyd geldende beginsel is: die *kerkraad* beslis oor die wyse van toelating wat tot die meeste stigting sal dien. By verskil in die kerkraad word die saak na die klassis verwys om advies.

In die reël lê persone wat uit ander kerke by die Gereformeerde Kerk wil aansluit, en as die kerkraad die gronde en redes vir die opneming voldoende ag, nie weer opnuut openbare belydenis van geloof af nie. Hierdie praktyk is ook gevolg ten tye van die Reformasie, die Afskeiding van 1834 en die Doleansie in Nederland (vgl. Bouwman: *Kerkrecht,* II, bl. 385) en na die stigting van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1859. Die opneming geskied by wyse van ’n afkondiging aan die gemeente nadat die gemeentelike approbasie bekom is (vgl. Rutgers: *Kerkl. Adviezen,* II, bl. 168).

Die wyse waarop die afkondiging geskied, mag egter nooit die indruk wek dat die betrokke persoon “met bewys van lidmaatskap” vanuit die een of ander kerk by die Gereformeerde Kerk aangesluit het nie.

In besondere omstandighede, soos wanneer sodanige persoon vroeër ’n baie onchristelike lewe gelei het, baie lank kerkloos was of van ’n sekte oorkom wat die leer van die Drie-eenheid loën (vgl. art. 56 K.O. oor die erkenning van die doop van ander gesindes), oorweeg die kerkraad ’n openbare aflegging van belydenis van geloof, dit wil sê, voor die gemeente.

Die opneming van persone wat deur die ban van die kerk afgesny is, geskied deur die Formulier van die Wederopneming (vgl. art. 78 K.O.).

***4. Die kerklike lidmaatskap en geheime genootskappe*.**

In onderskeid met die tugartikels (art. 71—80 K.O.) het die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika besluit dat mense wat aan geheime genootskappe behoort, wat strydig is met die aard en die wese van die kerk, of wat aan ander godsdienstige genootskappe behoort, nie lidmate van die Gereformeerde Kerk kan en mag wees nie.

Die Sinode van 1863 het, op grond van die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikels *1,* 27, 28 en 29, duidelik uitspraak gegee teen die Vrymesselary deur te verklaar “dat iemand, die lid wordt van *geheime genootschappen,* als b.v. van het *Vrijmetselaars-genootschap* of — eenig ander geheim of strijdig genootschap, *geen* [376] *lidmaat* van die Gereformeerde Kerk, onder haar bestuur, *kan zijn, noch blijven;* naardien de Christelijke Kerk, eene *geestelijke* en *openbare vereeniging* is, die geene gemeenschap kan, noch mag oefenen, met *Vereenigingen* of *Genootschappen,* die buiten haar — én vreemd van hare geestelijke en hemelschen aard en natuur zijn; zie 2 Cor. 6:14—18; Joh. 3: 19—21” (art. 43).

Die Sinode van 1869 het enkele redaksionele wysiginge aan die besluit van 1863 aangebring, naamlik “dat iemand die lid wordt van geheime genootschappen als, b.v. het *Vrijmetselaars*-genootschap, of eenig ander geheim genootschap, geen lidmaat van de Gereformeerde Kerk, onder haar bestuur kan zijn noch blijven” terwyl die grond van die besluit aangegee is as “naardien de Christelijke Kerk eene geestelijke en openbare vereeniging is” (art. 109).

Die Sinode van 1882 het dan ook hierdie restriksie ten opsigte van kerklike lidmaatskap as een van die voorwaardes vir eventuele kerkvereniging met die N.G. Kerk en Ned. Herv. Kerk,

gestel (art. 29).

Wat die godsdienstige genootskappe betref, het die Sinode van 1897 na genoemde besluite verwys en bepaal "dat lidmaten der Geref. Kerk die leden worden van ander genootschappen (hier was die Goeie Tempeliers ter sprake) buiten de Kerk, ontrouw worden aan hunne lidmaatschap" (art. 155, 156).

Die Sinode van 1964 het die volgende bepalende beginsels gestel met betrekking tot lidmaatskap van die Gereformeerde lidmate van organisasies waaraan geheimhouding verbonde is: "1. Dit mag in generlei wyse die uitoefening van die kerklike tug strem nie, nog wat lidmate onderling betref, nog wat die amptelike optrede van die kerkraad betref. 2. Onder geen omstandighede mag so 'n organisasie hom laat geld op kerklike vergaderinge en op kerklike erf nie. 3. 'n Afrikaner-broederskap en bevordering van die volksbelange, hoe loflik op sigself ook al, mag nooit beklemtoon word ten koste van die Broederskap in Christus of dit enigsins oorskadu nie" (art. 195, IV, punte 1—3).

Indien 'n lidmaat van die Gereformeerde Kerk lid is van die Vrymesselaars of enige ander godsdienstige genootskap, moet met hom gehandel word volgens die tugartikels. Wil 'n persoon wat aan sodanige genootskappe behoort, by die Gereformeerde Kerk aansluit, moet hy vooraf alle bande met sodanige genootskappe verbreek. By die opname van 'n persoon buite die Gereformeerde Kerk om, moet die kerkraad hom daarvan vergewis of die betrokke persoon aan 'n vereniging of genootskap behoort wat in stryd is met die aard en die wese van die kerk. Dit hang [377] van die konstitusie van so 'n organisasie af (vgl. Sinode 1964, art. 195, III, c, (I) (a)). Behoort iemand aan 'n vereniging wat nie positief in stryd is met die kerk nie, maar waaraan geheimhouding verbonde is, moet sowel die vereniging as die persoon se integriteit teenoor die kerk aan die beginsels, soos deur die Sinode van 1964 daargestel, getoets word.

ARTIKEL 62

DIE WYSE VAN NAGMAALVIERING

Die kerk moet die nagmaal hou op die wyse wat na sy oordeel tot die meeste stigting dien. Dit moet egter goed verstaan word dat die uitwendige seremonies wat in die Woord van God voorgeskryf is, nie verander mag word nie, dat alle bygeloof vermy moet word en dat na die preek en die algemene gebede, die formulier van die Heilige Nagmaal, asook die gebed wat daarby behoort, gelees moet word.

1. Die geskiedenis van die artikel.

Hierdie artikel dateer vanaf die Sinode van Dordrecht, 1574. Die Sinode van 's Gravenhage, 1586, het bygevoeg dat die preek en die algemene gebede "op den Prediktstoel" moet geskied, terwyl die formulier "voor de tafel sal worden gelesen". Die gebruik was dat die nie-Nagmaalgangers direk na die preek die kerkgebou verlaat het sodat die Nagmaalgangers in 'n meer intieme kring rondom die tafel kon vergader. Die plek vanwaar die formulier gelees moet word, is egter 'n middelmatige saak. Daarom het die Sinode van Utrecht, Nederland, 1905, besluit om bogenoemde aanhalings uit die redaksie van die artikel te skrap. In Suid-Afrika het die Sinode van 1916 die wysiging wat die Sinode van Utrecht aangebring het, aanvaar.

Met die hersiening van die Kerkorde het die Sinode van 1964 dit duidelik in die artikel vasgelê dat ook die gebede wat in die formulier opgeneem is, gelees moet word.

Hierdie artikel stel die beginsels vir die suiwere en skriftuurlike wyse waarop die Nagmaal gevier moet word. Middelmatige sake, soos die orde-reëling by die viering van die Nagmaal, word aan die kerkrade oorgelaat.

[378]

A. DIE ESSENSIËLE SAKE IN DIE WYSE VAN DIE NAGMAALVIERING.

1. Die gebondenheid aan die Skrif.

Die beginsel wat die Kerkorde stel, “dat die uitwendige seremonies wat in die Woord van God voorgeskryf is, nie verander mag word nie”, hou in dat die skriftuurlike betekenis van die Nagmaal aan elke viering ten grondslag moet lê.

Volgens die Skrif is die Nagmaal ’n maaltyd wat Christus ingestel het by geleentheid van die paasmaaltyd (Luk. 22:19, 20) as sakrament van sy kruisiging. Die Nagmaal is ’n *maaltyd*. Dit is te onderskei van die gewone Christelike liefdesmaaltye (1 Kor. 11:34), en word deur Paulus beskryf as ’n *maaltyd van die Here* (1 Kor. 11:20). Christus is die Gasheer en dit gaan om die deelname aan sy gebroke liggaam en vergote bloed. Deur middel daarvan word die gemeenskap met Christus beoefen. In die derde plek word die Nagmaal nog nader omskryf as ’n *gemeenskapsmaaltyd* (1 Kor. 10: 16, 17; Ned. Gel. Bel., art. 35).

Die Nagmaal simboliseer nie alleen die eenheid van die gelowiges met Christus nie, maar dit gee ook uitdrukking aan die onderlinge eenheid van die gelowiges met mekaar, as lede van dieselfde liggaam (vgl. die uiteensetting in die formulier oor die een brood en die een wyn en drank).

Hierdie skriftuurlike betekenis van die Nagmaal moet seremonieel in elke viering uitdrukking vind. In die seremoniële gaan dit om die elemente van die Nagmaal en die vorm en wyse waarop die bediening daarvan geskied.

a. *Die elemente van die Nagmaal.*

Die elemente van die Nagmaal is brood en wyn. As deel van die uitwendige seremonies mag dit nie verander word nie omdat die Woord van God dit voorskryf. Brood en wyn was in die Ooste die hoofbestanddele van elke maaltyd. Die brood dien tot versterking en versadiging en die wyn tot verkwikking en verheuging. Daarom is dit die aangewese middele om te dien as tekens in die sakrament van Christus se sterwe.

Wat die *brood* betref, was die Reformatore van oordeel dat Christus in hierdie verband geen bepaalde voorskrif gegee het nie: of dit gesuurde of ongesuurde brood moet wees. Dit is egter noodsaaklik dat die brood voor die oë van die gemeente gebreek word om die breking van die liggaam van Christus voor te stel. Die Sinode van 's Gravenhage, 1586, het al bepaal “dat men van de breking des broods voor die gemeente niet zal afwijken” (part. vr. 51). Die gebruik van koekies of oblate, of om die brood [379] vooraf in klein stukkies (brokkies) te sny, voldoen nie aan die skriftuurlike vereiste dat die brood voor die oë van die gemeente gebreek moet word nie.

Die *wyn,* as teken van Christus se bloed, mag nie deur iets anders vervang word nie, want Christus het die Nagmaal met wyn ingestel (Luk. 22:18). Die Sinode van 1876 het die standpunt van die sogenaamde matigheidsvereniging as onskriftuurlik verwerp (art. 203). In hierdie matigheids- en in sekere Metodiste kringe word die gebruik van wyn as sonde beskou. Daarom wil hulle die wyn by die Nagmaal deur druiwesap vervang en trag hulle om die Skrif so te verklaar. Die “vrug van die wynstok” (Luk. 22:18) sien op wyn. Buitendien begin die druiwe in Palestina eers in Junie ryp word, terwyl die druiweoes eers in September kom. Daarom was daar teen die

tyd van die Paasfees nog geen druiwe om in die drinkbeker uit te pars nie. Die kerk mag hom nie skik na die dwaashede van hulle wat wyser as Christus wil wees nie.

Die hoeveelheid brood en wyn wat aan die Nagmaalstafel genuttig word, is nie van essensiële belang nie. Die Nagmaal is te onderskei van die gewone maaltye waar die feesgangers hulle versadig kon eet (1 Kor. 11:20, 22, 34). Dit is egter van essensiële belang dat die Nagmaalganger werklik brood eet en wyn drink sodat hy die smaak daarvan ten volle kan nuttig.

b. *Die uitwendige seremonies by die Nagmaalviering*.

Die Nagmaal is 'n gemeenskapsmaaltyd en daarom moet die onderlinge gemeenskap met mekaar uitdrukking vind in die uitwendige seremonies van die wyse van viering. Die wyse en vorm moet so wees dat die wese van die saak duidelik word. Elke uitwendige vorm wat nie aan die eis van die wese beantwoord nie, is waardeloos. Die groot betekenis van die vorm is dat dit moet meewerk om aan ons sinne voor te stel wat in die wese van die saak opgesluit lê. Hiertoe dien, afgesien van die elemente van die Nagmaal, die *tafel-* en *beker gemeenskap*.

Die Nagmaal is 'n maaltyd. Daarom pas dit dat die gelowiges saamkom om 'n tafel, soos dit was by die instelling van die Nagmaal (Matth. 26 : 20).

Tafelgemeenskap het in die Skrif die betekenis van 'n hegte eenheid en onderlinge eensgesindheid (vgl. Matth. 9:10, 11; Mark. 2:15, 16; Luk. 15:2). Dit spreek van lewensgemeenskap. Die Sinode van 1930 het geoordeel dat die vernietiging van die tafelgemeenskap, deur die Nagmaal in die banke te bedien, 'n poging van die Satan is om die gelowiges die ware betekenis van die Nagmaal te ontneem *{Acta,* bl. 158).

[380] Waar die hele gemeente nie ineens almal aan dieselfde tafel kan aansit nie, bly die eenheidsgedagte nogtans by elke afsonderlike tafel, want 'n groep gelowiges sit saam, eet saam uit dieselfde skaal en drink saam uit dieselfde beker waardeur hulle gemeenskaplike eenheid in Christus tot uitdrukking gebring word.

Deur op te staan uit die kerkbank en die tafel te nader, is ook nie sonder betekenis nie. Daardeur verkondig die gelowige openlik sy geloof dat hy sy verlossing in Christus soek. Dit hou verder in dat die kerkraad kan toesig hou oor hulle wat tot die tafel van die Here nader.

Die gebruik om die Nagmaal in 'n paar rye in die kerkbanke agter die Nagmaalstafel te bedien, kan die simbool van die tafelgemeenskap verbreek.

Op grond van die wyse waarop Christus die Nagmaal ingestel het (Luk. 22:20), het die Gereformeerde Kerke die *bekergemeenskap* onverswak gehandhaaf. Hierdie uitwendige seremonie mag nie verander word nie. Die eet van dieselfde brood en die drink uit dieselfde beker spreek van die lewenseenheid in Christus en van die innige aaneensluiting van die gelowiges onderling. In die meeste kerke is daar wel meer as een beker wat rondgaan. Die grondgedagte dat gelowiges saam uit dieselfde beker drink, bly egter nog onverswak gehandhaaf.

Die Sinode van 1930 het die gebruik van afsonderlike kelkies in die plek van die gemeenskaplike beker beoordeel as 'n aanvalspoging van die Satan teen die suiwere bediening van die Sakrament, soos Christus dit verordineer en ingestel het. Die beweging om "Die gemeenskaplike drinkbeker by die Awendmaal te vervang deur kelkies, is nie 'n alleenstaande verskynsel nie, maar vorm 'n onderdeel van 'n beweging van veel verdere strekking, wat die merktekens van die ware kerk (Art. 29 Nederlandse Geloofsbelydenis) op sy innigste raak" *(Acta,*

art. 184).

Die gronde wat die Sinode aangevoer het ten gunste van die gemeenskaplike beker teenoor die afsonderlike kelkies, is die volgende:

In die eerste plek is dit volgens Matth. 26:27, 28; Luk. 22:20; Mark. 12:23; 1 Kor. 11:25—29 duidelik dat by die instelling van die Nagmaal die Here Jesus aan die dissipels 'n drinkbeker gegee het waaruit hulle almal moes drink. Die bevel van Christus, "drink almal daaruit", het gesien op die rondgaande beker, waaruit duidelik blyk "dat die Here Jesus die Awendmaal bedoel het as 'n broedermaaltyd, met 'n gemeenskaplike drinkbeker in die sin van die Paasmaaltyd, maar nou siende op sy eie offerande".

[381] Tweedens is geoordeel dat die "aparte kelkies in stryd is met die simboliek van die Awendmaal as geestelike gemeenskapsmaaltyd". Kelkies beklemtoon die individualisme in die plek van die gemeenskaplikheid, "en indiwidualisme is in stryd met die karakter van die Nagmaal self... Die wese, die éénheid, die samehang van die gemeente kom nie by die indiwidualistiese viering tot sy reg nie". Die simboliese eenheid van die liggaam van die Here kom alleen daarin uit as die gelowiges saam aan een tafel sit, as hulle van dieselfde brood eet en van dieselfde beker drink.

In die derde plek was die Sinode van oordeel dat die individualistiese viering die gees van liefdeloosheid in die hand werk en die bande van liefde en saamhorigheid, wat die gelowiges as lidmate van die een liggaam moet saambind, verswak.

Vierdens het die Sinode geoordeel dat die drang na afsonderlike kelkies soms voortkom uit 'n gees van ongeloof. Hier is gedink aan die argumente dat dit die aansteeklikheid van siektes in die hand kan werk. Die Sinode kon dit egter nie as "wetenskaplik-gekonstateerde feite" aanvaar nie *(Acta,* art. 46).

In 'n geval waar 'n lidmaat 'n ernstige aansteeklike siekte gehad het, kan die kerkraad reël dat hy, ter wille van die gemoedsrus van die res van die gemeente, heel laaste Nagmaal gebruik. In hierdie verband het reeds die Sinode van Middelburg, 1581, geadviseer dat die kerkraad "de melaatschen of in een hoek des tempel alleen zou laten communiceeren, daar het geschieden kan, of aan die gemeene tafel, ter aller laatste" (part. vr. 53).

2. Die Nagmaalsformulier.

Die bestaande Nagmaalsformulier het sy beslag gevind op die Sinode van Dordrecht, 1618—1619. Op voetspoor van die formuliere van Datheen en a Lasco het die Sinodes van 1574, 1578 en 1581 aandag daaraan geskenk, in 1611 het Schilders dit in druk laat verskyn, terwyl die Sinode van Dordrecht, 1618—1619, dit geyk het.

In Suid-Afrika is hierdie formulier in Nederlands gebruik totdat die Sinode van 1939 (art. 46) die Afrikaanse vertaling daarvan aanvaar het. Die Sinode van 1961 het aan deputate opgedra "om 'n studie te maak van die noodsaaklikheid en wenslikheid van 'n hervertaling en nuwe taalkundige versorging van die Belydenisskrifte en Formuliere" (art. 163). Aan hierdie opdrag word nog gewerk (Sinode, 1964, art. 30).

a. *Die betekenis van die Formulier.*

Die formulier is 'n offisiële kerklike verklaring oor die leer [382] en betekenis van die sakrament van die Nagmaal in die lig van die Skrif.

Dit is verder 'n kostelike hulpmiddel om die betekenis en die seën van die sakrament

duideliker verstaanbaar te maak. Die doel van die formulier is dan ook om die gemeente te onderrig aangaande die betekenis van die Nagmaal en alles wat dit inhou. Dit gee 'n skriftuurlike uiteensetting van wat die gelowige moet oordink aleer hy tot die heilige feesmaal toetree. Die wyse waarop die formulier gelees word, moet dus saamhang met die kostelike inhoud daarvan en omdat dit 'n noodsaaklike kerklike plegtigheid is, mag dit nie afgerammel word asof die lees daarvan 'n blote formaliteit is nie.

Die formulier bestaan uit sewe dele: die instelling van die Nagmaal; die selfbeproewing; die doelaanwysing; die gebed; die bediening self; die lofverheffing en die danksegging.

b. *Die gebondenheid aan die Formulier*.

Die bedienaar van die Woord, as kerkdienaar, is verplig om hom aan die formulier te hou omdat dit deur die kerke self opgestel is as 'n offisiële kerklike verklaring.

Die eertydse opvatting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, naamlik dat die bedienaars van die Woord nie verplig is om "de formuliergebeden letterlijk op te zeggen", maar dit slegs as voorbeeld hoef te gebruik, wat dan "woordelijks of zakelijk" gevolg moet word (Sinode 1873, art. 175), was in stryd met die Kerkorde. Die Sinode van 1927 het tereg besluit dat "die voorganger hom moet hou aan die formuliergebed" (art. 88). Die nuwe redaksie van die artikel bepaal baie duidelik dat ook die formuliergebed gelees moet word. Alleen die Geloofsbelydenis (Twaalf Artikels) mag in die formuliergebed nagelaat word. Die Sinode van 1927 het besluit dat dit "net eenmaal gelees moet word, hetsy in die begin voor die Wet of waar dit in die formulier voorkom" (art. *88)*.

***3. Die Nagmaalformule*.**

By die bediening van die sakrament is die Woord nodig. Die teken kan 'n aanduiding van die saak wees, maar sonder die Woord as verklaring by die sakrament kan die teken nie sonder meer dien as sakrament nie. Dit gaan hier om 'n bepaalde woord van God waardeur die betekenis van die tekens by die sakrament verklaar word: "Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus; die beker van danksegging wat ons met [383] danksegging seën, is die gemeenskap met die bloed van Christus" (1 Kor. 10:16).

In die oudste kerke was daar geen vaste Nagmaalsformule nie. Elke kerk het sy eie gebruik gevolg. Eers sedert die Nagmaalstryd in die negende eeu word die Nagmaalsformule vasgestel soos dit tans nog by die Roomse Kerk die geval is: "Dit is my liggaam; dit is my bloed" (Matth. 26:26, 28).

Die Roomse Kerk beskou hierdie woorde as wydingswoorde. Hierdeur, volgens die Roomse Kerk, vind daar 'n verandering in die substansie van die elemente plaas (die Transsubstansiasieleer), en word deur die Goddelike Almag die selfstandigheid van die brood en die wyn herskape in die substansie van die liggaam en bloed van Christus. Slegs die eienskappe (vorm, kleur, reuk, smaak) van die brood en die wyn bly oor terwyl die Nagmaal self 'n onbloedige herhaling is van Christus se kruisiging. Juis omdat die instellingswoorde wydingswoorde sou wees, ag die Roomse Kerk dit nodig dat die woorde fluisterend uitgespreek moet word, as geheime woorde waaraan magiese krag verbonde sou wees en waardeur op God ingewerk sou word. Hierdie woorde, so sê Rome, is nie vir die gemeente nie, maar vir die tekens, en daarom moet die priester hom afwend van die gemeente en die woorde sag oor die tekens heen uitspreek.

Om die Roomse bygelowigheid teen te werk en aan die leer van die Nagmaal as maaltyd reg te laat geskied, het die Gereformeerde Sinodes in Holland van die begin af in die Kerkorde

duidelik gestel dat “alle bygeloof vermy moet word”. Verder is besluit op die woorde van 1 Kor. 10:16 as Nagmaalsformule met die byvoeging van “neem, eet, gedenk en glo. ..” en “neem, drink almal daaruit, gedenk en glo...” (Sinodes, 1578, art. 70; 1581, art. 44; 1586, art. 55).

Met hierdie Nagmaalsformule wil die Gereformeerdes, teenoor die Roomse bygeloof, duidelik leer dat daar in die woorde wat by die sakrament gebruik word, geen werkende krag skuil waarlangs die genade oorgebring word nie. Die Nagmaalsformule is instruktief van aard met die doel om die gemeente te onderrig. Die woorde is nie bestem vir die tekens nie, maar vir die gemeente. Daarom moet dit hardop uitgespreek word, en die brood moet voor die oë van die gemeente gebreek en die wyn uitgegiet word.

4. Die kerkregtelik-liturgiese beginsels by die viering van die Nagmaal.

Die Kerkorde bepaal dat die formulier eers na die preek en [384] die algemene gebede gelees moet word.

Die Woord gaan voorop. Dit werk die geloof, terwyl die sakrament die geloof versterk. Die bediening van die Woord moet gerig wees op die sakrament en wel as bevestiging van die verkondigde Woord. Te lang preke kan egter die aandag van die sakrament aflei. Die Sinode van 1927 het daarom geoordeel dat “die preek met die Nagmaalsviering moet kort wees” (art. 88).

Die kerkregtelik-liturgiese beginsel van eers die preek en dan die lees van die formulier (en die viering van die Nagmaal) laat geen ruimte vir die gebruik, soos byvoorbeeld by die Nederlandse Gereformeerde Kerke, dat die gedeelte oor die selfondersoek in die formulier by die voorbereidingsdiens gelees word, die gedeelte wat handel oor die Nagmaal self by die Nagmaalviering en die slotgedeelte van die formulier by die nabetragtingsdiens.

In Suid-Afrika het die Sinode van 1933 besluit dat in gemeentes waar die Nagmaal by al twee die eredienste op dieselfde Sondag gevier word, die hele formulier by elke erediens gelees moet word (art. 49). Sonder om oor die beginsel van twee Nagmaalvierings op dieselfde Sondag te besin, het die Sinode hierdie praktyk met hierdie besluit goedgekeur.

Die beginsel dat die Nagmaal ’n gemeenskapsmaaltyd is, moet ook tot vergestalting kom in die liturgie van die erediens. Teenoor die “oop” Nagmaalvierings stel die Kerkorde dat die Nagmaalviering ’n gemeentelike plegtigheid is (vgl. art. 61 K.O.). Die lees van die formulier en die viering van die Nagmaal in die erediens het die oog op die gemeenskaplike karakter van die gemeente. Deur by die tweede erediens op dieselfde Sondag weer die formulier te lees en die Nagmaal te vier, word die eenheid van die gemeente verbreek. Die formulier word gelees en die Nagmaal word gevier met die oog op die *gemeente as eenheid* en nie met die oog op ’n aantal *individue* wat nie die viering in die eerste erediens kon bywoon nie. Dit is dus nie in ooreenstemming met die kerkregtelike en liturgiese beginsels van gemeenskaplikheid om in die tweede erediens op dieselfde Sondag die formulier te lees nie slegs met die oog op ’n paar wat die aand moet aansit.

Om die Nagmaal aan ’n aantal individue te bedien, kan die bygelowigheid ten opsigte van die betekenis van die Nagmaal in die hand werk — iets waarteen die artikel juis waarsku.

In kerke waar die Nagmaal ook in die tweede erediens op dieselfde Sondag gevier word, is die liturgiese orde gewoonlik dat die preek (nabetragtingspreek) eers na die Nagmaalviering volg. Hierdie prosedure is in stryd met die liturgiese beginsel soos [385] vervat in die artikel “dat na die preek en die algemene gebede” die formulier gelees moet word (vgl. verder art. 63 K.O. oor die alternatiewe Nagmaalviering op dieselfde Sondag).

B. MIDDELMATIGE SAKE IN DIE WYSE VAN DIE NAGMAALVIERING.

1. Die beginsel van vryheid in die plaaslike kerk.

Die Kerkorde is nie 'n orde van wette en bepalings wat vanaf sinodale kant die vryheid van die plaaslike kerk, soos in die geval van die Kollegialistiese stelsel, aan bande lê nie. In beginselsake moet daar eenstemmigheid onder al die kerke wees. Dit word deur die Kerkorde gereël. In middelmatige sake, soos die orde-reëlings van die wyse waarop die Nagmaal in die plaaslike kerk gevier moet word, gee die Kerkorde geen voorskrifte nie, en laat dit aan die vryheid van elke kerkraad.

2. Die orde-reëlings by die viering van die Nagmaal.

In die orde-reëling van die wyse waarop die Nagmaal gevier moet word, moet die kerkraad toesien dat dit "tot die meeste stigting dien". Alles moet ordelik en stigtelik toegaan. Onordelikheid, ook by die toetrede tot die tafel, moet soveel moontlik uitgeskakel word.

Die Konvent van Wesel, 1568, en die eerste sinodes het dit aan die vryheid van die kerkrade oorgelaat of die Nagmaal staande of sittende ontvang moet word; of tydens die viering aan die tafels gesing moet word, of daarna, of glad nie; of uit die Skrif tydens die viering van die Nagmaal gelees moet word, al dan nie; e.d.m. Wat laasgenoemde betref, staan in die Nagmaalsformulier: "onderwyl daar Nagmaal gevier word, kan stigtelik gesing of enkele hoofstukke gelees word ter gedagtenis aan die lyde van Christus". Om die klem op die Nagmaalviering self te laat val, kan albei nagelaat word. Die gevaar bestaan dan egter dat die res van die gemeente wat nie aan tafel is nie, in 'n mate rusteloos kan word.

Die Sinode van Dordrecht, 1578, het die metode om te kniel as die Nagmaal ontvang word, afgekeur om die gevaar van die Roomse bygelowigheid teen te gaan. Hoewel die Sinode van Dordrecht, 1574, meer ten gunste daarvan was dat die Nagmaal staande ontvang moet word, was die gebruik om by die tafel aan te sit, van die begin af oorheersend.

In Suid-Afrika is die algemene gebruik dat die Nagmaal sittende gevier word, dat 'n Skrifgedeelte gelees word terwyl die brood en [386] die wyn tussen die Nagmaalgangers rondgaan, terwyl aan die einde van elke tafel gesing word. Die Sinode van 1955 het besluit: "As 'n vers gesing word, moet die kommunikante *sit totdat die vers uit gesing is"* (art. 262).

Saam met die verval van die Gereformeerd-kerkregtelike opvatting aan die einde van die agtiende eeu, het die lees van Skrifgedeeltes tydens die viering van die Nagmaal ook verdwyn om plek te maak vir vrye toesprake. Die bedoeling was om die stigtelikheid van die Nagmaalviering deur vrye toesprake te verhoog. Dit het egter tot 'n euwel gelei, naamlik dat die aandag van die sakrament afgelei is en bepaal is by die spreker. Die Sinode van 1955 het daarom tereg in aansluiting by die besluit van die Sinode van 1927 uitdruklik bepaal: "Geen toesprake moet by die tafels gehou word nie" (art. 262).

ARTIKEL 63

DIE TYD VAN DIE NAGMAALVIERINGS

Die nagmaal van die Here moet minstens elke drie maande gehou word.

1. Die historiese agtergrond van die artikel.

Aan die begin van die Nieu-Testamentiese bedeling is die Nagmaal weekliks gevier, op die eerste dag van die week (Hand. 2:46; 20:70).

By Rome het dit later geword minstens een maal per jaar vir die leke terwyl die Mis elke dag gehou is. Calvyn was ten gunste van ’n weeklikse viering. Hy kon egter nie die owerhede in Genève oorhaal om dit ten minste maandeliks te laat hou nie, en moes volstaan met vier maal per jaar.

Die Sinode van Dordrecht, 1574, stel dit tweemaandeliks (art. 69). Die Sinode van 's Gravenhage, 1586, bepaal dat die viering van die Nagmaal een maal elke twee maande gehou moet word, en dit sal stigtelik wees as dit ook met Pase, Pinkster en Kersfees gehou kan word. Die Sinode van Dordrecht, 1618—1619, behou die bepalings van 's Gravenhage.

In die redaksie van die artikel, soos dit deur die Sinode van Dordrecht, 1618—1619, goedgekeur is, is melding gemaak, met die oog op die kruiskerke, dat op plekke waar daar geen “Kerkelijke orde” is nie, “sal men eerst Ouderlingen en Diakanen bij provisie (voorlopig) stellen”.

[387] Met die hersiening van die Kerkorde deur die Nederlandse. Sinode van Utrecht, 1905, is hierdie tydelike maatreël van ouderlinge en diakens “by provisie” geskrap. Hierdie Sinode was ook van oordeel dat die viering van die Nagmaal saam met die Christelike feesdae die feesdae self op die agtergrond gedruk word, en het die bepaling van 's Gravenhage in dié verband geskrap. Hierdie Sinode stel die tyd van die Nagmaalvierings sonder verdere bepalings op “ten minste elke twee of drie maande”.

In Suid-Afrika het die Sinode van 1916 ook die redaksionele wysiging van die Sinode van Utrecht aanvaar.

Met die hersiening van die Kerkorde het die Sinode van 1964 die redaksie van die artikel vasgestel soos dit tans lees.

2. Hoe dikwels die Nagmaal gevier moet word.

Met die bepaling dat die Nagmaal minstens elke drie maande gehou moet word, stel die Kerkorde die beginsel van gereelde Nagmaalviering. Vanweë praktiese omstandighede in die onderskeie kerke kan baie lidmate verhinder word om die kwartaallikse Nagmaalviering gereeld by te woon. Met die oog hierop bepaal die Kerkorde dat die Nagmaal *minstens* elke drie maande gehou moet word. Dit staan dus elke kerkraad vry, om na gelang van die plaaslike omstandighede, die Nagmaal meer dikwels as kwartaalliks te hou.

In baie Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bestaan die praktyk om by al twee die eredienste op dieselfde Sondag die Nagmaal te vier. Hierdie gebruik kan egter kerkregtelik nie verantwoord word nie (vgl. art. 62 K.O. i.s. die liturgiese beginsels wat hierdeur in gedrang kom).

Die beginsel is dat elke Nagmaalviering as ’n selfstandige eenheid beskou moet word. Dit blyk duidelik uit die ou redaksie van die artikel dat op plekke waar daar geen kerkraad was nie, ouderlinge en diakens “by provisie” aangestel moes word. Hulle het net diens gedoen by daardie spesifieke Nagmaalviering.

Die viering van die Nagmaal by die tweede erediens op dieselfde Sondag kan dus nie as ’n *voortgesette* viering in aansluiting by die viering by die eerste erediens op daardie Sondag beskou word nie. Rutgers verklaar: “Maar hoe met dit ook al regele, altijd is de Avondmaal telkens eene bediening op zichzelve... Eene *voortgezette* bediening, na eenige uren of dagen tusschentijds, en ten deele met eene ander gehoor, is iets tegenstrijdigs en gaat niet” *(Kerkl. Adviezen,* II, bl. 173). Die Nagmaalviering [388] geskied binne ’n erediens (vgl. art. 64 K.O.). Dieselfde erediens kan na afsluiting nie weer voortgesit word nie. Net soos elke erediens ’n komplete eenheid is, so ook elke Nagmaalviering.

Die viering van die Nagmaal by die tweede erediens op dieselfde Sondag is ook geen *tweede* Nagmaal nie omdat die lidmate wat die oggend aangesit het, die aand nie weer aansit nie. Dit kan alleen 'n tweede Nagmaalviering wees as *almal* die aand weer aansit, want elke gelowige is verplig om die dood van die Here te gedenk so *dikwels* as die geleentheid hom voordoen. In die praktyk word dit egter nie verwag en is dit ook nie die gebruik dat diegene wat die eerste viering bygewoon het, ook by die tweede een aansit nie (vgl. Rutgers: *Kerkl. Adviezen,* II, bl. 174).

Kerkregtelik kan daar dus nie gespreek word van 'n voortgesette of tweede Nagmaalviering nie, maar in wese is dit 'n *alternatiewe* Nagmaalviering op dieselfde dag in dieselfde gemeente, met 'n gedeelte van die gemeente by elke viering teenwoordig. Hierdie alternatiewe viering is in stryd met die Kerkorde en die karakter (wese) van die Nagmaal, soos dit in art. 62 K.O. verklaar is, naamlik dat die Nagmaalviering 'n *gemeenskapsmaaltyd vir die hele gemeente* is (vgl. Agenda, Sinode, 1961: beskrywingspunt en toeligtingstuk van die Part. Sinode Kaapland oor die kerkregtelike beswaar teen die alternatiewe Nagmaal. Die Sinode van 1964, art. 204, het egter geen beslissing in hierdie verband geneem nie).

In kerke waar al die lidmate, om praktiese probleme, nie gereeld kwartaalliks die viering van die Nagmaal kan bywoon nie, kan die Nagmaal meer dikwels gehou word en dit kan ook, na gelang van omstandighede, om die beurt in die oggend en die aand gevier word sodat sodanige lidmate meer geleenthede sal hê om die Nagmaal gereeld te kan vier (vgl. voorvermelde toeligtingstuk van die Part. Sin. Kaapland). Waar die Nagmaal meer dikwels as slegs kwartaalliks gehou word, moet aan artikel 62 K.O. elke keer uitvoering gegee word, naamlik dat die *hele* gemeente *elke keer* aansit.

3. Die afkondiging met betrekking tot die viering van die Nagmaal.

Vanaf omstreeks 1550 was dit die gebruik in die vlugtelingkerk in Londen dat veertien dae tevore die viering van die Nagmaal aangekondig is. Die bedoeling was dat die lidmate wat van voorneme was om die Nagmaal te gaan gebruik, hulle in hierdie tyd by die ouderlinge moes aanmeld.

Vanaf 1568 was dit ook algemene gebruik in Holland om die viering van die Nagmaal veertien dae voor die tyd aan te kondig.

[389] Hoewel die Kerkorde geen melding maak van die afkondiging met betrekking tot die viering van die Nagmaal nie, is dit nodig dat die gemeente by wyse van afkondiging amptelik in kennis gestel word van die voorgenome viering. Die doel van hierdie afkondiging is dat die lidmate hulle met die oog op die Nagmaal kan voorberei en die huisbesoek van die ouderlinge in die wyke op die regte wyse kan geskied.

4. Die voorbereidings- en nabetragtingsdienste.

In die Hollandssprekende kerk in Londen was dit die gebruik om die dag voor die Nagmaal 'n voorbereidingspreek te hou. a Lasco het hierin aangesluit by Calvyn wat 'n ondersoek en selfbeproewing voor die viering van die Nagmaal noodsaaklik geag het. In hierdie preke is daar hoofsaaklik gehandel oor die betekenis en die regte gebruik van die sakrament.

In Holland het die Sinodes van Dordrecht 1574 en 1578, die hou van 'n voorbereidingspreek in die Kerkorde opgeneem. Hierdie Sinodes het verskeie bepalings gemaak oor hoedanig die inhoud van die voorbereidings- en Nagmaalspreke moet wees (Sinode, 1674, art. 74, 75; Sinode, 1578, art. 68). Ter wille van 'n korter redaksie het die Sinode van 's Gravenhage, 1586, die bepalings oor die hou van die voorbereidings- en Nagmaalspreke weggelaat.

Die voorbereidingspreek het egter as 'n vaste gebruik by die kerke gebly.

Oor die nabetragtingspreek was daar nie eenstemmigheid nie. Die Sinode van Dordrecht, 1574, het volstaan met 'n kort danksegging waarin die liefde van God tot ons, en ons dankbaarheid teenoor Hom uitgedruk word, en wat aan die einde van die Nagmaalviering gelees moet word (art. 79). Die Sinode van 1578 het bepaal dat "na den middag zal met met den gewoonlyken Text ofte Catechismo voortvaren" (art. 68). Die Sinode van Middelburg, 1581, het die nuttigheid van die dankseggingsdiens "op den selven dag" in die middag na die Nagmaalviering beklemtoon, maar dit aan die vryheid van die kerke oorgelaat om 'n afsonderlike dankseggingsdiens te hou of met die gewone Kategismusprediking deur te gaan. Die Sinode was egter ten gunste van eersgenoemde (part. vr. 28).

Net soos die voorbereidingsdiens is ook die dankseggingsdiens in die Gereformeerde Kerke as praktyk geyk waarvan nie al te ligtelik afgesien behoort te word nie. Die drie eredienste: voorbereiding, Nagmaal en nabetragting staan in 'n hegte eenheid met mekaar en vind aansluiting by die Heidelbergse Kategismus, antw. 2, [390]

ARTIKEL 64

DIE PLEK VAN EN DIE TOESIG OOR DIE NAGMAALVIERING

Die bediening van die nagmaal vind alleen in 'n erediens plaas onder toesig van die ouderlinge.

1. Die geskiedenis van die artikel.

Artikel 64, soos dit vasgestel is deur die Sinode van Dordrecht, 1618—1619, het gehandel oor die aandgebede. Na die Reformasie was dit die gebruik om in die weeksaande kort Bybellesinge te hou wat met gebed afgesluit is. Hieroor het die artikel aanvanklik gehandel.

Met die hersiening van die Kerkorde het die Nederlandse Sinode van Utrecht, 1905, die bepaling oor die aandgebede laat verval.

Die slotgedeelte van art. 63 D.K.O., "doch ter plaatzen daar nog geen Kerkelijke ordre en is, zal men eerst Ouderlingen en Diakanen bij provisie stellen", is verwerk tot die nuwe artikel 64: "Die bediening van die Nagmaal sal alleen plaasvind waar toesig van ouderlinge volgens kerklike orde is en in 'n openbare samekoms van die gemeente".

Die slotopmerking van art. 63 D.K.O. was tydelik van aard en het gesien op kerke wat in vervolging verkeer het asook op plekke waar daar nog nie geïnstitueerde kerke geraak was nie. Die bedoeling van die ou redaksie was om tydelik voorsiening te maak sodat die betrokke persone wel die Nagmaal sou kon gebruik onder toesig van persone wat vir daardie spesifieke Nagmaalviering in tydelike hoedanighede as ouderlinge ageer het. Die verwerkte redaksie daarteenoor het betrekking op normale omstandighede.

In Suid-Afrika het die Sinode van 1916 die wysiginge wat die Sinode van Utrecht aangebring het, ook vir die kerke in Suid-Afrika aanvaar.

Met die hersiening van die Kerkorde deur die Sinode van 1964 is die artikel redaksioneel gewysig soos aangehaal.

Hierdie artikel handel oor die plek van en die toesig oor die Nagmaal in die plaaslik geïnstitueerde kerke.

2. Die plek van die Nagmaalviering.

a. Die Nagmaal is ’n integrerende deel van die erediens.

Die Kerkorde stel die beginsel dat die Nagmaal *alleen* in ’n erediens gehou kan word.

[391] Die Apostels het ’n innige band gehandhaaf tussen die bediening van die Woord en die breek van die brood (Hand. 2:42). In aansluiting by hierdie skriftuurlike beginsel bepaal die Kerkorde dat die viering van die Nagmaal gepaard moet gaan met die amptelike bediening van die Woord. Die amptelike bediening van die Woord kan alleen in ’n amptelike erediens geskied. Kerkregtelik word onder erediens verstaan die openbare samekoms van die gelowiges wat plaaslik institutêr vergader is as die sigbare vergestalting van die kerk van Christus, onder leiding van die besondere ampte. Die erediens begin by die votum en eindig met die uitspreek van die seën.

Die simboliek van die Nagmaal druk die eenheid van die huisgenote van die geloof uit wat institutêr in hulle saamvergaderde erediens tot uiting kom. Die Nagmaal is dus die hoogtepunt van daardie erediens. Die liturgiese beginsels en belydenis van die eenheid en gemeenskaplikheid kom nêrens duideliker tot openbaring en belewing as juis in die Nagmaal nie (vgl. art. 62 K.O.; Ned. Gel. Bel., art. 35).

b. Krankekommunie.

Onder die Reformatore was daar verskil van mening oor die bediening van die Nagmaal aan siekes by hulle huise. Luther het dit summier verwerp. Melanchton het dit goedgekeur mits die familielede ook teenwoordig is. Calvyn het dit geoorloof geag mits dit by wyse van uitsondering, om grondige redes en onder toesig van een of meer ouderlinge geskied, in die teenwoordigheid van gelowiges bedien word en die liturgie nie nagelaat word nie. Bullinger, Beza en Voetius was weer van oordeel dat die Nagmaal nie buite die gewone eredienste om gehou kan word nie. Die Gereformeerde Kerke in Holland was laasgenoemde standpunt toegedaan. Die Sinode van Middelburg, 1581, was dan ook beslis van oordeel dat die sakrament nie anders bedien sal word nie “dan in de algemeene verzameling, ter plaatse waar de gemeente gewoonlijk samenkomt” (part. vr. 5.2). Die Nederlandse Sinode van 1933 het dit “geenszins wenselijk” geag “tot het invoeren der krankecommunie als kerkelijke gebruik over te gaan” (art. 131).

In Suid-Afrika het die Sinode van 1876 die standpunt van Calvyn offisieel onderskryf met die besluit dat die predikant “in heel buitengewoone omstandigheden” die Nagmaal buite die gewone erediens om kan bedien mits dit “zoveel mogelijk in overleg met den kerkeraad of kerkeraadsleden, die bij hand zijn, en met eene gepaste godsdienstoefening” geskied (art. 163).

Hierdie besluit kan egter nie gehandhaaf word nie, want al [392] sou aan hierdie gestelde vereistes voldoen word, kom die beginsel in gedrang dat die Nagmaal ’n gemeenskapsmaaltyd vir die hele gemeente is (1 Kor. 10:16, 17; art. 62 K.O.) wat in ’n openbare samekoms van die gemeente moet geskied (1 Kor. 11:20, 21). Krankes wat nie aan die Nagmaal kan deelneem nie, sondig nie, want nie die ontbering van die sakramente is sonde nie, maar die veragting daarvan.

c. Sinodale Nagmaalvierings.

Die Gereformeerd-kerkregtelike begrip ken geen sinodale Nagmaalvierings nie.

Die Nagmaal mag alleen bedien word in ’n samekoms van gelowiges wat gemeentelik aan mekaar verbonde is, deur ’n bedienaar van die Woord wat wettig daartoe geroepe is (art. 3—7, 16 K.O.) en onder die kerklike toesig van diegene wat wettig seggenskap oor die kommunikante

het (art. 23, 61, 71 K.O.). Meerdere vergaderinge, daarteenoor, is slegs samekomste van verskillende kerkrade deur middel van hulle deputate (art. 29, 33 K.O.). Die sakrament van die Nagmaal, wat aan die plaaslike kerk verbonde is (art. 61 K.O.), kan nie op sinodale vergaderinge of enige ander vergadering of samekomste van mense uit verskillende kerke (gemeentes) gevier word nie. Die Sinode van 1961 het dan ook die prinsipiële riglyne duidelik getrek: "Die Nagmaal as sakrament is 'n saak van die *plaaslike kerk,* waar die kerkraad toesig hou oor die toegang daartoe. Die Nagmaal mag dus nie misbruik word as 'n demonstrasie van ekumeniese eenheid nie" *(Acta,* bl. 119).

3. Die Nagmaal en die liturgiese fasette van die erediens.

Die Nagmaal, as deel van die liturgie van die erediens, staan onder die leiding en toesig van die besondere ampte.

a. Die bedienaar van die Woord en die bediening van die Nagmaal.

Christus is die Bedienaar van die sakramente (Luk. 22:19, 20). In die bediening daarvan gebruik Hy diensknegte. Feitelik is die sakramente sigbare Woordverkondiging. Daarom is dit die taak van die bedienaar van die Woord om die liturgiese leiding by die Nagmaal te neem en die sakrament te bedien (Matth. 28:19; 1 Kor. 4:1; Hand. 2:42; Ned. Gel. Bel. art. 30). Die Konvent van Wesel, 1568, het die beginsel ook duidelik gestel dat die bediening van sowel die Woord as die sakramente "tot het ambt der die [393] naren behooren" (c. VI., 1).

Teenoor die Roomse en Kollegialistiese stelsels waarvolgens onderskeidelik die priesters en die predikante die sakramente feitlik op enige plek, selfs privaat in huise, kan bedien, beklemtoon die Gereformeerde kerkreg in art. 64 K.O. dat die sakramente liturgies deel is van die erediens en dat dit alleen deur diegene wat deur die kerke wettig daartoe geroepe is, bedien kan word (vgl. art. 3—7 K.O.; Ned. Gel. Bel. art. 30). Immers, die sakrament behoort tot die kerkdiens en in die kerkdiens mag niemand optree wat nie wettig daartoe geroep is nie. Selfs in buitengewone omstandighede en noodtoestande kan die sakramente nie buite 'n erediens om, of deur iemand wat nie wettig daartoe geroep is nie, bedien word nie.

Gedurende die sestiende eeu was daar tweespalt in die Lutherse en Gereformeerde Kerke oor die vraag of 'n bedienaar van die Woord aan homself Nagmaal mag bedien. By elke Nagmaalviering was gewoonlik twee predikante teenwoordig sodat die een die sakrament uit die hand van die ander kon ontvang. Dit is egter nie nodig nie. In die eerste plek tree die bedienaar van die Woord op as ampsdraer, as instrument van Christus, die eintlike subjek by die Nagmaalbediening, wanneer hy die Nagmaalsformule uitspreek en die uiterlike simbole uitdeel. Vervolgens neem hy as persoon die plek van die gewone Nagmaalganger, die objek van die Nagmaalbediening, in deur self Nagmaal te gebruik.

'n Predikant wat tydelik nie sy weg oopsien om die Nagmaal te gebruik nie, behoort dit ook nie uit te deel nie. As dit by hom egter gewoonte is om die gebruik van die Nagmaal na te laat, mag hy nie langer as bedienaar van die Woord geduld word nie. Immers, iemand wat ongehoorsaam en ontrou is in die gebruik van die sakramente, kan geen voorganger in die bediening van die Woord en sakramente wees nie.

b. Die toesig van die ouderlinge by die Nagmaal.

Sonder die teenwoordige toesig van die ouderlinge kan geen erediens gehou word nie en dientengevolge ook geen Nagmaal nie, want volgens die Kerkorde en die Belydenis bestaan die ampswerk van die ouderlinge o.a. daarin om toesig te hou oor die bediening van die Woord en die sakramente (art. 23 K.O.; Bevestigingsformulier). Volgens die bevestigingsformulier vir

ouderlinge gaan die toesig enersyds oor die suiwerheid van die Woord- en sakramentsbediening deur die bedienaar van die Woord, soos Christus dit ingestel het (vgl. Ned. Gel. Bel., art. 29) en andersyds om saam met die bedienaar van die Woord toesig te hou oor die [394] heilighouding van die tafel van die Here. Daartoe is in die eerste plek nodig die voorafgaande tugoefeninge (vgl. art. 61, 76 K.O.), en verder om ag te gee op diegene wat tot die tafel van die Here nader. In verskeie kerke is dit die gebruik dat die ouderlinge om die beurt aan die tafel gaan sit om toesig te hou.

Indien 'n ongewenste persoon by die tafel sou aansit, is dit die taak van die ouderlinge om hom op die mees onopsigtelike wyse en sonder om die orde te versteur (vgl. art. 62 K.O.) aan deelname te weerhou.

c. Diakonale hulpdiens by die Nagmaal.

Die Kerkorde maak geen melding van enige hulpdiens wat die diakens by die viering van die Nagmaal moet verrig nie. Die algemene praktyk is egter dat hulle wel behulpsaam is.

In die dae van die Apostels was die diakens behulpsaam by die Christelike liefdesmaaltye (Hand. 6:1 e.v.). Hulpdiens by die viering van die Nagmaal word nie deur die Skrif vermeld nie. In die ou kerk was dit die gebruik dat die diakens die brood en die wyn aan al die Nagmaalgangers aangebied het. Die Konsillies van Arles (314) en Nicea (325) moes hulle egter uitspreek teen die misbruik van sommige diakens wat selfs in gevalle waar die biskoppe nie teenwoordig was nie, die Nagmaal bedien het.

Die bepalende beginsel in die Reformatoriese kerke is dat alleen die bedienaars van die Woord geregtig is om die Nagmaal te bedien. Die ouderlinge en diakens kon slegs hulpdiens verrig. Die hulpdiens van die diakens bestaan prakties daarin dat hulle, waar nodig, die skaal en die beker tussen lidmate moet aangee, die drinkbekers moet reinig, die wynvoorraad in die houer moet aanvul, e.d.m. Hierdie hulpdiens is egter nie van prinsipiële belang nie en kan ook deur die ouderlinge verrig word.

ARTIKEL 65

DIE AFSKAFFING VAN LYKPREDIKASIES

Lykpredikasies of lykdienste mag nie ingevoer word nie.

1. Die historiese agtergrond van die artikel.

Die artikel is in die Kerkorde opgeneem met die doel om die Roomse bygelowigheid en mensverheerliking by die begrafnisse uit die kerk te weer.

[395] By Rome is 'n begrafnis 'n kerklike erediens. Die lyk word in die kerkgebou ingebring, terwyl die priester oor die lykbaar 'n predikasie hou met gebede in belang van die sielerus van die afgestorwene. Die prediking is geheel en al homosentries (om die mens gekonsentreerd) en humanisties (mensverheerlikend). Na die besprenkeling met gewyde water word die dooie in 'n graf wat deur die priester geheilig is, begrawe. Hierdie seremonies word voorafgegaan deur die lui van klokke wat enersyds die bose geeste moet verdryf en andersyds die mense moet opwek om vir die afgestorwene te bid.

Die Reformatore het gereageer teen die Roomse bygelowigheid en humanisme.

Die Sinode van Dordrecht, 1578, was nog besonder ruim in sy bepalings: op plekke waar lykpredikasies nog nie ingevoer was nie, moes dit geweer word; waar dit al wel die gebruik was,

kon dit geduld word tot tyd en wyl dit sonder ergernis afgestel kon word. In laasgenoemde geval moes die bedienaar van die Woord nie 'n predikasie hou wat met gebede begin en met danksegging afgesluit word nie, maar 'n soort onvoorbereide vermaning. In hierdie toespraak moes hy egter sorg dat hy "der afgestorven lof niet verkondige". Ook moes die bedienaars van die Woord sorg dat waar die gebruik van klokgelui al ingevoer was, dit weggeneem word (art. 58).

Die Sinode van Middelburg, 1581, stel die artikel kortliks: op plekke waar lykpredikasies nie gehou is nie, moet dit nie ingestel word nie, en waar dit wel die gebruik was, moet naarstiglik getrag word om dit deur die voeglikste middele af te skaf.

Op voetspoor van die Nederlandse Sinode van Utrecht, 1905, aanvaar die Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 1916, die redaksionele wysiging van die artikel, soos dit tans nog lees.

Die Sinode van 1964 wou nie 'n beskrywingspunt aanvaar dat die begrafnisse nie langer net as saak van die betrokke familie beskou moet word nie, maar benoem deputate om 'n studie te maak van die probleme wat in die beskrywingspunt aangesny is, naamlik militêre begrafnisse, wat uiteraard heidens van oorsprong is, vir Christensoldate (art. 55). Die beskrywingspunt het verder ook melding gemaak van die lang toesprake vol mensverheerliking; die gebruik van blomme en kranse; die kis wat in die kerkgebou ingebring word; handjiesvol grond of blomblare wat op die kis gestrooi word; trooswoorde uit die Skrif wat al die vorm van 'n erediens begin aanneem het. Die finale redaksie van hierdie artikel sal dus eers vasgestel kan word, met wysiginge [396] indien nodig, nadat die eersvolgende Sinode die studie-rapport van die deputate behandel het.

2. Die begrafnis is geen kerkdiens nie.

Hierdie artikel verbied die kerk om van die begrafnis 'n kerkdiens te maak. In wese kan dit ook nie geskied nie, want in 'n kerkdiens vergader die gemeente onder die amptelike leiding van die kerkraad. Daarom mag die seremonie by die begrafnis ook nie die vorm van 'n erediens aanneem nie en mag die votum en die seën ook nie uitgespreek of afgebid word nie.

Die kerk het ook geen funksie by 'n begrafnis te vervul nie. Die kerk arbei, in opdrag van God, aan en in belang van die lewendes. Wanneer iemand sterwe, betree hy sy ewige staat, en is hy buite die arbeidsveld en gebede van die kerk.

Dit is wel in ooreenstemming met artikel 23 K.O. as die familie die predikant of 'n ouderling versoek om die leiding by 'n begrafnis te neem. Immers, die ampstaak van die predikant en die ouderlinge is ook om die lidmate te vertroos (vgl. art. 23 K.O.), en daartoe bied die begrafnis 'n geskikte geleentheid om deur middel van Skriflesing, gebed en trooswoorde die treurende gelowiges te skraag. Die voorganger wat met werklike trooswoord uit die Skrif kom, moet dus ook waak teen die gevaar van mensverheerliking, aangrypende seremonies en redevoeringe oor die kis in die kerkgebou, die strooi van sand as simbool van die liggaam se verganklikheid en die uitspreek van begrafnisformules. Hierdie gebruike is in wese herstel van die Roomse wanpraktyke.

Aangesien die begrafnis geen amptelike karakter dra nie en dit geen openbare of amptelike diens van die Woord is nie, hoef dit nie noodwendig deur 'n predikant gelei te word nie; 'n ouderling of enigiemand anders kan dit ook doen.

3. Die begrafnis is 'n familie-aangeleentheid.

Die Kerkorde meld nie uitdruklik dat die begrafnis 'n saak van die familie is nie, maar

impliseer dit in die bepaling dat dit geen kerkdiens is nie. Die Kerkorde van die Christelike Gereformeerde Kerke in die V.S.A. stel dit egter baie duidelik: “Funerals are not ecclesiastical, but family affairs, and should be conducted accordingly”. Die kerk het ook geen opdrag in die Skrif insake die begrafnis van die dooies nie omdat dit tot die familie beperk is en hulle verantwoordelikheid is.

[397]

4. Lykverbranding.

Die Sinodes van 1933 (*Acta,* bl. 117) en 1952 (*Acta,* bl. 208, 216) het hulle teen die praktyk van lykverbranding uitgespreek. Hiermee het die Sinodes nie die begrafnis op die kerklike terrein gebring (vgl. die toeligtingstuk van ’n beskrywingspunt, *Acta,* Sinode 1964, bl. 82) deur hulle uit te spreek oor handelinge ten opsigte van persone wat reeds dood is nie; die uitspraak van die Sinodes is ’n beginselbepalings ten opsigte van die *lewende*. Hulle moet die Christelike weg ken, en volgens die geloofsbeginsel aan hulle familie opdrag gee hoe daar gehandel moet word wanneer die dood intree.

Lykverbranding getuig van ’n fatalistiese lewensbeskouing: met die dood is dit alles verby; die liggaam is net ’n “stoflike oorskot”. Daarom het die heidene die gebruik gehad om hulle dooies te verbrand (vgl. Van Dellen en Monsma se verklaring van art. 65 K.O.). Daarteenoor was dit in sowel die Ou Testament as die Nuwe Testament die gebruik om aan die afgestorwenes ’n eerbare begrafnis te gee. Alleen in die gevalle van groot sondare is hulle lyke verbrand, in opdrag van God, as teken van die oordeel en die toorn van God teen hulle sonde (Lev. 20:14; 21:9; Jos. 7:15). Die Christelike gebruik om hulle afgestorwenes te begrawe, getuig van die geloof aan die wederopstanding van die vlees en die ewige lewe (1 Kor. 15:11—26; 42—44).

ARTIKEL 66

'N DAG VAN VEROOTMOEDIGING

> *In tye van oorlog, pestilensie, algemene volksrampe en ander groot beproewings waarvan die druk oral in die kerk gevoel word, moet die Klassis wat daarvoor deur die Algemene Sinode aangewys is, ’n dag van verootmoediging en gebed uitskrywe.*

1. Die geskiedenis van die artikel in Nederland.

Die Sinode van Dordrecht 1578, IV, art. 22, het in verband met die saak besluit (vertaald): “In tye van oorlog, pestilensie, swaar (dure) tye, swaar vervolginge van die kerke en ander openbare ellende moet die *raad van die kerk,* met bewilliging (toestemming) van die Owerheid ’n vaste met gebed en heiliging bepaal, as dit moontlik is. Met die oog daarop moet die gemeente hom van die gewone voedsel en tydelike werksaamhede tot die aand [398] toe onthou, en met gebed, die hoor van die Woord van God, die lees van die Heilige Skrif en ander heilige oefeninge, sy boetvaardigheid en geloof betuig en in die ware godsaligheid toeneem. Maar dit is raadsaam om die vas op ’n ander dag as die Sondag te reël”. Die Sinode van Middelburg, 1581, art. 49 stel vas dat in sulke tye ’n bid-en-vasdag na die *oordeel van die gemeente* en met bewilliging van die Owerheid bepaal sal word. Die Sinode van 's Gravenhage, 1586, art. 59, en die Dordtse K.O., art. 66, verskil in dié opsig dat nou die *bedienaars van die kerke* die Owerheid moet vra dat so ’n dag deur sy gesag en op sy bevel bepaal word.

Die Sinode van Utrecht, 1905, het twee veranderinge in die artikel aangebring. Omdat

"vas" nie meer gebruiklik was nie, is dit weggelaat (in aansluiting by die praktyk) en verder word bepaal dat die dag deur die Klassis, wat met die oog daarop deur die jongsgehoue Generale Sinode benoem is, bepaal sal word. Hier is nie meer sprake van die Owerheid wat daartoe versoek moet word nie.

Wat Nederland betref, moet in gedagte gehou word dat die kerke in die begin gebuk gegaan het onder die vervolging van Rome en Spanje. Dit was geloofsvervolginge, maar daarby het Nederland ook geworstel om staatkundige vryheid. Die stryd tussen kerk en staat was deureengeweef. Die politieke vrywording is grotendeels deur owerhede wat die gereformeerde belydenis onderskryf het, deurgevoer.

Ons wil die volgende afleidinge maak:

a. Dit het gegaan oor "swaar tye" van bloedige geloofsvervolging wat die hele Nederland geraak het.

b. Die nadruk val op *verootmoediging*. Die Sinode van Dordrecht, 1578, het dit duidelik gestel: om boetvaardigheid en geloof te betuig.

c. Die wyse waarop dit betrag moes word, is met *bid en vas* omskryf. Alles wat kon bydra tot verdieping van die geestelike lewe, moes dus in diens gestel word. Vas is altyd beskou as 'n goeie hulpmiddel vir diepere belewing.

d. Die dag van verootmoediging moes liefs nie op Sondag gehou word nie (1578).

e. Tot die Sinode van Utrecht, 1905, is die dag altyd in verband met die owerheid gebring.

f. Die oproep het eers deur die raad van die kerk, daarna deur die oordeel van die gemeente, vervolgens deur die bedienaars en vanaf 1905 deur die aangewese klassis geskied.

2. Die geskiedenis in Suid-Afrika.

In Suid-Afrika het tot by die Sinode van 1916 die redaksie van [399] die Dordtse Kerkorde van 1618—1619 as grondslag gedien en daarna was dit die Utrechtse redaksie van 1905 (vgl. bylae 9, Sin. Steynsburg, 1913; Sin. Potchefstroom, 1916, art. 154).

Uit die sake wat in verband met art. 66 op die sinodes gedien het, blyk dit egter dat daar meermale, en dit verkeerdelik, sake onder die artikel betrek is wat nie daar gehoort het nie. So word bv. op die Sinode van 1904, art. 220, en met groter verwarring op die Sinode van 1907, art. 69 bv., oor jaarlikse bid- en dankdae gehandel. Die kommissie was verdeeld in hul aanbeveling. Sommige het aanbeveel dat al die beskrywingspunte van die tafel gereël word en net art. 66 behou word, terwyl die ander die aangeleentheid aan die oordeel van die kerkrade wou oorlaat. Die Sinode het besluit dat voorasnog gebly word by art. 66, D.K.O.

Die Sinode van 1936, art. 142, handel weer oor: (a) die vasstelling van 'n jaarlikse biddag, en (b) die benoeming van 'n klassis om eventuele bid- en dankdae uit te skryf. Daar word besluit om aan (a) nie gevolg te gee nie, terwyl die benoeming van 'n klassis verwys word na die afsonderlike partikuliere sinodes. Hierdie klassisse met partikuliere sinodale opdrag moes die behoefte aan bid- en dankdae aan die korresponderende kerkraad van die volgende algemene sinode berig, wat, as dit nodig mog lyk, 'n algemene opwekking moes doen.

Die Sinodes van 1949, art. 121, en 1955, art. 245 c, handel maar weer oor jaarlikse bid- en dankdae. Die besluit wat geneem word, lui soos volg: "Gesien die Sinodebesluite van 1904, 1907, 1910, 1936 besluit die Sinode om die besluit van 1949 te herroep en terug te keer tot art.

66 van die Kerkorde. Die deputaatskap vir Korrespondensie word aangewys om in geval van nood, ingevolge art. 66 K.O., 'n biddag uit te skrywe".

Op die tafel van die Sinode van 1910 dien die saak van bidure. In die kommissie-rapport (bylae N) word onderskei tussen dit wat onder art. 66 tuishoort en dit wat nie daar tuishoort nie: die jaarlikse biddae met die oog op die gewas, die more- en aandgebede van die gemeente, die bidstonde (prayer meetings van metodistiese herkoms), ens. Die Sinode besluit: "Insake bededae en bidure bly die Sinode by art. 66, D.K.O., en bepaal dat deur elke Algemene Vergadering 'n kerk (gemeente) aangewys word, wat, wanneer vereis, so 'n dag sal uitskryf" (art. 152).

Die Sinode van 1916 ontvang berig dat die Owerheid nie geneë was om 'n biddag (volgens art. 66) met die oog op "de oorlog, dure tyden en donkere toekomst" uit te skryf nie, aangesien daar uiteenlopende gevoelens onder die bevolking gaande was, maar dat dit aan die kerke oorgelaat word (art. 12 en bylae [400] bl. 67, 68). Die Sinode van 1964, art. 240, het deputate benoem om sekere vrae en praktyke in verband met art. 66 te bestudeer. Daar kan gevra word: Kom die dag tot sy reg as dit gekoppel word aan 'n gewone erediens? Moet die sinode nie 'n spesifieke vorm voorskryf nie? Moet die samewerking met ander kerke nie gesoek word nie?

Nadat die Sinode van 1964 die redaksie van art. 66 hersien het, is die Klassis Pretoria-Oos benoem om op te tree in die uitvoering van art. 66, K.O.

3. Die gevaar van ligvaardige toepassing van hierdie artikel.

Uit die geskiedenis van die artikel is duidelik dat die sinodes teen misbruike wou waak. In elke kerk moet tog elke Sondag tydens die eredienste voorbidding gedoen word met die oog op die plaaslike sowel as op die algemene node. Soms word om spesiale biddae versoek omdat die gewone eredienste versuim of gering geskat word. Daar moet gewaak word teen 'n sug na die spesiale, teen spesiale Sondae (biddae) waarop uit selfsugtige oorweginge bv. om reën gevra word sonder diepgaande besef van sonde, teen die gebaar van skynheilige verootmoediging, ens.

4. Die leidende beginsel in hierdie artikel.

Die artikel maak voorsiening vir 'n landswye dag van verootmoediging en gebed.

Daar moet in gedagte gehou word dat daar in 'n groot land soos Suid-Afrika verskille heers met betrekking tot klimaat, reënval, plattelandse en stedelike toestande. Gevolglik het die Christian Reformed Church in Amerika in 1914 die artikel só gewysig dat van meervoudige klassisse sprake is (vgl. Van Dellen en Monsma, bl. 272, pt. 2). Artikel 66 sluit dus geensins die outonome reg van 'n kerkraad binne 'n gemeente, of van 'n aantal kerke in 'n klassis, uit om dae van gebed vir die gewasse te bepaal nie. Dit ontneem geen kerk of 'n aantal kerke in 'n bepaalde verband die reg om daar 'n dag van verootmoediging en gebed waar te neem nie. Die artikel reël slegs die prosedure wanneer 'n *algemene oproep* noodsaaklik bevind word.

Alle klem moet daarop gelê word dat die formulering beperkend is. Die artikel praat van: oorlog, pestilensie, algemene volksrampe en groot beproewings. Dit word nader bepaal: "waarvan die druk oral in die kerk gevoel word". Dit gaan dus nie oor plaaslike noodtoestande of gereelde jaarlikse bid- en dankdae nie; die artikel wil 'n wyse van landswye skuldbelydenis onder die duidelike slanende hand van die Here moontlik maak.

[401]

5. ’n Dag van verootmoediging en gebed.

Die behoefte aan ’n dag van verootmoediging en gebed moet uit ’n sielsgesteldheid gebore word waarin die mense algemeen onder die kastydende hand van God tot ’n besef van hulle wederstrewigheid, ongeregtigheid en afdwaling gekom het. Die gestalte van Dawid in Ps. 51 moet betreklik algemeen aangevoel word. So ’n dag word nie bepaal om te probeer boetvaardigheid opwek nie. Dit word bepaal omdat daar weens ’n algemene boetvaardigheid ’n drang bestaan na werklike skuldbelydenis, om ’n landswye terugkeer tot God te betoon en te smeek om skuldvergifnis. Daarom was dit in die geskiedenis aan *vaste* verbind, wat die konsentrasie op die boetedoening versterk en wat liggaamlik aanpas by ’n gees wat hom alle vreugde ontsê totdat hy met God versoen sou wees. Die toon moet wees: “Here, ek dank U dat U toornig om my gewees het...” Wanneer so ’n dag weens ’n donker dreiging bepaal word, sal nooit gesê kan word dat dit as ’n dankdag waargeneem sal word as daar voor die tyd uitkoms is nie. Dit verraai verootmoediging as ’n middel tot ’n doel, terwyl dit juis die doel moet wees. Treffend is in dié verband die woorde van ’n Nederlandse Sinode, Rotterdam 1887, wat ons vry weergee: “Die aard en die karakter van so ’n dag is nie om ’n stigtelike middel aan te wend met die oog daarop om die gemeente tot godsaligheid te beweeg nie; ook nie om deur hierdie gebed meer aandag as deur die gewone weeklikse gebede van die gemeente te trek nie; ook nie om voor die Here die kroniese kwale en ellende van land, volk en kerk te bring nie. Die doel moet altyd wees: om in die besondere gemeenskaplike nood, wat of die land, of die kerke beklem, waar die gewetens deur die majesteit van die oordele van God geraak is, nou ook saam voor die Here in die skuld te val en by die aansien van hierdie skuld nog in verwondering te staan oor sy baie goedertierenhede ...”

6. Die uitskryf van so ’n dag.

Die klassis wat kragtens art. 66 K.O. aangewys word, moet dus altyd sorgvuldig weeg en oordeel. Die klassis kan op inisiatief van een van die kerke in sy ressort, of op versoek van ’n ander kerkraad, klassis, partikuliere sinode, selfs ’n ander kerk, of die owerheid handel.

7. Samewerking met ander kerkgroepe.

Dit gebeur dikwels dat dae van verootmoediging en gebed (of soms biddae wat verkeerdelik onder dié naam aangedien word) [402] bestaan dat elke kerk die dag van verootmoediging wat gesament-en[1] bepaalde gemeenskappe ook in samewerking met ander kerkgroepe gehou moet word. Die vraagstukke oor die basis van samewerking, die vorm van korrespondensie, die karakter wat so ’n samekoms aanneem, ens., sal D.V. deur die Sinode van 1967 oorweeg word. O.i. sal die beste vorm van samewerking daarin bestaan dat elke kerk die dag van verootmoediging wat gesamentlik bepaal is, in sy eie kerk waarneem.

8. Die samewerking van die Owerheid.

Hierdie artikel handel oor ’n saak wat die land en die volk raak en wat dus ook deur die Owerheid behoort gevoel te word. Daarom het ouer redaksies van die artikel tot 1905 nog die samewerking van die Owerheid, wat nog voor die gesag van die Woord van God buig, gesoek. Waar dié weg bewandel word, moet dit aanbeveel word. Die Owerheid kan bepaal dat so ’n dag in die week gehou word en dat hy die volk voor die Hoogste Majesteit van God in verootmoediging

[1] Dit lyk of hier ‘n drukfout is. Moontlik kan dit lees: “Dit gebeur dikwels dat dae van verootmoediging en gebed (of soms biddae wat verkeerdelik onder dié naam aangedien word) bestaan dat elke kerk die dag van verootmoediging wat gesamentlik met bepaalde gemeenskappe ook in samewerking met ander kerkgroepe gehou moet word.”

voorgaan.

ARTIKEL 67

DIE CHRISTELIKE FEESDAE

Die onderhouding van die Christelike Feesdae, Kersfees, Paasfees, Pinkster en Hemelvaartsdag word aan die vryheid van die kerke oorgelaat.

1. Die Rusdag gaan voorop.

Totdat die Sinode van 1964 bostaande formulering vir artikel 67 vasgestel het, het dit gelui: "Die gemeentes moet, behalwe die Sondag, ook Kersdag, Paasfees, Pinkster en Hemelvaartsdag onderhou. Die onderhouding van die tweede feesdae word aan die vryheid van die kerke oorgelaat". Ons weet dat hierdie toegewing ten opsigte van die feesdae grotendeels deur die Nederlandse Owerhede van die Gereformeerde Kerke afgedwing is. In hierdie formulering lyk dit asof die onderhouding van die feesdae *naas* dié van die Rusdag gestel word. Dit lyk asof die feesdae gelyk is aan die Rusdag. Hierteen kan tereg beswaar gemaak word aangesien die onderhouding van die Rusdag op 'n goddelike instelling (die vierde gebod soos verklaar in Sondag 38 van die Heidelbergse Kategismus) berus. Dit is nie 'n reëling van die kerk nie. Dit word gevolglik ook nie in 'n Kerkorde bepaal nie, want die onderhouding van die gebooie van die Here word nie in die Kerkorde nie, maar in die Skrif gestel.

[403]

2. Die feesdae is nie soortgelyk aan die Rusdag nie.

Die sogenaamde feesdae is van menslike en kerklike oorsprong. Die redaksie van die artikel wat tot 1964 gegeld het, het verkeerdelik die indruk geskep dat sommige van die feesdae op een vlak met die Rusdag staan en dat die onderhouding daarvan derhalwe deur die K.O. verplig word. Die formulering van die Sinode van 1964 sluit aan by die suiwere beginsels van die Hervorming.

Die Sinode van Dordrecht, 1574, art. 53, het oor die vraag na die onderhouding van die feesdae langs die Sondag verklaar dat die kerke met die Sondag alleen tevrede moet wees. Die Bybelse stof, wat op die geboorte van Christus betrekking het, sal dan op die Sondag vóór die Kersfees, en so ook in die geval van die ander feesdae, in die kerke behandel word. Die volk (gemeente) word selfs vermaan om van die feesdag af te sien.

Onder die invloed van Rome het dié dae egter diep wortel geskiet: die volk was versot op die vakansiedae en die Owerheid wou die kerke verplig om die feesdae te onderhou. Die Sinode van 1574 was geneig om toegewings te maak aan die volk en die Owerheid in die hoop dat die K.O. dan van owerheidsweë goedgekeur sou word.

H. Bouwman wys daarop dat die Hervormers geywer het vir die afskaffing van die feesdae. Calvyn, Zwingli en Bullinger, Farel en Viret het in Genève, Bucher[2] in Straatsburg en Knox in Skotland die feesdae afgeskaf. Die beginsel van die Hervormers was dat geen menslike instellings op dieselfde vlak as die ordinansies van God, ten opsigte van die Sondag, gestel mag word nie. Teen die feesdae is aangevoer dat dit nie van Goddelike nie, maar van menslike oorsprong was: dat die feesdae die Sondag verdring; dat die vakansie (ledigheid) op die feesdae

[2] Korrekte spelling is Bucer.

tot losbandigheid lei.

Dit is opmerklik dat persone wat van die Roomse kerk na die Protestantisme oorkom, gewoonlik teen die hou van die feesdae beswaar het omdat hulle ervaar het dat die menigte Roomse feesdae die betekenis van die Sondag verduister. Iemand het dit treffend uitgedruk: Elke Sondag is Kersfees, Paasfees, Pinkster en Hemelvaartsdag.

3. Die sogenaamde kerklike jaar.

Selfs in Gereformeerde kringe word soms gepraat en gehandel volgens die sogenaamde "kerkjaar". Dan word reeds 'n 4 weke vóór Kersfees met "advent"-preke begin; vóór Paasfees word daar vir 7 Sondae oor die lyde van Christus gepreek; tussen Paasdag en [404] Hemelvaart oor die opstanding van Christus; tussen Hemelvaartsdag en Pinkster oor die uitstorting van die Heilige Gees. Die "kerklike" jaar beheers op dié wyse die preekstof vir meer as die helfte van die jaar. Die menslike instelling (feesdae) bepaal gevolglik op dié wyse die preekstof vir die Goddelike instelling, die Rusdag. Sodoende kom daar van sistematiese Skrifprediking weinig tereg. Gedurende die feessiklus word elke jaar stof uit dieselfde beperkte gedeelte van die Skrif herhaal. Die sug na die spesiale by hierdie menslike instelling word soms geopenbaar in die onderhouding van middernagdienste asof die gepredikte Woord van die voorgaande Sondag nie 'n jaar in oënskou kan neem nie anders as juis op die indrukwekkende oomblik van die oorgang van die ou na die nuwe jaar. Soms tree 'n repristinasiesug[3] as gevolg van die feesdae na vore in die viering van Nagmaal op Goeie Vrydag of in die onderhouding van Pinksterbidure. Hierteenoor moet die beginsel vasgehou word dat die prediking op die Dag van die Here (die eerste dag van die week) betekenis het vir die hele week (en selfs daarna) en dat die gebeurtenisse in die Kersnag, Pase, Hemelvaart en Pinkster eenmalig was, terwyl die feite daarvan durende betekenis het.

4. Die huidige probleme met die feesdae.

Gedurende die Hervorming is aan die vertoë van die Owerheid toegegee en in die Kerkorde voorsiening gemaak vir dienste op die feesdae met die doel om só "losbandigheid en ledigheid" teë te gaan. Die ironie is egter dat Kersnaweek en veral Paasnaweek kort vakansies by uitnemendheid geword het en selfs op die ander feesdae word dit gebruiklik om die eredienste vroeg te hou sodat die hele dag verder vir plesier benut kan word.

Die ironie is verder dat, waar die Owerhede vroeër die kerke gedwing het om die dae te onderhou, die kerke nou by die Owerhede moet pleit om die (hulle) dae onder die Sondagwetgewing te beskerm. Dit skyn asof die ledigheid 'n sterker motief as die herdenkings-karakter vorm by die aandrang om die voortbestaan van die feesdae.

5. Die suiwere beginsel.

Die nuwe redaksie van die artikel stel die beginsel suiwer. Feesdae van menslike herkoms is nie gelyk (of selfs hoër!) as die Rusdag nie. Die Rusdag *moet* en die ander dae *kan* deur middel van eredienste onderhou word. Of dit op 'n bepaalde plek (gemeente) moet gebeur, kan slegs deur die kerkraad aldaar beoordeel [405] word. Dit kan egter aanbeveel word dat op die Sondag naaste aan die kerklike feesdag in die prediking gehandel sal word oor die heilsfeit wat op dié dag herdenk word.

[3] Repristinasie: Latyn: re + pristinus
re = her, of weer.... Pristinus = vorig, voormalig...

ARTIKEL 68

DIE GEREELDE KATEGISMUSPREDIKING

Die bedienaars van die Woord moet op Sondag, gewoonlik in die tweede diens, die hoofinhoud van die Christelike leer soos vervat in die Heidelbergse Kategismus uitlê en soveel moontlik jaarliks afhandel volgens die Sondags-afdeling daarvan.

1. Geskiedenis van die Kategismus prediking voor 1618.

Die vaders het nie geskroom om hulle erns met die Belydenis van die kerk in die prediking te openbaar nie. Die weeklikse prediking van die Kategismus is gevolglik vanaf die tyd van die Hervorming gebruiklik.

Dit word reeds op die Sinode van Dordrecht, 1574, art. 44, vasgestel en in art. 80 bepaal dié Sinode dat Sondagmiddag na die Nagmaalsviering die predikasie van die Kategismus volgens gewoonte gehou moet word. Die Sinode van 's Gravenhage, 1586, art. 61, het die artikel min of meer in sy huidige redaksie gegiet. Daar was egter besware van die kant van die Remonstrante en sommige het die nalatigheid in die bywoning van die middagdienste aan die Kategismusprediking toegeskrywe. Gevolglik het sommige predikante die prediking van die Kategismus nagelaat. Die saak het dus weer op die Sinodetafel van Dordrecht, 1618— 1619, gedien. Die Sinode het egter die artikel gehandhaaf en verder aanbeveel dat die predikasies kort en bevatlik gestel moet word.

2. Die beginsel in die Kategismusprediking.

Ons onderskryf die Belydenisskrifte *omdat* (quia) hulle ooreenkom met die Woord van God. Die prediking van ’n offisiële Skrifgebonde Belydenisskrif is gevolglik verklaring van die Bybel. Dit is die banier van die kerk wat uit die Skrif gehaal is. Omdat die kerk (gemeente) slegs in die eenheid van ’n ware geloof (Sondag 21) ’n liggaam (instituut) kan vorm, is dit noodsaaklik dat die lidmate die Belydenis ken en daarin opgebou word.

[406] Onder leiding van die Heilige Gees spreek die kerke in die Belydenis uit wat hulle onder die suiwer Christelike leer op grond van die Heilige Skrif verstaan (vgl. art. 53 K.O.). Wanneer hierdie suiwere leer wat in die Kategismus uitgedruk is, verwaarloos en misken word, word die ruggraat van die kerke gebreek en “wordt de prediking uitgehold en het geloofsleven van de kerkmens aan verschraling prijs gegeven” (G.C. Berkhouwer: *Het Dogma der Kerk,* bl. 7). Vandaar die noodsaaklikheid vir gereelde Kategismusprediking.

3. Die geleentheid vir die Kategismusprediking.

Die artikel bepaal dat die hoofinhoud van die Christelike leer, soos vervat in die Heidelbergse Kategismus, uitgelê moet word. Elkeen sal besef dat Kategismusprediking die beste vrugte dra waar dit op die deeglike kategetiese vorming van die lidmate kan voortbou. Die Kerkorde bepaal dat *elke Sondag* en stelselmatig uit die Kategismus gepreek sal word. Dit word verder gereël dat dit “gewoonlik in die tweede diens” sal geskied. Die vraag is egter of dit nie aktueel geword het dat die prediking uit die Kategismus afwisselend in die more en die aand moet geskied nie. As gevolg van omstandighede kan sommige lidmate miskien net oggend-dienste bywoon en hulle hoor gevolglik nooit die Kategismusprediking nie en verbeur gevolglik die voordele daarvan.

Die K.O. reël dat die Kategismusprediking elke Sondag moet geskied sodat die hele

Kategismus gedurende 'n jaar behandel kan word. Daarmee word die gereelde Kategismusprediking benadruk, hoewel dit weens omstandighede, byvoorbeeld die jaarlikse verlof van die predikant, ruilbeurte, ens., soms nie kan gebeur nie. Nogtans kan selfs by leesdienste meer van Kategismuspreke gebruik gemaak word. Die kerkraad moet egter waak dat die kerk nie van sy Belydenis vervreem en in stelselmatige Skrifkennis verskraal nie. Ondersoeke deur kerklike vergaderings het getoon dat in die meeste gevalle die swakker bywoning van die tweede diens niks te doen het met die feit dat uit die Kategismus gepreek word nie.

4. Die metode van Kategismusprediking.

Goeie Kategismusprediking vereis deeglike studie van die Sondagsafdeling in verband met die Skrif deur die bedienaar van die Woord, anders kan hy die Belydenis nie duidelik en toepaslik aan die gemeente verkondig nie.

[407] Tereg merk Jansen in sy verklaring op dat dit gewoonlik foutief sal wees om by die Kategismusprediking 'n teks aan te kondig. Die Sondagsafdelings berus gewoonlik nie net op 'n enkele teks nie. Dit is 'n saamgevatte waarheid van verskillende tekste uit die hele Skrif oor 'n bepaalde onderwerp. Daarom is Kategismusprediking, as dit reg geskied, Skrifprediking. Dr. J.D. du Toit het die vraag of daar 'n teks aan die Kategismusprediking vooraf moet gaan om sodoende te bewys dat 'n mens die Skrif hoër as die Kategismus stel, afgewys. Hy antwoord dat dit nie nodig is nie en dit "riekt" na die gravamen van die Remonstrante. Die besware teen direkte Kategismusprediking word gewoonlik deur Biblisistiese of Konfessionele onverskilligheid geïnspireer. Die Skriflesing voor die prediking kan duidelik genoeg die doel dien wat met 'n enkele teks beoog word. Die gevaar is (hoewel nie noodwendig nie) daar dat of die Kategismus deur 'n enkele teks beperk, of die teks deur die Kategismus geforseer sal word. Die teks kan maklik net 'n "kapstok" vir 'n Kategismuspreek word. Kategismusprediking is dus steeds Skrifprediking al is dit nie tekspredikking nie. Wanneer 'n predikant vir jare in dieselfde kerk agtereenvolgens die Kategismusprediking waargeneem het, kan 'n sekere mate van afwisseling verkry word deur byvoorbeeld slegs één vraag en antwoord te behandel, of deur slegs een sentrale gedagte vanuit 'n bepaalde teks te belig. Vir die suksesvolle toepassing van die metode is rype ervaring, diepgaande studie en groot versigtigheid 'n vereiste.

ARTIKEL 69

DIE KERKLIED

> *In die kerke moet die 150 Psalms, die Tien Gebooie, die Onse Vader, die twaalf Artikels van die geloof, die lofsange van Maria, Sagaria en Simeon gesing word. Ander Skrifberyminge wat die sinode goedgekeur het, word in die vryheid van die kerkrade gelaat.*

1. Geskiedenis van kerksang.

Reeds by Israel vorm die sang deel van hulle godsdiens. In die Hebreeuse Bybel, wat in die Wet, die Profete en die Gedigte verdeel is, word die Psalms, Prediker en Hooglied tot die gedigte gereken. Daar kom egter ook in die historiese en profetiese boeke verskillende gedigte voor.

[408] Die huidige vorm van kerksang het eers met die Hervorming op die voorgrond getree. Voor die tyd het koorsange die belangrikste plek ingeneem. (Vgl. verder Bouwman, *Geref. Kerkrecht II*, bl. 498—511).

2. Die inhoud van die kerklied.

Calvyn het veral die gebruik van die Psalms, met uitsluiting van allerlei gangbare gesange, beklemtoon. “God self moet die lof op die lippe lê”. Hierin lê die gedagte dat die lied in die erediens *Skrifgebonde* moet wees. Die Nederlandse Kerkorde van 1586, art. 63, het nog bepaal: “Die psalms van Dawid sal in die kerke gesing word en gesange wat nie in die Skrif gevind word nie, sal gelaat word”. Volgens die beginsel het die Kerkorde van 1619 toe wel van die Nieu-Testamentiese Lofsange naas die Psalms gestel, sowel as die Onse Vader, die Tien Gebooie en die Twaalf Artikels. Een gesang is aan die vryheid van die kerke oorgelaat.

3. Melodieë van die kerksang.

Die melodieë het ook ’n eie ontwikkeling ondergaan. In Holland is bv. die “Souterliedekens” van Van Zuylen van Nijeveldt op bekende melodieë gesing, deels met die oog daarop dat vervolgers nie moes agterkom dat Psalms gesing word nie. Die Geneefse kerkmusiek is meesal van die meester Bourgeois afkomstig en die gehalte daarvan word besonder hoog aangeslaan. Dit word egter ook beweer dat enkele melodieë oorspronklik straatwysies was, waarvan die ritme gewysig is.

In Nederland het die beryming van Utenhove in 1566 verskyn, maar dit het nie baie ingang gevind nie. Die psalmberyming van Datheen is deur die konvent van Wezel, 1568, vir gebruik aanbeveel (art. 31) en is ten spyte van die veel beter beryming van Marnix wat die Sinode van Dordrecht 1574, art. 43, aanbeveel het, steeds in die kerke gebruik.

Gaandeweg het daar egter meer en meer besware teen die beryming van Datheen oor die suiwerheid, hinderlike uitdrukkings en woorde en gehalte van die beryming gekom. Gedurende die 18e eeu het die besware byna algemeen geword.

In 1773 het die State-Generaal ’n nuwe beryming verpligtend gestel en met dwangmaat-reëls afgedwing ten spyte van dogmatiese besware wat daarteen ingebring is. Hierdie beryming is ook in ons land en in ons kerke gebruik totdat die Afrikaanse beryming in gebruik geneem is.

Op die invoering van die psalms het die invoering van die [409] Evangeliese Gesange gevolg. Teen die einde van die agtiende eeu het die opkomende Liberalisme nuwe godsdienstige behoeftes gewek. Hoewel art. 69 van die Kerkorde deur ’n Algemene Sinode in 1619 vasgestel is, is dit in 1807 in Nederland met die instemming van partikuliere sinodes só gewysig dat ’n bundel Evangeliese Gesange vir kerklike gebruik bygevoeg is. Die bundel was leerstellig onsuiwer en dit is op ’n onkerkregtelike wyse ingevoer. Die gemeentes van Stellenbosch en Kaapstad in Suid-Afrika het eenvoudig in 1814 die Nederlandse Gesangbundel hier ingevoer. Hierdie simptome van die Liberalisme het in Nederland die Gereformeerde Afskeiding van 1834 en in Suid-Afrika die herstigting van die Gereformeerde Kerk gestimuleer toe dit verpligtend gestel is en onderskrywing van die Evangeliese Gesange as voorwaarde vir lidmaatskap van die bestaande kerke geëis is.

Die Nederlandse Sinode van 1930 het die kerkliedere in die Gereformeerde Kerke “met het oog op die Christelijke feestdagen” uitgebrei.

4. Die Afrikaanse Psalmberyming.

Afgesien van sporadiese pogings om enkele Psalms in Afrikaans te berym, het Totius (dr. J.D. du Toit) nadat die Sinode van 1920, art. 129, besluit het om hom te beywer vir ’n Afrikaanse Psalmberyming reëlmatig in opdrag berymings in Afrikaans gepubliseer. Die Sinode van 1936 het die Afrikaanse psalmboek offisieel aanvaar soos dit deur Totius berym is. Omdat dit deur

meer kerke gebruik word, is by enkele psalms 'n tweede, ander beryming opsioneel gestel.

Die melodieë is deur 'n spesiale kommissie versorg. Dit is bekend dat die verteenwoordigers van die Gereformeerde Kerke nie genoeë geneem het met verskillende nuwe melodieë nie. In die jongste tyd maak kenners ernstige beswaar teen swak musiekgehalte van verskillende van die nuwe melodieë. Die Calvinistiese karakter word ook in die musiek gemis sodat steeds sterker geroep word: Terug na Genève! (Vgl. dr. J.J.A. van der Walt se proefskrif: "Die Afrikaanse Psalmmelodieë" en W.E.G. Louw se voorwoord daarin).

5. Die invoering van Skrifberyminge in 1942.

Artikel 69 bepaal wat in die eredienste gesing mag word. Die Sinode van 1939 het met byna algemene stemme die beginsel aanvaar dat uitbreiding van die kerkgesang mag geskied (art. 116). Gevolglik het die Sinode van 1942 oor 'n spesiale bundel van [410] Skrifberyminge uit die pen van Totius, wat aan die Sinode voorgelê was, soos volg besluit (art. 86):

a. Aangesien die Sinode van 1939 besluit het om uitbreidinge te maak in verband met ons kerkgesang en opdrag gegee het aan deputate om 'n bundel Skrifberymings, wat om en by 50 sal tel, met die oog hierop te publiseer, en hierdie opdrag ondertussen uitgevoer is, so besluit die Sinode nou om hierdie Skrifberymings goed te keur.

b. Die Sinode, inagnemende dat daar nog besware bestaan teen die invoering van die Skrifberymings vir gebruik in ons erediens, beveel aan dat kerkrade met inagneming van die toestande van hul gemeentes, sal besluit wanneer die tyd by hulle geleë is vir die ingebruikneming daarvan, en beveel voorts aan die beoefening daarvan in huis, skool en katkisasie.

c. Die Sinode gee opdrag aan die K.J.B.-fonds[4] om die bestaande berymings by 'n nuwe uitgawe van die psalmboek agterin te laat bind.

d. Die Sinode het daar geen beswaar teen indien van ons kerkrade daarvan nou gebruik wil maak in hul eredienste tot bevordering van die geestelike opbouing nie.

Met 'n uitgangspunt dat die letterlike teks van wat gesing word, in die Bybel gevind moet word, kan beswaar gemaak word teen die laaste vers van die beryming van die Tien Gebooie en die beryming van die 12 Artikels van die geloof. Daar kan besware geopper word teen liturgiese gebruik van byvoorbeeld gelykenisse en die Bergrede wat as Goddelike onderwysings van Jesus aan die kerk gerig word en die kerk dit nou in sy lied tot God wil terugsing. Daar is gevolglik oor die Skrifberymings op die Sinode van 1942 reeds heftig geargumenteer. Tereg het die Sinode die versigtige weg gevolg, naamlik dat kerkrade moet oordeel wanneer die Skrifberymings met stigting plaaslik ingevoer kan word. Die Skrifberymings raak nie die wese van die liturgie nie, slegs die welwese daarvan. Daarom kan oorhaastige optrede meer kwaad as goed doen aan die koninkryk van God. Voorstanders van die Skrifberymings en beswaardes moet die volle geleentheid ontvang om hulle wense met argumente te staaf. Vir albei geld die gulde reël: Festina lente (haas jou langsaam).

6. Die betekenis van die kerksang.

Die kerksang is 'n wesenlike en noodsaaklike deel van die erediens. Dit is die geloofsbelewing en geloofsopenbaring van die gemeente van Christus tot eer van God. Reeds in sinagoges het die volk God geloof en geprys in psalmgesang. Die psalmgesang is 'n [411] aktiewe

[4] Calvyn Jubileum Boekefonds

en openlike geloofsbetuiging van die gemeente, waar hulle in die Naam van Christus amptelik byeen is, om die glorie van God te verkondig. Calvyn sê: "Ons het gesange nodig wat nie alleen eerbaar is nie, maar wat ook heilig is, en wat vir ons as prikkels kan dien om ons aan te spoor tot God te bid, God te loof en sy werke te oorpeins, opdat ons Hom sal liefhê, vrees, eer en verheerlik. Maar wat Augustinus sê, is waaragtig, nl. dat niemand iets kan sing wat Gode waardig is nie of hy moet dit van God ontvang het. Daarom sal ons ook, na oral gesoek en rondgespeur te hê, geen liedere vind wat meer geskik is om dit te doen as die psalms van David nie, wat deur die Gees geïnspireer is. Alleen as ons hulle sing, is ons seker dat God ons die woorde in ons mond lê, asof Hy self in ons sing om sy eie glorie te verhoog" (*Geref. Kerkrecht* II, bl. 501—502).

7. Tempo en begeleiding.

Ons is tans in die gelukkige posisie dat ons psalms ritmies (kort en lank) gesing kan word. Tog moet daar steeds gewaak word dat die sang van die gemeente nie te vinnig of te stadig is nie. Dit word beweer dat vroeër, te Sluys, aan een psalmvers 12 minute lank gesing is.

Calvyn was teen orrelbegeleiding in die erediens. Ook die Sinode van Dordrecht, 1574, was van oordeel dat, wat orrelbegeleiding betref, dit "gantsch behoort afgezet te wezen" (art. 50).

In Suid-Afrika het die Sinode van 1885 besluit: "De Synode kan het gebruik van orgels in de Kerken niet verbieden; en vindt geene zwarigheid orgels bij den openbaren eeredienst toe te laten. Echter zullen de kerkeraden getrouwelijk moeten waken, dat de eenvoudigheid van onzen eeredienst strengelijk behouden worde, dat de gemeente steeds in geenen deele verbonden worde, en dat de muziek alleen diene om het gezang te ondersteunen en vooral geen eerste plaats innemen" (art. 93).

Ons onderskryf wel almal die beginsel van Calvyn dat die *woorde* hoofsaak moet bly en die orrelbegeleiding slegs dienende werk moet verrig. Orrelspel is nie 'n noodsaaklike deel van die erediens soos die sang van die gemeente nie. Die orrelbegeleiding of orrelmusiek mag nie domineer en die geestelike karakter van die diens skade aandoen nie. Orrelspel kan slegs geduld word as dit bevorder. Wyle dr. J.D. du Toit het raak opgemerk dat die orrel nie mag preek nie. Dit is ook allermins vir vertoon of vermaak of uitvoerings gedurende 'n erediens bedoel.

By die aanstelling van 'n orrelis moet duidelik ooreengekom word dat die orrelis, wat die spel betref, onder die toesig van [412] die kerkraad staan en volgens hulle opdrag moet speel. Hy vervul 'n blote ondersteunende funksie tydens die erediens. Wanneer hy vir hom "kunstenaars-vryheid" veroorloof, mag sy optrede die gemeente ontstig. Die kerkraad moet ook die voor- en naspel desgewens kan voorskryf.

Dit beteken egter nie dat 'n gemeente maar moet begaan nie. Daar moet beslis aandag gegee word aan die wyse waarop die gemeente sing sodat die verskil tussen 'n gebed en 'n jubel bv. beleef word.

In die Liturgiese beginsels word die *eenheid* van die gemeente vooropgestel, 'n Erediens is 'n handeling van een gemeente. Dit dra 'n *gemeenskaplike* karakter. Daarom het die gereformeerde kerke hulle altyd sterk verset teen koorsang tydens eredienste omdat dit die gemeente passief plaas teenoor 'n groepie koorlede. Dit rand die gemeenskaplike karakter van die erediens aan (vgl. Kuyper: *Onze Eredienst*, bl. 81). Teen koorsang buite die erediens bestaan daar geen beswaar nie. Dit kan selfs sterk aanbeveel word. Dit verheerlik God weer deur die skoonheid van die musiek soos die gemeente deur sy gemeenskaplike handeling (al is dit musikaal gebrekkig) God verheerlik.

ARTIKEL 70

DIE KERKLIKE HUWELIKSBEVESTIGING

Die kerkrade moet toesien dat die huwelikstaat voor die gemeente van Christus bevestig word volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.

1. Die huwelik in die gemeenskapslewe.

Die huwelik is 'n instelling van God. Dit is die eenvoudigste bousteen van die ganse menslike samelewing. Aanvanklik was die funksies van kerk, staat, maatskappy, ens., in die gesin beliggaam. Later het dit uit die gesin gedifferensieer.

Die gekompliseerdheid van die gesinstruktuur as basis van die hele menslike gemeenskapslewe openbaar hom ook by die huwelik, indien ons onder "huwelik" die totstandkoming van 'n trouverbond tussen twee mense verstaan. Die huwelik voltrek hom eintlik in verskillende *stadia*.

In die eerste plek kom die twee persone persoonlik ooreen dat hulle met mekaar wil trou en word die toestemming van die ouers verkry. Dit is die ondertrouing of verlowing. Net soos die [413] burgerlike reg 'n verlowing as 'n regsgeldige kontrak beskou, het Gereformeerde kerklike vergaderinge 'n verlowing ook as 'n onverbreekbare trouverbond beskou en die tug toegepas indien dit sonder regmatige gronde verbreek word (Emden, 1571, art. 23; Dordt, 1574, art. 84; Dordt. 1578, art. 78, 85). Hier oefen die kerkraad sy toesig uit oor die onderhouding van die gebooie van God in 'n streng persoonlike aangeleentheid soos die verlowing. Hierdie roeping tot toesig oor lidmate het die gemeente self ontvang (vgl. Matth. 18:15; 1 Kor. 12:25 tot 27). Waar liefde heers, waak die gemeente reeds oor die lewe van die individuele, verloofde en getroude lidmate.

In die tweede plek moet ons opmerk dat die staat die reg in die menslike samelewing moet handhaaf. Enige huwelik, of dit tussen gelowige of ongelowige mense aangegaan word, is verbond (kontrak) tussen twee mense. Dit moet daarom wettig wees, anders kan 'n ordelike menslike samelewing nie bestaan nie. Die bepaling van die regsreëls, kontrole of dit nagekom word, eventuele regspraak indien een party sou kla dat hy deur die ander party veronreg is, ens., val op die terrein van die burgerlike kontraktereg. Die *regsgeldige en wettige sluiting* van enige huwelik behoort dus tot die terrein van die staat.

Omdat die huwelik egter 'n duidelike persoonlike, gesinsmatige en staatsregtelike karakter dra, is daar al betoog dat die huwelik 'n blote burgerlike instelling is en dat die gemeente daar niks oor te sê het nie. Die Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het in 1964 egter die kerklike karakter van die Christelike huwelik *naas* die burgerlike huweliksluiting na aanleiding van 'n beswaarskrif van die Klassis Germiston opnuut beklemtoon (art. 80, 85).

In die derde plek is dit dus nog altyd aanvaar dat die gemeente (kerk) van Christus ook belang by die huweliksvoltrekking het. Die Roomse Kerk het dié kerklike belang tot 'n sakrament verhef. Die plegtige bevestiging van die huwelik is gedurende die Reformasie net soos dié van belydenis van geloof en bevestiging van ampsdraers van die valse sakrament-suurdeeg gesuiwer. Die Christelike huwelik moet dus net soos die openbare belydenis van die geloof of die bevestiging van 'n ampsdraer eenvoudig as 'n kerklike seremonie voor die gemeente geskied.

Die staat het 'n funksie in verband met die regsgeldigheid van die huwelik. Die gemeente van Christus het egter 'n funksie by die bepaling van die karakter van die huwelik voor, tydens en

na die totstandkoming van die huwelik. Nie elke regsgeldige huwelik is ’n Christelike huwelik nie. Daarom moet die gemeente [414] van Christus waak oor die karakter van die huwelik van sy lidmate. Hulle trou nie net om met mekaar saam te lewe nie, maar om *heilig* met mekaar saam te lewe.

Wanneer die besondere terreine van die persoon wat trou, die familie, die vriende, die staat en die gemeente verwar word, kom juis die kerklike funksie eerste in gedrang. Wanneer daar nie baie sterk op die plek van die huwelik in die verbondsbetrekking met God en die volk van God gelet word nie, lyk die kerklike funksie by ’n huweliksluiting of oorbodig, of na ’n blote versiering.

2. Die historiese agtergrond van die artikel.

Sedert 1571 moes die staat en die kerk in Nederland gedurig oor huweliksake korrespondeer en ’n veelheid van probleme probeer uitstryk. Elke staat (provinsie) van Nederland het sy afsonderlike huwelikswette onderhou. Die gevolg was dat die Sinode van Dordrecht in 1619 nog niks meer in art. 70 kon sê nie as wat ons vertaald soos volg weergee: “Aangesien tot nog toe verskillende gebruike in huweliksake oral rond onderhou word, en dit nogtans wenslik is dat gelykvormigheid betrag word, daarom sal die kerke bly by die gebruik wat hulle in ooreenstemming met Gods Woord en voorgaande kerklike bepalinge tot nog toe onderhou het, totdat die Hoë Owerheid (wat daartoe versoek sal word) ’n Algemene Ordonnansie met advies van die kerkdienare gemaak het, waarna hierdie Kerkorde in dié verband verwys”.

Uit hierdie redaksie was dit duidelik dat die Sinode nooit die reg van die staat om die wetlike sy van die huwelik te bepaal, betwis het nie. Die kerk wag eintlik op die staat. Aan die ander kant is op grond van Gods Woord aanvaar dat die gemeente wat volgens die Woord leef, ook belang by die huweliksvoltrekking het.

In die Weselse artikels van 1568, hoofstuk VII, word aanvaar dat die gemeente medeseggenskap ten opsigte van die *sanksie tot ’n huwelik het*. Die verlowing moet eerstens met toestemming van die ouers maar liefs ook met medewete van die predikant aangegaan word; die aansoek om huweliksgebooie te laat afkondig, moes voor ’n kommissie van die kerkraad (dit wil sê onder kontrole van die kerkraad) gedoen word; daarna moes die gebooie vir drie Sondae afgekondig word (vgl. die parallel met ’n broeder wat tot ’n amp geroep is); slegs as alles voorspoedig verloop het, kon die bevestiging daarna voor die gemeente geskied. Daaruit volg dus ’n tweede beginsel: die gemeente sanksioneer huwelike sodat hy ook *die seën van die Here* oor die getroudes kan afbid. Indien ’n gemeentelid nie vrymoedigheid tot hierdie seënbede het nie, moet hy beswaar maak voordat die huwelik voltrek word. As die [415] beswaar gehandhaaf word, word die huwelik natuurlik nie bevestig nie. Die kerk kan vandag nog weier om gebooie af te kondig, om voort te gaan met afkondiging en om die huwelik te bevestig (Sin. 1958, art. 176).

Die Franse Rewolusie het die Nederlandse siviele regskode na 1797 ingrypend verander. Die staat is gesekulariseer. Die skeiding tussen kerk en staat is voltrek. Toe die Gereformeerde Kerke in Nederland dus te Utrecht in 1905 die Kerkorde hersien het, kon hulle slegs die enkele beginsel stel wat in 1916 ook deur die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in art. 70 oorgeneem is: die kerkrade moet toesien dat die huwelikstaat voor die gemeente van Christus, dit wil sê in ’n erediens, bevestig word volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is. Die formulier is afkomstig van Datheen (1566). Die beginsel is altyd onderstreep met die woorde: “omdat dit so hoort”. Die woorde is egter deur die Sinode van 1964 weggelaat.

Gedurende die Reformasie is eredienste op Sondae en in die week gehou. Daar was nie

beswaar om by enige van hierdie eredienste 'n huwelik te bevestig nie, behalwe op dae van vaste en gebed (Weselse art. VII, (3); Dordt. 1578, art. 78 e.v.), hoewel troues op Sondae ontmoedig is (Dordt. 1574, art. 81). In die lig hiervan en omdat daar sogenaamde "troudae" wat in die vorige eeu gebruiklik was, het die Sinode van 1894 in S.A. geoordeel "dat de bevestiging van huwelijken op Zondag niet ongeoorloofd is, maar kan het toch niet aanraden, omdat de rust van de Zondag daardoor allicht kan gestoord worden" (art. 158). Dieselfde Sinode het die openbare karakter van die huweliksbevestiging in die kerk bo dié in 'n private woning beklemtoon (art. 171). Daarbenewens het die Sinode van 1876 die lidmate van die gemeentes herinner aan hulle "kerkelijke gemeenschap" ten aansigte van die huwelik (art. 34). Een van die grootste huidige euwels is dat 'n bruid of bruidegom die huwelik wil laat bevestig in 'n kerk met wie sy of hy die gemeenskap wil verbreek.

Die Sinode van 1930 het 'n liturgiese orde vasgestel vir gebruik by troudienste wat as eredienste beskou is (art. 248). Op hierdie en ander besluite word teruggekom. Dit word slegs hier aangehaal om aan te toon dat uit prinsipiële oogpunt daar nooit in Nederland of in Suid-Afrika enige twyfel bestaan het dat die huwelik in die openbare erediens "voor God en sy heilige gemeente" (Formulier) bevestig moet word nie.

3. Die huwelikswetgewing in Suid-Afrika.

Met die volksplanting in 1652 is die voltrekking van huwelike [416] gereël volgens die model van die Politieke Ordonnansie van die State (Provinsie) Holland, 1580. Die sekretaris van die Politieke Raad het die huwelike voltrek totdat die eerste predikant in 1665 aan die Kaap gekom het. Tot 1676 moet die Politieke Raad aan partye wat wou trou, verlof gee. In hierdie jaar is 'n Kollege vir Huweliksake in die lewe geroep wat aan persone verlof moes gee om hulle gebooie te laat afkondig. Daarna is die huweliksbevestiging deur 'n predikant waargeneem. Die predikant was amptenare van die V.O.C.

Kommissaris De Mist het met sy huwelikswette in 1804 en 1805 die huwelik gesekulariseer en bepaal dat huwelike deur die landdros en heemrade sonder enige godsdienstige seremonie bevestig kon word en gevolglik kon dit ook op ander plekke as in Kaapstad plaasvind. Op 26 April 1806 het die Engelse Owerheid, wat die gesentraliseerde episkopaalse staatskerkidee gehuldig het, die wet van De Mist herroep en bepaal dat slegs predikante huwelike mag bevestig, 'n Burgerlike huweliksluiting is verbied.

Op 7 September 1838 is 'n Bevel-in-Rade uitgevaardig wat die huweliksbevestigings in die Kaapkolonie op 'n nuwe basis geplaas het. Daar is voorsiening gemaak vir huwelike na gebooie en spesiale lisensie, die aanstelling van huweliksbevestigers, die daarstelling van huwelikse-registers, ens. 'n Huwelikswet in 1860 het Resident-magistrate huweliksbevestigers gemaak en in 1882 het die howe van die Resident-magistrate die ou huwelikshowe vervang. Die staat het die huweliksluiting teruggeneem namate die kerk selfstandig geword het.

In Natal het Ordonnansie 17 van 1846 die Bevel-in-Rade van 1838 oorgeneem.

In hoofstuk LXXXVIII van die Wetboek van die O.V.S. (1854 —1890) word bepaal dat slegs 'n predikant bevoeg is om 'n huwelik te bevestig (art. 4) en slegs as 'n predikant nie beskikbaar of gewens was nie, mog 'n landdros dit doen (art. 5). Dit is asof die huwelik hier eintlik as 'n kerklike saak beskou is. In die huwelikswet van 1899 betrek die O.V.S. huweliksluiting egter volkome in hande van die staat en bepaal dat slegs predikante, sendelinge, ens., wat deur die Uitvoerende Raad gemagtig was, voortaan 'n huwelik mog bevestig (art. 4, 5).

In Transvaal het die huwelikswet van 1871 bepaal dat landdroste huwelike moes bevestig

en dat predikante wat daartoe deur die Goewerment gemagtig was, dit kon doen. Ook hier moet in gedagte gehou word dat die Grondwet bepaaldelik een kerk die kerk van die Staat noem en aanvanklik het die Staatskerk die alleenreg tot huweliksbevestiging en afkondiging van [417] huweliksgebooie gehad.

Met die Unifikasie in 1910 het die verskillende provinsiale huwelikswette van krag gebly totdat hulle in 1961 herroep is en 'n gekonsolideerde wet geproklameer is. Die wet van 1961 rus volkome op die gedagte dat die staat huwelike sluit en daartoe ook predikante (let wel nie die kerk nie) mag aanstel. (Vir 'n oorsig van die wetlike geskiedenis in Suid-Afrika, vgl. H.R. Halo: "*The South African Law of Husband and Wife*", 1963).

Dit is duidelik dat in al die provinsies die heersende opvatting van 'n staatskerk die huwelikswetgewing en gevolglik die huweliks-gewoonte beïnvloed het. In Suid-Afrika het die huwelikswet van 1961 ook nog nie bedoel om die terreine tussen staat en kerk by huweliksluiting af te baken nie. Aspekte van die probleem is deur die Sinode van 1964 na deputate met die oog op advies aan die volgende sinode verwys (art. 212, 260).

4. Die probleem-artikel.

Dit is in die ooglopend hoeveel kere die saak van kerklike huweliksbevestiging reeds op meerdere vergaderinge in Suid-Afrika gedien het, sonder dat daar 'n definitiewe besluit geneem is. Die Sinode van 1964 het die artikel andermaal na deputate om pre-advies verwys (Acta, art. 80). Dit lyk egter of die probleme ontstaan omdat daar gepoog word om die beginsel met 'n teenoorgestelde praktyk te versoen. Gevolglik word die beginsel net genoem en dan word daarvan weggeskram en allerlei praktiese argumente na vore gebring.

Die Sinode van 1894 (art. 158) oordeel dat die bevestiging van huwelike moontlik die rus van die Sondag kan versteur. Dit is 'n verskuilde beswaar teen art. 70, wat gebore uit die kritieklose aanvaarding dat 'n drukdoenery tot die wese van 'n huweliksbevestiging behoort.

Die Sinode van 1927 handel oor die liturgiese orde van verskillende eredienste. Die deputate het egter nie oor die diens by huwelikbevestiging gehandel nie, omdat aangeneem is dat dit nie in die opdrag ingesluit was nie. Hier word dus aksiomaties aangeneem dat huweliks-bevestiginge nie in eredienste volgens die gewone liturgiese orde waargeneem word nie en gevolglik word aksiomaties van art. 70 K.O. afgewyk.

Op die Sinode van 1930 (bl. 56, 57) rapporteer die deputate oor die inrigting van 'n troudiens. So 'n "diens" is nog nooit voorheen omlyn of beskryf nie. Dit is egter skynbaar ontleen aan die praktyk. Dit was ook wesentlik iets anders as 'n erediens, want die Sinode van 1930 sê dat die troudienste as eredienste (let wel) [418] *beskou moet word*. Hierdie besluit is weer in stryd met artikel 70 wat bepaal dat die huweliksbevestiging in 'n erediens voor die gemeente moet plaasvind. Hoe kan iets wat nie voor die gemeente plaasvind nie deur 'n sinodebesluit voor die gemeente (erediens) "beskou" word?

Die Sinode van 1936 het huwelike voor 'n magistraat sonder kerklike "inseëning" afgekeur (art. 153, bl. 170). Die Deputate vir die bestryding van sosiale euwels rapporteer op die Sinode van 1942 dat die S.A. Vrouefederasie sy steun aan die kerk toegesê het in die bestryding van "kantoorhuwelike". Hierop besluit die Sinode (bl. 121 (c)) dat met die oog op die talle onoordeel-kundige, ligsinnige huwesluitinge op die erns en heilige karakter van die huwelik gewys moet word.

In 1952 kom die inrigting van troudienste weer eens op die sinodale tafel, maar daar word geen besluit geneem nie (bl. 280, 281).

Die Klassis Pretoria konfronteer die Sinode van 1955 breedvoerig met die probleme in verband met die sogenaamde troudienste. Na ’n historiese oorsig het die klassis gekonkludeer dat dit vroeër gebruiklik was om huwelike wat deur die staat gesluit is, in die kerk te bevestig by ’n *gewone (gereelde) erediens* of in die week, of op Sondag. Die Klassis het geoordeel dat artikel 70 hierop betrekking het en nie op die vasstelling van spesiale byeenkomste vir ’n huweliksbevestiging nie. Die vorm van die praktyke ontaard ook in die rigting dat die Woord van God by die huweliksbevestiging bysaak en ander dinge hoofsaak word (Acta 1955, bl. 330—335).

'n Kommissie adviseer dat die Sinode van 1955 ’n ernstige beroep op kerkrade doen om hulle te beywer dat art. 70 K.O. in praktyk gebring word; dat die sinodebesluit van 1930 herroep word; dat in gevalle waar dit onmoontlik is om konform art. 70 K.O. te handel, voorlopig ’n toegewing gemaak word, nl. dat so ’n huwelik by ’n plegtige nie-kerklike geleentheid met gebruikmaking van Gods Woord en die betrokke formulier bevestig sal word. Hierdie poging om in te roei teen die publieke opinie en die sekularisering van die huweliksbevestiging teë te gaan, is egter nie aanvaar nie.

Die deputate, benoem op die Sinode van 1955, lewer rapport op die Sinode van 1958 (Acta, bl. 424—426). Hulle lê die nadruk op die verwarring van terreine tussen kerk en staat en beveel aan dat die onkerklike tradisie met die beginsels van die Kerkorde en formulier bestry moet word. Die Sinode besluit egter teen hierdie beginselstandpunt en besluit om art. 70 K.O. te handhaaf [419] soos dit deur die Sinode van 1930, art. 59, vasgestel is, naamlik dat die huweliksinseëning (of dit is of nie) as ’n erediens beskou word. Die uitvoering daarvan is aan die vryheid van elke kerkraad gelaat. Dit is dus asof die Sinode sy oë vir die probleme gesluit het. Tog het die deputate vir revisie van die K.O. versoek om opnuut besondere aandag aan art. 70 K.O. te skenk (in die hoop dat die beginsel voor die praktyk sal swig?) Die opdrag was tot op die Sinode van 1964 nog nie uitgevoer nie. Dit het tyd geword dat ’n sinode die saak suiwer prinsipieel besien en hom onthou van al die praktiese oorweginge.

5. Ontbinding van Huwelike.

Egskeiding kan volgens die Skrif en ons sinodale besluite slegs op grond van hoerery geskied. Kwaadwillige verlating word nie as grond vir egskeiding erken nie. Byna alle egskeidings word in die hof egter op grond van kwaadwillige verlating aangevra. Dit is dus in byna elke geval nodig dat die kerkraad self ’n behoorlike ondersoek instel om homself te oortuig of daar Skriftuurlike gronde vir die egskeiding was al dan nie. Ingeval daar nie die Skrifgronde vir die egskeiding is nie, moet die kerkraad die tug volgens art. 76 en 77 K.O. toepas. (Vgl. Sinode 1939, art. 134). Volgens die Skrifgronde is slegs die onskuldige party geregtig om weer ’n huwelik aan te gaan. Die Sinode van 1939 sê: “Wanneer na ’n ongeoorloofde skeiding (sowel as daaropvolgende nuwe huwelik) die skuldige persone hulle sonde bely en berou betoon, moet hulle in die volle gemeenskap van die kerk herstel word. In die geval van ’n nuwe huwelik bestaan die berou nie daarin dat die huwelik ontbind word nie, maar daarin dat leed gedra word oor die stap wat gedoen is” (Acta, bl. 143).

[420]

[421]

AFDELING IV: DIE KERKLIKE TUG EN SLOTARTIKELS

DS. L.S. KRUGER — art. 71—81

DS. T.T. SPOELSTRA — art. 82—86

[423]

ARTIKEL 71

DIE KARAKTER, NOODSAAKLIKHEID EN DOEL VAN DIE KERKLIKE TUG

> *Die kerklike tug is geestelik; daarom is, afgesien van die burgerlike straf, die kerklike sensuur noodsaaklik om die eer van God te handhaaf, die sondaar met die kerk en sy naaste te versoen en die aanstoot uit die gemeente van Christus weg te neem.*

1. Inleiding.

a. Die historiese agtergrond van die kerklike tug.

Die kerklike tug het sedert die tyd van die kerkvaders as gevolg van die opkoms van die papisme verwater tot ’n suiwer burgerlike aksie waardeur nie alleen die kerklike karakter nie, maar ook die Bybelse beginsel oorboord gegooi is. Die Roomse en die papisme het die hele lewensbestaan van die mense oorheers, op staatkundige gebied sy stempel afgedruk, van die kerklike tug ’n wêreldse regbank gemaak, die ban oor landstreke, geboue en boeke uitgespreek en selfs die mense se lot na hulle dood bepaal. Sedert die konsilies van Acyra (314) en Nicéa (325) het die tug as ’n regtelike straf, met die biskoppe as regters, begin ontwikkel in die boetestelsel. Die sondaar moes deur sy trane, berou en goeie werke die goddelike vergewing verdien. Hieruit het in die kloosters die biegstelsel ontwikkel, waarvolgens die lidmate aan mekaar en later aan die priesters hulle sondes moes bieg. Pous Innocentius III het in 1215 ’n gereelde bieg vir alle Christene verpligtend gestel. Uit hierdie praktyk het die bekende aflaatstelsel ontstaan. Die wesenlike doel van die kerklike tug is vervals tot ’n middel om die priesterlike hiërargie in die kerk en in die staat te handhaaf.

Luther en Erastus het die kerk onder die owerheid gestel. Daardeur het hulle die kerk sy selfstandige tugmag ontneem. Die Libertyne, die voorlopers van die Remonstrante, en die latere Remonstrante het in aansluiting by Erastus die reg van kerktug naas die owerheid se strafreg geloën (vgl. Algemene Inleiding).

In aansluiting by Calvyn het die Konvent van Wesel, 1568, die kerkregtelike beginsels van die kerklike tug beklemtoon. Die Sinode van Emden, 1571, het ’n reeks artikels oor die kerklike tug opgestel (art. 15—31), wat later net redaksionele wysiginge [424] ondergaan het en in hoofsaak net so in die Dordtse Kerkorde opgeneem is. Dieselfde beginsels, met enkele redaksionele wysiginge, omskryf die kerklike tug in die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Met hierdie artikels gee die Kerkorde uitvoering aan die Nederlandse Geloofsbelydenis (art. 32).

Artikel 71 handel oor die karakter, noodsaaklikheid en doel van die kerklike tug, artikels 72 en 73 oor die oorsake en aanvang van die tug, artikels 74—78 oor die ondersoek en prosedure, artikels 79 en 80 oor die tug oor ampsdraers, terwyl artikel 81 oor die Christelike of onderlinge sensuur handel.

b. Naam en begrip.

Die Kerkorde stel slegs die hoofbeginsels van die kerklike tug en is geen Wetboek van Strafvordering nie (vgl. De Jong: *College Voordrachten* van prof. dr. F.L. Rutgers; IV, bl. 11). In die Kerkorde is daar ook geen definisie van kerklike tug of sensuur nie, want ’n kerkorde is geen handboek vir Kerkreg of Dogmatiek nie.

In die Skrif word verskillende woorde en uitdrukkinge gebruik om die tug aan te dui: oorgee

aan Satan (1 Kor. 5:5); uit die sinagoge werp (Joh. 9:22); bestraf (Matth. 18:15); verwyder onder julle uit (1 Kor. 5:2); vermaan (1 Thess. 5:14); uitsuiwer (1 Kor. 5:7); en dergelike meer. Die Heidelbergse Kategismus spreek weer van die sleutels van die hemelryk (Sondag 31).

In die Gereformeerde kerkreg het die woorde "tug, kerklike dissipline" en "sensuur" algemene burgerreg verkry (Jansen: *Kerkelijke Tucht,* bl. 124).

Die woord "tug" kom van die ou Nederlandse stamwoord "tien" wat die betekenis het van "opvoed". Teenoor die sonde kry die woord die betekenis van "teregwysing deur middel van lering en onderwysing". Dit is van toepassing op iemand wat verdwaal geraak het, weer aan die goeie te bind en hom van die kwaad af te hou. Die woord "dissipline" kom van die Latynse woord "disciplina" en sien ook op "teregwysing deur middel van lering en onderwys". Die Sinode van Emden, 1571, het gespreek van "kerkelijke discipline" (*disciplina ecclesiastica*) en daarmee word die tugoefening na die vasgestelde orde aangedui. Die woord "sensuur" is afgelei van die Latynse werkwoord "censura" met die betekenis van "oordeel". Kerklike sensuur is 'n kerklike oordeel. Die gedagte van berisping en bestraffing, wat gepaard gaan met afkeuring, lê aan hierdie woord ten grondslag.

Met die begrippe "tug" of "sensuur" word die hele kerklike tugoefening, vanaf die eerste vermaning tot en met die afsnyding, saamgevat (Jansen: a.w., bl. 122). Die Konvent van Wesel, 1568, [425] was van oordeel "dat de tucht (discipline) bestaat deels in die censuur over de leer of religie en den levenswandel, deels in die wettige bestraffing, deels ook in den ban" (VIII, 3).

Die Sinode van Emden, 1571, vat die kerklike tug saam onder die titel: "kerkelijke discipline" en verklaar "dat de kerkelijke discipline (disciplina ecclesiastica) of christelijke straf..." in elke gemeente onderhou moet word (art. 25). Die Sinodes van Dordrecht, 1578, en Middelburg, 1586, het as titel nie die woord "dissipline" geneem nie, maar die hoofopskrif bo die artikels oor die tug lui: "Van den censuren ende kercklken vermaninghen".

c. Die verhouding tussen die kerklike tug en die burgerlike straf.

Teenoor die Erastiane, wat die tug aan die Christelike owerheid wou oorlaat, en ter wille van die erkenning van die Kerkorde deur die owerheid, het die Sinode van Dordrecht, 1618—19, enersyds die reg van die kerklike tug en andersyds die erkenning van die burgerlike straf in artikel 71 opgeneem deur die artikel soos volg te laat lees: "Die Christelike straf is geestelik en dit stel niemand vry van die burgerlike reg of straf van die owerheid nie. So word dan ook newens die burgerlike straf die kerklike sensuur noodsaaklik vereis om die sondaar met die kerk te versoen en die aanstoot uit die gemeente van Christus weg te neem".

Met die hersiening van die Kerkorde het die Sinode van 1964 die woord "straf", wat die betekenis van "vergelding" inhou, vervang deur "tug", terwyl die woord "kerklike" die begrip juister as die algemene term "Christelike" omskrywe.

Die Kerkorde maak 'n radikale onderskeid tussen die tug van die kerk en die straf van die owerheid, hoewel albei op eie terrein noodsaaklik is.

Die beginsel wat die Kerkorde stel, is dat die mag wat deur die kerk uitgeoefen word, *geestelik-opvoedkundig* is en geheel en al verskil van die aards juridiese strafbeginsel. Die owerheid beskik oor dwingende en heersende mag (Rom. 13:1—7), wat in die natuurverbond gegrond is. Die kerk daarteenoor beskik slegs oor geestelike gesag op grond van die genadeverbond. Waar dit in die kerklike tug gaan om die heilighouding van die verbond, dien die strafreg van die owerheid tot onderhouding van die orde en reg in die burgerlike staat. Die doel van die kerklike tug dien tot opbou van die liggaam van Christus deur middel van die bekering,

terwyl dit in die strafreg van die owerheid om vergelding gaan. Die kerklike tug is beperk tot die lidmate van die plaaslike kerk, terwyl die gesag van die owerheid al die landsburgers, ook die lede van die [426] kerk, betrek. Terwyl die owerheid met die mag van die swaard optree, beoefen die kerk die tug met die geestelike wapens van oortuiging, vermaning, waarskuwing en ban (2 Kor. 10:4). Die owerheid maak gebruik van die geregshowe in die naam van die staat, terwyl die gesag van die kerk uitgeoefen word in die Naam van Christus (1 Kor. 3:21—23) deur middel van die ampte (Rom. 12:6—9; 15:17; 1 Kor. 4:1, 2; 1 Pet. 4:10; Hand. 20:28).

2. Die karakter en betekenis van die kerklike tug.

Die kerklike tug is die *geestelike mag* wat die kerk in die Naam van en volgens die opdrag van Christus, na die eis van die Woord, uitoefen. Daarom is dit *Christelik*. Die uitoefening van die tug geskied deur die kerklike ampte (vgl. vorige paragraaf). Daarom is dit *kerklik,* (N.G.B., art. 32). Die Christelike karakter van die tug vereis dat dit gedra moet word deur die beginsel van die *liefde:* liefde tot God; liefde om die sondaar te behou; liefde om die kerk te bewaar. Daarom mag die tug nooit toegepas word om menslike triomfe te behaal nie.

Die tug is die middel wat Christus ingestel het om die gewete van die sondaar wakker te maak (1 Kor. 5:5); dit is die toom om die ongebondes mee in te toom; die geneesmiddel om die krankhede in die kerk uit te suiwer (1 Kor. 5. 5:13). Die ban (sensuur) beteken die uitsluiting uit die koninkryk van God van diegene wat nie tot waaragtige berou en bekering vanweë hulle sonde kom nie.

Die kerklike tug is dus ’n snoeiproses, die uitsuiwering van sonde en die dooie lote sodat die vrugbare meer vrugte kan dra (Joh. 15:2). Dit dien tot opbouing van die liggaam van Christus, tot heilighouding van die verbond, en nie tot heerskappy van ampsdraers of die dissiplinering van die sigbare instituut onder ’n menslike regering nie (vgl. N.G.B., art. 32).

Kortliks kan gestel word dat die kerklike tug, as vermaning en sensuur, in sy wese dus die handhawing van die heerskappy van die Woord van God in die kerk van Christus is.

3. Die noodsaaklikheid van die kerklike tug.

Die Kerkorde grond die reg en die noodsaaklikheid van die kerklike tug op die Skrif en die Belydenis.

a. Die grond van die kerklike tugmag.

Die kerklike tugmag is gegrond in die Skrif.

In die Ou Testament het die Here Israel na buite beskerm [427] teen die omliggende volke deur middel van die banvloek wat Israel as die Ou-Testamentiese kerk, in opdrag van God, moes uitvoer (Deut. 7:11; 20:15—18). Die Wetsoortreders in die midde van Israel moes deur die ban uitgeroei word (Ex. 22:20; Deut. 17:2—5; Lev. 24:11—16).

In die Nuwe Testament berus die kerklike tug op die mag wat die kerk van Christus, as Hoof en Koning, ontvang het. Die uitoefening van die tugmag kom in al drie ampte van Christus tot openbaring: die profetiese onderwysing; die priesterlike liefde; en die eie koninklike sorg vir en bewaring van sy kerk. Daarom is die enigste geldende tugmag ’n bediening van Christus.

Christus het aan sy apostels ’n besondere sleutelmag verleen (Matth. 16:19; Joh. 20:21—23; Hand. 5:4, 5, 10). Daaruit het die kerklike tug in enger sin ontstaan. In graad verskil dit wel van die besondere mag waaroor die apostels beskik het, maar in wese en oorsprong is dit dieselfde (Rom. 16:17, 18; 1 Kor. 5:2, 13; Thess. 5:14; 2 Thess. 3:6, 14; 1 Tim. 5:20; Tit. 3:10; Openb. 1:2, 14, 20) (vgl. ook Heid. Kat., Sondag 31 en N.G.B., art. 32).

Christus het ten behoewe en tot welsyn van sy kerk die amptelike bediening en die gawes geskenk (Ef. 4:11; 1 Kor. 12:28). Elke amp getuig van bediening en van die mag van Christus. Dit is ’n omlynde mag wat gegrond is op die bevel en opdrag van die Koning: in die hou en vergewing van sonde (Matth. 18:18; Joh. 20:23); in die wei van die kudde (Joh. 21:15—17); in die uitoefening van die ban (1 Kor. 5:4); in bevoegdhede om voorskrifte te gee wat dienstig is vir die kerklike lewe (1 Thess. 4:12; Tit. 2:15; Kor. 4:20; Hand. 15:28; 1 Tim. 5:18). Hierby sluit die bevestigingsformulier aan waarin dit gestel word dat die ouderlinge in ’n aansienlike *amp van regering* oor ander gestel is (vgl. art. 23 K.O.).

Die Woord van God het die finale, hoogste en bindende gesag in die kerk van God. Daarom het die kerklike ampsdraer slegs *bedienende* mag (vgl. N.G.B., art. 32). Ons verwerp dus die *dwingende mag* van die Kollegialiste wat die kerklike mag aflei as sou dit aan die kerk deur die owerheid gedelegeer wees (vgl. Algemene Inleiding t.o.v. die Lutherse, Erastus en die Kollegialisme).

b. Die tug is die kenmerk van die ware kerk.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis stel in art. 29 drie kenmerke waaraan elke kerk moet voldoen om waarlik kerk van Jesus Christus te kan wees, naamlik die suiwere bediening van die Woord; die suiwere bediening van die sakramente; en die [428] handhawing van die kerklike tug. Al drie hierdie kenmerke kan herlei word tot één: die handhawing van en die gehoorsaamheid aan die Woord alleen. Die tug met en volgens die Woord is dus noodsaaklik om die kerk as kerk te bewaar.

Die tug is, soos Calvyn dit uitdruk, die senuwees waarsonder die kerklike liggaam nie kan lewe nie. Tereg beweer Calvyn dat almal wat die tug wil wegneem of wil verhinder, ongetwyfeld die uiterste verstrooiing van die kerk soek. Die tug dien as die wag wat moet waak oor die suiwerheid van die leer (Gal. 1:8) en die sakramente (vgl. Calvyn: *Institusie* IV, XIII, 5).

Die handhawing van die tug is die plek en die reg van die kerk om waarlik kerk van Christus te kan bly. Dit is ’n kenmerk van die ware kerk en is nie maar net ’n nuttige gebruik soos die voorstanders van die volkskerkgedagte dit beskou nie.

4. Die doel van die kerklike tug.

Die Dordtse Kerkorde het die doel van die tug aangegee: “om die sondaar met die kerk te versoen en die aanstoot uit die gemeente van Christus weg te neem”. Met die hersiening van die Kerkorde het die Sinode van 1964 vooraan bogenoemde tweeledige doel ook bygevoeg: “om die eer van God te handhaaf”.

Die noodsaaklikheid van die kerklike tug blyk by uitstek uit die doelstelling daarvan:

a. Die handhawing van die eer van God.

Die kerklike tug wortel in die eerste plek in die liefde tot God. Dit is daarop gerig om die eer van God te handhaaf. Dit hou in, soos Calvyn sê, dat die Naam van God nie gelaster word vanweë die sonde van diegene wat aan die kerk behoort nie (Rom. 2:24). Die naam wat die kerk onder die mense het, hang saam met die Naam van God (*Institusie* IV, XII, 5). Die gemeente is die eiendom van God, verlos deur Christus, vergader, gereinig en geheilig deur die Heilige Gees. God het sy Naam aan sy kerk verbind om sy lof te verkondig, sy Naam te bely en om heilig en onberispelik te wandel midde in die wêreld (1 Pet. 2:12). Dit geld ook van die sakramente. Daar moet in die gemeente skeiding wees tussen heilig en onheilig, anders word die Naam van die Here gelaster. Die kerk moet met die oog op die eer van God die sonde in die gemeente nie ongestraf laat nie.

b. Die handhawing van die heiligheid van die gemeente.

In die tweede plek wortel die tug in die liefde om die kerk te bewaar. Die kerk is die liggaam van Christus, en dit moet heilig [429] gehou word. Wanneer die sonde nie teengegaan word nie, woeker dit onbelemmerd voort en kan dit die hele gemeente besmet (1 Kor. 5:6, 11). Die bedoeling van die tug is dus om sorg te dra dat die goeie, deur omgang met die kwade, nie bederf word nie (1 Kor. 5:6, 7; 10:6). Deur middel van die tug moet die onsuiwer elemente uitgesuiwer word sodat die heiligheid van die gemeente as liggaam van Christus gehandhaaf kan word.

c. Die behoud van die sondaar.

In die derde plek wortel die tug in die liefde om die sondaar te behou. Dat die tug daar is om die sondaar te behou, blyk uit 2 Thess. 3:14: “sodat hy skaam kan word”. Die bedoeling is dat hy sy sondige toestand moet besef en tot berou en bekering moet kom.

5. Die voorwerpe van die kerklike tug.

a. Die lidmate van die kerk.

Die artikel spreek van die *sondaar* wat met sy kerk en naaste versoen moet word. Daar word geen nadere omskrywing van die voorwerpe van die kerklike tug in die artikel gegee nie. Volgens die Gereformeerd-kerkregtelike beginsel kan die tug alleen gaan oor *persone,* oor persone *individueel,* wat aan die plaaslik geïnstitueerde kerk behoort. (De Jong: *Rutgers se College Voordrachten* IV, bl. 20).

Dit hou in dat die voorwerp van die tug ’n *lewende mens* is wat nog *lidmaat* van die kerk is en wat hom aan ’n tugwaardige sonde skuldig gemaak het (vgl. art. 72 K.O.). Alle lidmate: ryk en arm, owerheidspersone en onderdane, is aan die kerklike toesig en tug onderworpe. Rome sonder die Pous uit, terwyl die Episkopaalse en Lutherse kerke die owerheidspersone, as hoofde van die kerk, bo die kerklike gesag stel. Dit kan egter nie, want Christus alleen is die onfeilbare Koning en Hoof van die kerk.

Die gesag van die plaaslike kerk is beperk tot die lidmate van daardie kerk. Wanneer ’n lidmaat die gemeenskap met die kerk verbreek, het die kerkraad oor hom nie meer seggenskap nie. Die kerkraad kan hom hoogstens op sy gruwelike dwaling wys. Dit is egter ’n sonde wat nie al te lig geag moet word nie, en geen kerkraad mag ’n lastige lidmaat, om van hom ontslae te raak, adviseer om die gemeenskap met die kerk te verbreek nie (vgl. art. 28, N.G.B.).

Die kerklike toesig en tug gaan nooit, soos deur die Rooms-Katolieke toegepas, oor kerkgeboue, landstreke, of selfs [430] afgestorwenes nie. Dit gaan ook nie oor boeke (vgl. art. 55 K.O.) of verenigings nie. Dit gaan ook nooit oor ’n groep mense tegelyk nie, maar oor individue (Tit. 3:10; 2 Joh. 10; Rom. 16:17; Gal. 1:8, 9; 2:21; 5:2, 12; 2 Thess. 3:6, 16; 1 Kor. 5:12; 6:9; 16:22; 1 Tim. 1:20; 2 Tim. 2:18). Wanneer lede van ’n vereniging hulle in leer of lewe in die vereniging misgaan, is hulle individueel voorwerpe van die tug (vgl. art. 76 K.O. i.s. lidmaatskap aan die Vrymesselaars), maar nie die vereniging nie. Kerkregtelik kan daar nie sprake wees van ’n vereniging wat hom “onder toesig van die kerkraad” stel nie. Die lidmate van die kerk wat lede van enige vereniging is, verkeer outomaties onder die toesig van die kerkraad.

Evangelisasie-objekte is nie aan die kerklike tug onderworpe nie. Onder evangelisasie-objekte word kerkregtelik verstaan persone wat deur die kerkraad bearbei word maar wat nog nie lidmate van die kerk is nie. Geen lidmaat van die kerk, hoe swak hy in die kerklike en geloofslewe ook al mag wees, is ’n evangelisasie-objek nie. Ooreenkomstig die bevel van Christus en die Gereformeerde Belydenis is sodanige lidmate voorwerpe van die kerklike tug. Eers na die afsnyding (vgl. art. 78 K.O.) is sodanige persoon evangelisasie-objek. Die opvatting

dat "dooie" lidmate, wat nominaal nog aan die kerk behoort, as evangelisasie-objekte beskou moet word, is volgens die Gereformeerd-kerkregtelike begrip onaanvaarbaar. Dit is 'n dwaling wat uit die volkskerkgedagte voortvloei.

Daar die doel van die kerklike tug onder andere is om die sondaar op die weg van die bekering te lei, is dit nie wenslik om die tug op kranksinniges toe te pas nie. Sodanige persone beskik nie oor die nodige verantwoordelikheidsbesef nie en kan ook geen rekenskap van hulle dade gee nie.

b. Die tug oor dooplidmate.

Volgens die Skrif is die kinders van die gelowiges, kragtens die belofte van God, in die genadeverbond opgeneem (Gen. 17:7; Hand. 2:29), en word hulle "deur die Doop as teken van die Verbond" in die Christelike kerk ingelyf (vgl. Doopformulier en art. 56, 59 K.O.). As lidmate van die kerk is hulle nie alleen aan die vermaning en bestraffing van die ouers nie (Spr. 4:1; Ef. 6:1—4), maar ook aan die kerk onderworpe (Kol. 3:20; 1 Joh. 2:13 en 14).

Die kerklike lidmaatskap van die kind word nie deur die persoonlike geloofsbelydenis bewerkstellig nie, maar rus op die objektiewe genadeverbond van God (vgl. tweede doopvraag). In die [431] tug gaan dit nie om die sakramente nie, maar om die verbond van God.

Die Sinode van 1904 het tereg besluit: "dat ook doop-lidmaten onderworpen zijn aan de toepassing van censuur en afsnijding" (art. 102).

Die Sinodes van 1910 (art. 84, 97) en 1913 (art. 118) het aan deputate volmag verleen om 'n Kerkordeboekie met verklarings op te stel. Die Sinode van 1916 het die veranderinge wat die deputate aan die Kerkorde aangebring het en die begeleidende verklarings, aanvaar (art. 141, 154). By die verklaring van die tug oor dooplidmate is die besluit van die Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 1904, verbygegaan en die besluit van die Nederlandse Sinode van Dordrecht, 1893, (wat in die ou Kerkordeboekie aangegee is as die besluit van die Sinode van Middelburg, 1896) in die Kerkordeboekie opgeneem. Op hierdie sydelingse wyse het die Sinode van 1916 dus besluit dat dooplidmate nie afgesny kan word nie, maar dat hulle lidmaatskap op dertigjarige leeftyd verval. Die gedagte dat dooplidmate nie afgesny kan word nie, daar hulle "inkomplete" lidmate is, gaan uit van 'n foutiewe grond. 'n Kind is wel 'n komplete (volledige) mens. Hy beskik oor al die vermoëns van die siel, maar dit het nog nie tot volledige ontwikkeling gekom nie. So is ook die gedoopte kind 'n komplete lidmaat van die kerk, wel volmaak in die dele, dog nie volmaak in die trappe van die geestelike ontwikkeling nie. Hulle is slegs onmondige lidmate en beskik nog nie oor al die regte van 'n volwasse of mondige lidmaat nie (vgl. art. 56 K.O.). Dit is kerkregtelik dus foutief om van dooplidmate as "inkomplete" lidmate te spreek.

Die Sinode van 1961 (vgl. ook Sinode, 1958, art. 66, 274) het die besluit van 1916 herroep en dié van 1904 gehandhaaf. Die Sinode van 1961 was van oordeel dat: dooplidmate beskou moet word as lidmate van die kerk kragtens die genadeverbond; die tug oor hulle egter slegs inkompleet kan wees; tussen die tug oor belydende lidmate en dié oor dooplidmate daar geen wesensverskil bestaan nie, slegs 'n verskil in graad (art. 37, 114).

Die tug oor dooplidmate is inkompleet in soverre die dissiplinêre afhouding, waar dit gaan om die gebruik van die sakramente (vgl. art. 76 K.O.), op hulle nie van toepassing is nie. Terwyl belydende lidmate volgens art. 76 K.O. van die sakramente afgehou word, word in die geval van dooplidmate nog met die nodige kerklike vermaninge volstaan. Die openbare sensuur neem by dooplidmate dus 'n aanvang by die eerste trap (art. 77 K.O.) en eindig by die afsnyding. Die

Sinode van 1961 het ook besluit [432] dat die kerkraad by die afsnyding van dooplidmate die nodige veranderinge in die afsnydingsformulier moet aanbring.

Sodanige afgesnedenes moet nie weer gedoop word as hulle dalk later belydenis van geloof wil aflê nie, want die doop, as teken en seël van die verbond van God, word met die afsnyding volgens art. 77 K.O. nie nietig verklaar nie.

ARTIKEL 72 en 73

DIE AANVANG VAN DIE KERKLIKE TUG

> *As iemand ten opsigte van die suiwerheid van die leer of die vroomheid van die wandel sondig, moet, in soverre dit heimlik is en geen openbare aanstoot gegee het nie, die reël onderhou word soos Christus dit duidelik in Mattheus 18 voorgeskrywe.*

ARTIKEL 73

> *Die heimlike sondes waaroor die sondaar berou het nadat hy deur een persoon afsonderlik of in die teenwoordigheid van twee of drie getuies vermaan is, moet nie voor die kerkraad gebring word nie.*

1. Die geskiedenis van die artikels:

Artikel 72 is deur die Sinode van Emden, 1571 (art. 26) opgestel. Die Sinode van Dordrecht, 1578, (art. 93) het die redaksie daarvan vasgestel soos dit tans nog lees. Artikel 73 dateer ook vanaf die Sinode van Emden (art. 27 en 28). Die Sinode van Dordrecht, 1578, (art. 94) het die twee artikels van die Sinode van Emden redaksioneel verander tot dié wat soos volg gelees het: Die heimlike sondes waaroor die sondaar geen berou het nadat hy in die besonder deur een, twee of drie getuies vermaan is, of ’n openbare sonde begaan het, sal voor die kerkraad gebring word. Die Sinode van 's Gravenhage, 1586, (art. 67) het die redaksie van die artikel vasgestel soos dit nou nog lees.

Aangesien albei hierdie artikels nou aansluit by Matth. 18:15, word dit hier saam behandel.

2. Die oorsake van die kerklike tug.

Die Kerkorde gee geen katalogus van sensurabele sondes nie. Artikel 72 stel slegs die prinsipiële grondslag dat die tug oor sondes handel wat begaan is teen die suiwerheid van die leer of die vroomheid van die lewenswandel.

[433]

a. Leerdwaling as oorsaak van die kerklike tug.

Die leertug vloei voort uit die profeteskap van Christus wat aan die kerk toevertrou is. Die kerk is geroepe om *belydende kerk* te wees en om sy *Belydenis te handhaaf* (vgl. art. 55 K.O.). Daar die ware kerk ’n belydenisgemeenskap is, is dwaling teen die leer ’n verbreking van die absolute gesag van die Woord en ’n verbreking van die kerklike gemeenskap (vgl. art. 61 K.O.).

Leerdwalings geskied in hoofsaak ten opsigte van die eerste tafel van die Wet en van die leer van die kerk soos vervat in die Drie Formuliere van Eenheid. Die Woord van God beheers die leer en die lewe, en daarom kan die kerke die vertolking van die leer nie oorlaat aan die vryheid van die gewete van die individu nie. Lidmate wat in stryd kom met die Belydenis van die kerk en nie die weg van art. 31 K.O. wil volg nie, is tugwaardig.

Daar moet egter daarteen gewaak word dat die tug nie oor middelmatige sake toegepas word nie (Rom. 14). Tugwaardige leerdwalings is sondes wat die waarheid van die Woord van God en dientengevolge die eer van God aantas: valse profete (Matth. 7:15, 24:11; Hand. 20:28—31); tweedrag en ergenis teen die apostoliese leer (Rom. 16:17, 18); valse prediking (Gal. 1:8, 9; 5:12); loëning van die opstanding van die dode (1 Kor. 15:12—18); loëning van die Middelaarskap van Christus (1 Joh. 2:22; 4:4; 2 Joh. :10).

b. Sondes in die lewenswandel as oorsaak van die kerklike tug.

Alle sonde is sensurabel. Die kerklike tug word egter net toegepas in gevalle van geopenbaarde sondes. Sonde wat iemand in sy hart koester, is by God bekend maar vir die kerk onbekend. Daaroor kan die kerk dus nie oordeel nie. Die kerk oordeel alleen oor dit wat in die openbaar bedrywe is, of dit wat wel heimlik bedryf is, maar openbaar geword het en rede tot ergernis is. Die beginsel van *de intimis ecclesia non judicat* (die kerk oordeel nie oor die innerlike nie) moet skerp gekontrasteer word met die fariseïsme van die sektariër en die metodistiese geestesdrywer wat altyd oor ’n ander se intieme innerlike self wil oordeel en wat nie in die *woord* en *uitwendige* openbaring wil aksepteer nie.

Die meeste sonde word in hierdie geval teen die tweede tafel van die Wet misdrywe.

3. Die reël in Mattheus 18.

a. Die onderskeid tussen heimlike en openbare sonde.

Die reël van Matth. 18:15 (“gaan bestraf hom tussen jou en [434] hom alleen”) moet gevolg word wanneer die sonde heimlik is en geen openbare aanstoot gegee het nie (vgl. art. 72).

Die Kerkorde gee geen aanduiding wanneer sonde as heimlik en wanneer dit as openbaar beskou moet word nie, want die Kerkorde is geen kerklike wetboek wat die strafbare sondes artikelsgewys opsom nie. Die Sinode van Emden, 1571, wou ook geen uitspraak gee oor die aangeleentheid nie (part. vr. 16). Ook die Sinode van 's Gravenhage, 1586, wou nie gevolg gee aan ’n versoek dat die Sinode “eene distincte beschrijving” deur middel van twee rubrieke van die heimlike en openbare sondes nie (vgl. Jansen: *Korte Verklaring,* bl. 315).

Die Sinode van Dordrecht, 1578, (art. 94) was van oordeel dat ’n sonde tot ’n openbare sonde gereken kan word wanneer dit: in die openbaar voor baie mense begaan is; op ’n plek wat van nature publiek is, bedryf is en deur die hardnekkigheid van die sondaar tot openbaring kom; en van so ’n gruwelike aard is dat dit openbare bestraffing nodig maak. In sodanige gevalle word die reël in Matth. 18:15 nie gevolg nie, maar die prosedure wat in art. 74 K.O. aangedui word.

Met heimlike sondes bedoel die Kerkorde nie die sondes wat ’n oortreder in sy hart koester nie, maar sondes: wat al in ’n mate deur woord of daad tot openbaring gekom het; waarvan een of enkele lidmate weet maar die grootste gedeelte van die gemeente nog nie weet nie; en wat, as dit wyer bekend sou word, in mindere of meerdere mate oorsaak tot aanstoot en ergernis kan wees.

b. Die tug oor heimlike sondes berus en begin primêr by die gemeente.

Wanneer Christus in Matth. 18:15 beveel “En as jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen”, is hierdie opdrag nie beperk tot die lydende party alleen nie. Hierdie bevel van Christus is ’n algemeen geldende opdrag aan al die gelowiges vanweë die algemene sondigheid. En die saak waaroor dit in Matth. 18:15 gaan, is die *onderlinge vermaning*. Wanneer ’n gelowige sondig, moet ’n medegelowige hom in die geheim gaan vermaan. Die tug berus en begin dus primêr by die gemeente. Calvyn sê dat die persoonlike vermaninge die

fondament van die tug is *(Institusie* IV, 12, 2).

Die onderlinge vermaning, as aanvang van die tug in ruimer sin, vloei voort uit die eenheid van die gelowiges as lede van dieselfde liggaam en as ’n vergadering van gelowiges. Christus het as Hoof van die kerk die gelowiges, as lede van sy liggaam, gesalf [435] tot die ampte van priesters, profete en konings (Heid. Kat., vr. 32). Kragtens hierdie salwing is die gelowiges verplig om die liggaam van Christus heilig te hou deur op mekaar ag te gee (1 Kor. 3:9, 16—18). Christus is ook Koning van die kerk. Die gelowiges moet nie net aan die opsieners, wat Christus oor hulle aangestel het, gehoorsaam wees nie, maar in die eerste plek aan die Woord waardeur Koning Christus sy kerk bestuur. Die koninklike verantwoordelikheid van die gelowiges, in opdrag van Christus, bestaan daarin dat op mekaar ag gegee sal word (Jak. 5:19, 20; Thess. 5:11; Gal. 6:1; Hebr. 3:13) sodat die sonde geweer kan word uit die kerk van Christus (1 Kor. 5:6; Openb. 2:15, 16). Die ampswerk van die besondere ampsdraers kan dus nooit die koninklike roeping van die gelowiges, as gelowiges, vervang of in die plek daarvan kom nie.

Die gelowige mag dus nie sy koninklike plig en verantwoordelikheid op die kerkraad afskuif deur, sonder om eers sy Christelike plig teenoor sy medegelowige na te kom, die sondaar by die kerkraad aan te gee nie.

Die onderlinge vermaning moet gekenmerk word deur die gees van *broederlike liefde* (Spr. 10:12; 1 Kor. 13:7). Die liefde om die sondaar te behou, is nie alleen die uitgangspunt by die onderlinge vermaning nie, maar ook die oorweging by die uitvoering daarvan.

c. Die onmiddellike doel van die onderlinge vermaning:

Die onmiddellike doel van die onderlinge vermaning is om die sondaar te behou vir die koninkryk van die hemele (Jak. 5:19, 20; Hebr. 3:13) deur hom op die weg van bekering te help (Gal. 6:1).

Dit is verder die Christelike plig van die gelowige om sy naaste se naam te beskerm (Heid. Kat., antw. 112). Hieruit vloei die kerkregtelike bepaling dat in die gevalle van berou die saak as afgehandel beskou moet word en nie voor die kerkraad gebring moet word nie. Met die berou is die doel van die vermaning bereik (Jak. 5:19, 20; 1 Joh. 1:9; Luk. 17:3), want die tug is geen vergeldingsmiddel nie. In die Gereformeerde kerkreg is daar dus geen plek vir bepalings soos in die Kollegialistiese kerkwette dat selfs na berou die sondaar deur die kerkraad ’n straf opgelê kan word na die eis van omstandighede (vgl. Transvaalse N.G. Kerkwet, art. 340).

Wanneer ’n lidmaat iemand dus by die kerkraad aangee (art. 74 K.O.), moet die kerkraad hom vooraf daarvan vergewis of hy na die reël in Matth. 18 met die sondaar gehandel het.

[436]

d. Die prosedure soos voorgeskryf in Matth. 18:15—11.

Die opdrag van Christus in Matth. 18:15—17 val uiteen in drie vermaninge:

Die eerste vermaning moet onder vier oë geskied: “Gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen” (vs. 15). Hierdie bevel van Christus betrek elke lid van die gemeente, en dit geld vir sowel die gevalle van persoonlike belediging (Matth. 18:21—35; Luk. 17:3, 4) as vir elke sonde wat ergernis kan veroorsaak. Indien die sondaar na die vermaner luister, is die saak daarmee afgehandel. Luister hy egter nie, volg die tweede vermaning.

Die tweede vermaning geskied met getuie (vers 16). Die vermaner kan self die getuies kies, maar hulle moet agbare en betroubare lidmate van die gemeente wees. Artikel 73 stel die getal op twee of drie sodat die bewerings van die sondaar en die gevolge van die vermaning vas kan

staan en deur die kerkraad aanvaar kan word (Deut. 19:15; 2 Kor. 13:1). Aan die ander kant moet ook nie meer as drie getuies geneem word nie sodat die heimlike sonde nie te veel rugbaar word nie. Indien die sondaar na die vermaners luister, het die doel van die vermaning geslaag en moet verder daaroor geswyg word. Die metode wat aangewend word, word in art. 55 K.O. voorgeskrywe, naamlik dié van lering, weerlegging, waarskuwing en vermaning. Indien nodig, moet nie met een vermaning volstaan word nie. Alleen as al die getuies oortuig is van verharding by die sondaar, volg die derde vermaning.

Die derde vermaning is ’n kerklike (vers 17). Die saak word dan aan die kerkraad bekend gestel (vgl. die bevestigingsformulier vir ouderlinge). Hieroor handel artikel 74 K.O. verder.

ARTIKEL 74

DIE OORGAWE VAN ’n TUGGEVAL AAN DIE KERKRAAD

> As *iemand, nadat hy deur twee of meer persone in liefde oor ’n heimlike sonde vermaan is, geen gehoor gee nie of ’n openbare sonde bedryf het, moet dit by die kerkraad aanhangig gemaak word*.

1. Die gronde waarop ’n tuggeval by die kerkraad aanhangig gemaak moet word.

Hierdie artikel, wat dateer vanaf die Sinode van Emden, 1571, lê die verpligting op die gelowige om, wanneer ’n sondaar na [437] die veelvuldige onderlinge vermaninge nie wil luister nie (art. 72, 73) of ’n openbare sonde bedryf het, die sondaar by die kerkraad aan te gee. Hiermee neem die tug in enger sin ’n aanvang (art. 74—80).

Die rede waarom die saak na die kerkraad, wat bestaan uit die bedienaar van die Woord en die ouderlinge (vgl. art. 23, 35 K.O.), verwys word, is omdat die kerkraad die organiese verteenwoordigers van die gemeente is. As Christus in Matth. 18:17 beveel: “sê dit aan die gemeente”, verklaar die bevestigingsformulier vir ouderlinge, dan word daarmee bedoel “diegene wat deur die lidmate gekies is om hulle te regeer”. Namens die gemeente van Christus bedien die kerkraad die tugmag van Christus wat Hy aan die opsieners toevertrou het (Matth. 18:17; 1 Kor. 12:*28;* 1 Thess. 5:12; Hand. 20:28). Dit hou egter nie in dat individuele ampsdraers persoonlik oor die tugmag beskik nie. In 1 Kor. 5:4 word die beginsel duidelik gestel dat die ampsdraers *saam vergader* moet wees wanneer oor die tug besluit word. Tuggevalle kan alleen in ’n amptelike kerkraadsvergadering behandel word. Die kerkraad moet die tugsaak dan *amptelik,* dit wil sê, namens Christus hanteer.

By die aanhangig maak van ’n tuggeval aan die kerkraad mag die gemeente nie geheel en al uitgeskakel word in die kerklike tughandeling nie, want die tug wortel in die gemeente (vgl. art. 72, 73). In teenstelling tot die Rooms-Katolieke en Kollegialistiese hiërargie, waar die gemeente geen seggenskap in die kerkregering het nie, het die ampte volgens die Gereformeerde kerkregtelike begrip geen oorheersende mag nie, maar ’n *bedienende*. Dit hou in dat die kerkraad se regering *in samewerking met die gemeente* geskied. Die kerkraad kan in die tug geen *finale* beslissinge neem en dit uitvoer sonder dat die gemeente aan die besluit van die kerkraad approbasie verleen het nie (vgl. art. 77 K.O. i.s. die afsnyding). Dit is dus eintlik die gemeente wat die tug bedien deur middel van die kerkraad as organiese verteenwoordigers van die gemeente.

2. Wanneer ’n tuggeval aangegee moet word.

In die geval van heimlike sondes word die saak onder die aandag van die kerkraad gebring as die sondaar nie na die onderlinge vermaninge (art. 72, 73 K.O.) wou luister nie en in sy kwaad

volhard. Deur die volharding en verharding kry die heimlike sonde die karakter van 'n openbare sonde (vgl. art. 75 K.O.).

Aleer die kerkraad die saak ter tafel neem, moet hy hom [438] vooraf daarvan vergewis of die aanklaer die reël in Matth. 18:15—17 nagekom het. Daar moet daarop gelet word nie alleen of hy *formeel* sy plig gedoen het nie, maar ook of hy na die eis van die *liefde,* as grondbeginsel van die onderlinge vermaning, gehandel het. Indien hy nie aan hierdie vereistes voldoen het nie, word hy versoek om die aanklag terug te neem en self eers die weg van die liefde te bewandel. Indien die aanklaer sou weier om na die eis van Matth. 18 te handel, moet hy deur die kerkraad tereggewys word.

In die geval van growwe openbare sonde moet die aanklaer dit direk by die kerkraad aanhangig maak. Die reël in Matth. 18 word dan nie gevolg nie (vgl. art. 72, 73 en 76 oor onderskeid tussen heimlike en openbare sonde).

3. Die wyse waarop 'n tuggeval by die kerkraad aangegee moet word.

Die geldende beginsel is dat 'n persoon wat 'n klag lê, sy naam aan die kerkraad bekend moet maak en gewillig moet wees om sy identiteit te laat openbaar, indien nodig. In die reël moet die kerkraad nooit anonieme briewe of los gerugte as klag aanvaar nie. Indien die sonde egter van 'n baie ernstige aard is en die anonieme skrywer die *tyd, aard* en *plek* van die sonde duidelik aandui, kan die kerkraad by wyse van uitsondering daarvan kennis neem, die saak ondersoek op die erkenning van die beweerde sondaar oor die saak handel. Indien die beweerde sondaar egter die waarheid van die bewering teen hom ontken, moet die kerkraad met die ontkenning volstaan.

In die reël moet heimlike sondes aan die wyksouderling, met die nodige getuienisse en getuies, bekend gemaak word. Die ouderling kan dan met een of twee mede-ouderlinge verdere ondersoek instel voordat hy die saak aan die kerkraad rapporteer. As die wyksouderling een van die getuies volgens Matth. 18 was, kan die aanklaer hom deur middel van die wyksouderling tot die kerkraadsvergadering wend. Die ouderling rapporteer die *saak* in die kerkraad *sonder om die naam van die sondaar te noem.* Daar word net gesê: 'n broeder of suster of gesin, na die geval mag wees, het hulle skuldig gemaak aan hierdie of daardie misdryf. Hulle is *so* en so behandel — met die byvoeging van die name van die lidmate wat reeds gehelp het, of die name van die mede-ouderlinge — maar hulle verhard nog in hulle sonde. Die naam van die sondaar moet beskerm word totdat die kerkraad oortuig is dat die arbeid aan die sondaar na die eis van Matth. 18 geskied het en hy skuldig staan aan 'n tugwaardige sonde.

[439] Die aanklaer kan egter ook direk, skriftelik of persoonlik, sy klag by die kerkraad lê. Die nodige gegewens oor die aard van die sonde, die getuies, ens. moet dan voor die kerkraadsvergadering gelê word.

In die geval van growwe openbare sondes, soos byvoorbeeld openlike dwaalleer in woord of geskrif, of van openlike wangedrag wat in die publieke pers vermeld is, kan die kerkraad die saak ter tafel neem al het niemand uit die gemeente dit by die kerkraad aangegee nie.

Die saak kan ook ter tafel geneem word op die bekentenis van die sondaar self. Hy kan sy sonde direk onder die aandag van die kerkraad of van sy wyksouderling bring, wat dan 'n mede-ouderling as getuie met hom saamneem, of hy vra vooraf 'n kommissie van die kerkraad aan.

Indien 'n persoon wat nie lidmaat van die Gereformeerde Kerk is nie 'n aanklag teen 'n lidmaat aanhangig maak, moet die kerkraad hom vergewis dat die *tyd* waarop, die *plek* waar en die *aard* van die sonde wat gepleeg is, duidelik aangedui word. Alleen dan kan die kerkraad ondersoek of die aanklag gegrond is.

4. Die doel van die aanhangig maak by die kerkraad.

Die rede waarom 'n saak by die kerkraad aanhangig gemaak moet word, is dat die kerkraad *amptelik, namens die hele gemeente,* teen die sonde as siekte in die kerklike liggaam met die geestelike geneesmiddel van die Woord kan optree om die sondaar te probeer behou, die kerk vir besmetting te bewaar en te waak dat die Naam van God om ons ontwil nie gelaster word nie, maar geëer en geprys word (2 Kor. 7:7—9; 12:20, 21; 13:*2,* 3).

Artikel 74 maak geen melding van enige optrede van die kerkraad nadat 'n klag by die kerkraad aanhangig gemaak is nie. Beide artikels 75 en 76 bou egter op die bevinding van die kerkraad oor die grondigheid van die klag. Beide artikels bou ook op die uitwerking van voorafgaande kerklike vermanings. Uit die verband met artikels 75 en 76 vloei dus voort dat, nadat die kerkraad 'n klag in ontvangs geneem het, die saak ondersoek moet word en die kerkraad na sy bevinding amptelik moet optree en vermaan waar nodig.

a. Die ondersoek deur die kerkraad.

Wanneer die kerkraad 'n klag ter tafel neem, moet hy amptelik ondersoek instel of die sondaar skuldig is aan 'n tugwaardige [440] sonde en in sy kwaad volhard (vgl. art. 76, 80). Die ondersoek moet na regte geskied voor die volle kerkraad, maar kan om praktiese redes aan 'n kommissie namens die kerkraad opgedra word.

In die ondersoek gaan dit altyd om die waarheid. Daarom moet die ondersoek *regverdig* en *onpartydig* wees. Die geleentheid tot selfverdediging moet die aangeklaagde nooit ontneem word nie. Hy kan sy verweer mondeling en/of skriftelik doen. Daar was 'n ou gebruik dat die aangeklaagde iemand kon kry om sy saak te behartig. Toe later van die dienste van advokate, wat baie kennis van wêreldlike reg maar weinig van kerkreg besit het, gebruik gemaak is, is die praktyk gestaak. Tog behoort die aangeklaagde die reg te hê — as hy byvoorbeeld swak van spraak is of sy gedagtes nie goed kan uitdruk nie — om iemand te kry wat vir hom voorspraak kan doen. Die kerkraad moet in sy ondersoek alle gegewens versamel. Die getuies moet eerbare en betroubare mense wees. Die kerkraad moet ook sekerheid verkry oor die integriteit van getuies wat nie lidmate van die Gereformeerde Kerk is nie, sodat leuenagtige getuies nie aangehoor sal word nie. Getuies moet op hulle erewoord aanvaar word. Die ou gebruik was om die eed te vorder. Die karakter van die kerk en kerklike lidmaatskap is egter van so 'n aard dat die eed so weinig moontlik in die kerk gebruik moet word. Die kerkraad het egter geen reg om die eed van getuies wat nie lidmate van die betrokke kerk is nie, te vorder omdat die kerkraad geen seggenskap oor hulle het nie.

Die ondersoek moet ook *omsigtig* wees. Dit moet deur lankmoedigheid, versigtigheid, beskeidenheid en waardigheid gekenmerk word terwyl dit altyd in *liefde* geskied.

b. Die resultaat van die ondersoek.

As die *onskuld* bewys is, of bevind word dat die aanklag van geen betekenis is nie, word die naam van die aangeklaagde voor die betrokke partye in ere herstel en die aanklaers tot groter versigtigheid gemaan. Indien die aanklag as 'n sonde onder die negende gebod bevind word, moet die aanklaers kerklik behandel word. In die kerkreg is daar geen beswaar daarteen dat 'n saak ook kan oorgaan op 'n klaer wat die gebod van God oortree het met sy aanklag.

In die gevalle van *onsekerheid* oor die skuldigheid van die aangeklaagde, waar bewys en teenbewys ewe sterk teen mekaar opweeg, kan die kerkraad die saak opskort, 'n vermaning tot albei partye rig en hulle wys op die plig wat die Skrif die gelowiges oplê; [441] of die kerkraad kan daarmee volstaan dat die hele saak aan die gewete van die aangeklaagde oorgelaat word. Die

voordeel van die twyfel kom altyd die aangeklaagde toe.

In die gevalle waar die skuld wel *bewys* is, gaan die kerklike behandeling 'n nuwe fase binne. Die kerkraad neem nou die bearbeiding van die sondaar oor.

c. Die aanvang van die kerklike bearbeid.

Die kerklike bearbeiding begin met vermaning. Hierdie vermaning is geen onderlinge vermaning (Matth. 18) of soos dit in die algemene sin in die prediking en in die Nagmaalsformulier geskied nie (vgl. 2 Kor. 2:20; 1 Kor. 11:28; Heid. Kat., Sondag 31), maar dit dra 'n *amptelike* karakter. Dit is 'n *kerklike* vermaning met 'n *bestraffende* inhoud wat *dissiplinêr* van aard is en dit geskied amptelik in die Naam van die Here (1 Kor. 5). Hierdie vermaning is in wese die bediening van die gerig van die Woord en kan daarom net oor sake handel waaroor die Woord eksplisiet duidelik is.

Die kerklike vermaning kan in die volle kerkraad geskied, of deur middel van 'n kommissie van die kerkraad gepaard met 'n skrywe aan die sondaar (vgl. 2 Kor. 10:9). Daar moet egter gewaak word teen ultimatums of dreigbriewe, byvoorbeeld: as die sondaar nie dit of dat doen nie, sal verdere stappe volg. Dit maak van die verskerpte tugmaatreëls (art. 76, 77) *afskrik-* en *straf maatreëls,* terwyl dit in werklikheid maatreëls ter behoud van die sondaar is. Die sondaar moet die Woord van God gehoorsaam en daarmee gekonfronteer word, en nie met die tug bang geslaan word tot 'n slawe-onderwerping nie.

Die gevolg van die kerklike vermanings kan wees dat die sondaar nie alleen die *feit* nie maar ook die *skuld* van sy sonde bely. Daarmee het die vermaning sy doel bereik en word art. 75 K.O. toegepas. Indien hy egter in sy kwaad volhard, gaan die kerkraad daartoe oor om art. 76 K.O. toe te pas.

Na die eis van art. 34 K.O. is dit nodig dat 'n deeglike en noukeurige notule gehou word van die kerkraadshandelinge in tuggevalle. Wanneer 'n klag teen 'n lidmaat by die kerkraad aanhangig gemaak word, word in die notule net na die saak verwys met vermelding van die aard van die klag teen 'n broeder of suster, na die geval mag wees, die sonde waaroor dit gaan (die gebod wat oortree sou wees), die arbeid aan die aangeklaagde bestee, maar sonder om die aangeklaagde se naam te notuleer. Eers nadat die kerkraad die aanklag as gegrond bevind het, word die sondaar se naam in die notule vermeld (vgl. verder art. 76 K.O.).

[442]

5. Wetsbeskerming van kerkrade en ampsdraers in tugsake.

Die Sinode van 1942 (art. 46) het, nadat wetsadvies ingewin is, die aandag van die kerkrade op die volgende gevestig insake wetsbeskerming van ampsdraers in tugsake:

(1) Kerkrade is wetlik bevoorreg in tugsake in verband met persone wat lidmate van die plaaslike kerk is, en geen wetaksies of lasteraksies kan teen hulle ingebring word solank hulle streng binne die bepalings van die Kerkorde bly.

(2) Wanneer ampsdraers oor vertroulike inligting, wat uit 'n tugaksie voortgekom het, beskik, het hulle geen privilege om hulle getuienis in die hof terug te hou nie. Hulle kan egter by die hof verskoning vra om die feite waaroor hulle beskik nie te openbaar nie, aangesien die saak streng vertroulik behandel was.

(3) Geen individu uit die kerkraad mag sonder toestemming van die kerkraad in 'n wetsproses in verband met 'n kerklike handeling getuienis aflê nie.

(4) Indien die voorsitter of skriba van 'n kerkraad gedagvaar word om in 'n saak te verskyn

en aangesê word om die notuleboek saam te bring, moet die kerkraad vooraf opgeroep word en ’n besluit neem sodat die gedagvaardes namens die kerkraad om privilege kan pleit.

(5) Iemand wat wettig gedagvaar is om getuienis af te lê, moet voor die hof verskyn. Hy kan egter om privilege pleit en weier om oor die handeling van die kerkraad getuienis af te lê as die hof nog nie uitspraak gedoen het oor sy pleitgrond van bevoorregting nie.

(6) Wanneer ’n lasteraksie egter uit ’n tughandeling voortkom, verval die privilege as bewys is dat daar by die verweerder persoonlike vyandigheid, of verkeerde beweegredes, of slegte trou, of blote oordrywing, of die opset tot skewe voorstellings *(animus iniurandi)* aanwesig was.

Besprekings in en besluite van die kerkraad, veral met betrekking tot die tug, is uiters vertroulik van aard. Bedienaars van die Woord of ouderlinge wat uit die kerkraadsvergaderinge oor tugsake los en vas praat met hulle eggenotes, lidmate, diakens of persone wat nie lede van die kerkraad is nie, loop nie alleen gevaar van ’n eventuele skorsing uit die amp nie, maar stel hulle ook bloot aan ’n lasteraksie, waarvoor daar geen kerklike privilege bestaan nie.

[443]

ARTIKEL 75

DIE KERKLIKE VERSOENING

Die versoening oor alle sondes wat uit hulle aard of uit veragting van die kerklike vermaninge openbaar geword het, moet, as daar genoegsame tekens van boetvaardigheid is, in so ’n vorm en op so ’n wyse plaasvind soos elke kerkraad dit vir die stigting van die kerk nodig oordeel. Indien daar verskil is in die kerkraad oor die vraag of die versoening in bepaalde gevalle in die openbaar moet plaasvind, moet daaroor met advies van twee naburige kerkrade beslis word.

1. Die geskiedenis van die artikel.

Die eerste gedeelte van die artikel dateer vanaf die Sinode van Emden, 1571, (art. 29). Die Sinode van Middelburg, 1581, het bygevoeg dat in die kerke met net een bedienaar van die Woord die advies van die klassis gevra moet word as daar in die kerkraad verskil van mening bestaan oor die versoening in die openbaar, al dan nie. Die Sinode van 's Gravenhage, 1586 het besluit op twee naburige kerkrade in die plek van die klassis.

In Suid-Afrika het die Sinode van 1904, sonder dat die Kerkorde offisieel so geammendeer is, besluit dat die oproep van twee naburige kerkrade “door onze landsomstandigheden moeielijk uitvoerbaar is”, daarom “achte de Synode dat elke kerkraad daarin zelfstandig moet handelen” (vgl. *Synodale Bepalingen,* 1904, by art. 75).

Die redaksie van die artikel, soos vasgestel deur die Sinode van 1964, laat die onderskeid tussen kerke met een of meer bedienaars van die Woord weg, en handhaaf die ou beginsel, soos vervat in die artikel, dat, ingeval daar verskil in die kerkraad oor die wyse van versoening is, advies van twee naburige kerkrade gevra moet word.

2. Die begrip “versoening”.

Onder “versoening” word verstaan die kerklike handeling waardeur ’n lidmaat van die

gemeente, wat onder tug verkeer, na sy berou, skuldbelydenis en bekering, van verdenking en die sonde vrygespreek word, en hy sy volle regte as lidmaat terug ontvang.

Die artikel oor die versoening gaan die tugprosedure vooraf. [444] Daarmee word die versoening as die doelpunt van die sensuur beklemtoon. Die sensuur soek die verbetering van die sondaar en heiliging van sy lewe, en nie straf as kerklike vergelding nie.

Die kerk ken twee soorte versoening: die eerste vind plaas wanneer lidmate van die kerk, as lidmate in Christus, onderling met mekaar moet versoen, want niemand mag onversoend na die Nagmaalstafel gaan nie (Matth. 5:23, 24); die tweede is die versoening van 'n lidmaat wat onder sensuur verkeer, met die gemeente self. Oor laasgenoemde handel hierdie artikel.

3. Waaroor die kerklike versoening handel.

Die kerklike versoening kan alleen in dié gevalle waar openbare sondes gepleeg is, plaasvind. Die artikel handel oor *alle* sondes wat vanweë hulle aard as openbare sonde, of wat deur veragting van die kerklike vermaninge openbaar geword het. Omdat by verharding in die heimlike sondes steeds meer en meer gelowiges by die onderlinge en kerklike vermaninge bygebring word (vgl. art. 72—74), verkry die aanvanklik heimlike sondes daardeur die karakter van openbare sondes. As die sondaar na die aanvang van die kerklike vermaninge (art. 74, 76, 77 K.O.) tot inkeer en berou kom, vind die kerklike versoening plaas. Daarmee hou die tug op.

In die burgerlike lewe moet die sondaar, as die skuld bewys is, gestraf word, ongeag of hy berou het of nie. 'n Moordenaar wat berou het, moet nogtans sy straf uitdien. In die burgerlike lewe word met straf immers beoog die herstel van geskonde reg; daarom is die straf die korrelaat van die oortreding wat gepleeg is. By die tug is dit andersom. Hier word die sonde vergewe as daar waaragtige berou is. Selfs 'n berouvolle moordenaar word nie geban nie. Die genade verleen kwytskelding na oormoedige skuldbelydenis, want met hierdie belydenis vind versoening plaas en word die geskonde reg herstel (1 Joh. 1:9).

4. Die vereistes vir die kerklike versoening.

Die kerklike versoening kan alleen geskied as die kerkraad oortuig is dat daar genoegsame tekens van opregte boetvaardigheid is.

Die vraag is egter of sodanige sondaar direk na sy mondelinge skuldbelydenis in alle regte herstel moet word. Die antwoord hang in die eerste plek van die aard van die sonde af; drinkers is bv. geneig om baie maklik berou te betoon en met beloftes van beterskap te kom. In die tweede plek hang dit ook af van die [445] omvang van die bekendheid van die sonde en die ergernis wat dit veroorsaak het. Rutgers sê dat die vereiste vir versoening nie alleen die *belofte* van waaragtige verbetering deur die sondaar is nie, maar ook die *bewys* dat dit die geval is. *(Kerk. Adviezen* II, bl. 286). Daarbenewens moet die ergernis eers uit die gemeente verwyder word. Mondelinge skuldbelydenis bring dus nie altyd mee dat die sensuur dadelik opgehef word nie. Die opregtheid van die berou moet in die geval van growwe sonde nie alleen uit woorde nie maar ook uit die wandel blyk. Die opregtheid moet getoets word. Dit beteken egter nie dat die kerkraad die berou aanvaar en die sondaar aan 'n proef tydperk onderwerp nie. Dan word van die tug 'n soort opgeskorte vonnis gemaak (vgl. Jansen: *Korte Verklaring,* bl. 320).

Die beginsel wat hier geld, is dat die tug gehandhaaf word totdat die kerkraad oortuig is van die *opregtheid* van die berou wat met die *lewenswandel bevestig* moet wees. Hierdie opregtheidstoets moet egter nie onmenslike eise stel nie. Die kerkraad moet hier ook die weg van die liefde bewandel. *Wanneer die berou aanvaar word, word die tug opgehef en vind die versoening plaas*. Die kerkraad moet op elke kerkraadsvergadering besin of daar by die sondaar

wat onder die kerklike tug verkeer, tekens van opregte berou en verbetering in die lewenswandel bestaan.

5. Die wyse van die versoening.

Die Kerkorde gee twee moontlike metodes van versoening aan: voor die kerkraad alleen, of publiek voor die hele gemeente.

In die reël geskied die versoening voor die kerkraad alleen. In uitsonderlike gevalle, waaroor die kerkraad eenparig moet wees, kan dit publiek voor die gemeente geskied. Die kerkraad moet in elke afsonderlike geval beslis oor die wyse waarop die versoening moet geskied sodat dit tot meerdere stigting van die gemeente kan dien.

a. Die versoening voor die kerkraad.

'n Skuldbelydenis en versoening voor die kerkraad geskied nie voor die aanwesiges in hulle hoedanighede as *opsieners en verteenwoordigers van die hele gemeente* nie.

Indien dit tot meerdere stigting kan dien, kan die kerkraad die versoening in 'n kerkraadsvergadering laat geskied in die teenwoordigheid van sekere lidmate, soos byvoorbeeld die aanklaers (vgl. Rutgers: *Kerkl. Adviezen,* II, bl. 285).

b. Die openbare versoening voor die gemeente.

In stede van 'n proeftydperk na die aanvaarding van die berou, [446] soos Jansen wil *(Korte Verklaring,* bl. 320), maak die Kerkorde voorsiening vir 'n openbare versoening voor die gemeente sodat die ergernis wat die sondaar in die gemeente veroorsaak het, uit die weg geruim kan word.

Daar moet egter gewaak word dat die versoening nie al te ligtelik in die openbaar geskied nie. Die Sinode van Emden, 1571, het al bepaal dat die besluit tot openbare versoening nie sal geskied deur een of twee persone nie, maar dat dit die oordeel van die hele kerkraad moet wees (art. 29). Die predikant of ouderling of kommissie van die kerkraad kan nie besluit op openbare versoening nie.

Die norm wat die kerkraad moet aanwend om te bepaal of die versoening publiek moet geskied, word bepaal deur: die aard van die bedrewe kwaad; die omvang van die bekendheid daarvan; en die omvang van die ergernis wat dit in die gemeente veroorsaak het. Elke kerkraad moet na gelang van omstandighede self bepaal of 'n publieke versoening moet geskied. As riglyne geld die volgende vrae:

Wat strek die meeste tot eer van God? Openlike leerdwaling in woord of geskrif wat 'n dreigende skeuring in die gemeente veroorsaak het, maak 'n publieke versoening wenslik.

Wat sal dien tot meerdere stigting van die gemeente? Indien die leer- of lewensdwaling van die sondaar so openlik en publiek was dat 'n groot gedeelte van die gemeente daardeur in beroering gebring is, is 'n publieke versoening wenslik. In hierdie verband kan die versoening van persone wat volgens art. 76 K.O. slegs dissiplinêr van die sakramente afgehou is, in bepaalde gevalle ook in die openbaar geskied om die gemoedere te kalmeer.

Wat is die mees bevorderlike vir die sondaar? As hy aan die spotterny of gemeentelike hooghartigheid onderwerp kan word, is publieke versoening nie wenslik nie. Alleen as die kerkraad oortuig daarvan is dat sy naam deur die publieke versoening in ere herstel kan word, kan dit op sodanige wyse geskied.

6. Meerdere advies by publieke versoening.

Indien daar in die kerkraad, in 'n bepaalde geval, nie tot eenstemmigheid geraak kan word

of die versoening in die openbaar voor die gemeente moet geskied nie, moet die advies van twee naburige kerkrade gevra word. Hierdie advies beteken nie "met toestemming" nie, want dan sou die beslissing by die ander twee kerkrade berus. Dit is ook nie "na advies" nie sodat dit dan aan die betrokke kerkraad oorgelaat word om die advies te aanvaar, [447] al dan nie. "Met advies" beteken dat die besluit van die kerkraad *in ooreenstemming is* met die advies van die ander twee kerkrade, of deputate van daardie kerkrade, wat saam met die betrokke kerkraad vergader. Al drie die kerkrade, of die kerkraad en deputate van die ander twee, moet afsonderlik en gesamentlik tot dieselfde besluit kom. As hierdie eenstemmigheid nie bereik kan word nie, moet die klassis om advies gevra word. Die advies van die klassis is bindend, behoudens die reg van appèl.

7. Die vorm van die versoening.

As die versoening in die kerkraad geskied, kan met 'n verklaring van die berouvolle sondaar volstaan word. Die kerkraad of kommissie van die kerkraad mag by wyse van vrae die motiewe van die sondaar ontleed om te probeer vasstel of die berou waaragtig en opreg is.

Die versoening na die afhouding van die sakramente (art. 76 K.O.) geskied in die reël by die kerkraad, sonder enige afkondiging aan die gemeente. As die sonde egter 'n groot beroering in die gemeente veroorsaak het, kan die kerkraad, om die gemoedere te kalmeer, die nodige afkondiging van die versoening aan die gemeente doen.

Wanneer die versoening plaasvind nadat begin is met die toepassing van art. 77, moet die versoening aan die gemeente afgekondig word. Hierdie bekendmaking moet altyd in korrelasie wees met die vorm van die afkondiging aan die gemeente by die toepassing van die tug. In die geval van versoening na die toepassing van die eerste trap van die kerklike tug (art. 77 K.O.), word dus slegs die gebod genoem waaronder die broeder of suster onder die kerklike tug geplaas is met die byvoeging dat die broeder of suster, na die geval mag wees, van die eerste trap van die kerklike tug onthef is. Die naam van die sondaar word in hierdie afkondiging verswyg. In die gevalle van versoening na die toepassing van die tweede en derde trappe van die kerklike tug, word die naam van die sondaar ook afgekondig.

Vir gevalle van publieke versoening voor die gemeente, bestaan daar geen vasgestelde formulier nie. Die kerkraad moet dus 'n kort verklaring opstel waarin na die aard van die sonde verwys word (watter gebod oortree is), terwyl die klem op die berou moet val. Verder kan die gemeente ook vermaan word om die sondaar sy sonde nie langer toe te reken nie (vgl. Rutgers: *Kerkl. Adviezen, II*, bl. 284).

Opregtheid van berou by volwasse *dooplidmate* moet bevestig word deur die aflegging van die openbare belydenis van die geloof (vgl. art. 61 K.O.).

[448]

ARTIKEL 76

DIE AFHOUDING VAN DIE SAKRAMENTE

> *Diegene wat hardnekkig die vermaning van die kerkraad verwerp en ook dié wat 'n openbare of ander growwe sonde gedoen het, moet van die sakramente van die Here afgehou word.*

1. Die geskiedenis van die artikel.

Calvyn het beklemtoon dat die ouderlinge die wagters oor die sakramente moet wees

sodat niemand dit sonder hulle toestemming sal gebruik nie. Die afhouding van die sakramente is derhalwe 'n ou beproefde Gereformeerde gebruik.

Die Sinode van Emden, 1571, (art. 50) noem slegs een oorsaak vir afhouding, naamlik wanneer iemand hardnekkig die kerklike vermaninge verwerp. Daarvolgens moes ook in die gevalle van growwe openbare sondes die sondaar eers vermaan word voordat tot sensuur oorgegaan kon word. Die Sinode van Middelburg, 1581, het gevolglik "diegene wat 'n openbare of sware sonde gedoen het" bygevoeg. Hierdie bepalinge word nog steeds in die Kerkorde gehandhaaf.

Die redaksie van artikel 76 het tot die hersiening van die Sinode van 1964 bygelees: *En as hy na die afhouding en na verskeie vermaninge geen teken van boetvaardigheid laat blyk nie, dan moet eindelik die laaste middel, naamlik die afsnyding aangewend word volgens die formulier wat volgens die Woord van God daarvoor vasgestel is. Niemand moet egter afgesny word sonder voorafgaande advies van die klassis nie*. Daardeur was die beginsel van artikel 77 reeds in artikel 76 gestel, terwyl artikel 77 voor die hersiening net die uitvoering daarvan beskryf het. Die redaksionele hersiening deur die Sinode van 1964 het nou die beginsel en die uitvoering van die eintlike afsnyding onder artikel 77 gereël, terwyl artikel 76 slegs handel oor die afhouding van die sakramente. Artikel 76 het eers net melding gemaak van die afhouding van die Nagmaal. Volgens die genoemde redaksionele hersiening handel die artikel nou oor die afhouding van die *sakramente,* waarby sowel die Nagmaal as die doop betrek word.

Soos die artikels tans lees, bepaal die Kerkorde dat die tug in enger sin met artikel 76 begin; dit bou op die kerklike vermaninge van artikel 74 en verloop in twee stappe, naamlik die afhouding van die sakramente (stille sensuur) (art. 76) en die [449] afsnyding (art. 77). Die stille sensuur (art. 76) word ook die *klein ban* en die *trappe* van afsnyding (art. 77) die *groot ban* genoem.

2. Die regsgrond vir die afhouding van die sakramente.

Die Kerkorde bepaal dat diegene wat hardnekkig die vermaning van die kerkraad verwerp (vgl. art. 74) asook diegene wat 'n openbare of growwe sonde (vgl. art. 80) gedoen het, van die gebruik van die sakramente geweer moet word.

Elke dwaling met betrekking tot die suiwerheid van die leer of die vroomheid van die lewenswandel is sonde, maar daarom nog nie die rede tot die toepassing van die tug in enger sin nie. Die tugwaardige sondes dra 'n bepaalde karakter: dit is sondes teen die Wet (art. 72 K.O.) wat openbare ergernis veroorsaak het en waarin die sondaar hardnekkig volhard (art. 74 K.O.). Hierdie sonde en verharding vloei voort uit gebrek aan liefde tot God, die kerk en die naaste. Dit is in wese ongehoorsaamheid aan en verset teen die Woord van God.

Die hardnekkige verwerping van die kerklike vermaninge openbaar 'n verhardende toestand in die sonde. Daarmee verset die sondaar hom teen die Woord van God, want die kerklike vermaning is 'n amptelike bediening van die gerig van die Woord teen die sonde (vgl. art. 74 K.O.).

Onder *openbare* sonde word verstaan 'n sonde wat in die publiek bedryf is en oorsaak van aanstoot en ergernis is (vgl. art. 72 K.O.), terwyl *growwe* sonde die aard van die openbare sonde aandui (vgl. art. 80 K.O.), wat die sondaar in die oë van die wêreld eerloos maak, vir die kerk skandelik is en die eer van God aantas (vgl. art. 71 K.O.). As ongehoorsaamheid aan die Woord van God is dit tugwaardig.

Indien 'n lidmaat aan 'n geheime genootskap sou behoort wat vreemd is aan die geestelike

en hemelse aard van die kerk, soos die Vrymesselaars, is sodanige persoon ongehoorsaam aan die Woord en gevolglik tugwaardig. (Vgl. art. 61 oor die kerklike lidmaatskap en geheime genootskappe).

Daar mag nooit, selfs in die geval van gruwelike misdrywe, dadelik tot die eerste trap van die kerklike tug (art. 77 K.O.) oor gegaan word nie. Die weg wat altyd gevolg moet word, is: eers die dissiplinêre afhouding (vgl. die eerste gedeelte van art. 77 wat dit voorop stel), want daar moet tydens die afhouding bepaal word of daar berou of verharding is; 'n berouvolle sondaar mag nie onder artikel 77 K.O. in 'n staat van afsnyding geplaas word nie.

[450]

3. Die vorme van afhouding van die sakramente.

Op voetspoor van Voetius word onderskei tussen 'n voorlopige of eenvoudige afhouding en die dissiplinêre afhouding.

a. Die voorlopige of eenvoudige afhouding.

Hierdie afhouding kan of vrywillig, of voorkomend van aard wees, en moet van die dissiplinêre afhouding, waaroor die artikel in besonder handel, onderskei word. In werklikheid is dit ook nie deel van die sensuur nie.

Die *vrywillige* onthouding van die sakramente geskied wanneer iemand hom uit eie beweging met *medewete van die kerkraad* onthou van die sakramente. Dit kan voorkom: solank klaarblyklike kwaadwillige gerugte oor die persoon in omloop is terwyl die kerkraad nog nie uitspraak in die saak kon doen nie; by 'n onskuldige party solank 'n egskeiding hangende is; solank 'n hofsaak teen 'n lidmaat hangende is en in afwagting van die uitspraak die kerkraad nie die saak kan ondersoek nie; soms na 'n onenigheid om 'n opgewonde party eers geleentheid tot kalmering te gee, ens., ens. Dit is duidelik dat die liefde vir die naaste en die stigting van die kerk en medegelowiges hier uitgaan bo die aanspraak op reg van die sakramente.

Dit is ewe duidelik dat die kerkraad ook die versoek tot eenvoudige afhouding van die sakramente aan sodanige persoon kan rig sonder dat daarmee 'n tughandeling deurgevoer word. So 'n voorlopige afhouding is soms as *voorsorgmaatreël* nodig.

In die geval van 'n opskudding waardeur 'n groot gedeelte van die gemeente geraak word, kan die kerkraad *die viering van die* Nagmaal *uitstel*. Dit moet egter nie al te maklik geskied nie. Alleen as alle poginge van die kant van die kerkraad om die gemoedere te kalmeer nie die gewenste uitwerking het nie, mag die uitstel oorweeg word. Hierdie uitstel is geen tughandeling soos die Roomse interdik nie, maar 'n voorsorgmaatreël wat die kerkraad tref om die sakrament nie te ontheilig nie.

b. Die dissiplinêre afhouding.

Die dissiplinêre afhouding van die sakramente vind plaas wanneer die kerkraad 'n lidmaat se reg op die gebruik van die sakramente opskort in afwagting van sy bekering van sy sonde.

Hiermee sê die kerkraad nou offisieel aan die sondaar dit is die konsekwensie van jou verharding in die sonde; jy het weggebreek en leef buite die kudde van Christus en jy verwerp die tug van die Woord; sien dus in dat jy jouself deur jou sonde [451] eintlik buite die gemeenskap met Christus en die gelowiges gestel het en daarom geen reg het op die deelname aan die sakramente nie.

Hierdie afhouding is kastydend, bestraffend en tugtigend van aard (vgl. art. 71 K.O.), en dit

word die stille sensuur of die klein ban genoem omdat dit die eerste stap is waarop die volledige ekskommunikasie kan volg.

Die besluit tot die afhouding van die Nagmaal kan alleen deur die kerkraad in 'n offisiële vergadering geneem word (1 Kor. 5:4). Geen ouderling het dus die reg om met die huisbesoek 'n lidmaat aan te sê of aan te raai om hom van die Nagmaal te onthou nie.

4. Die kerkregtelike implikasie van die dissiplinêre af houding.

Die dissiplinêre afhouding van die sakramente ontneem die sondaar nie die *reg op* en *besit van* die kerklike lidmaatskap nie. Dit stel eintlik net die genieting van sekere kerklike voorregte buite werking, naamlik die deelname aan die sakramente en die uitoefening van die aktiewe en passiewe kerklike stemreg. Dit hou in dat sodanige persoon nie tot ampsdraers verkies kan word nie, en ook dat hy nie mag stem nie. Hy mag wel nog vergaderinge van die kerkraad saam met die gemeente bywoon, maar hy kan daar nie praat of stem nie.

Die dissiplinêre afhouding ontneem hom egter nie die reg op versorging deur die diakens in die geval van armoede nie. Die voorreg om die erediens te besoek, word hom ook nie ontneem nie; trouens, 'n dors na die Woord (gereelde kerkbesoek) en die wil om 'n godsalige lewe te lei, sal juis die tekens van boetvaardigheid wees, veral wanneer die oortreding teen die vierde gebod bedryf is.

By *dooplidmate* kan daar geen sprake wees van dissiplinêre afhouding van die sakramente nie daar hulle nog geen toegang daartoe gehad het nie. Terwyl belydende lidmate al dissiplinêr afgehou word, moet dooplidmate nog vermaan word.

Die dissiplinêre afhouding is 'n handeling van die kerkraad alleen. Die toepassing van hierdie stap van die kerklike tug word nie aan die gemeente bekend gestel nie. In hoogs uitsonderlike gevalle, waardeur die gemeente in ernstige beroering gebring is, kan die kerkraad aan die gemeente bekend stel dat 'n broeder of suster, na die geval mag wees, vanweë oortreding van hierdie of daardie gebod, van die sakramente afgehou is.

5. Die tydperk van af houding en die oor gang tot toepassing van artikel 77.

[452] Die afhouding van die sakramente mag nooit vir 'n vasgestelde tydperk wees nie; die kerkraad mag byvoorbeeld nooit besluit om 'n sondaar vir drie of ses of twaalf maande af te hou nie. Die dissiplinêre afhouding gaan onbepaald voort totdat die sondaar tot versoening gekom het (art. 75 K.O.), of totdat die kerkraad besluit het om oor te gaan tot die toepassing van artikel 77 K.O. Enersyds moet nie te haastig oorgegaan word tot die toepassing van artikel 77 nie, en andersyds behoort ook nie onbepaald daarmee getalm te word nie. Op elke kerkraadsvergadering moet die kerkraad hom van die toestand van die sondaar vergewis.

Die hardnekkigheid van die sondaar moet vir die kerkraad as riglyn dien om nog langer met die afhouding van artikel 76 te volhard of om oor te gaan tot die toepassing van artikel 77. As daar enige hoop bestaan dat hy tot berou kan kom, word nog volstaan met die dissiplinêre afhouding. Indien die sondaar, na tal van vermanings, geheel en al verhard is, moet met die tugaksie verder gegaan word, veral as verhard word in 'n gruwelike sonde van wye omvang, soos: growwe godslastering, openbare uittarting, voortgaande verwekking van ergernis, ens. Dit mag die toepassing van art. 77 dringend maak. Sonder die dissiplinêre afhouding en herhaalde vermanings kan en mag egter nooit tot die toepassing van art. 77 oorgegaan word nie.

6. Die bearbeiding gedurende die tydperk van dissiplinêre afhouding.

Die arbeid van die kerkraad gedurende die tydperk van dissiplinêre afhouding onder artikel

76 word duidelik geïmpliseer in die inleiding van artikel 77: die dissiplinêre afhouding moet van *herhaalde* vermanings vergesel wees. Die afhouding van die sakramente, wat self 'n ernstige vermaning is, moet opgevolg word deur verdere kerklike vermanings. Die hele tugprosedure word deur vermanings gedra en omgewe. Deur die vermanings moet getrag word om die sondaar met die Woord van God te konfronteer.

Die arbeid kan aan die wyksouderling, die wyksouderling en die predikant gesamentlik en/of 'n kommissie van twee of drie ouderlinge opgedra word. Die beginsel van die liefde bepaal dat die sondaar gereeld besoek en vermaan moet word. Om slegs een keer per kwartaal, kort voor die kerkraadsvergadering waarop wyksverslae gedoen word, die sondaar te besoek, dui op 'n gebrek aan die liefde vir die sondaar by die kerkraadslede in hulle bearbeiding.

Dit is wenslik dat nie tot die toepassing van artikel 77 oorgegaan word, afgesien van die verslae van die wyksouderling of [453] predikant, alvorens nie meer as een maal 'n kommissie van verskeie lede vrugtelose vermaning en verharding gerapporteer het nie, aangesien die *hele kerkraad* artikel 77 moet toepas en vir die toepassing daarvan hulle die waarheid uit die mond van verskeie getuies moet hê.

Van die arbeid wat aan die sondaar bestee word, moet noukeurig verslag aan die kerkraad gedoen word. Die kerkraad moet hom ook daarvan vergewis of die vermanings van diegene wat deur die kerkraad benoem is om die sondaar te bearbei, aan die eis van die Woord voldoen (vgl. art. 74 K.O.). Daar moet dus veral gesorg word dat artikels 76 en 77 toegepas word om die sondaar te behou en nie om hom te vergeld of om ontslae van hom te raak nie.

Na die eis van art. 34 K.O. en in besonder met die oog op die moontlike toepassing van artikel 77 K.O., is dit nodig dat die kerkraad 'n noukeurige en deeglike notule van die kerkraadshandelinge oor tuggevalle daarop nahou (vgl. art. 74 K.O.). In die kerkraadsnotule moet die volgende duidelik vermeld word: die naam van die sondaar wat van die sakramente volgens art. 76 K.O. afgehou is; die bedrewe kwaad; die bewese skuld soos gerapporteer deur die kommissie van die kerkraad, of soos dié deur die kerkraad self aangehoor is; die klaarblyklike onboetvaardigheid; die besluit tot die afhouding van die sakramente; asook 'n volledige verslag van die verdere arbeid van die kant van die kerkraad. Om praktiese redes, om die hand maklik op elke afsonderlike geval te kan lê, is dit wenslik dat die kerkraad 'n aparte boek aanhou waarin al die tuggevalle afsonderlik aangeteken word. Hierdie aantekening moet 'n volledige weergawe van die offisiële notule bevat.

Van die besluit tot dissiplinêre afhouding moet ook op gepaste manier, liefs ook skriftelik, aan die sondaar kennis gegee word. Die aangewese weg is dat die wyksouderling of 'n kommissie, deur die kerkraad benoem, die sondaar gaan spreek, hom van die kerkraad se besluit verwittig en die brief van die kerkraad aan hom persoonlik oorhandig.

ARTIKEL 77

DIE AFSNYDING OF DIE GROOT BAN

> *Diegene wat na afhouding van die sakramente en na herhaalde vermaninge geen teken van boetvaardigheid laat* [454] *blyk nie, maar hardnekkig in hulle sonde volhard, moet eindelik met die laaste tugmiddel, die afsnyding, van die gemeente van die kerk afgesny word volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.*

Die finale afsnyding moet voorafgegaan word deur drie openbare afkondigings daarvan aan die gemeente, waarin vermeld moet word wat die oortreding van die sondaar is, dat daar veel arbeid aan hom bestee is deur bestraffing, afhouding van die sakramente en menigvuldige vermaninge en dat hy hom nie bekeer het nie. In hierdie afkondiginge moet die gemeente opgewek word om met die sondaar te spreek en vir hom te bid. By die eerste afkondiging moet die naam van die sondaar, om hom enigsins te spaar, nie genoem word nie.

By die tweede moet met advies van die klassis ook sy naam genoem word.

By die derde moet aan die gemeente bekend gemaak word dat die sondaar, as hy hom nie bekeer nie, van die gemeenskap van die kerk afgesny sal word, sodat sy afsnyding met die stilswyende bewilliging van die gemeente kan plaasvind as hy hardnekkig bly.

Die kerkraad bepaal die tyd wat vir elke afsonderlike geval tussen die drie afkondiginge moet verloop.

1. Die geskiedenis van die artikel.

Die eerste gedeelte van die artikel, wat die beginsel van afsnyding stel, dateer vanaf die Sinode van Emden, 1571, die slotgedeelte is dié van artikel 76. Die ou redaksie van artikel 77 het slegs die weg waarvolgens die afsnyding moet geskied, aangedui. Daar artikel 76 oor die eerste stap van die kerklike tug handel, naamlik die afhouding van die sakramente, het die Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 1964, die gedeelte wat die beginsel van die tweede stap stel, naamlik die afsnyding, onder artikel 77 betrek.

Artikel 77 handel oor die verloop van die tug vanaf die dissiplinêre afhouding (art. 76) tot en met die afsnyding self, as die laaste tugmiddel.

2. Die regsgrond vir die afsnyding.

Die regsgrond vir die afsnyding is op die *hardnekkigheid* van die sondaar, *sy onwil om met die sonde te breek* en sy *onbekeerlikheid*.

[455] In aansluiting by artikel 76 stel artikel 77 dat die afsnyding geskied “na afhouding van die sakramente”. Die Kerkorde sê hiermee dat artikel 77 *nooit* toegepas kan word voordat daar nie eers afhouding van die sakramente (art. 76) was nie.

Die afhouding van die sakramente, wal self ’n ernstige vermaning is, moet opgevolg word deur verdere kerklike vermaninge.

Hoeveel vermaninge daar van die kant van die kerkraad moet geskied aleer daar tot verdere tugaksie oorgegaan word, berus by die kerkraad. Die Kerkorde van die Sinode van Emden het van “vele” gespreek. Die huidige redaksie van die artikel meld van *herhaalde* en *menigvuldige* vermaninge. Daar kan nie maklik te veel vermaninge wees nie. *Die sondaar moet tot die uiterste toe vermaan word* (vgl. art. 74, 76 oor die karakter van die kerklike vermaninge).

Die optrede van die kerkraad moet gekenmerk word deur ’n vaste hand, maar tog ook deur bedaardheid en versigtigheid. Die goue reël in Latyn lui: *festina lente* (haas u langsaam). In die gees van die liefde, gedring deur die liefde vir die sondaar, moet die kerkraad die sleutels van die tug hanteer. Verdraagsaamheid moet egter nie met halfslagtigheid en traagheid verwar word

nie. Sentimentele liefde vir die sondaar (soos by Eli) mag nie die liefde vir God en sy Woord verdring nie.

Indien die sondaar ten spyte van al hierdie vermaninge nog in sy sonde bly volhard, moet met die tug voortgegaan word. Omdat die sondaar hom self deur sy verharding en onbekeerlikheid, volgens die Woord en die Belydenis (vgl. Heid. Kat., antw. 85) uit die ryk van God uitgesluit het, moet die kerkraad, namens Christus, hom uitsluit uit die gemeenskap van die Christelike kerk (1 Kor. 5:13).

3. Die betekenis van die trappe van sensuur.

Die groot ban, as tweede *stap* van die kerklike tug, val uiteen in *drie trappe,* wat bestaan in drie afkondiginge of verklaringe aan die gemeente. Hierdie drie trappe is die eintlike proses van die, sensuur wat in die afsnyding self kulmineer.

Die Kerkorde meld nie van *trappe* van sensuur nie, maar van drie afkondiginge aan die gemeente. Dit mag nie opgeneem word asof elke trap 'n swaarder "straf" oplê nie. Die aard van die afkondiginge is wesenlik dieselfde. Dit is slegs drie fases waarin die uitsluiting uit die koninkryk van God en die gemeente *trapsgewys* gestel word. Daarin moet die gemeente deur hulle passiewe toestemming (approbasie) of aktiewe beswaar (vgl. art. 31 K.O.) saamwerk. Die liggaam moet saamwerk om die kwaad (die sonde) uit [456] te suiwer. Die gemeente moet geken word in hierdie tugaksie omdat die kerkraad die tugmag van Christus namens die gemeente bedien (vgl. art. 74 K.O.) en in die afsnyding gaan dit om die kerklike lidmaatskap waaroor die gemeente mede-beoordelaars is (vgl. art. 61 K.O.).

Indien daar dus geen beswaar van die kant van die gemeente teen die voortgesette tugaksie inkom nie, beteken dit dat die gemeente die optrede van die kerkraad stilswyend goedkeur (approbeer) as 'n optrede van die hele kerk (gemeente) onder leiding van die kerkraad.

4. Die eerste trap van die kerklike tug.

Die eerste trap van die sensuur bestaan in 'n afkondiging van die kerkraad aan die gemeente waarin die kerkraad verklaar dat hy genoodsaak is om ten opsigte van 'n broeder of suster of dooplidmaat, na die geval mag wees, oor te gaan tot die tweede stap van die kerklike tug. Volgens die kerklike gebruik word gespreek van die toepassing van die eerste trap van die kerklike tug of sensuur. In hierdie afkondiging word die naam van die sondaar, om hom nog enigsins te spaar, nie genoem nie. Die kerkraad moet die rede verstrek waarom met die tug voortgegaan moet word. *Die klem val in die afkondiging nie op die sonde wat hy gedoen het nie, maar op sy hardnekkigheid om nie met die sonde te breek nie.* Derhalwe word slegs die *aard* van die sonde, naamlik die gebod (gebooie) wat hy oortree het, genoem, terwyl die *wyse* waarop gesondig is, nie genoem word nie. Hierdie afkondiging moet verder ook meld van die bestraffing, die afhouding van die sakramente en die arbeid wat die kerkraad aan hom bestee het sodat die gemeente kan oordeel of die tug volgens reg sy voortgang het. Hierdie inhoud moet ook die afkondiginge by die tweede en derde trap kenmerk.

Die gemeente is by hierdie voortgesette tugaksie nie passief nie. In die afkondiging word die gemeente opgewek om vir die anonieme sondaar te bid.

Sodanige afkondiging geskied net een maal en word nie telkens herhaal nie.

Wanneer die kerkraad besluit om oor te gaan tot die eerste stap van die kerklike tug, moet aan die betrokke sondaar daarvan kennis gegee word (vgl. art. 76).

In die geval van *tug oor dooplidmate* het die Sinode van 1961 besluit: "Kerkrade sal die

gewone prosedure van die tug soos dit volgens die Kerkorde op belydende lidmate toegepas word, ook toepas op dooplidmate met inagneming van die inkompleetheid [457] van hulle lidmaatskap". (*Sinodale Handelinge,* bl. 126; vgl. ook art. 71 K.O.). Die prosedure, soos voorgeskryf in art. 77 K.O., is dus ook van toepassing op dooplidmate. Terwyl die volwasse lidmaat van die sakramente afgehou word (art. 76 K.O.), kan daar in die geval van dooplidmate met vermaning volstaan word. Nogtans kan, wanneer afsnyding nodig word, dit in die drie stadia van art. 77 K.O. voltrek word. By die afkondiginge van art. 77 moet elke keer duidelik vermeld word dat die sondaar *dooplid*maat is, en kan vanself sprekend nie van *afhouding* van die sakramente in die afkondiginge sprake wees nie. Dit is voldoende om byvoorbeeld te sê: "Met leedwese moet 'n dooplidmaat wat hom verhard teen die Woord van God en veelvuldige vermaninge van die kerkraad onder hierdie gebod (gebooie) van God, onder die eerste trap van sensuur geplaas word, en die gemeente word opgeroep om vir hom te bid". Die afkondiginge by die tweede en derde trappe word op dieselfde wyse, met die nodige verandering, gedoen.

5. Die tweede trap van die kerklike tug.

Die tweede trap van sensuur kan nie toegepas word aleer die advies van die klassis nie ingewin is nie.

Wanneer die kerkraad by die klassis aansoek doen om advies om oor te kan gaan tot die tweede trap, moet die kerkraad al die nodige stukke, soos die notuleboek, die beskikbare bylaes en die afkondigingboek ter klassis bring. Dit is dus noodsaaklik dat die kerkraadsnotule die arbeid van die kerkraad aan die sondaar, die aard van die vermaninge en die bewys van die sondaar se onbekeerlikheid moet vermeld.

Wanneer die klassis adviseer dat die tweede trap toegepas moet word, behels die afkondiging aan die gemeente dieselfde as in die geval van die eerste trap. In hierdie stadium word die naam van die sondaar egter genoem en weer sy hardnekkigheid en onboetvaardigheid sedert die toepassing van die eerste trap vermeld. Die naam van die sondaar word nie genoem as 'n afskrikmiddel nie, maar om die gemeente te vermaan om met die sondaar te spreek en vir hom te bid.

Die besluit van die kerkraad om die tweede trap van die sensuur toe te pas, moet, nadat positiewe advies van die klassis ingewin is, ook weer aan die sondaar oorgedra word.

6. Die advies van die klassis by die tweede trap van die kerklike tug.

Die Sinode van Middelburg, 1581, het die volgende *redes* [4458] aangegee waarom die voorafgaande advies van die klassis nodig is: om partydigheid in of by die kerkraad te voorkom; waarborg van die regverdigheid van die tug; en voorligting aan die kerkrade wat nog nie ten volle op hoogte van die verloop van die tug was nie. Die advies van die klassis *beteken nie dat die klassis oor afgeleide tugmag beskik nie.* Die uitoefening van die tug berus by die plaaslike kerk. Die klassis is 'n vergadering van die kerkraad, wat die eerste trap van die sensuur toegepas het, saam met ander naburige kerkrade. Omdat die kerkraad die reg na alle kante wil handhaaf (ook teenoor die gesensureerde), gaan vra hy advies in die klassikale vergadering, want dit is 'n baie ernstige saak as die ban verder toegepas word. Hierdie gewigtige stap in die kerklike tug wil die kerkraad alleen *ooreenkomstig* of *in ooreenstemming* met die advies van die klassis afhandel. Daarom vereenselwig die kerkraad hom met die advies van die klassis en gaan volgens hierdie meerdere advies met sy eie tughandeling voort.

Die *noodsaaklikheid* van die meerdere advies vloei voort uit die feilbaarheid van die mense self in hulle amptelike verrigtinge namens Christus. Daarin is die kerkverband 'n waardevolle

veiligheidssif (vgl. art. 31 K.O.). So word ook sorg gedra dat gelykheid gehandhaaf word en verantwoordelikheid beoefen word in die toepassing van die sensuur in die verskillende kerke, en word selfs die moontlikheid dat ’n sondige kerkraad ’n lidmaat onskuldig sal uitban (hiërargie deur die kerkraad), afgesny.

Voordat die klassis die kerkraad van advies kan dien, moet hy eers *ondersoek* instel of die kerkraad se aansoek *bona fide* is. In die ondersoek moet die klassis hom daarvan vergewis of die sonde sensurabel is; of die afhouding van die sakramente met vermaninge, volgens artikel 76 K.O., behoorlik en genoegsaam gedoen is; of daar by die kerkraad geen persoonlike bybedoelings aanwesig is nie; of aan die Kerkorde uitvoering gegee is en die sondaar ook na die toepassing van die eerste trap in sy onboetvaardigheid volhard het. Verder moet die klassis hom ook daarvan vergewis of die afkondiging van die eerste trap aan die gemeente op die regte wyse geskied het.

Daar die ondersoek in die klassisvergadering geskied, en nie ter plaatse nie, moet die klassis uit die offisiële stukke wat ter tafel is (en nie uit die toeligting nie), al die nodige inligting kan bekom.

Die gebruik is dat die klassis ’n kommissie uit die klassisvergadering benoem om namens die klassis die nodige stukke te ondersoek en die klassis van advies te dien. Hierdie ondersoek gaan net op die stukke wat deur die kerkraad ter insae gebring is, [459] in. Die deputate van die kerkraad kan, waar nodig, verdere inligting verskaf. Hulle beskik egter nie oor keurstem nie (vgl. art. 33 K.O.). Die sondaar word nie aangehoor nie, want dan sou dit op ’n ondersoek afstuur wat ’n eventuele appèl sou vooruitloop.

As die klassis van oordeel is dat die arbeid van die kerkraad nog nie genoegsaam was nie, neem die kerkraad die bearbeiding onder die eerste trap weer op en volg dit met verdere vermaninge op grond van die Woord op.

7. Die derde trap van die kerklike tug.

Die derde trap van die sensuur is nog nie die afsnyding self nie, maar ’n verklaring van die kerkraad aan die gemeente met dieselfde inhoud as in die geval van die tweede trap met die verdere byvoeging dat, indien die sondaar hom langer verhard, hy afgesny *sal* word, en *wanneer* dit sal geskied.

Die tyd tussen die afkondiging aan die gemeente en die afsnyding self moet so lank wees dat die sondaar hom oplaas ernstig kan besin of ook nog in appèl kan gaan. Net soos by die voorafgaande trappe moet die sondaar ook van hierdie besluit van die kerkraad skriftelik in kennis gestel word.

8. Die tydverloop tussen die drie trappe.

“Die kerkraad bepaal die tyd wat vir elke afsonderlike geval tussen die drie afkondiginge moet verloop”. ’n Vaste tydperk tussen die verskillende trappe kan nie vasgestel word nie. Elke kerkraad moet die tydperk beoordeel na die aard van die sonde, die houding van die sondaar en die graad van verharding asook die beroering wat die sonde en sondaar in die gemeente veroorsaak het. In die reël strek die hele tugaksie vanaf afhouding tot afsnyding oor ’n tydperk van *minstens* drie jaar. Eers as al die vermanings vrugteloos was en die sondaar hom bly verhard teen die uitsprake van die Woord, en dus teen Christus self, mag die ban toegepas word.

9. Die afsnyding.

a. Die betekenis van die afsnyding.

Die woord "afsny" wil sê: 'n lid van die liggaam uitsny. Die duidelikste uitspraak word gevind in 1 Kor. 5:2: "verwyder word onder julle uit", en vers 13: "Verwyder tog dié slegte mens onder julle uit". Die Latynse woord "excommunicatio" sien op "uit die gemeenskap van die kerk sluit of stuur". Die afsnyding hou dus in dat aan die sondaar alle regte wat verbonde is aan die [460] lidmaatskap van die kerk van Christus, ontneem word.

Met die afsnyding gee die kerke uitvoering aan die Belydenis, soos dit vervat is in die Heid. Kategismus, dat hulle wat hardnekkig voortgaan in die sonde en onboetvaardige lewe "uit die Christelike gemeente en deur God self uit die Ryk van Christus" uitgesluit word (antw. 85; vgl. ook N.G.B., art. 32). Dit beteken nie dat hulle deur God uitgesluit word omdat hulle deur die kerk uitgesluit is nie, maar die kerkraad sluit alleen uit as hy tot die vaste oortuiging geraak het dat die sondaar deur sy verharding uit die koninkryk van Christus uitgesluit *is*.

b. Die afsnydingsformulier en die afsnyding self.

Na die drie afkondiginge aan die gemeente, en nadat die saak dus sy loop gehad het deurdat die gemeente en die klassis hulle bewilliging daartoe verleen het, reël die Kerkorde dat die afsnyding moet geskied volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.

Die afsnyding is 'n gewigtige saak en alle willekeur moet vermy word. Die saak van 'n publieke bestraffing en afsnyding is te ingrypend om dit willekeurig aan die vryheid van die predikant oor te laat. Dit is die *kerk* wat iemand uit sy geledere verban. Daarom is 'n formulier wat algemeen deur die kerke wat in enger verband met mekaar staan aanvaar word, noodsaaklik. Die Sinode van 's Gravenhage, 1586, het sodanige formulier opgestel en die word nog algemeen deur die Gereformeerde Kerke aanvaar en so word uitvoering aan die Kerkordeartikel gegee. Deur middel van die formulier gee die Kerkorde dus uitvoering aan die Belydenis (N.G.B., art. 32; Heid. Kat., Sondag 31).

Die formulier bestaan uit drie dele: die eerste stel die onbekeerlikheid van die sondaar as die grond vir die noodsaaklikheid van die afsnyding; die tweede is die afsnyding self; en die derde bevat 'n vermaning wat gerig is aan die adres van die gemeente.

Die afsnyding self geskied formeel deur die lees van die formulier en wel sonder die seremonies soos wat eie is aan die Rooms-Katolieke Kerk. Die lees hiervan geskied in opdrag van die kerkraad, as die opsieners van die gemeente van Christus, met die stilswyende toestemming van die gemeente.

c. Die uitwerking van die afsnyding.

Met die afsnyding word alle kerklike regte en voorregte die afgesnedene ontneem. Kerkregtelik word hy gereken as tollenaar en heiden. Hy staan buite die kerk. In die slotgedeelte van die formulier word die gemeente egter vermaan om hom nie te behandel asof [461] hy vyand is nie en hulle moet hom nog steeds vermaan *asof* hy 'n broeder is. Hy is dus evangelisasie-objek.

Die afsnyding bedoel nie om die sondaar vir altyd uit die genadegemeenskap te stoot nie, maar dit dien as die laaste geneesmiddel om hom tot inkeer te bring (1 Kor. 5:5, Spr. 28:13). Reeds die Sinode van Dordrecht, 1578, het die doel van die afsnyding gestel: die afgesnedene moet deur skaamte tot verslaendheid kom en hy moet ernstig besin sodat hy tot bekering kan kom (art. 97). Hierby sluit die formulier aan.

Volgens Rome mag vir die afgesnedene nie gebid word nie, hy mag nie gegroet word nie,

terwyl alle saamwoon en saamhandeling verbode is. Daarteenoor stel die Gereformeerdes dat alleen die geestelike band met hom verbreek is en nie die burgerlike gemeenskap nie (1 Kor. 5:9—11). Slegs die broederlike omgang moet vermy word (2 Thess. 3:6, 15; vgl. ook die uitspraak in die formulier wat gerig is aan "u, geliefde Christene, om u nie met hom te vermeng nie, sodat hy beskaamd mag word"). Die burgerlike verbintenis bly. Die huwelik kan by voorbeeld nie ontbind word as een van die twee partye afgesny is nie.

Wat van die kinders van afgesnedenes? Die kinders word nie saam met die ouers afgesny nie, omdat die afsnyding betrekking het op 'n bepaalde persoon of persone wat by name genoem word. Kinders wat gebore is nadat albei die ouers afgesny is, word deur die kerk beskou as kinders van heidene en tollenaars. Wanneer net een van die ouers afgesny is, word die lyn van die verbond kragtens 1 Kor. 7:14 deur die ander ouer voortgesit (vgl. art. 56 K.O.).

Daar die sondaar nou alle kerklike regte en voorregte deur die afsnyding verbeur het, is die vraag of hy nog die eredienste mag besoek? Hierop moet bevestigend geantwoord word: sodanige afgesnedene het, juridies gesien, slegs sy lidmaatskap van die kerk verloor. In die besondere samekomste van die kerkraad met die gemeente, waar ampsdraers gekies word, samesprekings gehou word, ens. besit sodanige persoon nie langer die reg om daaraan deel te neem nie. Die openbare eredienste mag hy wel besoek.

ARTIKEL 78

DIE WEEROPNEMING VAN 'n AFGESNEDENE

As iemand wat afgesny is hom weer deur boetvaardigheid met die gemeente wil versoen, moet dit — voor die viering [462] *van die Heilige Nagmaal, of anders wanneer dit geleë is — tevore aan die gemeente bekend gemaak word, sodat hy by die eersvolgende nagmaal, as niemand daarteen beswaar inbring nie, openlik met betuiging van sy bekering weer opgeneem kan word volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.*

1. Die moontlikheid vir die weeropneming van 'n afgesnedene.

Die afsnyding bedoel nie om die sondaar vir altyd uit die genadegemeenskap te stoot nie, maar dit dien as laaste geneesmiddel om hom tot inkeer te bring (vgl. art. 77 K.O.). Daarom maak die Kerkorde in hierdie artikel daarvoor voorsiening om sodanige sondaar wat tot berou en bekering gekom het, weer op te neem in die kerk as die liggaam van Christus. Wanneer daar waaragtige berou en bekering kom, neem God die berouvolle sondaar weer aan, en neem die kerk hom weer op (Matth. 16:18—19; 18:18; Joh. 20:23; 2 Kor. 2:5—10; 2 Thess. 3:14—15). Op die weeropneming volg die versoening met die gemeente van Christus wanneer die sondaar die bewys lewer dat hy hom met God versoen het.

2. Die voorwaardes vir die weeropneming.

Die Kerkorde stel voorop dat die sondaar hom deur sy *boetvaardigheid* met die gemeente moet versoen en dit blyk uit sy berou en bekering.

Die afgesnedenes moet aan twee voorwaardes voldoen aleer hy weer opgeneem kan word: In die eerste plek moet hy self die begeerte daartoe openbaar. As afgesnedene is hy evangelisasie-objek. Op hierdie terrein moes die kerkraad en gemeentelede by hom aandring op berou, maar die werklike aksie tot versoening en die begeerte om weer opgeneem te word, moet

van homself uitgaan.

Die tweede voorwaarde is dat die opregtheid van die begeerte gepaard moet gaan met en bevestig moet word deur sy boetvaardigheid. Hy is afgesny vanweë sy onboetvaardigheid; dit kan alleen deur boetvaardigheid opgehef word. Die boetvaardigheid moet blyk uit sy woorde en bevestig word met dade aleer tot weeropneming oorgegaan kan word. Die kerkraad moet die boom aan die vrugte ken en hom dus laat lei deur die lewensopenbaring van die berouvolle sondaar.

[463]

3. Die medewerking van die gemeente.

Voordat die kerkraad ’n afgesnedene weer kan opneem, moet die gemeente van die voorneme van die kerkraad in kennis gestel word. Dit geskied deur middel van een of meer afkondiginge en die inleidende gedeelte van die formulier.

Die bedoeling van die afkondiginge is eerstens om die gemeente se stilswyende toestemming te verkry, want dit gaan hier om die verkryging van die kerklike lidmaatskap waaroor die gemeente mede-beoordelaars saam met die kerkraad is (vgl. art. 61 K.O.). Tweedens is die bedoeling van die afkondiging om verdere inligting te bekom ingeval ’n lidmaat iets weet waardeur die egtheid van die boetvaardigheid in twyfel getrek kan word.

Die Kerkorde en die formulier vir weeropneming handel oor die gemeente waarvan die persoon afgesny is. As die persoon egter intussen verhuis het, en dit nie lank tevore geskied het nie, sê ’n jaar of twee, moet sodanige persoon terugkom na die kerkraad wat hom afgesny het. Die weeropneming geskied in die reël in die kerk waarvan hy afgesny was. Die betrokke kerkraad moet egter vooraf van die kerkraad in wie se ressort hy gaan woon het, die beskikbare getuienis aangaande sy handel en wandel aanvra.

As die afsnyding egter baie jare gelede plaasgevind het, en die gemeente waarvan hy afgesny was, die saak nie meer in gedagte het nie, kan die weeropneming onder leiding van die kerkraad in wie se ressort hy gaan woon het, geskied. Kragtens die kerkverband moet daardie kerkraad vooraf eers die raad, advies en goedkeuring van die kerkraad wat hom afgesny het, verkry. By weiering moet laasgenoemde kerkraad die volle opgawe van die redes vir die weiering verstrek. Indien daar tot geen vergelyk tussen die twee kerkrade geraak kan word nie, word die saak na die klassis, waaronder die kerkraad wat die sondaar wil opneem, ressorteer, verwys om ’n beslissing.

4. Die Nagmaal as die eindpunt van die weeropneming.

Die Kerkorde stel dat vóór die viering van die Nagmaal, of anders wanneer dit geleë is, die bekendmaking van die voorgenome weeropneming aan die gemeente moet geskied. Die weeropneming word hier direk in verband met die viering van die Nagmaal gebring. In die Nagmaal lê die hoogste uiting van die kerklike en geestelike gemeenskap. Die tug het ’n aanvang geneem deur die afhouding van die sakramente (art. 76 K.O.), en is voltrek deur die uitsluiting uit die kerklike gemeenskap met verlies van lidmaatskap (art. 77 K.O.). In die weeropneming gaan dit om die [464] herstel van die kerklike lidmaatskap wat sy hoogtepunt in die belewenis en viering van die eenheid en versoening aan die Nagmaalstafel vind (vgl. art. 61 K.O.).

Alleen by wyse van uitsondering, byvoorbeeld waar daar geen gereelde bediening is nie, kan die weeropneming op ’n ander geskikte tyd plaasvind.

5. Die formulier vir die weer opneming.

Die weeropneming moet geskied volgens die formulier wat daarvoor deur die kerke vasgestel is. Aanvanklik was daar in die ou Gereformeerde Kerke geen vaste riglyne waarvolgens die weeropneming van 'n afgesnedene moes geskied nie. Die Sinode van 's Gravenhage, 1586, (art. 71), het ter wille van die uniformiteit in die kerke daarvoor 'n formulier opgestel, wat tans nog algemeen in gebruik is. Deur middel van die formulier gee die Kerkorde uitvoering aan die Belydenis (vgl. Heid. Kat., antw. 85).

Hierdie formulier val uiteen in 'n *leerstellige* gedeelte en 'n *rituele* gedeelte. Die eerste stel die werklikheid van die vergewing van sondes waar daar opregte berou en bekering is. Die rituele gedeelte, waarin die herstelvrae aan die berouvolle sondaar voorkom, bou op die belydenis en die vergewing van die sondes, soos dit vervat is in die leerstellige gedeelte. In antwoord op die vrae, bind die persoon sy gewete voor die aangesig van God, met die gemeente as getuie, in die openlike verklaring van die opregtheid van sy berou.

Dooplidmate wat afgesny is en volgens die formulier weer as lidmate van die kerk opgeneem word, lê nie belydenis van geloof af volgens art. 61 Kerkorde nie. Die weeropneming volgens die formulier is terselfdertyd 'n openbare aflegging van geloofsbelydenis.

Op die vraag of 'n afgesnedene *weer gedoop moet word,* moet ontkennend geantwoord word: die ban vernietig nie die teken van die verbond nie; die terugkeer in boetvaardigheid is juis die bewys dat God sodanige persoon nog altyd as bondeling geag het.

ARTIKEL 79

DIE TUG OOR AMPSDRAERS

> *As ampsdraers 'n openbare growwe sonde bedryf wat vir die kerk skandelik of ook by die owerheid strafbaar is, moet hulle deur die kerkraad dadelik voorlopig in hulle amp geskors word; ouderlinge en diakens moet dan deur* [465] *die kerkraad en 'n naburige kerkraad of deputate van twee naburige kerkrade in hulle amp geskors of daarvan afgesit word. Bedienaars van die Woord moet deur die kerkraad en deur die naburige kerkraad of deputate van twee naburige kerkrade egter net geskors word, waarna die klassis met advies van die deputate van die partikuliere sinode oordeel of hulle heeltemal uit hulle amp afgesit moet word.*

Artikels 79—81 handel oor die tug oor ampsdraers. In artikel 79 word die karakter van die tugwaardige sondes en die prosedure wat gevolg moet word, aangedui; artikel 80 handel meer in besonder oor die sondes wat tugwaardig is, terwyl artikel 81 die bepalinge oor die onderlinge sensuur stel.

1. Die geskiedenis van die artikel.

Die prosedure wat die Kerkorde voorskryf insake die skorsing en/of afsetting van ampsdraers, het vanaf die Sinode van Emden, 1571, verskillende wysiginge ondergaan.

Die Sinode van Emden het bepaal dat ouderlinge en diakens direk deur die kerkraad uit hulle amp afgesit moet word. Van skorsing van ouderlinge en diakens is nie melding gemaak nie. Die kerkraad kon bedienaars van die Woord egter alleen skors, terwyl die afsetting by die klassis

berus het. Indien op die klassis verskil oor die aangeleentheid sou bestaan, moes die partikuliere sinode beslis oor die afsetting.

Die Sinode van Dordrecht, 1578, het die verwysing na die partikuliere sinode geskrap omdat in ’n ander Kerkordeartikel voorsiening vir appèl gemaak is. Die skorsing van predikante en die afsetting van ouderlinge en diakens het tot op daardie tydstip by die kerkraad alleen berus. Die Sinode van Middelburg, 1581, het die beginsel van meerdere advies, ter wille van onpartydigheid, in die artikel ingevoer met die bepaling dat die oordeel van ’n naburige kerkraad gevra moet word in gevalle waar bedienaars van die Woord geskors en ouderlinge en diakens afgesit moes word.

Die Sinode van Dordrecht, 1618—19, het die redaksie van 1581 behou.

Met die hersiening van die Kerkorde deur die Nederlandse Sinode van Utrecht, 1905, bepaal die artikel dat ook ouderlinge en diakens, met meerdere advies, geskors kon word, terwyl die afsetting van bedienaars van die Woord nie meer aan die klassis alleen nie, maar aan die klassis “met advies van die Deputate van die Partikuliere Sinode genoem in Art. 11” opgedra word.

[466] Die Sinode van 1916 het die redaksionele wysiginge wat die Sinode van Utrecht aangebring het, ook vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aanvaar.

Voor die tyd al het die Sinode van 1907, met die oog op ons landsomstandighede, besluit dat slegs ’n kommissie deur die naburige kerkraad gedeputeer kon word in stede van die hele kerkraad. In aansluiting hierby het die Sinode van 1936 besluit: “In plaas van die Kerkraad van die naasgeleë gemeente kan ook kommissies uit twee naburige gemeentes gedeputeer word. Elkeen van die kommissies sal dan bestaan uit die predikant of konsulent en minstens twee ouderlinge” (art. 87).

Met die hersiening van die Kerkorde deur die Sinode van 1964 is hierdie besluit, nl. van deputate uit twee naburige kerke in plaas van die hele kerkraad van een naburige kerk, in die redaksie van die artikel opgeneem. Verder gee die artikel nou aan die kerkraad die reg om, sonder eers meerdere advies in te win, enige ampsdraer dadelik voorlopig te skors. Die wysiging was nodig omdat, veral in die Nederlandse Kerke, die tugmag van die plaaslike kerk weggeneem en aan meerdere vergaderinge toegeken word (vgl. Janse: *Korte Verklaring,* bl. 338).

2. Die verhouding van die tug oor ampsdraers tot dié oor die lidmate.

Die tughandeling oor ampsdraers (art. 79—81 K.O.) gaan die gewone en eintlike tugprosedure (art. 71—78) vooraf. Volgens art. 22—24 K.O. kan geen persoon wat onder sensuur verkeer, in ’n amp dien nie. Indien ’n ampsdraer hom dus in leer of lewe misgaan, moet eers oor sy amp gehandel word aleer oorgegaan kan word tot die toepassing van die gewone tug. Die tug as ban volg nie noodwendig altyd op die skorsing of afsetting van ’n ampsdraer nie. As daar wel hartgrondige berou is, word die gewone tug nie toegepas nie, terwyl die aard van sy oortreding tog sodanig kan wees dat hy onwaardig geag word om in die besondere amp te dien.

Hierdie artikels handel in besonder oor die handhawing van die waardigheid van die besondere ampte en is dus wesenlik te onderskei van die normale kerklike sensuur wat bestaan in die groot en klein ban. Dit kan egter daarop afstuur as daar geen hartgrondige berou by die eertydse ampsdraer aanwesig is nie, maar volg nie noodwendig daarop nie.

3. Die karakter van die tugwaardige sondes.

In aansluiting by art. 76 K.O. stel art. 79 die grond vir tug oor [467] ampsdraers as ’n openbare

growwe sonde en kwalifiseer dit nader as “wat vir die kerk skandelik is of ook by die owerheid strafbaar is”. Art. 80 beskryf hierdie tugwaardige sondes meer in besonder. Die tugwaardige sondes het die karakter dat hulle vir die kerk skandelik is deurdat die bedrywer daarvan hom nie alleen in die kerk eerloos maak nie, maar ook by die wêreld, veral as sy sonde by die owerheid strafbaar is. Hierdeur word die Naam van die Here en die eer van die gemeente soseer gesmaad dat skuldiges nie meer met eer en stigting die gemeente van die Here kan dien nie. ’n Opsiener moet ’n voorbeeld vir die hele gemeente wees, in alle godsaligheid wandel en die eer van die Koning van die kerk hoog ag (1 Tim. 3:2—4, 8, 9, 12). Na die eis van 1 Tim. 5:20 is die kerk verplig om op te tree teen ampsdraers wat hulle in leer of lewe misgaan.

4. Die voorlopige skorsing.

a. Die skorsingsreg berus by die kerkraad.

Die tugreg oor ampsdraers berus prinsipieel by die plaaslike kerkraad, en die kerkraad mag in geen geval verbygegaan word nie.

Die Kerkorde ken die skorsingsreg primêr toe aan die kerkraad: wanneer ampsdraers ’n tugwaardige sonde begaan, “moet hulle deur die kerkraad dadelik voorlopig in hul amp geskors word”. Dit is die besondere taak van die kerkraad om die waardigheid van die ampte, en sodoende die eer van die kerk, te handhaaf deur ampsdraers wat hulle aan openbare growwe sonde skuldig gemaak het, die reg op hulle ampsbediening te ontsê. “Dadelik” dui daarop dat die kerkraad die reg het om voorlopig te kan skors sonder om vooraf meerdere advies in te win. Die kerkraad kan egter net voorlopig skors. Die voorlopige skorsing onthef die beskuldigde tydelik van die bediening van die amp totdat finale uitspraak gegee is. “Voorlopig” wil duidelik sê dat die skorsing nie noodwendig afstuur op volle skorsing of afsetting nie. Daarvoor is meerdere advies nodig.

Omdat die diakens ook teenwoordig is by die verkiesing van ampsdraers (art. 4, 5, 22, 24 K.O.), en skorsing geen tug in die enger sin van die woord is nie, behoort die diakens saam met die kerkraad te vergader om in skorsingsake te beslis.

b. Die vereiste vir ’n aanklag teen ’n ampsdraer.

i) *Die formele vereistes.*

In aansluiting by Deut. 19:15 beveel die Woord van God in [468] 1 Tim. 5:19: “Moenie ’n beskuldiging teen ’n ouderling aanneem nie, behalwe op die getuienis van twee of drie”. Die woord “aanneem” beteken hier *in ontvangs neem om te behandel* (vgl. Jansen, a.w., bl. 55).

Voordat die kerkraad ’n aanklag teen ’n ampsdraer in behandeling neem, moet die aanklag formeel in orde wees: die aanklag van die aanklaer moet gestaaf word deur ten minste twee direkte getuies: dit wil sê, die getuienis moet nie op hoorsê berus nie. Hierdie formele aspek is noodsaaklik sodat die waardigheid van die ampte gehandhaaf kan word en los of ongegronde gerugte nie as aanklagte voor die kerkraad kan dien nie.

Wanneer die bedienaar van die Woord in ’n aanklag betrokke is, moet die konsulent opgeroep word om die vergadering te lei (Sinode, 1907, art. 155).

ii) *Die ondersoek deur die kerkraad.*

Alleen wanneer ’n klag formeel in orde is, gaan die kerkraad in op die inhoud daarvan. Die ondersoek van die kerkraad gaan na die aard en die omvang van die bedrewe kwaad, of dit ’n openbare growwe sonde is wat vir die kerk skandelik of ook by die owerheid strafbaar is (vgl. art. 76, 80). Die aangeklaagde moet in alle gevalle kennis dra van die inhoud van die klag teen hom,

wanneer die klag in die kerkraad behandel sal word, en geleentheid om hom te verdedig, mag hom nie misgun word nie.

As die klag dus moontlik gegrond en gewigtig beoordeel word, kan die kerkraad dadelik oorgaan tot die voorlopige skorsing.

c. Die uitwerking van die voorlopige skorsing.

Net soos in die gevalle van die afhouding van die sakramente (art. 76 K.O.), word die voorlopige skorsing in die reël ook nie aan die gemeente bekend gestel nie. Die betrokke ampsdraer word in die kerkraadsvergadering die reg op sy ampsbediening en die bywoning van die kerkraadsvergaderinge ontsê.

Of die geskorste persoon deur die kerkraad (in afwesigheid van die diakens) ook van die sakramente afgehou sal word (art. 76 K.O.), sal afhang van die aard en omvang van sy sonde en of daar by hom hartgrondige berou is.

Indien 'n ouderling of diaken sy amp wil neerlê as blyk van waaragtige berou, en nadat hy voorlopig geskors is, moet die kerkraad daaroor beslis (vgl. dr. J. de Jong: *College Voordrachten van Prof. dr. F.L. Rutgers,* deel IV, bl. 105). Die kerkraad moet hom deeglik daarvan vergewis dat sodanige aansoek om losmaking uit [469] die amp uit waaragtige berou voortvloei, en nie 'n poging van die aangeklaagde is om die eventuele skorsing of afsetting vry te spring nie. Keur die kerkraad sy aansoek om ontslag uit die amp goed, kan hy geen eervolle ontslag ontvang nie. "Bedanking" uit die amp kan egter nie aanvaar word nie, want dit kom neer op trouelose verlating van die diens, en dit is volgens art. 80 K.O. skorsingwaardig.

In die geval van 'n bedienaar van die Woord kan daar geen sprake wees van 'n nie-eervolle ontslag nie daar hy volgens art. 12 K.O. lewenslank aan die diens verbonde is. Dit is egter nie die geval met persone wat die ouderling- of diakenamp beklee nie (vgl. art. 27 K.O.). Op grond hiervan was Rutgers van oordeel dat in uitsonderlike gevalle aan ouderlinge en diakens nie-eervolle ontslag toegestaan kan word.

5. Die prosedure by skorsing en afsetting van ampsdraers.

a. Die inwin van meerdere advies.

Nadat die kerkraad 'n ampsdraer voorlopig geskors het, is meerdere advies nodig aleer oorgegaan kan word tot finale skorsing of afsetting.

i) *Die samestelling van die gekombineerde kerkraadsvergadering.*

Die gekombineerde kerkraadsvergadering word saamgestel uit die kerkraad "en 'n naburige kerkraad of deputate van twee naburige kerkrade". In alle gevalle moet die naburige kerke in die ressort van dieselfde klassis wees. Indien 'n naburige kerkraad opgeroep word, moet minstens 'n kworum van daardie kerkraad teenwoordig wees. In geval van deputate van twee naburige kerkrade, moet die bedienaars van die Woord met minstens twee ouderlinge uit elke kerkraad opgeroep word (Sinode, 1936, art. 87). Wanneer die bedienaar van die Woord die aangeklaagde is, moet die konsulent optree as voorsitter van die gekombineerde kerkraads-vergadering (Sinode, 1907, art. 155). Indien die konsulent die predikant van 'n naburige kerk is, is dit wenslik om nie daardie kerkraad op te roep nie (vgl. Sinode, 1907, art. 155).

ii) *Die gronde waarom meerdere advies nodig is.*

Jansen *(Korte Verklaring,* bl. 337, 338) grond die rede waarom 'n kerkraad meerdere advies moet inwin, hoofsaaklik en foutiewelik op die volgende: die tugmag kom die meerdere

vergaderinge toe; [470] die betrokke kerkraad het in 'n sekere mate onvolledig geword deurdat die betrokke ampsdraer, volgens art. 33 K.O., in eie tugsake geen keurstem het nie.

Hy fouteer in die eerste plek deur aan die meerdere vergaderinge afgeleide tugmag toe te ken. Jansen redeneer dat die afgevaardigdes saam met die tugmag, wat die plaaslike kerk van Christus ontvang het, in die meerdere vergaderinge kom. Hy beskou dus foutiewelik die meerdere vergaderinge as selfstandige vergaderinge van ampsdraers *naas* die kerkraad, terwyl dit in wese net tydelike vergaderinge *van* kerkrade deur middel van hulle deputate is. Hierdie deputate kom nie saam met afgeleide gesag nie (vgl. art. 29, 30, 33, 36, 41, K.O.; Alg. Inleiding, punt 4).

In die tweede plek fouteer Jansen deur die kerkraad as inkompleet te beskou as een lid nie oor keurstem beskik nie. Die volledigheid van 'n vergadering word bepaal deur die aanwesigheid van 'n kworum van sy lede (vgl. art. 29 K.O.).

Die noodsaaklikheid van die meerdere advies vind ook nie sy grond daarin, soos die Kollegialiste wil, dat die ampte bo die plaaslike kerk verhewe is nie. Die ampte is geheel en al plaaslik van aard. Die verkiesing en bevestiging van ampsdraers is 'n suiwer plaaslike aangeleentheid.

Die enigste grond waarom die Kerkorde meerdere advies nodig ag, vloei voort uit die aard van die kerkverband, en dit gaan om die handhawing van die waardigheid van die ampte. Ter wille van 'n suiwer en onpartydige oordeel, word 'n meerdere vergadering gehou om saam met die kerkraad te beslis oor die grond en die reg van die voorlopige skorsing.

b. Die bevoegdheid en werkwyse van die gekombineerde kerkraadsvergadering.

Die bevoegdheid van die gekombineerde vergadering word in die Kerkorde soos volg omskryf: ouderlinge en diakens moet "in hulle amp geskors of daarvan afgesit word. Bedienaars van die Woord moet egter net geskors word".

Die naburige kerkraad of deputate van die twee naburige kerkrade het nie slegs adviserende stem nie, dog ook beslissende stem (Sinode, 1907, art. 155).

Die gekombineerde vergadering moet in die eerste plek beoordeel of die voorlopige skorsing formeel en prinsipieel geregverdig is. Die aangeklaagde moet van hierdie vergadering kennis kry en hy kan ook aangehoor word. Nadat die saak gesamentlik ondersoek is, vergader elke kerkraad afsonderlik om sy bevinding selfstandig te gee. Die beslissing berus dus nie bloot op 'n [471] meerderheidstem binne die gekombineerde vergadering nie. Die bevinding van elke kerkraad afsonderlik en gesamentlik moet in 'n gesamentlike verklaring opgestel word.

Indien daar egter verskil in die bevinding van die verskillende partye bestaan en tot geen vergelyk geraak kan word nie, word die voorlopige skorsing gehandhaaf en die saak vir beslissing na die klassis verwys. Die betrokke kerkraad kan dan nie 'n ander kerkraad of deputate van twee ander kerkrade nader om opnuut saam met hom oor die saak te handel nie.

6. Die skorsing of af setting van ouderlinge en diakens.

Indien die gekombineerde kerkraadsvergadering die voorlopige skorsing gegrond bevind, word oorgegaan tot die dissiplinêre skorsing of afsetting, so nie, word die voorlopige geskorste staande die vergadering in ere herstel.

Die Kerkorde tref 'n onderskeid tussen skorsing en afsetting. Dit spreek van skorsing *of* afsetting in die gevalle van ouderlinge en diakens en nie van skorsing *en* afsetting nie, soos in die geval van bedienaars van die Woord. Die betrokke ouderling of diaken moet of geskors, of

afgesit word.

Die skorsing is ’n *tydelike* opskorting van die *bediening* van die amp. Die afsetting is ’n oneervolle *uitsetting* uit die amp self. By die skorsing word die *regte tot bediening* van die amp en by die afsetting die *amp self* die persoon ontneem.

Wanneer ’n ouderling of diaken “'n openbare growwe sonde bedryf wat vir die kerk skandelik is of ook by die owerheid strafbaar is”, volg die afsetting in die reël. Skorsing is egter geregverdig wanneer al die partye in die vergadering oortuig is van die opregtheid van die berou en dat die betrokke ampsdraer weer met vrug in die amp kan dien; sy sonde nie op sedelike gebied begaan is nie (egbreuk, ontug); die aard van sy sonde en die omvang van die bekendheid daarvan nie beroering in die gemeente of die maatskaplike lewe veroorsaak het nie; dit nie ’n gewoontesonde is nie, soos byvoorbeeld leerdwaling uit onkunde, betrokkenheid by ’n toevallige vegtery, ’n enkele geval van drankmisbruik, e.d.m.

Die gekombineerde vergadering stel in hierdie geval die tydperk vas waaroor die skorsing sal strek. Die tydperk word bepaal wat volgens die oordeel van die vergadering nodig sal wees om as proeftydperk te dien en waarin die lug gesuiwer kan word. Na die verloop van die bepaalde tyd moet die kerkraad weer met dieselfde kerkraad of deputate van dieselfde twee kerkrade, wat oor die skorsing besluit het, vergader om weer oor die saak te besin. Die skorsing kan dan of opgehef word, of vir ’n verdere [472] tydperk verleng word, of daar kan tot afsetting oorgegaan word. Indien daar egter nie eenstemmigheid tussen al die partye bereik kan word nie, word die skorsing gehandhaaf en die saak na die klassis verwys om beslissing.

7. Die skorsing van bedienaars van die Woord.

Die Kerkorde beperk die bevoegdheid van die gekombineerde kerkraadsvergadering in die gevalle van bedienaars van die Woord tot skorsing.

By die bepaling oor die aard en die duur van die skorsing, moet die gekombineerde vergadering soveel moontlik met sowel die aard en die graad van die sonde as met die omstandighede waaronder dit plaasgevind het, rekening hou.

Indien al die partye in die vergadering selfstandig van oordeel is (vgl. die punt oor die werkwyse van die vergadering) dat ’n bedienaar van die Woord afgesit behoort te word, word die betrokke bedienaar van die Woord onvoorwaardelik geskors en die saak van die afsetting na die klassis plus die deputate van die partikuliere sinode verwys.

Indien die vergadering egter van oordeel is dat die betrokke bedienaar van die Woord weer met vrug sal kan arbei, word voorlopig met skorsing volstaan. Hierdie skorsing kan of algeheel wees, dit wil sê die bedienaar van die Woord mag geen ampspligte waarneem nie, of dit kan kondisioneel wees. In die laasgenoemde geval kan die vergadering byvoorbeeld besluit dat die betrokke bedienaar van die Woord nog met die jeug kan katkiseer en siekebesoek kan doen, maar nie kan voorgaan in die kerkraadsvergaderinge en Woord en sakramente kan bedien nie. Die kondisionele skorsing word bepaal deur die aard en graad van die bedrewe sonde.

Net soos in die geval van ouderlinge en diakens, moet die gekombineerde vergadering, bestaande uit dieselfde kerkrade wat tot skorsing besluit het, na die verstryking van die skorsingstydperk, afsonderlik en gesamentlik beslis oor die skorsing: of dit opgehef moet word, of die tydperk daarvan verleng moet word, en of die saak na die klassis verwys moet word met die oog op afsetting.

Die gekombineerde vergadering moet hom ook besin oor die *onderhoud* van die geskorste

bedienaar van die Woord. Hy behoort sy volle traktement te ontvang, of minstens so 'n gedeelte daarvan dat hy behoorlik sal kan lewe. Indien 'n geskorste bedienaar van die Woord tydelik 'n ander betrekking wil aanvaar vir die tydperk wat die skorsing duur, is dit onderhewig aan die [473] goedkeuring van die gekombineerde vergadering.

In die geval van *emeriti-predikante* word dieselfde prosedure gevolg soos in die geval van bedienaars van die Woord. Indien 'n emeritus-predikant egter na 'n ander kerk verhuis het, kan die kerkraad van wie hy emeritus-predikant is, daardie ander kerkraad as naburige kerkraad inroep. Indien hy egter lidmaat van 'n kerk in 'n ander klassis is, moet die gekombineerde vergadering die advies inwin van die kerkraad onder wie hy ressorteer. In geval van verskille tussen die verskillende partye, word die saak verwys na die klassis wat die betrokke emeritus-predikant geëmeriteer het.

8. Die afsetting van bedienaars van die Woord.

Die afsetting van bedienaars van die Woord geskied deur die klassis. Die artikel bepaal dat na die skorsing deur die gekombineerde kerkraadsvergadering "die klassis met advies van die deputate van die partikuliere sinode moet oordeel of hulle heeltemal uit hulle amp afgesit moet word".

a. Die gronde waarom die afsetting by die klassis berus.

Die Kerkorde maak onderskeid tussen die tugprosedure ten opsigte van ouderlinge en diakens enersyds en dié ten opsigte van bedienaars van die Woord andersyds. Die rede waarom die klassis oor die afsetting van bedienaars van die Woord moet besluit, terwyl in die geval van ouderlinge en diakens dit plaaslik afgehandel kan word, lê nie daarin dat die amp van bedienaar van die Woord hoër is as die ander twee ampte nie. Dit grond ook nie in die Kollegialistiese kerkbegrip dat 'n predikant by sy bevestiging lid van 'n sekere Ring word nie, en die Ring alleen oor sy ampswerk kan besluit nie. Die rede waarom die afsetting van 'n bedienaar van die Woord by die klassis, met advies van die deputate van die partikuliere sinode, berus, is gegrond op die verband tussen die verskillende kerkordeartikels en op die aard van die kerkverband:

(i) Volgens artikel 4 K.O. vind die beroepbaarstelling plaas deur die klassis (die tussentydse reëling wat die taak aan die partikuliere sinode opdra, buite rekening gelaat). Hierby voeg artikel 11 K.O. dat ontslag uit die amp by die klassis, met advies van die deputate van die partikuliere sinode, berus. Die afsetting berus dus by dié kerklike vergaderinge wat oor die beroepbaarstelling handel.

(ii) Ouderlinge en diakens is tydelik aan die kerklike ampte verbonde (art. 27 K.O.). Daarteenoor is bedienaars van die Woord [474] lewenslank daaraan verbonde (art. 12 K.O.). Die afsetting van bedienaars van die Woord raak dus die predikant se hele lewensposisie: Om hierdie rede ag die Kerkorde dit nodig dat die klassis, as meerdere kerklike vergadering met advies van die partikuliere sinode deur middel van deputate, oor die afsetting sal besluit.

(iii) Kragtens die kerkverband kan 'n bedienaar van die Woord, op uitnodiging, die Woord en sakramente ook in ander kerke (gemeentes) as die plaaslike waaraan hy gebonde is, bedien. Daarteenoor kan 'n ouderling en diaken nie buite die ressort van die plaaslike kerk optree nie. Terwyl die afsetting van 'n ouderling of diaken net die plaaslike kerk raak, het die afsetting van 'n bedienaar van die Woord betrekking op die hele kerkverband. Op grond hiervan hoort die afsetting van 'n bedienaar van die Woord by 'n meerdere vergadering tuis.

Hoewel die Kerkorde die reg tot afsetting aan die klassis, met advies van die deputate van die partikuliere sinode, toeken, moet steeds in gedagte gehou word dat die tugreg oor

ampsdraers prinsipieel by die plaaslike kerkraad berus. Die kerkraad mag nooit verbygegaan word nie (vgl. F.L. Bos, a.w., bl. 306). Dit is altyd die ander kerkrade wat saam met die plaaslike kerkraad oordeel en beslis oor die afsetting. Volgens die beginsel van art. 30 K.O. mag geen meerdere vergadering met die tug oor ampsdraers begin nie tensy die mindere vergadering in gebreke gebly het om dit te doen (vgl. Bos, a.w., bl. 308, 309).

b. Die afsetting uit die amp.

Die beginsel van regverdigheid vereis dat die geskorste bedienaar van die Woord geleentheid gegun moet word om hom voor die klassis en die deputate van die partikuliere sinode te verdedig aleer tot ’n besluit oor hom geraak word.

Die *klassis* beslis oor die afsetting, met *advies* van die deputate van die partikuliere sinode. Omdat die deputate die partikuliere sinode as meerdere kerkvergadering verteenwoordig, is die klassis in sy besluit gebonde aan die advies van die genoemde deputate. Indien daar geen eenstemmigheid tussen die twee partye bereik kan word nie, moet die saak na die partikuliere sinode verwys word om beslissing (vgl. art. 11 K.O.).

Indien die klassis saam met die deputate van die partikuliere sinode nie voldoende grond vir afsetting vind nie, word die saak na die gekombineerde kerkraadsvergadering terugverwys en kan hulle geadviseer word om of die skorsing op te hef, of met die skorsing te volstaan en die tydperk daarvan te verleng, na die geval mag wees.

[475] Indien die klassis saam met die deputate van die partikuliere sinode bevind dat die skorsing deur die gekombineerde kerkraadsvergadering geregverdig was, en die aanklag gegrond en gewigtig beoordeel word, kan oorgegaan word tot die afsetting.

Voetius het by die afsetting onderskei tussen ’n klein ot mindere afsetting *(depositio minor)* en die groot of eintlike afsetting *(depositio major)*.

Eersgenoemde bestaan in ’n afsetting uit die diens van die betrokke kerk. Hierdie afsetting sluit aan by art. 11 K.O. Hierdie weg kan egter alleen gevolg word by wyse van uitsondering en wel as die vergadering oortuig is van die opregte berou van die betrokke bedienaar van die Woord, en van oordeel is dat hy weer met vrug in ’n ander gemeente sal kan arbei, maar dat hy as gevolg van sy sonde of gespanne toestand in die kerk waar hy gedien het, nie weer met vrug daar sal kan arbei nie. Hy word dus weer beroepbaar verklaar. Hiervan word dan kennis gegee aan die kerkverband. Van “waggeld”, soos in art. 11 K.O., is hier egter geen sprake nie.

Die afsetting in die eintlike sin van die woord *(depositio major),* en soos dit in hierdie artikel gebruik word, dra die karakter van ’n ontsetting uit die amp. Die persoon word op oneervolle wyse van sy diens onthef.

Die klassis mag hierdie bevoegdheid om ’n predikant in hulle diens af te sit, nie oordra aan ’n kommissie uit die klassis nie. Dit moet altyd die volle klassis saam met die deputate van die partikuliere sinode wees wat hierdie bevoegdheid uitoefen (Sinode Nijmegen, 1619; vgl. Bos, a.w., bl. 308).

9. Die bekendstelling van die skorsing en afsetting van ampsdraers.

Daar bestaan geen vaste formule vir die skorsing of afsetting van ’n ampsdraer nie. Die betrokke vergadering moet in elke besondere geval die nodige verklaring opstel, waarin die aard van die sonde, die vermaning wat aan die betrokke persoon gerig is, sy volharding in onboetvaardigheid en die karakter van die skorsing of afsetting duidelik beskrywe is. Hierdie verklaring moet aan die gemeente waarin die betrokke persoon gedien het, voorgelees word.

In die geval van bedienaars van die Woord moet aan die kerkverband 'n skriftelike en vertroulike mededeling van die skorsing of afsetting, na die geval mag wees, gedoen word.

[476]

ARTIKEL 80

DIE OPENBARE GROWWE SONDES

Onder die growwe sondes wat skorsing in, of afsetting uit die diens verdien, is die volgende die vernaamste: valse leer of kettery, openbare skeurmakery, openbare godslastering, simonie, trouelose verlating van die diens of indringing in die diens van 'n ander, meineed, egbreuk, hoerery, diefstal, geweldpleging, gewoonte-dronkenskap, vegtery, onregverdige winsbejag — kortom al die sondes en misdade wat die bedrywer by die wêreld en die kerk eerloos maak.

1. Die doel van art. 80.

Artikel 80 is deur die Sinode van Middelburg, 1581, in die Kerkorde opgeneem. Dit is vrywel letterlik aan die Geneefse Kerkorde van Calvyn (1551) ontleen, en is sedertdien onveranderd in die Kerkorde gehandhaaf.

Artikel 79 stel die grond vir die tug oor ampsdraers, in aansluiting by artikel 76, as "'n openbare growwe sonde wat vir die kerk skandelik of ook by die owerheid strafbaar is". Artikel 80 beskrywe hierdie skorsingswaardige sondes meer in besonder. "Art. 80 geeft niet slechts een uitwerking van de kwalificatie van art. 79, doch geeft daaraan ook een noodzakelijke *uitbreiding"* (vgl. Bos; a.w., bl. 302). Hieruit volg dat die grond vir die skorsing en afsetting wat art. 79 noem, nie in beperkende sin opgeneem mag word nie.

Die doel van art. 80 K.O. is dus nie om 'n volledige lys van tugwaardige sondes op te stel nie, maar om aan die hand van verskeie Skrifgedeeltes (1 Kor. 5:10, 11; 1 Pet. 4:3) uitbreiding aan art. 79 te gee deur aan te dui wat onder die vernaamste openbare growwe sondes verstaan word. Met hierdie sondelys mag egter nie volstaan word nie, want die artikel spreek ten slotte van "kortom al die sondes en misdade wat die bedrywer by die wêreld en kerk eerloos maak" (vgl. 1 Tim. 3:1—13).

2. Die openbare growwe sondes soos genoem in artikel 80.

Hierdie sondes wat die bedrywer daarvan by die wêreld en die kerk eerloos maak, kan saamgevat word as oortredinge teen: die Persoon van God en sy deugde, die inspirasie van die Heilige Gees [477] en die genadegawes van Jesus Christus; die diens van God; die liggaam as die tempel van die Heilige Gees en die naaste (vgl. die Nagmaalformulier).

a. Die sondes teen God.

Hierdie sondes dra almal die kenmerk van laster.

Valse leer of kettery is om welbewus en met opset van die *fundamentele* leerstukke van die kerk af te wyk. Wanneer 'n ampsdraer onder hierdie sonde aangekla word, moet sy afwyking 'n aantasting wees van die inhoud en gesag van die Woord van God en die Belydenis, en verder moet sy optrede van so 'n aard wees dat hy hardnekkig volhard in sy dwaling. Ongelukkige uitdrukkinge of verskil in ondergeskikte sake mag nie deur die kerkraad aangegryp word om van 'n lastige ampsdraer ontslae te raak nie.

Openbare skeurmakery is om weens ondergeskikte punte skeuring in die kerk te veroorsaak. Enersyds verskil dit van kettery deurdat ketters ten opsigte van die fundamentele leerstukke dwaal, terwyl skeurmakers ten opsigte van die ondergeskikte punte die gemeenskap van die kerk verbreek. Andersyds gaan skeurmakery dikwels gepaard met en lei dit tot kettery. Terwyl in die Gereformeerde Kerke "almal wat begeer om tweedrag, sektes en muitery in kerke en wêreldlike regerings aan te rig" (vgl. Nagmaalformulier) nie tot die Nagmaal toegelaat kan word nie, kan hulle ook nie in die besondere ampte toegelaat of geduld word nie.

Openbare godslastering val onder die sondes teen die derde gebod. Dit is om lasterlik te spreek van God of sy deugde. Hierdie sonde kan alleen beoordeel word as dit in die openbaar, hetsy in woord of geskrif, geskied het en dit opsetlik en die weloorwoë mening van die oortreder is.

Simonie kom van Simon die towenaar (Hand. 8:18—15) wat gepoog het om deur middel van geld die gawe van die Heilige Gees te bekom. Dit is die aanbieding van geld om geestelike gawes te verkry, of omgekeerd, die aanneem van geld om daarvoor geestelike gawes te gee.

Meineed is ook 'n gruwelike sonde teen die derde gebod. Dit is 'n valse eed. 'n Meinedige is iemand wat voor God iets as waarheid verseker, terwyl hy weet dat dit in werklikheid vals is. Dit is om die Naam van God te laster.

b. Die miskenning van die ampsbediening.

Die Kerkorde spreek in hierdie verband van "trouelose verlating van die diens of indringing in die diens van 'n ander". Met [478] "trouelose verlating van die diens" word in art. 80 iets anders bedoel as in Jansen se verklaring wat op "indringing in die diens van 'n ander" neerkom (Jansen: *Korte Verklaring,* bl. 345). In laasgenoemde geval dring 'n predikant sonder 'n wettige beroep in 'n ander kerk in, terwyl 'n ouderling of diaken sonder die toestemming en voorkennis van die kerkraad in 'n wyk, wat aan 'n ander ampsdraer toegesê is, op eiegeregtige wyse indring. "Trouelose verlating van die diens" sien egter op 'n onwettige en doelbewuste nalaat van sy ampspligte sonder wettige ontslag. Dit is wanneer 'n ampsdraer hom aan sy diens onttrek sonder die goedkeuring van 'n wettige kerklike vergadering. Kortom: dit kom neer op "bedanking" uit die amp.

Onbekwaamheid kan ook grond vir afsetting wees. Die Provinsiale Sinode van Groningen, 1607, het al besluit dat "onbekwame predikanten zullen en moeten afgezet worden, opdat het grote onheil en nadeel dat hieruit rijst, mogen geweerd worden" (Sessie 3, art. 3).

c. Sondes teen die eie liggaam.

Die liggaam, as woonstede van die Heilige Gees, moet rein gehou word (Rom. 8:9; 1 Kor. 3:16). Ook hierin moet die ampsdraers onberispelik wees (1 Tim. 3:2).

Egbreuk is die verbreking van die huwelik, waarby die ampsdraer die leidende oorsaak was. *Hoerery* sien op ontug met iemand buite die huwelik.

Gewoonte-dronkenskap kom voor wanneer 'n ampsdraer hom nie net in 'n enkele geval misgaan het nie, maar 'n gewoontedrinker geword het of aan drank verslaaf geraak het.

d. Sondes teen die naaste.

'n Ampsdraer moet tot voorbeeld vir sy naaste dien (1 Tim. 3:3).

Diefstal is om in die geheim iemand te besteel. Diefstal uit die armkas of verduistering van kerkgelde kry hier besondere klem.

Geweldpleging vind plaas wanneer die teenparty liggaamlik te lyf gegaan word, terwyl die

Kerkorde met *vegtery* bedoel dat ampsdraers 'n gewoonte daarvan maak om gedurig rusie te maak.

Ten slotte spreek die artikel van *onregverdige winsbejag*. Dit kom voor wanneer 'n ampsdraer trag om sy inkomste te vermeerder op 'n wyse wat vir 'n Christen onbetaamlik is. Dobbelary, lotery en smokkel val ook onder hierdie sondegroep.

[479]

e. Sondes wat alleen vermaning verdien en nie skorsing of afsetting nie.

Behalwe die sondes wat skorsing en afsetting verdien, het die Konvent van Wesel, 1568, ook 'n hele lys van sondes opgenoem wat wel bestraf moet word, maar wat nie van so 'n aard is dat tot skorsing oorgegaan moet word nie: ydele nuuskierigheid; al te toegewend wees teenoor die sonde in plaas van om dit te kasty; geneig wees tot vleiery; heimlike strewe om heerskappy oor ander ampsdraers te voer; onkuise of onbetaamlike geskerts; leuentaal; kwaadsprekery; beledigende woorde; vermetelheid; klaarblyklike gierigheid; eersug en begeerte na ydele roem; huislike onenigheid; al te skerpe en onmatige bestraffinge; alle onmatigheid in kleredrag en eetgewoontes; e.d.m. (C. VIII, 15).

Hierdie sondes moet by die onderlinge sensuur (vgl. art. 81 K.O.) bestraf word, maar as die ampsdraer ten spyte van herhaalde vermaninge in 'n sonde volhard, kan art. 79 uiteindelik op hom toegepas word.

3. Die herstel van geskorste of afgesette ampsdraers.

a. Die moontlikheid van herstel.

Die Kerkorde maak geen melding van die herstel van geskorste of afgesette ampsdraers nie. Tog is herstel nie onmoontlik nie.

Die Sinode van Emden, 1571, het in die Kerkorde (art. 34) voorsiening gemaak vir die herstel van afgesette ampsdraers wat "door hare boete voldaan hebben" met die bykomende bepaling dat, in die geval van ouderlinge en diakens, die beslissing by die kerkraad lê, terwyl, in die geval van bedienaars van die Woord, "zal de Classicale Vergaderinge oordeelen". Die Sinode van Dordrecht, 1578, het hierdie artikel van Emden in die Kerkorde gehandhaaf (art. 100). Met die hersiening van die Kerkorde deur die Sinode van Middelburg, 1581, het hierdie artikel uit die Kerkorde verval hoewel die Sinode hom nog duidelik ten gunste van die moontlikheid van herstel uitgespreek het op dieselfde voorwaardes soos bepaal deur die Sinodes van Emden en Dordrecht, 1578 (vgl. Sinode Middelburg, 1581, part. vr. 41). Hoewel die Sinodes van 's Gravenhage, 1586, en Dordrecht, 1618—19, die saak van herstel nie weer in die Kerkorde opgeneem het nie, het eie kerke in voorkomende gevalle nog altyd gehandel volgens die bepalings van die Sinodes van Emden, Dordrecht, 1578, en Middelburg, 1581.

Voetius was van oordeel dat daar by die eventuele herstel onderskeid gemaak moet word tussen afsetting weens minder [480] ergerlike sonde en meer ergerlike sonde. In die eerste geval, byvoorbeeld as die afsetting uit die amp geskied het as gevolg van dronkenskap, vegtery, rusiemakery, e.d.m., kan herstel plaasvind as die berou opreg is. As die afsetting egter die gevolg was van sonde wat die doodstraf waardig is of wat die bedienaar van die Woord by die wêreld eerloos gemaak het, soos byvoorbeeld egbreuk, godslastering, diefstal, meineed, hoogverraad, e.d.m., kan daar geen sprake van herstel wees nie.

In Suid-Afrika het die Sinode van 1958 op 'n beskrywingspunt dat in die hersiening van die K.O. voorsiening gemaak moet word vir 'n artikel oor die herstel van ampsdraers, die versoek toegestaan met verwysing na art. 78 van die gerediveerde Kerkorde (art. 68). Genoemde artikel

78 lees: “Die kerkraad en die klassis oordeel of broeders wat uit die amp van ouderling of diaken afgesit is, weer met stigting van die gemeente tot die amp toegelaat kan word indien hulle die kerk deur hulle boetvaardigheid oortuig het van hulle berou. In die geval van ’n broeder wat van die amp van bedienaar van die Woord afgesit is, oordeel egter die klassis met die deputate van die partikuliere sinode, na raadpleging van die kerkraad waar die broeder voorheen gedien het, of hy weer met stigting van die gemeentes beroepbaar gestel mag word nadat hy die kerk deur sy boetvaardigheid van sy berou oortuig het”.

Met hierdie besluit het die Sinode van 1958 hom in beginsel ten gunste van die moontlikheid van herstel van afgesette ampsdraers uitgespreek. Hoewel die Sinode van 1961 (*Acta,* bl. 347) die besluit van die Sinode van 1958 (*Acta,* bl. 108) wat met die revisie van die Kerkorde voorlopig goedgekeur is, herroep het, en daarmee die aangehaalde artikel 78 verval het, bly die besluit waarmee die Sinode van 1958 hom in beginsel ten gunste van die moontlikheid van herstel van afgesette ampsdraers uitgespreek het, van krag.

b. Die vereiste van eventuele herstel.

Aleer ’n geskorste of afgesette ampsdraer in ere herstel kan word, moet die kerklike vergadering wat oor sy herstel handel, oortuig wees van die opregtheid van berou by die betrokke persoon, dat hy nie weer in sy ou sonde verval het nie en dat hy nie onder sensuur verkeer nie. Verder moet die vergadering hom daarvan vergewis of sodanige persoon voldoen aan die vereiste wat die Skrif in 1 Tim. 3 en Tit. 1 vir ampsdraers stel. Die vergadering moet dus daarvan oortuig wees dat die betrokke persoon weer met eer, tot opbou van die gemeente van Christus en tot eer van God, in die amp kan dien. Met die aard van die [481] bedrewe sonde moet hier dus deeglik rekening gehou word. Ten slotte is ’n attestasie van sy kerkraad dat hy suiwer in leer en onberispelik in lewenswandel is, noodsaaklik.

c. Die herstel van geskorste ampsdraers.

By die skorsing is die ampsdraer nog nie uit die amp ontslaan nie; net die bevoegdheid om die amp uit te oefen, is hom ontneem. Die herstel bestaan daarin dat die skorsing opgehef word en aan die betrokke ampsdraer weer die reg verleen word om met die ampswerk, wat tydelik opgeskort was, voort te gaan. Dieselfde kerklike vergadering wat oor die skorsing gehandel het, moet ook weer oor die herstel besluit (vgl. art. 79 K.O.).

d. Die herstel van ’n afgesette ampsdraer.

In die eintlike sin van die woord kan daar nie gespreek word van die herstel van afgesette ampsdraers nie, want die amp is hulle ontneem. Dit gaan hier egter oor die moontlikheid of ’n persoon wat eenmaal ’n amp beklee het en daaruit afgesit is, weer opnuut daardie amp mag beklee.

In die geval van ’n persoon wat uit die amp van ouderling of diaken afgesit is, berus die beslissing by die kerkraad of hy weer volgens artikels 22 of 24 K.O. verkiesbaar gestel kan word. By verskil in die kerkraad word die aangeleentheid na die klassis om advies verwys.

Die klassis met die deputate van die partikuliere sinode beslis of persone wat afgesit is uit die amp van bedienaar van die Woord, onderhewig aan voorgenoemde vereistes, weer beroepbaar gestel kan word. Die versoek daartoe gaan uit van of die betrokke persoon self, of van ’n kerkraad wat hom graag wil beroep, en dit word gerig aan die klassis binne wie se ressort hy woonagtig is.

In aansluiting by die prosedure, voorgeteken in art. 4 K.O., moet die klassis saam met die deputate van die partikuliere sinode hulle vergewis van die noodsaaklikheid van die herstel, die

motiewe vir die aansoek en van die moontlikheid dat hy weer met vrug sal kan arbei. Laasgenoemde is afhanklik van die aard van sy bedrewe sonde. Indien hy uit die ressort van die kerkraad of klassis getrek het wat oor sy skorsing en afsetting gehandel het, is benewens 'n getuigskrif van die kerkraad in wie se ressort hy woonagtig is, ook 'n attestasie van die kerk en die klassis waar hy gedien het en waarin hulle verklaar dat hulle nie beswaar het teen die eventuele herberoepbaarstelling nie, noodsaaklik. Die sogenaamde herstel van 'n afgesette bedienaar van die Woord [482] bestaan nie daarin dat die klassis saam met die deputate van die partikuliere sinode hom in die amp van bedienaar herstel nie, maar dat hy weer in ooreenstemming met art. 4 K.O. beroepbaar gestel word. Of hy weer eksamens moet aflê, berus by die klassis met advies van die deputate van die partikuliere sinode. Indien leerdwalinge die rede tot af setting was, is sodanige eksamens nodig. Indien sodanige persoon egter, om afsetting te voorkom, sy amp neergelê het (bedank het as predikant), is herstel in alle gevalle onmoontlik. Dit hou in trouelose verlating van sy diens. Sy saak is nie deurgevoer tot die einde nie. Met die neerlegging van sy amp, het hy teen die ondertekeningsformulier gehandel deur te weier om hom te onderwerp aan die kerklike vermanings en tug.

ARTIKEL 81

DIE ONDERLINGE SENSUUR TUSSEN AMPSDRAERS

Die bedienaars van die Woord, die ouderlinge en diakens moet onder mekaar die Christelike sensuur uitoefen en mekaar oor die bediening van hulle amp vriendelik vermaan.

1. Die historiese agtergrond van die artikel.

Vanaf die tyd van Calvyn het die Gereformeerde Kerke en die gereformeerde teoloë dit beklemtoon dat die kerklike dissipline of tug (vgl. art. 71—80 K.O.) alleen na behore uitgeoefen kan word as die ampsdraers ook op mekaar se leer, lewe en ampsbediening let wanneer hulle in 'n kerklike vergadering byeenkom. Op voetspoor van Calvyn het a Lasco die gebruik van onderlinge sensuur tussen ampsdraers in die Londense gemeente ingevoer, terwyl Farèl hierdie gebruik ook nagevolg het (vgl. Rutgers: *Kerkl. Adviezen* II, bl. 320, 323; Bouwman: *Kerkrecht* II, bl. 672). Die Konvent van Wesel, 1568, het die bepaling neergelê dat op die klassikale vergaderinge na die gedrag en leer van die bedienaars van die Woord en ouderlinge, wat nie van 'n openbare sonde aangekla is nie, ondersoek gedoen moet word (VIII, 13).

Hierdie gebruik is deur die klassisse gevolg omdat daar nie op elke plek 'n kerkraad was nie (Emden, 1571, II, art. 1—5).

In 1578, toe die kerklike sake beter georganiseerd was, besluit die Sinode van Dordrecht (art. 31), dat op die klassisse alleen ondersoek ingestel sal word na die gedrag van diegene wat hulle [483] op die betrokke vergadering verkeerd gedra het (vgl. art. 43 K.O.), terwyl in 'n aparte artikel voorsiening gemaak is vir die onderlinge sensuur in die plaaslike kerkraad. Hierdie artikel het bepaal dat die bedienaar van die Woord, die ouderlinge en die diakens voor elke Nagmaalviering "onder malkander de Christelijke censure, ofte ondersoeking doen, zoo wel over de Leer, als over den wandel, ende zullen de Christelijken vermaningen in der liefde aannemen" (art. 66).

Die Sinode van Middelburg, 1581, laat die laaste gedeelte, wat die aanvaarding van die vermaning inhou, weg uit die redaksie van die Kerkordeartikel.

Die Sinode van 's Gravenhage, 1586, hersien die artikel en stel in die plek van die toesig oor mekaar se lewe en wandel die redaksie vas soos dit tans nog lees, naamlik "mekaar oor die bediening van hulle amp vriendelik vermaan". Hierdeur is die klem geplaas op die *ampswerk* as sodanig. Dit is iets spesiaal gereformeerds.

2. Die beginsel van die onderlinge sensuur.

In die kerk van Christus moet alles welvoeglik en ordelik toegaan (1 Kor. 14:40). Die middel hiertoe word in die Kerkorde voorgeskryf as die *onderlinge toesig*. Hierdie beginsel geld onder die lidmate (art. 71 K.O.), onder die kerkraadslede (art. 23, 81 K.O.) en onder die kerke in kerkverband (art. 41, 43, 44 K.O.).

Die onderlinge sensuur tussen ampsdraers is gegrond op die Woord (1 Tim. 5:20; 2 Pet. 5:1—3), en word genoodsaak deur die algemene sondigheid by die mense. Calvyn sê in hierdie verband: Vanweë ons almal se onvolmaaktheid kan dit nie anders nie, want ons het almal gebreke waaroor dit passend en nuttig is dat ons vermaan word. By sommige bestaan dinge wat verkeerd is, wat moet verbeter; ander weer wat in die gevaar van afwyking verkeer, moet gewaarsku word om, as dit moontlik is, dit te voorkom; ander weer moet tot meer ywer aangespoor word; by ander weer moet ondersoek ingestel word na slegte gerugte, en as dit vals is, moet dit gesamentlik uit die wêreld gehelp word; ook kan 'n broeder ander tot aanstoot wees, en ook dit moet hier uit die weg geruim word (aangehaal deur Rutgers: *Kerkl. Adviezen* II, bl. 323 uit 'n brief van Calvyn, 1544).

Die beginsel van die handhawing van die goeie orde in die kerk vind ook uitdrukking in die doel van die onderlinge sensuur, naamlik om mekaar op te skerp en aan te spoor tot meerdere ywer in die uitoefening van die ampte, tot welsyn van die kerk en tot eer van God. Die onderlinge sensuur het nie alleen die [484] verbetering van die ampsdraer op die oog nie, maar ook die tydige waarskuwing aan ampsdraers as voorsorgmaatreël teen ernstiger misdryf.

3. Die karakter van die onderlinge sensuur tussen ampsdraers.

Die Christelike vermaning van kerkraadslede onder mekaar dra 'n *amptelike* karakter.

Volgens artikel 23 K.O. bestaan die ampswerk van die ouderlinge onder andere daarin dat hulle moet toesig hou oor die ampsbediening van die bedienaar van die Woord, die mede-ouderlinge en die diakens. Deur die beoefening van die onderlinge sensuur volgens artikel 81 K.O., word uitvoering gegee aan hierdie opdrag. Die Sinode van 1952 (art. 59, 131) reël wel dat ouderlinge benewens by die diakens ook by die bedienaar van die Woord en by mede-ouderlinge kan huisbesoek doen, maar hierdie huisbesoek mag onder geen omstandighede in die plek van die onderlinge sensuur gestel word of die toepassing van artikel 81 oorbodig maak nie. Die huisbesoek van die ouderlinge by die ander ampsdraers geskied in die eerste plek met die oog op die viering van die Nagmaal, terwyl dit verder tot die hele huisgesin van die betrokke ampsdraer gerig is. 'n Woord van algemene vermaning, waar nodig, mag wel gerig word aan die ampsdraer of sy huisgesin, maar dit is heeltemal iets anders as die bedoeling van artikel 81 K.O. (vgl. art. 23 K.O. vir die doel van hierdie huisbesoek, asook Sinodale Handelinge, 1952, bl. 220, 221).

Die onderlinge sensuur waaroor artikel 81 handel, kan volgens die Gereformeerde kerkbegrip slegs in 'n amptelike kerkraadsvergadering, waar die ouderlinge saam met die diakens onder die voorsitterskap van die bedienaar van die Woord vergader, geskied. Die woordgebruik in artikel 81, dat die ampsdraers *onder mekaar* mekaar oor die bediening van *hulle* amp moet vermaan, handel nie oor die taak van die ampsdraers afsonderlik nie, maar oor die

taak van al die ampsdraers *gesamentlik*.

Omdat die Christelike vermaninge *amptelik* is, word hier nie eers volgens Matth. 18 opgetree in dié sin dat een ampsdraer eers alleen 'n ander een gaan vermaan nie, en as hy nie verbeter nie, die saak dan op die onderlinge sensuurgeleentheid ter sprake bring. Dit sou beteken dat een ampsdraer hom kan inbeeld dat hy oor 'n ander 'n mate van heerskappy voer. Nie alleen sou sodanige optrede in stryd wees met artikel 84 K.O. nie, maar dit sluit ook aan by die Rooms-Katolieke stelsel waar die een ampsdraer oor die ander een persoonlik toesig hou.

In Matth. 18 gaan dit om tugwaardige sondes, sodat wanneer [485] die vermaner die saak voor die kerkraad bring, die vermaande in 'n staat van aanklag geplaas word. Die doel van artikel 81, daarteenoor, is juis dat, deur broederlike opmerkinge in die vergadering, en indien nodig ook deur broederlike teregwysinge en vermaning, aanklagte voorkom kan word.

Matth. 18 reël verder 'n *persoonlike* verhouding, terwyl dit in artikel 81 gaan om die verhouding ten opsigte van die amp en die Opdraggewer. Daarom moet die toesig in die samekomste van die kerkraad beoefen word sodat die *vergadering,* en nie die individu nie, oor die ampsbediening van elke ampsdraer oordeel, al moet individue dit daar aanhangig maak. Hierdie vermaning word nooit 'n saak tussen twee persone nie, maar bly altyd 'n saak tussen één ampsdraer en die vergadering, d.i. van die gesamentlike ampsdraers, ook wanneer daar in die kerkraad oor die saak 'n meerderheid en 'n minderheid is (Rutgers: *Kerkl. Adviezen,* II, bl. 321, 322). Die plek vir die uitoefening van die Christelike sensuur is altyd in die amptelike kerkraadsvergadering.

Die karakter van hierdie vermaning word verder bepaal deur die beginsel van die *liefde*. Die Kerkorde stel dat die vermaninge "vriendelik" moet wees. Die vermaninge moet gekenmerk word deur opregtheid, billikheid, versigtigheid en gematigdheid. Waar dit boweal op neerkom, is dat by die ganse onderlinge sensuur alles wat gesê en gedoen word, moet geskied soos dit in die heilige teenwoordigheid van die Here betaam. Die enigste motief moet wees 'n ywer vir die huis, die diens en die koninkryk van die Here. Daarom moet dit geskied in waaragtige broedersin. In hierdie gees moet elke ampsdraer bereid wees om, as dit werklik nodig is, as 'n lid van die vergadering 'n ander een te vermaan, en net so bereid wees om wederkerig die ander se vermaninge in dankbaarheid te ontvang.

Daar moet daarteen gewaak word dat die heilige medisyne van die onderlinge sensuur nooit 'n vergif van beuselagtigheid en vitterigheid word nie.

4. Die sondes en gebreke waarop die onderlinge vermaning hom rig.

In hierdie artikel gaan dit nie oor tugwaardige sondes nie. Daarvoor bestaan artikels 79 en 80. Die Konvent van Wesel het duidelik gestel dat dit in hierdie ondersoek gaan na die leer en die lewe van ampsdraers wat nie van 'n openbare sonde aangekla is nie. Die naam "censura morum", wat dui op 'n ondersoek na die sedes, is ontleen aan die aanvanklike bepaling van die artikel.

In die redaksionele wysiging wat die Sinode van 's Gravenhage aangebring het, val die klem in hierdie ondersoek op die [486] *ampsbediening* (vgl. die historiese agtergrond van die artikel). Daarom is die benaming "Christelike sensuur" beter. Dit hou implisiet in dat, wanneer 'n ampsdraer, deur afwyking in leer of lewe, gevaar loop om hom onbekwaam te maak vir die ampsbediening, die kerkraad, by die onderlinge sensuur, ook daaraan aandag moet gee, mits dit nie al 'n geval van artikels 79 en 80 K.O. is nie.

In die Christelike sensuur gaan dit om die ampte en die uitoefening daarvan deur die

individuele ampsdraers. Die ondersoek gaan dus hoofsaaklik oor ampsdraers wat traag is in die uitvoering van hulle amptelike bediening en dit soms nalaat. In die praktyk moet die kerkraad dus ondersoek instel na die gereelde bywoning van die eredienste en kerkraadsvergaderinge; nalatigheid ten opsigte van kerkraadsopdragte; versuim van huisbesoek; liefdelose optrede teenoor lidmate; altyd verskonings maak as 'n opdrag na sy kant toe kom, ens. In verband met die bedienaar van die Woord kan opmerkinge gemaak word oor sy wandel en sy werk, of die bediening van die Woord stigtelik en profytlik is en nie op so 'n wyse gebring word dat dit by die hoorders ergernis veroorsaak nie; of dit blyk dat hy hom ernstig voorberei, of hy te lank preek of bid, te intellektueel; of die prediking in ooreenstemming is met die Woord van God; ens. (vgl. die visitasievrae oor die ampswerk van die verskillende ampsdraers, art. 44 K.O.).

Die Konvent van Wesel, 1568, het ter onderskeiding van die sondes wat skorsing verdien, ook 'n hele lys van sondes aangestip wat wel bestraf moet word, maar wat nie van so 'n ernstige aard is dat tot skorsing oorgegaan moet word nie (vgl. art. 80 K.O.).

Indien 'n ampsdraer herhaaldelik vermaan is oor 'n sekere afwyking, en hy nogtans daarmee volhard, kan artikel 79 K.O. uiteindelik op hom toegepas word.

5. Die metode.

Aanvanklik was dit die gebruik dat elke ampsdraer om die beurt die vergadering moes verlaat terwyl sy ampswerk bespreek is. Met sy terugkoms in die vergadering is dan aan hom die uitslag van die ondersoek meegedeel en is hy dienooreenkomstig vermaan.

Die voordeel van hierdie metode is dat vryelik gespreek kan word. Die nadeel is egter dat dit baie tyd in beslag neem. Die gevaar is ook dat dit kwaadsprekery in die hand kan werk. Die Konvent van Wesel het daarom bepaal dat diegene wat in die vergadering agterbly, 'n eed moes neem dat niemand sal verklap wat en deur wie iets gesê is nie.

Ter wille van die tydfaktor het die metode later posgevat dat die ampswerk in teenwoordigheid van die betrokke [487] ampsdraer bespreek word. Waar die welsyn van die kerk op die voorgrond staan en die onderlinge gesindheid reg is, kan daar geen beswaar teen hierdie metode ingebring word nie. Dit staan elke kerkraad vry om self te besluit of die betrokke ampsdraer die vergadering moet verlaat of nie.

Die metode, soos deur sommige kerkregtelikes voorgestaan (vgl. Jansen: *Korte Verklaring,* bl. 352), dat die ondervraging globaal geskied, byvoorbeeld: "is daar iemand wat 'n aanmerking wil maak op die ampsbediening van een van die broeders?", is nie wenslik nie. Om werklik sy doel te tref, moet hierdie sensuur goed uitgeoefen word. Die aangewese weg is dat die voorsitter elke ampsdraer afsonderlik noem en dan vra of daar iemand is wat sy ampswerk wil bespreek (vgl. Bouwman: *Kerkrecht* II, bl. 673).

In die Christelike sensuur gaan dit om die ampte en die bediening daarvan deur die individuele ampsdraers. Naas die persoonlike rondvraag op die man af, is dit ook wenslik om by elke onderlinge sensuurgeleentheid een van die *ampte* besonderlik te behandel. Die betrokkenes, byvoorbeeld die diakens, verlaat die vergadering terwyl die ouderlinge en die bedienaar van die Woord hulle ampswerk beoordeel. So kom die vergadering dan tot 'n gemeenskaplike oordeel, na bespreking, insake daardie *besondere amp*.

6. Die tyd vir die uitoefening van die Christelike sensuur.

Aanvanklik het die artikel gelees dat die onderlinge sensuur voor elke Nagmaal moet geskied (Sinodes Dordrecht, 1578, Middelburg, 1581). Die Sinode van 's Gravenhage, 1586, het

met die hersiening van die redaksie nie weer melding gemaak van die tyd wanneer dit gehou moet word nie. Met die oog op die voorbereiding vir die viering van die Nagmaal, waar alles ordelik en stigtelik moet toegaan, moet alle voorkomende hindernisse betyds uit die weg geruim word. Daarom is die vergadering wat die Nagmaal voorafgaan, die aangewese vir die uitoefening van die Christelike sensuur.

In dringende gevalle, of waar dit nodig is, kan die Christelike sensuur ook op enige kerkraadsvergadering geskied.

[488]

ARTIKEL 82

ATTESTASIES

Aan diegene wat uit die gemeente vertrek moet die kerkraad 'n attestasie (getuienis) van hulle belydenis en wandel saamgee wat deur twee van sy lede onderteken is.

1. Die beginsel van Attestasie.

Die beginsel van 'n attestasie kry ons duidelik in die H.S. Ons lees in Hand. 18:27 dat die broeders van Efese aan die dissipels in Achaje skryf om Apollos te ontvang. In Romeine 16:1 word Fèbè aanbeveel by die gemeente van Rome. Volgens 2 Kor. 3:1 wil dit voorkom asof dit 'n algemene gebruik was.

'n Attestasie is 'n getuigskrif. Die Kerkorde praat van 'n getuienis, 'n getuienis wat een kerkraad aan 'n ander kerkraad oor die leer en wandel van 'n lidmaat afgee. Hierdie getuienis moet waar en eg wees. In die kerk is daar nie plek vir onjuiste getuienisse nie, want op grond van die getuienisse word 'n lidmaat *tot* die sakramente toegelaat of geweier. Alleen deur suiwere getuienisse kan die sakramente heilig bewaar word.

'n Attestasie is dus nie 'n stukkie papier, sertifikaat of dokument wat êrens in die kerk bewaar word en dan enige tyd deur 'n lidmaat opgeëis kan word nie. Meermale word gepraat van 'n attestaat "lig" of gaan haal. Dit is 'n wanopvatting, 'n Attestasie is die getuienis wat 'n kerkraad op 'n *sekere tydstip* oor die lewe en leer van 'n lidmaat gee. Hierby stel die artikel ook nog die Skrifgedagte dat dit deur twee van die kerkraadslede onderteken moet wees. In Matth. 18:16 en 2 Kor. 13:1 word duidelik gesê dat in die mond van twee of drie getuies elke woord sal vasstaan. Die ondertekening deur twee is dan die bewys vir die ontvangende kerkraad dat die getuienis eg is.

Dit is nie noodwendig dat 'n attestasie op 'n gedrukte vorm gegee moet word nie. Die vorms is alleen vir gerief bedoel, 'n Brief wat namens die kerkraad en in opdrag van die kerkraad uitgereik word, is heeltemal in orde, mits dit aan die vereistes voldoen.

Attestasies word aan sowel belydende as dooplidmate uitgereik. In die attestasie moet nadruk gelê word op die materie. Hoewel die volle name, adres, ens. vermeld word, moet die hoofsaak steeds wees 'n getuienis oor die lewe en leer van die betrokke lidmaat (doop- of belydend).

[489]

2. Die verband tussen art. 61 en 82 K.O.

Artikel 61 handel oor die toelating van lidmate tot die Nagmaal. Die vereiste is dat

belydenis van die gereformeerde godsdiens gedoen moet word. Dit kan geskied deur aflegging van belydenis van geloof, na kategetiese onderrig, maar ook wanneer ’n lidmaat van ’n ander Gereformeerde Kerk hom by die kerkraad aanmeld met ’n attestasie van die kerk waarvandaan hy kom. Die lidmaatskap van ’n Gereformeerde Kerk berus, sover dit die lidmaat betref, altyd op belydenis van die gereformeerde leer en die bevestiging daarvan deur ’n Christelike wandel. Hieroor, asook oor die opname en heropname van lidmate, is onder artikel 61 gehandel. Artikel 82 handel oor die *afgee* van attestasies en alles wat hiermee verband hou.

3. Lidmaatskap van ’n bepaalde kerk.

Die grond vir kerklike gemeenskap is eenselfde belydenis en die ware geloof. Daar moet sterk onderskei word tussen die onsigbare kerk en die sigbare, plaaslike kerk. Die Heidelbergse Kategismus handel, in Sondag 21, oor die onsigbare kerk wat deur Christus deur die eeue heen vergader word. Ook die Nederlandse Geloofsbelydenis handel, in art. 27, oor die onsigbare kerk, terwyl in art. 28 reeds iets te vind is van die geïnstitueerde kerk. Besonderhede oor die plaaslike kerk kry ons in artikels 30—32 (Ndl. Geloofsbelydenis). Wat ’n gelowige betref: hy is lidmaat van ’n plaaslike kerk. Elke kerk is ’n selfstandige eenheid, ’n openbaring van die liggaam van Christus. Dooplidmate is, kragtens die kerk waaraan hulle ouers behoort en waarin hulle gedoop is, lidmate van daardie kerk (gemeente). Deur die aflê van belydenis van geloof word ’n persoon belydende lidmaat en hierdeur stel hy hom onder die toesig van die plaaslike kerkraad, terwyl gedooptes kragtens die belofte van hulle ouers onder die toesig van die plaaslike kerk staan. By die plaaslike kerk geniet die lidmaat die regte en voorregte, en het hy ook pligte. Die kollegialisme beskou die verskillende plaaslike kerke onderdele van een groot genootskap.

Elke plaaslike kerk het sy grense wat deur die lidmaat eerbiedig moet word. Ons onderskryf die woorde van Rutgers waarin beweer word dat, op Skriftuurlike gronde, altyd aangeneem is dat elke kerk sy vaste grense moet hê, waarbinne elke gemeentelid tot die kerk behoort. As dit nie gehandhaaf word nie, word alle kerklike orde prysgegee en die deur geopen vir willekeur en allerlei moeilikhede en onenighede (Kerkl. Adviezen 11, 335).

[490]

4. Verbreking van die gemeenskap.

Wanneer ’n lidmaat binne die grense van ’n gemeente hom aan die kerklike toesig onttrek, verbreek hy daardeur die band met die kerk en word hy kerkloos. Sodra ’n lidmaat uit ’n gemeente vertrek, is hy in wese ook kerkloos.

Ons kry ook nog ander gevalle van verbreking van die kerklike gemeenskap, wat by implikasie ’n verbreking van die gemeenskap van die geloof beteken. Ons noem die geval van ’n lidmaat wat by huweliksluiting die kerk verlaat. Dit is nodig dat gevra sal word na die eis wat God stel, soos uitgedruk in die Ndl. Geloofsbelydenis (art. 28 en 29) nl. dat ’n mens daartoe geroep is om jou by die suiwere kerk te voeg en dit nie te verlaat nie. In verskillende gevalle van verbreking van die gemeenskap word dan ’n “bewys van lidmaatskap” gevra. Die Sinode van 1936 (art. 99) het besluit om te breek met die gewoonte om ’n bewys van lidmaatskap, en selfs op ’n gedrukte vorm, af te gee aan persone wat die kerklike gemeenskap verbreek.

In 1955 het die Sinode (art. 206, 259) besluit dat geen bewys van lidmaatskap, op grond van art. 82 K.O., binne die kerkverband afgegee kan word nie.

Aangesien die “bewys van lidmaatskap” ’n soort attestasie na ’n ander kerkgroep word, is besluit dat die voorsitter en skriba die opsegging van die kerklike gemeenskap met vermelding van die plek en datum moes erken. Dit is seker korrek dat die skriba aan die persoon wat die

gemeenskap opsê, net 'n uittreksel uit die notule van die kerkraad gee. In die geval van 'n persoon wat die gemeenskap van die kerk verlaat om hom aan die tug te onttrek, sal die uittreksel dit ook vermeld.

Die Sinode van 1958 het, op grond van die teenstrydighede en die besluit van die Sinode van 1955 (vgl. Acta 1958, bl. 136—138), besluit om die vorige sinodebesluite in verband met die sogenaamde bewys van lidmaatskap te herroep en het verklaar dat die saak van lidmaatskap as sodanig by die plaaslike kerkraad tuishoort.

Die normale prosedure sal nou wel wees dat die kerkraad aan 'n persoon wat die gemeenskap verbreek en 'n "bewys van lidmaatskap" vra, per brief sal meedeel dat die kerkraad dit betreur dat hy/sy, wat onder kerklike behandeling (onder tug) is, die kerk verlaat. As hy/sy dan die brief by 'n ander kerkgroep indien, is hulle gewaarsku.

Deur so 'n handeling maak die kerkraad hom aan geen vorm van laster skuldig nie. Hy gee net 'n uittreksel van die notule (waarin die rede van onttrekking staan) aan die betrokke persoon wat [491] tot op daardie datum lidmaat was van die kerk en wat onder die regering van die kerkraad gestaan het.

Dit kom wel voor dat 'n lidmaat vertrek uit die gebied van 'n kerk (gemeente) en weier om sy attestasie aan te vra. In so 'n geval geld die besluit van die Sinode van 1933 (art. 49) dat die kerkraad aan die betrokke lidmaat 'n bepaalde tyd stel vir die aanvra van sy attestasie en as hy in gebreke bly om dit te doen word aan hom kennis gegee dat sy lidmaatskap verval het. Die grond is dat hy reeds sy verband met die kerk deur dié daad verbreek het.

In gedagte moet gehou word dat die geldigheidsduur van 'n attestasie beperk is. Omdat dit 'n getuienis van 'n kerkraad is oor die leer en wandel van 'n lidmaat, is dit net vir 'n beperkte tyd van krag. 'n Onbesproke persoon mag spoedig na daar geattesteer is, in sonde verval. Vroeër, omdat kommunikasiemiddels nog gebrekkig was, het die Sinode van 1891 (art. 32) besluit dat 'n attestasie binne 'n jaar uitgereik moet word.

Daar moet in die lig van omstandighede gehandel word. In die reël behoort 'n attestasie binne die tydperk van drie maande aangevra en ingedien te word. As dit langer duur, moet die kerkraad wat die attestasie ontvang, ondersoek instel of dit 'n geval van nalatigheid, onverskilligheid is en of onvermydelike omstandighede die oorsaak vir die versuim is. Blyk dit egter dat die lidmaat weier om sy attestasie by die kerkraad binne wie se grense hy woon, in te dien, moet bearbeiding geskied, en as hy geen gehoor gee nie, beteken dit dat hy die gemeenskap van die kerk met die daad verbreek het.

5. Saamgee van attestasie.

(a) Die aansoek om 'n attestasie word gedoen deur die betrokke lidmaat (sowel doop- as belydende lidmaat). Sodra 'n lidmaat weet dat hy gaan vertrek en hom buite die grense van die gemeente waarin hy gewoon het, gaan vestig, doen hy by die kerkraad aansoek om 'n attestasie na die kerkraad waarheen hy vertrek, 'n Attestasie geld alleen binne dieselfde kerkverband. Reeds die Sinode van Emden 1571 (art. 43) het bepaal dat mense wat verhuis, alleen op attestasies deur die ander kerk aangeneem sou word. Onder "kerkverband" word ook verstaan kerke met wie engere korrespondensie onderhou word (vgl. Sin. 1964, bl. 370, 3 (2) B. b.). Uit die saamgee van die attestasie, wat die plig van die kerkraad is, volg dat die plaaslike organisasie sodanig moet wees dat die behandeling van 'n aansoek met 'n minimum van tydsverloop sal geskied. Attestasie-aansoeke beklemtoon die [492] noodsaaklikheid dat die kerkraad weekliks in funksie moet wees om die attestasie te kan saamgee. Kerkrade maak hulle skuldig aan

pligsversuim as hulle die afgee van attestasies vertraag: Die prosedure is dan kortliks soos volg: die lidmaat doen aansoek om die attestasie, die kerkraad neem dit in behandeling, daarna volg die afkondiging en uiteindelik word dit deur die kerkraad afgehandel.

(b) Die betekenis van die afkondiging. Daar word seker in baie gevalle te min besef dat die afkondiging van attestasie beteken dat die hele gemeente medeverantwoordelik gestel word vir die getuienis wat deur die kerkraad gegee word. Na die afkondiging rus daar dus op elke lidmaat die roeping om aan die kerkraad te meld as daar sake is wat verhinder dat 'n goeie getuienis oor lewe en leer afgegee sal word. Hier word die beginsel van die Skrif weer na vore gebring, nl. dat gelowiges onderlinge toesig moet hou. Die gemeente moet toesig hou maar daar is allerlei remmende faktore. Lidmate staan dikwels heeltemal vreemd teenoor mekaar; weet van mekaar gedurende die week niks nie; leef by mekaar verby. Die kerkraad moet deur prediking, vermaning, organisering en voorbeeld teen hierdie gees ingaan. In die kerk mag die individualisme, Liberalisme en die gees van: "ek is nie my broeder se hoeder nie", nie geduld word nie. Middels wat aangewend kan word, is bv. wyksbyeenkomste, besoeke aan bure, verwelkoming en besoek aan nuwe intrekkers. In hierdie verband kan alle lidmate saamwerk om die gemeenskapslewe brandend te hou. As 'n kerkraad gemeentelede nie eers ken nie, kan hy nie attesteer nie, en as hy nie *kan* nie, *mag* hy ook nie, anders lieg hy.

(c) Na die afkondiging word die attestasie dan deur die kerkraad afgehandel op sy vergadering. Hier moet dan presies vasgestel word watter getuienis gegee kan word en gegee moet word. Daarna word die attestasie deur twee lede van die kerkraad onderteken, sodat in die mond van twee getuies elke woord kan vasstaan. Vroeër was daar in die artikel voorsiening dat, soos die ou artikel gelui het, dit deur twee onderteken word, "of in geval van attestasies wat onder die seël van die kerk gegee word, deur een". Hier is uitgegaan van die gedagte dat daar 'n seëlbewaarder is. Hy was dan die tweede getuie. By ons kerke het die gedagte heeltemal verdwyn en word die kerkseël nie spesiaal deur iemand bewaar nie, en daarom is die gedeelte tereg by die nuwe formulering weggelaat.

Die tyd wat dit 'n kerkraad, wat weekliks vergader, neem om 'n attestasie uit te reik, behoort dus nie meer as 'n week te duur nie.

Oor lidmate wat hulle attestasies eers aanvra nadat hulle reeds 'n geruime tyd uit die gemeente vertrek het, kan die [493] kerkraad nie meer gunstig rapporteer nie.

(d) Wyse van saamgee van die attestasie.

Die attestasie kan deur die betrokke lidmaat in ontvangs geneem word om dit dan af te gee aan die kerkraad in wie se ressort hy dan sal wees. Dit kan ook aan die kerkraad gepos word. In gevalle van persone wat onder tug is, is dit wenslik dat die attestasie per aangetekende pos gestuur sal word. Die klem by die saamgee moet seker meer op die gelyktydigheid van vertrek en die afgee van die attestasie val as op die saamgee. Daarom is dit pligsversuim as die lidmaat dit nie dadelik aanvra nie, maar dis ook pligsversuim as die kerkraad dit nie dadelik behandel nie.

Soms doen gevalle hulle voor dat 'n kerkraad nie aan 'n spesifieke kerkraad kan attesteer nie, bv. in gevalle waar lidmate emigreer en nie seker is waar hulle kom nie, of in gevalle van studente wat na die buiteland gaan, selfs in gevalle waar lidmate na stede gaan waar 'n hele aantal kerke is. In sulke gevalle sal die attestasie aan 'n ongenoemde kerkraad van 'n bepaalde kerkverband geadresseer word.

Sodra 'n lidmaat sy attestasie indien en dit deur die betrokke kerkraad in ontvangs geneem

is, het die betrokke lidmaat hom daarmee onder die toesig en regering van die betrokke kerkraad geplaas. Die vraag is meermale gestel of ’n kerkraad kan weier om ’n attestasie in ontvangs te neem. Tereg wys Rutgers (*Kerkl. Adviezen II*, 332) daarop dat slegs ’n attestasie wat uitgereik is deur ’n kerk wat buite die kerkverband staan, geweier kan word. Die attestasie wat uitgereik is deur ’n kerkraad in dieselfde kerkverband, kan nie geweier word nie, anders word so ’n lidmaat van die kerk afgesny sonder dat die tugprosedure, wat Christus voorgeskryf het, gevolg is. Die kerkverband bring voorregte maar ook pligte mee. ’n Kerkraad kan wel navraag doen, en as dit nodig blyk, kerklik optree.

As uitsonderinge sou ons kan noem gevalle waar lidmate uit ’n kerk kom wat wel nog in dieselfde kerkverband staan, maar wat dit in werklikheid reeds verbreek het. So vind ons dat die Sinode van Enkhuizen (1618, part vragen, art. 3) vanweë die Remonstrantse gevaar bepaal het dat attestasies, afkomstig van ’n kerkraad met ’n Remonstrantse predikant, nie sonder meer aanvaar sal word nie, maar dat die lidmaat weer opnuut ondersoek sal word.

'n Ander geval van weiering is dié waar die attestasie nie in orde is nie deurdat dit nie aan die vereistes van die K.O. beantwoord nie. In so ’n geval sal die ontvangende kerkraad versoek dat dit eers in orde gebring word.

[494]

6. Saamgee van ’n reisattestasie.

Soms kan ’n lidmaat hom nie vir ’n permanente tydperk onder die toesig van ’n plaaslike kerkraad plaas nie omdat hy “reisend” is; gevolglik is reeds lankal in Nederland van ’n “reisattestasie” met betrekking tot seevaarders gebruik gemaak. In Suid-Afrika het die Sinode van 1964, art. 208, bl. 491) die nodige voorsiening gemaak vir reisattestasies aan lotelinge wat militêre diens doen en wat tydens hulle opleiding op verskillende plekke vir ’n tydjie vertoef. By elke plek waar hulle aandoen, moet die kerkraad waar hulle Woord- en Sakramentsbediening ontvang, die nodige aantekening daarop maak. Dit word dus attestasies van verskillende kerke aan die kerkraad in wie se ressort die persoon permanent woon. Dit kan nooit gebruik word as ’n attestasie waarmee ’n lidmaat van een gemeente na ’n ander vertrek nie. Tewens geld dit net vir ’n bepaalde tydperk.

So ’n reisattestasie is waarskynlik ook die oplossing ingeval ’n emeritus predikant na ’n ander gemeente vertrek, so ook vir professore in die Teologie. ’n Emeritus predikant bly sy lewe lank verbonde aan die kerk waar hy geëmeriteer word. Hy kan nie lidmaat van twee kerke wees nie. Gevolglik kan hy hoogstens ’n reisattestasie ontvang. Reëlmatig moet hy dan die gemeente besoek waar hy geëmeriteer is en aansoek doen om ’n nuwe reisattestasie waarmee hy dan as gas in die ander gemeente vertoef. Dit geld ook vir sy vrou.

7. Kennisgewing van verhuising deur kerkrade aan mekaar.

Dit is baie wenslik dat, vir sover dit moontlik is, kerkrade aan mekaar kennis gee van lidmate wat sonder attestasie verhuis. As die adres in die nuwe kerk bekend is, kan die kerkraad by wie die lidmaat ingetrek het, dadelik die bearbeiding onderneem om die lidmaat op te wek om sy attestasie aan te vra. Dit moet deur die lidmaat aangevra word en nie deur die skriba van die kerkraad nie. Die gebruik wat meermale voorkom, nl. dat die skriba van die kerkraad die aansoek doen, oorlaai hom met werk wat deur die lidmaat self gedoen moet word, en die lidmaat moet sy nalatigheid en onverskilligheid insien en deur eie handeling toon dat hy met dié gees gebreek het.

8. Attestasies by die Instituering van ’n nuwe kerk.

Met die stigting van ’n nuwe kerk (gemeente), of afstigting, het ons te doen met die resultaat van ’n aksie van ’n aantal lidmate wat [495] in oorleg met die kerkraad onder wie hulle ressorteer, tot die instituering van ’n nuwe kerk kom. Die gewone prosedure is dat daar by die kerkraad ’n versoek kom, gewoonlik deur middel van die wykskerkraadslede, om die stigting van ’n nuwe kerk toe te staan. Die kerkraad doen dan allereers die nodige ondersoek, en alles wat daarmee saamhang, om vas te stel of dit die algemene gevoele is. Na die nodige toestemming van die klassis verkry is, vind die stigting plaas onder leiding van die kerkraad onder wie hulle tot op daardie tydstip geressorteer het. Volgens die vooraf opgestelde lys van lidmate wat onder die te stigte gemeente sal ressorteer, hou dié lidmate ’n vergadering om nuwe kerkraadslede te verkies en om hulle in die amp te bevestig. Daarna oorhandig die “ou” kerkraad die lys met die nodige getuienis aan die nuwe kerkraad. Dit is nie die gewone vorm van attestasies nie. Indien daar enkelinge is wat nie met die stigting genoeë neem nie, moet die nuwe kerkraad (indien nodig in oorleg met die vorige) die lidmate bearbei. Bly die lidmate weier, beteken dit dat hulle hul aan die kerklike toesig onttrek. Tereg wys Rutgers (*Kerkl. Adviezen II*, 340) daarop dat hier nie met sensuur gewerk moet word nie, omdat hier nie sprake is van veragting van God en sy Woord nie.

9. Die lidmaatregister (of kerklike indeks).

Om in staat te wees om attestasies uit te reik en op grond van die feit dat elke kerkraad met mense, en wel gelowiges, te doen het, moet ’n deeglike stelsel gevolg word, d.w.s. ’n stelsel wat suiwer, maar ook eenvoudig en prakties is.

In hoofsaak is daar twee stelsels in gebruik. Elkeen het sy voor- en nadele. Ons noem allereers die boekregister waarin al die name alfabeties ingeskryf word met al die besonderhede. Die voordeel is dat dit blywend is met die oog op latere naslaandoeleindes. Die groot nadeel is egter dat dit as gevolg van gedurige wisseling van lidmate onhanteerbaar word. ’n Losblad-register is ’n verbetering op die boek.

Die mees praktiese is egter ’n kaartstelsel waaraan die volgende beginsels ten grondslag lê: ’n alfabetiese lyskaart van belydende lede asook ’n alfabetiese lys van dooplede; ’n genommerde indeks van die wyke volgens besoekpunte, waarvan die ouderling en diaken elk ’n kopie kry; ’n alfabetiese indeks van lidmate wat vertrek het, waarop aangeteken word of dit met attestasie is, ens.

Die lidmaatkaarte moet soveel gegewens moontlik bevat. Verder kan deur middel van kleurkaarte die werk nog vergemaklik word.

Met so ’n stelsel is dit moontlik om, by aanvraag van attestasie, die besonderhede voorhande te hê en die kerkraad kan dadelik [496] handel; op dié wyse word die moontlikheid dat name wat in die register moet verskyn en tog nie daarin is nie tot ’n minimum beperk.

Ons vestig net die aandag daarop dat die Sinode van 1955 (art. 206 en 259, bl. 290—298) die kaartstelsel aanbeveel het by kerkrade.

10. Oor die lidmaat wat in die week op een plek en Sondae op ’n ander plek woon.

Teenswoordig kom dit meermale voor dat studente, werkers, reisigers en andere gedurende die week op een plek en naweke op ’n ander plek vertoef. Op die plek waar hulle in die week woon, kom hulle nooit in die kerk nie. Waar is hulle lidmate en onder watter kerkraad se toesig moet hulle staan? Rutgers (*Kerkl. Adviezen*) beveel aan dat die lidmaat onder die toesig moet staan van die kerkraad by wie hy Sondae verkeer. Daar gebruik hy die sakramente en indien

die kerkraad dit nodig ag, sou hulle die kerkraad by wie so 'n lidmaat gedurende die week vertoef, kon versoek om ook toesig te hou.

ARTIKEL 83

VERTREKKENDE ARMES

Aan armes wat om gegronde redes uit die gemeente vertrek, gee die diakens soveel middele as wat hulle nodig oordeel en oor hulle verdere versorging pleeg hulle oorleg met die diakens van die gemeente waarheen die armes vertrek het.

1. Die geskiedenis van die artikel.

Reeds die Sinode van Emden 1571 (art. 44, 45, 46) het gehandel oor die roeping van die kerk teenoor die vertrekkende armes en oor sekere probleme wat opduik wanneer die omstandigheid ontstaan dat sekere lidmate behoeftig is en die steun van die kerk nodig het. Hierbenewens het die kerk te doen gekry met gevalle waar armes ligvaardig en te maklik van woonplek verander het. Toe die druk te swaar op die kerk geword het, het die sinode dit raadsaam beskou dat afgekondig sal word dat sulke vertrekkende armes elders nie gehelp sal word nie, tensy hulle met attestasie daar aankom. Tegelykertyd moes die bedienaars vasstel wat die rede vir die vertrek was, en as dit nie genoegsaam was nie, moes geen [497] attestasies meegegee word nie. Verder is daar klem op gelê dat kerkrade nie hulle plig moes probeer ontduik deur maar attestasies te gee nie.

Die daaropvolgende sinodes het te doen gekry met die geweldige omvang van armoede wat ontstaan het as gevolg van vervolging, die 80-jarige Oorlog en die ou leenstelsel. Daar word in 1581 deur die sinode besluit dat die bedrag van dié hulp op die attestasie aangeteken moes word. So bly dit tot na die Sinode van Dordtrecht, 1618—1619 en ook daarna. Die Sinode van Utrecht, 1905, het die artikel o.a. so gewysig dat die diakens reisgeld aan die armes moes gee, wat volgens die oordeel van die diakens toereikend sou wees. Ons eie kerkorde het ook tot 1964 gelees: "Die diakens moet aan die armes, wat om gegronde redes vertrek, soveel *reisgeld* meegee as wat na hulle oordeel nodig is ..." Die Sinode van 1964 het dit egter soos volg gestel: "soveel *middele* as wat hulle nodig oordeel". Verder is die gedeelte wat gehandel het oor die waarskuwing dat kerkrade nie te gewillig hulle armes elders moet stuur nie, vervang deur die woorde: "dat verder oorleg gepleeg moet word met die diakens van die kerk waarheen hulle vertrek het, met die oog op die verdere versorging". Hier kom die liefdediens sterk op die voorgrond.

2. Die doel van die artikel.

Hierdie artikel staan in nou verband met die vorige wat handel oor die afgee van attestasies aan vertrekkende lidmate. Dit is eintlik 'n uitbreiding van die vorige, want hier word gehandel oor die roeping met betrekking tot *vertrekkende armes*. Die doel was oorspronklik om te verhoed dat armes rondtrek tussen die verskillende gemeentes met die oog op aalmoese en goedere. Dit is 'n soort bedelary wat vandag nog meermale deur rondlopers, wat nie wil werk nie, beoefen word. In die tweede plek wil die artikel kerkrade verhinder om die armes aan te moedig om elders te gaan probeer woon net om hulle weg te kry; hierdeur word so 'n kerk belas met die versorging van die armes.

Dit staan 'n behoeftige lidmaat vry om te besluit of hy wil trek. Wanneer hy egter aangewys

is op die stoflike hulp van die kerk (gemeente), moet hy ook bereid wees om geestelike raad en hulp van die diakens, wat die diens van die kerk vervul (vgl. art. 25, K.O.), te soek. Die doel van die artikel is om te oorweeg wat in die beste belang van die betrokke arme is en hoe die kerk sy roeping op die beste wyse kan vervul. Keur die diakens die redes nie goed nie en bevind hulle dat so 'n verhuising die versorging van die arme nadelig sal raak, dan gee hulle nie die ondersteuning wat die reis moontlik [498] sal maak nie, maar gaan plaaslik voort met die versorging.

Veral in besondere tye, soos gedurende 'n depressie, is die raadpleging tussen 'n arme wat wil vertrek en die diakens baie nodig. Lidmate wil graag selfonderhoudend wees en dan vertrek hulle sonder raadpleging van die diakens; so word hulle laaste middele vir reisgeld gebruik. Hulle land by die bestemming aan sonder enige middele en dan klop hulle by die kerk aan om hulp as hulle vind dat toestande heeltemal anders is as wat hulle gemeen het. Hierdeur word, in sulke swaar tye, sekere kerke so oorlaai met behoeftiges dat hulle nie die armes behoorlik kan versorg nie. Gevolglik wil die artikel in die besonder reël dat daar 'n getuienis sal wees van die kerk vanwaar die arme vertrek het en 'n skakeling met die kerk waarheen hy gaan. Hierdie skakeling geskied tussen die diakens. Vroeër is sekere gegewens op die attestasie vermeld.

3. Plig van die diakens ten opsigte van vertrekkende armes.

a. Die saamgee van die nodige middele.

Die artikel stel dit sterk dat, as die diakens vind dat daar gegronde redes is vir die vertrek van 'n arme hulle in naam van die kerk die nodige middele moet saamgee. Die diakens moet oordeel wat nodig is. 'n Behoorlike ondersoek is dus nodig. Vroeër het die Kerkorde dit bestempel as *reisgeld,* en tans as *die nodige middele*.

Die beginsel word hier neergelê dat die roeping van die kerk teenoor 'n lidmaat wat behoeftig is, nie eindig op die moment van vertrek nie. Die liefde strek verder, veral daar ons verskillende inrigtings het waarin daar voorsiening gemaak word vir sekere gevalle.

Allereers *weesinrigtings*. Na die Engelse Oorlog, met sy verwoesting en konsentrasiekampe, kom die saak van 'n weeshuis vir kinders "van ons kerk" in behandeling (Sinode, 1904, art. 212). Die Sinode het geadviseer dat weeshuise nie opgerig word nie, tensy dit blyk dat die versorging van wese deur familielede onmoontlik geword het. Tegelykertyd word kerke gewys op die goeie reg om by ander kerke steun te vra.

In aansluiting hierby verklaar die Sinode van 1930 (art. 144) dat die Sinode dit wenslik ag dat weeskinders van ons kerk by privaat families geplaas word en dat 'n skema van georganiseerde gesinsverpleging dwarsdeur ons kerk in die lewe geroep word. Maar tegelykertyd word, uit praktiese oorwegings, aanbeveel dat pogings aangewend sal word om 'n inrigting op te rig.

Die Sinode van 1933 (art. 109, bl. 132) het weer eens die gesinsversorging as ideaal gestel, maar tewens die gedagte van 'n [499] weeshuis genoem: Dit sou egter die verantwoordelikheid van die "Diakonieë van Transvaal" wees. 'n Kommissie word benoem om op die voetspoor van die Algemene Vergadering van die O.V.S. 'n behoorlike skema van gesinsverpleging in die lewe te roep. 'n Breedvoerige rapport dien op die Sinode van 1936 (art. 78). Uit die rapport blyk dit dat die kerke baie swak reageer het op 'n omsendbrief van die kommissie; verder, dat uit Transvaal verskillende antwoorde gemeld het dat slegs in belang van 'n weeshuis gewerk sou word. Daarmee word die beginsel van gesinsverpleging dus op die agtergrond gestel. Die sinode neem onder meer met dank daarvan kennis dat die bou van 'n weeshuis aanstaande was, maar besluit dat hy geen finansiële verantwoordelikheid aanvaar nie. Verder neem die sinode kennis daarvan dat gronde in Pretoria-Oos getransporteer is (op naam van die Kuratorium as Trustees) met die

oog op die oprigting van 'n weeshuis.

Die Sinode van 1945 (art. 15, 148, 154, 194, bl. 20) herroep die besluit van 1933 en benoem deputate vir Diakonale Sake om die weeshuis te beheer. Tans het die sinodale deputate nog beheer oor kerklike diakonale inrigtings. Jaarliks vra hulle kerkrade om verteenwoordigers te benoem om op die plaaslike bestuur te dien maar dit is in stryd met die K.O. wat die verantwoordelikheid op die kerkraad plaas wat dit weer na sy diakens delegeer.

Deurdat wese van verskillende kerke na die weeshuis kom, is dit in die gees van art. 83 dat die nodige middele deur kerkrade voorsien word aan kinders wat uit hulle midde na so 'n inrigting gaan, anders word die verantwoordelikheid vir een kerkraad te swaar. So help die kerkrade om mekaar se laste te dra.

Dieselfde geld ook vir die *tehuise vir oues van dae*. As behoeftige lidmate in sulke inrigtings in oorleg met hulle kerkraad gaan inwoon lê dit op die weg van die kerkraad vanwaar hulle vertrek, om die nodige middele te voorsien.

b. Medewerking van diakens ten opsigte van vertrekkende armes.

Uit bostaande is dit duidelik dat kerke deur middel van hulle diakens oor die verdere versorging die nodige oorleg sal pleeg met die gemeente waarheen armes vertrek het.

Dit lê tewens die groot gedagte vas dat daar binne die kerkverband meer oorleg met mekaar gepleeg kan en moet word. Afgesien van die armes wat uit die midde van 'n sekere gemeente vertrek, is daar meermale in sekere dele van die land of in stede 'n groot saamtrek van minder gegoedes en armes. Sekere kerke het in hulle gebied inrigtings vir blindes, dowes, melaatses, [500] serebraalverlamdes, ens. Die liefde van Christus, soos dit deur die kerk in die diakenamp tot uiting moet kom, behoort meer tot openbaring te kom in 'n gereelde oorlegpleging en hulp.

ARTIKEL 84

GELYKHEID ONDER KERKE EN AMPSDRAERS

> *Geen kerk mag oor ander kerke, geen bedienaar van die Woord oor ander bedienaars van die Woord, geen ouderling oor ander ouderlinge en geen diaken oor ander diakens enige heerskappy voer nie.*

1. Die geskiedenis van die artikel.

In die Franse K.O. wat deur die eerste Sinode van Parys, 1559, aanvaar is, word teenoor die Roomse beskouing die reformatoriese beginsel gestel, nl. dat een kerk nie oor die ander en een bedienaar nie oor die ander bedienaar mag heers nie. In die Nederlandse adviseer die Konvent van Wezel, 1568, (IV 7, 9) reeds dat die wese van die amp alle heerskappy oor mede-bedienaars of oor die kerk uitsluit.

Wanneer die eerste sinode van die gereformeerde kerke van die Nederlande te Emden in 1571 vergader, word in die eerste artikel van die Handelinge gesê: Geen kerk sal oor 'n ander kerk, geen bedienaar van die Woord, geen ouderling of diaken sal oor ander heerskappy voer nie, maar elkeen moet waak teen elke sweem en versoeking om heerskappy te voer. Later is die artikel net verskuif na die slotartikels van die K.O.

2. Die kardinale beginsel in die gereformeerde kerkregering.

Aangesien dit 'n kardinale beginsel van die Reformasie is dat Christus alleen deur middel van sy Woord sy kerk regeer en die ampsdraers net die gesag moet bedien, word in art. 17 K.O. die gelykheid in dienspligte gestel, terwyl artikel 84 die onderlinge gelykheid tussen die kerke en ampsdraers stel. In die gereformeerde kerkregering is daar nie net gelykheid in die ampspligte nie (art. 17), maar ook geen plek vir die oorheersing van een oor die ander nie, soos dit wel by die Roomse, Lutherse en kollegialistiese kerkregeringstelsels voorkom. Artikel 31 van die Nederlandse Geloofsbelydenis lê ook klem op hierdie beginsel met die woorde: "En aangaande die bedienaars van die Woord — in watter plek hulle ook al mag wees — hulle het een en dieselfde mag en gesag, [501] omdat hulle almal dienaars van Jesus Christus is, die enigste algemene Opsiener en die enigste Hoof van die Kerk".

3. Geen heerskappy van mense in die kerk nie.

Die artikel beklemtoon in die eerste plek die beginsel van die selfstandigheid van die plaaslike kerk (vgl. by art. 29, 30, 37 K.O.). Elke geïnstitueerde kerk (gemeente), onder watter volk of nasie ook al, is 'n selfstandige openbaring van die liggaam van Christus. Een kerk kan gevolglik nie as "moederkerk" oor die "dogterkerk" heerskappy voer nie. Die terminologie is aan die gereformeerdere kerkreg vreemd. In die kerk word nie getel, om waardes te bereken nie, maar in die kerk word geweeg in die lig van Gods Woord. Daarom mag getalsterker of finansieel kragtige kerke (gemeentes) nie oor kleinere en behoeftige kerke heers nie.

Dieselfde beginsel van gelykheid wat vir kerke geld, geld ook vir die ampsdraers onderling. Die gereformeerde kerkreg ken nie so iets soos 'n pous, biskop, aartsdiaken, moderator of superintendent nie. Daar is 'n sterk neiging by mense wat nie die skriftuurlike kerkreg bestudeer nie, om die ampsdraers in rangorde in te deel. Die pers nader predikante of deputate oor hulle mening oor 'n sekere saak en maak dit dan wêreldkundig dat dit die kerk (gemeente) of kerkverband se standpunt is. Selfs 'n Gereformeerde kerkraad kan hom deur die opinie van 'n predikant in plaas van deur die Woord van God laat beheers, 'n Ouderling praat soms van "my diaken".

Daar moet dus altyd gelykheid onder die ampsdraers gehandhaaf word, al bly die ampte onderskei. Die verkiesing van 'n diaken tot ouderling is nie 'n bevordering tot 'n hoër amp nie. Die werkkring van die onderskeie ampte verskil, maar in die kerklike diens is daar geen rangorde nie. Veral in die redaksie van die Acta van Emden se Sinode, 1571, kom dit baie sterk na vore dat geen predikant selfs oor 'n ouderling of diaken heerskappy mag voer nie. Hiermee neem die presbiteriale kerkreg beslis stelling in teen die episkopaalse strekking van die Roomse, Lutherse, Anglikaanse, kollegialistiese sektariese en ander kerkregeringstelsels. Hierdie stelsels lei 'n reg tot heerskappy af uit die rangorde van die ampte se waardigheid.

Hoewel dit nie vermeld word nie, geld die gereformeerde beginsel selfs ten opsigte van die verhouding van die ampsdraer(s) tot die gemeentelid of gemeentelede. Dit kom voor dat predikante persoonlik gemeentelede aan hulle wil onderwerp. Die neiging om selfs maar te praat van "ons lidmate", moet vermy word omdat dit *lidmate van Christus* is en "ons" nie die plek van die Koning inneem [502] nie. Christus alleen voer heerskappy oor sy kerk. Die oomblik dat 'n ampsdraer dit wil doen, verhef hy hom teen Christus. Die kerklike mag is *bedienend* en nie *heersend* van aard nie.

Met die erkenning van die beginsel in hierdie artikel val of staan die hele Reformasie. Die reg, die roeping en die vryheid tot Reformasie het hom juis op die beginsel gegrond dat daar nie supremasie mag wees van die een kerk oor die ander, en van die een biskop oor die ander nie

(*Verkl. van de K.O.*, Rutgers de Jong, bl. 55).

ARTIKEL 85

HOUDING OOR MIDDELMATIGE SAKE

In middelmatige dinge moet die buitelandse kerke by wie ander gebruike as by ons in swang is, nie veroordeel word nie.

1 Die geskiedenis van die artikel.

Die eerste spore van hierdie artikel kry ons by die Konvent van Wezel, 15'38 (1.9.11), waar dit gestel word dat die vryheid van die kerke in sake wat werklik middelmatig is, nie aan bande gelê moet word nie. In middelmatige sake staan dit elkeen vry om te doen wat elkeen die beste ag. Onder die middelmatige sake word deur Emden genoem: of by die doop een of drie maal besprenkel sal word; of die doop vóór of na die preek bedien sal word; of die Nagmaal staande, lopende of sittende gebruik sal word; of tydens die Nagmaal gedeeltes uit die Skrif gelees en/of gesing sal word. Sake waaroor die Skrif, die voorbeeld van die apostels of die vaste gebruike in die kerk uitspraak doen, is nie deur die Wezelse Konvent as middelmatig beskou nie.

Die Sinode van Emden, 1571, (art. 69) keur die kniel tydens die gebruik van die Nagmaal af, hoewel dit as middelmatig beskou kan word. Die assosiasie met die Roomse Mis en die simboliek van die hiërargie daarin het daartoe gelei. Nogtans word gesê dat in alle middelmatige dinge geen kerk wat ’n ander gebruik het, verag moet word nie (art. 72). Die Sinode van 's Gravenhage, 1886, het die artikel so bewoord dat dit ook op ander gebruike, as wat reeds genoem was, betrekking het.

2. Bepaling van “middelmatige sake”.

In die oorspronklike teks van die artikel beperk die woord [503] “ritus”, wat gebruik word, reeds die middelmatige dinge tot *seremonies en kerklike gebruike*. Dit gaan dus nie oor die belydenis of regering van die kerk of sedelike lewe nie. Dit gaan slegs oor sake wat in die Skrif glad nie nader bepaal word nie. Maar selfs dan nog is byna geen enkele saak “middelmatig” nie. Wat op een plek as middelmatig beskou mag word, is op ’n ander plek nie middelmatig nie; wat op die een tydstip middelmatig mag wees, is op ’n ander tydstip weer nie middelmatig nie. Ds. Jansen sê tereg in hierdie verband: dinge is adiaphora (middelmatig) wanneer daar geen algemene reël vir alle tye, plekke en persone gegee is nie. Dit beteken volstrek nie dat elke persoon of elke kerk in ’n saak waarvoor die Skrif nie ’n uitdruklike bepaling het nie, na willekeur kan handel nie. Die plaaslike kerk moet ook die sake, met inagneming van plaaslike omstandighede, reël. Daar moet ook rus, vrede en orde in die kerk ten opsigte van die middelmatige dinge wees, maar waar ander gebruike elders bestaan, mag dit nie as ’n grond vir veroordeling gebruik word nie.

3. Die buitelandse kerke mag nie veroordeel word nie.

Die Kerkorde stel vas dat in middelmatige sake die buitelandse kerke nie veroordeel mag word nie.

Wanneer iemand na die buiteland gaan of emigreer, word ongetwyfeld, selfs in Gereformeerde kerke, verskillende dinge aangetref wat vreemd aandoen. Daar mag volkome ooreenstemming wees in die belydenis (al word selfs nie dieselfde belydenissimbole gebruik nie), maar in dinge soos bv. die liturgie, mag dit baie vreemd aandoen. So mag gebruike wat

middelmatig is, in Bantoe-kerke anders wees as in blanke-kerke. In die Republiek mag gebruike anders wees as in Amerika. Dit hou verband met lands- en volksaard, asook met plaaslike omstandighede. Daaroor moet kerke mekaar nie veroordeel nie.

Oor die beginsels behoort die kerke deur middel van engere korrespondensie oorleg te pleeg, saam te werk en die roeping tot eer van God vervul (vgl. art. 51 K.O.). Middelmatige dinge moet nooit struikelblokke word wat roepingsvervulling ten opsigte van wesensbelangrike sake strem of verydel nie.

Rutgers (Diktate uitgegee deur dr. De Jong, bl. 174) wys daarop dat uit die beginsel van hierdie artikel nooit afgelei mag word dat die verhouding tot ander (nie-Gereformeerde) kerke ook ’n middelmatige saak is nie. In die verhouding tot daardie kerke mag nooit gehandel word asof dit nie aankom op verskille nie. En dit geld nie alleen die kerke nie, maar ook die lidmate. Verskille mag nie “genullificeerd” word nie. Dit geld die vraag of [504] aan hulle dienste (Woord en Sakramente) deelgeneem mag word. Volgens hierdie artikel mag dit nie as daar verskil in belydenis en kerkinrigting is. Deur deelname sou te kenne gegee word dat dit maar ’n middelmatige saak is. Deur sulke deelname word die standpunt van die eie kerk verswak en word die ander in die verkeerde standpunt gesterk. Tewens word die indruk geskep dat die Gereformeerdes dit nie so streng neem met hulle beginsels nie. Daarom moet altyd gewaak word teen verwatering of verloëning van die beginsel.

ARTIKEL 86

WYSIGING VAN KERKORDE

> *Hierdie artikels wat betrekking het op die wettige orde van die kerk, is so opgestel en aangeneem met algemene stemme dat hulle, as die belang van die kerk dit anders vereis, verander, vermeerder of verminder kan word en behoort te word. Geen besondere kerk, klassis of sinode het egter die reg om dit te doen nie, maar hulle moet hul daarop toelê om dit te onderhou totdat die algemene of nasionale sinode anders verorden.*

1. Die aanvaarding van die K.O.

Hierdie artikel stel die feit voorop dat die Kerkorde as die wettige orde van die kerk aanvaar is. Hiermee word aangesluit by die eerste artikel wat oor die onderhouding van die goeie orde in die kerk handel, terwyl die laaste artikel op die artikels wys wat betrekking op die wettige orde van die kerk het.

Elke kerk is ’n selfstandige openbaring van die liggaam van Christus, maar dit staan nie alleen nie. Kerke wat dieselfde dierbare geloof verkry het, staan daardeur as gelowiges langs mekaar en bymekaar om mekaar te help om die roeping tot die eer van God te vervul. Daar is baie sake wat hulle saam met mekaar moet doen. Dit is dan ook verstaanbaar dat die kerke van dieselfde belydenis reeds op die *eerste* sinode, nl. dié van Emden, 1571, deur middel van hulle gedeputeerdes begin om ’n grondslag te kry vir saamwerking sodat in behoorlike kerkverband saamgewerk kon word. Hier kry ons dan die eerste formulering van ’n kerkorde. Dit is die betekenis van die Kerkorde: dit is die wettige ooreenkoms, die duidelike afspraak deur die kerke, waarop die kerke in kerkverband met mekaar saamlewe, ’n ooreenkoms gegrond op die [505] Skrif en die eenheid in belydenis. Die deputate van die kerke word deur hul geloofsbrief (kredensiebrief) dan ook gebind aan die Belydenisskrifte en die Kerkorde, en in die openlike

verklaring word die gedeputeerdes weer eens gebind aan die Belydenisskrifte, die liturgie van die kerke en Kerkorde. Tewens word met die lees van die openlike verklaring aan die begin van die sinode die begeerte uitgespreek om met alle kerke, wat dieselfde dierbare geloof verkry het, in die innigste broederlike gemeenskap te leef.

2. Die beginsel van algemene stemme.

Die Nederlandse Kerkorde-artikel het in plaas van "algemene stemme" die woorde: "gemeen accord". Dit staan reeds in die Acta van die Sinode van Emden, 1571, (art. 53). Hierdie woorde laat die klem duideliker val op die ooreenkoms wat deur die kerke gesluit is. Op 'n sinode kom nie persone saam nie, soos bv. in 'n parlement nie, maar wel *kerke* deur middel van hulle wettige gedeputeerdes. Die afgevaardigdes beredeneer elke saak en kom eindelik tot 'n beslissing. Meermale is daar 'n meerderheid en 'n minderheid. Nadat die saak gekeur (beslis) is, kan dit weer gestel word met die versoek dat dit met algemene stemme (gemeen akkord) aanvaar word. Hierop moet die nadruk val. Dit is nodig dat dit 'n Kerkorde vir alle kerke sal wees. Die een kerk kan die ander nie dwing nie. 'n Kerkorde wat vir al die kerke moet geld, moet ook deur al die kerke aanvaar word. Die beginsel in die kerke is dat die minderheid hom altyd neerlê by die meerderheid en so word 'n beginselsaak met algemene stemme beslis, behalwe wanneer die regte onder art. 31 uitgeoefen word.

Wanneer 'n kerk (deur middel van sy afgevaardigdes) egter sou weier om 'n kerkordelike bepaling te onderskryf, verwerp hy 'n bepaling in die ooreenkoms tot kerkverband en tree de facto uit die kerkverband. Indien die kerkraad by die standpunt bly staan en dus met die daad buite die kerkverband gaan staan, terwyl 'n aantal lidmate wel in die kerkverband wens te bly, beteken dit dat hulle met behulp van die meerdere vergadering weer tot kerk-instituering moet kom en dan kan hulle aanspraak maak op die kerklike eiendomme op grond van die feit dat hulle die wettige voortsetting is van die kerk in die wettige kerkverband.

Dit is derhalwe duidelik dat kerkregtelike ooreenkoms nie anders as deur algemene stemme van al die kerke in kerkverband (soos in die K.O. omskryf) bestaan nie. Nogtans kan enige kerk by 'n volgende samekoms met die ander kerke voorstel dat die ooreenkoms (Kerkorde) op 'n bepaalde punt hersien en gewysig word (art. 46 K.O.).

[506]

3. Wysiging van die Kerkorde.

Die artikels van die Kerkorde staan egter nie op een lyn met die Heilige Skrif nie. Die Gereformeerdes het nooit aan die kerk 'n soort onfeilbaarheid toegeken nie. Selfs die Belydenis en Kategismus moet aan die Skrif getoets word, so ook die Kerkorde. Daar kan dus wysiginge aangebring word. Sekere beginsels in die Kerkorde kom direk uit die Skrif en kan en mag daarom nie verander word nie, maar daar is verskillende artikels wat nie in die Skrif omskryf word nie en wat aan die vryheid van die kerke oorgelaat is. Hierdie bepalinge wat nie direk uit die Skrif kom nie, het wel nie *Goddelike gesag nie* (soos die Bybel), maar wel *kerklike gesag*. Dit mag deur geen lidmaat of kerkraad sommer geïgnoreer word nie.

Wysiging van die Kerkorde kan alleen oorweeg word as die *belang van die kerk* dit vereis. Die grond, motief of maatstaf, as dit tot wysiging kom, is altyd die belang van die kerke. Hierdeur word alle willekeur, plaaslike of persoonlike belang uitgeskakel.

Dit is opmerklik hoe konstant die Kerkorde vanaf die begin tot vandag toe gebly het. Die wysiginge is gewoonlik by artikels van minder belang aangebring. Daarna het dit meermale gebeur dat later bewys is dat die oorspronklike redaksie die betere was. Daarom moet met groot

versigtigheid en omsigtigheid gehandel word wanneer ’n verandering van die Kerkorde voorgestel word. Alleen as die belang van die kerk van die Here dit noodsaaklik maak, moet so ’n verandering aangebring word.

'n Verandering van die Kerkorde moet weer in ’n samekoms van *al* die kerke in nasionale of algemene sinode (vgl. by art. 50, 51 K.O.) geskied. In die samekomste waar minder kerke saamkom (kerkraad, klassis, partikuliere sinode), mag die behoefte aan verandering beoordeel word met die oog daarop om — indien dit verdienstelik bevind word — dit in ’n algemene sinode voor te stel. Die verandering moet egter uiteindelik deur die nasionale of algemene sinode aangebring word, omdat minder kerke, in klassis of part. sinode byeen, nie ’n ooreenkoms wat meer kerke in ’n algemene sinode aangegaan het, kan wysig nie. Die Kerkorde het selfs op internasionale gebied betekenis en by die bepaling van kerklike korrespondensie. Dit is baie wenslik dat ’n algemene sinode hom rustig en deeglik sal besin aleer ’n wysiging van die Kerkorde aangebring word. Hier geld die gedagte: “festina lente” (haas jou langsaam), omdat die hegtheid van die kerkverband deur die ooreenkoms in die Kerkorde beïnvloed word.

[507]

4. Gebondenheid aan die Kerkorde.

Elke kerk (gemeente) in die Gereformeerde kerkverband is verplig om die aanvaarde kerkorde te onderhou. Daar word baie sterk in die Kerkorde beklemtoon dat die kerke met mekaar ooreengekom het om hulle daarop toe te lê om die Kerkorde te onderhou.

Met die oog hierop sal die Kerkorde deeglik bestudeer, die gees en karakter daarvan gepeil en die kennis, veral deur die ampsdraers, versprei moet word.

Die Kerkorde is nie ’n wetboek nie. Elke burgerlike wet moet stiptelik en letterlik geëerbiedig word. Daarom sal daar in ’n wetboek ook nie gevind word dat gesê word dat ’n mens hom moet *toelê* op die onderhouding nie. Dit is by die landswette ’n moet. In die Kerkorde is die woord “toelê” opsetlik en baie goed gekies. Ons kerk het nie ’n letterlike, formalistiese opvatting van slaafse onderdanigheid nie. Dit kry ons by kerke met ’n wetboek, waar die kerke verplig is om die wette letterlik te hou (Roomse, Episkopaalse en Kollegialistiese kerke). In die Gereformeerde kerke is die moontlikheid gelaat dat nou en dan, hier of daar (in minder belangrike sake) enigsins afgewyk kan word. Daar mag soms omstandighede en situasies voorkom, waarin ’n bepaling nie letterlik nagekom kan word nie. Derhalwe het sinodes al die uitvoering van sommige bepalinge aan die vryheid van die kerke oorgelaat, bv. art. 27 K.O. en die tydsbepaling by art. 41, 44. Die Kerkorde wil nie in middelmatige sake die gewetens bind nie. Wanneer ’n kerkraad egter eiemagtige sekere bepalings van die Kerkorde minag, neem hy ’n independistiese houding in, waardeur die kerkverband verbreek word. Ook by die afwyking van ’n bepaling moet dit nog gaan om die belang van die kerke en om die handhawing van goeie orde. Bo alles gaan dit om die eer van God en die heil van die kerk van die Here.

REGISTER

Let wel: In hierdie register dui die bladsynommers die *oorspronklike* bladsynommers aan. In die voorgaande teks word dit so aangedui: [nnn].

A

Aangenome kinders. Doop van — 346-347.
Aanklag teen lidmate 437-439; vereistes vir — teen ampsdraers 467-468.
Aansluiting met attestasie 372; voorwaardes en prosedure by — uit ander kerkgroepe 373-374.
Acta 217-219.
Advies. — van naburige kerkrade is nodig by verskil in die kerkraad oor publieke versoening 446-447; by die skorsing en afsetting van ouderlinge en diakens 469-470; by die skorsing van bedienaars van die Woord 470.
— van die klassis is nodig by die beroeping van 'n bedienaar 60, 68; voor die toepassing van die tweede trap van sensuur 457-459; by kerkstigting 241, 245; by kerkontbinding 242; by beroepaanvaarding 88; by tydelike onderbreking van die diens (art. 12 K.O.) 107-108.
— van die deputate van die partikuliere sinode saam met die klassis by verbreking van die band tussen gemeente en predikant (art. 11 K.O.) 95-96; by oorgaan tot 'n ander staat van die lewe (art. 12 K.O.) 99-100; by emeritering (art. 13 K.O.) 101-102; by die peremptoir-eksamen 61-62; afsetting van bedienaars van die Woord 474-475.
Adviserende stem. Predikante wat nie afgevaardig is nie en professore in die teologie het — op meerdere vergaderings 267; verkiesing van persoon met — tot lid van die moderamen 267-268; — van ander persone 268.
Afgesnedenes. Doop van kinders van — 446.
Afgevaardigdes na meerdere vergaderings 209-210; wie vaardig af 210-211; vergadering waarheen afgevaardig word 211; opdragte aan — 213-214; wanneer nie — keurstem het nie 215; waaraan — keurstem ontleen 216-217.
Afhouding van die sakramente: sien *kerklike tug*.
Afkondiging aan die gemeente. Die betekenis van die — by aflegging van belydenis van die geloof 370— 371; by aansluiting uit ander kerke 375; by aansluiting met attestasie 372-373; vertrek met attestasie 492-493; by die trappe van sensuur 455-456; by die weeropneming 463; by skorsing en afsetting van ampsdraers 475. (Sien ook *Approbasie)*.
Afsetting. betekenis van — van ampsdraers 471; — van ouderlinge en diakens geskied deur 'n gekombineerde kerkraadsvergadering 471— 472; — van bedienaars van die Woord geskied deur die klassis met deputate van die part. sinode 473— 474; herstel van afgesette ampsdraers 479-482.
Afskeiding van 1834: 31-32.
Afsnyding. Sien *kerklike tug*.
Afstigting. Prosedure by — 243-244; akte van — 244-245; nie aansluiting met attestasies by — 494. Sien ook *Kerkstigting*.
Afvaardiging na meerdere vergaderings 260-263, 265-266, 293.
Agenda van kerkraadsvergaderings 235; — van meerdere vergaderings 214-215.
Akkoord. Belydenis en Kerkorde as — van kerklike gemeenskap 12, 329, 351.
Akte. — van ontslag by losmaking 70-71; by bevestiging 88-89; — van afstigting 244-245.
Amp. Die ampte is instrumente van Christus 17-18; ontstaan van die — 17; terrein 18; soorte 17-18, 47; gesag van die — is aan Christus ontleen 18; begripsbepaling 47, 113-114; karakter van die — 47-48; roeping tot die — 52, 143; ontheffing van die roeping tot die — berus by die

kerkraad 143.
Ampsdraers beskik slegs oor bedienende mag 427.
I. *Die verkiesing van ampsdraers:* Bedienaars van die Woord 57-60; ouderlinge 137-142; diakens 151-152; professore in die teologie 125-126. Sien *Verkiesing*.
II. *Gelykheid tussen ampsdraers:* Verhouding van art. 17 tot art. 84 K.O. 119-120; gelykheid in dienspligte 121-122; gelykheid tussen — kardinale beginsel in Gereformeerde kerkregering 500-501; geen hiërargie 501-502.
III. *Tug oor ampsdraers:* Die — gaan die gewone tugprosedure (art. 71-79 K.O.) vooraf 466; die karakter van die tugwaardige sondes by — 466-467; gronde vir — 476-479; die skorsingsreg berus primêr by die kerkraad 467; voorlopige skorsing 468-469; meerdere advies by — noodsaaklik 469-471; skorsing of afsetting van ouderlinge en diakens 471-472; betekenis van die skorsing 471; betekenis van die afsetting 471; skorsing van bedienaars 472; afsetting van bedienaars berus by die klassis en deputate van die part. sinode 473-474; moontlike herstel van geskorste of afgesette ampsdraers 479-482; versorging van 'n geskorste bedienaar 472.
Ampseer. Gelykheid in — 122.
Ampsgewaad. Geen — 118.
Ampsneerlegging. Beginsel van lewenslange diens by bedienaars 96 —97; geen bedienaar mag die amp eiewillig neerlê nie 97-98; eervolle ontslag is moontlik 98-99; weg waarlangs eervolle ontheffing van die amp moontlik is 99-100; eventuele terugkeer tot die amp 100; — by ouderlinge en diakens 164, 477-478.
Ampswerk.
I. *Ampswerk van bedienaars van die Woord:* beginsel van lewenslange diens 96-97; begripsbepalings 113-114; — bestaan in die bediening van die Woord en gebede 114-115 en Sakramente 116; katkisasie as — 114; huweliksbevestiging as — 114; huis- en siekebesoek as — 115; regering en tug saam met die ouderlinge as — 116-117; gebruikmaak van hulpdienste 117-118.
II. *Ampswerk van die ouderlinge:* — bestaan in regering en tug 144-146; toesig oor mede-ampsdraers 147; huisbesoek 147-149 (vgl. verder by *Huisbesoek);* taak van ouderlinge buite die kerk 149-150.
III. *Ampswerk van die diakens:* Die karakter van die — 153-154; voorkoming van armoede as — 154; insameling van die liefdesgawes as — 154-156; objekte van hulle diens 156-157; die uitdeel van die gawes 157-158; besoek aan die armes 158; beheer en verantwoordelikheid van die diakonale fondse 158-159; by beleidsake beslis diekerkraad 159; geen regstreekse korrespondensie tussen diakonieë 162-163.
IV. *Dienspligte van die professore in die Teologie:* Begripsbepaling 47; opleiding van die bedienaars van die Woord 127-128; uiteensetting van die ware leer 128; verdediging van die suiwere leer teen ketterye en dwalinge 128.
Appèl. Die moontlike feilbaarheid van kerkelike besluite maak — moontlik 194-195; gronde vir — 197-199; tot watter vergadering geappelleer word 198-199; wyse van — 199-201; behandeling van — 201-202; behandeling van — in tugsake 202; vorm waarin — ingedien moet word 203; wanneer die — gehandhaaf word 203-204; geldigheid van 'n besluit wanneer — daarteen hangende is 204-205; wanneer 'n — afgewys word 205.
Approbasie is die reg en plig van die plaaslike gemeente 62-63, 70; — van beroepe 62-63; — by verkiesing van ouderlinge en diakens 142-143; — van dubbeltal of dubbelgetal voor verkiesing 137-138; — by aflegging van belydenis van geloof 370-371; — by aansluiting en vertrek met attestasies 372-373, 492-493; — by opneming in die kerk 375; — by die trappe van sensuur

455-456; — by die weeropneming 463; — by skorsing en afsetting van ampsdraers 475.
Argief 280-281.
Armes: vertrekkende 497-498; plig van die diakens t.o.v. — 498-499; onderlinge samewerking tussen die kerke by — 499-500; versorging van — buite die diakonie om 161-162. Sien ook *Diakens*.
Attestasies. Beginsel van — is gegrond in die Skrif 488; — word uitgereik aan sowel belydende as dooplidmate 488; — is geen bewys van lidmaatskap 372; — is noodsaaklik vir die toelating tot die Nagmaal 372-373; aankomelinge sonder — 372; geen — by verbreking van die kerkverband nie 490-491; aanvra van — 491; saamgee van — 491-493; betekenis van die afkondiging aan die gemeente insake — 492; reisattestasies 494; geen — by instituering van nuwe kerk 494-495; — by losmaking van bedienaar 71.

B

Ban. Sien by *kerklike tug*.
Barmhartigheidsinrigtings. Versorging van hulpbehoewendes in — 498-500; Staatsondersteuning vir — 161, 162.
Bedienaars van die Woord (Sien ook *beroep, beroepbaarstelling, beroeping, bevestiging, roeping* en tug oor *ampsdraers*). Die amp van — 49, 113-114 (sien ook *Ampswerk* van —); begripsbepaling van amp van — 47; — is gebonde aan die plaaslike kerk 75 (sien ook *Missionêre leraars* en *ontslag volgens art*. 11 K.O.); die kerke is verplig tot behoorlike onderhoud van die — 89-93 (sien verder *Versorging*); — is lewenslank aan die diens verbonde 96-97 (sien verder *Ampsneerlegging*).
Begrafnis. Die afskaffing van lykpredikasies 304-306; — geen kerkdiens 396; — is 'n familieaangeleentheid 396-397.
Bekers by die Nagmaal 379-381.
Belydenis. Aanvaarding van die Drie Formuliere van Eenheid as kerklike — 329-330; die kerkverband is gegrond op die — en K.O. 329, 332; die — as akkoord van kerklike gemeenskap 329, 331; onderskrywing en ondertekening van die — deur ampsdraers 330, 332; die noodsaaklikheid van die — 331; die gesag van die — skrifte 332; die binding aan die — deur die ampsdraers 332-333; optrede van die ampsdraer of lidmaat in die geval van twyfel aan die — 333-334; optrede van die kerk of kerke in die geval van eventuele twyfel aan die — 334, 335-336; optrede van die kerkraad by weiering om die — te onderskryf of te onderteken 335-336.
Belydenis van geloof. Aflegging van — as voorwaarde vir die gebruik van die Nagmaal 336-337; betekenis van die aflegging van — 367-378; — en volle kerklike lidmaatskap 367-368; voorbereiding tot en aflegging van — 368-369; vereistes vir die aflegging van — 369-370; metode van ondersoek met die oog op aflegging van — 370-371; wyse van aflegging van — 371; volwasse-doop en — 360.
Beroep. Die approbasie van die — deur die gemeente wat beroep het 62-63, 70; kerkraad met diakens — nadat advies van die gemeente ingewin is 58-59, 87; goedkeuring van die plaaslike kerk moet verkry word by aanvaarding van 'n — 87; oorweging van die redes by aanvaarding van 'n — 87-88; die toestemming van die klassis by uitbring en aanvaarding van beroep is noodsaaklik 60, 63, 88; — van veldpredikers 73-74; geldigheid van 'n — na onsuksesvolle peremptoir-eksamen 62; die — van 'n ontslane bedienaar (volgens art. 11 K.O.) 96; kombinasieberoepe 69-70.
Beroepbaarheid van proponente en predikante uit kerke met wie enger korrespondensie gehou word 57; — van predikante wat volgens art. 11 K.O. losmaking ontvang het 96.
Beroepbaarstelling.

I. *Teologiese kandidate*. — word beroepbaar gestel na suksesvolle aflegging van die preparatoir-eksamen 54-56; afneem van preparatoir-eksamen berus by die klassis uit wie se ressort die kandidaat afkomstig is 55, 56; as oorgangsmaatreël neem part. sinode voorlopig nog hier die eksamen af 55; — offisiële daad van kerkregering 56.
II. *Kandidate en proponente uit erkende Gereformeerde Kerke*. Proponente uit kerke met wie enger korrespondensie gehou word, is onderhewig aan 'n broederlike onderhoud 57; kandidate uit sodanige kerke moet preparatoir-eksamen aflê 57.
III. *Kandidate of proponente uit ander kerke* met wie nie engere korrespondensie onderhou word nie is onderhewig aan die preparatoir-eksamen 57; inhoud van hierdie eksamen 57.
IV. *Predikers uit ander kerke of sektes* kan beroepbaar gestel word 84; groot versigtigheid moet betrag word 84; ondersoek deur die part. sinode na ontvangs van aansoek om — 85; voorlopige preparatoir-eksamen en proeftydperk 85; die eintlike preparatoir-eksamen 85-86.
V. *Blindes*. — van blindes 82-83.
VI. *Nie gestudeerdes*. — van nie-gestudeerdes is moontlik volgens art. 8 K.O. 77-78; vereistes van buitengewone gawes 78-79; die prosedure wat by — gevolg word 79-81; versigtigheid by toelating 81.

Beroeping.
I. *Verkiesing*. Verkiesing gaan beroeping vooraf 57-58; kerkraad met diakens neem die leiding 58; die gemeente adviseer i.s. die beroeping deur die verkiesing 58; die reëling van die verkiesing 59; die stemgeregtigdes 59; verkiesing in kerke met slegs een predikant 59-60.
II. *Beroeping van proponente*. Die peremptoir-eksamen gaan bevestiging vooraf 60; die inhoud van hierdie eksamen 60-61; word afgeneem deur die klassis in wie se ressort die beroep aanvaar is 61; advies van die part. sinodale deputate by hierdie eksamen 61-62; die geldigheid van 'n beroep na onsuksesvolle eksamen 62.
III. *Diens doende predikante*. Beroeping van diensdoende predikante is geoorloof 65-66; uitlok van beroep of belofte van kant van kerkraad foutief 66; — van predikante wat kort in 'n gemeente is, is nie wenslik nie 66; tydperk van oorweging 66.
IV. — *van buite die kerkverband*. — van predikante uit kerke met wie engere korrespondensie gehou word, is geoorloof 67; sodanige predikante onderhewig aan ondersoek en/of broederlike onderhoud 67-68.
V. *Predikante vir beskermhere of gestigte* is gebonde aan 'n wettige beroeping en bevestiging 71-72, en aan die plaaslike kerk 72-73.
VI. *Approbasie* van die beroeping gaan bevestiging vooraf 62-63.

Beslissende stem 223.

Besluite: van kerklike vergaderings. Die geldigheid van — 191-192; — geskied deur algemene stemme 192-193, 505; die konformasie van die minderheid met die — 193-194; die weerhou van die stem by — 193; beperking en bevoegdheid van die meerderheidstem by — 194; — geskied deur gemeen akkoord 192, 194, 505; — is feilbaar 194-195; — moet getoets word aan die Skrif, Belydenis en Kerkorde 192, 195; ratifikasie van — 195-196; die uitvoer van — wanneer appèl daarteen hangende is 204 v.v.; oorweging van verandering van — 282-284; die nagaan van vorige — 284-285; gravamen teen — 285-289; herroeping van vorige — 289.

Besoldiging van ouderlinge en kerklike werknemers 150.

Beswaarskrifte moet getoets word aan die Skrif, Belydenis en Kerkorde 192, 195; prosedure wat gevolg moet word by die indiening van — 285-288; waarteen — gerig word 285-286; op watter

vergadering 'n beswaarskrif moet dien 286-287; die taak van die mindere vergaderings t.o.v. — teen besluite van meerdere vergaderings 288.
Bevestiging. Taak van die klassikale deputate by die — van bedienaars van die Woord 63; die — geskied publiek in die gemeente 63-64, 70; die kontrolering van die nodige stukke by die — 70-71; die — van ouderlinge en diakens 143-144; die onderskrywing en ondertekening van die Belydenis by die — 330-331; geen — as geweier word om die Belydenis te onderskryf 335; predikant vir beskermheer of gestigte is gebonde aan 'n wettige beroeping en — 71-72.
Bewys van lidmaatskap 372, 374, 375, 490-491.
Biddae. Die geskiedenis van die kerklike — 397-398; die karakter van die kerklike — 398, 400; foutiewelike gebruik van art. 66 K.O. 400; vasgestelde — 399-400; leidende beginsels by die uitskryf van — 400-401; die uitskryf van — 401; samewerking met ander kerkgroepe 401-402; samewerking met die owerheid 402.
Blindes. Toelating van blindes as bedienaars van die Woord 82-83.
Boekesensuur 336-338.
Breëkerkraad bestaan uit ouderlinge saam met die diakens 238-239; taak van die — 237, 238-239; vergadering van die — is 'n vertroulike vergadering 236; die — Art. 30 N.G.B. 232-233. Vir die werksaamhede van die — sien by artt. 4, 5, 10, 12, 13, 14, 17, 20, 22, 24, 52 en 79 K.O.
Buitelandse kerke mag nie veroordeel word nie 503-504. Sien ook *Kerklike korrespondensie*.

C

Censura morum. Sien *Onderlinge sensuur*.
Christelike onderwys 132-136.

D

Datums by losmaking en bevestiging van predikante 89; — van geboorte en doop in die doopregisters 362.
Deputate. — van korrespondensie 280; — geen tussentydse besture 299; — beskik slegs oor uitvoerende mag 299, 302; — beskik nie oor dieselfde mag en bevoegdheid as afgevaardigdes nie 299; die bevoegdheid van — 304; — vervul geen amptelike funksie nie 300; die verkiesing van — 300; kontinuïteit van — 300-301; die wyse van benoeming van — 301; — kan alleen deur die vergadering wat benoem, onthef word 301; afsonderlike groepe — om hiërargie te voorkom 302; die taak van die klassikale deputate by die losmaking en bevestiging van predikante 63, 70-71; die konsulent as klassis-deputaat 69; die taak van die klas-sis — by afstigting 243-244; die benoeming van part. sinodale — met die oog op art. 4, 11, 12, 13 en 79 K.O. 303-304; *part. sinodale deputate:* by aflegging van peremptoir-eksamen 61-62; by losmaking van predikante volgens art. 11 K.O. 95-96; by ampsneerlegging deur predikante 98, 100; by emeritering 102; by die afsetting van predikante 474-475; *besondere deputate-groepe:* die kuratorium 305-306; die kieskollege 306-307.
Diakens. Instelling van die amp van — 49-50; ruimer siening oor die taak van die — 254-256; die karakter van die amp van die — 153-154; wie verkiesbaar is as — 151-152; die verkiesing van — 152; bevestiging van — met handoplegging? 143-144; voorkoming van armoede as taak van die — 154; die insameling van die liefdesgawes 154-156; foutiewe wyse van insameling 155; objekte van die diens van die — 156-157; verdeling van die gawes deur die — 157-158; diakonale huisbesoek 158; beheer en verantwoordelikheid van die fondse 158-159; beleidsprobleme by die — 159; versorging van lidmate buite die — om 161-162; taak van die — t.o.v. vertrekkende armes 498-499; oorlegpleging met ander instansies deur die — 160-161; onderlinge medewerking tussen die — t.o.v. barmhartigheidsinrigtings 498-499; geen

regstreekse korrespondensie tussen diakonieë nie 162-163; die kerkraad reël die diens-tyd van die — 164-165; diakens op meerdere vergaderings 258; — as hulp-ouderlinge by klein kerkrade 245-246; vergaderings van die ou-derlinge saam met die — 58, 92, 139, 254-256, 467, 484; hulpdiens van die — by die Nagmaal 394; — en staatsteun 161; skorsing en af setting van — 471-472; moontlikheid van herstel van geskorste of afgesette — 481; — op meerdere vergaderings 258.

Diakonale konferensies 257-258.

Diakonale vergaderings. Die tyd van die — 256; die inkleding van die — 256-257; die toesig van die predikant by die — 257.

Diakonesse 152.

Dienste. Soorte — 47; begripsbepaling 47; karakter van die kerklike — 47-48; verdeling van die — 48; die diens van ouderlingskap 49; die diens van bedienaar van die Woord 49; die diens van diakenskap 49-50; die diens van professore in die Teologie 50; hulpdiens 50-51. Sien ook *Ampswerk*.

Diensonderbreking. Tydelik — moontlik 106; redes vir — 106-107; bewilliging van die kerkraad en advies van die klassis nodig by — 107-108; beoordeling van die redes vir — 108-109; tydperk van — 109; versorging tydens — 109; die band tussen predikant en gemeente bly gehandhaaf tydens — 109-110.

Diensverlating. Eiemagtige neerlegging van die amp is troulose — 97-98, 477-478; oorgang tot 'n ander staat van die lewe is moontlik 98-99; weg waarlangs predikant ontslag uit die amp kan kry 99-100.

Doop.

I. *Kinderdoop*. Grond vir — 341; die doop van kinders waarvan die ouers aan 'n ander Geref. Kerk behoort 344; — van kinders waarvan net een van die ouers aan die Geref. kerk behoort 344-345; — van kinders waarvan die ouers aan ander kerke behoort 345-346; die — van kinders van afgesnedenes 446; — van aangenome kinders 346-347; — van kinders van onverskillige ouers 346; — van onegte kinders 346; — van vondeling- en heidenkinders 346-347; — van kinders in inrigtings 347-348; — van kinders waarvan die ouers onder sensuur verkeer 348; — van kinders by ander kerke of sektes 348; formulier vir — van kinders 356-357; leeftydsgrens tussen kinderdoop en volwassedoop 358-359; aanvra van die — ouers of voogde 350, 352-354; die verbondsouers 352-353; voogde by die — 353-354; die taak van die bedienaar by die — 351; gebruik van doopgetuies by die — 350-351.

— *Doopbediening*. Die — geskied in 'n erediens 341-342; word bedien deur bedienaar 342; huisdoop 342; nooddoop 342; tyd van die — is “so spoedig moontlik" 342-344; wyse van — 348-349; taak van verbondsouer by die — 352-353; taak van voogde by die — 353-354; gebruik van die familienaam by die — 364; erkenning van die — van anders gesindes 349; die gebruik van die woord “amen" net na die — 355.

III. *Volwassedoop*. Betekenis van die — is toetrede tot belydenisgemeenskap 360; diegene wat as volwassenes gedoop word is geroepe om die Nagmaal te gebruik 360-361; — en aflegging van belydenis van geloof 357; leeftydgrens tussen kinder- en — 358-359.

Doopformuliere. Betekenis van die — 355; gebondenheid aan die — 354-356; die vasstelling van die — 356; die inhoud van die — vir die doop van kinders 356-357; die inhoud van die — vir die doop van volwassenes 357-358.

Doopgetuies 350-351.

Dooplidmate. — is onderworpe aan die kerklike tug 430-432; by — geen afhouding van die sakramente 451; — en die groot ban 456-457; — beskik nie oor kerklike stemreg nie 140; —

beskik oor approbasiereg 62.
Doopregisters. Inhoud van die — 361; name van die kinders en ouers of voogde 362; datums van geboorte en doop 362; doopgelde 362; naamsverandering in die — 364-365.
Doopregistrasie 361.
Doopsondae 343-344.
Dordtse Kerkorde in S.A. tydens die tyd van die Kompanjie 36-37; deur die Geref. Kerke in S.A. aanvaar 39-40.
Dubbelgetal of dubbeltal by verkiesing van ampsdraers 138-140.

E

Egskeiding. Gronde vir — 419.
Eksamen.
I. *Kandidaatseksamen* word afgeneem deur die kuratore 55.
II. *Preparatoir-eksamen*. — berus by die klassis uit wie se ressort die kandidaat afkomstig was 55-56; as oorgangsmaatreël neem die part. sinode voorlopig nog die — af 55-56; inhoud van die — 55; kandidate uit erkende Gereformeerde Kerke is ook onderworpe aan die — 57; proponente uit kerke met wie nie engere korrespondensie onderhou word nie, moet die — aflê 57.
III. *Peremptoir-eksamen*. — gee wettige toelating tot die diens van die Woord 60; die inhoud van die — 60-61; — word afgeneem deur die klassis in wie se ressort 'n beroep aanvaar is 61; die medewerking van die part. sinodale deputate 61-62; geen toelating by staking van stemme 62; alle proponente uit ander kerke onderworpe aan die — 57; die geldigheid van die beroeping na onsuksesvolle — 62.
Ekumeniese Sinode 180-182; die ontstaan van die — 321; — is geen kerklike vergadering met die oog op kerkregering nie dog is slegs 'n gespreksgemeenskap 321; die — van die Gereformeerde Kerke in S.A. 322; ekumene en die eenheid van die kerke 322-323.
Emeritaat. Gronde vir aanvaarding van die — 100-101; karakter van die — 101; gevolge van die — 102-103; van wie die aanvraag om — kan uitgaan 101-102.
Emeritering. Die wyse van — 101-102.
Emeriti-predikante. Die beginsel van die versorging van — 103-104; die karakter van die versorging van — 104; die maatstaf vir die versorging van — 104-105; — wat ander werk verrig 105-106; kerkregtelike posisie van — wat in die gemeente bly woon 102, 267; kerkregtelike posisie van — wat na 'n ander gemeente verhuis 102-103; tug oor — 473.
Evangelisasie. — -objekte is nie lidmate van die kerk nie 430; afgesnedenes as objekte van — 461.

F

Feesdae Christelike. — is ondergeskik aan die Sondag 402-403; — vorm deel van die sogenaamde kerklike jaar 403-404; die probleem i.v.m. die — 404; die suiwere beginsel i.v.m. die — 404-405; die invoering van Skrifberymings met die oog op die — 409.
Formule. — by Doop 349; — by Nagmaal 382-383.
Formuliere. Die Drie — van Eenheid as grond vir die kerkverband 329-330. Sien ook *Belydenis*.
Formuliere liturgiese. — gee uitvoering aan sekere K.O.-artikels 355-356; voorgangers is gebonde aan die — 354-355; 356, 382; — vir die bevestiging van ampsdraers 71, 143-144, 151; — van ondertekening deur ampsdraers 333-334; Doop-formuliere 354-357; Nagmaalsformulier 381-382; — van afsnyding 460; — vir weeropneming 464; — vir afsetting

van ampsdraers 475.
Formuliergebede. Voorgangers is gebonde aan die — 355; gebruik van — op kerklike vergaderings 207.

G

Gaste by die Nagmaalviering 373.
Gebede. Formulier of vry — by kerklike vergaderings 207; konsistorie — 207; alle kerklike vergaderings word met — geopen en gesluit 205-207.
Geheime genootskappe en kerklike lidmaatskap 375-377.
Gekombineerde kerkraadsvergaderings 248-249; — by beroeping 68-69; — by die skorsing van ampsdraers 469; gronde vir die — 469-470; bevoegdheid van — 470; werk-wyse van — by die tug oor ampsdraers 470-471; taak van — by die skorsing van ampsdraers 471-472.
Gekombineerde kerkrade 248-249; akte van kombinasie 246-247; vorme van — 247; kommissies van — 249; in gevalle van verskil tussen — beslis die klassis 249-250.
Geldigheid van kerklike besluite. Sien *Besluite*.
Gelykheid tussen ampsdraers kardinale beginsel in Gereformeerde kerkregering 500-501; die verhouding van art. 17 K.O. tot art. 84 K.O. 119-120; — tussen bedienaars van die Woord 121; — in dienspligte 121-122; — in ampseer 122; — in versorging 122-123; omvang van die — 123; afwysing van hiërargie 120, 501-502.
Gemeen akkoord 192, 194.
Gemeentevergaderings is geen selfstandige vergaderings nie maar vergaderings van die kerkraad saam met die gemeente 236-237; — nodig by die beroeping en verkiesing van ampsdraers 58-59, 138-140; — by die konstituering van nuwe kerke 180-181.
Gesag kerklike. — is direk aan God ontleen 227; — verskil van kerklike seggenskap 227-228; die kerkraad is die enigste gesagdraende kerklike vergadering 227-230; die Woord van God is die bron van — 192.
Gravamen. Sien *Beswaarskrifte*.
Groslys 139.

H

Handelinge van kerklike vergaderings. Meerdere vergaderings regeer deur hulle — 217-219.
Handoplegging by bevestiging van: proponente 64; predikante 71; ouderlinge en diakens 143-144.
Heerskappyvoering. Sien *Hiërargie*.
Heimlike sondes. Die onderskeid tussen openbare en — 433-434; die tug oor — berus primêr by die gemeente 434-435; prosedure wat gevolg moet word by — 436.
Herkiesing. Moontlikheid van — 167; in die reël egter geen — 166-167.
Herstel in die amp. Die moontlikheid van — 479-480; vereistes by eventuele — 480-481; by watter vergadering berus die — 481-482.
Hiërargie. Afwysing van alle — in ampsbediening 120, 17-19; — by Rome en die kollegialisme 226; geen — in Gereformeerde kerkregering 227, 500-502.
Huisbesoek as ampswerk van die bedienaar 114-115; karakter van die predikant se — 147; — as ampswerk van die ouderlinge 147-148; wyse van — 148; die tyd van die — 148; die doel van die — 148-149; diakonale — 158.
Huis doop 343.
Hulpbehoewende kerke 93-94.
Hulpdiakens in klein kerkrade 246.

Hulpdienste 50-51; — vir die bedienaar by katkisasie 117; — by die Woordverkondiging 117-118; diakonale — by die Nagmaal 394.
Hulpouderlinge in klein kerkrade 246.
Huwelik. Die — in die gemeenskapslewe 462-463; die historiese agtergrond van art. 70 K.O. 414-415; gronde vir die ontbinding van die — 419.
Huweliksbevestiging as taak van die bedienaar 114; die kerklike — in S.A. onder invloed van die huwelikswetgewings 415-417; — geskied in 'n erediens 413-414, 415, 418.

K

Kategismusprediking. Geskiedenis van die — 405; die beginsel van — 405-406; by watter erediens 406; die metode van — 406-407.
Katkisasie as taak van die bedienaar 114; katkisasiemeesters as hulp-diens vir die bedienaar 117; — onderrig 368-369.
Kelkies by Nagmaal 380-381.
Kerk. Die plaaslike — die enigste sigbare 14; plaaslike — vorm kerkverband met oog op regering 19-20, 178-179; kombinasie van kerke 68-69, 248-250.
Kerklike publikasies 219, 339.
Kerklike tug.
I. Die historiese ontwikkeling van die — 423; die — by Luther 423, by Erastus 423, by die Remonstrante 423, by Calvyn 423; naam en begrip 424-425; die verhouding van die — tot die burgerlike straf 425-426; — is geen straf nie 425; die karakter van die — 426; dit is gegrond in die Skrif 426-427 en Belydenis 427-428; die — as kenmerk van die ware kerk 427-428; die doel van die — 428-429.
II. *Die objek van die —*. Alleen lewende lidmate van die plaaslike kerk is onderworpe aan die —
429-430; — oor dooplidmate 430-432.
III. *Oorsake van die —*. Lewensdwaling as oorsaak vir die — 433; leerdwalings 433; onderskeid tussen heimlike en openbare sondes 433-434; die tug oor heimlike sondes berus primêr by die gemeente 434-435; die doel van die onderlinge vermaning 435; prosedure by die onderlinge vermanings 436.
IV. *Die oorgawe aan die kerkraad*. Die kerkraad is die verteenwoordiger van die gemeente by die — 437; tyd van aangifte by die kerk raad 437-438; die wyse van die aangifte 438-439; aanklagte van persone wat nie lidmate van 'n Gereformeerde kerk is nie 438-439; die doel van die aangifte 439; die ondersoek deur die kerkraad 439-440; die karakter van die ondersoek 440; die resultaat van die ondersoek 440-441; die aanvang van die kerklike bearbeiding 441; wetsbeskerming van kerklike ampsdraers by die toepassing van die — 442.
V. *Die versoening*. Die begrip "versoening" 443; die inhoud van die versoening 444; die vereistes vir die versoening 445-446; versoening voor die kerkraad 445; openbare versoening 446; meerdere advies by verskil oor die wyse van versoening 446-447; die vorm van die versoening 447.
VI. *Dissiplinêre afhouding (klein ban)* 448; die afhouding gaan oor albei sakramente 448-449; regsgronde vir die afhouding 449-450; vorme van afhouding 450; die dissiplinêre afhouding as sodanig 450-451; die kerkregtelike implikasies as gevolg van die afhouding 451; by dooplidmate geen afhouding 451; die tydperk van die afhouding 452; bearbeiding tydens die tydperk van afhouding 452-453.
VII. *Die afsnyding (groot ban)*. Regsgronde vir die — 454-455; betekenis van die trappe van

sensuur 455-456; die eerste trap 456-457; die toepassing van die groot ban oor dooplidmate 456-457; die advies van die klassis voor die toepassing van die tweede trap 457-458; die ondersoek en advies van die klassis 458-459; die derde trap 459; die betekenis van die afsnyding 459-460; die afsnydings-formulier 460; die uitwerking van die afsnyding 460-461; die tydsverloop tussen die verskillende trappe 459.

VIII. *Die weeropneming*. Die moontlikheid 462; die voorwaardes vir — 462; die medewerking en approbasie van die gemeente by — 463; die Nagmaal as die onmiddellike doel van die — 463-464; die formulier vir die weeropneming 464.

IX. *Die tug oor ampsdraers*. Die — gaan die gewone tugprosedure vooraf 466; die karakter van die tugwaardige sondes by ampsdraers 466-467; gronde vir — 467-469; die skorsingsreg berus primêr by die kerkraad 467; voorlopige skorsing 468-469; meerdere advies by finale skorsing of afsetting noodsaaklik 469-471; skorsing of afsetting van ouderlinge en diakens 471-472; betekenis van die skorsing 471; betekenis van die afsetting 471; skorsing van bedienaars berus by 'n gekombineerde kerkraadsvergadering 472; afsetting van bedienaars berus by die klassis en deputate van die part. sinode 473-474; moontlike herstel van geskorste of afgesette ampsdraers 479-482; versorging van 'n geskorste bedienaar 472.

Kerklike vergaderings. Soorte — 176, 180-181; die bevoegdhede van die — 183-185; die kerkraad is die enigste gesagdraende — 277-278; die verhouding tussen die mindere en meerdere — 185-188; op — behoort alleen kerklike sake tuis 188-191; — is tydelik 217; — regeer deur hulle handelinge 217; die geldigheid van die besluite van — 191; die bron van gesag van — 192; die opening en sluiting van — 207-208; predikante is voorsitters op — van-weë hulle amp 222. Sien ook *Meerdere Vergaderings*.

Kerkgesang. Geskiedenis van die kerklied 407-408; die inhoud van die — 408; die melodieë by die — 408-409; Afrikaanse Psalmberyming 409; Skrifberyming 409-410; die betekenis van die — 410-411; die tempo en begeleiding by die — 411-412.

Kerkontbinding — advies van die klassis is noodsaaklik by — 242-243.

Kerkorde. Die begrip 11-12; die gesag van die — 12-13; misbruik van die — 13; die karakter van die — 13-15; die — as akkoord van kerklike gemeenskap 178; ontstaan van die Geref. K.O. 27-30; die nuwe Nederlandse K.O. 35-36; die — van De Mist 37; gesk. van die — in die Geref. Kerke in S.A. 40-41; die — gee uitvoering aan art. 32 N.G.B. 42-43; die — noodsaaklik vir die welwese van die kerk 43; die — is gerig tot die plaaslike kerk 14-16; in die — gaan dit om die heerskappy van Christus in die kerke 16-19; die aanvaarding van die — 504-505; die beginsel van algemene stemme 505; moontlikheid van wysigings 506; gebondenheid aan die — 507.

Kerkraad. Die — is die enigste permanente raad van die kerk 281; — bestaan uit die bedienaar en die ouderlinge 176, 180, 232; dit is die enigste gesagdraende kerklike vergadering 277-278; — voer gesag in die plaaslike kerk 111-112; die — vorm die kern van die Gereformeerde kerkregtelike opvatting 19-20, 176; die — is slegs 'n raad van die kerk 231-232; die verhouding tussen die — en die gemeente 236-238; die verhouding tussen die — en meerdere vergaderings 19-20, 227-228; in elke kerk moet daar 'n kerkraad wees 232; wanneer die eerste maal ingestel 240; die konstituering van die — by instelling 240; wanneer opnuut ingestel 240; wanneer dit klein is 245-246; op plekke waar nog geen — kan wees nie 251; die — as verteenwoordigers van die gemeente by die tug 437; die ondersoek deur die — by tug oor lidmate 439-440; wetsbeskerming vir die — by tuggevalle 442; die skorsingsmag oor ampsdraers berus primêr by die — 467, 474; ondersoek deur die — by tug oor ampsdraers 468. Sien ook *Breëkerkraad* en *Gekombineerde kerkrade*.

Kerkraad korresponderende 278.

Kerkraad roepende. 277-278.
Kerkraadsvergaderings. Tye van — 234; oproep van — 235; agenda van die —- 235; kworum van die — 235; — is vertroulike vergaderings maar die gemeente moet daarvan kennis dra 236.
Kerkreg Gereformeerde. — gaan uit van die plaaslike kerk 14-16; in die — gaan dit om die heerskappy van Christus in die kerk 16-17; — staan teenoor die Roomse 21-22, Lutherse 22-23, Erastianisme 23, kollegialisme 23-26 en Indepenentiese 26-27; gelykheid tussen ampsdraers die kardinale beginsel in die — 500-501.
Kerkregtelike ontwikkeling in Nederland 30-26, 35-36; in Suid-Afrika 36-40; van die Geref. Kerke in Suid-Afrika 40-41.
Kerkstigting. Gelowiges moet gekonstitueer wees om 'n kerk te vorm 240; die instelling en konstituering van die kerkraad by — 240; die advies van die klassis is noodsaaklik by — 241; van wie die inisiatief tot — kan uitgaan 241; prosedure by gewone afstigting 241; die aanwysing en bevestiging van ampsdraers by — 244; 'n bestaande kerkgroep as 'n nuwe Geref. kerk 245; wanneer 'n ontbinde Geref. kerk opnuut gestig word 245; geen aansluiting met attestasies by — 494-495.
Kerkverband. Die — bestaan slegs met die oog op kerkregering 177-179; die vorm van die — 179-180; die doel van die — 180; die plaaslike kerke vorm die — met die oog op regering 19-20; die seggenskap van die meerdere vergaderings verskil van die gesag van die kerkraad 277-278.
Keur stem. Wie beskik oor —? 215; wanneer — nie beoefen mag word nie 215; professore in die teologie beskik nie oor — 216; waaraan die — ontleen is 216-217.
Kieskollege 306-307.
Kinderdoop sien *Doop*.
Klassis. Karakter van die — 260; wyse waarop kerkrade saamkom as — 260-261; tyd en plek van saamkoms 262-263; 'n bedienaar is voorsitter van die — kragtens amp 263; die verkiesing van die moderamen 263-264; taak van die — 264-265; — handhaaf onderlinge toesig tussen die kerke 264-265; klassikale preek 266; buitengewone — 278; taak van die — in verband met verspreidwonendes 252; gesag van die — oor rondgaande predikers 112-113; met advies van die part. sinodale deputate berus die peremptoir-eksamen 61-62, die ontslag van bedienaars volgens art. 11 K.O. 95-96 en die afsetting van predikante 473-474 by die —; die advies van die — by ampsneerlegging *99*-100, by diensonderbreking 107-108, by beroeping 70, by beroepsaanvaarding 88-89, by kerkstigting 241-242, by kerkontbinding 242, by die toepassing van die tweede trap van sensuur 473-474.
Klassis contracta by beroep 70.
Kollegialisme. Die kerkregtelike stelsel van die — 23-26; — ontleen die bron van kerklike gesag aan die meerderheidstem 192; — beskou kerklike mag as dwingende mag 427; die gemeente het by die — geen seggenskap by die tug 437; — en die skorsing van ampsdraers 470; wanopvatting van die — insake attestasies 372-373.
Kollekte. Die karakter van die — as liefdesgawes 154-155; metode en plek van die — 155-156; buitengewone — 156.
Kombinasie van kerke. Die moontlikheid van kombinering 181; by beroep 69-70; die vorme van — 247; kombinasie-akte noodsaaklik 247; gekombineerde kerkrade 248-249; kommissies van die gekombineerde kerkrade 249; in gevalle van verskil beslis die klassis 249-250. Sien ook *Gekombineerde kerkraadsvergaderings*.
Konferensies diakonale 257-258.
Konformasie van die minderheid 193-194.
Konsistoriegebede 207-208.
Konsulent. Opdrag en taak van die — 68-70; — is slegs voorsitter van die kerkraad 222-223; taak

van die — by afstigting van 'n nuwe kerk 243.
Korrespondensie. Die betekenis van kerklike — 318-319; die historiese gebruik van die part. sinodale — 296-297; die doel van die part. sinodale — 297-298; onderlinge — tussen ander kerklike vergaderings 298; sinodale — met buitelandse kerke 316; — in enger sin 319-320; met watter kerke — in enger sin onderhou word 319-320; — in ruimer sin 320-321; deputate of kerkraad vir — 278; beroep van kandidate of proponente uit kerke met wie enger korrespondensie onderhou word 57, 67-68; geen direkte — tussen diakonieë 162-163.
Krankekommunie. Geen — 391-392.
Kredensiebriewe. Betekenis van — 209; — word uitgereik deur die vergadering wat stuur 209; — is noodsaaklik om sittingsreg te verkry 210; — moet behoorlik onderteken wees 210; afvaardiging geskied na 'n bepaalde vergadering 211; vereistes gestel by — 211-212; — moet deur die roepende kerkraad nagegaan word 212-213; die afsending van die — na die roepende kerkraad 280.
Kuratorium as besondere deputate-groep 305; die samestelling van die — 305; die taak van die — 305-306.
Kworum van die kerkraad 235; — van meerdere vergaderings 313— 314.

L

Leesdienste 117-118.
Lidmaatskap kerklike. — word verkry deur die Doop 341, 357, 360; geloofsbelydenis en volle — 367; die voorregte verbonde aan volle — 59, 140, 368; — is plaaslik verbonde 489; kollegialistiese dwaling ten opsigte van — 489; die sogenaamde bewys van — 490-491; kerkraad se optrede by verbreking van — 490-491; geheime genootskappe en — 375-377.
Lidmate wat op een plek woon en op ander plek werk 496.
Lidmateregisters 371-372.
Liefdegawes. Karakter van die — 154-155.
Liturgiese. — orde by die eredienste 118-119; Nagmaal en die — fasette van die erediens 392-394; — beginsels by die Nagmaalviering 383-385, 387-388; — beginsels by kerksang 412; — by huweliksbevestiging 413, 415, 417-418.
Lykpredikasies. Sien *Begrafnisse*.
Lykverbranding 397.

M

Meerdere advies. Sien *Advies*.
Meerdere vergaderings. Die aantal — 176-177, 180-181; wese van die — 178-179; die begrip — 178; — word saamgestel uit afgevaardigdes van mindere vergaderings 209-210; — is geen permanente vergaderings nie 281-282; die konstituering van — 212-213; die bevoegdhede van mindere vergaderings is meer as dié van — 185-187; — het geen selfstandige gesag oor kerkrade nie 227-228; — beskik slegs oor seggenskap en geen gesag oor mekaar nie 227-228; — beskik nie oor opgehoopte, groter of ander mag as kerkrade nie 179, 188, 229-230; — is altyd kerkraadsvergaderings 230; grond van seggenskap van — 230; die aard van die seggenskap van — 230-231; karakter van die seggenskap 231; — beskik slegs oor bevoegdhede in kerklike sake 183-185; beskik nie oor tugmag nie 458, 469-470; — ontvang sy opdragte van mindere vergaderings oor sake wat nie op die mindere vergaderings afgehandel kon word nie 213; opdragte en samestelling van die agenda van — 214-215; die taak van die — 187; sake wat nie tuis-hoort by — 188-190; — en huishoudelike aangeleenthede 190-191; die benoeming van deputate deur — 300; die betekenis van die sensuur-oefeninge op — 269;

die oproep van — 277-278, 280; die tyd en plek van die vergadering 279; buitengewone klassis 278; buitengewone sinode 279; die roepende klassis 292; die roepende kerkraad 277-278; onus berus op die roepende kerk om — op te roep 280; diakens op — 258.
Middelmatige sake by Nagmaal 385; — by buitelandse kerke 502-503.
Missionêre dienaars is gebonde aan die plaaslike kerk 75-76; kerkregtelike posisie van — 76-77.
Moderamen 218; verkiesing van adviserende lid tot lid van die — 267-268.
Moderators. Geen plek vir — in die Geref. kerkregering nie 120.

N

Naamgewing. Beperking by — 363.
Naamsverandering 364-365.
Nabetragtingsdiens 389.
Nagmaal
I. Toelating tot die —. Die beginsels soos vervat in art. 61 K.O. 365-366; die gereformeerde kerkbegrip ken geen “oop" Nagmaalvierings soos die kollegialiste nie 365-366, 384; die belydenis-grondslag as voorwaarde vir die toelating tot die — 366-367; die — as die onmiddellike doel by weeropneming 463-464; — en volwasse-doop 360-361; die aflegging van geloofsbelydenis as toelating tot die — 367-368; aansluiting met attestasies om tot die — toegelaat te word 372-373; die toelating van “gaste" by die — 373; vreemdelinge uit ander kerke kan alleen toegang *tot* die — verkry deur opgeneem te word as belydende lidmate van die plaaslike kerk 373-374.
II. *Die wyse van viering*. Gebondenheid aan die Skrif 378; die elemente by die viering van die — 378-379; tafelgemeenskap 379-380; bekergemeenskap 380-381; orde-reëlings by die viering van die — 385-386; bediening van die — ampswerk van die bedienaar 392-393; die toesig van die ouderlinge 393-394; hulpdiens van die diakens 394.
III. *Die tyd en plek van die viering van die* —. Die — moet minstens elke drie maande gehou word 287; die afkondiging met betrekking tot die viering 388-389; die voorbereiding- en nabetragtingsdienste 389-390; — is 'n integrerende deel van die erediens 390-391; geen kranke-kommunie 391-392; geen Sinodale Nagmaalvierings 392; — en die liturgiese fasette van die erediens 392.
IV. *Afhouding van die* —. Sien *Kerklike tug*.
Nagmaal tweede viering op dieselfde Sondag. Die kerkregtelike liturgiese beginsel by viering van die — 383-385; geen tweede — op dieselfde Sondag moontlik 387-388.
Nagmaalsformule 382-383.
Nagmaalsformulier. Ontstaan van die — 381; betekenis van die — 381-382; gebondenheid aan die — 382.
Name in doopregisters 362.
Nooddoop 342.
Notule by kerkraadsvergadering 220; deputate van meerdere vergaderings moet ook deeglik — hou 303-304. Sien *Skriba*.

O

Onderhoud. Die kerke is verplig om hulle bedienaars van behoorlike — te voorsien 93-95; — van geskorste predikante 472.
Onderlinge sensuur. Die beginsel van — 483-484; karakter van die — 484-485; waarop die — gerig is 479, 485-486; metode van die hou van — 486-487; tyd wanneer — gehou moet word 487-488.

Onderlinge vermaning berus primêr by die gemeente 433-435; doel van die — 435; prosedure by die — 436.
Onderskryf en onderteken van die Belydenis deur alle ampsdraers. Noodsaaklikheid vir die — 331, 332; betekenis van die — 332; onderskrywing geskied by bevestiging 334; tyd en plek van die ondertekening 335; optrede van die kerkraad by weiering om die Belydenis te onderskryf of te onderteken 335-336.
Ondersoek deur die kerkraad by tug 439-440; by tug oor ampsdraers 468; by aflegging van geloofsbelydenis 369-371; by opneming in die kerk 346.
Ondersteun. Kerke moet teologiese studente — 129; wyse van ondersteuning 129.
Ondertekeningsformuliere vir ampsdraers. Die historiese agtergrond van die — 330-332; die inhoud van die — 332-334; die tyd en plek van ondertekening 334-335; optrede in gevalle van weiering om te onderteken 335-336.
Onderwys van die jeug 368-369; 132-136.
Ontslag volgens art. 11 K.O. Moontlikheid vir — 91; redes vir — 91-92; prosedure wat gevolg moet word 92; posisie van die ontslane bedienaar 92-93; beslissing berus by die klassis met deputate van die part. sinode 95-96; waggeld van 'n ontslane bedienaar 95; opvolg deur 'n ontslane bedienaar 96.
Ontslag van professore in die teologie 127.
Openlike verklaring 213.
Opneming in die kerk. Ondersoek deur die kerkraad 373-374; die wyse waarop die — geskied 375.
Orde-reëlings. Taak van die voorsitter 223-225; orde-voorstelle 225— 226.
Orrels. Gebruik van — 411-412.
Ouderlinge. Instelling van die amp van — 38-39; wie verkies mag word 137; wyse van verkiesing en stemming 138-142; approbasie van die gemeente 142-143; die antwoord van die verkosene 143; bevestiging van — 143-144; — se ampswerk bestaan in regering en tug 144-146; geen differensiasie by — 145-146; toesig van — oor mede-ampsdraers 146-147; huisbesoek as taak van die — 147-149; taak van die — buite die kerk 149-150; toesig van die — by Nagmaal 393-394; wanneer 'n ouderling op 'n kerkraadsvergadering mag presideer 222; die kerkraad bepaal die dienstyd van die — 164-165; — vorm saam met die bedienaars die eintlike raad van die kerk 232-233; daar is twee soorte — 233; skorsing en afsetting van — 471-472; herstel in die amp van geskorste of afgesette — 480, 482; besoldiging vir — 150.
Owerheid. Die verhouding tussen die staat en die kerk 20-21; begripsbepaling van die verhouding tussen die — en die ampsdraers 168-169; die roeping van die — teenoor die kerkdiens 169-170; die roeping van die kerklike ampsdraers teenoor die — 170-171.

P

Partikuliere Sinodes. Die geskiedenis van die — 290-292; — is vergaderings van naburige klassisse 292; tyd en plek van samekoms van — 292-293; samestelling van die — 293-295; — kom saam met die oog op kerkregering 293; — is nie vergaderings van ampsdraers nie 294; die besondere taak van die — 295-296; benoeming van deputate deur die — met die oog op art. 4, 11, 12, 13, 79 K.O. 302-303; — voer gesag oor rondgaande predikers 112-113.
Peremptoir-eksamen 60-62.
Periodieke aftreding. Die gebruik van — in S A. 163-164; die kerkraad reël die dienstyd van ouderlinge en diakens 164-165; die aangewese ampstydperk 165-166; eweredige deel moet aftree 166; wie aftree moet vervang word 166-167; moontlikheid van herverkiesing 167; misbruik van art. 27 K.O. 167.

Preek op ander plekke. Die plaaslike kerkraad voer gesag oor die prediking plaaslik 111-112.
Preekkonsent vir proponente 82; — vir proponente uit ander erkende Gereformeerde kerke 57; — vir persone wat nie gestudeer het nie 82; — vir teologiese studente 53; in trekking van — 62.
Preparatoir-eksamen 55-56.
Proefpreke geen amptelike bediening van die Woord 53; — vir teologiese studente 53; — vir kandidate in die teologie 55; kandidate en proponente uit erkende Gereformeerde kerke 57; — vir diegene wat nie gestudeer het nie 85.
Professore in die Teologie. Begripsbepaling 47; instelling van die diens van — 50; verkiesing tot — 125-126; versorging van en tug oor — 126-127; ontslag van — 127; — emeriteer nie na analogie van art. 13 K.O. nie 126; dienspligte van die — behels: opleiding van bedienaars van die Woord 127-128, uiteensetting van die ware leer 128, verdediging van die suiwer leer teen ketterye en dwalings 128.
Proponente. Optrede van — voor gemeentes 53; beroepbaarstelling van — uit ander kerke 57; staking van stemme by toelating van — beteken geen toelating nie 59.

R

Ratifikasie van besluite 195-197.
Reglement van 1816— 30-31; van 1824— 37-38; van die Sinode van 1842— 38-39.
Reisattestasies 373, 394.
Roepende kerkraad 212-213; 297-299; die ontvangs van kredensiebriewe deur die — 280; onus om die vergadering op te roep berus by die — 280.
Roeping tot die amp van bedienaar 52-53; — tot die amp van ouderling en diaken 143; ontheffing van die — berus by die kerkraad 143.
Rondgaande predikers. Niemand mag rondpreek sonder toestemming nie 110; die kerkraad voer gesag oor die prediking in die plaaslike kerk 111-112; geen prediker mag rondpreek sonder toestemming van die klassis of part. sinode nie 112-113; predikante wat diens onderbreek het as — 113.

S

Sakramente. Afhouding van —. Sien *kerklike tug*.
Seggenskap. Kerklike — verskil van gesag 227-228; die — van een meerdere vergadering ten opsigte van die ander meerdere vergadering is dieselfde 228; geen ophoping van — of gesag by meerdere vergaderings nie 229-230; grond vir — by meerdere vergaderings 230; aard van — van meerdere vergaderings 230-231; karakter van — van meerdere vergaderings 231.
Sektedoop. Vereistes vir erkenning van — 349.
Sendingorde. Geskiedenis van art. 52 K.O. 323-325; die — van die Sinode van 1964 — 325; die verhouding tussen die K.O. en die — 325-326.
Sensuur. Die karakter van die — op meerdere vergaderings 269. Sien *Kerklike tug* en *Onderlinge sensuur*.
Sinodale N agmaalvierings 349.
Sinode. Die — is geen kollegialistiese bestuurskollege 308; algemene — is 'n vergadering van partikuliere sinodes 309-310; tyd van samekoms van die algemene — 310-311; plek van samekoms van die — 315-316; samestelling van die — 312-313; kworum van die — 313-314; die — is in die reël nie 'n geslote vergadering nie 314; die werkwyse van die — 314-315; — regeer deur sy handelinge (acta) 217; buitengewone — 311; oproep van 'n buitengewone — 279.
Skorsing van ampsdraers. — berus primêr by die kerkraad 467; die voorlopige — 468; die

uitwerking van die voorlopige — 468-469; prosedure wat gevolg moet word by — 469-470; — van ouderlinge en diakens 471-472; — van bedienaars van die Woord 472-473; — van professore in die teologie 127.

Skriba van die kerkraad 219; geen ampsfunksie 219; attestasie-skriba 219; wat die — moet opteken 220; wie verkiesbaar is as — van meerdere vergaderings 218-219; taak van die — van meerdere vergaderings 218-220.

Skrifberymings. Die invoer van — in S.A. 409-410.

Sonde. Die onderskeid tussen heimlike en openbare sondes 433-434; tug oor heimlike sondes berus primêr by die gemeente 434-435; openbare growwe sondes 449, 477-479.

Staat van die lewe. Oorgang tot 'n ander — deur bedienaars is moontlik 98-99; weg waarlangs oorgang tot 'n ander — geskied 99-100; terugkeer tot die amp uit 'n ander — 100.

Staatsteun vir die predikant se onderhoud 92; — vir die diakonale diens 161.

Stem. Wie oor keurstem op kerklike vergaderings beskik 215; waaraan afgevaardigdes hulle keurstem ontleen 216-217; wanneer die keurstem nie beoefen mag word nie 215; weerhou van die — 193; beperking en bevoegdheid van die meerderheidstem 194; meerderheidstem is feilbaar 194-195; kerklike besluite word geneem deur middel van 'n meerderheidstem 192-193, 505; adviserende lede beskik oor adviserende stem 216; geen voorsitter van 'n kerklike vergadering beskik oor 'n beslissende — nie 223; konsulent beskik slegs oor 'n adviserende — 68.

Stemgeregtigdes op meerdere vergaderings is slegs wettige afgevaardigdes 215; die — op vergaderings van die kerkraad saam met die gemeente 59, 140; gesensureerdes is nie — nie 140, 451.

Stemme staking van. By staking van — by persone word die lot gewerp nadat die Naam van die Here aangeroep is, 59, 141; staking van — by kandidate word beskou as nie toelating nie 59.

Stemming. Die wyse van — by die verkiesing van ampsdraers 59, 140 —142; dit geskied met geslote stembriewe 59, 192; oor sake word gestem met die opsteek van hande 192; optrede van die voorsitter waar iemand buite — bly 192-193; aanvaarding van voorstelle met algemene stemme *193*.

Straf. Die verhouding tussen die kerklike tug en burgerlike — 425-426; kerklike tug is geen — nie 425.

Suiwere leer. Die uitdra van die — 333, 337-338; wyse en middele vir die uitdra van die — 338-339; die taak van die kerkraad in die uitdra van die — 339-340. *Sustentasie* 90-91.

T

Tafelgemeenskap by die Nagmaal 379-380.

Teologiese opleiding. Geskiedenis van die — in S.A. 124; die taak van die kuratore i.v.m. die — 124-125; die taak van die professore in die Teologie i.v.m. — 127.

Teologiese studente. Die plig van die kerke om te sorg dat daar — is 128-129; die plig van die kerke om die — te ondersteun 129; die wyse waarop die kerke die — ondersteun 129; die optrede van — voor die gemeentes 53.

Toelating tot die diens van die Woord. Die — van studente in die Teologie 54-57; die — van kandidate en proponente uit ander kerke 57; die — van diegene wat nie gestudeer het nie 70; die vereistes vir sodanige toelating 78-79; die weg waarlangs sodanige — verkry kan word 79-80; die prosedure by sodanige — 80; die betragting van versigtigheid by sodanige — 81; die — van blindes 82-83; die — van persone uit ander kerke of sektes 83-84; die wyse waarop sodanige — geskied 84-85.

Traktement. Moet 'n predikant vir sy eie — bydra? 92; — vir die konsulent 68. Sien ook

Onderhoud en *Versorging*.
Tug. Sien *Kerklike tug*.
Tydelike ontslag. Tydelike onderbreking van diens deur predikant is moontlik 106; die redes vir die tydelike onderbreking 106-107; bewilliging van die kerkraad en die advies van die klassis is nodig 107-108; beoordeling van die redes vir die — 108-109; versorging van die predikant wat sy diens tydelik onderbreek 109; die tydperk vir diensonderbreking is 'n bepaalde en beperkte tydperk 109; die band tussen die predikant en kerkraad bly tydens die diensonderbreking gehandhaaf 109-110.

V

Veldpredikers 73-74, 105.
Verbondsouers by die Doop 352-353.
Verkiesing van ampsdraers. — van bedienaars van die Woord 57-58; — van bedienaars in kerke met meer as een predikant 59-60; in vakante kerke neem konsulent die leiding waar 60; — van ouderlinge en diakens 139-142, 151-152; by — neem die kerkraad saam met die diakens die leiding 58, 138; medewerking van die gemeente by — 58, 139-142; reëling van die — 59, 139-142; staking van stemme by — 59; besware teen die wyse van — 142; dubbelgetal of dubbeltal by — 139, 140-141; die stemgeregtigdes 59, 140; — geskied by volstrekte meerderheid van stemme 141-142; kworum van die kerkraad moet teenwoordig wees by — 141.
Verkiesing van professore in die Teologie 125-126.
Verlating. Trouelose — van diens 447-448.
Versoening by die kerklike tug. Die begrip — 443; inhoud van die — 444; vereistes vir — 444-445; wyse van — 445; — voor die kerkraad 445; openbare — 446; meerdere advies by openbare — 446-447.
Versorging van bedienaars van die Woord 89-93; die karakter van die — 94; die kerke is verplig om hulle bedienaars na behore te versorg 93-94; die versorging moet na die afsonderlike behoeftes wees 94; daar moet gelykheid in die versorging tussen meer as een bedienaar in dieselfde kerk wees 122; — van emeriti-predikante 102-105; — predikante wat diens onderbreek 109; — van geskorste predikante 472; — van professore in die teologie 126-127; — van emeriti-professore 105; — weduwees en wese van afgestorwe predikante en professore 130-132.
Verspreidwonendes. Plekke waar daar nog geen kerkraad kan wees nie 251; taak van die klassis t.o.v. — 252; — onder die sorg van naburige kerke 252-254.
Visitasie. Die geskiedenis in S.A. 270-271; verhouding van art. 44 K.O. tot art. 41 K.O. 271; die tyd van — 273; die afhandeling van — rapporte 276; waaroor dit in die — gaan 274-275; wyse hoe — geskied 275; buitengewone — 275-276.
Visitatore. — is geen superintendente of opsigters nie 270; die benoeming van — 271-272; die mag en status van die — 273-274; taak van — by gewone visitasie 274-275; verslag van die — aan die klassis 276.
Volwassedoop 357; leeftydsgrens tussen kinder- en — 358-359; — en Nagmaal 360; betekenis van die — 360; — en die aflegging van belydenis van die geloof 360.
Voogde by die Doop 353-354.
Voorbereidingspreek 389.
Voorsitter 218, 221; bedienaar presideer kragtens hulle amp 233; taak van die — 223-225; bedienaars tree om die beurt op as — 233; — van meerdere vergaderings is geen permanente pos nie 226; wanneer 'n ouderling op die kerkraad kan presideer 222.

W

Waggeld vir 'n ontslane bedienaar 94.
Weduwees en wese. Die versorging van die — van afgestorwe predikante en professore 130-132.
Weeropneming van afgesnedenes. Die moontlikheid van — 462; die voorwaardes vir — 462; die medewerking van die gemeente by — 463; die Nagmaal as die onmiddellike doel van die — 463-464; die formulier vir die — 464.
Wetsbes kerming vir ampsdraers by die toepassing van die tug 442.